# HANDBOEK VIR DIE KENNIS VAN DIE BYBELSE GESKIEDENIS

**DEUR**
**PROF. DR. J. H. KROEZE**
**EN**
**PROF. DR. E. P. GROENEWALD**

**II**

## DIE NUWE TESTAMENT

**DEUR**
**PROF. DR. E. P. GROENEWALD**

**INTERKERKLIKE UITGEWERSTRUST**
**Pretoria - Potchefstroom - Kaapstad**

# HANDBOEK
# BYBELSE GESKIEDENIS

DIE NUWE TESTAMENT
deur
PROF. DR. E. P. GROENEWALD

**INTERKERKLIKE UITGEWERSTRUST**
**H.A.U.M., Posbus 40, Pretoria**
**N.G. Kerk-Boekhandel, Posbus 245, Pretoria**
**Pro Rege-Pers Beperk, Posbus 343, Potchefstroom**
**N.G. Kerk-Uitgewers en- Boekhandel, Posbus 4539, Kaapstad**

*Hierdie stel Handboeke, die deel oor die Ou Testament, sowel as die deel oor die Nuwe Testament. word aanbeveel deur die Interkerklike Handboek-kommissie vir gebruik in onderwyskolleges en* skole.

Eerste druk 1968
Tweede druk 1971
Derde druk 1973
ISBN 0 620 00817 2

"IN DIE BEGIN WAS DIE WOORD"
(Joh. 1:1)

# INHOUDSOPGAWE


**TEN GELEIDE** ........ **12**

**Voorwoord** ........ **12**

**WOORD VOORAF** ........ **14**

**AFDELING A** ........ **15**

**DIE BEGIN VAN DIE EVANGELIE: JESUS CHRISTUS** ........ **16**

§ 1 Die opskrif (Mark. 1:1) ........ 16

I. DIE TYDSOMSTANDIGHEDE ........ 17

§ 2 Die volheid van die tyd ........ 17

§ 3 Die Joodse land onder Romeinse heerskappy ........ 17

§ 4 Die Joodse volkslewe ........ 26

§ 5 Die bronne vir ons kennis van Jesus ........ 32

§ 6 Die Vier Evangelies ........ 35

§ 7 Die skrywers van die Evangelies ........ 37

§ 8 Die eenheid van die Evangelies ........ 40

II. DIE WOORD HET VLEES GEWORD ........ 40

§ 9 In die begin was die Woord (Joh. 1:1-18) ........ 40

§ 10 Die geboorte van Johannes die Doper aangekondig (Luk.1:5-25) ........ 41

§ 11 Die geboorte van Jesus aangekondig (Luk. 1:26-38) ........ 43

§ 12 Maria besoek Elisabet (Luk. 1:39-56) ........ 44

§ 13 Josef word deur 'n engel ingelig (Matt. 1:18-25) ........ 45

§ 14 Die geboorte van Johannes die Doper (Luk. 1:57-80) ........ 45

§ 15 Die stamboom van Jesus (Matt. 1:2-17; Luk. 3:23-38) ........ 46

§ 16 Die geboorte van Jesus (Luk. 2:1-7) ........ 48

§ 17 Die herders van Betlehem (Luk. 2:8-20) ........ 48

§ 18 Onderworpe aan die wet (Luk. 2:21-24) ........ 50

§ 19 In die tempel: Símeon en Anna (Luk. 2:25-38) ........ 51

§ 20 Die wyse manne uit die Ooste (Matt. 2:1-12) ........ 52

§ 21 Die vlug na Egipte en die kindermoord (Matt. 2:13-18) ........ 54

§ 22 Die terugkeer uit Egipte (Matt. 2:19-23) ........ 55

§ 23 Die Kind Jesus in die Tempel (Luk. 2:39-52) ........ 55

III. DIE VOORBEREIDING VIR DIE OPENBARE OPTREDE VAN JESUS ........ 57

§ 24 Die optrede van Johannes die Doper (Matt. 3:1-12; Mark. 1:2-8; Luk. 3:1-18; Joh. 1:19-28) ........ 57

§ 25 Die doop van Jesus (Matt. 3:13-17; Mark. 1:9-11; Luk. 3:21-22; Joh. 1:29-34) ... 60

§ 26 Die versoekinge in die woestyn (Matt. 4:1-11; Mark. 1:12-13; Luk. 4:1-13) ........ 61

IV. DIE BEGIN VAN JESUS SE WERKSAAMHEDE ........ 63

§ 27 Die tydsduur van optrede en die omswerwinge van Jesus ........ 63

§ 28 Die getuienis van Johannes die Doper (Joh. 1:29-34) ........ 64

§ 29 Die roeping van die eerste dissipels (Joh. 1:35-52) ........ 65

§ 30 Die bruilof in Kana (Joh. 2:1-11) ........ 67

§ 31 Paasfees in Jerusalem: Gesprek met Nikodémus (Joh. 2:12 -13; 3:1-21) ........ 69

§ 32 Verdere getuienis van Johannes die Doper (Joh. 3:22-36) ........ 71

§ 33 Op reis deur Samaria na Galiléa (Joh. 4:1-42) ........ 72

V. EERSTE WERKSAAMHEID IN GALILÉA ........ 75

§ 34 Die seun van die koninklike beampte (Joh. 4:43-54; Luk. 4:14-15) ........ 75

§ 35 Prediking in Násaret (Luk. 4:16-30; Matt. 13:53-58; Mark. 6:1-6) ........ 76

§ 36 Die roeping om vissers van mense te word (Luk. 5:1-11; Mark. 1:14-20; Matt. 4:12-22) ........ 77

§ 37 'n Sabbat in Kapérnaüm (Luk. 4:31-41; Mark. 1:21-34; Matt. 8:14-17) ........ 78

§ 38 'n Reis deur Galiléa: die genesing van 'n melaatse (Mark. 1:35-45; Luk. 2:42-44;

5:12-16; Matt. 4:23; 8:1-4) ..... 80
§ 39 Terug in Kapérnaüm: Die genesing van 'n verlamde (Matt. 9:1-8; Mark. 2:1-12; Luk. 5:17-26) ..... 82
§ 40 Die roeping van Matthéüs (Levi) (Matt. 9:9-13; Mark. 2:13-17; Luk. 5:27-32) ..... 84
§ 41 Die vraag in verband met die vas (Matt. 9:14-17; Mark. 2:18-22; Luk. 5:33-39). . 85
§ 42 In Jerusalem: die genesing van 'n sieke in Betésda (Joh. 5:1-15) ..... 86
§ 43 Die Sabbat: Jesus antwoord sy teenstanders (Joh. 5:16-47) ..... 88
§ 44 Die Sabbat: die uitvryf van koringare (Matt. 12:1-8; Mark. 2:23-28; Luk. 6:1-5) .. 90
§ 45 Die Sabbat: Die man met die verdorde hand (Matt. 12:9-14; Mark. 3:1-6; ..... 91
§ 46 Die genesing van siekes by die see (Matt. 4:24-25; 12:15-21; Mark. 3:7-12; Luk. 6:17-19) ..... 93
§ 47 Die roeping van die Twaalf (Matt. 10:1-4; Mark. 3:13-19; Luk. 6:12-16) ..... 93
VI. DIE BERGREDE ..... 96
§ 48 Algemene toeligting ..... 96
§ 49 Die kinders van die koninkryk (Matt. 5:1-16; Luk. 6:17-26) ..... 97
§ 50 Die gesag van die wet en die profete (Matt. 5:17-20; Luk. 6:20-23; 16:17) ..... 100
§ 51 'n Nuwe vertolking van die wet (Matt. 5:21-48; Luk. 12:57-59; 6:18, 27-36) ..... 101
§ 52 'n Nuwe vertolking van godsdienspligte (Matt. 6:1-18; vgl. Luk. 11:1-4; Mark. 11:25-26) ..... 102
§ 53 Die Onse Vader (Matt. 6:9-13; Luk. 11:1-4) ..... 104
§ 54 Die houding teenoor aardse besittings (Matt. 6:19-34; Luk. 12:33-34; 11:22-36)105
§ 55 Die houding teenoor die medemens (Matt. 7:1-12; Luk. 6:37-42; Mark. 4:24-25, Luk. 11:9-13; 6:31) ..... 107
§ 56 Die houding teenoor die Woord (Matt. 7:13-29; Luk. 6:43-49) ..... 108
VII VOORTGESETTE WERKSAAMHEDE IN GALILÉA ..... 109
§ 57 Die hoofman van Kapérnaüm (Matt. 8:5-13; Luk. 7:1-10) ..... 109
§ 58 Die seun van die weduwee van Nain (Luk. 7:11-17) ..... 110
§ 59 Die eis van dissipelskap (Matt. 8:18-22; Luk. 9:57-62) ..... 111
§ 60 Die storm stilgemaak (Matt. 8:23-27; Mark. 4:35-41; Luk. 8:22-25) ..... 111
§ 61 Die besetene van Gádara (Matt. 8:28-34; Mark. 5:1-20; Luk. 8:26-39) ..... 112
§ 62 Die vrou met bloedvloeiing (Matt. 9:18-22; Mark. 5:21-34; Luk. 8:40-48) ..... 113
§ 63 Die dogtertjie van Jaïrus (Matt. 9:23-26; Mark. 5:35-43; Luk. 8:49-56) ..... 114
§ 64 Twee blindes en 'n stom besetene genees (Matt. 9:27-34) ..... 115
§ 65 Johannes die Doper in die gevangenis (Matt. 14:3-5; Mark. 6:17-20; Luk. 3:19-20)116
§ 66 Die twyfel van Johannes die Doper (Matt. 11:1-19; Luk. 7:18-35; 16:16) ..... 117
§ 67 Die aankondiging van oordeel en genade (Matt. 11:20-30; vgl Luk. 10:12-22) ... 119
§ 68 Jesus en die sondares (Luk. 7:36-50) ..... 119
§ 69 Vroue wat Jesus dien (Luk. 8:1-3) ..... 121
§ 70 Jesus en sy eie mense (Mark. 3:20-21; 31-35; Matt. 12:46-50; Luk. 8:19-21) ... 121
§ 71 Die laster van die Fariseërs (Matt. 12:22-37; 43-45; Mark. 3:22-30; Luk. 11:14-26)122
§ 72 Die teken van Jona (Matt. 12:38-42; Mark. 8:11-12; Luk. 11:16; 29-32, 27-28) 124
VIII. ONDERRIG IN GELYKENISSE ..... 126
§ 73 Die aard en doel van die gelykenisse (Matt. 13:34-35, 10-17; Mark. 4:10-12; Luk. 8:9-10; ook Mark. 4:24-25; Luk. 8:18) ..... 126
§ 74 Die saaier (Matt. 13:1-9, 18-23; Mark. 4:1-9, 13-20; Luk. 8:4-8, 11-15) ..... 127
§ 75 Die selfgroeiende saad (Mark. 4:26-29) ..... 128
§ 76 Die onkruid onder die koring (Matt. 13:24-30, 36-43) ..... 128
§ 77 Die suurdeeg en die mosterdsaad (Matt. 13:31-33; Mark. 4:30-32; Luk. 13:18-21)129
§ 78 Die skat en die pêrel (Matt. 13:44-46) ..... 129
§ 79 Die visnet (Matt. 13:47–50) ..... 130
§ 80 Die skat van nuwe en ou dinge (Matt. 13:51–52) ..... 130
IX. VOORUITGANG EN VERSET IN GALILÉA ..... 131
§ 81 Die oes is groot (Matt. 9:35-38; Luk. 8:1; 10:2) ..... 131
§ 82 Die uitsending van die Twaalf (Matt. 10:1-42; Mark. 6:6b-13; Luk. 9:1-6) ..... 131
§ 83 Die dood van Johannes die Doper (Matt. 14:3-12; Mark. 6:17-29; Luk. 3:19-20) 134
§ 84 Herodes se mening omtrent Jesus *(*Matt. 14:1-2; Mark. 6:14-16; Luk. 9:7-9) ..... 135
§ 85 Die terugkeer van die Twaalf (Matt. 14:12-13; Mark. 6:30-31; Luk. 9:10) ..... 135
X. BESOEKE AAN HEIDENSE GRONDGEBIED ..... 137

§ 86 Die spysiging van die vyfduisend (Matt. 14:13-21; Mark. 6:32-44; Luk. 9:10-17; Joh. 6:1-15) ....... 137
§ 87 Jesus wandel op die see ( Matt. 14:22-33; Mark. 6:45-52; Joh. 6:16-21)....... 138
§ 88 Genesinge naby Kapérnaüm (Matt. 14:34-36; Mark. 6:53-56; Joh. 6:22-25)...... 138
§ 89 Die brood van die lewe (Joh. 6:26-59) ....... 138
§ 90 Die uur van beslissing in Kapérnaüm (Joh. 6:60-71)....... 140
§ 91 Twisgesprek oor rein en onrein (Matt. 15:1-20; Mark. 7:1-23; Luk. 11:37-41).... 140
§ 92 Die Siro-Feniciese (Matt. 15:21-28; Mark. 7:24-30) ....... 142
§ 93 Die genesing van 'n doofstomme en baie ander (Matt. 15:29-31; Mark. 7:31-37) 143
§ 94 Die spysiging van die vierduisend (Matt. 15:32-39; Mark. 8:1-10) ....... 143
§ 95 Die teenstanders vra 'n teken (Matt. 16:1-4; Mark. 8:11-13; vgl. Luk. 11:16, 29; 12:54-56) ....... 144
§ 96 Die suurdeeg van die Fariseërs (Matt. 16:5-12; Mark. 8:14-21; Luk. 12:1) ....... 144
§ 97 Die genesing van 'n blinde by Betsáida (Mark. 8:22-26)....... 145
XI. BEKEND GESTEL AS DIE CHRISTUS OP DIE LYDENSWEG....... 145
§ 98 Die belydenis van Petrus (Matt. 16:13-20; Mark. 8:27-30; Luk. 9:18-21) ....... 145
§ 99 Die eerste lydensaankondiging (Matt. 16:21-23; Mark. 8:31-33; Luk. 9:22)....... 148
§ 100 Die eise van navolging (Matt. 16:24-28; Mark. 8:34-9:1; Luk. 9:23-27) ....... 149
§ 101 Die verheerliking op die berg (Matt. 17:1-9; Mark. 9:2-10; Luk. 9:28-36)....... 150
§ 102 Die gesprek oor Elía (Matt. 17:10-13; Mark. 9:11-13)....... 151
§ 103 Die genesing van die maansieke kind (Matt. 17:14-21; Mark. 9:14-29; Luk. 9:37-43a) ....... 151
§ 104 Die tweede lydens-aankondiging (Matt. 17:22-23; Mark. 9:30-32; Luk. 9:43b-45)152
§ 105 Die tempelbelasting (Matt. 17:24-27) ....... 152
§ 106 Die stryd om voorrang (Matt. 18:1-5; Mark. 9:33-37; Luk. 9:46-48) ....... 153
§ 107 Verdraagsaamheid gevra (Matt. 10:42; Mark. 9:38-41; Luk. 9:49-50) ....... 154
§ 108 Gewaarsku om geen struikelblokke te wees nie. (Matt. 18:6-14; Mark. 9:42-50; Luk. 17:1-2; 14:34-35)....... 154
§ 109 Die plig van broederlike vermaning (Matt. 18:15-20; Luk. 17:3) ....... 154
§ 110 Die plig om te vergewe (Matt. 18:21-22; Luk. 17:4)....... 155
§ 111 Die onbarmhartige dienskneg (Matt. 18:23-35)....... 155
XII. ONDERWEG NA JERUSALEM....... 157
§ 112 Die aanstaande Huttefees (Joh. 7:1-9)....... 157
§ 113 Herberg geweier deur 'n Samaritaanse dorp (Luk. 9:51-56)....... 157
§ 114 Die eise van dissipelskap (Luk. 9:57-62; Matt. 8:18-22) ....... 158
§ 115 Die uitsending van die Sewentig (Luk. 10:1-12; vgl. Matt. 9:37-38; 10:7-16) .. 158
§ 116 Oordeels-aankondiging oor die stede van Galiléa (Luk. 10:13-15; Matt. 11:20-24)158
§ 117 Die terugkeer van die Sewentig (Luk. 10:17-20) ....... 158
§ 118 Lof aan die Vader en geluksaligheid aan die dissipels (Luk. 10:21-24; Matt. 11:25-27)....... 159
XIII DIE WINTER IN JERUSALEM ....... 159
§ 119 Heimlike aankoms in Jerusalem (Joh. 7:10-13) ....... 159
§ 120 Jesus in die tempel op die Huttefees (Joh. 7:14-36)....... 160
§ 121 Die water van die lewe (Joh. 7:37-39) ....... 161
§ 122 Meningsverskil omtrent Jesus (Joh. 7:40-52) ....... 161
§ 123 Die oorspelige vrou (Joh. 7:53-8:11) ....... 162
§ 124 Gesprekke oor Jesus se goddelike sending (Joh. 8:12-59) ....... 163
§ 125 Genesing van die blindgeborene (Joh. 9:1-41) ....... 164
§ 126 Die groot gebod: liefde (Luk. 10:25-28; vgl Matt. 22:34-40; Mark. 12:28-34) .. 166
§ 127 Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:29 -37) ....... 166
§ 128 Die naasteliefde van Martha en Maria (Luk. 10:38-42) ....... 167
§ 129 Die goeie herder (Joh. 10:1-21) ....... 168
§ 130 Die fees van die tempelwyding (Joh. 10:22-39)....... 169
XIV. OMWANDELING LANGS DIE JORDAAN ....... 170
§ 131 Jesus gaan oorkant die Jordaan (Joh. 10:40-42) ....... 170
§ 132 Onderrig oor die gebed (Luk. 11:1-13)....... 170
§ 133 Bestraffing van Fariseërs en wetgeleerdes (Luk. 11:37-54) ....... 171
§ 134 Die dissipels teen die Fariseërs gewaarsku (Luk. 12:1-12) ....... 171

§ 135 Die ryk dwaas (Luk. 12:13-21) .......... 171
§ 136 Die sorge van die lewe (Luk. 12:22-34).......... 172
§ 137 Die noodsaak van bekering (Luk. 13:1-5) .......... 172
§ 138 Die onvrugbare vyeboom (Luk. 13:6-9).......... 172
§ 139 Genesing van 'n verlamde vrou (Luk. 13:10-17).......... 173
§ 140 Die nou poort (Luk. 13:22-30; vgl. Matt. 7:13-14) .......... 173
§ 141 Jesus teen Herodes gewaarsku (Luk. 13:31-33) .......... 173
§ 142 Weeklag oor Jerusalem (Luk. 13:34-35; Matt. 23:37-39) .......... 174
§ 143 Genesing van 'n watersugtige man (Luk. 14:1-6) .......... 174
§ 144 Die rangorde by die maaltyd (Luk. 14:7-14) .......... 174
§ 145 Die gelykenis van die groot maaltyd (Luk 14:15-24; Matt. 22:1-14) .......... 175
§ 146 Berekening van die eise van dissipelskap (Luk. 14:25-35) .......... 175
§ 147 Die verlore skaap (Luk. 15:1-7) .......... 176
§ 148 Die verlore penning (Luk. 15:8-10).......... 176
§ 149 Die verlore seun (Luk. 15:11-32) .......... 177
§ 150 Die opwekking van Lasarus (Joh. 11:1-46) .......... 177
§ 151 Die teenstanders hou raad (Joh. 11:47-54) .......... 179
XV JESUS IN EFRAIM.......... 180
§ 152 Die onregverdige bestuurder (Luk. 16:1-15) .......... 180
§ 154 Liefde, geloof en dienswilligheid (Luk. 17:1-10) .......... 181
§ 155 Die koms van die koninkryk (Luk. 17:20-37, vgl. Matt. 24:17-41; Mark. 13:14-23)182
§ 156 Die onregverdige regter (Luk. 18:1-8) .......... 182
§ 157 Die Fariseër en die tollenaar (Luk. 18:9-14).......... 183
§ 158 Die tien melaatse (Luk. 17:11-19).......... 183
XVI. DIE LAASTE REIS NA JERUSALEM .......... 185
§ 159 Die begin van die reis (Matt. 19:1-2; Mark. 10:1).......... 185
§ 160 Die vraag oor die skeibrief (Matt. 19:3-12; Mark. 10:2-12; Luk. 16:18) .......... 185
§ 161 Jesus seën die kinders (Matt. 19:13-15; Mark. 10:13-16; Luk. 18:15-17) .......... 186
§ 162 Die ryk jongman (Matt. 19:16-30; Mark. 10:17-31; Luk. 18:18-30) .......... 186
§ 163 Die arbeiders op verskillende ure gehuur (Matt. 20:1-16).......... 187
§ 164 Die derde (laaste) lydensaankondiging (Matt. 20:17-19; Mark. 10:32-34; Luk. 18:31-34) .......... 188
§ 165 Die versoek van die seuns van Sebedéüs (Matt. 20:20-28; Mark. 10:35-45; vgl. Luk. 22:24-27) .......... 189
§ 166 Die blindes by Jérigo (Matt. 20:29-34; Mark. 10:46-52; Luk. 18:35-43) .......... 189
§ 167 Saggéüs die tollenaar (Luk. 19:1-10).......... 190
§ 168 Die gelykenis van die ponde (Luk. 19:11-27, vgl. Matt. 25:14-30).......... 191
§ 169 Aankoms in Betánië (Joh. 12:1) .......... 192
XVII. DIE LAASTE WERKSAAMHEID IN JERUSALEM.......... 193
§ 170 Die intog in Jerusalem (Matt. 21:1-11; Mark. 11:1-11; Luk. 19:28-44; Joh. 12:12-19).......... 193
§ 171 Die vervloeking van die vyeboom (Matt. 21:18-22; Mark. 11:12-14; 20-26) .......... 194
§ 172 Die reiniging van die tempel (Matt. 21:10-17; Mark. 11:15-19; Luk. 19:45-48; Joh. 2:13-25) .......... 195
§ 173 Die vraag omtrent Jesus se gesag (Matt. 21:23-27; Mark. 11:27-33; Luk. 20:1-8; vgl. Joh. 2:18-22) .......... 196
§ 174 Die gelykenis van die twee seuns (Matt. 21:28-32; vgl. Luk. 7:29-30).......... 197
§ 175 Die onwaardige landbouers (Matt. 21:33-46; Mark. 12:1-12; Luk. 20:9-19) .......... 198
§ 176 Die koninklike bruilofsmaal (Matt. 22:1-14; vgl. Luk. 14:15-24).......... 198
§ 177 Die vraag omtrent die belasting (Matt. 22:15-22; Mark. 12:13-17; Luk. 20:20-26)199
§ 178 Die vraag omtrent die opstanding (Matt. 22:23-33; Mark. 12:18-27; Luk. 20:27-40).......... 200
§ 179 Die vraag omtrent die grootste gebod (Matt. 22:34-40; Mark. 12:28-34; vgl. Luk. 10:25-28) .......... 200
§ 180 Die Seun van Dawid (Matt. 22:41-46; Mark. 12:35-37; Luk. 20:41-44) .......... 201
§ 181 Die vloekrede teen skrifgeleerdes en Fariseërs (Matt. 23:1-36; Mark. 12:38-40; Luk. 20:45-47; vgl. 11:37-54).......... 201
§ 182 Weeklag oor Jerusalem (Matt. 23:37-39; vgl. Luk. 13:34-35).......... 202

§ 183 Die penning van die weduwee (Mark. 12:41-44; Luk. 21:1-4) 202
§ 184 Die Grieke wil Jesus sien (Joh. 12:20-50) 202
XVIII. ONDERRIG OOR DIE VOLEINDING 204
§ 185 Die rede oor die wederkoms (Matt. 24:1-44; Mark. 13:1-35; Luk. 21:5-36) 204
§ 186 Die goeie en die slegte dienskneg (Matt. 24:45-51; Luk. 12:41-46) 205
§ 187 Die tien jong meisies (Matt. 25:1-13) 206
§ 188 Die talente (Matt. 25:14-30; vgl. Luk. 19:11-27) 206
§ 189 Die laaste oordeel (Matt. 25:31-46) 207
XIX. OP WEG NA GETSÉMANÉ 208
§ 190 Die besluit van die Joodse Raad (Matt. 26:1-5; Mark. 14:1-2; Luk. 22:1-2; vgl. Joh. 11:47-53) 208
§ 191 Die maaltyd in Betánië (Matt. 26:6-13; Mark. 14:3-9; Joh. 12:2-11) 208
§ 192 Die verraad van Judas (Matt. 26:14-16; Mark. 14:10-11; Luk. 22:3-6) 209
§ 193 Die voorbereiding vir die Paasmaal (Matt. 26:17-20; Mark. 14:12-17; Luk. 22:7-14) 210
§ 194 Die datering van die Paasmaal 210
§ 195 Die begin van die maaltyd (Luk. 22:15-18) 211
§ 196 'n Twis oor rangorde (Luk. 22:24-30) 212
§ 197 Die voetwassing (Joh. 13:1-20) 212
§ 198 Die aanwysing van die verraaier (Matt. 26:21-25; Mark. 14:18-21; Luk. 22:21-23; Joh. 13:21-30) 212
§ 199 Die instelling van die nagmaal (Matt. 26:26-29; Mark. 14:22-25; Luk. 22:19-20; vgl. 1 Kor. 11:23-25) 213
§ 200 Die afskeidswoorde van Jesus (Joh. 13:31-35; en Joh. 14, 15 en 16) 214
§ 201 Die hoëpriesterlike gebed (Joh. 17:1-26) 215
§ 202 Die einde van die Paasmaal (Matt. 26:30; Mark. 14:26; Joh. 18:1) 216
XX. VAN GETSÉMANÉ NA DIE GRAF 217
§ 203 Onderweg deur die Kedron (Matt. 26:31-35; Mark. 14:27 -31; Luk. 22:31-38; Joh. 13:36-38) 217
§ 204 Die gebedstryd in Getsémané (Matt. 26:36-46; Mark. 14:32-42; Luk. 22:39-46; Joh. 18:1) 217
§ 205 Jesus word gevange geneem (Matt. 26:47-56; Mark. 14:43 -52; Luk. 22:47-53; Joh. 18:2-12) 218
§ 206 Jesus voor die oud-hoëpriester Annas (Joh. 18:12-14, 19-24) 219
§ 207 Verhoor deur die Sánhedrin (Matt. 26:57-68; Mark. 14:53-65; Luk. 22:63-71) 220
§ 208 Petrus verloën Jesus (Matt. 26:69-75; Mark. 14:66-72; Luk. 22:54-62; Joh. 18:15-18, 25-27) 221
§ 209 Tweede vergadering van die Sánhedrin (Matt. 27:1; Mark. 15:1; Luk. 22:66) 222
§ 210 Begin van die verhoor voor Pilatus (Matt. 27:2, 11-14; Mark. 15:2-5; Luk. 23:1-5; Joh. 18:28-38) 222
§ 211 Jesus voor Herodes (Luk. 23:6-12) 223
§ 212 Die einde van Judas (Matt. 27:3-10; vgl. Hand. 1:15-20) 224
§ 213 Pilatus verklaar Jesus onskuldig (Luk. 23:13-16; vgl. Joh. 18:38) 224
§ 214 Jesus of Barábbas? (Matt. 27:15-26a; Mark. 15:6-15a; Luk. 23:17-25; Joh. 18:39-40) 224
§ 215 Géseling en bespotting (Matt. 27:26b - 30; Mark. 15:15 -19; Joh. 19:1-7) 225
§ 216 Die veroordeling (Joh. 19:8-16) 226
§ 217 Die weg na Gólgota (Matt. 27:31-32; Mark. 15:20-21; Luk. 23:26-32; Joh. 19:17) 226
§ 218 Die kruisiging (Matt. 27:33-37; Mark. 15:22-26; Luk. 23:33-34; Joh. 19:18-27) 227
§ 219 Die Gekruisigde word bespot (Matt. 27:38-43; Mark 15:27-32a; Luk. 23:35-38) 228
§ 220 Die berouvolle moordenaar (Matt. 27:44; Mark. 15:32b; Luk. 23:39-43) 229
§ 221 Jesus lê sy lewe af (Matt. 27:45-50; Mark. 15:33-37; Luk. 23:44-46; Joh. 19:28-30) 229
§ 222 Tekens en getuies (Matt. 27:51-56; Mark. 15:38-41; Luk. 23:45b, 47-49) 230
§ 223 Die bewys van die dood (Joh. 19:31-37) 231
§ 224 Die begrafnis (Matt. 27:57-61; Mark. 15:42-47; Luk. 23:50-56; Joh. 19:38-42) 231
§ 225 Verseël en bewaak (Matt. 27:62-66) 232
XXI. DIE OPSTANDING, VERSKYNINGE EN HEMELVAART 233

§ 226 Die leë graf (Matt. 28:1-8; Mark. 16:1-8; Luk. 24:1-12:Joh. 20:1-13) ............ 233
§ 227 Jesus verskyn aan die vroue (Matt. 28:9-10) ............ 233
§ 228 Die verskyning aan Maria Magdalena (Joh. 20:11-18; Mark. 16:9-11) ............ 234
§ 229 Die bedrog van die owerpriesters (Matt. 28:11-15) ............ 234
§ 230 Die verskyning aan Petrus (Luk. 24:34; 1 Kor. 15:5) ............ 234
§ 231 Die Emmaüsgangers (Luk. 24:13-35; vgl. Mark. 16:12-13) ............ 235
§ 232 Verskyning aan die dissipels (Mark. 16:14; Luk. 24:36-48; Joh. 20:19-23) ...... 236
§ 233 Thomas (Joh. 20:24-29) ............ 236
§ 234 By die see van Tibérias (Joh. 21:1-14) ............ 237
§ 235 Petrus in ere herstel (Joh. 21:15-23) ............ 238
§ 236 Op 'n berg in Galiléa (Matt. 28:16-20; Mark. 16:15-18; vgl. 1 Kor. 15:6) ......... 238
§ 237 Jakobus, die broer van die Here (1 Kor. 15:7) ............ 239
§ 238 Die hemelvaart (Mark. 16:19; Luk. 24:48-52; Hand. 1:4-12) ............ 239
§ 239 Jesus die Christus, die Seun van God (Joh. 20:30-31) ............ 240
§ 240 Die betroubaarheid van die getuienis (Joh. 21:24-25) ............ 241

**AFDELING B ............ 243**

**DIE VOORTGANG VAN DIE EVANGELIE: DIE KERK ............ 244**

§ 241 Die bronne ............ 244

XXII. DIE GEMEENTE IN JERUSALEM ............ 245

§ 242 Eendragtig saam in die gebed (Hand. 1:13-14) ............ 245
§ 243 Die eerste handeling van die gemeente (Hand. 1:15-26) ............ 245
§ 244 Die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2:1-13) ............ 246
§ 245 Die eerste preek van Petrus (Hand. 2:14-36) ............ 247
§ 246 Die vrug van die prediking (Hand. 2:37-41) ............ 247
§ 247 Die leefwyse van die gemeente (Hand. 2:42-47) ............ 248
§ 248 'n Kreupel man genees (Hand. 3:1-10) ............ 248
§ 249 Toespraak van Petrus (Hand. 3:11-26) ............ 249
§ 250 Petrus en Johannes voor die Sánhedrin (Hand. 4:1-22) ............ 249
§ 251 Die voorbidding van die gemeente (Hand. 4:23-31) ............ 250
§ 252 Gemeenskap van goedere (Hand. 4:32-37) ............ 250
§ 253 Ananías en Saffira (Hand. 5:1-11) ............ 250
§ 254 Tekens en wonders (Hand. 5:12-16) ............ 251
§ 255 Vervolging van die apostels (Hand. 5:17-42) ............ 251
§ 256 Die aanstelling van sewe helpers (Hand. 6:1-7) ............ 252
§ 257 Stéfanus word gevange geneem (Hand. 6:8-15) ............ 253
§ 258 Stéfanus se verdediging (Hand. 7:1-53) ............ 253
§ 259 Stéfanus gestenig (Hand. 7:54-60) ............ 254

XXIII. DIE EVANGELIE OP WEG NA DIE HEIDENE ............ 255

§ 261 Die prediking in Samaria (Hand. 8:5-13) ............ 255
§ 262 Die apostels besoek Samaria (Hand. 8:14-25) ............ 255
§ 263 Die evangelie op weg na Ethiópië (Hand. 8:26-40) ............ 256
§ 264 Die bekering van Saulus (Hand. 9:1-19a; 22:5-16; 26:12-18; Gal. 1:13-16) .... 257
§ 265 Saulus in Damaskus (Hand. 9:19b-25; 2 Kor. 11:32-33; Gal. 1:17) ............ 259
§ 266 Saulus terug na Tarsus (Hand. 9:26-31; 22:17-21; Gal. 1:18-19) ............ 259
§ 267 Petrus in Lidda en Joppe (Hand. 9:32-43) ............ 260
§ 268 Cornelius se gebed (Hand. 10:1-8) ............ 261
§ 269 Petrus se visioen (Hand. 10:9-23) ............ 261
§ 270 Petrus by Cornelius (Hand. 10:24-48) ............ 262
§ 271 Petrus doen verslag (Hand. 11:1-18) ............ 263
§ 272 Die evangelie in Antiochië (Hand. 11:19-24) ............ 264
§ 273 Nuwe vervolging in Jerusalem (Hand. 12:1-5) ............ 264
§ 274 Die bevryding van Petrus (Hand. 12:6-19) ............ 265
§ 275 Die dood van Herodes Agrippa I (Hand. 12:20-24) ............ 266
§ 276 Saulus in Antiochië (Hand. 11:25-26) ............ 266
§ 277 Noodleniging aan Jerusalem (Hand. 11:27-30; 12:25) ............ 267

XXIV. DIE EERSTE SENDINGREIS VAN PAULUS ............ 268

§ 278 Afgesonder en uitgestuur (Hand. 13:1-3) ... 268
§ 279 Die evangelie op Ciprus (Hand. 13:4-12) ... 268
§ 280 Antiochië in Pisídië (Hand. 13:13-52) ... 269
§ 281 Ikónium (Hand. 14:1-7) ... 270
§ 284 Die terugreis (Hand. 14:22-28) ... 272
XXV. DIE KERKVERGADERING IN JERUSALEM ... 273
§ 285 Meningsverskil oor 'n beginselvraag (Hand. 15:1-3; Gal. 2:4-5) ... 273
§ 286 Die vergadering in Jerusalem (Hand. 15:4-21; Gal. 2:1-10) ... 274
§ 287 Die ooreenkoms bereik (Hand. 15:22-29) ... 276
§ 288 Terug in Antiochië (Hand. 15:30-35) ... 276
§ 289 Petrus in Antiochië (Gal. 2:11-16) ... 276
XXVI. DIE TWEEDE SENDINGREIS ... 278
§ 290 Paulus en Bárnabas gaan uiteen (Hand. 15:35-39) ... 278
§ 291 Op weg deur Klein-Asië (Hand. 15:40-16:8) ... 278
§ 292 Na Macedónië geroep (Hand. 16:9-12) ... 279
§ 293 Die eersteling van Europa (Hand. 16:13-15) ... 279
§ 294 Gevangenskap in Filippi (Hand. 16:16-40) ... 280
§ 295 Oproer in Thessalonika (Hand. 17:1-9) ... 282
§ 296 Vriendelike ontvangs in Beréa (Hand. 17:10-15) ... 282
§ 297 Paulus in Athéne (Hand. 17:16-21) ... 283
§ 298 Op die Areópagus (Hand. 17:22-34) ... 284
§ 299 Aankoms in Korinthe (Hand. 18:1-4) ... 284
§ 300 Arbeid en stryd in Korinthe (Hand. 18:5-17) ... 285
§ 301 Briewe vanuit Korinthe geskryf ... 285
§ 302 Die terugreis na Antiochië (Hand. 18:18-22) ... 287
XXVII. DIE DERDE SENDINGREIS ... 288
§ 303 Van Antiochië na Éfese (Hand. 18:23; Gal. 4:12-14; Hand. 19:1) ... 288
§ 304 Apollos (Hand. 18:24-28; 19:1a) ... 288
§ 305 Paulus se eerste optrede in Éfese (Hand. 19:1-7) ... 289
§ 306 Die uitbou van die gemeente (Hand. 19:8-12) ... 289
§ 307 Die seuns van Skeva (Hand. 19:13-20) ... 290
§ 308 Sorge oor die gemeente in Korinthe ... 291
§ 309 Vervolging in Éfese (1 Kor. 15:32; 2 Kor. 1:8-10) ... 292
§ 310 Die Demétrius-oproer (Hand. 19:21-40) ... 292
§ 311 Die reis na Macedónië (Hand. 20:1; 2 Kor. 2:12-13; 7:5-6 en 13 e.v.) ... 293
§ 312 Drie maande in Korinthe (Hand. 20:2-3) ... 294
§ 313 Die terugreis deur Macedónië oor Troas (Hand. 20:3-16) ... 296
§ 314 Afskeid van die ouderlinge van Éfese (Hand. 20:17-38) ... 296
§ 315 Die seereis (Hand. 21:1-7) ... 297
§ 316 Verblyf in Caesaréa (Hand. 21:8-16) ... 297
XXVIII. GEVANGENSKAP IN JERUSALEM ... 299
§ 317 Ontvangs in Jerusalem (Hand. 21:17-26) ... 299
§ 318 Gevange geneem in die tempel (Hand. 21:27-40) ... 299
§ 319 Paulus spreek die volk toe (Hand. 22:1-23) ... 300
§ 320 In die gevangenis (Hand. 22:24-30) ... 300
§ 321 Paulus voor die Sánhedrin (Hand. 23:1-11) ... 301
§ 322 Sameswering teen Paulus (Hand. 23:12-35) ... 301
XXIX. GEVANGENSKAP IN CAESARÉA ... 303
§ 323 Die verhoor voor Felix (Hand. 24:1-23) ... 303
§ 324 Felix en Drusílla (Hand. 24:24-27) ... 304
§ 325 Festus, die opvolger van Felix (Hand. 25:1-12) ... 304
§ 326 Festus pleeg oorleg met Agrippa II (Hand. 25:13-22) ... 305
§ 327 Paulus voor Agrippa (Hand. 25:23-27; 26:1-32) ... 306
XXX. GEVANGENSKAP IN ROME ... 308
§ 328 Die reis na Rome begin (Hand. 27:1-12) ... 308
§ 329 Die storm en skipbreuk (Hand. 27:13-44) ... 308
§ 330 Verblyf op Malta (Hand. 28:1-10) ... 310
§ 331 Die laaste skof na Rome (Hand. 28:11-15) ... 310

§ 332 Paulus in Rome (Hand. 28:16-31) ... 311
§ 333 Briewe uit die gevangenis ... 311
XXXI. LAASTE REIS VAN PAULUS ... 315
§ 334 Vrygelaat en weer op reis ... 315
§ 335 Briewe in vryheid geskryf ... 316
§ 336 Die laaste brief ... 317
§ 337 Die dood van Paulus ... 317
§ 338 Enkele jaartalle in die lewe van Paulus ... 317
XXXII. APOSTELS EN SKRYWERS ... 319
§ 339 Petrus en sy briewe ... 319
§ 340 Jakobus, die broer van die Here ... 320
§ 341 Judas, die broer van Jakobus ... 320
§ 342 Aan die Hebreërs ... 321
§ 343 Johannes en sy briewe ... 322
§ 344 Die Openbaring van Johannes ... 323
XXXIII. DIE KERK GEVESTIG ... 325
§ 345 Die spontane uitbreiding ... 325
§ 346 Die organisasie van die kerk ... 325
§ 347 Bedreig, maar bewaar en vermeerder ... 326

# TEN GELEIDE

Dis 'n gebeurtenis van betekenis vir skool en kerk en volk dat nou ook die tweede deel van die Handboek vir die kennis van die Bybelse Geskiedenis die lig kan sien. Nadat die eerste deel van hierdie werk wat handel oor die Ou Testament en wat geskryf is deur prof. dr. J. H. Kroeze, reeds 'n plek van vertroue verower het as betroubare instrument om die kennis en die verstaan van die Skrif te dien, kan ons nou met ewe groot blydskap hierdie tweede deel wat handel oor die Nuwe Testament begroet. Hierdie werk wat geskryf is deur prof. dr. E. P. Groenewald, 'n ervare kenner van die Nuwe Testament, kan gesien word as die vrugte van jarelange wetenskaplike bemoeiing met die Nuwe Testament.

Die skrywer wil die nadruk laat val op die historiese verloop van gebeurtenisse en op die chronologiese volgorde waarin gebeurtenisse plaasgevind het. Maar dit is nie so eenvoudig om die opwindende gebeure waarvan die Nuwe Testament getuienis wil aflê, in sy historiese verloop te verstaan nie. Dit is toe te skryf aan verskillende oorsake. Die vier Evangelies wat ons naas mekaar het, is nie in die eerste plek geïnteresseer in biografiese en historiese besonderhede nie, maar wil geloofsgetuienisse gee, om te oortuig dat Jesus die Christus is. Tog het ons te doen, nie met tydlose fabels nie, maar met wat werklik gebeur het in die wêreld en in die tyd! Ons het te doen met heilsgeskiedenis.

Die vier evangeliste getuig elkeen volgens eie plan en metode van dieselfde heilsgebeure. Die moeilike taak om die getuienisse van die vier Evangelies tot één deurlopende geskiedenis van Jesus uit die beskikbare gegewens te verwerk, het die skrywer met toewyding en volgehoue noukeurigheid volbring. Die 21 briewe in die Nuwe Testament is gewoonlik vir die gewone leser van die Bybel nie maklik om in hulle regte verband te sien en te verstaan nie. Hier het prof. Groenewald 'n groot diens verrig deur die briewe in hulle historiese verband en in die chronologiese raamwerk te plaas, sodat die gang van die gebeurtenisse en die lyn van die heilsgeskiedenis duidelik word. Die verdeling van die werk in Afdelings A en B is saaklik korrek en kom ooreen met die verskillende frases van die heilsgeskiedenis. In Afdeling A gaan dit om die beslissende éénmalige heilsgebeure, naamlik die lewe, lyde, sterwe en opstanding van Christus, terwyl Afdeling B handel oor die tyd tussen hemelvaart en wederkoms, die tussentyd wat aan die kerk vergun is om sy opdrag te vervul, naamlik om die evangelie te verkondig aan al die volkere. Die eerste hoofstuk wat handel oor die tydsomstandighede teken vir ons die toneel waarop Christus en die evangelie en die kerk verskyn het, en gee so die perspektief wat onmisbaar is om die Nuwe Testament goed te verstaan.

Die saaklike indeling van die stof in 33 hoofstukke en 347 paragrawe met sprekende opskrifte, die historiese agtergrond, die chronologiese raamwerk van die verskillende gebeurtenisse en geskrifte van die Nuwe Testament, is faktore wat bydra om die deurlopende lyn van die heilsgeskiedenis duidelik te laat sien soos dit loop deur die geskiedenis van die eerste eeu. Agter die duidelike deurlopende verklaring van die Nuwe Testament wat hier aangebied word, lê 'n intensiewe kennis van die historiese feite en die teologiese probleme waarvoor die Nuwe Testament 'n mens stel. Tog word die leser nie vermoei deur feite wat nie ter sake is nie. Die boeiende manier van vertelling in ongekunstelde Afrikaans wat 'n gewyde stempel dra en tog nie vreemd is vir die moderne mens nie, die eerbiedige aandag aan klein besonderhede, 'n fyn opmerksaamheid - dis faktore wat meewerk om hierdie Handboek te maak tot 'n saaklike en betroubare gids vir Bybelstudie, om die positiewe inhoud van die Christelike boodskap te dien.

Die bevatlike styl, die helder indeling van die stof, die eerbied waarmee beide skrywers van hierdie Handboek die Heilige Skrif benader, werk daartoe mee dat beide dele van die handboek goed by mekaar pas as dele van één Handboek. Dis gepas om by geleentheid van die verskyning van hierdie deel van die Handboek prof. Groenewald te bedank en geluk te wens met 'n belangrike taak wat hy so kon volbring.

PROF. S. P. J. J. VAN RENSBURG.

Pretoria,

Augustus 1967.

# Voorwoord

Dit is vir my 'n voorreg en 'n genoeë om by hierdie tweede deel van die HANDBOEK VIR DIE KENNIS VAN DIE BYBELSE GESKIEDENIS 'n woord van aanbeveling te skryf.

Dat ons hier te doen het met die rype vrug van langdurige en grondige wetenskaplike ondersoek van die Nuwe Testament, val dadelik op in die voortreflike wyse waarop verhaal en verklaring hier tot 'n eenheid gebind is. Verklarend word die Bybelse geskiedenis verhaal, en

omgekeerd, terwyl steeds ruimte gelaat word vir die nugtere oordeel van die leser van die Bybel.

Deur veelvuldige toeligting uit die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese tyd, ook met wat deur navorsing en opgrawingswerk aan die lig gebring is, leer ons algaande die wêreld en ook die gedagtewêreld in die tyd van die Nuwe Testament ken. Aan die ander kant laat dit ons die Bybelse geskiedenis in sy noue samehang met die wêreldgeskiedenis sien, maar laat ook die Bybelse geskiedenis vir ons as werklike geskiedenis leef. Dit is van besondere betekenis, veral in ons tyd, en beklemtoon die betekenis van Bybelse geskiedenis as vak vir ons tyd.

Hiermee spreek ek graag 'n dubbele waardering uit vir hierdie handboek, naamlik, vir die geleentheid wat dit bied om die kennis van die Bybelse geskiedenis grootliks te verdiep, en vir die bydrae wat dit lewer om Bybelse geskiedenis sy plek onder die teologiese vakke te laat toekom.

Met die regmatige plek wat Bybelonderrig in ons skole en Bybelkunde as vak aan ons universiteite begin inneem, voorsien hierdie handboek, wat met die verskyning van die deel oor die Nuwe Testament tot voltooiing kom, in 'n dringende behoefte op 'n doeltreffende wyse. Die besondere karakter van die Bybelse geskiedenis word getrou bewaar deurdat die leser, wie ook al, deur die geskiedenis toegespreek word en die lig daarvan op ons tyd en sy probleme - ook ons eie - val.

My bede is dat hierdie produk van Skrifnavorsing, uit ons eie bodem, met veel vrug in ons kerke en huise, in ons skole en aan ons universiteite gebruik sal word, en verdieping van die kennis van die Woord van God, tot bevordering van Sy koninkryk in ons volkslewe, sal bring.

PROF. W. J. SNYMAN.

Potchefstroom,

September 1967

# WOORD VOORAF

In die *Woord Vooraf* van DEEL I verduidelik prof. J. H. Kroeze die doel van die handboek en die oogmerk van die skrywer. Wat hy van DEEL I sê, is ook op DEEL II van toepassing. Enkele opmerkinge moet egter bygevoeg word.

Die werk is bedoel as 'n handleiding vir die kennis van die Bybelse geskiedenis. Daarom val die nadruk op die historiese verloop van gebeurtenisse, en die chronologiese volgorde waarin gebeurtenisse plaasgevind het. Hierdie doelstelling plaas die skrywer van DEEL II voor onoorkomelike probleme. Wanneer hy die gegewens van die Vier Evangelies tot een deurlopende "geskiedenis van Jesus" wil verwerk, word hy verplig tot eie beslissinge in verband met die volgorde van gebeurtenisse. Dit onderneem hy met inagneming van die beskikbare gegewens en met groot eerbied vir die Skrif, maar ook in die wete dat daar moontlik 'n ander volgorde kan wees as die waaraan hy voorkeur gegee het.

In die behandeling van die "geskiedenis van Jesus" is gepoog om al die gegewens van die Vier Evangelies ter sprake te bring. Die betrokke Skrifgedeeltes word uitvoerig aangedui ten einde die leser aan te spoor om die Bybel self te raadpleeg.

Die Skrywer.

# AFDELING A

# DIE BEGIN VAN DIE EVANGELIE: JESUS CHRISTUS

## § 1 Die opskrif (Mark. 1:1)

Die Evangelie van Markus word beskou as die oudste van die vier Evangelies. Daarmee word bedoel dat dit die eerste is wat in die vorm waarin ons dit besit, op skrif gestel is. Hierdie Evangelie open met die woorde: "Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God" (1:1). Daarop volg 'n kort berig oor die optrede van Johannes die Doper (1:2-8) voordat die verhaal aangaande Jesus van Násaret begin.

Onder verklaarders bestaan daar verskil van mening oor die vraag of die woorde: "die begin van die evangelie" betrekking het op die optrede van Johannes die Doper, en of dit slaan op alles wat Markus aangaande Jesus vertel. Albei is moontlik.

Vir die doel van ons beskrywing van die Bybelse geskiedenis wil ons Mark.1:1 vertolk in die tweede betekenis, m.a.w.: dit dien as opskrif van die hele Evangelie en dui aan dat alles wat in die Evangelie opgeteken staan, die begin is van die evangelie van Jesus Christus.

Markus was 'n metgesel van die apostels, besonderlik van Petrus en Paulus. Hy het die vroeë geskiedenis van die kerk saam met die apostels beleef, en self gesien hoedat die evangelie uitgedra word die wêreld in. Hy was daarvan getuie dat die opdrag van Jesus in uitvoering gaan: "Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8). As hy daarop terugkyk, vind hy die begin van die uitbreiding van die evangelie in Jesus Christus.

Jesus Christus, die Seun van God, is dus self die begin van die evangelie. Sy koms na die aarde, sy leer en lewe, sy sterwe en opstanding en verheerliking - dit alles is die begin van die evangelie. Uit daardie begin word dit voortgedra na alle volke van die aarde. Daarom wil ons ook alles wat in die vier Evangelies aangaande Jesus vertel word, behandel onder die opskrif: Die begin van die evangelie. En die inhoud van hierdie begin is Jesus Christus wat Homself bekend stel as die Seun van God.

Hieruit volg dat die werk van die apostels wat uitgaan om van Jesus Christus te getuig, 'n voortgang van die evangelie van die Here is. Wat ons vertel word van die prediking van Petrus en Paulus en die ander apostels is 'n voortsetting van die gang van die evangelie. Deur die prediking kry die kerk gestalte en word die kerk die draer van die blye boodskap. Daarom stel ons die tweede deel van hierdie geskiedenis onder die opskrif: Die voortgang van die evangelie. In die Handelinge van die Apostels en die Briewe word van hierdie voortgang vertel.

# I. DIE TYDSOMSTANDIGHEDE

## § 2 Die volheid van die tyd

Onder die leiding van die Heilige Gees het die apostel Paulus diep insigte verkry in die handeling van God met die mense. Hy kon sy insigte kernagtig saamvat. Die "evangelie van Christus" het hy self ondervind as "'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eers vir die Jood en ook vir die Griek" (Rom. 1:16). Van die koms van die evangelie van Christus na Jood en Griek sê hy: "Toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!" (Gal. 4:4-6).

Gebeurtenisse wat binne sy eie leeftyd plaasgevind het, sien hy in die breë omlysting van die geskiedenis van die mensheid. As gebore Jood, opgevoed aan die hand van die Ou Testament, was hy goed bekend met die handelinge van God met Israel deur al die voorafgaande eeue. Deur die koms van die Seun van God, "gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet," het daar 'n keerpunt in die geskiedenis aangebreek. Die heil wat God "eers vir die Jood" aangebied het word nou deur die koms van Jesus Christus in die vlees beskikbaar gestel "ook vir die Griek." Hierdie keerpunt word deur die apostel aangedui as "die volheid van die tyd."

Wat hy met dié uitdrukking bedoel, blyk uit die teksverband in Gal. 4, waar daar ook sprake is van "die tyd tevore deur die Vader bepaal" (vs. 2). Dit voer ons gedagtes terug na die profesie van Daniël waar ons herhaaldelik lees van "die bepaalde tyd" of "die bestemde tyd" waarop sekere gebeurtenisse volgens die raad van God moet plaasvind. Die Skrif laat ons goed verstaan dat God die tye in sy hand hou (vgl. Ps. 31:16). Hy, die Almagtige, bepaal vooruit die loop van die geskiedenis, en Hy laat sy raadsbesluite op die vooruit bepaalde tyd in vervulling gaan. Die heilsplan wat Hy uit ontferming vir die gevalle mens Hom voorgeneem het (Gen. 3:15), bring Hy in die geskiedenis van Israel tot ontplooiing. Hy laat alle dinge aanlei tot die tyd wat Hy as Vader vooruit bepaal het. Wanneer daardie tyd vol geword het, ooreenkomstig sy raad en beskikking, is daar sprake van "die volheid van die tyd."

Hierdie volheid het 'n tweeledige karakter. Dit is die voltooiing van 'n voorafgaande tydsbedeling, en dit is tegelyk die begin van 'n nuwe bedeling. Dit gaan dus om 'n bepaalde keerpunt in die geskiedenis.

Om reg te begryp hoedat God die gunstige omstandighede vir daardie keerpunt voorberei het, moet ons rekening hou met die staatkundige, kultuur-historiese en godsdienstige ontwikkeling wat aan die geboorte van Jesus voorafgegaan het, en die historiese situasie in die algemeen waarin Hy opgetree het en waarin die evangelie sy weg deur die wêreld begin het.

## § 3 Die Joodse land onder Romeinse heerskappy

Die tydperk in die Joodse geskiedenis vanaf die dood van Alexander die Grote (323 v.C.) tot aan die geboorte Jesus word gewoonlik aangedui as die "donker eeue." By die onderverdeling van die ryk van Alexander kom Palestina onder die heerskappy van die Ptolemeërs van Egipte te staan (301 v.C.). Dit duur tot 198 toe die Seleucide van Sirië in 'n bloedige veldslag by Panéas hulle historiese vyand, die Ptolemeërs, verslaan en die Joodse land oorneem. Daarop volg die stelselmatige vergrieksing van die Jode wat uitloop op die ontheiliging van die tempel deurdat Antiochus IV Epiphanes dit laat inrig het as heiligdom vir die Griekse god Zeus. Daarop volg die Makkabeër-opstand met die gevolg dat die land bevry word van die Seleucide, en dat die tempel opnuut geheilig en aan die diens van die Here God gewy word. Maar die uiteinde van hierdie vryheidstryd was dat Palestina deel geword het van die groot Romeinse Ryk.

Die Joodse geskiedenis in die "donker eeue" word genoegsaam beskryf deur dr. J. H. Kroeze (DEEL I, § 465-469). In aansluiting daarby wil ons kortliks let op die algemene lewensomstandighede van die Nuwe-Testamentiese tyd, die keisers van Rome in daardie tyd, die huis van Herodes en die prokuratore of goewerneurs in Palestina.

### (a) **Die algemene lewensomstandighede**

Dit was die ideaal van Alexander die Grote om die Griekse kultuur te vestig onder alle volke wat hy verower het. Weens sy vroeë dood kon hy nie veel van hierdie doelstelling verwesenlik sien nie, maar deur sy ondernemingsgees is 'n beweging begin wat weldra 'n ware vloedgolf geword het Ou gevestigde kulture van verowerde volke kon natuurlik nie meteen vernietig word nie, maar wel met die kultuur van die veroweraar vermeng word. Die Griekse taal, literatuur, wysbegeerte, wetenskap, godsdiens en leefwyse het die destydse wêreld oorspoel, en met die kulture van die volke versmelt. Op dié wyse ontstaan die sogenoemde Hellenisme,

d.w.s. die algemene vergrieksing. Die algemene strewe is na een wêreldryk, een wêreldburgerskap en een wêreldtaal.

Met die opkoms van die Romeinse wêreldryk was daar 'n opbloei van die handel. 'n Drukke verkeer tussen Rome en die afgeleeë uithoeke van die ryk het ontwikkel, en reise kon onbelemmerd onderneem word aangesien landsgrense geen versperring was nie. Deur die algemene spreektaal, die koinê genoem, kon 'n reisiger hom in alle lande verstaanbaar maak. 'n Geskrif wat in die koinê-grieks opgestel is (soos die Nuwe Testament) kon oral gelees en verstaan word.

Ook op gebied van die godsdiens het daar heelwat vermenging plaasgevind, maar sonder dat dit tot die vorming van een algemene godsdiens gekom het. Die Griekse godsdienste, veral die Dionysuskultus, het ingewerk op die vorme van Klein-Asiatiese, Persiese, Egiptiese en Romeinse godsdienste sodat 'n verskeidenheid sinkretistiese kultusse ontstaan het. Geen enkele hiervan kon egter die diepe sielsbehoeftes van die mens bevredig of hom van ewige geluksaligheid verseker nie. Die enkeling was vry om hom by meer as een godsdiens deur die voorgeskrewe inisiasie te laat inlyf. Ware sielerus is op hierdie weg egter nie gevind nie. Daarom bly die verlange voortleef na 'n Redder (Sotêr) wat op die wêreldtoneel sou tree en die mens van al sy ellende sou bevry.

**(b) Die keisers van Rome**

Die welslae van die Makkabeër-stryd het gelei tot die stigting van die regeringshuis of dinastie van die Hasmoneërs, so genoem na Hasmon, 'n voorvader van die Makkabeërs Tydens die regeringstyd van Aristobulus II (67 - 63 v.C.), 'n spruit uit die Hasmoneërhuis, het 'n indringer uit die Suide, naamlik Antipater, die stadhouer van Iduméa en vader van die latere Herodes die Grote, op die toneel verskyn en die hoëpriester Hyrkanus aangespoor om 'n magstryd teen sy broer Aristobulus II te begin. Toe die stryd ontbrand, roep albei broers die hulp van Rome in. Dit lei daartoe dat Rome ingryp en Palestina finaal aan die Romeinse heerskappy onderwerp. (vgl. DEEL I § 469). Voortaan het die keisers direkte seggenskap oor die Joodse land.

Kort na die inlywing van Palestina by die Romeinse Ryk tree Julius Caesar na vore as die volstrekte maghebber. Hy onthef Aristobulus II uit sy amp deur die koningskap af te skaf. Hyrkanus II (63-40) bly hoëpriester, en word later deur Caesar ook aangestel as vors (etnarg) met regerings-bevoegdheid. Antipater tree egter na vore as die eintlike magspersoon in die Joodse land, en word aangestel as prokurator oor Judéa.

Julius Caesar het nie 'n swaar juk op die Jode gelê nie. Hulle was wel belastingpligtig, maar het volle godsdiensvryheid geniet en is toegelaat om die mure van Jerusalem te herbou. Caesar laat ook briewe na alle dele van sy ryk uitgaan met bevele dat die Jode toegelaat moet word om ongehinderd hul godsdiens te beoefen, en beskou moet word as onder die regering van hul hoëpriester en etnarg, Hyrkanus II. Op hierdie wyse het die Joodse gemeenskappe wat versprei was oor die uitgestrekte Romeinse Ryk 'n godsdienstige en staatkundige band met Jerusalem behou, en het hulle van gebeurtenisse in die Joodse land te wete gekom en ook belang daarby gehad. Die instruksies van Caesar skep dus 'n lewenspatroon onder die verstrooide Jode wat later bevorderlik sou wees vir die verspreiding van die Evangelie.

Na die sluipmoord op Julius Caesar (44 v.C.) ontstaan 'n stryd om die mag, waarin die vernaamste teenstanders was die aangenome seun van Caesar, Gajus Julius Caesar Octavianus, en die veldheer Marcus Antonius. Mettertyd verkry Octavianus die oorhand. By die slag van Actium (31 v.C.) behaal hy die beslissende oorwinning en word hy alleenheerser van die Ryk. In 28 v.C. word hy deur die senaat van Rome luisterryk gehuldig en word die naam Augustus (die verhewene) aan hom toegeken.

Augustus is die eerste keiser wat in die Nuwe Testament genoem word. Na hom volg 'n ry van keisers wat op die een of ander wyse betrokke was by gebeurtenisse rakende die ontstaan van die evangelie en die uitbreiding van die kerk in die eerste eeu n.C. Ter wille van die oorsigtelikheid bied ons 'n tabel van die keisers van daardie eeu:

Augustus 40 v.C. - 14 n. C. (Luk. 2:1).
Tibérius 14 - 37 (Luk. 3:1).
Caligula 37 - 41.
Claudius 41 - 54 (Hand. 11:28; 18:2).
Nero 54 - 68.
Galba, Otho, Vitellius 68 - 69.
Vespasianus 69 - 79.

Titus 79 - 81.
Domitianus 81 - 96.
Coccejus Nerva 96 - 98.
Trajanus 98 - 117.

Soos aangedui, word drie van hierdie keisers by name in die Nuwe Testament genoem. Onder hulle staan keiser Augustus voorop. Hy het 'n lang regeringstyd gehad en groot invloed op die destydse wêreld uitgeoefen. Nadat hy in 31 v.C. met sy teenstander, Marcus Antonius, finaal afgereken het, het hy maatreëls getref om die Romeinse Ryk tot orde, rus en vrede te bring. Hy onderneem dit as sy lewenstaak om die eenheid, veiligheid en voorspoed van die Ryk te verseker. Sy inspanning lei tot 'n besondere bloeitydperk op allerlei gebied. Die vrede en voorspoed in die Ryk, die opbloei van die handel en die toenemende verkeer tussen afgeleë dele van die Ryk skep 'n gunstige klimaat vir die verbreiding van die evangelie van die ware Vredevors en Redder.

Die glorie van Augustus het egter ook meegebring dat die keiseraanbidding as nuwe godsdiensvorm sterk begin posvat het. In die Klein-Asiatiese provinsies is hy tydens sy leeftyd as 'n godheid vereer, en by sy dood is hy deur die senaat in Rome tot 'n "god" verklaar. Oral is hy in heiligdomme as 'n "god" aanbid, selfs ook in Jerusalem, en sy geboortedag is as "evangelie" herdenk. Op hierdie wyse het die verering van die keiser as "god" en "redder" gevestig geraak in die Romeinse Ryk en sou dit later aanleiding gee tot bittere vervolging van die Christene.

In Luk. 2:1 lees ons: "In daardie dae het daar 'n bevel uitgegaan van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf moes word." 'n Dergelike volkstelling of sensus het van tyd tot tyd in die Romeinse Ryk plaasgevind. Gewoonlik is dit nie gelyktydig in die hele Ryk gehou nie, maar afsonderlik in die verskillende provinsies. Rekening is gehou van die verskillende groepe in die samelewing**:** Romeinse burgers, onderdane deur verowering, slawe. Ook vroue bo twaalf jaar moes ingeskryf word. Iedere persoon moes voor die betrokke amptenaar verskyn om onder eed rekenskap te gee van sy naam, ouderdom, woonplek, werksaamheid en vermoë, en voorts om op allerlei vrae te antwoord in verband met sy lewenswandel en politieke oortuigings. Die doel was hoofsaaklik om die militêre diensplig te reël en om belastingheffing te bepaal. Die ondervraginge kon ook lei tot maatreëls in belang van die openbare orde of vir die onderdrukking van dreigende opstand.

Aangesien die Jode sterk gebonde was aan hulle stamverwantskap en aan die plek van hul herkoms, is bepaal dat elkeen na "sy eie stad" (Luk. 2:3) moes gaan vir die inskrywing. Hierdie bepaling was ook op die diaspora-Jode, d.w.s. dié wat in die verstrooiing geleef het, van toepassing.

Deur die besonderhede wat hy noem (Luk. 2:1-3), verbind Lukas die geboorte van Jesus aan 'n bepaalde tydperk in die geskiedenis, en dui hy dit aan as 'n gebeurtenis wat self ook gedateer kan word. Sy verwysing na die tyd van "hierdie eerste inskrywing . . . toe Cirénius goewerneur van Sirië was," lewer vir ons moeilikhede by die bepaling van die datum. Ons weet dat Cirénius goewerneur van Sirië was teen 4-8 n.C., en dat in daardie tyd 'n sensus gehou is wat aanleiding gegee het tot die opstand onder Judas, die Galileër (Hand. 5:37), maar bewyse dat hy reeds voor daardie tyd die amp van goewerneur van Sirië beklee het, ontbreek. Waarskynlik moet ons aanneem dat Cirénius - die latere goewerneur van Sirië - destyds deur Augustus belas was met die opneem van die sensus in die provinsie Sirië, waartoe ook Palestina behoort het. Hierdie sensus het dan in 8 - 6 v.C. plaasgevind. Hiervolgens moet die geboorte van Jesus op ongeveer 6 v.C. gestel word. Hy is voor die dood van Herodes die Grote wat in 4 v.C. plaasgevind het, gebore, en aangesien Herodes die kinders van twee jaar en jonger laat doodmaak het (Matt. 2:16), kan ons die geboortejaar op 6 - 4 v.C. stel. (Ons "christelike jaartelling" is deur Dionysius Exiguus in die sesde eeu vasgestel, en berus op 'n foutiewe berekening).

Die bedoeling van keiser Augustus met die sensus was egter nie om sy onderdane te onderdruk nie. Hy het met billikheid geregeer. Wat die Joodse land betref, was hy verantwoordelik vir die aanstelling van Herodes die Grote as koning. Laasgenoemde was ook lojaal aan Augustus. Na sy dood verdeel Augustus sy koningskap tussen drie van sy seuns. Archeláüs, Herodes Antipas en Filippus. As gevolg van die wanbestuur van Archeláüs, koning van Judéa en Samaria, het keiser Augustus ingegryp en hom verban, die koningskap beëindig en voortaan goewerneurs oor Judéa en Samaria aangestel, waarvan die latere Pontius Pilatus die bekendste is.

Keiser Tibérius, die opvolger van Augustus, word in Luk. 3:1 genoem. Daar lees ons dat Johannes die Doper by die Jordaan begin doop het "in die vyftiende jaar van die regering van keiser Tibérius." Aangesien Tibérius in 14 n.C. keiser geword het, beteken dit dat Johannes die Doper in 28 of 29 begin doop het, en dat Jesus in daardie tyd gedoop is. Daarmee word die begin van Jesus se openbare optrede verbind met 'n gebeurtenis en datum in die geskiedenis. Sy kruisiging onder Pontius Pilatus val dus ook in die keisertyd van Tibérius.

Van Tibérius is bekend dat hy met strengheid en soms met wreedheid sy mag gehandhaaf het Van sy verteenwoordigers in die provinsies het hy verwag dat hulle die orde moet handhaaf en bowendien op so 'n wyse regeer dat geen klagtes van die bevolking die ore van die keiser bereik nie. Hy het Pilatus as goewerneur oor een van die moeilikste gebiede in die Ryk aangestel. Pilatus het vir 10 jaar (26 - 36) aan die eise van Tibérius voldoen, maar hy leef steeds in die grootste angs vir die moontlike beskuldiging dat hy nie die vriend van die keiser is nie (Joh. 19:12). Juis hierdie vrees het hom aangespoor om met soveel wreedheid teenoor die Jode op te tree dat klagtes die keiser bereik het. Pilatus is ontbied om hom voor Tibérius te verantwoord. Voordat hy Rome bereik het, is Tibérius oorlede (37), en volgens die kerkvader Eusebius het Pilatus selfmoord gepleeg.

Keiser Caligula, seun van Germanicus en Agrippina, word in die Nuwe Testament nie genoem nie, maar het deur sy optrede groot invloed op die Joodse land gehad. Hy was 'n yweraar vir die bevordering van die Hellenisme in die Romeinse Ryk, en het veral die keiser-aanbidding oral probeer vestig. Sy voorganger, Tibérius, het in sy eie leeftyd hom as "god" laat vereer. Caligula gaan nog verder en eis dat sy eie beeld, voorgestel as 'n "god", in al die vernaamste plekke van aanbidding opgerig moet word, o.a. in die sinagoges van Alexandrië en in die tempel in Jerusalem. Dit lei tot heftige verset van die kant van die Jode. Intussen stel Caligula ook sy vriend Herodes Agrippa I aan as koning oor die noordelike dele van Palestina, en ondersteun hy hom in die uitbreiding van sy magsgebied oor die hele Joodse land, terwyl Agrippa stappe doen om die Christene te vervolg (Hand. 12:1). Toe die Jode hulle verset het teen die oprigting van die beeld van Caligula in die tempel, het die keiser hom voorgeneem om dit self met geweld daar te kom oprig. Voordat hy dit kon doen, is hy vermoor (41 n.C.).

Claudius, broer van Germanicus en oom van Caligula, word vervolgens keiser sonder enige voorbereiding en met weinig bekwaamheid vir die hoë amp. Hy is behep met sy belangrikheid as 'n "god" en laat hom uitbeeld soos Jupiter met 'n stralekrans. Agrippa I soek sy guns en verkry dit ook, met die gevolg dat hy sy mag kon uitbrei oor die hele Joodse gebied.

Twee maal word Claudius in die Nuwe Testament vermeld. In Hand. 11:28 lees ons dat die profeet Agabus "deur die Heilige Gees te kenne gegee (het) dat daar 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, wat ook gekom het onder keiser Claudius." Dit is bekend dat daar meer as eenmaal tydens Claudius se keisertyd in verskillende dele van die ryk hongersnood was. Die een waarna hier verwys word, het volgens berekening in 46 of 47 plaasgevind. Daarmee is die datum aangedui van Bárnabas en Saulus (Paulus) se besoek aan Jerusalem kort voordat hulle vanuit Antiochië op die eerste sendingreis vertrek het.

In Hand. 18:2 skryf Lukas dat Aquila en Priscílla hulle in Korinthe kom vestig het, omdat Claudius beveel het dat al die Jode uit Rome moes vertrek." In sy lewensbeskrywing van Claudius vertel die Romeinse skrywer, Suetonius (ongeveer 120 n.C.), dat die keiser die Jode uit Rome verban het as gevolg van oproerigheid wat veroorsaak is deur "Chrestus" (d.i. Christus). Die bevel word op 49 of 50 gedateer, en het blykbaar nie lank van krag gebly nie aangesien Aquila en Priscílla sowat ses of agt jaar later weer in Rome gewoon het (Rom. 16:3). In elk geval is daardeur aangedui dat Paulus wat met hierdie egpaar in Korinthe kennisgemaak het kort nadat hulle daar aangekom het, in die jare 50/52 die gemeente aldaar gestig het op sy tweede sendingreis.

Keiser Nero (54-68) word in die Nuwe Testament nie genoem nie, maar het op so 'n eiewillige wyse opgetree dat die vroeë Christendom in hom die gestalte van die Antichris gesien het. Hy het slegs sy eie voordeel, vermaak en roem nagestreef, waansinnig in sy ydelheid en hoogmoed. Op hierdie keiser het Paulus hom beroep (Hand. 25:11-12), en vir sy beliewe het die apostel twee volle jare as gevangene in Rome gesit en wag op verhoor (Hand. 28:30). Volgens oorlewering, wat ons as betroubaar kan aanvaar, het Petrus ook omstreeks 60 n.C. na Rome gekom. In Julie 64 ontstaan die brand van Rome. Nero beskuldig die Christene vir hierdie ramp en ontketen die aller-gruwelikste vervolging ten einde die Christene uit te roei. Dit is moontlik dat Petrus in daardie tyd die marteldood gesterf het. Paulus was toe blykbaar weer vry en op reis. Hy sterf 'n jaar of twee later, nog in die tyd van Nero. Toe daar 'n opstand

teen hom kom, het Nero gevlug en sy hand aan sy eie lewe geslaan.
Dit tref ons dat Paulus en Petrus wat aan die hand van die wêreldlike owerheid, veral in die persoon van Nero, so ontsettend veel gely het, nogtans daarop wys dat elke owerheid deur God daargestel is en daarom eerbiedig moet word (Rom. 13:1-7; Tit. 3:1; 1 Pet. 2:13-17). Ook moet voorbidding gedoen word "vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid" (1 Tim. 2:1-2). Wanneer Paulus hierdie vermaning neerskryf, moes hy stellig ook keiser Nero in gedagte gehad het.
Oor die verdere keisers van die eerste eeu is enkele opmerkings voldoende. Teen die einde van Nero se regering het die Jode in opstand gekom teen die Romeinse oorheersing. Aan Vespasianus is dit opgedra om die opstandelinge te onderwerp. Terwyl hy nog hiermee besig was, word hy in Rome tot keiser uitgeroep, en dra hy dit aan sy seun Titus op om Jerusalem te herower. Nà 'n bloedige stryd neem Titus se leër die stad in en plunder en verwoes alles, ook die tempel (70 n.C.). Daarmee kom die tempeldiens in Jerusalem tot 'n einde. In 79 volg Titus sy vader op as keiser.
Die opvolger van Titus was Domitianus (81-96). Hy het die keiseraanbidding tot 'n nuwe hoogtepunt gevoer deur homself aan te kondig as "onse here en god" (Dominus ac Deus noster), en te bepaal dat al sy onderdane hom in daardie goddelike hoedanigheid moet vereer. Dit kon die Christene wat alleen Jesus Christus as "onse Here en God" bely het, nie doen nie. Dit lei tot bloedige vervolging van die Christene. In daardie tyd word Johannes, die apostel, verban na Patmos waar hy die visioene van sy Openbaring beleef.


### (c) Die Huis van Herodes

Onder (b) hierbo is reeds gesê dat die Edomiet, Antipater, hom met sake in die Joodse land begin bemoei het en deur Julius Caesar aangestel is as prokurator van Judéa. Deur intriges, bloedvergieting en die guns van Caesar verkry hy seggenskap oor die hele Palestina, hoewel die wettige gesag nog in die hande was van Hyrkanus II van die Hasmoneërhuis (Makkabeër). Antipater benoem sy seuns, Phasaël en Herodes (die heldhaftige), tot viervorste van Judéa en Galiléa.
Viervors: Die titel het sy oorsprong in die Noord-Griekse landsdeel Thessalië. Hierdie gebied het uit vier landstreke bestaan, genoem tetrades, en aan die hoof van elk was daar 'n tetrarg of viervors. Deur koning Filippus, vader van Alexander die Grote, word die titel na Macedónië oorgeplant, en later deur Alexander gebruik vir regeerders of militêre goewerneurs van onderdele van sy groot ryk. Vandaar word dit 'n rangtitel iets minder as koning en iets meer as etnarg of regeerder van 'n volksgroep.
Na die moord op Antipater (43 v.C.) tree Herodes na vore as die sterkste persoon op die Palestynse toneel. 'n Heftige stryd ontbrand omdat die Jode hulle verset teen Edomitiese heersers. Die twee broers vind hulle lewe in gevaar. Phasaël pleeg selfmoord en Herodes vlug na Rome waar hy die guns van Octavianus (die latere Augustus) verwerf en deur hom aangestel word as koning van Palestina (40 v.C.). Herodes moes egter self die Jode gaan onderwerp en sy koningskap vestig. Eers in 37 slaag hy daarin nadat hy in Jerusalem 'n ontsettende bloedbad aangerig het en die laaste heerser van die Hasmoneërhuis, Antigonus, onthoof het. Daarmee kom die Joodse land onder die heerskappy van die huis van Herodes, die Idumeër of Edomiet.
Herodes die Grote (37-4 v.C.), soos ons hom ken, het hierdie titel volgens die geskiedskrywer Josefus verkry omdat hy die oudste, of die vader van ander Herodusse was. Tog verdien hy die benaming ook vir sy prestasies. Die ontevrede en opstandige Joodse volk oor wie hy moes regeer, het aan hom besondere eise gestel. Hy het die vrede bewaar, al was dit deur die meedoënlose vernietiging van teenstanders, selfs van 'n skoonmoeder, 'n vrou en verskeie seuns. Aan keiser Augustus was hy getrou en het die guns van die keiser geniet.
Herodes was 'n man van innerlike tweespalt. As Edomiet wat vir die Jode verwerplik is, wou hy hom tog vir die Jode aanneemlik maak deur hom as Jood voor te doen. As tipies Hellenistiese heerser wou hy tog ook 'n Davidiese koning wees. As bloedvergietende diktator wou hy nietemin graag aangesien word as die messiaanse koning van die Jode. As aanhanger van heidense gode rig hy vir hulle oral tempels op, en as een wat met die Joodse godsdiens meegaan, herbou hy die tempel van Jerusalem dubbel so groot as dié van Salomo en Serubbábel. Die tweespalt kom tot sy bitterste uiting in die huwelikslewe van Herodes. Onder sy tien vroue was daar Jodinne (Doris en Mariamne I), 'n Samaritaanse (Malthace) en heidinne van verskeie herkoms. Vrede kon daar dus nie wees nie. Die onderlinge afguns en haat neem toe namate die stryd om die troonopvolging heftiger word.

Die jare 30 - 15 was die glansperiode van die ryk van Herodes. Hy het hom spoedig laat ken as 'n bekwame staatsman en ondernemende boumeester. Die algemene voorspoed in die land het hy bevorder, die verhouding tot buurvolke voordelig gereël, sy eie gesagsgebied uitgebrei totdat sy grense dieselfde was as dié van die ryk van Dawid. Onder sy bouwerke was daar tempels, teaters, vestings, stadions en selfs stede. Aan die kus lê hy 'n hawe aan, volledig met hawehoof, en vereer die keiser deur die stad Caesaréa te noem. Hy herbou Samaria en gee die die naam Sebaste (= augustus = die verhewene) tot eer van keiser Augustus. In Jerusalem bou Herodes sy paleis (Matt. 27:27) in die westelike deel van die stad. (Matt. 27:27). 'n Vesting op die noordwestelike hoek van die tempelterrein, wat dateer uit die tyd van Nehemía (Neh. 2:8), het hy op grootse skaal herbou as die brug Antonia, so genoem tot eer van sy eertydse weldoener, Marcus Antonius. Sy roemrykste onderneming is egter die herbou van die tempel. Daarmee het hy in 20 v.C. begin. Die binneste heiligdom is die eerste voltooi. Ten einde geen aanstoot aan die Jode te gee nie, het Herodes priesters en Leviete laat oplei om hierdie werk te doen. In die tyd van Jesus se omwandeling, lank na die dood van Herodes, word nog aan die tempel gehou (Joh. 2:20) en dwing die pragtige klippe bewondering af (Mark. 13:1). Eers in 63 is hierdie bouwerk voltooi.

Die laaste jare van Herodes (14-4) is gekenmerk deur 'n magstryd in eie huis. Die vraag het begin ontstaan wie van die sewe oudste seuns van sy tien vroue sy opvolger sou wees. Die sterkste aanspraakmakers was Alexander en Aristobulus, die seuns van Mariamne I, 'n Jodin uit die huis van die Hasmoneërs. Herodes vertrou hulle nie, en laat hulle albei in 7 v.C. vermoor. Die derde aanspraakmaker, Antipater, seun van die Jodin Doris, laat Herodes vyf dae voor sy eie dood teregstel (4 v.C). Uiteindelik word sy ryk onderverdeel tussen die seuns Archeláüs wat tetrarg word van Judéa en Samaria (Matt. 2:22), Herodes Antipas wat tetrarg word van Galiléa en Peréa, en Filippus wat tetrarg word van die noord-oostelike gebiede van die ryk.

Tot die eer van Herodes die Grote moet gesê word dat hy aan die Joodse land 'n groot aansien binne die Romeinse Ryk besorg het. Deur sy toedoen, en veral deurdat hy die guns van Augustus geniet het, het hy vir die Jode besondere voorregte en vryhede in die Ryk verkry. Daardeur het hy onbewustelik die latere weg van die evangelie aansienlik vergemaklik.




In die Nuwe Testament word Herodes die Grote twee maal genoem, eers in verband met die volksinskrywing (Luk. 2:1-3), en daarna in verband met die besoek van die wyses uit die Ooste en die kindermoord van Betlehem (Matt. 2:1-18). Die sensus het ons reeds tevore onder (b) bespreek. In die verhaal van die wyse manne uit die Ooste word nadruk gelê op die ontsteltenis van Herodes toe hy verneem van "die gebore Koning van die Jode." Naarstig vra hy uit oor die plek en tyd van die geboorte en hy gee te kenne dat hy ook die Koning wil gaan huldig.

Sy optrede getuig van agterdog, nydigheid en sluwe beplanning om 'n moontlike teenstander uit te skakel. As ons in gedagte hou dat Herodes kort tevore (7 v.C.) twee van sy eie seuns laat vermoor het, en sterk agterdog gehad het teen 'n derde wat hy later kort voor sy dood ook laat teregstel het, juis omdat hy bang was dat hulle hom van die troon sou stoot, word sy gedrag teenoor die Jesus-kind begryplik. Ten einde hierdie kind te tref, het hy die onmenslike moord op die kinders van Betlehem gelas. Maar soos ons hom uit die geskiedenis leer ken, was geen daad vir hom te gemeen nie om sy eie regeermag te handhaaf.

In sy testament het Herodes bepaal hoedat sy ryk tussen drie van sy seuns verdeel moes word. Die grootste aandeel sou gaan na Archeláüs en Herodes Antipas (= Antipatros = plaasvervanger van sy vader), die seuns van sy Samaritaanse vrou, Malthace. Archeláüs sou koning word van Judéa en Samaría en Iduméa. Keiser Augustus het in hoofsaak die testament van Herodes bevestig, maar Archeláüs se titel verander tot etnarg.

Archeláüs (4 v.C. - 6 n.C.) het by sy onderdane geen goeie naam gehad nie. Toe Josef en Maria met die Kindjie uit Egipte terugkeer en verneem dat Archeláüs in Judéa "koning" was - in die volksmond is hy so genoem - verkies hulle om na Galiléa te gaan waar sy broer Herodes Antipas regeer. As gevolg van herhaalde klagtes oor wanbestuur het Augustus in 6 n.C. Archeláüs verban en 'n prokurator oor Judéa en Samaría aangestel wat regstreeks aan die keiser verantwoording verskuldig was.

Herodes Antipas (4 v.C. - 39 n.C.) het as tetrarg of viervors van Galiléa en Peréa oor 'n lang tydperk 'n betreklik rustige en voorspoedige regering gehad (vgl. Luk. 3:1). Net soos sy vader lê hy hom daarop toe om Hellenistiese bouwerke op te rig. Aan die westelike oewer van die See van Galiléa bou hy sy residensiestad en noem dit Tiberias as eerbewys aan keiser Tibérius. Die vesting Machaerus aan die oostekant van die Dooie See is deur hom herbou en as winterverblyf gebruik. Met redelike sekerheid kan ons sê dat dit hier is waar die onthoofding van Johannes die Doper plaasgevind het (Matt 14:1-13).

Antipas het met die Jode nog beter oor die weg gekom as sy vader, Herodes die Grote. Hy het wel teenstand ondervind van die Seloteparty in Galiléa, en die vrome Jode het nooit sy hoofstad Tiberias besoek nie - net soos Jesus en die dissipels ook. Maar die aansienlike party van die Herodiane (Mark. 3:6; 8:15 e.a.) het hom gesteun. Om aan die Jode geen aanstoot te gee nie, het hy munte sonder die beeld van 'n mens daarop gebruik, en getrou die Joodse feeste in ag geneem. Laasgenoemde oorweging verklaar waarom Herodes, die heerser van Galiléa, tydens die Paasfees toe Jesus voor Pilatus gebring word, in Jerusalem aanwesig was (Luk. 23:6-12).

In ongeveer 29 - 30 n.C. begaan Herodes Antipas 'n fout wat tot sy ondergang lei. In daardie tyd skei hy van sy vrou, die dogter van die Arabiese vors Aretas, en hy trou met Herodias. Sy was die dogter van sy ouer halfbroer, Aristobulus, en die vrou van 'n ander halfbroer, Herodes (Filippus) Boëthos. Aangesien laasgenoemde geen belang gestel het in regeermag nie, en Herodias wel, het sy hom verlaat en met haar meer ambisieuse oom Herodes Antipas in die huwelik getree. Vir hierdie ongeoorloofde huwelik (Lev. 18:16) word hy deur Johannes die Doper bestraf, en dit gee aanleiding tot Herodias se sameswering met haar dogter teen Johannes (Matt. 14:1-13). Die bevel dat iemand onthoof moet word, was hy die feeste van vorste in die Romeinse Ryk nie ongewoon nie. Tog het Herodes gewetens-kwellinge gehad oor die onthoofding van Johannes die Doper. Daarom is hy vir Jesus bevrees, en meen hy dat Hy in werklikheid Johannes was wat uit die dode teruggekeer het om wraak te neem (Mark. 6:14-16). Wanneer sommige Fariseërs Jesus waarsku dat Herodes Hom om die lewe wil bring, gee Hy as antwoord: "Gaan vertel daardie jakkals. Kyk, Ek dryf duiwels uit en maak gesond, vandag en môre, en op die derde dag is Ek klaar" (Luk. 13:32).

Die huwelik met Herodias het vir Herodes ook 'n rampspoedige nasleep gehad op staatkundige gebied. Dit het gelei tot 'n wapenstryd tussen hom en sy gewese skoonvader, Aretas, as gevolg waarvan hy by die keiser in onguns geraak het. Verder, Herodes is wel deur die volk "koning" genoem (Mark. 6:14) terwyl hy amptelik net viervors was. Dit was Herodias se begeerte dat hy bevorder moes word tot koning. Toe haar broer Agrippa I in 37 aangestel word as koning oor die noordelike gebiede, kon sy nie rus nie voordat haar man 'n versoekskrif aan die keiser gerig het om ook as koning aangestel te word. Keiser Caligula (37-41) reageer daarop deur Herodes na Gallië te verban en Galiléa en Peréa ook aan koning Agrippa I toe te vertrou. In Hand. 4:27 en 13:1 word nog na Herodes Antipas verwys.

Filippus (4 v.C. - 34 n.C.), die derde erfgenaam van Herodes die Grote, het as viervors regeer oor die Noord-oostelike gebied wat die landstreke Gaulanitis en Trachonitis ingesluit het. Die

ou stad Panéas aan die voet van die Hermongebergte het hy herbou en keiser Tibérius sowel as homself vereer deur dit te noem: Caesaréa Filippi. In hierdie omgewing het Petrus bely dat Jesus die Christus is (Matt. 16:13-16). Filippus trou met Salomé, die dogter van Herodias. Dit moes ná die dood van Johannes die Doper (29/30) gebeur het.

Agrippa I (37 - 44), kleinseun van Herodes die Grote en broer van Herodias, het - soos reeds vermeld - deur die guns van keiser Caligula heerser geword oor die gebied van sy oom Filippus en die titel koning gekry. Toe Antipas verban is, kry Agrippa, ook sy gebied, Galiléa en Peréa, by. Vir dienste wat hy aan die nuwe keiser, Claudius (41 - 54) gelewer het, word Agrippa koning oor die hele Joodse land, insluitende Judéa en Samaria wat sedert 6 n.C. onder prokuratore of goewerneurs gestaan het Hy het dus daarin geslaag om die hele eertydse koninkryk van sy grootvader onder sy heerskappy te verenig. Deur die bevolking is hy "koning Herodes" (Hand. 12:1) genoem, hoewel hy nie die naam "Herodes" gedra het nie. Om die Jode te behaag, het hy uiterlik volgens die Wet gelewe en die godsdienstige gebruike geëerbiedig. Ook het hy Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring en daarna Petrus in die gevangenis gewerp (Hand. 12:2-3). Kort daarna toe hy hom in sy hoogmoed soos 'n god verhef het, "het 'n engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie; en hy is deur wurms verteer en het gesterwe" (Hand. 12:23).

Omdat Agrippa I volgens die mening van keiser Claudius te Joods-vriendelik was - die keiser self het later (49/50) die Jode uit Rome verban - het hy aan die koningskap 'n end gemaak en die land weer onder Prokuratore gestel.

Agrippa I het drie kinders gehad: Bernice, Drusílla en Agrippa II. Bernice trou met haar oom Herodes II van Chalkis (41 - 48), maar vanaf sy dood in 48 tot 69 leef sy feitlik onafgebroke saam met haar broer, Agrippa II (vgl. Hand. 25:13). Drusílla trou met die goewerneur, Felix, en doen met hom mee wanneer hy in Caesaréa Paulus verhoor (Hand. 24:24). Agrippa II (50 tot ongeveer 94) word deur keiser Claudius as koning aangestel oor Chalkis, en in 53 ook oor die vroeëre viervorstedom van Filippus (Gaulanitis en Trachonitis). Nadat Nero (54 - 68) keiser geword het, het Agrippa die stad Caesaréa Filippi verdoop tot Neronias. Sedertdien word hy die Romeinse vertrouensman in Palestina, en verkry ook die opsig oor die tempel in Jerusalem en die bewaking van die ampskleed van die hoëpriester. Dit is in hierdie hoedanigheid en ook omdat hy die swaer van Felix was, dat goewerneur Festus hom uitgenooi het om deel te hê aan die verhoor van Paulus (Hand. 25:13 - 26:32). Wanneer hy verklaar dat Paulus losgelaat kon gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie (Hand. 26:32), dra hierdie uitspraak dus besondere gesag.

Tydens die Joodse opstand teen Rome (66 - 70) het Agrippa II ten spyte van moeilike omstandighede die vertroue van Vespasianus en Titus behou, en gevolglik bly hy as koning gehandhaaf tot ongeveer 94.

Met die dood van Agrippa II kom die regeringshuis van Herodes tot 'n einde.

### *(d) Die prokuratore*

Reeds onder (c) het ons verwys na die verandering van regeringsvorm nadat keiser Augustus aan die regering van Archeláüs 'n end gemaak het (6 n.C.). Judéa en Samaria is van toe af onder regstreekse beheer van Rome geplaas, met 'n prokurator of goewerneur as gesagvoerder. Hy was aan die keiser rekenskap verskuldig en kon by pligsversuim of blyke van onbevoegdheid tot verantwoording geroep word. Daarom het die prokuratore gewoonlik met 'n ystervuis, en tog ook met regverdigheid hulle ampspligte uitgeoefen, maar sonder veel begrip vir of simpatie met die Joodse volk.

Pontius Pilatus (26 - 36) is die bekendste onder die prokuratore omdat die verhoor van Jesus Christus voor hom plaasgevind het Omtrent hom vind ons iets te lees by die Joodse skrywers Josefus en Filo. Laasgenoemde haal 'n brief aan wat Herodes Agrippa I aan sy weldoener, keiser Caligula, sou geskryf het. Daarin word Pilatus beskryf as 'n man "onbuigsaam van karakter en onverbiddelik hard" en word hy beskuldig van "omkoopbaarheid, gewelddade, rowery, mishandelinge, kwaadwilligheid, tallose teregstellings en verskriklike, matelose wreedheid." Dit is moontlik dat hierdie tekening van Pilatus oordrewe swart is. Die feit bly egter staan dat hy, net soos ander goewerneur, volkome onbekend was met die land en volk waaroor hulle aangestel is om te regeer; en as tipiese Romeinse gesagvoerder van daardie tyd wil hy die meeste vraagstukke deur die gebruik van geweld oplos. Pilatus het van keiser Tibérius 'n uiters moeilike opdrag ontvang toe hy na Judéa en Galiléa gestuur is. Hy moes rus en orde bewaar onder twee volke, Jode en Samaritane, wat onderling vyandig was, wat

bowendien besiel was met 'n uitsonderlike vryheidsdrang en met fanatieke trou verbonde was aan 'n godsdiens wat vir die Romeine vreemd en onbegryplik was.
Dat Pilatus in so 'n situasie ernstige foute sou begaan, is begryplik. Josefus vertel van drie sulke gevalle. Die eerste vind plaas kort nadat Pilatus sy amp aanvaar het Soos wat elders in die Romeinse Ryk gebruiklik is, het hy beveel dat sy leërafdeling met ontplooide baniere, waarop die beeld van die keiser voorkom, Jerusalem moes binne-marsjeer. Toe die Jode hiervan hoor, het hulle in verset gekom teen wat hulle as 'n gruwel van afgodery beskou het. Hulle het na Pilatus se paleis in Caesaréa opgetrek om protes aan te teken. Hy dreig om sy soldate op hulle los te laat. Toe die Jode verklaar dat hulle bereid was om te sterf vir hul godsdienstige oortuiging, het Pilatus toegegee. Hy kon immers nie sy ampstyd met 'n bloedbad begin nie.
Die tweede gebeurtenis hang saam met 'n waterleiding wat Pilatus van die suidekant af na Jerusalem laat bou het. Om die koste te dek, het hy van die tempelskatte gebruik. Toe hy op besoek na Jerusalem kom, het die Jode woedend teen hom betoog. Pilatus het sy soldate, in gewone klere en met knuppels gewapen, onder die skare laat beweeg. Op 'n gegewens teken het hulle die skare uitmekaar geslaan en 'n aansienlike getal gedood.
Die derde insident vind in Samaria plaas. Die Samaritane het 'n godsdienstige saamtrek by die berg Gerisim gehou. Aangesien hulle wapens saamgeneem het, het Pilatus gemeen dat dit die voorbereiding was vir 'n opstand. Hy oorval hulle daar met sy leër, en dié wat nie gevlug het nie, is genadeloos neergevel. Klagtes oor hierdie optrede het daartoe gelei dat Pilatus na Rome ontbied is om aan die keiser rekenskap te kom gee. Voordat hy daar aankom, het keiser Tibérius gesterf. Volgens die kerkvader Eusebius het Pilatus deur selfmoord sy lewe beëindig.
In Luk. 13:1 word melding gemaak van "die Galiléërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het."
Aangaande hierdie bloedbad beskik ons oor geen nadere gegewens nie. Die feit dat die Romeinse soldate die tempel binnegedring het waar geen heiden toegelaat word nie, dui op 'n noodtoestand. Blykbaar het daar 'n oproer ontstaan en het die soldate wat in die burg Antonia ingekwartier was, ingegryp. Soos ons Pilatus uit die beskrywing van Josefus leer ken, sou hy vir so 'n daad nie teruggedeins het nie.
Uit die beskrywing van die verhoor van Jesus voor Pilatus leer ons hom ken as 'n regter wat besondere juridiese bekwaamheid besit. Hy weet hoe om die moeilike situasie wat deur die Jode vir hom geskep word, te hanteer. Hy handel ook saaklik met sy ondersoek en kom tot 'n bevinding waarvan hy nie afwyk nie: "Ek vind geen skuld in hierdie man nie" (Luk. 23:4). Sy swakheid lê egter daarin dat hy nie volgens sy bevinding handel nie. Vir hom is die behoud van 'n onskuldige lewe van minder belang as die herstel van rus onder die volk en die behoud van die betiteling "vriend van die keiser."
Dat Pilatus 'n bekwame regter was, is van groot betekenis. Jesus het nie verskyn voor 'n roekelose wreedaard wat reg en geregtigheid gewetenloos verkrag nie, maar voor 'n man wat 'n suiwere juridiese oordeel kon vorm hoewel hy onderhewig was aan swakhede van karakter. Die verhoor voor Pilatus bevestig dat dit in volle verantwoordelikheid en bewustheid was dat die Joodse Raad die Messias, en die wêreldlike regter die Onskuldige veroordeel het tot die dood aan die kruis.
Antonius Felix (52 tot ongeveer 60) is die volgende prokurator wat uit die Nuwe Testament aan ons bekend is. Die Joodse geskiedskrywer Josefus en die Romeinse geskiedskrywer Tacitus vertel heelwat omtrent Felix. Hy en sy broer Pallas was vrygelate slawe. Pallas word 'n invloedryke raadgewer van keiser Claudius en later van Nero. Op grond van 'n versoek van Joodse kant stel Claudius Felix aan as goewerneur.
Kort na sy aankoms in Judéa ontmoet hy Drusílla, die dogter van Agrippa I. Met die hulp van 'n towenaar rokkel hy haar af van haar wettige man, en trou hy met haar. Hieroor neem die Jode aanstoot. Buitendien was dit vir 'n Jodin (Drusílla stam af van Herodes die Grote se vrou, Mariamne I, 'n Hasmoneër) nie geoorloof om met 'n heiden te trou nie.
Die geskiedskrywers vertel dat Felix baie hoofbrekings met die Jode gehad het en dat hy hom skuldig gemaak het aan geweldpleging, bloedvergieting, omkopery en betaalde moord. Die opmerking in Hand. 24:26 dat hy van Paulus omkoopgeld verwag het, is hiermee in ooreenstemming. Tacitus, wat hom verkleineer omdat hy 'n vrygelate slaaf was, sê: "Antonius Felix het in alle wreedheid en willekeur sy hoë bestuursfunksie uitgeoefen met die mentaliteit van 'n slaaf."
Sy regeringstyd is gekenmerk deur onrus, opstand en onderlinge stryd op politieke sowel as

godsdienstige terrein. Felix weet blykbaar nie hoe om 'n oplossing te vind vir die stryd van die Joodse leiers teen Paulus nie (Hand. 21 e.v.). Hy is tussen twee oorwegings gedronge: aan die een kant moet hy Paulus as Romeinse burger beskerm; aan die ander kant moet hy rekening hou met die Joodse Raad. Persoonlike voordeel in die vorm van omkoopgeld sou die deurslag gee, maar die partye maak geen aanbod nie. Wanneer Felix in ongeveer 60 deur Nero teruggeroep word van sy pos, laat hy Paulus in die gevangenis.

Porcius Festus (ca. 60 - 62) word deur keiser Nero aangewys as opvolger van Felix. Hy was blykbaar 'n meer gematigde man, maar het nietemin met 'n harde hand die onrus in die land onderdruk. In die behandeling van die klag teen Paulus tree hy met billikheid op en weier hy om die apostel aan die Jode uit te lewer. Saam met Agrippa II is hy oortuig van Paulus se onskuld, en tog was hy nie selfstandig genoeg om volgens hierdie oortuiging te handel nie. Sy regering word beëindig met sy dood in 62.

Vir sestig jaar (6 - 66), met die kort onderbreking toe Agrippa I koning was (41 - 44), het Judéa onder die heerskappy van prokuratore gestaan. Hierdie manne was Romeine wat bekwaam was maar geen kennis van die Jode en hulle land gehad het nie. Daarom is dit voor die hand dat hulle soms taktloos sou optree, en soms ernstige foute sou begaan met die gevolg dat die verbittering van die Jode teen die Romeine steeds toegeneem het. Dit het alles meegewerk om die smeulende vulkaan tot uitbarsting te laat kom. In 66 breek die Joodse oorlog uit. Dit loop uit op die verwoesting van Jerusalem en die sloping van die tempel deur die veldheer Titus in die jaar 70. En daarmee is die woord van Jesus vervul: "Sien jy hierdie groot geboue? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie!" (Mark. 13:2).

## § 4 Die Joodse volkslewe

Die Joodse volkslewe het in die Nuwe-Testamentiese tyd geen eenheid vertoon nie. Daar was 'n verskeidenheid verdelende faktore. Op algemeen kulturele gebied het die standpunt teenoor die Hellenisme verdeeldheid gebring; op politieke gebied was dit die standpunt teenoor die Romeinse oorheerser; op godsdienstige gebied was dit die vertolking van die Wet, en ten dele ook die Messiasverwagting wat verdeeldheid gebring het. Al die skakeringe is feitlik oral aanwesig en kan moeilik uitmekaar gehou word. Ons dui net die hoofsake aan.

### *(a) In Palestina*

In die volkslewe kom die volgende groepe of partye voor: die Fariseërs en die Sadduseërs, die Selote en die Herodiane, en voorts die Esséners. Die eerste twee speel die hoofrol op godsdienstige gebied; die volgende twee beweeg op die politieke terrein; en die laasgenoemde groep verkies om hulle aan die wêreld te onttrek.

Die *Sadduseërs* is waarskynlik die oudste onder die partye, hoewel die ontstaan van geeneen presies bekend is nie. Die naam word verbind met 'n sekere Sadok wat ongeveer 300 v.C. geleef het. Ander voer dit terug tot die hoëpriester Sadok uit die tyd van Dawid, wat o.a. Salomo as koning gesalf het (1 Kon. 1:32-45). Dit was ook by uitnemendheid 'n priesterparty. In die vroeë tyd het die Sadduseërs omgesien na die staatkundige sowel as die godsdienstige belange van die volk, hoewel hulle simpatiek gestaan het teenoor die stroom van vergrieksing wat al sterker op die grense van die Joodse volkslewe begin aanspoel het In die Makkabeër-tyd staan hulle op die agtergrond, maar hulle geniet tog die vertroue van die latere verteenwoordigers van die Makkabeërs. In die tyd van Jesus het die Sadduseërs nie baie invloed op die volkslewe uitgeoefen nie. Hulle het ontwikkel tot 'n party van priester-adel, met die hoëpriester as leier, en hulle verhef bo ander partye en bo die volk. In die Joodse Raad, die Sánhedrin, het hulle oor die meerderheid beskik, en was dus 'n party waarmee rekening gehou moes word.

Hoewel die Sadduseërs daarna gestreef het om die Wet te gehoorsaam, het hulle nie meegedoen aan die haarklowery van die Fariseërs of aan hulle eerbiediging van die tradisie nie. Onder invloed van die Hellenisme was die Sadduseërs erg rasionalisties ingestel en ruim van lewensbeskouing. Aan die bestaan van engele en geeste en die opstanding van die liggaam het hulle nie geglo nie (Hand. 23:8). Aangesien daar volgens hulle beskouing geen lewe na hierdie lewe is nie, vestig hulle die aandag op die lewe hier in die tyd. Hulle word skepties, wêreldgesind, gesteld op uiterlike dinge en minder gesteld op godsdienstige en staatkundige aangeleenthede. Aan die een kant glo hulle aan 'n soort fatalisme, en aan die ander kant aan die mens se vryheid om te doen wat hy wil. Onder hulle was daar bekwame skrifgeleerdes, maar hulle hou hulle met die wet van Moses besig en nie met die profete nie. In hierdie dinge staan hulle teenoor die Fariseërs, tog werk hulle heelhartig saam in die

optrede teen Jesus. Die hoëpriesters Annas en Kájafas was lede van hierdie party, en met hulle meerderheid in die Sánhedrin eis hulle van die Romeinse goewerneur die dood van Jesus.
Die *Fariseërs* ontleen hul naam aan 'n woord wat beteken: afgesonder, afgeskei. Hierdie party het kort voor die tyd van die Makkabeërs ontstaan. Dit begin as 'n beweging wat hom ten doel stel om die Joodse godsdiens, taal en volkseie te beskerm teen die inwerking van die Hellenisme. Daarom lê hulle nadruk op die heilige Geskrifte, veral die wet van Moses, en op die oorgelewerde uitleg van die wet en die godsdienstige gebruike van die volk. Hulle handhaaf die Joodse taal teenoor die koinê-grieks wat algemene spreektaal geword het. Aan die Makkabeërs gee hulle volle steun in die vryheidstryd. Latere teenslae in die stryd teen die Romeinse veroweraar het daartoe gelei dat hulle die leer van die beskikkinge van God verkondig. Daaraan moet die mens hom onderwerp totdat dit God behaag om anders te beskik. Die Romeinse oorheersing was so 'n beskikking van God, eintlik 'n roede van God. Die Jode kon wel in hulle hart verset koester teen die vyand van die volk, maar hulle moet die hand terughou van geweld en geduldig afwag totdat dit God behaag om die roede weg te neem. Daarom het die Fariseërs in die dae van Jesus geen aktiewe aandeel gehad in die verset teen die Romeine nie.
Wat hulle leerstellinge betref, het hulle in die lewe na die dood geglo en daarom nadruk gelê op die voorbereiding vir daardie lewe. Deur onderhouding van die wet en die gebooie kon iemand die geregtigheid verkry en voor die regterstoel van God vrygespreek word. Die doen van goeie werke was 'n bewys van vroomheid, en sou hierna met die ewige lewe beloon word. Hierdie beskouing gee aanleiding tot 'n reglementering van die leefwyse tot in die kleinste besonderhede. Dit gaan om die uiterlike wetsonderhouding, maar die hart was dood. Juis daarom het Jesus teen die Fariseërs so sterk in verset gekom. Deur hulle spitsvondige wetsvertolking het hulle die wet self kragteloos gemaak (Mark. 7:9), en die koninkryk van die hemele vir die mense toegesluit (Matt. 23:13). Die verdienstelikheid deur wetsonderhouding lei tot selfverheffing en huigelary wat deur Jesus skerp bestraf word (Matt 23). Hulle verdienste was dat hulle die volk probeer bind het aan die wet van God en hulle teen vreemde invloede uit die Hellenistiese wêreld verset het. Ook het hulle uitgesien na die koms van die Messias en gemeen dat as die volk maar net vir een dag die wet sou onderhou, die Messias sy verskyning sou maak. Die manier waarop hulle die wet vertolk en dikwels ontwyk het, maak die onderhouding van die hoofgebod, die liefde tot God en die naaste, onmoontlik. Daarom tree Jesus met bytende sarkasme teen hulle op ten einde hulle wakker te skud uit hulle selfversekerdheid en geveinsdheid. Hy wou hulle bevry van die najaag van die eer van mense sodat hulle kon leef tot die eer van God. Na die verwoesting van Jerusalem in die jaar 70 was die Fariseërparty die enigste wat bly voortbestaan het.
Die *Selote* was 'n politieke groep wat sy sterkste steun in Galiléa gehad het Wanneer die party ontstaan het, is onseker. Die eerste keer dat hulle onder die aandag kom, is toe hulle onder leiding van Judas die Galiléër teen die Romeine in opstand gekom het om 'n sensus wat in 6 n.C. gehou is, te probeer teenstaan (vgl. Hand. 5:37). Hulle spoor voortdurend aan tot verset teen die oorheerser en is bereid om hulle lewe te waag in die vryheidstryd. Die naam "seloot” beteken "yweraar." Die Aramese vorm word weergegee met "kananites." Simon Kananites wat in Matt. 10:4 onder die twaalf dissipels voorkom, is dus dieselfde as Simon die Yweraar (of Selotes) in Luk. 6:15.
Die Selote se Joods-nasionale besef het meegebring dat hulle nie net teen Romeine die stryd aangesê het nie, maar ook met geweldpleging en sluipmoord opgetree het teen volksgenote wat te Romeins-vriendelik geword het. Saam met die *sicarii*, d.w.s. die draers van 'n dolk (Latyn: sicasica), het hulle in die dae van goewerneur Felix 'n skrikbewind in die land gevoer. In die Joodse oorlog was hulle op die voorpunt in die stryd.
Ook uit hulle geledere het Jesus dissipels gekies. Simon die Yweraar is reeds genoem. Sommige meen dat Petrus wat 'n swaard by hom gehad het (Joh. 18:10) ook 'n Seloot was, en dat Judas Iskariot moontlik een van die sicarri was. Hieromtrent bestaan egter geen sekerheid nie.
Die *Herodiane*, 'n politieke party wat Herodes Antipas ondersteun het en Romeinsgesind was, het die stryd aangesê teen almal wat vir bevryding van die Romeinse juk geywer het. Hulle is dus ook geen vriende van die Fariseërs nie. Herodes se optrede teen Johannes die Doper (Matt. 14:3 e.v.) en teen Jesus (Luk. 13:31 e.v.) het stellig by hulle byval vind. Omdat hulle Jesus aansien as 'n moontlike aanspraakmaker op die troon van Herodes span hulle saam met die Fariseërs om planne teen Hom te smee (Mark. 3:6 vgl. 8:15), en stel die twee partye saam die

belastingvraag aan Jesus ten einde sy lojaliteit aan keiser Tibérius te toets (Matt 22:15 e.v.). In hoever hulle 'n aandeel gehad het in die gevangeneming van Jesus word in die Evangelies nie vermeld nie.

Die *Esséners* (= vromes) word in die Bybel nie genoem nie, maar uit die geskrifte van Josefus en ander bronne is heelwat van hulle bekend. Hulle vorm 'n klein afgesonderde groep onder die aansienlike getal vromes onder die volk (die sgn. *Chasidim*). Uit protes teen die misbruike van die priesters en die verwording van die tempeldiens verbreek hulle alle bande met Jerusalem en vorm geslote gemeenskappe wat hulle in afgeleë "kloosters" vestig, veral in die omgewing van Engedi in die nabyheid van die Dooie See. Hulle asketiese leefwyse word deur strenge reëls bepaal. Reinigingswassinge in lopende water, gemeenskaplike maaltye en godsdienstige handelinge word voorgeskryf vir elkeen wat volgens 'n vasgestelde prosedure ingelyf is. Hulle neem geen deel aan die volkslewe nie, maar wag op die dag wanneer hulle na Jerusalem sal kan optrek om die tempel en die tempeldiens te herstel ooreenkomstig die voorskrif van Eseg. 40-80. Sommige geleerdes meen dat die Qumran-gemeenskap aan wie ons die Dooie Seerolle te danke het, Esséners was. Hoewel daar opvallende ooreenkomste aangewys kan word, is die afdoende bewys hiervan nog nie gelewer nie. Ook bestaan die vermoede dat Johannes die Doper tot die Esséners behoort het, maar dit kan eweneens nie bewys word nie. Van groot belang is die feit dat die Esséners van 'n heilige ontevredenheid met die godsdienstige toestande onder die Jode getuig, en uiting gee aan die verlange na die koms van Iemand wat die volk sou teruglei tot die ware vrese van die Here.

Onder al hierdie partye was daar nog 'n aansienlike aantal mense wat aangedui is as die *Chasidim*. Hulle is die "stilles in die land" (Ps. 35:20) of ook die "gunsgenote van die Here" (Ps. 4:4; 30:5 e.a.), d.w.s. die egte vromes wat in eenvoudigheid en opregtheid daarna gestreef het om die Here te dien, en wat verlangend uitgesien het na die koms van die Messias. Die Fariseërs, die Esséners en die Qumran-gemeenskap het almal hul wortels in die bodem van die Chasidim. En binne hierdie kring het Jesus as kind opgegroei - die kring waartoe Josef en Maria behoort het en Sagaría en Elisabet, Simon en Anna en baie ander.

### (*b*) *In die verstrooiing*

Die diaspora (= verstrooiing) van die Jode kom reeds baie vroeg in hulle geskiedenis voor, gedwonge sowel as vrywillige. Die gedwonge verstrooiing is 'n straf van God wat die volk tref weens sy godsdienstige en sedelike afdwalinge (Lev. 26-33; Deut. 4:27; 30:3; Jer. 17:1-4). Deur die ballingskap kom hierdie oordeel van God op die hele volk neer, sodat tien stamme nie weer na hulle land terugkeer nie en ook nie verder in die geskiedenis vermeld word nie. By die verwoesting van Jerusalem deur die Romeine in 70 n.C. word die Jode weer eens verjaag om voortaan vaderlandloos deur die wêreld te swerf.

Die vrywillige verstrooiing is van direkte betekenis vir die Nuwe-Testamentiese tyd. Van oudsher het Israelitiese handelaars reise na vreemde lande onderneem (vgl 1 Kon. 10:28), en mettertyd het Joodse nedersettings in die vernaamste stede ontstaan. Na die verowering van Alexander die Grote, toe dit een wêreld en een taal en burgerskap geword het, het die handel opgebloei, en neem die Jode aktief daaraan deel. Hulle trek uit na die belangrikste handelsentrums om hulle daar te vestig. In Egipte het die Joodse nedersetting in Elephantine wat tydens die ballingskap ontstaan het (vgl. DEEL I §464), sy aantrekkingskrag verloor, maar in die handelstad Alexandrië ontstaan 'n Joodse kolonie wat 'n eie stadsdeel bewoon het. Ook in Klein-Asië, Griekeland, Italië en op verskillende eilande ontstaan Joodse gemeenskappe. Die Griekse skrywer Strabo verklaar (ongeveer 18 v.C.) dat die Jode oor die hele wêreld versprei is. Dit word bevestig deur die berig in Hand. 2:9-11.

Die diaspora-Jode het hulle volkome oopgestel vir die Hellenistiese kultuur. Hulle het die Griekse spreektaal aanvaar en hulle hy die Hellenistiese leefwyse aangepas. In Alexandrië het die Griekse vertaling van die Ou Testament, bekend as die Septuaginta (= LXX) ontstaan en die Bybel van die Diaspora geword. 'n Eie organisasie het in die gemeenskappe ontstaan met die sinagoge as middelpunt. Aangesien hulle nie meer by die tempel in Jerusalem kon kom vir die godsdienstige samekomste nie, het die sinagoge 'n groot rol gespeel in die lewe van die verstrooides. Van die Romeinse owerheid het hulle dit verkry dat die Joodse godsdiens erken is as 'n gewettigde godsdiens (*religio licita*) in die Ryk. Hulle het volkome godsdiensvryheid geniet en bowendien sekere ander voorregte verkry. Hulle kan 'n plaaslike Sánhedrin vorm om onderling regspraak te doen en die belange van die Joodse gemeenskap te behartig. Verder het hulle twee uitsonderlike toegewings verkry, naamlik, dat die Jode vrygestel is van krygsdiens en van die keiser-aanbidding.

Die enigste band met Jerusalem was dat die verstrooides ten minste eenmaal in 'n leeftyd 'n bedevaart daarheen onderneem het, gewoonlik vir 'n Paasfees. Voorts het hulle tempelbelasting betaal, en het die Sánhedrin in Jerusalem die bevoegdheid gehad om visitatore uit te stuur om ondersoek in te stel na die stand van die godsdiens onder die verstrooides. Die val van Jerusalem in 70 n.C het aan hierdie toedrag 'n einde gemaak, maar origens geen noemenswaardige uitwerking op die voortbestaan van die diaspora-gemeenskappe gehad nie.

Vir die voortgang van die evangelie was die verstrooiing 'n belangrike hulpmiddel of brug. Hierdie gemeenskappe was soveel punte van kontak met die heidendom. Deur die aanvaarding van die Hellenisme het daar 'n lewendige wisselwerking ontstaan tussen die diaspora-Jode en hulle omgewing. Belangstelling is gewek vir die geskiedenis, godsdiens en gedagtewêreld van die Jood. In die sinagoge kom die Jood tot die besef dat hy 'n sendingroeping het, en hy begin van die heidene oorhaal om die Joodse godsdiens te aanvaar. Daarom is daar by die byeenkomste in die sinagoge gewoonlik 'n hele aantal "godvresendes (bv. Hand. 17:4) wat onderweg is om proseliete te word. Op hierdie wyse is die weg voorberei vir die evangelie. In die sinagoge vind Paulus telkens 'n ope deur na die heidene (bv. Hand. 13:14 e.v., en v. 42-43).

### *(c) Hoofmomente in die godsdienstige lewe*

Ten spyte van die verskeidenheid van partye en groepe in die Joodse volkslewe was daar 'n diepe eenheid, gewortel in die godsdiens van die vaders. Die lewe van die volk is in al sy geledinge godsdienstig ingestel. Die heidense volke rondom Israel het ook hulle godsdienste gehad, maar nêrens is die hele lewe van 'n volk tot so 'n mate deur sy godsdiens bepaal as wat dit die geval by die Jode was nie. Daar was wel jammerlike godsdienstige verval, maar in die algemeen het die Jode hulle onderskei as die volk wie se gedrag op elke lewensterrein deur sy godsdiens bepaal is.

Anders as by die volke rondom hulle is die godsdienstige lewe van die Jode gefundeer op sy Heilige Geskrifte. In die tyd van Jesus se omwandeling het al die Boeke van die Ou Testament reeds as 'n versameling bestaan. Vir die diaspora-Jode is dit in Grieks vertaal en bekend as die Septuaginta (= LXX). Die Aramees-sprekende Jode in Palestina kon wel die Hebreeus nie meer so goed lees en verstaan nie, en daarom ontstaan die gebruik in die sinagoge om by die voorlees van die Skrif 'n vrye vertaling of parafrase in Aramees aan te bied. Op dié wyse ontstaan die sogenaamde Targums.

Die Heilige Geskrifte of Ou Testament, soos ons dit noem (die benaming is ontleen aan 2 Kor. 3:14), het drie groepe van geskrifte bevat: die Tora (= Wet = Pentateug,) die Nebi'im (= Profete) en die Ketoebim (= Geskrifte). Die Tora is die Boeke van Moses, waarin die wet van God opgeteken en verklaar is, en ook die vroeë geskiedenis van Israel. Die "Profete" omvat die vroeëre profete waartoe gereken word Josua, Rigters, Samuel en Konings, sowel as die latere profete: Jesaja, Jeremia. Eségiël en die twaalf kleiner profete. Die "Geskrifte" is 'n versameling waartoe behoort: Psalms, Spreuke, Job, Hooglied, Rut, Klaagliedere, Prediker, Ester, Daniël, Esra-Nehemia, en Kronieke. Die nadruk val op die Tora, maar in al die geskrifte vind die vrome Jood sy eie volksgeskiedenis wat tegelyk ook die geskiedenis is van die openbaringshandelinge van God. Daarin maak Hy bekend wat Hy van sy volk verlang onder die verbond wat Hy met die voorvaders gesluit het; hoedanig hulle die daaglikse lewe moet voer, en welke beloftes Hy aan hulle toesê met die oog op die toekoms. Daarom is die lewe van die Jood ook na twee rigtings bepaal: na die verlede om die welbehae van God uit die geskiedenis te leer ken, en na die toekoms met die uitsig op die vervulling van die beloftes van die Here.

Onderrig in die Heilige Geskrifte begin in die ouerhuis. Al het min mense in daardie dae 'n kopie van die heilige Boeke besit, het elke huisvader sy kinders onderrig in die Wet en die Profete, soos hy dit van sy vader en van die plaaslike skrifgeleerde geleer het. Die huisgesin leer in die diepe besef dat hulle saamgesnoer is as deel van die verbondsvolk. Hierdie besef word versterk deur die seremonie van die besnydenis wat op elke seuntjie toegepas word op sy agste lewensdag. Wanneer die gesin nie vir 'n feesgeleentheid na Jerusalem kan opgaan nie, word die fees tuis gevier. By die herdenking van die Paasfees tree die huisvader dan op as voorganger. Die oudste seun stel die gebruiklike vraag na die betekenis van die fees, en die vader vertel die geskiedenis van die bevryding uit die slawediens in Egipte. Voorts is daar die daaglikse gebede en lofuitsprake, die inagneming van die reinheidsvoorskrifte, die strenge onderwerping aan die sabbatsvoorskrifte. Dit alles vorm die huisgesin tot 'n klein godsdienstige eenheid binne die volksverband. In so 'n ouerhuis groei Jesus op.

Naas die ouerhuis vind ons die skool. In verband met die Wet bepaal Deut. 6:7: "Jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op die pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." Om voort te bou op die grondslag wat die ouers in gehoorsaamheid aan hierdie voorskrif gedoen het, was daar in die meeste klein dorpies en in die stede 'n skool waar die skrifgeleerde of wetgeleerde onderrig in die Skrifte gegee het. Hierdie manne het hulle ywerig daarop toegelê om die Tora en die oorgelewerde uitleg daarvan by die jeug in te prent sodat hulle dit uit die hoof kon leer ken. Hy het ook in die verskeidenheid van situasies wat in die daaglikse lewe voorgekom het, uitspraak gedoen oor wat geoorloof is, en wat nie geoorloof is nie, volgens die Wet en die uitleg van die "ou mense." Op hierdie wyse het die skrifgeleerde groot invloed op sy omgewing uitgeoefen, en wel ten goede deurdat hy die leefwyse gebind het aan die Skrifte, maar ook ten kwade deurdat hy 'n soort skrifverklaring beoefen het wat niks anders was nie as 'n spitsvondige letterknegtery.

Die skrifgeleerdes was in die reël verbonde aan die plaaslike sinagoge (= byeenkoms, vergadering). Die ontstaan van die sinagoge is nie bekend nie. In die tyd van Jesus was daar egter 'n sinagoge, d.w.s. 'n gebou waar die getroue Jode vir godsdienstige handelinge saamgekom het, in sowat elke klein dorp in Palestina en in die meeste stede van die Romeinse Ryk. Selfs in Jerusalem was daar 'n menigte sinagoges. Gewoonlik was dit 'n betreklik beskeie gebou waarin daar 'n vergaderruimte was. Op die Sabbat het die vromes daar vergader om die voorlesing uit die Wet en die Profete aan te hoor, en ook die uitleg van die Wet deur die voorganger. Die raad van die sinagoge het sy owerste of voorsitter gehad wat vir alle reëlings verantwoordelik was. Hierdie raad het ook opsig gehou oor die hele gemeenskap en binne perke regspraak gedoen.

Die sinagoge is 'n beskeie plaaslike weergawe van die tempel in Jerusalem. Die tempel vorm die eintlike middelpunt van die Joodse godsdienstige lewe. In breë trekke is dit gebou volgens die model van die tabernakel wat as tent-heiligdom die swerwende Israel in die woestyn gedien het. Destyds het die hele volk in die een tabernakel aanbid. Op dieselfde wyse is die tempel beskou as die woonplek van God waar die hele volk, ook diegene wat in die verstrooiing geleef het, moes aanbid. By feesgeleenthede trek hulle uit alle rigtings op na Jerusalem. Daar word die een of ander offer na die altaar gebring, die tempelbelasting word betaal, aalmoese in die skatkiste gestort, gesprekke gevoer in die pilaargange en die feesverrigtinge bygewoon. Aangesien diegene wat lang reise moes aflê, nie offerdiere kon saambring nie, is daar geleentheid by die tempel om die nodige te koop, of om geld te wissel vir die tempelbelasting. Handelaars en wisselaars neem die geleentheid te baat om die dienste te lewer teen winsgewende kommissie, sodat die voorhof van die tempel 'n handelshuis word. Van hierdie misbruik het Jesus by geleentheid die tempel gesuiwer (Matt. 21:12-17).

Hier word ook die bekwaamste skrifgeleerdes aangetref. Hulle bring hulle dae deur met die bestudering van die Tora en die oorgelewerde uitleg daarvan, en vergader in die sykamers van die tempelgebou om besprekings te hou oor allerlei spitsvondighede. Ander weer, soos die beroemde Gamaliël (Hand. 5:34-39; 22:3), tree op as hoogleraar om jong manne 'n grondige opleiding te gee in die kennis van die Wet en die Profete.

Onder die skrifgeleerdes was daar sowel Fariseërs as Sadduseërs. Hulle opvattinge het op verskeie punte so ingrypend uiteengeloop dat hulle dikwels tot openbare dispuut gekom het (soos aangedui in die voorgaande). Bowendien was daar twee uiteenlopende denkrigtings onder die skrifgeleerdes in Jerusalem. Daar was die rigting van Schammai. Hy het hom toegelê op 'n eng en streng vertolking van die Wet. Vir die heidene het hy geen tyd gehad nie en wou ook alle kontak met hulle vermy, terwyl hy deur sy toepassing van die voorskrifte van die wet geen toegeeflikheid geduld het nie. Hy was 'n Fariseër onder die Fariseërs. Daarteenoor het die rigting van Hillel gestaan. Hy het in Babilonië opgegroei en het die heidene leer beskou as voorwerp van sending. Sy agtergrond bring verder mee dat hy ruimer van opvatting was, en veel meer toegeeflik in sy eise van wetsonderhouding. Hy het bekend geword vir sy geduld en vriendelikheid, en sy bereidheid om gesprekke te voer met heidene wat begerig was om die Joodse godsdiens aan te neem. Hillel was die grootvader van Gamaliël, die leermeester van die jonge Saulus.

Aan die hoof van die tempeldiens het die hoëpriester gestaan, bygestaan deur die owerpriesters. Sedert sy instelling was die hoëpriesterskap 'n erflike amp. Van Aäron word dit oorgedra op sy oudste seun, dan weer op dié se oudste seun en so verder. In die tyd van die Makkabeërs is hiervan afgewyk toe een van hulle self hoëpriester geword het.

Onder die Romeine het dit 'n gewone aanstelling geword waarby die landsowerheid 'n mate

van seggenskap gehad het. Die hoëpriester was verplig om niks te doen wat die misnoeë van die goewerneur sou wek nie. Sy ampskleed is deur die Romeine in bewaring gehou, en hulle kon weier om dit aan hom beskikbaar te stel. Daarsonder kon hy sy ampspligte nie uitvoer nie, en sou gevolglik verplig wees om te bedank en plek te maak vir 'n opvolger na die sin van die Romeine. Tog het die hoëpriester die vryheid gehad om alle sake rakende die godsdiens van die volk te reël. In die tempel is hy bygestaan deur die owerpriesters, d.w.s. die hoofde van die belangrikste priesterfamilies. Daarnaas was daar 'n groot getal priesters wat volgens 'n bepaalde roetine die diensbeurte waargeneem het (vgl. Luk. 1:5, 8).

Sowel die pligte van die priesters as die godsdienstige handelinge is gereël volgens die voorskrifte wat God aan Moses gegee het (vgl. DEEL I, § 103). Daagliks moet daar op vaste tye gebede en lofprysinge uitgespreek word en die môre- en aandoffer gebring word. Die Sabbat was die hoogtepunt van die week. Die dag is geheilig volgens die gebod van God (Ex. 20:8-11; Deut. 5:12-15), maar met toevoeging van 'n menigte voorskrifte deur die skrifgeleerdes, veral deur die Fariseërs onder hulle. Op daardie dag moes daar volstrekte rus van die beroepsarbeid wees, en samekomste gehou word om die Here te dien. Die daaglikse brandoffer moes verdubbel word (Num. 28:9-10) en nuwe toonbrode in die heilige plek geplaas word (Lev. 24:8). Deur die Fariseërs is die gebod om te rus, so sterk benadruk dat ander gebooie o.a. die hoofgebod van liefde tot die naaste daardeur buite werking gestel is. Vandaar dat die Fariseërs herhaaldelik beswaar gemaak het teen Jesus se dade van ontferming op die Sabbat.

In die loop van die jaar moes 'n hele reeks godsdienstige feeste waargeneem word. Die Jode het hulle gehou by die maanjaar. Dit beteken dat die nuwe maan telkens die begin van 'n nuwe maand aandui. Op daardie dag word die fees van die nuwe maan gevier om die maand aan die Here te wy (Num. 10:10; 28:11-15). Aan die begin van die sewende maand word die fees van die nuwe maan meer luisterryk gevier as andersins (Lev. 23:23-25; Num. 29:1-6). Op die wyse word 'n besondere feesmaand ingelui. Op die tiende dag van daardie maand, die maand Tiri, word die groot Versoendag waargeneem, maar nie meer presies volgens die voorskrifte van Lev. 16; 23:27-32 nie. Dit het die karakter gekry van 'n groot vasdag waarop persoonlike boetedoening plaasvind vir die sondes van die afgelope jaar (= Kipurim, soos vandag nog gevier). Van die 17de tot die 22ste van die sewende maand vind die Huttefees plaas, soos bepaal in Lev. 23:34-43 en Deut. 16:13-15.

Die hoogtepunt van die jaar was egter die paasfees, waarvan die instelling beskryf word in Ex. 12:1-28; 13:3-10 o.a. Dit herinner aan die uittog uit Egipte en die beskerming van die eersgeborenes van Israel deur die bloed van die paaslam. By uitstek is dit 'n gesinsfees wat in die huiskamer plaasvind onder leiding van die huisvader. Tog was dit gebruiklik dat soveel van die volk as moontlik optrek na Jerusalem om die lam in die tempel te laat slag en dan in die heilige stad as families saam te kom vir die Paasmaal. By die veranderde omstandighede het sekere aanpassings plaasgevind, bv. die bloed is nie meer aan die deur van die huis gesprinkel nie en die maaltyd is nie met reisklere en in groot haas geëet nie. Die fees van die ongesuurde brode het direk op die Paasfees gevolg en sewe dae geduur. Mettertyd het hierdie twee feeste saamgesmelt tot een fees, sodat die dag waarop die paaslam geslag word, genoem is "die eerste dag van die ongesuurde brode" (Mark. 14:12). Vyftig dae na die Paasfees volg die fees van die werke, of Pinksterfees. Die Paasfees, vroeg in die lente, is ook die fees van die eerstelinge van die oes waarop die eersteling-gerf na die priester gebring moet word "en hy moet die gerf voor die aangesig van die Here beweeg, sodat julle welgevallig kan wees" (vgl. Lev. 23:10-14). Die Pinksterfees wat vyftig dae later volg, is die fees van die volle oes (Lev. 23:15-21; Deut. 16:9-12), waarop danksegging en offers gebring word vir die vrugbaarheid wat God geskenk het in die natuur.

Naas die genoemde hooffeeste was daar ook 'n paar minder belangrike feeste wat herinner het aan besondere momente in die geskiedenis van Israel. Die Purimfees (pur = lot) het sy ontstaan in die tyd van Ester toe die volk uit die hande van Haman gered is (Ester 9:10-32; vgl. DEEL I, § 451), en die rou verander is in 'n feesdag. Die fees van die tempelwyding of tempelvernuwing herinner aan die Makkabeër Judas se oorwinning oor die Siriërs onder Antiochus IV Epiphanes, en die nuwe heiliging en wyding van die tempel nadat dit 'n tyd lank gebruik is as 'n tempel van die heidense god Zeus (165 v.C., vgl. Joh. 10:22). Die fees word vandag nog in ag geneem onder die naam *Chanoekka* (= inwyding).

Dit was die verantwoordelikheid van die hoëpriester om toe te sien dat die voorgeskrewe godsdienstige handelinge daagliks en deur die jaar heen nougeset uitgevoer word. By die belangrike feesgeleenthede het hy self, gekleed in sy pragtige ampsgewaad (vgl. 1, § 103). die

leiding geneem. Sy pligte en magte het egter verder gestrek as die godsdienstige verrigtinge in die tempel. Hy was ook voorsitter van die Groot Raad of Sánhedrin (= afgelei van die Grieks: sunédrion = raad) wat bestaan het uit sewentig verteenwoordigers van die owerpriesters, die skrifgeleerdes en die oudstes, of ouderlinge, d.i. burgerlike owerheidspersone. Die lede was onderling verdeeld as Fariseërs en Sadduseërs, met laasgenoemdes, d.i. die party van die hoëpriester, in die meerderheid.

Die Sánhedrin het toesig gehou oor die godsdienstige lewe van die hele volk, sowel binne die Joodse land as daarbuite. Wanneer plaaslike rade in moeilike vraagstukke geen uitsluitsel kon gee nie, is die aangeleentheid na die Sánhedrin in Jerusalem verwys. Die uitspraak van die groot raad is ook aanvaar as die finale woord. In die Joodse volkslewe was die Sánhedrin die hoogste bestuurs- en regterlike instansie. Dit het as geregshof opgetree en sake van enige aard verhoor. Die Sánhedrin kon oorspronklik die doodstraf deur steniging toepas, maar onder Romeinse beheer is hierdie bevoegdheid ingeperk. Die Raad kon voortaan wel die doodstraf uitspreek, maar die Romeinse goewerneur moes eers die vonnis bekragtig voordat dit voltrek kon word. Daarom moes die Raad Jesus na Pontius Pilatus verwys. In die geval van Stéfanus egter was hulle so rasend van woede dat hulle die beperking van hulle bevoegdheid vergeet en die geesvervulde Messias-getuie gestenig het.

Onder die volk was daar 'n groot aantal vromes of stilles in die land wat in eenvoud en nederigheid die onderhouding van die wet nagestreef het. Hulle hoogste doelstelling is om die geregtigheid te verkry en daardeur verseker te wees van die welbehae van die Here. Met die oog daarop handhaaf hulle die besnydenis, eerbiedig hulle die wet sowel as die latere bepalings in verband met die sabbatsheiliging, hou hulle die feeste en bring getrou die voorgeskrewe offers. Bowendien word drie dinge nougeset beoefen: die gebed, die vaste en die liefdadigheid (vgl. Matt. 6:1-18).

By dit alles leef daar 'n sterke Messiasverwagting in die harte van die vromes. Volgens die belofte sou daar 'n koning opstaan uit die geslag van Dawid wat die koninkryk van Dawid sou herstel en Israel van al sy vyande sou bevry. Hierdie hoop het bly voortleef in die hart van die volk. In die verwagting was daar egter geen duidelike perspektief nie. Die koms van die Messias en die voleinding wanneer God gerig hou oor die volke, is as een gebeurtenis gesien. Dit sou die groot dag van die Here wees. Maar hierdie dag word vertraag. Intussen het daar van die geslag van Dawid so min oorgebly, en het die regeermag in ander hande gekom, sodat dit menslik onmoontlik gelyk het dat 'n koning uit die volk verwag sou kon word. Daarom verskuif die verwagting na Een wat in glorie op die wolke sou kom en: aan wie alle mag in die hemel en op die aarde gegee is (Dan. 7:13-14). Sy koms in heerlikheid sou 'n onverwagte ingryping van God wees, dit sou verskrikking bring maar vir die volk van God sou daar bevryding en verheerliking wees.

Die profeet Jesaja het wel nog 'n "derde" Messiasgestalte aangewys toe hy gespreek het van die Kneg van die Here wat geen gedaante of heerlikheid sou besit nie, "verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid" (Jes. 53). Met hierdie voorspelling het die Jode geen raad geweet nie. Hulle kon dit eenvoudig nie inpas in die verwagting van 'n Messiaskoning wat in heerlikheid sou kom nie.

Namate die Romeinse juk swaarder geword het, het die verlange na die Messias se koms sterker geword. Die volk wie se toekoms hopeloos voorgekom het, en wie se godsdiens 'n duisternis op die siel laat daal het, het uitgesien na die koms van die lig waarvan Jesaja gepraat het (Jes. 60:1 e.v.).

a)En "toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur ...... (Gal. 4:4).

### § 5 Die bronne vir ons kennis van Jesus

Jesus van Násaret het in die eerste dekades van ons christelike jaartelling geleef. Op 'n bepaalde tydstip 'n die geskiedenis het Hy opgetree. Daarom kan 'n mens verwag dat Hy genoem sal word in die geskiedbeskrywing van daardie tyd. Dit is ook daadwerklik die geval. Die Romeinse, Joodse en vroeg-christelike getuienis stem ooreen dat 'n Man met die naam Jesus, wat ook Christus genoem is, in die begin van die eerste eeu in Palestina geleef het, wonderdade verrig het en tereggestel is. Die buite-bybelse gegewens bestaan soms in enkele verwysings, maar dit is belangrik omdat dit die feit bevestig dat Jesus Christus in die geskiedenis opgetree, het.

#### a)(a) Romeinse getuienis

Enkele Romeinse geskiedskrywers, almal uit die eerste helfte van die tweede eeu, maak van Christus melding. Tacitus (Annale XV, 44) vertel dat die Christene beskuldig is van die brand

van Rome in die tyd van Nero (64 n.C.), en voeg dan by: "Christus, van wie hulle naam afkomstig is, is in die regeringstyd van Tibérius deur die goewerneur Pontius Pilatus tot die dood veroordeel." Suetonius (Lewe van Claudius XXV) meld dat keiser Claudius "die Jode uit Rome geban het, wat voortdurend oproer gemaak het op aanhitsing van Chrestus." Die skryfwyse "Chrestus" i.p.v. "Christus" is goed te verklaar uit 'n dialektiese spreekwyse van destyds. Dit is waarskynlik dat die voortdurende dispute tussen Christen-Jode en ander Jode soms tot opstootjies gelei het. Klaarblyklik het Suetonius foutief onder die indruk verkeer dat die opstootjies plaasgevind het op aanhitsing van Chrestus, 'n Jood in Rome.

Plinius die Jongere (Briewe X, 96- 97) was goewerneur van Bithinië in Klein-Asië. In 111 n.C. skryf hy aan keiser Trajanus om te vra hoedat hy teenoor die Christene moet optree, van wie daar lank reeds 'n aansienlike getal in Bithinië gevestig was. Hy meld dat hulle saamkom en "'n lied vir Christus sing soos vir 'n god."

Uit hierdie gegewens kom ons niks te wete omtrent Jesus se lewe en leer nie, maar wel dat Hy onder Pontius Pilatus (26 - 36 n.C.) in Jerusalem tereggestel is, en dat in Rome en Klein-Asië daar gemeenskappe was wat Hom as Christus (=gesalfde = Messias) vereer het.

**(b) J*oodse getuienis***

Joodse bronne meld iets meer aangaande Jesus as die Romeinse geskiedskrywers. Flavius Josefus, skrywer van die geskiedenis van die Jode in die eerste eeu, verwys twee maal na Jesus (Antiq. XX. 9.1 en XVIII.3.3).

In die eerste geval skryf hy van Jakobus, die leier van die kerk in Jerusalem, "die broer van Jesus wat die Christus genoem is." Dié kort verwysing bevestig dat Jesus werklik geleef het en dat Hy deur sy volgelinge aanvaar is as die Christus (= Messias) wat sou kom.

Die tweede sitaat van Josefus lui soos volg:

"Omtrent daardie tyd het Jesus geleef, 'n wyse man, indien dit geoorloof is om hom 'n man te noem. Want hy was 'n bewerker van wonderdade, 'n leraar van diegene wat die waarheid met blydskap ontvang het. Hy het baie van die Jode en baie van die heidene na hom toe getrek. Hy was die Messias; en toe Pilatus, op aandrang van ons leiers, hom tot die kruis veroordeel het, het diegene wat hom van die begin af liefgehad het, nie opgehou om dit te doen nie, want hy het op die derde dag weer lewendig aan hulle verskyn, soos die heilige profete hierdie dinge en tienduisend ander wonderlike dinge aangaande hom voorspel het. En die geslag van Christene, soos hulle na hom genoem is, bestaan tot vandag toe nog voort"

Hierdie sitaat, wat in ongeveer 95 n.C. geskryf is, wek sterk die indruk dat dit eerder deur 'n Christen as deur 'n Jood geskryf is. Aangesien in die eerste eeue dit Christene was wat die werk van afskrywers van die destydse boeke onderneem het, is dit goed denkbaar dat so 'n afskrywer vir Josefus dinge in die mond kon lê wat hy self nie geskryf het nie. Die mening bestaan gevolglik dat 'n hele aantal "christelike" invoegings in die sitaat voorkom. Maar selfs in daardie geval het ons tog nog te doen met 'n kern wat van Josefus afkomstig is, en waarin hy getuig dat Jesus 'n buitengewone man was en deur Pilatus gekruisig is.

In rabbynse geskrifte wat ná die val van Jerusalem (70 n.C.) ontstaan het, is daar meermale melding van Jesus. Dit geskied egter steeds in 'n gees van sterke afwysing. Sekere feite wat in ons Evangelies vermeld word, word direk weerlê, o.a. die maagdelike geboorte. Hoofsaak is egter dat bevestig word dat Jesus van Násaret werklik geleef het en onder Pilatus gekruisig is. Nadere historiese besonderhede word hier nie gevind nie.

**a)(c) Buite-kanoniese Christelike getuienis**

Met die woord "kanon" spreek die kerk 'n bepaalde oortuiging of belydenis uit ten opsigte van die Bybel. Daarmee verklaar die kerk dat hy deur die Heilige Gees tot die volle versekerheid gelei is dat die Bybel met sy ses-en-sestig Boeke (Ou Testament = 39; Nuwe Testament = 27; saam = 66) 'n afgeslote versameling goddelike Boeke is wat as volstrekte, gesaghebbende maatstaf dien vir die leer en die lewe. Niks mag tot hierdie getal Boeke bygevoeg word nie, en niks mag weggeneem word nie.

Die Boeke van die Nuwe Testament het in die eerste eeu ontstaan, maar van die begin van die tweede een af is daar ook ander geskrifte deur vrome kerkvaders, en later ook deur ketters, geskryf. Sommige van hierdie geskrifte het vir baie lank hoë aansien geniet en is ook by die erediens voorgelees. Ander is sonder meer as ketters erken en tersy gestel. Namate die kerk tot die oortuiging gelei is dat alleen ons sewe-en-twintig Boeke die kanon van die Nuwe Testament vorm, is die ander geskrifte wat op die bodem van die Christendom ontstaan het,

aangedui met die algemene benaming apokriewe (= bedekte, verborge geskrifte).
Omdat hierdie buite-kanoniese geskrifte baie vroeg binne die kerk tot stand gekom, het, of deur dwaalleraars teen die kerk gerig is, ontstaan die vraag of ons in hierdie bronne nie betroubare gegewens aangaande Jesus sal vind nie. Op hierdie vraag moet ons ontkennend antwoord.
Deur die argeologiese navorsing is 'n aansienlike hoeveelheid materiaal byeengebring wat in hierdie verband in oorweging geneem moet word. Dit bestaan in brokstukkies papiri, fragmente van groter geskrifte en ook volledige geskrifte. 'n Hele aantal word ook "evangelies" genoem.
By die erkende kerkvaders vind ons verwysings na Jesus, en die weergawe van enkele van sy uitsprake, maar net in vier gevalle word na 'n uitspraak van Jesus verwys wat nie in ons Evangelies voorkom nie. Dit lewer egter geen wesenlike nuwe gegewens aangaande Jesus nie.
Op papiri wat in Egipte gevind is, is ook 'n hele aantal "woorde van Jesus" ontdek. Hulle klink eg, maar om die egtheid te beoordeel, is ons aangewys op die Nuwe Testament as kanon, of maatstaf. By so 'n vergelyking is die bevinding nie volstrek oortuigend nie.
Teen 150 n.C. was daar verskeie apokriewe "evangelies" bekend, o.a. die *Evangelie van die Nasaréners*, die *Evangelie van die Ebioniete*, die *Evangelie van die Hebreërs*, die *Evangelie van die Egiptenare* en die *Evangelie van Petrus*. Van hulle is alleen gedeeltes bewaar gebly. Daarin vind ons so 'n vermenging van waarheid en onwaarheid dat ons die geringe gegewens van historiese aard liewer buite rekening laat. Buitendien word niks van belang vermeld wat ons nie in ons Evangelies vind nie.
In 1945 is by Nag-Hammadi in Egipte 'n opsienbarende ontdekking gemaak, wat egter eers in 1948 bekend geword het. 'n Versameling van minstens veertig christelike geskrifte in die Koptiese taal het aan die lig gekom. Die bekendste daarvan is die Evangelie van die Waarheid, die Evangelie van Filippus en die Evangelie van Thomas. Veral laasgenoemde geskrif het opspraak verwek omdat dit 'n versameling van ongeveer 113 spreuke bevat wat aan Jesus toegeskryf word. Aangesien hierdie geskrif sy oorsprong in die kring van die Gnostiese dwaalleraars van die tweede eeu het, moet die egtheid van sy "woorde van Jesus" sterk betwyfel word. Baie van die "woorde" is in hulle oorspronklike vorm in ons Evangelies opgeteken, sodat die Thomas-evangelie, net soos die ander apokriewe evangelies, vir ons geen nuwe lig bring nie. Trouens, al hierdie geskrifte bied sowat niks aangaande die lewe van Jesus nie, altans niks betroubaars nie. Hulle bevestig wel die historiese optrede van Jesus, maar vir die gesaghebbende gegewens aangaande sy lewe en leer is ons aangewys op die kanon: die Nuwe Testament self.

### *(d) Kanoniese getuienis*

Kom ons nou tot die Nuwe Testament, dan moet ons daarmee rekening hou dat dit 'n versameling van geskrifte is wat afsonderlik en oor 'n tydperk van sowat sestig jaar ontstaan het. Die Vier Evangelies waarin die geskiedenis van Jesus opgeteken staan, is nie die oudste geskrifte van die Nuwe Testament nie, maar wel die Briewe. Daarom sal ons die vroegste geskrewe getuienis aangaande Jesus juis in die Briewe kan soek. Wat vind ons daar?
Dit tref ons dadelik dat ons heel weinig besonderhede omtrent die lewe van Jesus in die Briewe vind. Paulus bied die meeste. Hy weet dat Jesus, die Seun van God, in die volheid van die tyd gestuur is en gebore is uit 'n vrou (Gal. 4:4), uit die geslag van Dawid (Rom. 1:3), en dat Hy deur die opstanding uit die dode met krag bewys is die Christus te wees (Rom. 1:4). Hy het in gehoorsaamheid aan die Vader die hemelse heerlikheid verlaat om in die gestalte van 'n dienskneg aan die mense gelyk te word en aan die kruis te sterf. Daarna het God Hom opgewek en verheerlik aan die regterhand van die Vader, waar Hy as Here alle dinge regeer (Fil. 2:5-11). Hy wat ryk was, het arm geword sodat ons die rykdom van die hemel kan beërf (2 Kor. 8:9). Paulus haal aan dat Jesus egskeiding verbied het (1 Kor. 7:10), en geleer het dat die prediker van die evangelie geregtig is op onderhoud (1 Kor. 9:14; vgl. Matt 10:10). Hy siteer ook 'n woord van Jesus wat uit die Evangelies nie aan ons bekend is nie: "Dit is saliger om te gee as om te ontvang" (Hand. 20:35). Afgesien van herhaalde verwysing na die kruisiging en opstanding, berig Paulus oor die instelling van die nagmaal in bewoording wat sowat letterlik ooreenkom met dié in die Evangelies (1 Kor. 11:23-25).
En hy herinner aan die verskyninge van die Here, waarvan die meeste uit die Evangelies bekend is (1 Kor. 15:3-8).
In die ander Briewe van die Nuwe Testament is daar net enkele verwysings, hoofsaaklik na die lyding en dood van Jesus (Hebr. 5:8; 9:11-28; 1 Pet. 1:19; 4:1). Ook word vermeld dat Hy

versoek is (Hebr. 2:18; 4:15), en op die berg verheerlik is (2 Pet.1:16-18).
Die oorweging van hierdie brokstukkies in die Briewe lei ons tot die insig dat die skrywers van die Briewe dit nie nodig gevind het om breedvoerig die geskiedenis van Jesus te beskryf nie. Die gemeentes was daarmee reeds bekend. Die wyse waarop Paulus die instelling van die nagmaal, en die verskyninge van die opgestane Here, as't ware uit die hoof opsê (vgl. die beginwoorde: "wat ek ontvang het, het ek aan julle oorgelewer" 1 Kor. 11:23; 15:2), dui op die bestaan van 'n mondelinge oorlewering. Deur die prediking van die apostels is die lewe en leer van Jesus aan die gemeentes bekend gemaak. Op daardie prediking is die kerk gegrondves. By die opbou van die kerk deur die Briewe was dit dus nie nodig vir die apostels om weer eens die besonderhede te herhaal nie. Hulle kon slegs verwys na dinge wat aan die gemeentes bekend was deur die prediking.
Mettertyd is die prediking in vaste vorme herhaal. Die woorde "ontvang" en "oorgelewer" wat Paulus gebruik, het betrekking op die oordra van die mondelinge vertelling. Onder die leiding van die Heilige Gees word hierdie getuienis aangaande Jesus later deur die skrywers van ons Evangelies opgeteken. So ontstaan die Vier Evangelies wat aan die kerk gegee is as die volledige en volstrek gesaghebbende bron vir ons kennis aangaande Jesus Christus.

**§ 6 Die Vier Evangelies**

Die vier Evangelies word van die vroegste tyd af genoem na die name van hul skrywers: Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes. Net soos hierdie vier manne in herkoms, karakter, temperament en godsdienstige ervaring verskil, so verskil ook hulle geskrifte. Hulle vertel die verhaal van dieselfde Persoon, Jesus van Násaret, maar elkeen doen dit op sy eie manier. Daarom stem die Evangelies vir 'n groot deel met mekaar ooreen, en tog is daar onderlinge verskille in die stof wat elkeen aanbied, die rangskikking van die stof, die wyse van aanbieding en in wat ons kan noem die godsdienstige stemming. In hierdie opsigte staan die eerste drie baie nader aan mekaar as aan Johannes. 'n Vroeë kerkvader, Clemens van Alexandrië, het al gepraat van die eerste drie as die vleeslike evangelies en Johannes as die geestelike evangelie. Daarmee wou hy aandui dat die eerste drie sterker die indruk skep dat hulle die geskiedenis van Jesus opteken terwyl Johannes die geestelike betekenis van daardie geskiedenis toelig. Wanneer ons die eerste drie naas mekaar plaas en vergelyk, val dit op dat hulle in 'n groot mate parallel loop, en dieselfde gebeurtenisse opteken, dikwels in dieselfde bewoording. Om hulle te bestudeer, moet 'n mens hulle dus saam onder die oog neem. Daarom word hulle genoem die sinoptiese Evangelies of die Sinoptici (= afgelei van die Grieks: sunoptein = om saam, met een oogopslag, te sien; gelyk te bekyk). Die saam-bekyk van die Sinoptici bring egter nie net die opvallende ooreenkomste aan die lig nie, maar ook net sulke opvallende verskille. 'n Groot deel van die inhoud is dieselfde, maar Matthéüs en Lukas bied heelwat stof aan wat nie by Markus voorkom nie, en verder is daar ook verskil tussen hierdie eie stof van Matthéüs en Lukas. As voorbeeld verwys ons na die woorde van Jesus by hierdie twee Evangelies. In vergelyking met hulle bied Markus betreklik weinig woorde van die Here aan; hy vertel hoofsaaklik van die gebeurtenisse. Matthéüs vertel dieselfde gebeurtenisse as Markus, maar wissel dit af met lang redevoeringe van Jesus, bv. die Bergrede (5-7), die uitsendingsrede (10), die bestraffing van die Fariseërs (23) en die rede oor die voleinding (24-25).

Lukas vertel eweneens hoofsaaklik dieselfde, gebeurtenisse as Markus, maar vleg die woorde van Jesus daar tussen deur; hy bied nie die Bergrede nie maar 'n Veldrede (6:17-49), en 'n groot verskeidenheid van gelykenisse. Net so is daar ook verskil in die begin van die Evangelies: Markus vertel nie die geboorte-geskiedenis van Jesus nie, maar Matthéüs en Lukas wel, en elkeen op sy eie manier.
Hierdie vergelykende studie stel ons voor die sg. *Sinoptiese vraagstuk*. Daarmee word bedoel die soek na 'n verklaring van die ooreenkoms en verskille in die Sinoptici. Hoe het die Evangelies tot stand gekom? Het al drie dieselfde mondelinge of geskrewe bron of bronne gebruik? Of het een Evangelie die eerste ontstaan en die ander toe daardie een as bron gebruik? En was daar 'n afsonderlike woordebron wat deur Matthéüs en Lukas gebruik is? Die vrae kan vermenigvuldig word. 'n Bevredigende antwoord is ook nog nie gevind nie. Ons kan hier net in breë trekke aandui wat ons as die waarskynlike verloop van sake beskou.
Die oudste oorlewering in verband met die ontstaan van die Evangelies is afkomstig van die kerkvader Papias, 'n leerling van die apostel Johannes in Éfese. Hy vertel dat Matthéüs die Logia (= woorde of spreuke) van Jesus opgeteken het in die Hebreeuse dialek, en dat Markus

in Rome die herinneringe van Petrus neergeskryf het. Daar bestaan geen rede om die betroubaarheid van hierdie oorlewering te betwyfel nie. Daarom moet ons daarmee rekening hou.

Gaan ons nou na die Nuwe Testament self, dan vind ons dat Jesus self nie iets op skrif gestel het nie, en ook nie sy dissipels die opdrag gegee het om sy lewensgeskiedenis te skryf nie. Daar was dus aanvanklik geen gedagte om die lewe van Jesus te beskryf nie. Uit die Handelinge van die Apostels blyk egter dat die omstandighede - en ook die laaste opdrag van Jesus (Matt. 28:18-20) - die apostels verplig het om te preek. Die eerste voorbeeld hiervan is Petrus se optrede op die Pinksterdag (Hand. 2:14-36). Die kern-inhoud van hierdie preek is: Jesus, die Nasaréner, deur wie God kragte en wondere en tekens gedoen het, en wat deur die hande van goddelose mense gekruisig en omgebring is, maar deur God opgewek is uit die dode, en gestel is tot Here en Christus (Hand. 2:22-24 en 36).

Daarmee is die vorm van die apostels se prediking aangedui. Die sentrale waarheid wat verkondig word, is die opstanding uit die dode wat gevolg het op die kruisiging. Die apostels weet dat hulle getuies is van die opstanding (Hand. 1:22), en verkondig daarom die opstanding van Jesus (Hand. 4:2; 4:33; 13:37; 17:18 e.a.) Die opstanding is egter die hoogtepunt van 'n merkwaardige lewe. Daarom moet nadere besonderhede aangaande die lewe van Jesus van Násaret in die prediking vertel word. Eers val die nadruk op die gebeurtenisse in Jerusalem wat onmiddellik aan die kruisiging voorafgegaan het. Daarom word dit die deel van die geskiedenis wat in al die Evangelies die breedvoerigste opgeteken staan. Daarna word ander besonderhede uit die lewe, werk en prediking van Jesus bygevoeg, en telkens in die prediking herhaal. Op die wyse ontstaan weldra 'n verhaal wat sy lewensloop van geboorte tot hemelvaart dek.

Aangesien Petrus die belangrikste prediker onder die apostels in Jerusalem was, het hy dikwels opgetree. Spoedig herhaal hy die geskiedenis van Jesus in dieselfde woorde en volgorde, en word die verhaal in daardie vorm by sy hoorders ingeprent. So ontstaan 'n mondelinge oorlewering in 'n geykte vorm. Deur Petrus self word dit oorgedra na Caesaréa en Antiochië. 'n Kort samevatting daarvan vind ons in Hand. 10:36-43 d.i. sy prediking in die huis van Cornelius. Later toe daar rekening gehou moes word met die moontlikheid dat die lewe van Petrus afgesny kon word, het Markus die herinneringe of prediking van die apostel op skrif gestel. So kom die Markus-evangelie in Rome tot stand, ongeveer 62 n.C.

Intussen het die apostel Matthéüs daarvan bewus geword dat die woorde van die Here nie breedvoerig genoeg vermeld word in die mondelinge oorlewering wat van Petrus afstam nie. Hierdie woorde leef ook wel voort in die gemeente as mondelinge oorlewering, maar moet versamel en opgeteken word, Matthéüs onderneem hierdie taak. Hy teken die Logia van die Here op in die Hebreeuse dialek, soos Papias sê. Die betekenis van Papias se verklaring is seker dat Matthéüs nie net die woorde opgeteken het nie maar ook die omstandighede waarin Jesus sy woorde uitgespreek het. En hy doen dit in die Hebreeuse dialek wat spreektaal van die Jode was, nl. Aramees. Deurdat Matthéüs so 'n Logia-geskrif opgestel het, was hy die eerste wat begin het om 'n "evangelie" te skryf, moontlik reeds teen 55 n.C. In 'n later stadium het hy sy Logia-geskrif uitgebrei aan die hand van die Markus-evangelie. Op dié wyse ontstaan die Matthéüs-evangelie in die Griekse taal teen 65 n.C. of moontlik 'n bietjie later.

Lukas vertel ons hoedat hy te werk gegaan het met die skryf van sy Evangelie (Luk. 1:1-4), Hy het heelwat navorsing gedoen. Daar het geskrewe bronne bestaan en natuurlik ook die mondelinge oorlewering. Onder die geskrewe bronne tot sy beskikking was daar stellig die Markus-evangelie en die Logia-geskrif van Matthéüs. Hierdie twee het groot gesag gehad omdat hulle die getuienis bevat van twee apostels, Petrus en Matthéüs. Daarom maak Lukas ruim gebruik daarvan, maar vul die gegewens aan uit ander bronne wat hy geleentheid gehad het om op sy reise saam met Paulus te ondersoek. Die vrug hiervan is die langste van die Sinoptiese Evangelies, wat ook ongeveer 65 n.C. of kort daarna moes ontstaan het.

Die mening word deur sommige gehuldig dat Matthéüs en Lukas nie die skriftelike weergawe van Petrus se herinneringe, d.i. die Markus evangelie, tot hulle beskikking gehad het nie, maar wel die vasgelegde mondelinge oorlewering. Matthéüs sou die oorlewering geken het soos dit op grond van die prediking van Petrus in Jerusalem en Caesaréa bly voortleef het, terwyl Lukas dieselfde oorlewering, effens gewysig, in Antiochië en Caesaréa leer ken het. Dit is wel moontlik. Die sterk woordelike ooreenkomste in die Sinoptici wys egter veeleer in die rigting van 'n geskrewe bron wat Matthéüs en Lukas tot hulle beskikking gehad het, en daardie bron kan geen ander as Markus wees nie. Ook het ons reeds aangedui dat Matthéüs en Lukas beide

gebruik moes gemaak het van die Logia-geskrif van eersgenoemde. Die onderlinge verskille hoef nie noodwendig tot ondergeskikte afsonderlike bronne herlei te word nie. Elke skrywer het immers sy persoonlike getuienis te lewer gehad en 'n besondere doel met sy Evangelie beoog. Daarom lê dit voor die hand om in hulle geskrifte 'n verskeidenheid van aanbieding te vind, naas die ooreenkomste.

Nadat ons nou kortliks die verhouding van die Sinoptici tot mekaar aangedui het, moet die verhouding van die Sinoptici tot die Evangelie van Johannes ondersoek word. Reeds is verklaar dat die Johannes-evangelie volkome anders is as die Sinoptici. Waarom is dit so?

Voordat ons hierop antwoord, moet eers op die belangrike ooreenkomste en verskille gelet word. Wat die ooreenkomste betref, merk ons dadelik dat Johannes net 'n paar gebeurtenisse opteken wat ook by die Sinoptici voorkom, bv. die wonderspysiging, die tempelreiniging, en dan veral die gevangeneming, verhoor en kruisiging van Jesus. Maar ook in hierdie gedeeltes bied Johannes besonderhede wat nie by die Sinoptici voorkom nie. Die verskille is nog meer opvallend. Johannes vertel geen geboortegeskiedenis nie; hy het 'n ander verhaal van die roeping van die eerste dissipels as die Sinoptici; hy vertel ander gebeurtenisse, bv. die bruilof in Kana, die gesprek met Nikodémus en met die Samaritaanse vrou, die genesing van die blindgeborene, en veral die opwekking van Lasarus, e.a. Hy meld nie die instelling van die nagmaal nie, maar wel van uitgebreide gesprekke van Jesus met sy dissipels by die laaste maaltyd. Die Sinoptici hou hulle besig met Jesus se werksaamheid in Galiléa; Johannes vertel hoofsaaklik van Sy optrede in Judéa.

Die Sinoptici wek die indruk dat Jesus nie langer as een jaar in die openbaar opgetree het nie; Johannes dui aan dat Hy vir minstens twee en 'n half jaar werksaam, was. Die Sinoptici vertel dat Hy op die dag van die Paasfees gekruisig is; Johannes beskryf hoedat Jesus sterf op die uur wanneer die paaslam vir die Paasfees geslag word. Bowendien is daar nog die verskil in skryfstyl en in aanbieding van die stof.

Daar is 'n oorlewering wat sê dat Johannes die Sinoptiese Evangelies geken het en toe sy Evangelie bygevoeg het ten einde die gegewens van die Sinoptici aan te vul. Of dié oorlewering betroubaar is, weet ons nie. Dit is egter goed moontlik aangesien Johannes eers na die jaar 90 sy Evangelie geskryf het, d.w.s. toe die ander drie lankal bestaan het. Ook is dit duidelik dat die Johannes-evangelie nie bedoel was om 'n volledige getuienis aangaande Jesus te wees nie. Hierdie Evangelie kan nie sonder die Sinoptiese Evangelies begryp word nie, en omgekeerd bly die Sinoptici vir ons onvolledig sonder die Johannes-evangelie daarby. Johannes wou nie herhaal wat reeds voldoende opgeteken was in die ander Evangelies nie, maar hy wou sekere gegewens uit sy eie herinnering aanvul, sodat die kerk deur die vier Evangelies saam 'n genoegsame en betroubare getuienis aangaande Jesus Christus sou besit. 'n Volledige getuienis in dié sin dat alles vermeld word, is dit egter nie. Die laaste vers van die Johannes-evangelie sê dat as dit alles beskryf moet word, die wêreld nie al die boeke sou bevat nie. Sy doel is net om toe te sien dat genoegsame getuienis opgeteken is om tot geloof in Jesus Christus te beweeg (20:30-31).

Uit hierdie oogpunt gesien, lewer die sogenaamde teenstrydighede tussen die Sinoptici en Johannes ook geen onoorkomelike probleme nie. Dit gaan om 'n noodsaaklike aanvulling van gegewens sodat die kerk die volle, genoegsame Evangelie kan besit

### § 7 Die skrywers van die Evangelies

Van die vroegste tyd af staan die Evangelies op die naam van vier manne: twee apostels, Matthéüs en Johannes, en twee apostelleerlinge, Markus en Lukas. In die Evangelies self word die naam van die skrywer nie genoem nie, maar daar is wel genoegsame aanduidinge dat die oorlewering betroubaar is en dat die Evangelies werklik deur hierdie vier manne geskryf is onder die leiding van die Heilige Gees.

Wat weer ons van elkeen van hulle? En wat beoog elkeen met sy Evangelie?

*Matthéüs*, die skrywer van die eerste Evangelie, was een van die twaalf apostels. Kort nadat Jesus die twee pare broers, Petrus en Andréas, en Jakobus en Johannes, by die See van Galiléa geroep het, vind Hy Matthéüs in Kapernaüm by die tolhuis en maak hom 'n dissipel (Matt. 9:9-13). In orde van senioriteit is hy dus die vyfde onder die Twaalf, hoewel hierdie vorm van "senioriteit" in die navolging van Jesus geen betekenis het nie (vgl. Matt. 20:25-28). Die tollenaar Matthéüs word in die ander Evangelies Levi, die seun van Alfeüs, genoem (Mark. 2:14; Luk. 5:27). Dat iemand in daardie tyd meer as een naam dra, was nie ongewoon nie, veral in 'n land waar meer as een taal gebruik is, bv. Simon - Céfas - Petrus, of Saulus -

Paulus. Die feit dat die tollenaar in die eerste Evangelie by die naam genoem word waarmee hy as apostel bekend was, kan vertolk word as 'n aanduiding dat hy self hierdie Evangelie geskryf het. Van hom weet ons egter uit die Evangelies niks meer nie.

Reeds is daarop gewys dat Matthéüs eers die Logia (= woorde) van Jesus in Aramees opgeteken het, en dat hy dit daarna uitgebou het (vgl. §6). Die feit dat hy in Aramees, die spreektaal van die Jode, geskryf het, bevestig dat hy vir sy volksgenote 'n getuienis wou lewer aangaande Jesus van Násaret. By die lees van sy Evangelie word sy hoofdoel gou duidelik: hy wil aantoon dat Jesus die Messias is wat in die Ou Testament deur God belowe is.

Om dit te kan doen, wys hy telkens daarop dat 'n profesie vervul is in die optrede van Jesus. Hy haal die Ou Testament sewe-en-veertig keer aan, d.w.s. meermale as enige van die ander Evangelies. Hy wil op dié manier die Jode oortuig dat hulle geen ander Messias moet verwag nie aangesien Jesus al die beloftes van die Here vervul het. Maar naas hierdie getuienis dat Jesus die Messias van die Jode is, vind ons by hom ook die aanwysing dat Hy die Heiland van die wêreld is. Daarom sluit hy sy Evangelie af met die opdrag van die Here: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies . . . " (Matt. 28:19).

*Markus* of Johannes. Markus was die seun van Maria, 'n bekende gelowige in Jerusalem, in wie se huis die Christene saamgekom het om te bid vir die bevryding van Petrus uit die gevangenis (Hand. 12:12). Die vermoede bestaan dat dit ook die huis van die bovertrek was, waar Jesus die nagmaal ingestel het, maar afdoende bewys daarvoor kan nie gevind word nie. In elk geval het Markus van jongs af in die kring van die volgelinge van Jesus verkeer, en is hy deur Petrus tot die volle lig gelei (vgl. 1 Pet. 5:13). Bárnabas, die oom van Markus, was leier van die gemeente in Antiochië. Toe hy en Paulus na Jerusalem gestuur is met hulpverlening vir die gemeente in tyd van hongersnood, het hulle Markus saamgeneem na Antiochië (Hand. 11:30 en 12:25).

Op die eerste sendingreis vergesel Markus vir Bárnabas en Paulus, maar in Pamfílië draai hy om (Hand. 13:13). As Paulus weier om hom op die tweede sendingreis saam te neem, gaan hy en Bárnabas na Ciprus, van waar laasgenoemde afkomstig was (Hand. 15:36-39; vgl. 4:36). Later word Paulus en Markus weer versoen en skryf die apostel uit die gevangenis dat Markus na hom moet kom omdat hy hom baie tot diens kan wees (2 Tim. 4:11). Markus het egter ook 'n innige band met Petrus gehad, eers in die huis van sy moeder Maria in Jerusalem en later in Rome toe hy daar die herinneringe van Petrus opgeteken het.

Afgesien van die woorde van Jesus, waarvoor Matthéüs bekend is, kom die evangelie van Markus baie ooreen met dié van Matthéüs. Tog is daar 'n duidelike verskil in die hoofgedagte. Markus skryf in Rome waar sy eerste lesers nie Jode is nie maar Romeine wat die Ou Testament nie ken nie. Dus haal hy die Ou Testament ook nie dikwels aan nie. Veeleer vertel hy van die werke van Jesus en die indruk wat dit op die skare maak. Hy verrig wondere deur sy magswoord; selfs die bose geeste is aan Hom onderworpe en die dood gee sy prooi terug. Dit alles wek by die ooggetuies groot verbasing en verwondering, want so iets het hulle nog nie gesien nie. Op hierdie wyse laat Markus sien dat Jesus van Násaret in werklikheid die Seun van God is, en mitsdien 'n Koning aan wie alle dinge, die sigbare en die onsigbare, onderwerp is. Op die Romeine sou hierdie getuienis aangaande Jesus 'n diepe indruk gemaak het. Hulle was daaraan gewoon om hulle vertroue te vestig op manne van die daad. Die helde word vereer. Die keiser self word geroem vir sy dade en as 'n god aanbid. En nou verkondig Markus die verhewe dade van Een wat die keiser verreweg oortref: die nederige Jesus wat Homself bekend gestel het deur sy dade as die Seun van God, die koning van die konings.

*Lukas* word deur Paulus genoem die geliefde geneesheer (Kol. 4:14). Hy word in Filem. v. 24 genoem, en in 2 Tim. 4:11 skryf die apostel dat alleen Lukas by hom in die gevangenis in Rome is. Verder word Lukas nie by name genoem nie. Tog kom ons iets meer van hom te wete uit die geskrifte wat hy nagelaat het: die evangelie van Lukas en die Handelinge van die apostels. Dit is onbekend waar hy gebore en as geneesheer opgelei is. Ons neem aan dat hy van heidense herkoms was en dat hy êrens in Klein-Asië, moontlik in Antiochië, met die heilsboodskap kennis gemaak het. In sekere gedeeltes van Handelinge kom die woordjie "ons" voor. Daaruit lei ons af dat die skrywer van die verhaal, d.w.s. Lukas, self teenwoordig was by die gebeurtenisse wat hy op skrif stel. As die woordjie "ons" in Handelinge nagegaan word, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat Lukas op die tweede sendingreis in Troas by Paulus was (Hand. 16:10 - die eerste keer waar "ons" voorkom).

Vandaar reis hy saam met Paulus na Filippi waar hy deur Paulus agtergelaat word. Op die

derde sendingreis sluit hy daar weer by Paulus aan (Hand. 20:6 hervat die "ons"-berig), en bly dan by hom tot aan die einde van die apostel se lewe.

Lukas skryf sy evangelie aan die "hooggeagte Theófilus ” (Luk. 1:3). Wie Theófilus was, weet ons nie. Die betiteling dui hom egter aan as 'n man wat 'n belangrike posisie in die openbare lewe beklee het. Die vermoede bestaan dat hy 'n regter was wat regspraak moes doen oor mense uit alle lae van die samelewing, dikwels die armstes en ellendigstes. Theófilus het Christen geword en verlang om meer te wete te kom aangaande Jesus Christus, waarskynlik omdat hy riglyne soek vir die wyse waarop hy in die uitvoering van sy openbare amp die voorbeeld van Jesus kan navolg. Om hom hierin te onderrig, is Lukas die geneesheer die aangewese man. Hy kan goed Grieks skryf en hy het 'n hart vir die saak.

In sy daaglikse werk as geneesheer het Lukas self die lyding van die mensheid van nader leer ken en seker dikwels sy magteloosheid om pyn en lyding te verlig, ondervind. Daarom het hy besondere belangstelling vir Jesus wat onder die eenvoudiges van die land opgegroei het, en uitgegaan het na almal wat in siekte en ellende verkeer om hulle te genees. Hy vertel hoedat Jesus hulp verleen aan diegene wat die geneesheer nodig het (Luk. 5:31) en vol ontferming genesing skenk aan almal wat sy hulp soek, selfs aan die geringstes in die samelewing. Sy hart is oop vir die heidene, die tollenaars, die sondaars en sondaresse, selfs vir die moordenaar. En met tere ontferming tree Hy op teenoor die vroue wat in die destydse samelewing as niks gereken is nie. Op hierdie wyse teken Lukas Jesus as die groot Ontfermer wat uitgaan om aan die lydende mensheid barmhartigheid te bewys. Geen wonder nie dat Lukas die enigste is wat die gelykenis van die barmhartige Samaritaan opteken (10:30-37).

As Christen-geneesheer het Lukas stellig geleer om in die gebed sy toevlug tot God te neem, wanneer hy by die siekbed geen menslike raad weet nie. Daarom let hy ook op die gebed in die optrede van Jesus. Meermale as die ander Evangelies vertel hy hoedat Jesus Hom telkens voor belangrike beslissinge afsonder in die gebed, en vertel hy die gelykenisse van Jesus wat oor die gebed handel (Luk. 18:1-14).

Op grond hiervan kan ons sê dat Lukas Jesus beskryf as die ontfermende Hoëpriester, wat by God intree in die gebed, en wat uitgaan om almal wat in nood en smarte verkeer, uit te red deur genesing te skenk en die sondes te vergewe.

Wat 'n voorbeeld vir Theófilus!

*Johannes*, die seun van Sebedéüs, was saam met sy broer Jakobus 'n apostel. In die Vierde Evangelie word sy naam, en ook dié van Jakobus, nooit genoem nie, maar na hom word verwys as "die dissipel vir wie Jesus liefgehad het" (Joh. 13:23). Onder die twaalf was hy een van die binnekring, saam met Petrus en Jakobus, wat by verskillende geleenthede o.a. die verheerliking op die berg (Matt 17:1-13) alleen saam met Jesus was, en Hom met besondere liefde gedien het. Nà die Pinkster het hy saam met die ander apostels in Jerusalem gebly en die jong gemeente opgebou. Ook nadat sy broer Jakobus met die swaard gedood is deur Agrippa 1 (Hand. 12:1-2), bly Johannes in Jerusalem en word hy saam met Petrus en Jakobus, die broer van die Here, gereken tot die pilare van die gemeente (Gal. 2:9). Kort voor die val van Jerusalem (70 n.C.) het hy die stad verlaat en sy weg na Éfese gevind waar hy die laaste deel van sy lewe in diens van die Here deurgebring het. Hy is van daar na Patmos verban waar hy die Openbaring van die voleinding van alle dinge en die wederkoms van Christus ontvang het. Hy het na Éfese teruggekeer en daar op hoë leeftyd sy Evangelie geskryf, voordat hy daar teen 100 n.C. te sterwe gekom het.

Johannes verklaar self wat die doel van sy Evangelie is: "Hierdie (dinge) is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam" (20:31).

Hy wil dus Jesus as die Christus bekend stel, en sy lesers beweeg tot geloof in sy Naam. Die nadruk val op die bekendstelling, die verkondiging, en sy uitgangspunt is om Jesus voor te hou as die bekendsteller van God, die Vader. Hy word genoem die Woord wat by God was en wat uitgegaan het in die wêreld as die stem van God. Hy het gekom om aan ons die Vader te verklaar of te vertolk (1:18), en Hy spreek die woorde wat Hy van God gehoor het (8:26). Hy doen altyd die werke van die Vader (5:19) en bring die welbehae van die Vader tot uitvoering (8:29). Wie Hom gesien het, het God gesien (14:9), en elkeen wat in Hom glo, glo ook in God (12:44).

In die Ou Testament is dit die profeet wat God en sy welbehae aan die volk bekend maak. Heenwysende op die Messias het God aan Moses gesê: "'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit

die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel" (Deut. 18:18). Uit hierdie woord groei die verwagting dat die Messias 'n profeet by uitnemendheid sou wees, moontlik selfs Moses wat weer na die lewe sou terugkeer. By hierdie verwagting van die Profeet sluit Johannes aan. Hy vertel dat die skare aan Johannes die Doper vra: "Is u die profeet?" (1:21), en dan heengewys word op Jesus. Van die begin van die evangelie, waar Jesus sê dat Hy Natánael onder die vyeboom sien sit het (1:49), tot aan die einde, waar Hy aan die dissipels beveel om die net aan die regterkant van die skuit te gooi (21:6), tree Hy op as Profeet. En in alles maak Hy God bekend as die Vader van ontferming en liefde. Op hierdie wyse getuig Johannes dat Jesus die Christus is, die messiaanse Profeet wat sou kom.

### § 8 Die eenheid van die Evangelies

In die voorafgaande twee paragrawe het ons daarop gewys dat elke Evangelie op sy eie manier tot stand gekom het, geskryf deur manne wat in herkoms, vorming en karakter baie verskil het, en wat elk 'n eie doelstelling met sy Evangelie beoog het. Daarom is dit ook te begryp dat by al die ooreenkomste wat tussen hulle aan te wys is, daar ook groot verskille voorkom. Tog word die onderliggende eenheid deur die ooreenkomste sowel as die afwykinge belig. Dit gaan steeds om die getuienis dat Jesus die Christus, die Seun van God is en dat Hy gekom het as Heiland van die wêreld.

Ons het daarop gelet dat Matthéüs Jesus Christus voorhou as die Messias wat die profesieë in vervulling bring. Hy is die Saligmaker van die Jode maar ook van die heidene. Markus toon aan dat Hy die Koning is aan wie alle magte onderwerp is. Lukas getuig van die Hoëpriester wat barmhartigheid bewys aan die lydende mensheid. Johannes stel Jesus bekend as die Profeet wat sou kom om God aan ons te openbaar.

Elkeen van hierdie skrywers het Jesus van 'n bepaalde kant gesien, en wil daarvan getuig. Daarom moet ons die vier Evangelies saam lees om die volle openbaring aangaande Jesus te leer ken. Wanneer ons egter die gegewens in die vier Evangelies wil probeer saamvleg tot een deurlopende verhaal, staan ons voor uiters moeilike vraagstukke.

Dit was nie die bedoeling van die evangelie-skrywers om 'n lewensbeskrywing van Jesus op te stel nie. Hulle lewer getuienis aangaande Jesus. Daarom is hulle verhale nie volledig en ook nie in 'n chronologiese volgorde opgestel nie. Elkeen het alleen daardie materiaal gebruik wat dienstig was vir sy doel, en hy het met redelike vryheid sy stof gerangskik. Hierdie feit bring geensins die gesag van die getuienis in gedrang nie. Veeleer bevestig dit die gesag omdat elke skrywer na sy eie aard onder die leiding van die Gees sy getuienis gelewer het. Maar dit laat ons met die probleem om by die opstel van 'n verhaal waarin al die gegewens van die vier Evangelies saam verwerk is, te moet besluit oor die mees waarskynlike opeenvolging van gebeurtenisse in die lewe van Jesus.

Hieraan kan ons slegs reg laat geskied wanneer ons nie voorgee om 'n lewensbeskrywing aan te bied nie, maar wel getuienis aangaande die Woord wat vlees geword het, sodat "julle kan glo dat Jesus die Christus, die Seun van God is, en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam" (Joh. 20:31).

## II. DIE WOORD HET VLEES GEWORD

### § 9 In die begin was die Woord (Joh. 1:1-18)

"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God" (Joh. 1:1)..... "En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon", (v. 14).

So begin die Evangelie van Johannes. Hierin onderskei hy hom van die ander Evangelies. Markus begin sy verhaal deur te wys op die profesie aangaande die boodskapper wat vooruit sou gaan om die weg vir die koms van die Here voor te berei. Matthéüs teken die stamboom van Jesus op en voer dit terug op Abraham, die vader van die belofte wat aan Israel gegee is. Lukas gaan nog verder terug met die stamlys tot op Adam, die vader van die mensheid. Johannes gaan nog verder terug as die skepping deur te sê: "In die begin was die Woord." Dus, in die ewigheid, voordat die tyd 'n aanvang geneem het, was die Woord daar.

Die ander drie evangelieskrywers getuig almal op die een of ander wyse van Jesus se goddelike herkoms. Veral in die geboorte-geskiedenis soos opgeteken deur Matthéüs en Lukas word bevestig dat die Kindjie wat in Betlehem gebore is, meer is as 'n gewone mens. In Hom het die ewigheid van God binnegetree in die tyd van die mense. Vir hierdie wonder gebruik Johannes 'n nuwe uitdrukking: "Die Woord het vlees geword."

Die betekenis van hierdie wonder vir die mensheid verklaar Johannes deur eers te sê wie die Woord was (v. 1-5), dan die aankondiging en doel van sy koms te beskryf, (v. 6-13), en daarna sy vleeswording en heilswerk aan te dui (v. 14-18).

Die beginwoorde van Johannes slaan terug op Gen. 1:1: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape." Net soos God daar aan die begin van die tyd die skepping te voorskyn gebring het, so het Hy 'n nuwe begin laat aanbreek waarin Hy die herskepping bewerkstellig deurdat Hy die Woord uitgestuur het om vlees te word. Maar wie was die Woord?

Van Hom sê Johannes net enkele, maar baie diepsinnige dinge. In die begin toe God met die skeppingswerk begin het, was die Woord daar. Net soos God self bestaan Hy in ewigheid. Hy was by God, d.w.s. Hy het onderskeie van God en in 'n bepaalde verhouding tot Hom bestaan. Hy was dus 'n Persoon. Verder word gesê: "Die Woord was God." Daarmee word nie bedoel dat Hy en God dieselfde Persoon is nie. Dit sou tog in direkte stryd wees met die voorafgaande uitdrukking. Veeleer wil Johannes sê dat net soos die Vader God is, so is die Woord dit ook. Hy is wesensgelyk met die Vader en kan daarom ook as God aangespreek word (vgl. Joh. 20:28). Wat ons vooruit reeds weet, word in v. 17 eers uitdruklik gesê, naamlik dat die Woord Jesus Christus is.

Volgens Gen. 1 het God alle dinge tot stand gebring deur te spreek. Die psalmdigter sê: "Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër" (Ps. 33:6). In aansluiting hierby verklaar Johannes dat alle dinge deur die Woord ontstaan het. Hy was die Middelaar by die skepping. Hy het die lewe meegedeel omdat Hy self die Lewe was. Hy wat so magtig en verhewe was, wend Hom tot die mense om vir hulle die ware lig in hul lewe te wees (v. 4). Dit beteken dat Hy Hom stel teenoor die duisternis, maar die oorwinning is verseker: die duisternis het die lig nie oorweldig nie (v. 5).

In v. 6-13 vind ons weer eens 'n begin, hierdie keer nie in die ewigheid nie, maar in die tyd. Die handelinge word verplaas na die terrein van die geskiedenis. Daar was 'n aankondiger, Johannes die Doper, wat getuig het dat die waaragtige lig aan kom was in die wêreld. Hy sou wel misken word deur sy eie mense wat weier om Hom aan te neem (v. 10-11), maar aan almal wat Hom aanneem, sou Hy die mag gee om kinders van God te word. Hy sou 'n nuwe mensheid in aansyn roep van mense wat nie maar net op die natuurlike manier gebore is nie, maar wat innerlik uit God gebore is. Hulle sal in sy Naam glo en kinders van God word.

In v. 14-18 word nog eens 'n begin beskryf. Die Woord self het ingetree in die tyd. Hy het deel geword van die geskiedenis van die mensheid, deurdat Hy vlees geword het en onder ons sy tent kom opslaan het. So staan dit letterlik in die grondteks. Die apostel Johannes was ooggetuie van die vleesgeworde Woord, en hy wil dit uitjubel: "Ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom, vol van genade en waarheid" (v. 14).

As Middelaar by die skepping word die heerlikheid van die Woord geopenbaar deur sy mag en majesteit. As Middelaar by die herskepping openbaar Hy sy heerlikheid in genade en waarheid, of lewe en lig (v. 4). Maar die hoogtepunt van dit alles is dat Hy wat in die skoot van die Vader is, die hemelse Vader aan die mens bekend stel: "die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting" (2 Kor. 1:3).

By wyse van samevatting merk ons die volgende op: Johannes neem vanuit drie punte 'n aanloop voordat hy voortgaan om die geskiedenis van Jesus se optrede te vertel. Hy begin in die ewigheid (v. 1); dan neem hy 'n nuwe aanloop in die tyd, eers met die optrede van Johannes die Doper (v. 6), en dan weer met die koms van die Woord in die vlees. En drie keer volg daar 'n kort samevatting van die heilswerk van Jesus Christus. Die donker wolke van teenstand verskyn op die agtergrond: die stryd van die duisternis teen die lig; en "die wêreld het Hom nie geken nie ... en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie" (v. 10-11). Maar die ligglans van oorwinning verlig die hele toneel: die duisternis het die lig nie oorweldig nie (v. 5); almal wat Hom aangeneem het, gee Hy mag om kinders van God te word (v. 12), en "uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade" (v. 16).

Wat hier so in kort bestek deur Johannes geteken word, volg nou breedvoerig in die vier Evangelies.

**§ 10 Die geboorte van Johannes die Doper aangekondig (Luk.1:5-25)**

Die geskiedenis van die Nuwe Testament begin in die tempel in Jerusalem. In die hart van die Ou Verbond het die Nuwe Verbond sy oorsprong. Dit gebeur in die tyd toe Herodes die Grote koning was nie net van Judéa nie, maar van die hele Joodse land (vgl. § 3(c)).

Sagarías (= "die Here was gedagtig ") was 'n bejaarde priester uit die afdeling van Abía. In die stam van Levi het die nakomelinge van Aäron die priesters geword. Hulle getal het mettertyd so groot geword dat die diensbeurte gereël moes word. Dawid het hulle in vier-en-twintig afdelings onderverdeel, waarvan die agtste die afdeling van Abía was (1 Kron. 24:10). Iedere afdeling het 'n beurt gekry om vir 'n week by die tempel diens te doen. Dus moes elke priester ongeveer tweemaal per jaar vir 'n week na Jerusalem gaan om sy pligte by die tempel waar te neem. Daarom het die priesters liefs in die stad self of in Jérigo gewoon. Sagarías en sy vrou Elisabet (= "God is 'n eed" d.i. die Getroue) het egter in 'n klein dorpie in die bergstreek van Juda, suid van Jerusalem, gewoon (Luk. 1:39).

Hierdie vrome egpaar het 'n stille verdriet in die hart gedra. Hulle was kinderloos. Vir die Israeliet was dit 'n ramp. Dit het beteken dat hy geen nakomeling het nie om te deel in die komende Ryk van die Messias waarna almal uitgesien het. Sagarías en sy vrou het dikwels die Here gebid om 'n seun, maar hulle het reeds oud geword en hulle gebed is nie verhoor nie.

Soos hy reeds so baie jare gedoen het, gaan Sagarías weer op die bepaalde tyd om die beurt van sy afdeling waar te neem. Iedere môre moes die reukofferaltaar versorg en nuwe reukwerk daarop geoffer word. Hierdie altaar het agter die eerste voorhangsel binne die heiligdom gestaan, en vlak voor die tweede voorhangsel waaragter die Allerheiligste was. Regs, aan die noordekant, staan die tafel met die toonbrode en links die goue kandelaar. Aangesien daar so baie priesters was, is bepaal dat elkeen net een maal in sy lewe die voorreg kan hê om die reukoffer op die altaar te plaas.
Vroeg iedere oggend word die lot gewerp om die priester aan te wys wat die voorreg sal hê om dit te doen. Sagarías, wat oud geword het in die priesterlike dienswerk het, soos elke priester, vurig uitgesien na die dag wanneer hy aangewys sou word. En nou het dit uiteindelik gebeur.
Die verrigtinge by die tempel begin vroeg elke oggend. Die priesters vergader by die brandofferaltaar waar die lam vir die môre-offer geslag word. Daarna gaan 'n priester die heiligdom binne om die as van die vorige dag te verwyder en nuwe kole op die reukofferaltaar te plaas. Intussen vergader die volk in die voorhof in afwagting om die seën van die diensdoende priester te ontvang.
Wanneer alles gereed is, tree Sagarías plegtig en diep onder die indruk van die heiligheid van sy taak die heiligdom binne. Die voorhangsel sluit die daglig uit. Die goue kandelaar versprei 'n gedempte lig. Eerbiedig tree Sagarías nader en volvoer sy diensplig volgens die voorskrifte.
Net toe hy wou terugtree om weer na buite te gaan, sien hy 'n engel regs van die reukofferaltaar staan. Oorval van vrees by die aanskoue van die hemelse wese, bly Sagarías verskrik staan. Die engel stel hom gerus deur aan te kondig dat die Here sy gebed verhoor het en dat Elisabet 'n seun sal hê. Sy naam sal Johannes (= "die Here is genadig") wees, en hy sal groot vreugde vir sy ouers bring (v. 13-14).
Die seun sal egter ook "groot wees voor die Here" (v. 15) deurdat God hom sal uitstuur om die volk op te roep tot bekering, soos Elía van ouds dit gedoen het. Van kleins af sal hy 'n nasireër wees, soos Simson en Samuël (vgl. Num. 6:1 e.v.), en die Heilige Gees sal op hom wees. Die profesie aangaande die Elía wat sou kom en wat die volk tot bekering sou roep, sal in hom vervul word (vgl. Mal. 4:5-6). As wegbereider van die Messias sal hy die volk terugroep tot die weë van die vaders, sodat die ouers hulle nie meer sal skaam vir die gedrag van die kinders nie, en almal in geestelike gereedheid gestel sal word soos 'n toegeruste volk vir die Here.
Dié toesegging is so wonderlik dat Sagarías dit nie kan glo nie. Hy verlang 'n teken om dit te bevestig. Daar in die heiligdom, in die onmiddellike nabyheid van die ark van die verbond wat net agter die binneste voorhangsel staan, twyfel hy aan die toesegging van God deur die engel. Om Sagarías se twyfel weg te neem, doen die engel twee dinge: hy stel homself bekend, en hy gee 'n teken.

Hy is Gabriël (= "man van God"), wat direkte toegang het tot God. Twee maal het die Here hom uitgestuur na Daniël in verband met die Messias wat sou kom (Dan. 8:16; 9:21). Hy is die betroubare boodskapper van God. Daarom mag sy woord nie betwyfel word nie.
En die teken wat hy aan Sagarías gee, is 'n straf wat hom opgelê word. Hy sal nie kan praat nie totdat die seun gebore is.
Die volk in die voorhof het al ongeduldig begin word omdat die priester so lank in die heiligdom vertoef. Toe Sagarías na buite kom, merk hulle aan sy gesig dat iets uitsonderlike

moes gebeur het. En toe Sagarías sy hande ophef om die volk te seën, kan hy geen woord uitspreek nie. Verleë staan hy daar en beduie, diep verneder juis toe sy diensbeurt op 'n hoogtepunt moes afsluit. Dit is die straf vir sy ongeloof.
Aan die einde van sy diensweek gaan Sagarías en Elisabet stil terug na hulle woonplek. Eerlank vind Elisabet dat sy verwagtend is.

**§ 11 Die geboorte van Jesus aangekondig (Luk. 1:26-38)**

Die toneel van die handelinge van God word nou verplaas na die stadjie Násaret in die suidelike deel van Galiléa. Geleë aan die helling van 'n heuwel het die stadjie 'n wye uitsig oor 'n mooi landskap. Van die top van die heuwel sien 'n mens die vrugbare vlakte van Jisreël in 'n noordwestelike rigting uitstrek na die Middellandse See toe. In die Suide lê die berge van Samaría; en noordwaarts die heuwels van Galiléa. In die Ooste steek die berg Tabor sy kruin op en oorheers die hele omgewing. En in die stadjie self gaan die lewe van eenvoudige mense daagliks vreedsaam voort.
Daar woon Maria in een van die klein huisies langs 'n kronkelstraatjie. Sy is 'n nederige dogter uit die volk, bedees en deugsaam, vlytig en vroom. Die lewe lê vir haar nog voor en sy droom van 'n gelukkige huwelik met haar verloofde Josef, 'n hardwerkende jong timmerman afkomstig uit die huis van Dawid. Dat Maria self ook uit die huis van Dawid was, word nie uitdruklik gesê nie maar as bekend veronderstel. Daarom verklaar die engel: "Die Here God sal aan Hom (die Seun van Maria) die troon van sy vader Dawid gee" (Luk. 1:32), en Sagarías by wie Maria op besoek was voor die geboorte van haar kind loof God omdat Hy "'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg" (Luk. 1:69).
Later skryf Paulus van die Seun van God "wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid" (Rom. 1:3). Op grond van haar huwelik met Josef word Maria juridies ingeskakel in die huis van Dawid: juridies deurdat die man van sy moeder, Maria, van die huis van Dawid. Jesus is egter in 'n dubbele sin uit die huis van Dawid: juridies deurdat die man van sy moeder, Maria, 'n afstammeling van Dawid was, en daarby geneties deurdat sy moeder self uit die huis van Dawid was. In hierdie tweeledige sin word die profesie vervul dat die Messias uit die huis van Dawid sou wees.
In die sesde maand nadat die engel Gabriël in die tempel aan die priester Sagarías verskyn het, word hy deur God uitgestuur na die klein huis waar Maria woon. Anders as in die tempel tree hy soos 'n gewone man, sonder glansverskyning, by haar binne en spreek haar vriendelik aan. Hy noem haar die "begenadigde," nie omdat sy die genade ontvang het om 'n sondelose lewe te voer en dus sonder sonde was nie, maar omdat dit God behaag het om aan haar genade te bewys soos aan geen ander vrou nie. Onder alle vroue sou sy geken word as die geseënde van die Here.
Maria het nie geskrik toe die engel by haar ingekom het nie, maar hierdie begroeting het haar diep ontroer. Sy dink daaroor na. Sou dit beteken dat sy die voorreg sou smaak waarna alle vroue in Israel uitgesien het, naamlik om die moeder van die Messias te word? Die gedagte is vir haar ontstellend. Die engel gaan voort om haar gerus te stel, maar om in nog duideliker taal aan te kondig dat die Messias uit haar gebore sou word.
Sy sou aan 'n Seun die lewe skenk en moes Hom Jesus noem. Dit is 'n betekenisvolle naam. Die Griekse naam Jesus is gelyk aan die Hebreeuse Jeshua of Josua wat "redder" of "verlosser" beteken en iemand aandui wat die gekneldes uitlei in die ruimte. Só het Josua Israel uitgelei uit die knellinge van die woestyn na die ruimte van die beloofde land. Die Seun van Maria sou Jesus heet, omdat Hy. sy volk uit die bande van sonde sou lei na die vryheid van kindskap van God (vgl. Matt. 1:21).
Hy sou ook 'n ander naam hê: Seun van die Allerhoogste. Hy sal Homself op so 'n heerlike wyse aan die mense bekend stel dat hulle Hom "Seun van God" sal noem. Dit is Hy ook inderdaad. Hy gaan van God uit en is eenswesens met die Vader. Daarom is Hy ook God (Joh. 1:1; vgl. § 9).

*Reeds in die aankondiging van die benaming van die Seun van Maria is die geheimenis van sy Persoon aangedui. Aan die eenkant is Hy 'n gewone mens, gebore uit 'n vrou, en dra Hy 'n naam wat ook aan mense gegee word: Jesus. Aan die anderkant is Hy die ewige Woord wat vlees geword het, die Seun van die Allerhoogste, wat uit die hemel gekom het en ingetree het in die geskiedenis van die wêreld: Hy is 'n goddelike wese, die Seun van God. In sy persoon verenig Hy dus twee nature: die menslike en die goddelike. Hoedat dit geskied, bly 'n verborgenheid; dat dit wel so is, is deur Jesus self geopenbaar. En alleen só het Hy ons*

*waaragtige Verlosser geword (vgl. Heidel. Kat. Vraag 15 - 19).*

Die engel Gabriël gaan voort om aan Maria te sê dat die Seun koning sal wees tot in ewigheid. In Hom sal dus die profesieë aangaande die Messias-koning in vervulling gaan (vgl. Dan. 7:13-14).
Die heerlike aankondiging stel Maria voor 'n praktiese vraag: sy is 'n maagd en nog ongetroud, hoe kan sy moeder word van 'n kind? Hierop antwoord die engel dat dit deur die krag van die Heilige Gees sou geskied. God self sal die wonder deur sy Gees bewerkstellig. Hy neem die inisiatief in die uitvoering van sy heilsplan. Daarom sal haar seun "Seun van God" genoem word.
Aan haar word 'n nog oneindig groter wonder aangekondig as aan Sagarías en Elisabet. En tog vra sy nie soos Sagarías 'n teken nie. Die engel stel haar weer eens gerus deur haar op twee dinge te wys. Eerstens is daar wel vir haar 'n teken: Elisabet, 'n bloedverwant van haar wat bekend was as die onvrugbare, is reeds ses maande verwagtend. Tweedens, God kan nog groter dinge doen as wat Hy aan Elisabet gedoen het: by Hom is niks onmoontlik nie.

By die aanhoor van hierdie versekering buig Maria eerbiedig die hoof en stel haarself, liggaam en gees, tot beskikking van die Here met die woorde: "Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord." Daarop gaan die engel van haar weg net soos hy gekom het.
In die verwysing na Elisabet kom 'n besonderheid na vore wat die aandag verdien. Reeds is gesê dat Maria uit die huis van Dawid was. Dus, van die koninklike geslag. Nou blyk dat sy ook familie is van Elisabet, uit die huis van Aäron. Dus, van priesterlike geslag. Dit beteken dat die koninklike en die priesterlike lyne in haar saamvloei, en deur haar aan haar Seun oorgedra word. In die aankondiging sal die nadruk op sy koninklike heerskappy; in die ontvouing van die evangelie-verhaal tree die priesterlike aspek na vore totdat Hy Homself as offer bring aan die kruis.

**§ 12 Maria besoek Elisabet (Luk. 1:39-56)**

Of Maria aan enigiemand in Násaret iets van haar buitengewone ondervinding vertel het, weet ons nie. Sy het in elk geval aan haar verloofde, Josef, niks gesê nie, en hy het ook deur praatjies van ander nie daarvan te hore gekom nie. Ons moet dus aanneem dat sy volgens haar geaardheid, en ook in die besondere omstandighede, hierdie dinge "bewaar en in haar hart oordink" het (vgl. Luk. 2:19). Dit spreek vanself dat daar by haar 'n innerlike drang was om met iemand te praat oor wat gebeur het, maar wie sou haar glo? Sou die mense van die klein stadjie nie veeleer dink en sê dat sy 'n verhaal versin het nie om 'n sedelike misstap, en 'n daad van ontrou teenoor haar verloofde, te bedek? Wat moes sy doen? Haar groot vreugde bring ook 'n donker skaduwee oor haar lewe. In die jare wat voorlê, sou sy nog meer van hierdie teenstelling ondervind.

Die engel het tog melding gemaak van 'n wonder in die lewe van haar bloedverwant, Elisabet. Was dit nie 'n aanwysing dat Elisabet die een persoon was met wie sy openhartig kon praat nie? Sy kom tot 'n besluit en so haastig as wat dit in daardie dae kon gebeur, lê sy die lang reis af van Násaret in die Noorde na die stadjie in die suidelike bergstreek van Juda. Daar soek sy die huis op van Sagarías en Elisabet. Met 'n blye groet stap sy binne. Met 'n nog blyer groet word sy verwelkom.
Elisabet, wat nou in haar sesde maand van verwagting was, voel hoedat die kindjie wat sy onder die hart dra, as 't ware opspring in haar skoot. Sy word met die Heilige Gees vervul en spreek 'n begroeting uit wat sy as gewone mens nie sou kon bedink het nie. Sy noem Maria die geseënde onder die vroue, en verklaar dat die vrug van haar skoot geseënd is. Nog voordat Maria daarvan kon vertel, weet Elisabet alles deur die Heilige Gees. Sy weet ook dat Maria "die moeder van my Here" is (v. 43), m.a.w. dat die nog ongebore kindjie van Maria die Here uit die hemel is. Sy verklaar hoedat die kindjie in haar eie skoot opgespring het van vreugde by die begroeting. Hy het as 't ware op dié manier sy Koning begroet. Profeties verklaar Elisabet dat alles wat die Here deur die engel aan Maria gesê het, in vervulling sou gaan.
Dié twee vroue wat elkeen so 'n wonderlike ondervinding van die genade van God ondervind het, het stellig baie gehad om aan mekaar te vertel. Hier kon Maria uiting gee aan die diepste ontroeringe van haar siel. Hier sing sy een van die mooiste lofsange wat in die skrif opgeteken

staan: "My siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker" (v. 46-47). So begin haar lofsang.
Die lofsang van Maria herinner sterk aan dié van Hanna, die moeder van Samuël (1 Sam. 2:1-10), maar oortref dit in geestelike verhewenheid. God word geloof omdat Hy die Almagtige is wat kragtige dade doen. Hy verydel die planne van die hoogmoediges, die maghebbers en die rykes, en Hy verhef die nederiges en versadig die hongeriges. Maria bly daarvan diep onder die indruk dat sy 'n nederige diensmaagd is, wat nou deur die Here verhef is tot die geseënde onder die vroue. Dit geskied nie omdat sy sonder sonde is nie – sy het self 'n Saligmaker nodig (v. 47) - maar omdat God barmhartigheid bewys en getrou bly van geslag tot geslag. Die beloftes aan Abraham bly vir die nageslag van krag tot in ewigheid.
Die kuier by Elisabet moes vir Maria 'n ware verkwikking gewees het. Vir drie maande, d.w.s. tot kort voor die tyd dat Elisabet se kindjie gebore moes word, bly Maria daar. Dan gaan sy terug na Násaret, seker met 'n angstige hart oor wat die mense van haar toestand sal sê.

**§ 13 Josef word deur 'n engel ingelig (Matt. 1:18-25)**

Teen die tyd dat Maria na Násaret teruggekeer het, kon sy die feit dat sy 'n kindjie verwag het, nie meer verberg nie. Haar grootste kwelling was seker hoe om aan Josef. haar verloofde te verduidelik dat sy geen ontrou gepleeg het nie. 'n Verlowing was in daardie dae 'n baie hegte band. Dit was prakties gelyk aan 'n huwelik, hoewel die verloofdes nog nie saam in een huis gewoon het nie. Troubreuk deur 'n verloofde was sowat gelyk aan egbreuk. Sou Josef haar nie van troubreuk verdink en haar verstoot nie?
Die aangeleentheid het vir Josef eweneens 'n ontsettende probleem geword. Hy wat as verloofde reeds haar man genoem word, was 'n regskape mens en het ook getrou volgens die voorskrifte van die wet gelewe. Hy wil dus geen skade aan sy goeie naam doen deur in die verdagte omstandighede aan Maria getrou te bly nie. Tog wil hy haar beskerm deur haar nie voor die gereg te bring en in die openbaar tot skande te maak nie. Daarom oorweeg hy dit om van die reg van die man gebruik te maak, naamlik, om in die teenwoordigheid van twee getroue getuies aan haar 'n brief te oorhandig waardeur die verhouding verbreek word.
Terwyl Josef met hierdie gedagte worstel, tree God weer eens handelend op en bring Hy self die lig van die waarheid in die hart van Josef. Die gebeur in 'n droom. 'n Engel van die Here verskyn aan Josef en vertel aan hom dat die kindjie wat Maria verwag. deur die Heilige Gees verwek is. Ook aan Josef word nou twee dinge gesê waardeur alle twyfel by hom weggeneem word.
Ten eerste word aan hom opgedra om aan die Seun die naam Jesus te gee. Josef weet dat die naam "Verlosser" beteken, maar nou verneem hy dat die Seun "sy volk van hulle sondes sal verlos" (v. 21). m.a.w. iets doen waartoe alleen God in staat is. Geen mens kan die sondes van 'n ander wegneem nie (vgl. Ps. 49:8-10). maar God kan dit wet doen (vgl. Ps. 32). Die Seun is dus 'n goddelike wese wat op bonatuurlike wyse verwek is. Bowendien sal Josef weldra van Maria verneem dat die engel ook aan haar gesê het dat die naam van die kind Jesus moet wees. En in die mond van twee getuies word 'n betroubare bewys gelewer.
Ten tweede word Josef herinner aan die profetiese woord van Jesaja (7:14). Dit lê voor die hand dat Josef moeilik sou kan aanvaar dat 'n maagd, wat nie 'n man het nie, swanger kan word. Nou wys die engel op die woord van die profeet. Hierdie wonder is juis die teken van die koms van die Messias. Die naam van die Kind moet, volgens Jesaja, Emmanuel wees, d.w.s. "God met ons." Dit juis gaan nou deur Maria in vervulling: God is aan die kom om met ons te wees, en om ons van die sondes te verlos.
Wanneer Josef hierdie dinge in sy droom verneem daal 'n groot vrede in sy hart. Nou is hy bereid om Maria in alles by te staan. en om desnoods saam met haar smaad en vernedering te verduur. Hy gaan voort met die huwelik, en neem Maria as vrou by hom in sy huis. In heilige eerbied en kuise selfbeheersing het hy saam met haar die geboorte van haar eersteling afgewag. Later. toe die kindjie gebore is het hulle Hom Jesus genoem.

**§ 14 Die geboorte van Johannes die Doper (Luk. 1:57-80)**

Die lewe in die huis van Sagarías en Elisabet daar in die bergstreek van Judea het stil verloop. Sagarías kon nie praat nie, en blykbaar was hy ook doof (vgl. v. 62). Die straf vir sy ongeloof toe die engel hom in die tempel aangespreek het, was dus dat hy doofstom geword het. Begryplik was dit vir Elisabet in sulke omstandighede moeilik om met hom 'n gesprek te voer, en veral om die gedagtes van haar hart mee te deel. Hy het van 'n skryfbordjie gebruik gemaak, d.w.s. van 'n houtplankie wat met was bestryk is waarop 'n mens met 'n griffel kon

skryf en agterna weer die plankie glad kon stryk vir die volgende keer. Daarby het hy 'n gebaretaal aangeleer sodat hy goed kon begryp as iets vir hom beduie word.

Elisabet het haar uit die sosiale lewe teruggetrek en in die afsondering van haar huis voorbereidsels getref vir die geboorte van haar seun. Daar was dus vir haar en haar man baie tyd vir nadenke. Veral Sagarías moes steeds met sy gedagtes besig gewees het. Die laaste woorde wat hy gehoor het, was die van die engel. Gabriël het die profesie van Maleági aangehaal wat betrekking het op die voorloper van die Messias. Nou dat sy vrou werklik 'n seun verwag, soos die engel gesê het, het Sagarías oortuig geraak dat die seun bestem was om die wegbereider van die verwagte Messias te wees. Met sy gedagtes het hy God daarvoor geloof, maar met sy tong kon hy die lof nie uitspreek nie.

In hierdie stilte was daar een onderbreking. Maria, 'n bloedverwant van Elisabet, het kom kuier, en die wonderlike nuus gebring van die verskyning van die engel Gabriël aan haar. Drie gelukkige maande het Maria by hulle deurgebring, en is toe weer huis toe na Násaret. Kort daarna het Elisabet aan haar seun die lewe gegee.

Die gebeurtenis het die hele stadjie aan die praat gehad. Daar is groot belangstelling van die bure en vriende wanneer die seuntjie volgens die voorskrif van die wet (Gen. 17:10-14 vgl. Lev. 12) op die agste dag besny moet word en sy naam deur die vader aangekondig moet word. Maar hierdie keer sit die vader op die agtergrond aangesien dit so moeilik is om met hom te praat. Die bure besluit dat die kind sy vader se naam moet kry. Maar die moeder maak sterk beswaar en dring daarop aan dat die Seun Johannes genoem moet word.

'n Argument ontstaan oor die aangeleentheid. Die bure hou vol dat die naam Johannes (= God is genadig) in die familie nie voorkom nie, maar hulle kan Elisabet nie oorreed nie. Dan wend hulle hul tot die vader en beduie vir hom wat die moeilikheid is. Hy vra sy skryfbordjie en skryf sonder die geringste onsekerheid: "Johannes is sy naam."

Oor hierdie reaksie van Sagarías was almal verwonderd, maar nog meer verbaas toe hy onmiddellik sy spraak herwin. Die eerste woorde wat hy uitspreek, is 'n lied van lof aan God. So lank reeds wou hy dit doen, maar kon nie. Nou dat God die straf vir sy ongeloof weggeneem het, verlustig sy siel hom in die uitspreek van lof en dank aan die Here.

Die bure het diep onder die indruk gekom van wat gebeur het. Hulle besef dat God 'n besondere voorneme met hierdie kindjie het, maar hulle weet nie wat presies dit kan wees nie. Vir almal is dit egter duidelik dat die hand van die Here met die kindjie was om sy weg voorspoedig te maak.

Die woorde wat van Sagarías se lippe vloei, is 'n verhewe lofsang tot eer van God. Hy is deur die Heilige Gees vervul om 'n verhewe danklied uit te spreek (v. 68-75), en daarna 'n profesie aangaande sy kindjie (v. 76-79). Deur die innerlike verligting van die Heilige Gees het die bejaarde priester 'n helder insig verkry in die gebeurtenisse waarin hy self betrokke is. God, die Here, het in sy barmhartigheid verlossing teweeggebring vir sy volk deurdat Hy aan sy belofte uitvoering gegee het en "'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg" (v. 69). Getrou aan die verbond wat met die vaders opgerig is, het Hy sy volk verlos uit die hand van vyande sodat hulle Hom in heiligheid en geregtigheid kan dien.

Die Heilige Gees het Sagarías tot die insig gelei dat die nog ongebore Kindjie van Maria in werklikheid die langverwagte Verlosser van Israel is.

Deur die Gees spreek hy ook profeties van sy eie kindjie. Hy sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word (vgl. Matt. 11:9 e.v.), die wegbereider van die Here wees en die volk oproep tot bekering en tot die opgaande Lig.

Van die kinderjare en jeug van Johannes word ons niks meer vertel nie. Ons lees net dat hy opgegroei en sterk in die Gees geword het. Later het hy hom afgesonder in die woestyn, vermoedelik in die omgewing van die Dooie See. Daar bly hy in die eensaamheid totdat die tyd aangebreek het dat hy as boeteprediker sou optree.

### § 15 Die stamboom van Jesus (Matt. 1:2-17; Luk. 3:23-38)

Vir die getuienis dat Jesus van Násaret die beloofde Christus was, was dit van groot belang om te bewys dat Hy uit die huis van Dawid was. Om alle twyfel hieromtrent weg te neem, teken Matthéüs en Lukas elk die stamboom van Jesus op, maar met opvallende verskille.

Ten einde die afstamming van Dawid te bevestig, was dit nodig om die lys net tot op Dawid terug te voer. Beide evangeliste gaan egter verder terug, Matthéüs tot op Abraham en Lukas tot op Adam. Eersgenoemde skryf vir Joodse lesers en wil hulle onder die indruk bring van die vervulling van die beloftes wat God aan Abraham, die vader van Israel, gegee het. Lukas skryf vir Theófilus, maar mitsdien vir die Grieke, en wil aantoon dat die hele mensheid betrokke is

by die koms van die Christus. Daarom stel hy 'n lys op wat tot op die eerste mens, Adam, teruggaan.

Van Adam tot op Abraham volg Lukas die lyste wat ons in Gen. 5 en 11, en 1 Kron. 1 vind. Van Abraham tot op Dawid gee Matthéüs en Lukas dieselfde name, maar daarna tot op Josef verskil die lyste. Matthéüs volg 'n ander linie en noem minder generasies as Lukas, hoewel Seáltiël en Serubbábel, na die ballingskap, by albei voorkom

Matthéüs volg die lyn van Dawid oor Salomo tot op Josef, d.w.s. die wetlike koninklike linie. Daardeur word bewys dat Josef 'n wetlike erfgenaam is van die koningskap van Dawid. Lukas volg 'n linie van Dawid oor Natan en bied daardeur die natuurlike erflike lyn. Albei evangeliste kies hulle woorde baie versigtig wanneer hulle Jesus met die stamlys verbind.

Aan die einde van sy lys skryf Matthéüs: "Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word." Daaruit blyk dat Josef nie die natuurlike vader van Jesus is nie. Volgens die Joodse huweliksreg word die vrou egter ingeskakel in die stam van die man. Gevolglik word Jesus, die seun van Maria, wetlik ingelyf in die linie van Josef, en mitsdien as wetlike erfgenaam van die koningskap van Dawid.

Aan die begin van sy lys skryf Lukas: "Hy (Jesus) was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef, die seun van Eli. . . . ". Die uitdrukking: "soos hulle gemeen het," wil nie sê dat die mense onder die indruk was dat die stamlys wat Lukas opteken die van Jesus was, maar dat dit in werklikheid nie so was nie; of dat hulle gedink het dat Jesus die seun van Josef was en dat Lukas dus maar die stamlys van Josef opteken nie. As ons die grondteks noukeurig bekyk, kom ons tot die insig dat Lukas se woorde só verstaan moet word: "Hy (Jesus) was, soos hulle gemeen het Josef se seun, die seun (= kleinseun) van Eli . . . ". Dus, Jesus was algemeen bekend as Josef se seun, maar deur sy moeder, Maria, was hy die kleinseun van Eli (= die vader dus van Maria). En dan gaan Lukas voort om die stamlys van Maria op te teken. Dat sy wel tot die geslag van Dawid behoort, het ons reeds aangedui (vgl. § 11). Deur haar stamboom neer te skryf, dui Lukas die natuurlike afstamming aan sodat hier die bevestiging voorhande is van die woord van Paulus: "aangaande die Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid" (Rom. 1:3).

Anders as by Lukas vermeld Matthéüs die name van vier vroue: Tamar, Ragab, Rut en die vrou van Uria (= Batseba). Die eerste drie was nie Israelitiese vroue nie, en die laaste die vrou van 'n Hetiet. Met uitsondering van Rut was hulle bekend weens sedelike skanddade in hul lewe. Waarom sou Matthéüs hierdie vroue in die stamlys opneem, terwyl dit tog gebruiklik was om slegs manne in so 'n lys te noem? Waarskynlik het hy 'n tweeledige oogmerk gehad. Hy wou die Jode wat hulle so hoogmoedig teen Jesus verset het, daaraan herinner dat daar in hulle geskiedenis, selfs in die linie van Dawid. vernederende skandvlekke voorkom waaroor hulle hulle steeds behoort te verootmoedig. En verder wil Matthéüs aantoon hoeseer die geboorte van Jesus uit die geslag van Dawid 'n daad van vernedering was en van vereenselwiging met diepgevalle sondaars. Daardeur word beklemtoon dat die afstamming van Dawid nie die saak is waarop geroem kan word nie, maar wel op die genade van God wat in die geskiedenis van die geslag van Dawid aan sy volk bewys is.

'n Ander verskil is dat Lukas heelwat meer generasies noem as Matthéüs. Die verklaring hiervoor word deur Matthéüs self gegee (v. 17). Hy volg 'n bepaalde skema en het die geslagte ingedeel in 3 x 14 geslagte. Van Abraham tot op Dawid is daar 14. van Dawid tot die ballingskap 14. en van die ballingskap tot Jesus weer 14. So 'n skema is by die Jode dikwels gevolg as hulpmiddel vir die geheue. Dit is egter duidelik dat Matthéüs aan hierdie getalle 'n simboliese betekenis gee. Die getal 14 kan herlei word tot 2 x 7. Die 7-tal kom meermale in die Skrif voor as aanduiding van die volkomenheid of volheid wat van God uitgaan. Dit kan ook vertolk word as die som van 3 plus 4, na aanleiding van die gebroke 7-tal wat in Openbaring voorkom.

In hierdie geval dui die 3-tal op die goddelike Drie-eenheid, en die 4-tal op die vier windrigtings. m.a.w. op die skepping of die mensheid. Só verklaar, het die 7-tal te doen met die handelinge van die Drie-enige God met die mensheid, dus: die volheid en volkomenheid van Sy genade en Sy oordeel soos dit in die geskiedenis geopenbaar word. Die 2 x 7 dui op die dubbele mate van die volheid van God, en die 3 x 14 op die stellige bevestiging van die genadige heilsbedoeling in die geskiedenis. Deur sy getalle-skema wil Matthéüs dus nog eens die genade van God belig soos dit deur die lange geskiedenis aan Israel betoon is. Verder lê hy ook 'n simboliese band tussen die vader van die belofte, Abraham, en die Vervuller van die belofte. Jesus. Daarom behoort almal wat daarop aanspraak maak dat hulle kinders van

Abraham is ook Jesus en sy woord te aanvaar.
Nog een opmerking. Lukas gaan in die stamlys terug tot Adam en voeg dan by: "die seun van God" (Luk. 3:38). Adam, die vader van die mensheid, is seun van God in die sin dat God hom deur 'n skeppingsdaad in die lewe geroep het. In daardie daad van God het die hele mensheid sy oorsprong, maar deur Adam het die sonde oor die menslike geslag gekom. En nou, in die volheid van die tyd, verrig God 'n nuwe skeppingsdaad deur die bonatuurlike geboorte van Jesus. Hy word die tweede Adam in wie die nuwe mensheid sy begin het (vgl. Rom. 5:12-21).

**§ 16 Die geboorte van Jesus (Luk. 2:1-7)**

Keiser Augustus het 'n bevel uitgestuur dat 'n sensus in die hele Romeinse Ryk opgeneem moet word. Die jaar waarin dit plaasgevind het, word deur Lukas vaagweg aangedui as die tyd toe Cirénius (= Quirinius) goewerneur van Sírië was. Hierdie bekwame administrateur het by twee geleenthede, etlike jare na mekaar, in Sírië belangrike ampspligte waargeneem. In daardie tyd het die goewerneur van Sírië die bevoegdheid gehad om toesig e hou oor die administrasie van Palestina deur Herodes die Grote. Volgens berekening moes hierdie eerste inskrywing waarby die Jode betrokke was, in ongeveer 8 - 6 v.C. plaasgevind het (vgl. § 3(b)).
So 'n sensusopname is 'n groot onderneming wat goed georganiseer moet word. In ons tyd word duisende sensusopnemers van huis tot huis deur die land gestuur. Destyds was dit andersom: duisende gesinshoofde moes die land deurtrek om by bepaalde plekke hulle opgawes persoonlik in te dien. Aangesien die Jode vasgehou het aan hul stamverband, is bepaal dat elkeen na die stamdorp of -stad moet gaan vir die inskrywing. Vir Josef en Maria het dit beteken dat hulle na Betlehem, die stad van hul stamvader Dawid, moes gaan (vgl. 1 Sam. 17: 12 en 58).
Dit was nie noodsaaklik dat Maria haar man na Betlehem moes vergesel nie. Saam besluit hulle egter dat dit beter is dat sy dit wel doen. Wat die oorwegings was wat tot so 'n besluit gelei het, kan ons slegs vermoed. Dit is moontlik dat Maria nie kans gesien het om alleen in Násaret te bly nie omdat die bure onsimpatiek en agterdogtig bly oor haar onbegryplike swangerskap. Josef het van sy kant seker nie kans gesien om haar agter te laat juis in 'n tyd wanneer sy soveel liefde en bystand nodig het nie. Hoe moeilik en vermoeiend die lang reis vir haar ook sou wees, blyk dit tog verkieslik te wees. Saam onderneem hulle dit dus.
Aan die einde van die reis ondervind hulle net so 'n moeilike situasie. Betlehem is oorvol van mense wat vir dieselfde doel as hulle daarheen gekom het. Die gevolg is dat hulle geen verblyfplek kan vind nie. By die herberg waar hulle aanklop, word hulle weg gewys. Die woord wat hier vir "herberg" gebruik word, is dieselfde wat in Luk. 22:11 die betekenis het van "kamer" waarin Jesus die laaste maaltyd met sy dissipels eet. Dit is dus nie 'n gewone herberg, soos die waar die barmhartige Samaritaan die gewonde man gelaat het nie (Luk. 10:34). Dit is moontlik dat Josef met iemand 'n afspraak gemaak het dat 'n kamer vir hulle beskikbaar gehou moes word. Nou vind hulle die kamer reeds beset, en die eienaar wys hulle van die deur weg. Die woord van Johannes (1:11) is in hierdie vroeë stadium reeds bewaarheid: "Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie." Vermoeid en mismoedig swerf Josef en Maria deur die straatjies en vind eindelik 'n onderdak in 'n stal in die een of ander binneplaas. Daar kom hulle tot rus vir die nag. Die huisvesting is baie anders as wat hulle hul voorgestel het toe hulle die "kamer" in gedagte gehad het. Maar dit het ook sy voordele. Hier is hulle afgesonderd van die gedrang, weg onder die nuuskierige oe van mense, alleen by mekaar.
Lukas sê nie dat die Kindjie van Maria op daardie eerste nag in Betlehem gebore is nie. Waarskynlik was dit eers 'n paar dae later. In die afsondering van die stal word Maria se eersteling-Seun gebore. Geen kundige vrouehand is daar om in die uur van haar benoudheid haar hulp te verleen nie. Josef alleen staan haar by. Wanneer die Kindjie gebore is, draai sy Hom toe in die doeke wat sy saamgebring het, en sy lê Hom neer in die krip. Daar vind Jesus sy wieg.
Dit tref ons dat Lukas, wat as skrywer sy woorde met sorg kies, uitdruklik sê dat hierdie Kindjie Maria se "eersgeborene" was, en nie haar "eniggeborene" nie. Die opvatting dat Maria geen verdere kinders gehad het nie of dat sy ook na die geboorte van Jesus maagd sou gebly het, vind hier 'n pertinente weerlegging. Wanneer daar dus later sprake is van die broers en susters van Jesus (Matt. 13:55-56), word die kinders van Josef en Maria bedoel.

**§ 17 Die herders van Betlehem (Luk. 2:8-20)**

In die nag toe die Kindjie gebore word, is alles stil in Betlehem. By die flou lig van 'n olielampie sit Josef daar by Maria in die stal, diep onder die indruk van die wonderlike koms van die Kindjie. Hulle gedagtes gaan terug na die woord van die engel: "Julle moet Hom Jesus noem,

want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Matt. 1:21; Luk. 1:31). Hy het ook gesê: "Hulle sal Hom Emmanuel noem, dit is: God met ons" (Matt. 1:23). Nou het die groot gebeurtenis plaasgevind. Die Kindjie is gebore. Maar in Betlehem is alles stil. Daar is geen fees nie. Van die kant van die mense is daar geen aankondiging dat die Christus gebore is nie. Maar God kondig dit aan vanuit die hemel. Dit doen Hy nie aan die hooggeplaastes in die land of aan die owerpriesters in die tempel nie, maar aan 'n aantal herders buite in die veld - aan mense wat dieselfde nederige werk doen as wat die herderseun Dawid eeue te vore in dieselfde omgewing gedoen het.

Terwyl die herders onder die nagtelike hemel rondom hul vuurtjie sit, verskyn 'n engel aan hulle en word hulle omstraal deur die glans van heerlikheid.

Hulle weet dat dit geen aardse lig is nie, maar die heerlikheid van die Here (v. 9), d.w.s. dieselfde heerlikheid wat Israel op die reis deur die woestyn in die wolk gesien het (Exod. 16:10) en wat Salomo se tempel gevul het toe dit ingewy is (1 Kon. 8:11). Daarom word hulle vreesbevange by die aanskoue van die hemelse verskyning. Die engel stel hulle egter onmiddellik gerus en kondig aan dat hy die boodskap van groot blydskap bring wat vir die hele volk bedoel is. Die boodskap is dat in daardie nag 'n Kindjie in die stad van Dawid gebore is, en dat die Kindjie die Saligmaker, Christus, die Here is.

Elkeen van hierdie name moes vreugde in die harte van die herders gewek het omdat hierdie name dikwels onder die Jode genoem is wanneer hulle in hulle verdrukking uitgesien het na die koms van die Messias. Hy sou die Redder en Behouer wees, die Saligmaker wat vir hulle bevryding, vreugde, vrede en volle saligheid sou bring. Hy sou die Christus, d.i. die Messias, wees, wat die koninkryk van Dawid sou oprig en die volk in die volste sin van die woord uit hulle bande sou bevry. Hy sou ook die Here wees, d.i. die volstrekte Heerser oor alle dinge, aan wie alle magte onderwerp is sodat Hy Eienaar en Regeerder van alles sou wees. Nou hoor hulle dit van die engel: die Draer van hierdie goddelike benaminge is gebore.

Die engel gee hulle nie opdrag om die Kindjie te gaan opsoek nie, maar wel 'n teken waaraan hulle Hom onder ander klein kindertjies in die stad sal uitken. En die teken is so volkome anders as wat hulle sou verwag het nadat hulle die verhewe name gehoor het. Hulle sal Hom nie in die een of ander deftige woning vind nie, maar in 'n stal. Toegedraai in doeke soos die armste onder die armes sal hulle Hom in 'n krip sien lê. En die toegang na Hom toe staan oop, ook vir die armes, die herders.

Meteens sien die herders 'n hemelse leërskare van engele en hoor hulle die hemelse lofsang: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!" (v. 14). As ons die grondteks vertaal soos ons dit hier uit die Afrikaanse Bybelvertaling aanhaal, bevat die lofsang drie dele: eers word lof, heerlikheid en eer aan God toegebring; dan word aangekondig dat 'n bedeling van vrede op die aarde aangebreek het, en verder dat God sy welbehae teenoor die mense betuig het. Dit is ook moontlik om te vertaal: "Eer aan God in die hoogste hemele, en vrede op aarde onder die mense van welbehae." In hierdie geval word die vrede op aarde nie aan alle mense toegesê nie, maar slegs aan diegene in wie God 'n welbehae het, m.a.w. sy uitverkorenes wat die Saligmaker gelowig sal aanvaar. In elk geval is hier nie sprake van 'n welbehae van mense onder mekaar nie, asof die vrede op aarde bewerkstellig sal word deur die onderlinge welwillendheid van die bewoners van die aarde. By die geboorte van Jesus gaan dit om 'n daad van goddelike ontferming. Hy het Hom neergebuig na die aarde om vrede te bring deurdat Hy die weg tot verlossing van sonde open, en dit doen Hy omdat Hy in mense 'n welbehae het en dit nou deur die koms van sy Seun betuig. Daarom kom al die eer en heerlikheid in die eerste plek aan God toe.

Nadat die engele weggegaan het, besluit die herders om die Kindjie te gaan soek. Hulle het geen twyfel daaromtrent nie dat die Here self aan hulle die blye boodskap bekend gemaak het. In Betlehem aangekom, moes hulle heelwat navraag doen voordat hulle die Kindjie gevind het. Die leidraad was dat hulle Hom in 'n krip sou sien lê. Dus moes sy ouers êrens in 'n stal onderdak wees. Weldra kom hulle by die plek uit. Met verwondering en eerbied tree hulle nader, en word deur Maria en Josef vriendelik ontvang. Opgewonde vertel hulle wat hulle daar buite in die veld beleef het, en wat die engel aangaande die Kindjie aangekondig het. Almal wat die herders gehoor het, was verbaas oor die merkwaardige verhaal, maar Maria het al die woorde in haar hart bewaar en daaroor nagedink. Sy het probeer om die volle betekenis van die gebeurtenisse te deurgrond. en om al die besonderhede in haar geheue in te prent.

Die herders gaan terug met groot blydskap in die hart. Hulle het God verheerlik en gedank vir alles wat hulle gesien en beleef het.

## § 18 Onderworpe aan die wet (Luk. 2:21-24)

Wanneer 'n seun in 'n Joodse gesin gebore word, was daar altyd groot vreugde. Daar was egter ook bepaalde voorskrifte van die wet wat noulettend uitgevoer moes word, soms met groot opoffering van die kant van die ouers. Deur sy geboorte is Jesus gestel onder die wet (vgl. Gal. 4:4). en moet Hy die besnydenis ondergaan. Dit gebeur op die agste dag na die geboorte. Vir die Israeliet het die besnydenis 'n tweeledige betekenis. Dit dien as die seël van die verbond wat God met Abraham opgerig het, en skenk die versekering dat die Here aan so 'n kind al die seëninge van die verbond wil skenk. Maar dit stel die ouers en die kind self onder 'n verpligting teenoor die Here. Die kind moet in die wet van God getrou onderrig word en later self daartoe kom om die bepalinge van die wet en al die insettinge vrywillig te gehoorsaam. Vir Jesus het die besnydenis eweneens hierdie dubbele betekenis. Hy bly volstrek versekerd van die trou van God, sy hemelse Vader; en Hy is onder die verpligting gestel om die bepalinge van die wet te gehoorsaam. Juis dit wat geen mens kan doen nie, het Hy volvoer sodat Hy vir ons "die einde van die wet" geword het (Rom. 10:4).

By die besnydenis vind ook die naamgewing van die kindjie plaas. In gehoorsaamheid aan die opdrag van die engel aan hulle beide, gee die ouers aan Hom die naam Jesus.

Nadat hierdie gebeurtenis plaasgevind het, bly hulle in Betlehem rustig woon. Na die drukte in verband met die sensus verby is, het hulle beter huisvesting gevind, en waarskynlik het Josef geleentheid gekry om as timmerman genoeg te verdien vir hulle onderhoud. Ruim het hulle dit egter nooit gehad nie. Hulle moet bowendien voorsiening maak vir 'n reis na Jerusalem om in die tempel aan sekere voorskrifte van die wet uitvoering te gee.

Die wet het bepaal dat na die geboorte van haar kind die moeder 'n tyd lank onrein is en dus aan niks wat heilig is, mag raak en nie na die heiligdom mag opgaan nie. In die geval van 'n seun bly sy onrein vir 33 dae na die besnydenis wat op die agste dag plaasvind, d.w.s. vir 41 dae. In die geval van 'n dogter bly die moeder vir 80 dae onrein. Daarna moet sy na die tempel gaan om vir haar reiniging twee offers te bring: 'n lam as brandoffer en 'n duif of tortelduif as sondoffer. In geval iemand nie 'n lam kan bekostig nie, kan sy ook vir die brandoffer 'n duif of tortelduif bring (Lev. 12).

Dit was dus 33 dae na die besnydenis dat vader, moeder en Kind van Betlehem sowat agt myl suid van Jerusalem opgaan na die heilige stad en na die tempel. Omdat hulle arm was, neem hulle twee duiwe vir die twee offers, en in eerbiedige onderworpenheid handel hulle volgens die reinigings-voorskrif. Die duiwe sterf sodat Maria as 't ware uit die dood van onreinheid tot die lewe teruggebring kan word. Dit is deel van die vernedering van die Seun van God dat sy moeder onrein geword het onder die wet deurdat sy aan Hom, die sondelose en heilige, die lewe gegee het.

Daar is ook 'n tweede bepaling van die wet waaraan die ouers moet voldoen. Lukas vertel dat hulle die Kindjie na Jerusalem gebring het "om Hom aan die Here voor te stel, soos geskrywe is in die wet van die Here: Elke manlike kind wat die moederskoot open, sal heilig vir die Here genoem word" (2:22 e.v.).

Die aanhaling verwys na die opdrag van die Here dat in die hele Israel elke eersgebore seun afgesonder moes word vir die diens van die Here (Exod. 13:2). Later, nadat die volk by die berg Sinaï teen die Here gesondig het, is die stam van Levi aangewys vir die diens van die Here (Num. 3:12). Daardeur het dit moontlik geword dat die eersgebore seuns van die ander stamme vrygestel word van hierdie diens maar dan moes hulle as 't ware terug gekoop word van die Here. Dit gebeur deurdat die ouers die seuntjie na die tempel bring en daar sy losprys van 5 sikkels betaal, wat dan gebruik word vir die instandhouding van die tempeldiens (Num. 18:15-16). (Vir die waarde van 'n sikkel, sien DEEL 1, § 471).

Ook aan hierdie voorskrif voldoen Josef en Maria soos vrome en wetsgetroue Jode. En tog is dit 'n situasie vol teenstrydighede.

Hier word vir die Seun van God 'n losprys betaal om Hom vry te stel van die diens van God in die heiligdom. Maar ook dit is deel van sy vernedering. Hy word onder die wet behandel soos elke ander eersgebore seun in Israel, maar daardeur word Hy vir almal die eersteling uit die dood tot die lewe (Kol. 1:18). Hiervoor het Lukas 'n fynsinnige aanvoeling wanneer hy skryf dat die ouers gegaan het om Hom "aan die Here voor te stel." Die engel Gabriël gebruik dieselfde uitdrukking wanneer hy sê dat hy "voor God staan" (Luk. 1:19), en daarmee verklaar dat hy altyd gereed staan om die bevele van God uit te voer: hy is in die diens van God. Dus, al het die ouers van Jesus vir hulle eersgeborene die voorgeskrewe losprys kom betaal, was daar diep in hulle harte die gedagte dat hulle hierdie Kindjie, wat op so 'n bonatuurlike wyse

aan hulle toevertrou is, nou in die tempel aan die Here voorstel of aanbied sodat Hy volkome in die diens van die Here kan staan.

**§ 19 In die tempel: Símeon en Anna (Luk. 2:25-38)**

Nadat Josef en Maria in die tempel die voorgeskrewe handelinge in verband met die lossing van die eersgeborene en die reiniging van die moeder voltooi het, vertoef hulle nog 'n bietjie om die bedrywigheid van die priesters te aanskou en die pragtige geboue te bekyk. Terwyl hulle so tussen die mense heen beweeg, ontmoet hulle twee merkwaardige bejaardes, die een na die ander, eers Símeon (= verhoring) en toe Anna (= genade).

Die bejaarde Símeon was blykbaar in Jerusalem goed bekend. Van sy lewe vertel Lukas ons geen besonderhede nie, maar hy noem vier eienskappe waardeur ons hierdie man leer ken: Hy was "regverdig en vroom en het die vertroosting van Israel verwag, en die Heilige Gees was op hom" (2:25). Sy regverdigheid het daarin bestaan dat hy nougeset die wet van God nageleef het en probeer het om sover dit menslik moontlik is die wet nie te oortree nie. Indien hy by geleentheid dit wel sou doen, het hy met berou in die hart die nodige offers gebring vir die vergifnis van sy oortredinge. Hiermee hang saam dat hy vroom was. Hy het kinderlik in God geglo en op Hom vertrou. Ook het hy getrou opgegaan na die tempel om teenwoordig te wees by die daaglikse more- en aandoffer, en volhard in die vaste, gebede en aalmoese soos dit 'n vrome Israeliet betaam. Voorts het hy die "vertroosting van Israel" verwag. Die volk was in sware verdrukking en het uitgesien na die Verlosser wat hulle sou bevry en vertroos. Die Trooster sou die Messias wees wat deur God gestuur sou word as Uitredder van die volk. Símeon leef in die verwagting dat die Messias sou kom, en dat God die verlossing van sy volk op 'n heerlike wyse sou bewerkstellig. En by hierdie mooi eienskappe kom die vierde: die Heilige Gees was op hom.

In daardie tyd was die Heilige Gees nog nie uitgestort nie, maar van die begin af was Hy werksaam. Die Gees van profesie het telkens vaardig geword oor die gesante van God, en was werksaam in die lewe van enkelinge. So was dit ook met Símeon.

Deur die Heilige Gees het hy die versekering ontvang dat hy nog voor sy dood "die Christus van die Here" sou sien, d.w.s. die Gesalfde van die Here, die Messias. Daarom het Símeon in die stellige verwagting geleef dat die tyd baie naby was, en het hy met die klim van sy jare byna rusteloos begin word in sy verlange na die koms van die Messias. Toe op 'n dag lei die Heilige Gees hom na die tempel met die stellige voorwete dat hy daar iets heerliks sal beleef. Dit duur ook nie lank nie of hy sien 'n jong man en vrou met 'n Kindjie op die arm. Oombliklik weet hy met sekerheid: die Kindjie is die langverwagte Christus van die Here.

So 'n sekere wete kon alleen deur die Heilige Gees gekom het. Die vromes in Israel het verwag dat die Messias in hemelse heerlikheid sou verskyn, en as Koning na vore sou tree om die mag van Rome te breek en die ryk van Dawid op te rig. Maar nou sien Símeon 'n armoedige jong egpaar met 'n Kindjie van ses weke oud op die arm van die moeder. So 'n ouerpaar met hulle eersteling is 'n alledaagse gesig in die tempel. En tog weet Símeon dat in hierdie geval dit nie iets alledaags is nie, maar eenmalig in die geskiedenis. Die Kindjie is immers die "vertroosting van Israel." Uit homself kon Símeon dit nie geweet het nie, maar die Heilige Gees het sy oë geopen.

Met groot eerbied gaan hy na die moeder en neem die Kindjie in sy arms. Byna in vervoering van blydskap spreek hy. Dit is asof hy die ouers van die kindjie nie raaksien nie. Hy loof God omdat die belofte wat die Here aan hom gegee het, nou bewaarheid is. Daarom is hy bereid om in vrede te sterf. Sy oë het die heil van die Here gesien, d.w.s. die saligheid wat God vir sy volk voorberei het. Maar hy sien nog meer: die woord van Jesaja (42:6; 49:6) gaan in vervulling deurdat "'n lig tot verligting van die nasies" opgegaan het. Dit sal ook wees tot heerlikheid van Israel, omdat diegene uit die volke wat die lig deelagtig word, sal weet dat die Messias uit Israel voortgekom het.

Nadat Símeon so byna buite homself die Here geloof het, kyk hy die moeder aan. Dit is asof hy weet dat Josef nie die eintlike vader van die Kindjie is nie, maar dat Maria deur 'n wonder van God die moeder is. Teenoor haar spreek hy 'n profetiese woord uit nadat hy die Kindjie in die arms van die moeder gelê het, die hande opgehef en hulle geseën het. Plegtig verklaar hy dat die Kindjie "bestem is tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel." Daar sal verset kom teen Hom omdat Hy op so 'n volstrek ander manier as Messias gekom het as wat die volk verwag het. Diegene wat Hom weerspreek, sal daarin hulle eie val en ondergang tegemoetgaan, maar diegene wat Hom gelowig aanvaar, sal opgerig word tot die ware lewe. Rondom die persoon van die Kindjie sal stryd ontstaan. Maria self sal daarin betrokke word en 'n swaard sal haar

hart deurboor. Dit alles sou geskied sodat die diepste gedagtes uit baie harte geopenbaar sou word. Mense sal verplig word om kant te kies vir of teen Jesus. Voor Hom sal geen geveinsdheid of skyn-lojaliteit kan bestaan nie.

Verwonderd luister Josef en Maria na die woorde van die ou man, Símeon, en neem dan van hom afskeid.

Net daarna kom 'n ander hoogbejaarde persoon nader, 'n vrou met die naam Anna. Sy was 'n dogter van Fánuel, uit die stam van Aser. d.w.s. een van die tien stamme wat nie uit die ballingskap teruggekeer het nie. Daar het baie min van hulle oorgebly in die Joodse land. Anna was vier-en-tagtig jaar oud.

Nadat sy as jong meisie in die huwelik getree het, was sy maar sewe jaar getroud toe haar man oorlede is. Van toe af het sy weduwee gebly en haar lewe in diens van die Here gestel. Iedere dag was sy by die tempel besig met vaste en gebede, en selfs in die nag het sy daarmee voortgegaan. Sy was bekend as 'n profetes deur wie die Here soms sy welbehae bekend gemaak het. Ook sy sien die jong egpaar met hul eersteling, en begin om die Here te prys omdat die Verlosser gekom het. As sy die tempel verlaat en die stad weer ingaan, vertel sy dit aan almal wat die verlossing van Israel verwag. Daar was 'n aansienlike getal vromes wat onderling saamgebind is deur hulle sterke verlange na die koms van die Messias. Aan hierdie groep gaan Anna die blye boodskap bring dat die dag van verlossing aangebreek het.

Noudat Josef en Maria voldoen het aan die voorskrif van die wet, oorweeg hulle dit om na Násaret terug te gaan. Eers gaan hulle egter terug na Betlehem.

**§ 20 Die wyse manne uit die Ooste (Matt. 2:1-12)**

Hoe lank Josef en Maria in Betlehem bly woon het, kan nie met sekerheid bepaal word nie. Waarskynlik het hulle ongeveer twee jaar daar gewoon voordat iets gebeur het wat die hele Jerusalem in beroering gebring het en 'n onmenslike ramp in Betlehem veroorsaak het.

Nog in die regeringstyd van Herodes die Grote kom daar sekere wyse manne uit die Ooste in Jerusalem aan, en doen navraag omtrent "die Koning van die Jode, wat gebore is." As rede voer hulle aan dat hulle sy ster in die Ooste gesien het en nou gekom het om aan Hom hulde te bewys.

Ons word nie vertel hoeveel wyse manne daar was nie of uit welke land hulle gekom het nie. Op grond van die drie geskenke wat hulle aan die Kindjie bied, naamlik goud, wierook en mirre, het die opvatting ontstaan dat dit drie manne was en wel drie konings. Rondom die drie het allerlei legendes ontstaan, o.a. dat die een 'n neger uit Afrika sou wees, en dat hulle name Caspar, Melchior en Baltasar sou gewees het. Vir dergelike legendes bestaan daar egter geen historiese grond nie. Ons weet slegs wat in die Evangelie staan**:** dit was 'n aantal wyse manne uit die Ooste.

In die grondteks word hulle aangedui as "magiërs." Daarmee word nie bedoel dat hulle towenaars was nie, maar manne van die wetenskap wat oor kennis aangaande die natuurkragte en die lewe beskik het wat vir die gewone mens verborge was. In die Boek Daniël word herhaaldelik melding gemaak van die wyse manne in Babilon. Hulle het hulle daarop toegelê om in allerlei natuurverskynsels 'n aanduiding te ontdek van toekomstige gebeurtenisse in die lewe van die enkeling of in die geskiedenis van 'n volk. As heidene het hulle die wysheid vermeng met die bygeloof. In die besonder het hulle die stand van die sterre bestudeer. Hulle was oortuig dat daar 'n verband bestaan tussen die stand van die sterre en gebeurtenisse in die lewe van mense en volke hier op aarde, en het 'n wetenskap ontwikkel om hierdie verband aan te wys. In sover hulle die sterre bestudeer het, was hulle astronome, sterrekundiges; maar in sover hulle die betekenis van die sterre vir die lewe op aarde probeer vertolk het, was hulle astroloë, sterrewiggelaars. By hulle was laasgenoemde funksie die hoofsaak.

In daardie tyd het hulle 'n heel besondere ster "in die Ooste" gesien, en tot die oortuiging gekom dat dit die teken is dat 'n Koning van die Jode gebore is. Dus, toe hulle nog in die Ooste was, het hulle die ster opgemerk, waarskynlik aan die westelike hemel d.w.s. in die rigting van die Joodse land. Daar bestaan drie opvattinge omtrent die ster. Sommige meen dat dit 'n nuwe ster, 'n *nova*, was, d.w.s. 'n ster wat as 't ware ontplof en dan vir 'n tyd lank helderder skyn waarna hy terugkeer tot sy vorige helderheid. Andere dink aan 'n komeet wat met sy roei of stert na die huis in Betlehem sou gewys het. Die aanneemlikste verklaring is egter dat 'n konjunksie van planete plaasgevind het, d.w.s. dat twee planete reg oor mekaar te staan gekom het en dus soos een groot ster gelyk het. Sterrekundiges bereken dat in die jaar van Jesus se geboorte daar so 'n konjunksie van Jupiter en Saturnus was wat in dieselfde jaar drie

keer voorgekom het, nl. in Mei, Oktober en Desember. As ons hierdie verklaring aanvaar, word dit ook duidelik hoedat die wyse manne die ster eers in hulle eie land gesien het, daarna toe hulle na Jerusalem op reis gegaan het en nog eens toe hulle van Jerusalem na Betlehem gereis het.

Maar hoe het hulle geweet dat die besondere ster 'n heenwysing was na die Koning van die Jode? As ons aanneem dat die "magiërs" afkomstig was uit Babel, waar Daniël eenmaal die hoof was van die wyse manne (Dan. 2:48), vind ons die antwoord op hierdie vraag. Daniël het meermale geprofeteer aangaande die Koning van die Jode wat alle aardse koninkryke sou onderwerp, soos die klip wat sonder die toedoen van mensehande van die berg afrol en die beeld wat Nebukadnesar in sy droom gesien het, verbrysel (Dan. 2:44-45). Hy het stellig ook verwys na die profetiese woord van Bíleam: "'n Ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op" (Num. 24:17). Toe die "magiërs" die buitengewone ster sien, het hulle stellig die woorde van Daniël in herinnering geroep of moontlik in hulle heilige boeke nagelees, en tot die oortuiging gekom dat die ster heenwys op die geboorte van die Koning van die Jode.

Na die lang, uitputtende reis deur die woestyn kom die karavaan van die wyse manne in Jerusalem aan. Hulle navraag na die "Koning van die Jode, wat gebore is," veroorsaak 'n hele deining in die stad. Die berig bereik die ore van Herodes. Onmiddellik maak dit sy agterdog en naywer gaande. Hy is aangestelde koning van die Jode (vgl. § 3 (c). Nou verneem hy van die Koning "wat gebore is" of "die gebore Koning van die Jode," m.a.w die egte Koning afkomstig uit die huis van Dawid (vgl. Joh. 18:37). Aangesien Herodes geen teenstander in die lewe laat bly nie en selfs van sy eie seuns vermoor het, wil hy ook werk maak van hierdie nuwe bedreiging van sy troon. Die inwoners van Jerusalem ken Herodes en sy hartelose wreedheid, en vrees dat hy 'n ramp oor die stad kan bring in sy poging om die moontlike aanspraakmaker op sy troon uit die weg te ruim.

Herodes het egter een suiwere insig. Hy begryp dat dit hier gaan om die verwagte Messias, die Christus. Daarom begin hy navraag doen omtrent die koms van die Christus. Die owerpriesters en die skrifgeleerdes word byeengeroep en ondervra aangaande die plek waar die Messias gebore sou word. Hulle raadpleeg die enigste bron van ons kennis aangaande die Christus, naamlik die heilige Skrifte. Daarin is die antwoord glashelder opgeteken in Miga 5:1. Die Christus sal in Betlehem in Judéa gebore word.

Met hierdie inligting tot sy beskikking ontbied Herodes die wyse manne tot 'n geheime onderhoud. Van hulle wil hy te wete kom hoe lank gelede die ster gesien is. Dit sou hom 'n aanduiding gee van die tyd toe die Kindjie gebore is. Waarskynlik het hulle hom meegedeel dat dit al byna 'n jaar gelede was. Dan vertel hy aan hulle dat die Koning van die Jode in Betlehem gebore sou word en dat hy self ook graag aan Hom hulde wou bewys.

Daarom gee hy aan die wyse manne die opdrag, asof hy oor hulle dienste beskik, om noukeurig vas te stel waar die Kindjie was en dan berig daaromtrent na hom te bring. Herodes se bose planne was goed uitgedink, maar God sou dit verydel. Wat later as 'n visioen in Openb. 12 beskryf word, speel hom hier af in die geskiedenis.

Die wyse manne vertrek in 'n suidelike rigting na Betlehem. Tot hulle groot blydskap sien hulle die ster weer eens. en nou staan dit aan die suidelike hemel, regoor 'n bepaalde huis in die stadjie. In die huis vind hulle die Kindjie by sy moeder, Maria. Voor Hom val hulle eerbiedig op die knieë en bring aan Hom hulde. Daarop laai hulle die vragte af van die kamele en bring ryke geskenke te voorskyn: goud, wierook en mirre.

Die betekenis van hierdie geskenke word op verskillende maniere verklaar. Goud is die simbool van aardse skittering en heerlikheid; wierook versinnebeeld die nederige aanbidding van die hart; mirre dien as beeld van die guns van God. Die mirre is 'n geurige salf wat gebruik word by die meng van die heilige olie (Exod. 30:23) vir die salwing van 'n priester, profeet of koning om daarmee te betuig dat hy 'n besondere deelgenoot is van die guns en seën van die Here. Of anders verklaar, sou ons kan sê dat die goud heenwys op die koning, die wierook op die priester en die mirre op die profeet, sodat ons hier 'n toespeling kan vind op die drie ampte van Christus, naamlik Koning, Priester en Profeet. Van hierdie dieperliggende betekenis van hulle geskenke was die wyse manne egter onbewus. Hulle wou slegs die gebore Koning van die Jode vereer met die rykste skatte wat hulle geboorteland opgelewer het.

Die besoek van die wyse manne by die Kindjie is van besondere betekenis. Hulle tree op as die verteenwoordigers van die heidense volke van die wêreld. Deurdat hulle Jesus huldig, erken hulle sy koningskap oor alle volke. Verder, deurdat hulle Hom kom opsoek nog voordat Jerusalem en die godsdienstige Jodendom van sy koms kennis neem, word 'n woord wat Jesus

later uitspreek nou reeds bewaarheid, naamlik dat die "onregverdiges" die "regverdiges" sal voorgaan in die koninkryk van die hemele (vgl. Matt. 21:31). Voorts, deurdat hulle die ster volg en deur sy lig na die Christus gelei word, gaan die profesie in vervulling aangaande die lig wat vir die volke sal opgaan (vgl. Jes. 60:1 e.v.). Kortliks gesê, dien die aanbidding van die wyse manne as 'n teken-vervulling van die messiaanse profesieë aangaande die hulde wat die heidense volke aan die God van Israel sal bewys (vgl. Num. 24:17; Jes. 49:23; 60:5 e.v.; Ps. 72:10-15).

Hoewel die wyse manne volgens hulle eie insigte gehandel het, was dit die hand van die Here wat hulle gelei het. Aan die einde van die verhaal kom dit sterk op die voorgrond. Deur 'n droom ontvang hulle 'n goddelike waarskuwing om nie na Herodes terug te gaan nie. Daardeur word hulle voor 'n belangrike beslissing gestel. Waaraan moet hulle gehoorsaam wees: die opdrag van Herodes of die goddelike waarskuwing? Hulle besluit om liewer die moontlike wraak van Herodes te trotseer as om aan God ongehoorsaam te wees. Juis daardeur bevestig hulle dat hulle werklik "wyse manne" was. Langs 'n ander weg gaan hulle veilig terug na hul eie land.

**§ 21 Die vlug na Egipte en die kindermoord (Matt. 2:13-18)**

Nadat die wyse manne vertrek het, het Josef en Maria waarskynlik begin dink aan hulle terugkeer na Násaret. God, wat in die hele geboortegeskiedenis die inisiatief neem, tree egter ook nou in en bring 'n wending wat die ouers van die Kindjie nooit kon bedink het nie.

Weer eens verskyn 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef. Aan hom word die opdrag gegee om met die Kindjie en sy moeder na Egipte te vlug aangesien Herodes van plan was om die Kindjie te probeer doodmaak.

Josef weet nou reeds uit ondervinding dat hy die opdrag wat die Here op hierdie wyse aan hom gee moet gehoorsaam en tref onmiddellik die nodige voorbereidsels om sonder versuim te vertrek. Die geskenke wat hulle so pas van die wyse manne ontvang het. kom hulle goed te staan. In die nag vertrek hulle uit Betlehem. Of hulle met 'n esel of 'n kameel gereis het, word ons nie meegedeel nie. Hulle gaan in 'n suidwestelike rigting met die pad oor Bebron en Berséba na Egipte. waar hulle sou vertoef tot na die dood van Herodes.

Matthéüs wys daarop dat op hierdie wyse die profetiese woord van Hos. 11:1 vervul word: "Uit Egipte het Ek my Seun geroep." Toe Hosea hierdie woord uitgespreek het. het hy dit bedoel op Israel wat soms as volk as "seun van God" aangedui word. en wat in die tyd van Moses uit Egipte geroep is. Wat van Israel gesê word. is ook op Jesus van toepassing. Hy is die egte Seun van God wat uit Egipte geroep word.

Dit het nie lank geduur nie of Herodes ontdek dat die wyse manne hom uitoorlê het. Hy was woedend. Hy besluit dat die Kindjie in elk geval nie uit sy hand sou ontglip nie. Op grond van die inligting aangaande die verskyning van die ster, wat hy van die wyse. manne verkry. het, bereken hy dat die Kindjie nie ouer as twee jaar kon wees nie. Dus, alle seuntjies van twee jaar en daaronder in die omgewing van Betlehem moes gedood word. Die koning wat vir bloedvergieting nooit teruggedeins het nie, gee die onmenslike bevel. Die soldate bevlek hul swaarde met die bloed van weerlose suigelinge.

Die hartverskeurende geweeklaag van die moeders wat moes aanskou dat hul kindertjies vermoor word, laat die profesie van Jer. 31:15 in vervulling gaan. Rama is 'n klein dorpie digby Betlehem. Volgens oorlewering is die graf van Ragel daar naby (vgl, Gen. 35:19 e.v.). Toe die Assiriërs die manne van Efraim, Manassa en Benjamin afgemaai en die oorblyfsel in ballingskap weggevoer het, het Jeremia geskryf van die stammoeder Ragel wat geween het oor haar kinders en geweier het om getroos te word. Dieselfde profesie gaan nou weer in vervulling wanneer opnuut 'n ontsettende ramp die stem van geween laat opklink.

Die profesie is egter nie sonder hoop nie. Die profeet skryf verder: "So sê die Here: Bedwing jou stem van geween en jou oë van trane; want daar is loon vir jou arbeid spreek die Here en hulle sal uit die land van die vyand terugkom" (Jer. 31:16). Dus, uit die onverklaarbare gebeurtenis sal God op sy tyd die goeie te voorskyn bring. Die skynbare vergeefsheid word deur die wysheid van God aangewend om 'n ryke beloning te bewerkstellig.

Hierin lê die verklaring van die kindermoord in Betlehem Daar het 'n onbekende getal klein kinders gesterf in die plek van Jesus wie se lewe gered is: Onwetend is hulle in Sy plek gestel. Later sterf Hy wetend in die plek van die mensekinders.

Daardeur word 'n ryke beloning, ja, die genade van lewensbehoud vir die sondaar, gebore uit die "nodelose" kindermoord. Deurdat die lewe van Jesus daar behoue is, het Hy geleef om aan die kruis Sy eiendom te verlos uit die hand van die vyand, die Bose.

## § 22 Die terugkeer uit Egipte (Matt. 2:19-23)

Hoe lank Josef en Maria in Egipte gebly het en in welke deel van die land hulle hul gevestig het, is aan ons onbekend. Met redelike sekerheid kan ons aanneem dat hulle minstens vir ses maande daar was, en miskien nog ietwat langer. Ook weet ons nie of hulle langs die gewone nuuskanale van destyds berig ontvang het van die dood van Herodes die Grote, en of hulle hierdie nuus vir die eerste keer uit die mond van die engel gehoor het nie. Die engel voer die feit van Herodes se dood aan as rede waarom hulle nie langer in Egipte moet bly nie, maar nou na die Joodse land moet terugkeer.

Die Here bly steeds die handelende Persoon in die geskiedenis. Weer eens stuur Hy 'n engel om in 'n droom aan Josef te verskyn en aan hom die opdrag te gee om die terugreis te begin, aangesien diegene wat die lewe van die Kindjie gesoek het, dood is.

Uit ander bronne is dit bekend dat Herodes in 4 v.C. gesterf het. Die kindermoord was een van sy laaste gruweldade waarvoor hy hom voor God moet verantwoord. Die geboorte van Christus was dus nog minstens twee jaar vroeër, m.a.w. omstreeks 7 – 6 v C.

Josef aanvaar die terugreis sonder versuim. Waarskynlik was dit hulle voorneme om weer na Betlehem te gaan, maar toe hulle die grens van die Joodse land oorsteek, ontvang hulle inligting wat
hulle in onsekerheid bring. Daar verneem hulle dat Archeláüs, 'n seun van Herodes, sy vader opgevolg het as etnarg (vgl: § 3 (c)) van Judéa en Samaria. Oor hierdie verwikkeling was die hele Judéa in opstand. Hulle wou bevry wees van die Huis van Herodes. Archeláüs het die opstande met geweld en bloedvergieting onderdruk en toe saam met sy broers na Rome vertrek om van die keiser
hul aanstellings as opvolgers van hul vader in die verskillende gebiede van sy ryk te verkry. Waarskynlik was Archeláüs nog nie terug van Rome nie toe Josef in Judéa aankom. In die omstandighede het hy dit gerade geag om nie in die gebied van Archeláüs te bly nie. Wat moet hy doen?

Die Here laat hom nie in die onsekerheid nie. Deur 'n goddelike waarskuwing in 'n droom word Josef aangesê om na Galiléa voort te trek. Daar het 'n ander seun van Herodes die Grote, naamlik Herodes Antipas, die regering in hande gekry, maar hy was 'n verstandiger regeerder as Archeláüs.

Só gebeur dit dat Josef en Maria na 'n lang afwesigheid in Násaret terugkeer en hulle daar vestig. Ook hierin, sê Matthéüs, word 'n profetiese woord vervul dat Hy 'n Nasaréner genoem sal word.

Die presiese profetiese uitspraak wat Matthéüs in gedagte gehad het, kan ons nie aanwys nie. Sommige meen dat hier 'n toespeling is op Simson wat 'n *nasireër* genoem word Rig. 13:5, 7). Jesus was egter nie 'n nasireër nie. Buitendien skryf Matt. hier *Nasoraios* in die grondteks d.w.s.'n benaming wat nie direk van die pleknaam *Násaret* afgelei kan word nie, maar wel moontlik van die Hebreeuse woord vir "spruit." Indien ons lg. verbinding aanneem, verwys Matt. na die uitspraak van Jes. 11:1.

In die N.T. vind ons die vorm *Nasoraios* by Matt., Joh. en Hand., terwyl *Nasarenos* in dieselfde betekenis voorkom by Mark. Daarteenoor gebruik Luk. beide vorme. Ten spyte van verklarings-moeilikhede moet ons aanneem dat beide vorme heenwys op die pleknaam Násaret, en daarom sonder onderskeid vertaal kan word met *Nasarener*. Dit word 'n benaming van Jesus, terwyl sy volgelinge ook Nasaréners genoem word (Hand. 24:5).

## § 23 Die Kind Jesus in die Tempel (Luk. 2:39-52)

In die tyd toe Josef en Maria weer hulle intrek in Násaret geneem het, was daar nog opstand en oproer in Galiléa. Mettertyd is die opstandelinge onderdruk en het Herodes Antipas daarin geslaag om rus en vrede in die land te handhaaf. Die lewe keer tot sy normale gang en elke broodwinner bly vlytig aan die werk om sy gesin te onderhou. Josef beoefen weer sy ambag as timmerman, terwyl sy gesin groter word deur die geboorte van meer seuns en dogters (vgl. Matt. 13:55 e.v.).

Aangaande Maria se "eersgebore Seun" (Luk. 2:7) staan opgeteken: "Die Kindjie het gegroei en sterk geword in die gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom" (Luk. 2:40). Liggaamlik het Hy gesond en sterk ontwikkel; geestelik het Hy ontluik en verstandelik was Hy begaaf bo sy tydgenote. In een woord gesê: "Die genade van God was op Hom."

Hy het egter opgegroei soos enige ander kind in 'n godsdienstige huis in die klein Násaret. Tuis het Hy die eerste onderrig in die weg en wet van God ontvang. Daar het Hy ook elke jaar saam met die gesin gedeel in die herdenking van die verskillende feesdae en ondergaan Hy die

indrukke wat hierdie godsdienstige handelinge op die kindergemoed maak. Op sesjarige leeftyd het Hy saam met ander na die skool by die sinagoge gegaan om daar te leer lees en skryf, en om gedeeltes van die Wet en die Profete, soos die heilige Skrifte genoem is, uit die hoof te leer. Ons kan ons voorstel dat Hy Hom hierin waarlik verlustig het, en ook tot die insig begin kom het dat sekere Skrifuitsprake in 'n besondere sin op Hom van toepassing is.

Volgens die Joodse opvatting gaan 'n kind van ongeveer twaalf jaar 'n nuwe fase van sy lewe binne. In hierdie stadium begin hy selfstandig dink en handel. Dusver moet hy sy ouers onvoorwaardelik gehoorsaam, maar nou bereik hy 'n oorgang in sy lewe waarop hy Self die wet van God begin verstaan en toepas. Voortaan doen hy nie meer iets omdat sy ouers hom dit voorsê nie, maar omdat hy dit self wil in gehoorsaamheid aan die wet van God. Daarom word hy nou genoem 'n kind in die Tora, en verkry hy die voorreg om deel te neem aan die godsdienstige handelinge in die tempel.

In hierdie sin het die twaalfjarige Jesus ook 'n "kind-van-die-wet" geword en kon Hy vir die eerste keer sy ouers vergesel toe hulle volgens gewoonte opgaan na Jerusalem vir die Paasfees.

In die lewe van die bewoners van die afgeleë dorpe en stadjies was die reis na Jerusalem 'n groot gebeurtenis. Met Paasfees het almal wat dit kon doen, gereed gemaak en opgetrek na die heilige stad. Die feesgangers vergader op die dorpsplein van waar hulle saam die reis begin. Langs die pad sluit feesgangers van ander dorpe by die geselskap aan sodat dit aangroei tot 'n hele optog. Gewoonlik heers daar 'n blymoedige stemming en word die bedevaartsliedere (Ps. 120 - 134) onderweg gesing. By aankoms in Jerusalem soek hulle huisvesting in die stad of kampeer hulle buite die mure. Gewoonlik is die stad meer as vol by so 'n Paasfees. Dit word gesê dat daar tot 'n twee miljoen feesgangers kan wees, terwyl daar in die tempel self ruimte was vir 'n skare van 200,000. Die belangrikste feesdae was die dag van die voorbereiding, dan die Paasfees self en op die derde dag die dankoffers van die eerstelinge van die oes. Feesgangers het onder die verpligting gestaan om die eerste twee of drie dae alles mee te maak, maar hoef nie vir die volle sewe dae van die fees te gebly het nie.

So gebeur dit dan dat die twaalfjarige Jesus vir die eerste keer die tempel betree en daar ooggetuie word van die slagting van die paaslam. Wat sy gedagtes en gewaarwordinge was, word ons nie vertel nie, maar ons kan aanneem dat sy ondervindinge en gemoedsaandoeninge so verhewe en heilig was dat geen mens dit kan beskryf nie.

Dit was gebruiklik dat die beroemdste rabbi's by so 'n feesgeleentheid in die openbaar onderrig gegee het aan die volk. Gewoonlik het 'n rabbi in een van die sykamers of ook in die pilaargang van die tempel gaan sit. Diegene wat onderrig wou ontvang, het in 'n kring voor hom op die grond kom sit. Hulle kan dan allerlei vrae stel in verband met die Paasfees of oor die uitleg van die wet, en die rabbi het sy antwoorde gereed.

By sy rondgaan in die tempel, sluit Jesus by so 'n groep aan en gaan Hy ook voor die rabbi sit. Nadat Hy 'n tyd lank geluister het, begin Hy ook vrae te stel. Sy vrae is egter van 'n ander aard as die gewone vrae van die volk. Hulle gaan dieper in op die betekenis van die Skrifte. Die rabbi antwoord Hom geduldig maar is verwonderd oor die verstand en insig van die Seun. Mettertyd groei die kring aan. Ook ander rabbi's kom daarby aansluit en begin nou om aan Jesus vrae te stel. Hulle is verbaas oor sy kennis en antwoorde. So gaan die dag verby. Die volgende dag gaan die gesprek voort, en ook nog die dag daarna.

Van hierdie verloop van sake was Josef en Maria onbewus. Hulle het volgens plan die terugreis begin, waarskynlik na die derde feesdag. Weer eens is hulle deel van 'n hele uittog na die Noorde en verkeer hulle in die geselskap van familie en kennisse. Onder die indruk dat Jesus wel êrens by die trek was, moontlik saam met 'n groep van sy jaargenote, trek hulle voort tot die aand.

Dan kom hulle tot die ontstellende ontdekking dat Hy nie daar was nie. Hy het dus in die stad agtergebly. Oorstelp van ontsteltenis haas hul hul terug na Jerusalem, en begin oral soek maar sonder welslae. Eindelik gaan hulle op na die tempel. Daar sien hulle 'n hele groep mense vol belangstelling na 'n spreker luister. Toe hulle na vore dring, merk hulle dat Jesus die middelpunt van die kring was, besig om aan die hooggeleerdes vrae te stel en op vrae te antwoord.

Maria wat andersins so kalm en nadenkend is, tree nou onthuts op en bestraf haar Kind: "Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het jou met angs gesoek!" Beleef antwoord Jesus: "Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my

Vader moet wees nie?"
Sy ouers het die woorde nie onmiddellik verstaan nie, maar Maria het dit in haar hart bewaar. Tog het hulle iets daarvan begryp. Hulle weet dat Hy eintlik die Seun van God is wat op 'n bonatuurlike wyse deur die geboorte uit die maagd aan hulle sorg toevertrou is. Noudat Hy twaalf jaar oud geword het, begin Hy sy eie weg gaan in gehoorsaamheid aan sy hemelse Vader. Daarom moet hulle Hom ook nie kwalik neem wanneer Hy vir 'n oomblik sy verpligtinge teenoor hulle versuim ten einde besig te kan wees met die dinge van sy Vader nie.
Die gebeurtenis beteken egter geensins 'n breuk tussen Jesus en sy aardse ouers nie. Onderdanig gaan Hy saam met hulle terug na Násaret en hervat sy lewe daar soos voorheen. Onder die leiding van Josef leer Hy die timmermanswerk sodat Hy later self timmerman word (Mark. 6:3). Lukas voeg by "En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense" (v. 52). In Násaret was Hy seker goed bekend, maar daarbuite onbekend. Geduldig wag Hy op die tyd wat die Vader bepaal het, waarop Hy moet uitgaan om sy goddelike sending te volvoer.

## III. DIE VOORBEREIDING VIR DIE OPENBARE OPTREDE VAN JESUS

### § 24 Die optrede van Johannes die Doper (Matt. 3:1-12; Mark. 1:2-8; Luk. 3:1-18; Joh. 1:19-28)

In die jeugjare van Jesus en Johannes die Doper was daar geen kontak tussen die twee nie. Eersgenoemde groei op in Násaret in die Noorde en ontwikkel daar tot 'n bekwame timmerman. Laasgenoemde woon by sy ouers in die suidelike bergstreke van Judéa, aan die grens van die woestyn. Daar het hy "gegroei en sterk geword in die Gees," maar op vroeë leeftyd hom teruggetrek in die woestyn waar hy in die eensaamheid deur God voorberei is vir sy besondere lewenstaak. Baie jare gaan verby, en eindelik breek "die dag van sy vertoning aan Israel" aan (Luk. 1:80).
Die jaar waarin Johannes met sy prediking begin, word deur Lukas (3:1-2) uitvoerig aangedui, maar tog op so 'n wyse dat ons dit slegs by benadering kan bepaal (vgl. § 3(b)). Dit was in die vyftiende jaar van Tibérius (14 - 37 n.C.), toe Herodes Antipas viervors van Galiléa was (4 v.C.- 39 n.C.), en sy broer Filippus die viervors van Ituréa en Trachonitus (4 v.C. - 34 n.C.), terwyl Pontius Pilatus goewerneur van Judéa (26 - 36 n.C.) en Lisánias viervors van Abiléne was (tot 37 n.C.). In die tyd was Annas die afgetrede hoëpriester terwyl sy skoonseun Kájafas die amp beklee het (18 - 36 n.C.).
Die vyftiende jaar van Tibérius kan bereken word van 11 n.C. Toe Augustus hom aangewys het om die regering oor te neem, of van 14 n.C. toe Augustus te sterwe gekom het en Tibérius hom wettiglik opgevolg het. In die eerste geval sou Johannes in 26 n.C. begin optree het; in die tweede geval in 29 n.C. Waarskynlik moet ons aan laasgenoemde datering die voorkeur gee, maar dan rekening hou met sekere ander faktore wat die vasstelling van datums beïnvloed. Dit lei tot die gevolgtrekking dat Johannes reeds in 28 kon opgetree het. Die kruisiging van Jesus, ongeveer drie jaar later, moet dan in 31/32 plaasgevind het. Dit beteken verder dat Johannes sowel as Jesus 33/34 jaar oud was toe hulle mekaar by die Jordaan ontmoet het.
In die woestyn het Johannes 'n harde lewe van ontbering gevoer. Hy het geen weelde geken nie. Sy ruwe kleed was van kameelhaar of kameelvel, met 'n leergordel om sy lyf. Hierin het sy voorkoms herinner aan die van Elía (2 Kon. 1:8). Sy voedsel was hoofsaaklik sekere soorte sprinkane wat volgens die wet geëet mag word (Lev 11:22), en die heuning van bye wat in klipskeure nesmaak.
Hy begin sy prediking in "die woestyn van Judéa" (Matt. 3:1) aan die westekant van die Dooie See, en trek rond van plek tot plek, maar bly steeds in die nabyheid van die Jordaanrivier met die oog op die doop. Van alle kante trek die mense uit om hom te hoor en hulle deur hom te laat doop. In die ruwe, onherbergsame woestyn klink sy stem op en bring by sy hoorders die woord van Jesaja in herinnering van "die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!" (Matt. 3:2). Daarom word Johannes aangesien as die wegbereider, en die volk verkeer in groot verwagting dat die Here, die Messias, aan die kom was.
Die prediking van Johannes kan saamgevat word in sy eie woorde: "Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Matt. 3:2).
By die Israeliet was daar 'n sterk verlange na die koms van die "koninkryk van die hemele" of "die koninkryk van God." Die twee benaminge dui dieselfde saak aan. Van die begin van sy bestaan het Israel God erken as sy Koning. Daarom het die volk aanvanklik geen aardse

konings gehad nie. Toe hulle wel 'n koning uit hulle eie midde begeer het, is dit bestempel as afvalligheid van God, hul Koning. Deur die woord van die profete is egter die belofte aan die volk toegesê dat God sy koninkryk weer sal oprig deurdat Hy die Messias sou stuur om met krag die koninkryk op te rig. Na daardie dag het die vernederde, verarmde volk uitgesien.

In hul omstandighede as onderhorige volk het die Jode 'n aardse opvatting van die koninkryk ontwikkel. Hulle het dit begryp as 'n letterlike herstel van die ryk van Dawid deurdat hulle vyande verslaan word deur 'n magtige koning wat in majesteit en heerlikheid verskyn. Deur hierdie verwagting van 'n uiterlike koninkryk het hulle nie gelet op sekere grondwaarhede wat in die Ou Testament aangaande die koninkryk geopenbaar is nie. Veral drie aspekte van die koninkryk tree daar na vore. Eerstens verkondig die profete dat die komende koninkryk nie tot Israel beperk sou wees nie, maar algemeen of universeel: Die Here sal Koning wees oor die hele aarde (Sag 14:9), en alle volke sal deel hê aan die heerlikheid van die koninkryk (Jes. 25:6-9). Tweedens sal die komende koninkryk nie 'n aardse karakter hê nie, maar 'n hemelse; dit kom deurdat God die innerlike van die mens verander deur hom van sonde en smet te bevry, en in sy binneste 'n nuwe hart en 'n nuwe gees te gee (Eseg. 36:26). Derdens sal die koninkryk nie tydelik en verbygaande wees soos 'n aardse ryk nie, maar blywend en ewig, soos Daniël verklaar het: "Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie" (7:14 vgl. 2:44).

Aan hierdie wesens-aspekte van die koninkryk van God het die Jode nie meer gedink nie. Hulle het slegs uitgesien na 'n aardse ryk waarin hulle bevry sou wees van vreemde oorheersing. Daarom moes Johannes deur sy prediking hulle van dié foutiewe opvatting bevry. Om dit te doen, tree hy op as 'n skokprediker, 'n beroerder van Israel. Die Messias is aan die kom, ja, en sy koninkryk is naby, maar Hy kom nie om die vyande van die Jode met wapengeweld te oorweldig nie. Hy kom om Israel self te oordeel. Omdat sy koninkryk innerlik en geestelik is, soek Hy die vrug van ware geregtigheid, reinheid en liefde in die lewe van mense. Waar Hy dit nie vind nie, tref Hy met sy oordeel. Soos 'n tuinier wat met byl in die hand deur sy boorde gaan om elke nuttelose boom uit te kap, sal die Messias kom en elke mens aan sy geestelike vrug oordeel. Soos die boer op die dorsvloer die koring van die kaf skei en laasgenoemde verbrand, so sal die Messias kom om skeiding te maak en die nuttelose met vuur te oordeel. Só kom sy koninkryk.

Vir Israel is dit 'n uiters verontrustende woord. Is hulle dan nie almal kinders van Abraham en mitsdiens volk van God nie? Nee, sê Johannes, dit gaan nie om die uiterlike afstamming van Abraham nie, maar om die innerlike Abrahamslewe van geloof en geregtigheid. Daarom kan God selfs van die klippe kinders van Abraham verwek, d.w.s. Hy kan mense wat in geen verband hoegenaamd met Abraham staan nie, innerlik verander sodat hulle in geestelike sin kinders van Abraham kan wees.

Daarom is een ding vir almal nodig: bekering. Die woord wat Johannes gebruik, beteken letterlik om 'n verandering van denke te ondergaan.

Die oorgelewerde gedagte oor die koninkryk, die kindskap van Abraham, die geregtigheid volgens die wet, die reinheid van lewe - dit alles moet weggeruim word en geheel nuwe gedagtes moet in die plek daarvan gestel word. Die verandering van denke beteken noodwendig ook 'n verandering van leefwyse. Die vernuwing van hart openbaar hom in 'n vernuwing van lewe. Op hierdie wyse word die weg van die koninkryk voorberei.

Die aankondiging van die oordeel van die oproep tot bekering bring verslaenheid en angs in die harte van baie van die hoorders. Elkeen wil weet wat hy in sy persoonlike geval moet doen. Aan diegene wat hom hieromtrent nader, gee Johannes praktiese aanwysings. Aan die skare sê hy dat onbaatsugtige barmhartigheid beoefen moet word. Die tollenaars moet hulle beroep in eerlikheid beoefen deurdat hulle niks meer invorder as wat voorgeskryf is nie. Die soldate moet met hul soldy tevrede wees en hulle nie skuldig maak aan afpersing of plundering nie (Luk. 3:10-14). Die onderliggende gedagte is dat die volk opnuut hul lewe moet stel onder die grondreël van die koninkryk van God, naamlik liefde tot God en die naaste.

Op die bekering volg die doop. Johannes verkondig "die doop van bekering tot vergifnis van sondes" (Mark. 1:4). In die water van die Jordaan bedien hy die doop deur onderdompeling. Die plegtige handeling versinnebeeld twee gedagtes: eerstens is dit die teken van 'n reiniging wat deur die genade van God reeds plaasgevind het in die hart van die dopeling; tweedens dien dit as beeld van 'n sterwe en opstanding tot 'n nuwe lewe (vgl. Rom. 6:4). Wie afdaal onder die water, dui op dié wyse aan dat die ou mens van sonde voortaan dood is, en deur die opkom uit die water word betuig dat die dopeling nou 'n nuwe lewe binnegegaan het. Voortaan

leef hy as onderdaan van die koninkryk van God.
Hierdie verandering word egter nie deur die doop as sodanig bewerkstellig nie. Dit is nie die water wat die bekering en die vergifnis van sondes teweegbring nie, maar die Gees van God in die hart van die berouvolle sondaar. Daarom vereis Johannes eers die belydenis van sonde (Matt. 3:6) en die betuiging van bekering. Daarna dien die doop as openlike daad van getuienis aangaande die genadewerk van God in die hart.
Die eis dat die Jode hulle moet laat doop, het ontsteltenis onder hulle verwek. Hulle het wel die doop geken, maar slegs in die vorm van die "proselietedoop." Wanneer 'n heiden te kenne gee dat hy die Joodse godsdiens wil aanvaar, word hy eers grondig onderrig in die wet en daarna deur besnydenis, doop en offerande ingelyf in die Jodedom. Hierdie proselietedoop dien as teken van die aflegging van die heidense verlede en die toetreding tot 'n nuwe lewe. Toe Johannes dus eis dat die Jode hulle moet laat doop, het hy hulle gelykgestel met die heidene. Nie die besnydenis nie, maar die waaragtige bekering van hart was die voorwaarde vir die toetrede tot die koninkryk van die hemele. Van hierdie bekering was die doop die uiterlike teken. Daaraan moet almal, Jood en heiden, hul onderwerp.
As wegbereider van die komende Messias tree Johannes op. Hy wil slegs die stem wees wat die koms van die verwagte Christus aankondig. Hieromtrent mog daar geen misverstand ontstaan nie. Toe mense uit alle uithoeke van die land begin toestroom om Johannes te hoor en deur hom gedoop te word, het die vraag opgekom of hy nie self die Messias was nie. Hierdie gedagte sny Johannes by die wortel af deur te verklaar: "Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie - Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur" (Luk. 3:16). In vergelyking met die Komende is Johannes maar net 'n nederige dienskneg, en is die doop wat hy bedien slegs 'n waterdoop wat die uiterlike reinig. Daarteenoor sal die Christus met die Heilige Gees en vuur doop en sodoende ingryp om die innerlike van sonde te reinig. Dit beteken egter nie dat die doop van Johannes slegs 'n voorlopige of selfs 'n kragtelose handeling is nie. Hy voer dit uit in gehoorsaamheid aan God. Daarom bly dit van krag, wat hier in die innerlike lewe begin is, word deur die Heilige Gees voleindig.
Ook die Fariseërs en die Sadduseërs het in die optrede van Johannes begin belangstel. Daar was van hulle wat uitgegaan het na die Jordaan om Johannes aan te hoor en om te sien hoedat die mense gedoop word. Hulle kom onder in indruk van die noodsaaklikheid dat ook hulle die doop ondergaan, maar in hulle diepgesete eiegeregtigheid weet hulle van geen bekering nie. Hulle beskou hulself immers as regverdig en onberispelik. Tog wil hulle na die uiterlike skyn altans ook voorbereid wees op die koms van die koninkryk van die hemele. Daarom versoek hulle Johannes dat hy hulle doop. Maar hy ken hulle huigelary. In skerpe taal weier hy die doop aan hulle: "Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? Dra dan vrug wat by die bekering pas" (Matt. 2:7 e.v.). Eers moet daar bewys wees van hartgrondige lewensverandering, en daarna kan die doop bedien word.
Of daar van die Fariseërs en Sadduseërs was wat die doop ontvang het, weet ons nie. Hulle het egter wel berig gebring aan die Jode in Jerusalem en daar is besluit om 'n kommissie uit te stuur om Johannes te ondervra. Die Joodse Raad in Jerusalem het toesig gehou oor die godsdienstige lewe van die volk en handel dus in ooreenstemming met hulle bevoegdheid. Die kommissie bestaan uit priesters en Leviete, almal Fariseërs (Joh. 1:19, 24). Omdat hulle met gesag beklee is, begin hulle Johannes indringend te ondervra. Is hy die Christus? Of Elía? Of die profeet aangaande wie Moses gespreek het (Deut. 18:15, 16)? Op al die vrae antwoord Johannes met 'n besliste Nee. Die kommissie verkeer in die verleentheid want hulle moet tog 'n antwoord bring na die instansie wat hulle uitgestuur het. En die enigste antwoord wat hulle van Johannes ontvang, is dat hy die stem is van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die Here reguit! In sy optrede gaan die profesie van Jesaja in vervulling. Daarom moet die godsdienstige leiers in Jerusalem daarvan kennis neem dat die Messias aan die kom is.
Die kommissie is egter onwillig om so 'n antwoord na Jerusalem terug te neem. Daarom wysig hulle die aanval deur navraag te doen omtrent Johannes se bevoegdheid om te doop. As hy nie die Christus of Elía of die profeet is nie, waarom doop hy dan? Die godsdienstige leiers in Jerusalem het die gesag om aan iemand die bevoegdheid te verleen om godsdienstige handelinge uit te voer, maar hulle het beslis nie so 'n bevoegdheid aan Johannes verstrek nie. Gevolglik vra hulle van hom rekenskap aangaande sy gesag. Maar sy antwoord is weer eens dieselfde: hyself is niks nie, hy is slegs die onwaardige voorloper van Een wat nou reeds onder die volk aanwesig is, maar as die Onbekende.

Met hierdie antwoord moet die kommissie tevrede wees. Op grond van hulle verslag het die Joodse Raad in Jerusalem Johannes met rus gelaat en sodoende erken dat hy besig was om 'n opdrag van God uit te voer. By 'n later geleentheid het Jesus hulle hieromtrent rekenskap gevra (Matt. 21:23 e.v., vgl. § 173).

Toe hierdie ondersoek na die bevoegdheid en werk van Johannes plaasgevind het, was Jesus reeds gedoop en op pad terug uit die woestyn waar Hy veertig dae verkeer het (vgl. Joh. 1:28 e.v.).

**§ 25 Die doop van Jesus (Matt. 3:13-17; Mark. 1:9-11; Luk. 3:21-22; Joh. 1:29-34)**

Die tyd het aangebreek dat Jesus met sy messiaanse werksaamheid moet begin. Volgens Lukas (3:23) was Hy omtrent dertig jaar oud. Aangesien dit vir 'n jong man onder die Jode nie geoorloof was om in die openbaar op te tree voordat hy dertig jaar was nie, moes Jesus minstens hierdie ouderdom bereik het. Heel waarskynlik was Hy reeds 33 of 34 jaar oud (vgl. § 24).

Tot in daardie stadium het Hy as timmerman in Násaret werksaam gebly. Vermoedelik was Josef reeds oorlede aangesien hy nie weer genoem word nie. Die ander kinders van die egpaar, Jakobus, Joses, Simon en Judas en minstens twee dogters, (Mark. 6:3) was reeds volwasse en kon vir hul moeder Maria sorg.

Op 'n dag sit Jesus sy gereedskap opsy en vertrek uit Násaret. Hy gaan in 'n suidoostelike rigting na die Jordaan, na Betábara (= huis by die drif) waar Johannes besig was om te doop. 'n Ouer en betroubaarder tekslesing sê dat die plek Betánië was, aan die oostekant van die Jordaan net waar die rivier die Dooie See bereik. Daar verskyn Jesus onverwags voor Johannes die Doper.

Daar volg 'n gesprek tussen Jesus en Johannes. Jesus versoek om gedoop te word. Johannes is daartoe nie bereid nie. Hierdie keer weier hy nie om 'n soortgelyke rede as wat hy die Fariseërs en Sadduseërs geweier het nie. Inteendeel, dit is juis omdat hy so diep onder die indruk is van die heiligheid en verhewendheid van Jesus en van sy eie onwaardigheid, dat hy liewer die rolle omgekeer wil sien. Eerder moes Jesus hom gedoop het. Jesus dring egter daarop aan met die argument: "So pas dit ons om alle geregtigheid te vervul" (Matt. 3:15). Daarmee bedoel Jesus dat Hy en Johannes elk 'n eie opdrag het om uit te voer. Dit is gepas dat elkeen sy opdrag uitvoer in gehoorsaamheid aan God. Dit is Johannes se taak om die doop te bedien; dit is Jesus se deel om Hom aan die doop te onderwerp. Op hierdie wyse staan hulle albei in diens van die goddelike heilsplan.

Hierop spreek Johannes nie verder teen nie, maar gaan hy voort om Jesus te doop.

Maar waarom moet Jesus, die sondelose, die sondaarsdoop ondergaan? Omdat Hy sonder sonde was, was 'n doop van bekering tot vergifnis van sondes vir Hom nie nodig nie. Tog ondergaan Hy dit omdat dit deel is van sy volle gelykwording met die sondaar. Hy tree in die plek van die mens en neem ons sonde op Hom asof dit sy eie sonde was, sodat Hy ons daarvan kan verlos. Daarom ondergaan Hy die doop. Bowendien is die doop die teken van die deurgang deur die dood tot die opstanding van die lewe. Hy betuig dus daarmee dat Hy eenmaal moet sterwe in 'n plaasvervangende hoedanigheid. Hy moet die dood ingaan sodat Hy vele kan red van die ewige dood; en Hy verrys weer om in heerlikheid opgeneem te word, sodat diegene wat aan Hom behoort ook kan wees waar Hy is.

Nadat Jesus gedoop is, bly Hy biddend staan in die water (Luk. 3:21). Meteen gaan die hemel oop asof dit geskeur word, en die Heilige Gees daal "in liggaamlike gedaante soos 'n duif" (Luk. 3:22) op Hom neer. Van hierdie gebeurtenis was daar twee ooggetuies: Jesus self (Matt. 3:16) en Johannes die Doper (Joh.1:32). Maar hoe het Johannes geweet dat die gedaante van 'n duif die Heilige Gees was? Daarop gee die Vierde Evangelie die antwoord (Joh. 1:32-34). God het aan Johannes 'n teken belowe waarvolgens hy sou weet wie Hy is wat met die Heilige Gees sou doop, m.a.w. wie die Messias is. Die teken sou daarin bestaan dat hy die Heilige Gees op Hom sou sien neerdaal. Toe Johannes by die doop die gedaante van die duif sien neerdaal van die hemel en op Jesus Bly, het hy meteens begryp dat dit die Heilige Gees is, en dat Jesus die Messias, die Gesalfde van die Here was.

Die neerdaal van die Heilige Gees op Jesus moet as 'n salwing met die oog op sy Middelaarstaak verstaan word. In die Ou Testament word vertel dat die hoëpriester (Lev. 8:12), die koning (1 Sam. 10:1, 6; 16:13) en die groot profeet (1 Kon. 19:16) met fyn, geurige olie gesalf word aan die begin van hul ampsaanvaarding. Die salwing met olie gaan gepaard met 'n toerusting met die Heilige Gees sodat die gesalfde persoon die amp wat aan hom opgedra is, goed en volgens die welbehae van die Here kan uitvoer. Aan die begin van sy werk as

Middelaar het Jesus nie die simboliese salwing met olie nodig nie. Hy word vanuit die hemel direk met die Heilige Gees gesalf, en daardeur toegerus vir die drieledige taak om as Profeet die openbaring van God aan die mense bekend te maak, en as Priester Homself te offer vir sy volk, en as Koning alle dinge aan sy heerskappy te onderwerp. Die Heilige Gees kom om op Hom en in Hom te bly, en Hom te lei en te sterk in die uitvoering van sy hoë roeping. Daarom word Hy ook genoem die Christus, d.i. die Gesalfde.

Naas die sigbare teken van die Heilige Gees was daar ook 'n hoorbare teken by die doop van Jesus. Uit die hemel spreek 'n stem: "U is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." Toe Johannes dit hoor, het hy stellig gedink aan die woord van Jesaja (42:1): "Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê. Hy sal die reg van die nasies uitbring."

Deur die stem word Johannes soos deur 'n tweede getuie verseker dat Jesus die verwagte Messias is, die Uitverkorene van God. Ook vir Jesus is die stem van groot betekenis omdat dit Hom verseker van die welbehae en troue bystand van sy Vader in die hemel. Hy sal 'n eensame weg van vernedering, lyding en versoeking moet bewandel, maar bly verseker van die ondersteuning en welbehae van God.

By die doop van Jesus vind ons die eerste bewys in die Nuwe Testament vir die bestaan van die goddelike Drie-eenheid: die Seun word gedoop; die Heilige Gees daal op Hom neer, en die Vader spreek vanuit die hemel.

**§ 26 Die versoekinge in die woestyn (Matt. 4:1-11; Mark. 1:12-13; Luk. 4:1-13)**

Met die salwing van die Heilige Gees en die aankondiging van die welbehae van God by die doop, was Jesus se voorbereiding vir sy taak as Messias nog nie voltooi nie. Hy moet nog 'n besondere "skoling" ondergaan. Vir die doel lei die Heilige Gees, wat voortaan volle beheer oor sy lewe het, Hom weg na die woestyn.

In die ruwe, onbewoonde onherbergsame woestynstreke dwaal Hy veertig dae eensaam rond sonder voedsel. Wat Hy in daardie dae gedoen of gedink het, word ons nie vertel nie. Tog vind ons 'n aanduiding daarvan in die mededeling dat Hy gevas het, en dat dit veertig dae geduur het. Dit herinner aan Moses wat twee maal veertig dae lank sonder voedsel of water op die berg Sinaï verkeer het (Exod. 24:18, 34:28), en Elía wat vir veertig dae sonder voedsel in die woestyn was toe hy na die berg Horeb gegaan het (1 Kon. 19:18). In beide gevalle was dit 'n periode van besonder noue gemeenskap met God, waarin hulle met die Here gespreek het en Hy met hulle. In beide gevalle ontvang hulle duidelike opdragte wat hulle moes gaan uitvoer in belang van die volk van God. Moses moes aan die volk die wet van God gee; Elía moes die volk tot bekering en onderhouding van die wet oproep en die oordeel van God aankondig.

Nou, vir die derde keer in die openbaringsgeskiedenis, is daar Een wat die woestyn binnegelei word om daar vir veertig dae sonder voedsel te verkeer. Daar moes Hy duidelike opdragte van God ontvang aangaande die besondere roeping wat Hy moes volvoer. Op 'n veel inniger wyse as Moses en Elía verkeer Jesus met God. Hy is immers die Seun wat nou alleen met sy Vader 'n gesprek voer. Die Skrif vertel ons iets van die gesprek tussen Moses en God, en tussen Elía en die Here, maar in die geval van Jesus swyg die Skrif. Die omgang van Seun en Vader is te heilig dat dit beskryf sou word. Ons weet egter uit wat volg dat die Seun 'n opdrag ontvang het aangaande die uitvoering van sy taak as Messias. In aansluiting by die werk van Moses en Elía moes Hy as plaasvervanger van die volk die wet van God vervul. Aan die eise van die wet moes Hy self voldoen, en dit beteken dat Hy die straf wat die wet op die sonde eis, moes ondergaan. Hy, die Seun van God, moes die weg van vernedering bewandel wat sou uitloop op die kruis. Daartoe was Jesus aan die einde van die veertig dae bereid.

Daarmee is sy "skoling" egter nog nie voltooi nie. Hy word eers aan 'n sware toets onderwerp. Daar is 'n teenstander wat die werk van God op elke moontlike manier probeer verydel. Hy word genoem die duiwel of Satan. Aan die einde van die veertig dae tree hy na vore om Jesus te versoek en indien moontlik tot ongehoorsaamheid te verlei.

In hoedanige gestalte die duiwel Jesus genader het, weet ons nie. Die belangrike punt is dat hy 'n eie bestaan het, en goed weet om die gunstigste tye en geleenthede te kies vir sy sluwe verleidinge. Verder is net so belangrik dat die versoekinge nie in die hart van Jesus gebore is nie, net so min as wat die versoeking van Adam en Eva voor die sondeval uit hul eie binneste opgekom het. In beide gevalle word die versoeking van buite aangebring deur 'n "vreemdeling" wat hom kan voordoen soos 'n engel van die lig.

Aan die einde van die veertig dae, toe Jesus die knaging van die honger met moeite verduur het, kom die Satan met die eerste versoeking: "As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe

brode word".
Hierdie sowel as die volgende versoeking gryp terug op die stem uit die hemel by die doop: "U is my Seun in wie Ek 'n welbehae het" Daar het God Jesus sy Seun genoem, maar, sê Satan, is dit werklik so? Die duiwel is 'n geslepe kunstenaar in die wek van twyfel. In die geval van Adam en Eva het hy daarmee uitmuntend geslaag. Nou probeer hy dit met Jesus. En alles skyn in sy guns te wees. Jesus was veertig dae in die woestyn, onversorg, uiterlik verwaarloos en nou deur die honger verteer. Kan dit so gaan met Iemand wat Seun van God is, wil die Satan weet? Daar behoort tog 'n bewys gelewer te word. Die Seun van God beskik tog seker oor die mag om 'n wonderdaad te verrig.
Waarom sal Hy dit nie op die proef stel deur 'n voor-die-hand-liggende wonder te doen nie. Hy kan die klippe in brode verander. Dan bereik Hy twee dinge: Hy lewer die bewys dat Hy wel Seun van God is, en Hy voorsien in sy onmiddellike behoefte aan brood.
Jesus het dadelik sy antwoord gereed. Dat Hy die Seun van God is, staan by Hom so vas dat Hy nie eens daarop ingaan nie. Wat betref die aanwending van sy goddelike mag om in sy persoonlike behoeftes te voorsien, antwoord Hy met die woord van Moses: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan" (Deut. 8:3). By geleentheid het Moses die volk Israel vermaan om al die gebooie van die Here te onderhou. Hy het daarop gewys dat die Here hulle laat honger ly het in die woestyn, maar toe daar geen brood was nie, het Hy uit die hemel die manna gestuur om hulle te voed. Daarom sê Moses, is die woord wat van God uitgaan ook noodsaaklik vir die behoud van die lewe. Dit beteken dat elkeen wat getrou die woord wat van die Here uitgaan, onderhou, ook verseker kan wees dat Hy in elke behoefte sal voorsien. Op hierdie wyse bly Jesus aan God gehoorsaam, en vertrou Hy dat God in sy node sal voorsien.
Toe die eerste versoeking nie slaag nie, kom Satan met 'n tweede. Hy neem Jesus na die heilige stad en plaas Hom op die hoogste punt van die dak van die tempel. Of dit 'n liggaamlike of 'n geestelike verplasing was, word ons nie presies vertel nie. Die hoofsaak is die aard van die versoeking self. Weer eens gaan dit om die vraag of Jesus werklik die Seun van God is. Indien dit wel die geval was, sou Hy tog daarop kan reken dat God Hom in alle moontlike lewensgevaar sal beskerm. Satan kan selfs 'n goeie teks aanhaal om dit te bewys. In Ps. 91:11-12 staan immers geskryf dat die Here aan sy engele bevel sal gee om sy gunsteling op die hande te dra sodat hy nie sy voet teen 'n klip stamp nie.
Hierdie versoeking is uiters geslepe omdat dit die skyn gee van die Woord van God te eerbiedig. Deur die aanhaling van 'n teks wil Satan die gedagte wek dat iemand wat sy versoeking teenstaan sodoende 'n gebrekkige vertroue in God en sy Woord openbaar. Maar Jesus peil die planne van sy teenstander. Hy laat nie toe dat die Skrif verdraai word in diens van die Bose nie. Daarom antwoord Hy, weer eens met 'n woord van Moses: Jy mag die Here jou God nie versoek nie" (Deut. 6:16). Die toesegginge van beskerming in die Skrif bly van krag, maar hulle is bedoel vir diegene wat in gehoorsaamheid aan die Here hulle besig hou met die werk wat Hy aan hulle opgedra het. Daarteenoor mag die mens nie God uittart deur homself nodeloos in lewensgevaar te stel en dan te verwag dat die Here hom sal uitred nie. Wie die woord in Ps. 91 op hierdie manier vertolk, is nie besig om bewys van godsvertroue te lewer nie, maar van godslastering. Daartoe is Jesus nie bereid nie.
Met nog 'n derde versoeking val Satan die Seun van God aan. Hy neem Hom na die top van 'n baie hoë berg en laat Hom al die koninkryke van die aarde en hulle heerlikheid sien. Die armoede en ellende en ongeregtighede hou hy sorgvuldig weg van die oog. Satan tree op asof hy die volstrekte heerser en beskikker is oor die aardse koninkryke, en die heerskappy kan skenk aan wie hy wil. Dat hy op aarde mag uitoefen slegs deur die toelating van God, erken hy nie. Hy tree trouens op asof God oor die aardse koninkryke geen seggenskap het nie.
Dit alles wil Satan aan Jesus gee. Hy wil Hom die alleenheerser op die aarde maak, maar op een voorwaarde: Jesus moet neerval en hom aanbid.
Jesus moet dus die heerskappy van die Satan erken en Hom daaraan onderwerp. Daarmee sou die stryd tussen God en die Satan beëindig wees en laasgenoemde as oorwinnaar te voorskyn tree.
Die versoeking sluit aan by die Messiasverwagting wat Jesus van kindsbeen af onder die Jode leer ken het, naamlik dat die verwagte Koning van die Jode alle vyande van die volk sou onderwerp en 'n seëvierende wêreldryk sou oprig. Hy het egter geweet dat die Messias 'n geestelike koninkryk sou oprig. Ook het Hy in die woestyn tot volle helderheid gekom oor sy roeping om die wet te vervul deur aan die finale eis daarvan te voldoen. Hy is nie bestem om

'n wêreldse Heerser te wees nie, maar om te sterwe. Eers daarna sal Hy verhef word as volstrekte Heerser wat alle dinge aan sy voete sal onderwerp en daarna die koninkryk aan God sal oorhandig (1 Kor. 15:27-28). Daarom het Jesus 'n besliste afwysende en teregwysende antwoord: "Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." (Deut. 6:13).

Oor Adam en Eva het Satan 'n maklike oorwinning behaal. Daartoe was net een versoeking voldoende. Nou het hy drie maal Jesus aangeval, maar is iedere keer afgeweer deur 'n woord uit die Skrif, telkens ontleen aan Deuteronómium, die Boek van Moses waarin die Here sy voorskrifte vir sy volk laat opteken het toe hulle veertig jaar in die woestyn verkeer het.

Hierna neem Satan die wyk, altans vir 'n tyd lank (Luk. 4:13). Hy sou later met nuwe en nog meer uitdagende versoekings terugkeer en Jesus tot twyfel probeer bring in verband met sy Seunskap. Wanneer Hy sterwend aan die kruis hang, sal dit nog weer in sy ore klink: "As U die Seun van God is, kom af van die kruis !" (Matt. 27:40). Maar nou aan die begin van sy werksaamheid as Messias het Jesus die toets deurstaan. Hy het die Satan oorwin, en sal voortgaan om sy mag volkome te breek.

Nadat Satan Hom alleen gelaat het, verskyn die engele om Jesus met voedsel te bedien. Ook kom die diere van die veld nader sonder om Hom te deer. Dit is asof iets van die paradys-toestand vir 'n kort tydjie daar in die woestyn herstel is. Daarna gaan Jesus voort om die opdrag van sy Vader onder die mense tot uitvoering te bring.

Die drie versoekings staan almal in verband met die uitvoering van die messiaanse taak. As Seun van God het Jesus oor goddelike mag beskik. Sou Hy dit vir eie gewin aanwend of in diens van die goddelike opdrag? Sou Hy die mag gebruik om vir Homself 'n lewe van oorvloed en weelde te verseker, of om in die tempel die godsdienstige leierskap oor te neem, of om uitvoering te gee aan die Joodse verwagting van 'n aardse Messiasryk deurdat Hy die staatsmag in hande neem? Sou Hy die weg van rykdom, glorie en mag inslaan?

Hy laat sy beslissing bepaal word deur die Woord van God. Hy verkies volstrekte afhanklikheid van die Here, nederigheid en gehoorsaamheid aan die wil van God (vgl. Matt. 16:21-23, 26:36-46; Hebr. 5:7-9). Deur dit te doen, lewer Hy met sy lewe self die bewys dat Hy wel die Seun van God is.

## IV. DIE BEGIN VAN JESUS SE WERKSAAMHEDE

### § 27 Die tydsduur van optrede en die omswerwinge van Jesus

In §§ 6-8 het ons gewys op die wyse waarop die Evangelies ontstaan het en op hul karakter as getuienis of prediking. Hulle bevat nie 'n lewensbeskrywing van Jesus nie, maar grepe uit die geskiedenis van sy optrede deur elke evangelie uitgekies en gerangskik met die oog op 'n bepaalde doelstelling. Gevolglik kry ons te doen met ooreenstemminge sowel as verskille, terwyl daar tog 'n deurlopende eenheid is deurdat almal getuig dat Jesus Christus die Seun van God is.

Vir die gewone Bybelleser wat die een Evangelie na die ander lees, lewer hierdie toedrag geen probleem nie. Wanneer ons egter uit die vier Evangelies een deurlopende verhaal wil opstel, is dit 'n ander saak. Dan moet ons by ons beste pogings dikwels ons onkunde bely.

Afgesien van die verskil in die volgorde van gebeurtenisse in die sinoptiese Evangelies, kry ons te doen met die verskil tussen die Sinoptici en Johannes ten opsigte van die tydsduur van Jesus se optrede en die omswerwinge van die Here. Met teenstrydighede het ons nie te doen nie, maar wel met gebrek aan gegewens. Dit is die geval juis omdat ons nie in die Evangelies 'n lewensbeskrywing in die moderne sin voorhande het nie. Tog moet ons met die beskikbare gegewens 'n eenheid, altans in breë trekke, probeer saamstel.

Die Sinoptici vertel ons dat Jesus hoofsaaklik in Galiléa opgetree het. Johannes berig uitvoerig oor sy werksaamhede in Judéa, veral in Jerusalem en omgewing. Hierdie gegewens moet tot 'n eenheid saamgevleg word. Om dit te kan doen, moet ons aandag skenk aan die chronologiese gegewens. Ook hier staan ons voor probleme. In die Sinoptici word melding gemaak van net een Paasfees, naamlik toe Jesus gekruisig is. Indien die verwysing na "die groen gras" (Mark. 6:39) by die vermeerdering van die brode 'n aanduiding is van die lente, d.w.s. Paastyd, kan ons twee Paasfeeste in die Sinoptici aanwys. Hiervolgens het Jesus vir iets minder as twee jaar in die openbaar opgetree. Daarteenoor maak Johannes melding van vier Paasfeeste (2:13; 5:1; 6:4; 12:1), d.w.s. dat die tydsduur van Jesus se bediening iets meer as drie jaar was. Die verskil word ietwat minder wanneer ons in gedagte hou dat die Sinoptici met hul vertelling

begin teen die tyd dat Johannes die Doper gevange geneem word, terwyl die Johannes-evangelie die verhaal vroeër begin toe Jesus en Johannes die Doper gelyktydig opgetree het. Voorts blyk dat die Sinoptici in die algemeen minder gesteld is op noukeurige aanduidinge van tyd en plek as Johannes wat in hierdie verband vollediger gegewens aanteken.
Hierdie toedrag lei ons daartoe om 'n raamwerk van die omswerwinge van Jesus op te bou uit die gegewens van die Johannes-evangelie, en dan die gegewens van die Sinoptici na die beste van ons insigte daarin op te neem. Die resultaat is kortliks soos volg:
Ná die terugkeer uit die woestyn waar Jesus versoek is, gaan Hy na die Jordaan en vertoef 'n tyd lank in die omgewing waar Johannes nog besig was om te doop.
Van daar gaan Hy na Galiléa o.a. na die bruilof in Kana, en trek dan op na Jerusalem vir die Paasfees (Joh. 2:13). Nadat Hy 'n geruime tyd, moontlik ses of agt maande, in Jerusalem en omgewing deurgebring het, verlaat Hy Judéa om deur Samaría na Galiléa te reis (Joh. 4:3-4). Daar bly Hy nie lank nie aangesien Hy met die volgende Paasfees weer in Jerusalem was (Joh. 5:1), waar Hy o.a. die siek man in Betésda genees het. Daarna gaan Hy terug na Galiléa en gaan vir sowat 'n jaar voort met sy werk onder die skares. In hierdie tyd spreek Hy ook die Bergrede uit.
Toe die derde Paasfees aanbreek, was Jesus nog in Galiléa, en vind die spysiging van die 5,000 plaas (Joh. 6:4). Dit is dan die eerste Paasfees waarna die Sinoptici verwys. Kort hierna onttrek Hy Hom aan die skare en gaan na die noordelike gebiede tot by Caesaréa Filippi ten einde in die afsondering sy dissipels te onderrig.
Ses maande na die Paasfees reis Jesus na Jerusalem om die Huttefees by te woon (in Oktober) (Joh. 7:2). Sy werksaamhede op die reis word deur Lukas vertel, terwyl Johannes (7, 8, 9) vertel van die dinge wat in Jerusalem plaasgevind het. Jesus bly daar tot die fees van die tempelwyding wat in Desember val (Joh. 10:22).
Weens toenemende teenstand verlaat Hy Jerusalem en gaan oorkant die Jordaan na die plek waar Johannes die Doper eers opgetree het (Joh. 10:40). Waarskynlik het Hy weer eens 'n kort besoek aan Galiléa gebring, en teruggekeer na die plek oorkant die Jordaan. Daar ontvang hy berig van die siekte van Lasarus en gaan toe na Betánië. Nadat Hy Lasarus uit die dood opgewek het, besluit die Joodse Raad dat Hy moet sterf. Daarop trek Jesus en sy dissipels hulle terug na die stadjie Efraim op die grens van die woestyn (Joh. 11:54).
In Efraim het Hy seker nie lank gebly nie. Waarskynlik het Hy weer na Galiléa gegaan van waar Hy die laaste reis na Jerusalem vir die Paasfees van die kruisiging begin.
Hoewel hierdie skema op baie punte onseker is, bied dit tog 'n oorsig wat na ons mening reg laat geskied aan die gegewens van die vier Evangelies. Nou moet die nadere besonderhede in die raamwerk ingepas word om 'n deurlopende geheel te vorm. Daarmee wil ons voortgaan.

**§ 28 Die getuienis van Johannes die Doper (Joh. 1:29-34)**

Op die dag nadat die kommissie van priesters en Leviete uit Jerusalem Johannes die Doper ondervra het (vgl. §24). kom Jesus weer by Betábara (of Betánië) aan. Nadat Hy veertig dae in die woestyn gevas het, was sy uitgeteerde gestalte stellig die toonbeeld van ontbering en lyding eerder as van koninklike heerlikheid. Johannes was juis besig om te preek omtrent die koninkryk van God wat naby gekom het. Toe hy oor die skare heen kyk, sien hy Jesus nader kom.
Wat Johannes besig was om te sê, word meteens van minder belang. Hy onderbreek sy preek en rig die wysvinger op Jesus. Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" roep hy uit. Dit is asof Johannes met al die krag en nadruk waaroor hy beskik op Jesus heenwys. Hy gee aan die skare ook 'n verklaring waarom hy dit doen.
Hy vertel dat Jesus die Een is wie se koms hy aangekondig het, en van wie hy verklaar het: "Ná my kom 'n man wat voor my geword het, want Hy was eerder as ek."
Toe die skare omkyk en die Man daar sien staan, was hulle in die war. Kon Hy die Een wees wat sou kom, die verwagte Messias vir wie die weg voorberei word? Is Hy werklik die Een wat so verhewe is dat Johannes onwaardig is om sy skoenriem los te maak? Daar skyn tog iets ongerymds te wees in die situasie.

Johannes begryp die twyfel van die skare, en verduidelik dat hy self destyds toe Jesus Hom aangemeld het vir die doop, nie heeltemal seker was wie Hy was nie, aangesien hy Hom nie geken het nie. Die Here het egter aan Johannes 'n teken toegesê, naamlik dat hy die Heilige Gees in die gestalte van 'n duif op Hom sou sien neerdaal. Dit het by die doop gebeur. Daarom weet Johannes dat dit Hy is wat met die Heilige Gees doop, en dat Hy die Seun van God is.

Enkele uitdrukkings moet kortliks toegelig word:
***Lam van God.*** Minstens twee Ou-Testamentiese gedagtes word in hierdie benaming verenig. Eerstens is daar 'n toespeling op die paaslam waarvan die bloed Israel verlos het van die dood (Exod. 12:1 e.v.; ook Deel I, §91). Deur hierdie lam is daar 'n vrykoping uit die sonde wat die dood bring. Met verwysing na Jesus sê Paulus dat ons Pasga vir ons geslag is (1 Kor. 5:7), en Petrus verklaar dat ons gekoop is deur die bloed van die Lam (1 Pet. 1:18-20). Tweedens is hier 'n verwysing na Jes. 53 waar sprake is van die lydende Kneg van die Here wat geen aansien of heerlikheid gehad het nie, maar wat plaasvervangend gely het vir sy volk. Hy was soos 'n lam wat na die slagplek gelei word (v. 7) sodat Hy sy siel as 'n skuldoffer kan aanbied (v. 10). In die Johannes-evangelie staan die gedagte van die paaslam egter op die voorgrond. Daarom word vertel dat Jesus aan die kruis sterf op dieselfde uur waarop die paaslam in die tempel geslag word (Joh. 19:14).
***Hy was eerder as ek***. Dié uitdrukking kan nie letterlik verklaar word nie omdat Johannes ses maande ouer was as Jesus. Hier is 'n verwysing na die vóórbestaan of preëksistensie in ewigheid. Voordat Johannes gebore was, het Jesus bestaan. Daarom staan Hy ook in rangorde ver bo Johannes.
***Seun van God****.* Sommige meen dat Johannes die Doper in daardie stadium nog nie kon geweet het dat Jesus in die volle sin van die woord "Seun van God" was nie, en dat hy die benaming dus gebruik het in dieselfde sin as wat bv. Salomo in sy hoedanigheid as koning "seun van God" genoem word (vgl. 2 Sam. 14:7). Daarteenoor is te stel dat die Doper as profeet spreek en aansluit by Ps. 2:7 waar die Gesalfde (Messias) genoem word Seun van God. Voorts het Johannes die teken van die neerdaal van die Heilige Gees op Jesus ontvang, en die stem uit die hemel verneem. En nou, wat Satan in die woestyn in twyfel wou trek, word deur Johannes die Doper bevestig: Jesus is die Seun van God.
Diegene wat die getuienis van Johannes aangehoor het, moes seker nagedink het oor die teenstelling: Lam van God en tog ook Seun van God. Die een Naam laat dink aan vernedering en offer en bloedstorting, en die ander aan heerlikheid en eer en mag. Hoe kan hierdie teenstellinge in een Persoon verenig wees? Dit juis word die raaisel van Jesus se optrede as die Messias. Die volk verwag die Koning in sy heerlikheid, maar Jesus bewandel 'n weg van nederigheid, selfverloëning en offer. Eers later begryp sy volgelinge dat die weg van die kruis die enigste is wat uitloop op die verheerliking.

### § 29 Die roeping van die eerste dissipels (Joh. 1:35-52)

Wat Johannes aangaande Jesus getuig het, het op altans sommige van sy volgelinge 'n diep indruk gemaak. Die volgende dag toe Jesus weer nader kom, wys die Doper weer eens na Hom en sê nogeens: "Daar is die Lam van God!"
Twee van die leerlinge van Johannes die Doper het hierop besluit om met Jesus kontak te soek. Ietwat huiwerend loop hulle toe agter Hom aan. Toe Jesus omdraai en hulle sien, vra Hy op vriendelike toon wat hulle soek. Met eerbied spreek hulle Hom aan as Rabbi (= Meester) en vra waar Hy tuis is. Waarskynlik was hulle van plan om op 'n geleë tyd Hom op te soek en met Hom 'n gesprek te voer. Jesus ken die bedoelinge van die hart en vir Hom is die hede die mees geleë tyd. Daarom verstrek Hy nie aan hulle 'n adres nie, maar 'n uitnodiging: "Kom kyk." Hulle stap saam na 'n huis in die buurt. Toe hulle daar aankom, was dit "omtrent die tiende uur." Aangesien die Johannes-evangelie in Éfese geskryf is, word die Griekse dag-indeling gebruik en nie die Joodse nie. Dit beteken dat die ure van 12-uur af getel word soos ons dit doen, en nie van sesuur af nie. Dit was dus tienuur in die oggend. Daardie hele dag tot die aand bly hulle by Jesus.
Waaroor die gesprek gegaan het, is nie opgeteken nie, maar ons kan aanneem dat Jesus oor die koninkryk van die hemele sou gepraat het, en die Skrifte vir hulle geopen het. Gaandeweg raak hulle oortuig dat Hy werklik die Een is wat sou kom, die verwagte Messias.
Een van die twee dissipels word by die naam genoem. Hy was Andréas, die broer van Simon Petrus. Die naam van die ander een word nie genoem nie. In sy Evangelie noem die apostel Johannes sy eie naam of dié van sy broer Jakobus nooit nie (vgl. § 7). Ons kan dus aanneem dat Johannes die metgesel van Andréas was en dat hy ook hier doelbewus sy eie naam verswyg het. Die gebeurtenis het egter so 'n diepe indruk op sy gemoed gemaak dat toe hy op hoë ouderdom sy Evangelie skryf, hy nog die presiese uur van die dag onthou het.
In groot opgewondenheid keer die twee teen die aand terug. Nou het hulle groot nuus om te vertel, en elkeen haas hom na sy eie mense. Andréas soek sy broer Petrus op, en ons kan aanneem dat Johannes alles gaan vertel het aan sy broer Jakobus. Andréas was 'n man van

aksie en is die eerste wat van die saak werk maak. Hy vertel aan sy broer dat hulle die Messias gevind het, en as dié nog ongelowig na hom luister, dwing hy hom om nog dieselfde aand saam te gaan na Jesus. Daar vind 'n merkwaardige ontmoeting plaas wanneer dié dissipel wat die leier van die latere Twaalf sou word en wat tog ook sy Meester deur verloëning so 'n diepe leed sou aandoen, vir die eerste keer Jesus in die oë kyk. Hy stel homself nie aan Jesus voor nie. Die teenoorgestelde gebeur. Jesus vertel hom wie hy is en wie hy sal word: "Jy is Simon, die seun van Jona (of: Johannes); jy sal genoem word Cefas, wat vertaal word Petrus" (v. 43). Die impulsiewe, onberekenbare Simon van vlees en bloed sal die "rotsman," die man van graniet word in die koninkryk van God. Jesus, die Messias, dring nie net deur tot in die diepte van die hart van 'n mens nie, maar sy oog sien ook die toekoms soos 'n ope boek. Petrus moes in ontroering en verwondering die uitspraak aangehoor het. Dié ontmoeting het hom aan Jesus verbind met 'n band van geloof, liefde en trou wat nie verbreek sou word nie, al sou die Satan hom ook sif soos die koring.

Op die eerste dag toe Jesus daar by die Jordaan aangekom het, was Hy alleen. Op die tweede dag het vier volgelinge by Hom aangesluit, te wete, die twee pare broers Andréas en Petrus, en Johannes en Jakobus. Laasgenoemde twee word wel nie by name genoem nie, maar ons kan tussen die reëls lees dat hulle daarby was.

Die dag daarna maak Jesus gereed om na Galiléa te gaan, vergesel deur die klein groepie volgelinge. Toe Hy op die punt staan om te vertrek, vind Hy Filippus. Die berig wek die indruk dat Jesus op die uitkyk was met die opset om Filippus te vind en dat dit nie 'n toevallige ontmoeting was nie. Jesus is besig om sy eerste dissipels te kies en Hy weet wie Hy nodig het. Sowel Filippus as Andréas en Petrus was afkomstig uit Betsaída (= Vishuis), 'n stad aan die oostekant van die Jordaan net waar dit van die Noorde af in die See van Galiléa invloei. Die gebied rondom is nog tot Galiléa gereken. Die stad het sterk onder die inwerking van die Hellenisme gestaan (vgl. § 3(a)), soos ook blyk uit die Griekse name van hierdie Joodse manne.

Aan Filippus rig Jesus 'n kort betekenisvolle woord, tegelyk 'n uitnodiging en 'n opdrag: "Volg My." Voortaan sal hierdie woorde meermale uit die mond van Jesus gehoor word. Hy is immers die Soeker wat gekom het om te red, en daarom oproep tot navolging op die weg na die lewe. Die navolging beteken dus nie maar net 'n agternaloop of 'n medereisiger word nie, maar dit het te doen met die verhouding van 'n leerling tot sy leermeester. Dit beteken om by Jesus as die Leermeester aan te sluit en deur Hom onderrig te word sodat die leerling weldra self opgelei kan wees om die boodskap van sy Meester uit te dra in die wêreld, wanneer die Meester self nie meer liggaamlik teenwoordig is nie. Hiervan is die geval van Petrus 'n goeie voorbeeld. Aan die begin van sy dissipelskap sê Jesus aan hom: "Kom agter My aan" (Matt. 4:19), en die laaste woord van Jesus aan Petrus, kort voor die hemelvaart, is weer: "Volg My" (Joh. 21:19, 21). Filippus het op daardie moment toe Jesus hom gevind het, seker nog nie die volle implikasie van die "Volg My" begryp nie, maar hy was tog onmiddellik bereid om hom by Jesus te voeg.

Net soos Andréas ondervind Filippus ook 'n drang om aan iemand anders iets van Jesus te vertel. Hy soek 'n vriend, Natánael, op en kondig aan: "Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Jesus, die seun van Josef van Násaret."

Natánael (= Godsgeskenk), afkomstig uit Kana in Galiléa en behorende tot die kring, van die dissipels (Joh. 21:2), word beskou as dieselfde as Bartholoméüs, een van die Twaalf (Matt. 10:3). Hy was 'n vroom man, en blykbaar beter met die Skrifte bekend as Filippus. Daarom kan hy die aankondiging van Filippus nie goed begryp nie. Sekere intellektuele besware ontstaan in sy gemoed. Filippus bedoel blykbaar die Profeet na wie Moses verwys het, d.w.s. die Messias van die profesieë, maar hoe kan hy hierdie Skrifuitsprake tuisbring op 'n Man uit Násaret? Die Messias, seun van Dawid, sou immers in Betlehem gebore word?

Met dergelike vrae is Filippus verleë. Vir die skeptiese Natánael het hy net een antwoord: "Kom kyk." Hy is oortuig dat 'n persoonlike ontmoeting met Jesus alle twyfel sal wegneem. Natánael is bereid om saam te gaan. Toe hy nader kom, hoor hy Jesus oor hom 'n vriendelike opmerking maak: "Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie." Verbaas vra Natánael van waar Jesus hom dan ken. Dan kom die antwoord wat van die alwetendheid van Jesus getuig: "Toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien." Die Jood het op die hitte van die dag graag onder die vyeboom in die koelte gesit. Dit is ook bekend dat hy daar die stilte vir gebed gevind het, wat sy oorbevolkte klein huis hom nie kon bied nie. Dit is dus moontlik dat Natánael in gebed onder die vyeboom verkeer het. Die gebedsgemeenskap met God was tegelyk 'n

gemeenskap met Jesus. Nou maak Hy daarvan melding. Hy weet alles. Natánael besef dat hy voor Iemand staan wat meer is as 'n gewone mens. Filippus was tog reg. Met groot eerbied spreek Natánael 'n belydenis uit: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" Of Natánael die volle messiaanse betekenis van sy woorde begryp het, kan ons nie sê nie. Hy het egter 'n waarheid uitgespreek waarvan die volle betekenis eers langsaam tot die verstand van die dissipels sou deurdring. Later sou Petrus 'n dergelike belydenis uitspreek (Matt. 16:16), maar selfs dan nog nie die werklike betekenis daarvan insien nie. Eers na die opstanding uit die dode sou hulle die diepe betekenis van die uitspraak van Natánael begryp. Dan word dit deur Thomas bevestig, wanneer hy gelowig uitroep: "My Here en my God!" (Joh. 20:28).

Aan Natánael, en ook aan die ander volgelinge, word 'n heerlike belofte toegesê. Hulle het nou een teken gesien wat daarop wys dat Jesus die Christus, die Seun van God is. Maar hulle sal voortaan baie meer tekens sien, en daardeur tot vaster oortuiging gelei word dat Hy werklik die Een is wat sou kom. Trouens, hulle sal iets beleef van wat met Jakob by Bet-el plaasgevind het toe hy in 'n droom die leer na die hemel gesien het en die engele wat neerdaal en weer opstyg (Gen. 28:12 e.v.). In die teenwoordigheid van Jesus sal hulle dit gewaar word dat die hemel oopgegaan het en dat daar 'n brug tussen hemel en aarde geslaan is. Die engele sal soos dienende geeste (Ps. 104:4) na Jesus afdaal en weer opstyg, en Hy sal die woorde van God spreek en die werke van God doen. Dit alles sal die dissipels sien.

Tog val dit op dat Jesus nie die Naam "Seun van God" uit die mond van Natánael oorneem nie. Hy verwys na Homself as die "Seun van die mens." Dit is nou die eerste keer dat ons hierdie Naam wat so dikwels deur Jesus gebruik word, verneem. Die Naam dui Hom aan in sy vernedering toe Hy aan die mens gelyk geword het en onderworpe was aan al die ontberinge en lyding van die mens. In daardie staat was Hy volkome "mensekind," behalwe dat Hy geen sonde gedoen het nie. Tog was dit ook 'n hoogheidsbenaming. In Dan. 7:13 voorspel die profeet van Een wat sal kom op die wolke van die hemel "soos die Seun van 'n mens," en aan Hom is alle mag in die hemel en op die aarde gegee tot in ewigheid. Die Naam wys dus ook heen na die wederkoms van Christus as die Oorwinnaar wat al sy vyande onderwerp het en sy heerskappy oor alle dinge en magte gevestig het. In die Naam "Seun van die mens" word die twee gedagtes verenig: die menswording en die dood aan die kruis, en daarnaas die verheerliking om as hemelse Koning vir ewig te regeer. Van nou af begin Jesus met die onderrig van sy dissipels om hulle tot die volle insig te lei dat beide hierdie hoedanighede in die Seun van die mens verenig is: die gekruisigde Messias en tog ook die oorwinnende Messias. Maar dit sou 'n lang weg wees voordat hulle uit die newels van misverstande tot die volle lig van die waarheid sou tree.

## § 30 Die bruilof in Kana (Joh. 2:1-11).

Die eerste week saam met Jesus het so 'n blywende indruk op die apostel Johannes gemaak dat hy in die hoë ouderdom toe hy sy Evangelie geskryf het, nog helder kon onthou wat op die een dag na die ander gebeur het. Die eerste vier dae daar by die Jordaan het uitgeloop op die ontmoeting van Jesus en Natánael. Daarna gaan Hy en sy klein kring van volgelinge op reis na Galiléa, in die rigting van sy tuisdorp, Násaret. Op die derde dag van hul reis, d.w.s. die sewende dag van die eerste week, kom hulle in die buurt van Kana waar daar juis 'n bruilof aan die gang was. Daarheen word hulle toe ook uitgenooi. Dus, die sewende dag van daardie eerste week word 'n heerlike feesdag. Dit word ook die dag van die eerste wonderteken waardeur die heerlikheid van Jesus geopenbaar word.

Kana was 'n klein dorpie ongeveer agt myl noord van Násaret. Die bewoners van die twee dorpies was met mekaar bekend. Toe daar 'n bruilof in Kana sou plaasvind, het Maria, wat lank reeds weduwee was, daarheen gegaan om met die voorbereidsels behulpsaam te wees. So 'n bruilof kon 'n paar dae duur veral by die rykes van Judéa, maar onder die armes in Galiléa is die fees op 'n nederiger skaal gevier. Tog moes die bruidegom wat as gasheer optree, voorsiening maak vir meer as een dag van eet en drink vir 'n groot aantal gaste. Daar tussen die wingerde van Galiléa sou die wyn by so 'n fees nooit ontbreek nie.

Direk na hulle aankoms in die omgewing ontvang Jesus en sy dissipels 'n uitnodiging na die bruilof. Sy dissipels het stellig gewonder wat Hy ten opsigte van so 'n uitnodiging sou doen. As leerlinge van Johannes die Doper was hulle van opvatting dat Johannes deur sy leefwyse die voorbeeld gestel het vir 'n heilige lewe. Dit het bestaan in die algehele terugtrekking uit die wêreld om 'n lewe van strenge self-ontsegging êrens in die woestyn deur te bring waar daar genoeg geleentheid was vir gebed en vas. 'n Uitnodiging na 'n vrolike bruilofsfees moet

hiervolgens beskou word as uit die bose en daarom sonder meer van die hand gewys word. Maar wat gaan Jesus daaromtrent doen?

Vir Hom lewer die vraag geen probleem nie. Anders as Johannes die Doper moet Hy sy goddelike opdrag uitvoer, nie deur Hom aan die wêreld te onttrek nie, maar juis deur midde in die wêreld te tree en daar die koninkryk van God tot openbaring te bring. Hy het aan die mense gelyk geword, nie om daarna die lewe van die mense te ontvlug nie, maar juis om met hulle een te word in hulle ellende en lyding sowel as in hulle vreugde en feesvieringe. Hy het gekom om te ween met die wat ween, en om bly te wees met die wat bly is, maar om in elke situasie getuienis te lewer van die koninkryk van God. Daarom aanvaar Hy geredelik die uitnodiging na die bruilof in Kana, en volg sy dissipels Hom daarheen.

In die loop van die fees ontstaan 'n situasie wat vir die bruidegom in sy hoedanigheid as gasheer uiters vernederend kan wees. Die wyn begin opraak. Maria wat 'n oog gehou het oor die bediening probeer iets bedink om te voorkom dat die fees op 'n antiklimaks uitloop. In haar radeloosheid wend sy haar tot haar seun, Jesus. Dit is nie bekend of Jesus voorheen wondere gedoen het waarvan sy moeder geweet het nie. In elk geval weet sy dat Hy kan uitred wanneer die ander geen raad weet nie. Moontlik het die verhaal van Natánael ook al op die fees bekend geword. Hoe dit ook sy, Maria vestig haar verwagting op Jesus.

Die antwoord wat sy ontvang, klink vreemd en byna onbeleef: "Vrou, wat het Ek met u te doen?" Tog het Maria sy bedoeling begryp, en Hom nie tereg gewys nie. Wanneer Hy haar aanspreek as "Vrou" en nie "Moeder" nie, gebruik Hy 'n vorm wat geensins destyds 'n onbeleefde spreekwyse was nie. Wanneer Hy vanaf die kruis in ontferming op sy moeder neerkyk, spreek Hy haar weer eens so aan (Joh. 19:26). Tog gee dié vorm ook te kenne dat in hierdie stadium 'n verandering ingetree het in sy verhouding tot haar. Tot dusver was Hy aan haar onderdanig (vgl. Luk. 2:51), maar nou het die tyd aangebreek dat Hy geheel en al besig sal wees met die dinge van sy hemelse Vader. Daarom mag sy nie meer aan Hom eise stel nie, maar Hom toelaat om ongehinderd die wil van die Vader uit te voer. Dit is ook die bedoeling van sy vraag: "Wat het Ek met u te doen?" Hierdie uitdrukking kom meermale in die Skrif voor, gewoonlik as afwysing van 'n poging tot toenadering, of as weiering van 'n versoek. Jesus weerstaan dus die versoek van sy moeder, en as rede voeg Hy by: "My uur het nog nie gekom nie." Daarmee bedoel Hy dat Sy handelinge bepaal word deur die wil van God, en dat Hy 'n uur vasgestel het vir elke stap in die optrede van Jesus. Die uur mag nie vooruit geloop word nie. Op hierdie uur lê die apostel Johannes besondere nadruk (vgl. 7:30; 8:20; 12:23, 27; 13:1; 17:1).

Ook hierdie uitspraak is vir Maria nie 'n afwysing nie, maar 'n aanduiding dat Hy wel iets aan haar versoek sal doen, nadat Hy die hemelse Vader geraadpleeg het. Daarom gee sy opdrag aan die dienaars om alles wat Jesus hulle beveel, stiptelik uit te voer.

'n Bietjie later tree Jesus handelend op. Om aan die reinigingsvoorskrifte te voldoen, moes daar by so 'n fees 'n goeie voorraad water beskikbaar wees. Die gaste moes hul hande en voete kon was voordat hulle plek neem by die tafels, en alle gebruikte skottelgoed moes goed gewas word. Vir dié doel het daar in die binnehof ses klip-watervate gestaan, elk met 'n inhoudsmaat van 20 tot 30 gallon. Jesus gee aan die dienaars opdrag om die watervate behoorlik te vul, waarskynlik uit 'n put of fontein daar naby. Nadat dit gebeur het, kom die bevel dat hulle nou moes uitskep en dit na die hoofdienaar of seremoniemeester neem. Toe laasgenoemde daaraan proe, was dit wyn. Waar dit vandaan gekom het, wis hy nie maar hy kon wel vasstel dat dit veel beter wyn was as wat tot dusver bedien is. Die dienaars was egter getuies van wat gebeur het, en het stellig nie daaromtrent stilgebly nie.

Die hoofdienaar wat hom nog van die wonder onbewus was, voel dit sy plig om die bruidegom aan te spreek omdat hy die gewone volgorde van aanbieding omgekeer het. Gewoonlik word die goeie wyn eerste bedien, en eers daarna wanneer die feesgangers versadig is, word die minder goeie aangebied. Die opmerking van die hoofdienaar is egter geen verwyt nie, maar eerder 'n woord van lof. Deur op hierdie wyse te handel het die bruidegom die vreugde verhoog. Hy het die beste teruggehou vir die laaste.

Die apostel Johannes herinner hom goed dat hierdie die eerste wonderwerk is wat die Here gedoen het en dat dit daar in Kana in Galiléa gebeur het. Ook onthou hy die uitwerking van die daad van Jesus. Dit was 'n openbaring van die heerlikheid van die Here. In Joh. 1:14 verklaar Johannes: "Ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid." Nou het hulle in Kana vir die eerste keer iets van daardie heerlikheid aanskou. Daardeur het die dissipels tot die insig gekom dat Hy werklik

van God gekom het, en hulle het in Hom begin glo.
Johannes praat egter van 'n "teken" wat Jesus gedoen het. In sy Evangelie noem hy telkens die wondere van die Here "tekens." Daarmee gee hy te kenne dat die wonderdaad 'n dieperliggende betekenis het. Ons kan dit beskryf as 'n stuk onderrig in sigbare vorm. Daarom behoort ons ook na te speur wat die wonderdaad beteken.
In die geval van die wynwonder gaan dit nie om die vraag of Jesus daardeur te kenne wou gee dat ons vryelik wyn by 'n bruilof kan gebruik nie. Hierdie oorweging het niks te doen met die wonder as "teken" nie. Die sleutel vir die verklaring van die teken is te vind in die woorde van die hoofdienaar: "Elke mens sit eers die goeie wyn op en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar u het die goeie wyn tot nou toe bewaar." Jesus het gekom om die orde van sake om te keer. Die wêreld bied eers die beste aan, maar daarna kom die ontnugtering. Jesus begin nou met sy optrede en dit sal 'n weg van smarte wees, maar dit loop uit op die verheerliking. So bied Hy aan sy navolgers die beker van beproewing maar daarna die vreugdesbeker. En in dit alles word die heerlikheid van die Here geopenbaar. In hierdie sin verstaan, is die wynwonder 'n teken wat aan die begin van Jesus se werksaamheid as 't ware sy program aandui. Die hele evangelieverhaal wat volg, staan in die teken van die omkering van die volgorde van vreugde en leed, van lig en duisternis, van lewe en sterwe, deur die optrede van Jesus Christus.

**§ 31 Paasfees in Jerusalem: Gesprek met Nikodémus (Joh. 2:12 -13; 3:1-21)**

Ná die bruilof in Kana gaan 'n hele geselskap op reis na Kapérnaüm aan die noordelike kus van die See van Galiléa. Saam met Jesus was sy moeder, sy broers en sy dissipels. Blykbaar het sy moeder en broers die moontlikheid oorweeg om Násaret te verlaat en hulle in Kapérnaüm te vestig, en daarom wou hulle 'n bietjie omsien na 'n nuwe woning. Die stad was op die hoofverkeersweg langs die see geleë, en ook die woonplek van Sebedéüs en sy seuns en van Petrus en Andréas. In Matt. 4:13 lees ons dat nadat Johannes die Doper gevange geneem is, Jesus Násaret verlaat het en in Kapérnaüm gaan woon het, sodat die stad die uitgangspunt word van sy werksaamheid in Galiléa. Sy moeder en broers het toe seker saam met Hom daarheen verhuis.
Die huidige besoek was maar vir 'n kort tydjie. Maria en haar seuns gaan terug na Násaret, terwyl Jesus en sy dissipels die reis na Jerusalem begin waar hulle aan die Paasfees wil deelneem.
In die tempel het Jesus openlik die volk begin leer, soos aangaande die optrede van die Messias voorspel is deur die profeet Maleàgi (3:1). Vir 'n geruime tyd het Hy met sy onderrig voortgegaan en die erkenning afgedwing dat Hy "'n leraar is wat van God gekom het" aangesien Hy ook tekens gedoen het wat slegs moontlik was indien God met Hom was (Joh. 3:2).
Onder diegene wat diep onder die indruk gekom het van Jesus se leer was daar Nikodémus, 'n man van hoë aansien onder die Jode. Hy was 'n owerste onder sy tydgenote en 'n lid van die Sánhedrin. Wat sy godsdienstige rigting betref, was hy 'n Fariseër. In sy hart ontvlam 'n onweerstaanbare drang om met Jesus 'n gesprek te voer en Hom oor sekere aspekte van die verwagte koninkryk uit te vra. Aangesien daar onder die Jode heelwat bedenkinge teen Jesus aan die sluimer was, wou Nikodémus nie openlik in gesprek met Hom gesien word nie. Dit sou moontlik skade doen aan sy aansien en status in die samelewing. Daarom soek hy Jesus op onder die sluier van die nag.
Jesus was alleen, waarskynlik in die gastekamertjie op die plat dak van 'n huis in die stad. Met die buitetrap gaan Nikodémus daarheen en word op die ongewone besoekuur vriendelik ontvang deur Jesus. Uit die gesprek wat volg, kan ons aflei dat hy allerlei vrae wou stel oor die komende koninkryk. As Fariseër was hy die opvatting toegedaan dat die Messias met heerlikheid en eer sou verskyn en die Romeine met geweld verdryf. Hy sou die weg voorberei vir die Dag van die Here wanneer God as Regter verskyn en al die vyande van die Jode neerwerp. Die voorbereiding sou daarin bestaan dat die volk opgeroep word om die wet stiptelik te onderhou, al was dit net vir een dag. Dan sou die Messiasryk aanbreek. Nou word Jesus aangewys as die Een wat sou kom, en Hy word ook die Messias genoem, maar waar is die koninkryk en waar die oproep tot wetsonderhouding? Jesus tree in nederigheid en sagmoedigheid op, sonder koninklike majesteit, en Hy eis nie die onderhouding van die wet in die gees van die Fariseërs nie. Nikodémus vind dus dat daar van die koninkryk niks te sien is nie, en tog moet hy erken dat Jesus meer is as 'n gewone rabbi.
In ooreenstemming met die beleefdheidsvorm van sy tyd spreek Nikodémus Jesus met

vererende woorde aan. Hy noem Hom "Rabbi," d.i. 'n titel wat aan die mees geëerde leermeesters toegeken word, en voeg by dat "ons" d.i. hy en sy gelykes, tot die oortuiging gekom het dat Jesus werklik deur die Here gestuur is en dat God met Hom is, anders sou Hy nie die wondertekens kan doen nie.

Jesus weet vooruit wat Nikodémus se probleem is, en Hy gaan direk daarop in: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." Nikodémus wil die koninkryk sien. Jesus gee toe dat die koninkryk wel "gesien" kan word, d.w.s. sy koms kan met die oog opgemerk word, maar belangriker nog is die innerlike "sien" van die koninkryk in dié sin dat 'n mens geestelik daaraan deel verkry of dat 'n mens die koms van die koninkryk in jou eie hart ondervind. Die koninkryk is in die eerste plek iets geestelike waardeur so 'n radikale lewensverandering intree dat 'n mens voortaan ook met die oog die koninkryk kan "sien." Maar voordat dit sover kom, moet die mens "weer gebore word" of letterlik: "van bo gebore word." God uit die hemel moet iets in sy lewe bewerkstellig waardeur net so 'n lewensbegin aanbreek as toe hy as kindjie deur die vleeslike geboorte die lewe op aarde binnegetree het.

Hierdie uitspraak van Jesus is vir Nikodémus volslae onverstaanbaar. Nie alleen word iets van die koninkryk gesê wat hy nie kan begryp nie, maar dat 'n volwasse man weer gebore moet word, skyn 'n onmoontlike dwaasheid te wees. Die Fariseër dink "letterlik," en Jesus spreek "geestelik." Vandaar die onvermoë van Nikodémus om te verstaan.

Geduldig begin Jesus met 'n toeligting! "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie." Dus, toe Hy gepraat het van "die koninkryk van God sien" (vs. 3). het Hy dieselfde bedoel as "die koninkryk van God ingaan." En dit geskied deur 'n innerlike verandering in die lewe van 'n mens. Hy moet opnuut gebore word. Dit beteken dat hy uit water en Gees gebore moet word. Hy moet die doop met water, soos deur Johannes die Doper verkondig, ondergaan deurdat hy sy sonde bely en hom voorneem om daarvan finaal afstand te doen. Die doop met water is dan die uiterlike teken van 'n sterwe van die ou mens en 'n opstaan tot 'n nuwe lewe. Wanneer dit gebeur, gaan die Gees voort om 'n innerlike lewensvernuwing te bewerkstellig. Die resultaat is dat van iemand gesê kan word dat hy weer gebore is.

Nikodémus is sigbaar verwonder oor hierdie uitspraak. Moet hy wat die wet onderhou en 'n owerste van die Jode is, hom ook aan die doop onderwerp met belydenis van sonde? Is hy dan nie "regverdig" volgens die wet nie? Jesus ken sy bedenkings en gaan voort deur daarop te wys dat dit gaan om die werking van die Heilige Gees. Die mens kan nie self 'n wedergeboorte in sy lewe tot stand bring nie, net so min as wat hy iets aan sy eie geboorte kan doen. Die wedergeboorte is die vrug van die geheimsinnige werking van die Gees. Hy is soos die wind wat deur die boomtoppe ruis. Ons weet dat die wind waai, maar ons sien hom nie en weet nie van waar hy kom of waarheen hy gaan nie. So werk die Gees ook in die lewe van 'n mens om vernuwing te bring sodat hy die koninkryk kan "sien".

Die saak bly vir Nikodémus nog onverstaanbaar. Hy moet nog baie van die opvattinge as fariseëse leraar van Israel opsy sit voordat hy die getuienis van Jesus sal aanneem. As hy nie eens hierdie aardse dinge" kan verstaan nie, vra Jesus, hoe sal hy dan die "hemelse dinge" begryp.

In sy gesprek tot dusver (vs. 3-11) was Jesus besig om oor die "aardse" aspek van die koninkryk van God te praat. Hy het verduidelik wat in die lewe van 'n mens moet gebeur om die koninkryk te kan "sien." Die feit dat 'n lewensvernuwing deur die Heilige Gees plaasvind, kom tot waarneembare openbaring in die daaglikse lewe, m.a.w. dit is bewysbaar en daarom behoort dit ook nie betwyfel te word nie. Maar Nikodémus twyfel wel. Daar is ook 'n "hemelse" aspek van die koninkryk van God, d.w.s. die dinge wat God vanuit die hemel gedoen het ten einde sy koninkryk onder die mense sigbaar te maak. Hierdie dinge moet geglo word sonder menslike bewyse. Sal Nikodémus ooit daartoe kan kom?

Hierop begin Jesus met 'n uiteensetting van die "hemelse dinge" (vs. 13-21). Maar wie kan oor hemelse dinge iets vertel as hy nie eers na die hemel opgevaar het nie? Daartoe is geen mens tog instaat nie. Daarom verklaar Jesus dat Hy wel oor hierdie dinge kan praat omdat Hy uit die hemel neergedaal het. Hy is immers die Seun van die mens wat deur die Vader as Middelaar na die aarde gestuur is.

Hierop gaan Jesus voort om die heilsplan van God aan Nikodémus te verduidelik. Hy verwys na die geskiedenis van die koperslang wat Moses in die woestyn aan 'n paal moes ophef sodat elkeen wat die oë daarheen rig, in die lewe sou bly nadat die slange die volk gebyt het (Num.

21:9). Net so sou die Seun van die mens opgehef word aan die kruis sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê. Die heilsplan het sy oorsprong in die liefde van God. Sy liefde gaan uit na die wêreld en alle volke van die wêreld wat in sonde verkeer. Hy openbaar sy liefde deur sy enigste Seun as 'n offer aan te bied sodat elkeen wat in Hom glo, kan lewe in ewigheid. Jesus weet dus hier aan die begin van sy werksaamheid waartoe Hy bestem is. Hy wat van die hemel na die aarde gekom het, weet wat die Vader Hom voorgeneem het en hoedat die Seun die heilsplan tot uitvoering moet bring. En Nikodémus is die eerste persoon onder die mense wat uit die mond van Jesus self hierdie "hemelse dinge" hoor.

Maar daar is nog meer om te vertel. 'n Mens sou verwag dat God sy Seun sou stuur om strafgerig op die aarde te hou. Die Jode het die groot Dag van die Here, die oordeelsdag, verwag wanneer die Messias kom. Maar, sê Jesus, die liefde van God vertraag die oordeel. Die Seun kom nie as Regter nie maar as Redder om die ewige lewe te bring vir die gelowiges. Tog moet daar geen misverstand wees nie. Almal is aan die sonde skuldig, en daarom reeds onder die oordeel. Dit kom tot openbaring deur hulle houding teenoor die lig. Die Seun het gekom as die lig in die wêreld ooreenkomstig die uitsprake van die profete (vgl. Joh. 1:9 e.v.; en § 9), maar die mense het verkies om in die duisternis te bly omdat hulle werke boos was. Hulle was bang vir openbaarmaking in die helder daglig en die gevolglike straf (vgl. Job. 24:13-17). Daarteenoor staan diegene wat "die waarheid doen," d.w.s. wat in opregtheid die welbehae van God uitvoer soos dit deur Jesus aangewys word. Hulle tree in die volle daglig met hul lewe, en daar word dit aan almal bekend dat dit die Here is wat deur hulle werk.

Sal Nikodémus wat onder die bedekking van die duisternis na Jesus gekom het, nou teruggaan om in die volle lig te tree as 'n volgeling van die Here? Dit gebeur nie so onmiddellik nie. Hy het die boodskap verneem maar dit nog nie aanvaar nie. Langsaam werk die Gees in hom. Later is hy in die Joodse Raad 'n voorspraak dat die reg nie verkrag moet word in die optrede teen Jesus nie (Joh. 7:50-52) en wanneer Jesus in die graf weggelê word, tree hy openlik na vore as volgeling van die Here (Joh. 19:39).

**§ 32 Verdere getuienis van Johannes die Doper (Joh. 3:22-36)**

Na verloop van enkele maande waarin Jesus in Jerusalem gepreek en tekens gedoen het, verlaat Hy die stad en trek Hy en sy dissipels rond in Judéa. Daar het Hy die koms van die koninkryk van God verkondig en opgeroep tot bekering. Almal wat met belydenis van sonde hulle by Hom gevoeg het, het Hy gedoop, d.w.s. Hy het sy dissipels die doop laat bedien (Joh. 4:2).

In sy omwandeling het Jesus in die omgewing gekom waar Johannes die Doper besig was met sy werk. Dit was aan die westelike oewer van die Jordaan, by Enon naby Salim. Die juiste ligging van hierdie plekke kan slegs by benadering aangedui word. Nog steeds was daar 'n toeloop van mense om hulle deur Johannes te laat doop, maar dit het bekend geword dat nog groter skares rondom Jesus vergader, en baie mense het ook van Johannes af weggegaan om by Jesus aan te sluit.

In daardie tyd het die Jode 'n argument gehad met die leerlinge van Johannes oor die reiniging. Vermoedelik het dit gegaan oor die vraag of die doop van Johannes 'n reiniging kan bewerkstellig, én of die doop van Jesus nie eerder dit kan doen nie. Bekommerd oor dié toedrag van sake kom die dissipels van Johannes die saak met hom bespreek. Hulle wys daarop dat Jesus wat tog deur Johannes gedoop is en dus sy mindere behoort te wees, nou besig is om te doop en dat baie meer mense na Hom gaan as wat na Johannes kom. As dit so moet voortgaan, sal Johannes binnekort sowat geen toehoorders meer hê nie. Moet daar nie iets aan die saak gedoen word nie?

Johannes ken egter geen jaloesie nie. As Jesus beter preek en meer mense na Hom toe trek as Johannes, is dit nie 'n menslike kundigheid nie, maar 'n gawe uit die hemel wat aan Jesus gegee is. Johannes het dit tog voorheen gesê dat hy maar net die voorloper, die wegbereider is, en nie die Christus nie. En nou dat hy sien hoedat die volk na Jesus gaan, ondervind Johannes 'n innerlike genoegdoening. Hy is soos die vriend van die bruidegom wat die bruid na die bruidegom gelei het, en nou dat die twee verenig is, is die taak van die vriend afgehandel. Met die verwysing na die bruidegom en die bruid herinner Johannes aan die beeldspraak in die Ou Testament waar Israel genoem word die bruid van God. Die bruid sien uit na die koms van die bruidegom. Nou het Jesus as die bruidegom verskyn. By die bruilof in Kana het iets hiervan reeds deurgeskemer. Johannes noem dit openlik sodat die volk kan weet dat die verwagte Bruidegom in hulle midde is. Daarom kan die vriend op die agtergrond tree en sê: "Hy moet meer word, en ek minder".

Dan wys Johannes op 'n vergelyking tussen hom en Jesus, en daarmee bevestig hy die gesprek wat Jesus met Nikodémus gehad het oor die "hemelse dinge." Johannes sê dat hy maar net uit die aarde is, 'n gewone mens met beperkte, gebrekkige insigte, maar Jesus is uit die hemel. Die Gees is aan Hom sonder mate gegee, en Hy spreek die woorde van God, maar niemand wil sy getuienis aanneem nie. Daarteenoor ondervind diegene wat wel in Hom glo, dat God waaragtig is. Die koms van die Seun, aan wie die Vader wat Hom liefhet alle dinge gegee het, bring skeiding onder die mense. Diegene wat in Hom glo, ontvang die ewige lewe; diegene wat Hom verwerp, bly onder die toorn van God.

Só wys Johannes die Doper op Jesus, en hy weet dat die tyd aangebreek het dat hy op die agtergrond tree sodat alle oë op Jesus gevestig kan wees.

**§ 33 Op reis deur Samaria na Galiléa (Joh. 4:1-42)**

Van Paasfees af (Joh. 2:13) wanneer die oes begin tot vier maande voor die volgende oes (Joh. 4:35), d.w.s. vir ongeveer agt maande het Jesus in Jerusalem en in Judéa werksaam gebly. Besonderhede van gebeurtenisse uit daardie tyd, behalwe wat ons in Joh. 3 lees, word ons nie vertel nie. Tog blyk dat daar toenemende verset van die kant van die Fariseërs was. Johannes die Doper het geen aanstoot geneem oor die feit dat Jesus 'n groter aanhang gekry het as hy nie. Trouens, hy het hom daaroor verbly. Die Fariseërs het egter met wantroue die ontwikkeling in die oog gehou en uiting begin gee aan 'n smeulende verset teen Jesus. Om nie in hierdie stadium in sy werksaamheid gestuit te word nie, besluit die Here om Judéa te verlaat en na Galiléa te gaan.

Die kortste weg na Galiléa was van Jerusalem af noordwaarts na Bet-el en van daar deur Samaria. Die Jode het weens hulle sterk gevoel teen die Samaritane selde hierdie weg gebruik. Hulle het gewoonlik die omweg verkies wat by Jérigo oor die Jordaan gegaan het en dan noordwaarts aan die oostekant van die Jordaan tot by die See van Galiléa.

Die Joodse afkeer vir die Samaritane het diep wortels in die geskiedenis gehad. Samaria was die gebied van die Tienstammeryk. In die tyd van die konings was daar herhaaldelik oorlog tussen Israel, d.i. die tien stamme en Juda. Na die wegvoering van Israel het die koning van Assirië mense uit heidense volke in Samaria gevestig (2 Kon. 17:24). Hierdie vreemdelinge het met die oorblyfsel van Israel vermeng, en ook heidense elemente ingevoer in die godsdiens van Israel. By die heropbou van Jerusalem het die Samaritane hul hulp aangebied maar Serubbábel het dit van die hand gewys (Esra 4). Van toe af het 'n bittere vyandskap ingetree. Die Samaritane het op die berg Gerísim 'n eie tempel gebou en nooit meer na Jerusalem opgegaan nie. Hierdie tempel is in die Makkabeër-tyd deur Johannes Hyrcanus verwoes en nie weer opgebou nie. Die haat van die kant van die Jode het egter nie verminder nie, sodat hulle eerder deur die land van die heidene gereis het as deur Samaria.

By Jesus was dit egter anders. Hy koester teen niemand enige haat nie, ook nie teen die Samaritane nie. Daarom het Hy geen beswaar om deur hulle gebied te reis nie, en gebruik Hy ook die geleentheid om daar die evangelie van die koninkryk van God te verkondig.

Die pad loop deur die bergstreek van Samaria en tussen die twee berge, die Gerísim en die Ebal, deur. Aan die voet van die Gerísim lê die stad Sigar, en suid van die stad is die fontein van Jakob op die stuk grond wat Jakob aan Josef gegee het (Jos. 24:32).

Na die lang reis van die dag kom Jesus en sy dissipels by die fontein aan. Moeg soos Hy was, gaan Hy daar sit onderwyl die dissipels na die stad gaan om iets vir die aandete te koop. Dit was "omtrent die sesde uur." Ons het reeds gemeld dat Johannes in sy Evangelie die Griekse dag-indeling gebruik (vgl. § 29). Hy bedoel dus hier sesuur in die aand.

Op daardie uur gaan die vroue en jong meisies gewoonlik uit na die fontein of put om water te haal vir die huishouding. Terwyl Jesus alleen by die put van die fontein sit, kom 'n vrou uit die stad daar aan met haar waterkruik en die skepding waarmee die water uit die put opgetrek word. Daar is iets ongewoon in haar optrede. Die ander vroue gaan hulle water haal by putte wat vlak by die stad geleë is. Waarom sou hierdie vrou alleen 'n kwartier verder loop om water te haal? Wou sy die geselskap, en miskien die onvriendelikheid of spot van die ander vroue vermy? Jesus weet van die las wat sy op die hart dra, en Hy gryp die geleentheid aan om haar daarvan te bevry.

Die verhouding tussen die Jode en die Samaritane bemoeilik die situasie. Met 'n Samaritaanse vrou sal 'n Jood nooit 'n gesprek aanknoop nie. Jesus weet egter hoe om die muur van skeiding te oorkom. Rustig wag Hy totdat sy water opgetrek het uit die put. Dan spreek Hy haar aan met die versoek dat sy Hom water gee om te drink. 'n Vrou sal tog so 'n beroep op haar menslikheidsgevoel nie weier nie. Tog is die haatgevoel tussen die twee volke so diepgesete

dat die vrou eers rekenskap vra van Jesus se optrede. Sou Hy miskien toenadering soek met bybedoelings wonder sy in haar sondige hart.
Jesus antwoord haar vriendelik. Hy sit die gesprek voort deur aan te sluit by sy versoek om water, en wil haar tot die insig lei dat dit nie gaan om die verhouding van Jode en Samaritane nie, maar om die verhouding tussen haar en God. As sy kennis gehad het van die gawe van God en van wie Hy is wat met haar praat, sou sy onmiddellik 'n ander houding aangeneem het. Dan sou sy Hom water gevra het, en Hy sou dit nie weier nie. Inteendeel. Hy sou haar lewende water gegee het.
Wat het Jesus bedoel met "die gawe van God?" Die uitdrukking kan meer as een betekenis hê. Dit kan betrekking hê op Jesus self wat as eniggebore Seun deur God uit liefde vir die wêreld gegee is sodat elkeen wat in Hom glo die lewe kan hê (Joh. 3:16). So verstaan, is Jesus tegelyk gawe van God en Gewer. Waarskynlik het Jesus hier egter met "die gawe van God" bedoel die "lewende water." Laasgenoemde uitdrukking het twee betekenisse: dit is vloeiende water, of dit is lewegewende water, d.i. water wat nuwe lewe laat uitspruit. In hierdie sin word dit van die geestelike lewe gebruik. In die Ou Testament word God genoem "die fontein van lewende water" (Jer. 2:13); en wanneer die Godsryk kom, sal Hy "lewende water" uit Jerusalem laat uitvloei (Sag. 14:8). Later laat Jesus blyk dat die "lewende water" dieselfde is as die Heilige Gees (vgl. Joh. 6:63). Hierdie "gawe van God" (vgl. ook Luk. 11:13) wil Hy aan die vrou skenk sodat daar 'n nuwe lewe in haar hart kan ontstaan.
Die vrou wat byna heeltemal heidens is, verstaan niks van Jesus se toespeling op die Ou Testament nie, maar dink dat Hy van vloeiende water praat. Met sarkasme in haar stem antwoord sy dat Hy nie eens uit die put water kan bekom nie - Hy moet dit van haar vra. Hoe sal Hy dan stromende water verskaf? Hy is tog nie groter as "ons vader Jakob" nie. En deur op hierdie manier na Jakob te verwys as "ons vader" wil sy die Jood goed laat verstaan dat Jakob nie maar net hulle voorvader is nie. Buitendien het die Samaritane ten opsigte van Jakob nog die voorsprong dat hulle op sy oorspronklike grondgebied woon. Nou dan, selfs Jakob moes 'n put grawe. Van waar wil Jesus miskien die vloeiende water te voorskyn bring?
Jesus wys daarop dat Hy van 'n ander soort water praat. Elkeen wat van die Jakobsput water drink, sal weer dors kry, maar wie van die water drink wat Hy sal skenk, sal nooit weer dors kry nie. Dit word in hom 'n fontein wat uitstroom tot in die ewige lewe. Die vrou verstaan nog steeds verkeerd. Of sou sy maar voorgegee het dat sy verkeerd verstaan? Daarom sê sy: "Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie."
Daarmee is tog iets van die innerlike nood van hierdie vrou se lewe blootgelê. Sy het nog steeds lafenis gesoek by die put van sonde. Telkens weer moes sy daarheen terugkeer om die dors van haar hartstogte te les. Sy weet dat haar lewe verwoes word, en dat sy nou al deur haar medemense uitgestoot word uit hul geselskap, en tog laat die dors haar nie los nie. Haar woord aan Jesus wek wel die indruk dat sy letterlik bedoel dat Hy haar die "lewende water" moet gee sodat sy nie meer by die put hoef te kom skep nie. Tog weet Jesus van die diepe nood van die hart, en hoor Hy in haar skynbaar lughartige woorde die noodkreet van 'n ongelukkige siel.
Nou gaan Hy direk af op die sonde in haar lewe. Bevryding van sonde kan slegs kom nadat die sonde bely is (vgl. Ps. 32:3-5). Daarom sê Jesus dat sy haar man moet gaan roep. Sy ontken dat sy 'n man het. Sy is nie bereid om haar verlede bloot te lê nie. Maar Jesus kom haar te hulp. Hy weet alle dinge, en sê: Jy het reg geantwoord. Jy het vyf mans gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie.
Deur dit alles te openbaar, handel Hy nie liefdeloos of met leedvermaak teenoor die vrou nie. Hy gaan ook nie in op allerlei onsmaaklike besonderhede van haar verhouding tot die ses mans nie. Slegs die feit van 'n laaggesonke lewe word aan die lig gebring. Maar dit doen Jesus sodat hierdie sterwende lewe deur die lewende water vernuwe kan word.
Die vrou is getref deur die uitspraak van Jesus. Dit het haar diep in die hart gesny. Sy is ook beïndruk deur sy kennis van haar verlede. Hy is dus 'n profeet, maar sy dink nog nie aan dié Profeet wie se koms deur Moses voorspel is nie (Deut. 18:15, 18). Maar aangesien Jesus 'n profeet is, begin sy met 'n godsdienstige vraag: Waar is die regte plek om te aanbid: op die berg Gerísim of in Jerusalem? Ook hierdie vraag moet dien as verberging van die nood van haar hart. Haar hart wil beswyk onder die las van haar sonde wat nou net weer genoem is. Sy sou daaromtrent tot God wil bid om bevryding. Maar wáár moet sy dit doen sodat God haar sal verhoor.
Dan kom die bevrydende antwoord van Jesus. Die plek waar 'n mens bid, bepaal nie of die

gebed verhoor sal word nie. God is Gees, en daarom nie aan 'n plek gebonde nie. Hy is oral teenwoordig en altyd bereid om die gebed te verhoor. Maar die gebed moet aan 'n bepaalde vereiste voldoen. Dit moet geskied "in gees en waarheid." Omdat God Gees is, is die gebed 'n geestelike handeling. Dit het niks te doen met 'n uiterlike vertoon of met rituele voorskrifte wat noukeurig uitgevoer moet word nie. Die gebed is 'n roep van die gees van die mens tot God. Wanneer hierdie noodroep in waarheid geskied, sonder skynbedoelinge, uit die opregtheid van 'n siel in nood, is die Here bereid om te verhoor. Dit beteken dat die vrou net daar by die put haar hart tot God kan verhef. Sy hoef haar bede nie eens hoorbaar uit te spreek nie.

Ook by die Samaritane was daar 'n verwagting van die koms van die Messias. Nou dat Jesus so iets merkwaardige sê van die gebed herinner sy haar aan die verwagting van die Messias se koms en dat Hy hulle "alles" sou verkondig. Aan hierdie vrou kan Jesus Hom nou bekendstel soos Hy dit nog aan geen mens gedoen het nie: "Dit is Ek wat met jou praat!"

Op daardie moment kom die dissipels weer daar aan. Die gesprek met die vrou word onderbreek. Die dissipels is daaroor verwonderd dat Jesus met 'n vrou in gesprek was, maar hulle vra geen vrae nie. Aan die optrede van die vrou merk hulle dat iets heerliks in haar lewe gebeur het. In haar opgewondenheid vergeet sy die waterkruik en haas sy haar terug na die stad.

Sy het die draer geword van 'n goeie tyding. Maar wat gaan sy aan die mense in die stad vertel? Van 'n Man wat haar vertel het van die lewende water, of van die ware gebed, of dat Hy die Messias is? Nee, niks hiervan nie. Sy vertel van wat Jesus in haar eie lewe gedoen het. Hy het haar vertel wat sy gedoen het. Haar sonde het Hy blootgelê, maar deur dit te doen, het Hy haar van die sonde bevry. Daarom meen sy dat Hy werklik die Christus is.

Juis hierdie boodskap van die bevryding van verborge laste van sonde gryp die stadsbewoners aan. 'n Hele uittog begin uit die stad na Jesus toe, daar by die fontein van Jakob.

Intussen het die dissipels die ete gereed gemaak. Jesus stel egter geen belang in die aandete nie. Wanneer die dissipels daarop aandring dat Hy eet, verklaar Hy dat Hy voedsel het waar hulle nie van weet nie. Die dissipels wonder of iemand Hom iets te ete gebring het, moontlik die Samaritaanse vrou. Jesus ken hulle gedagtes en verklaar dat sy voedsel daarin bestaan dat Hy die wil doen van Hom wat Hom gestuur het. Daarmee het Hy na God verwys en te kenne gegee dat Hy uitgestuur is om die wil van God hier op aarde te volvoer. Dit het daarin bestaan dat Hy die oes vir die koninkryk van God insamel.

Die dissipels moet begin leer om dinge geestelik te verstaan. Hulle sê dit is nog vier maande vóór die oes. Dit is letterlik wel so, maar vir die koninkryk van God staan die lande wit vir die oes. En wanneer Jesus dit sê, wys Hy in die rigting van Sigar. Die dissipels kyk ook en sien die skare uit die stad nader beweeg in die lig van die dalende dag.

Jesus gaan voort om te sê dat hierdie rype oes ingesamel moet word. Vir hulle wat maai, sal daar egter 'n ryke loon wees. Hulle vergader vrug vir die ewige lewe. Maar in die koninkryk verloop dit so dat die een saai en die ander maai, en nou moet die dissipels maai waar ander gesaai het. Hier in Samaria het Moses en ook die profete gesaai, en Jesus het dit so pas gedoen in die hart van die vrou. Nou moet die dissipels meewerk aan die insameling van die oes. Hulle is nie meer toeskouers nie, maar mense met 'n opdrag. En dan sal daar vreugde wees vir sowel die wat gesaai het as hulle wat gemaai het

Die skare het nader gekom. Jesus spreek hulle toe. Daarna dring hulle by Hom aan om daar te bly, en Hy vertoef twee dae. 'n Ryke oes word in daardie twee dae ingesamel. Allerweë word die getuienis gehoor: Ons het op grond van die woord van die vrou na Jesus gekom, maar nou het ons self gehoor en gesien. Nou glo en weet hulle dat Jesus waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld is. Ja, Hy is nie net vir die Jode daar nie, maar vir alle mense, ook vir die Samaritane.

Tot beskaming van die Jode moes dit gewees het dat hierdie getuienis aangaande die Messias nie die eerste in Jerusalem gehoor is nie, maar wel in Sigar. Maar so is die weg van Jesus. Hy het gekom om te soek en te red wat verlore gaan, waar Hy hulle ook al gevind het.

## V. EERSTE WERKSAAMHEID IN GALILÉA

### § 34 Die seun van die koninklike beampte (Joh. 4:43-54; Luk. 4:14-15)

Na die verblyf van twee dae in Sigar reis Jesus verder noordwaarts na Galiléa. Die kronkelende pad deur die bergstreek loop uit op die vlakte van Jisreël. Wanneer Jesus daar aankom, is Hy weer terug in die omgewing van sy kinderdae. Hier ken Hy die landskap en sy mense.

Eg-menslik soos Hy was, wonder Hy hoedanig die ontvangs sal wees wat Hom hier te beurt sal val. Hy praat daaroor met sy dissipels. In Sigar onder vreemdelinge het Hy ope harte gevind van mense wat gretig na sy prediking geluister het. Maar die spreekwoord sê dat die profeet in sy eie land geen eer ontvang nie. En nou tree Hy sy eie kontrei, Galiléa, binne. Die ontvangs was egter bo verwagting hartlik.

Lukas vertel dat Hy gekom het "in die krag van die Gees" (Luk. 4:14), en dat die gerug aangaande sy aankoms die hele land deurgegaan het. Baie van die mense was by die vorige Paasfees in Jerusalem toe Jesus daar begin optree het, en ná die tyd het verdere berigte hulle bereik van sy werk in Judéa. Daarom ontvang hulle Hom nou met blydskap.

Kort na sy aankoms het die dissipels vermoedelik van Hom afskeid geneem om terug te gaan na hul eie huise. Petrus en Andréas, met hulle vriend Filippus, en ook Johannes en Jakobus, was seker haastig om na die lang afwesigheid na Kapérnaüm terug te gaan om hulle familie op te soek. Jesus gaan met Natánael saam na laasgenoemde se huis in Kana. Daar was die Here goed bekend. Almal onthou goed die teken van die water wat in wyn verander het.

In Kapérnaüm was daar 'n hooggeplaaste beampte van "koning" Herodes Antipas. Deur die volk is hy as "koning" aangespreek, maar amptelik was Herodes maar net 'n viervors (vgl. § 3(c)). Hierdie beampte - ons neem aan dat hy 'n Jood was (vgl. Joh. 4:48) - het ook die berigte aangaande Jesus gehoor. Juis in daardie tyd het sy seun uiters siek geword. Alles wat die ouers of die raadgewers kon doen, het geen verbetering gebring nie. Die ouers was radeloos.

Onverwags kom die berig dat Jesus in Galiléa aangekom het en in Kana was. Rondom die siekbed flikker daar nuwe hoop op. Die beampte laat geen tyd verlore gaan nie. 'n Paar ryperde word gereed gemaak en self gaan die beampte uit, vergesel deur 'n paar knegte, om Jesus se hulp in te roep. Die reis van ongeveer 25 myl, hoofsaaklik opdraend van die see af na Kana, neem 'n groot deel van die dag in beslag. In die laat-namiddag kom die geselskap in Kana aan, en spoedig vind hulle Jesus.

Die beampte versoek Jesus dringend om saam met hom te kom want die seun was sterwend. Jesus wil egter eers sekere verkeerde opvattinge uit die weg ruim en ook hierdie man se geloof op die proef stel.

Destyds was daar baie bygeloof, en ook mense wat hulle voorgedoen het as wonderdoeners of selfs as towenaars wat siektes en bose geeste kon besweer. Namate so 'n persoon se "behandelinge" geslaag het, is daar in hom geglo. Op hierdie manier is daar 'n besonder groot waarde geheg aan "tekens en wonders". Hierdie toedrag bemoeilik die werk van Jesus omdat hulle Hom bloot as 'n wonderdoener aansien en nie as die Christus, die Seun van God, nie. Daarom wil Jesus die beampte ten opsigte van hierdie misvatting toets.

Die vader van die sterwende kind het egter geen tyd vir 'n bespreking nie. Hy werp eenvoudig al sy vertroue op Jesus en smeek Hom: "Here, kom af voordat my kind sterwe." Jesus is vir die noodroep nie doof nie, maar Hy beproef nogtans die geloof van die vader. Hy sal nie self saamgaan nie, maar die vader kan terugkeer: "Gaan, jou seun lewe !"

Die beampte aanvaar die woord van die Here. By hom is daar geen verwagting dat Jesus by die siekbed soos 'n towenaar allerlei geheimsinnige handelinge moet kom uitvoer nie. Hy glo dat Jesus die mag het om slegs 'n woord te spreek. Daarom onderneem hy onmiddellik die terugreis. Dit is al ongeveer sewe-uur in die aand.

Nog voordat die beampte baie ver gereis het, ontmoet hy 'n groepie van sy knegte wat hom tegemoet gekom het. Hulle bring die blye boodskap dat die kind lewe. Die blye vader begin uitvra na die omstandighede, en wanneer die beterskap ingetree het. Daarop hoor hy dat die koors die kind verlaat het op dieselfde uur toe Jesus aan hom gesê het: "Gaan, jou kind lewe."

Toe die beampte tuiskom, was daar groot blydskap en dankbaarheid, en ook geloof in Jesus Christus. Hy en almal in sy huis het tot geloof gekom as gevolg van hierdie ondervinding van die ontferming en die wondermag van die Here.

Die naam van hierdie beampte is vir ons onbekend. Sommige meen egter dat hy Gusa heet, en dat sy vrou Johanna was wat onder diegene was wat Jesus met hulle besittings gedien het

(Luk. 8:3.) Dit is egter slegs 'n vermoede.
Dit was die tweede teken wat Jesus in Galiléa gedoen het. Ook hierdie keer gebeur dit in Kana, maar nou is dit 'n wonder van 'n ander soort, genoem 'n afstandswonder, omdat Jesus op 'n afstand was van die plek waar die genesing plaasgevind het. Ook hierin doen Hy iets wat ongehoords was, maar daarmee is bevestig dat Hy die mag het om te spreek en dit geskied. Hierin is Hy aan God gelyk (vgl. Ps. 33:9).

**§ 35 Prediking in Násaret (Luk. 4:16-30; Matt. 13:53-58; Mark. 6:1-6)**

Van Kana af bring Jesus 'n besoek aan Násaret waar Hy opgegroei het. Sy susters, reeds getroud, woon nog daar maar sy moeder en broers het al na Kapérnaüm verhuis. Die inwoners van die stadjie ken Hom goed aangesien Hy meer as dertig jaar daar gewoon het. Met groot belangstelling, en seker ook met trots op 'n Seun uit hulle dorp, het hulle die berigte verneem van Jesus se prediking en sy wonderdade in Kana en Kapérnaüm, en ook in Judéa.
In Násaret word daar heelwat gepraat oor Jesus en alles wat Hy doen. Hulle wonder vanwaar Hy die vermoë gekry het om so wonderlik te preek en sulke kragtige dade te doen. Hulle ken Hom immers so goed as die Seun van Maria wat lank daar gewoon het. Sy broers ken elkeen by hulle name en die susters woon nog daar. Hulle weet hoedat Jesus die timmermanswerk van sy vader, Josef, geleer het. Hoe kom dit nou "dat ook sulke kragte deur sy hande plaasvind" - sy timmer-manshande? (Mark. 6:2). So gaan die praatjie voort. By sommige is daar bewondering en ander is skepties.
In hierdie atmosfeer kom Jesus in Násaret aan. Die mense is bly om Hom te sien, maar hulle wil nou ook graag iets van sy wonderdade sien. Hulle beskou Hom as Iemand wat bomenslike dinge kan doen en nou verwag hulle van Hom 'n demonstrasie. Sy dorpsmense wil tog sien waartoe Hy in staat is. Daarteenoor is daar baie min onder hulle wat uit diepe nood in hulle radeloosheid hulle tot Jesus wend om hulp, en wat ook kinderlik in Hom glo. Daarom het Hy daar ook geen kragte gedoen nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het.
Toe die Sabbat aanbreek, gaan Jesus saam met die dorpsbewoners na die sinagoge soos Hy gewoond was om te doen. In die godsdienstige samekoms word die verrigtinge afgehandel volgens 'n vaste volgorde. Na die seënbede wat bestaan uit sekere Skrifgedeeltes wat opgesê word, volg die voorlesing van die wet, en daarna word 'n gedeelte uit die profete voorgelees. Die gedeelte wat op die Sabbat gelees moet word, is vooruit vasgestel sodat alles volgens 'n vooraf bepaalde program afgehandel word. Ná die Skriflesing gaan iemand voor met uitlegging van die Skrif gevolg deur 'n toepassing. 'n Besoeker of vreemdeling is dikwels vereer met die versoek dat hy die Skriflesing waarneem en die preek lewer (vgl. Hand. 13:15). Dit gebeur ook op daardie Sabbat in Násaret. Jesus kry die geleentheid om voor te gaan.
Uit die mooi versierde kabinet teen die muur waarin die Geskrifte bewaar word, haal die dienaar die boekrol van Jesaja te voorskyn en oorhandig dit aan Jesus. Die Skriflesing vir die dag sou uit Jesaja wees, en Jesus vind die plek en lees voor: "Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbrysel van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig" (Jes. 61:1-2; vgl. 42:7).
Nadat die boekrol weer weggeberg is, gaan Jesus sit om sy preek uit te spreek. Dit moes seker getref het dat juis hierdie Skrifgedeelte vir die besondere Sabbat voorgeskryf was. En nou, sonder inleiding of omweë verklaar Jesus dat daardie woord van Jesaja ook "vandag," op daardie selfde Sabbat, vervul is, en dat Hy self deur die Gees van die Here gesalf is om die messiaanse voorspelling van Jesaja in vervulling te bring.
Sy woorde maak 'n diepe indruk op die hoorders. Hulle is verbaas oor sy wysheid en "oor die aangename woorde wat uit sy mond kom" (Luk. 4:22). Dat Hy, die seun van Josef, dit so mooi kon doen, was vir hulle pragtig.
Maar nou volg 'n tweede deel van die preek. Aan wie verrig die Gesalfde van die Here sy weldade? Dit is tog die armes, die verbryseldes van hart, die gevangenes, die blindes en die gebrokenes, m.a.w. mense wat in hul ellende en nood in opregtheid hulle tot die Here wend om uitredding. En nou kan die mense van Násaret wel aan Hom sê: "Geneesheer, genees uself!" Dit beteken dat Hy in sy eie dorp dieselfde dinge moet doen wat Hy in Kapérnaüm en elders gedoen het ten einde sodoende sy "egtheid" te bewys. Maar laat hulle daaraan dink dat in die tyd van die droogte van drie-en-'n-half jaar Elía nie na 'n weduwee in Israel gegaan

het vir huisvesting nie maar na die weduwee van Sarfat in Sidon; en al was daar baie melaatses in Israel het Elísa net een melaatse, nl. Naäman, die Sirieër, gesond gemaak. God soek diegene wat weet dat hulle arm en gebroke en blind is, en dus geheel van Hom afhanklik vir uitredding, al sou Hy diesulkes ook buite Israel vind. As diesulkes nie in Násaret te vind is nie, sal Hy ook nie daar sy heilsdade verrig nie.

Hierdie woord het die hoorders woedend gemaak. Wie is Hy, die seun van die timmerman, om hulle so te beledig? Jesus bly egter kalm. In die toenemende oproer hoor hulle nog 'n spreekwoord van sy lippe: "'n Profeet is nie ongeëerd nie, behalwe in sy vaderland en onder sy familie en in sy huis" (Mark. 6:4). Toe spring hulle op en gryp Hom. Hulle lei Hom na die kant van die dorp waar daar 'n hoë krans is, met die bedoeling om Hom daar af te gooi. Maar toe gebeur daar iets onverklaarbaars. Dit is asof niemand sy hand teen Jesus kan ophef nie. Ongedeerd loop Hy tussen hulle deur en Hy gaan weg uit Násaret.

**§ 36 Die roeping om vissers van mense te word (Luk. 5:1-11; Mark. 1:14-20; Matt. 4:12-22)**

Van Násaret gaan Jesus terug na Kana, maar in hierdie omgewing wil Hy nou nie langer vertoef nie. Hy neem afskeid van diegene wat Hom so gasvry gehuisves het en gaan na Kapérnaüm. Of Natánael van Kana of iemand anders Hom vergesel het, kan ons nie sê nie. Ons kry uit die berigte die indruk dat Hy alleen op reis gegaan het. Die pad loop afdraend tot by die oewer van die See van Galiléa, en dan al langs die oewer na Kapérnaüm. Voordat Jesus die stad bereik, gaan Hy by visserskuite verby waar mense aan die werk is aan hulle visgerei. Baie van hulle erken Hom en begin Hom volg en daarop aandring dat Hy hulle toespreek. Dit word weldra 'n groot skare wat om Hom saamdrom sodat Hy geen beweegruimte kry nie. Onder die bekendes was ook die dissipels wat Hom van die Jordaan af gevolg het: Petrus en Andréas, Jakobus en Johannes.

Jesus klim toe in die skuit van Petrus en vra dat hy so 'n entjie wegstoot van die land. Toe gaan Hy in die skuit sit, soos gebruiklik was vir 'n spreker, en daar kom stilte oor die skare wat langs die oewer gaan sit het. Hier in die vrye natuur waar die oog gestreel word deur die skoonheid van die skepping van God, begin Jesus sy eerste onderrig van die skare in Galiléa. En Hy preek oor die koninkryk van God.

Die inhoud van sy prediking word in enkele woorde saamgevat: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Mark.1:15). In die kern is Jesus se boodskap dieselfde as dié van Johannes die Doper, en tog lê Hy 'n ander aksent en voer Hy dit deur in 'n ietwat ander rigting. Johannes het opgeroep tot bekering omdat die koninkryk voor die deur was. Hy was die boeteprediker wat heenwys op die dreigende oordeel van God, en met daardie skildering van die erns van die situasie het hy mense tot inkeer probeer beweeg. Nou tree Jesus op met dieselfde boodskap van die koninkryk wat naby is en daarom moet mense hul bekeer. Maar die heenwysing op die dreigende oordeel tree op die agtergrond, en Jesus kondig aan dat die tyd vervul is. Die heilstyd waarna Israel uitgesien het, het aangebreek. In Násaret het Hy verklaar dat die profesie van Jes. 61:1-2 vervul is in sy koms. Nou verkondig Hy dat die beloofde heilstyd vervul is. Deur Hom het die koninkryk van God nie net naby gekom nie, maar dit het aangebreek. Dit is teenwoordig. Daarom is sy prediking die aankondiging van 'n blye boodskap; dit is evangelie. En nou, omdat die koninkryk daar is, moet die mense hulle bekeer en die evangelie, d.i. die boodskap van Jesus glo.

Nadat Hy sy prediking beëindig het, sê Hy aan Petrus dat hy na die diep water moet vaar en die nette uitgooi om vis te vang. Petrus, die ervare visser, protesteer so 'n bietjie. Die helder daglig is immers nie die beste tyd om met 'n net vis te vang nie. Bowendien het hulle die heel nag hard gewerk en niks gevang nie. Hulle is dus moeg, en hulle weet tog wel dat daar geen vis in die buurt kan wees nie. Nietemin is Petrus bereid om op die woord van die Here te handel. Hy het daar in Judéa saam met Jesus reeds geleer dat hy die woorde van die Here met groot eerbied in ag moet neem.

Hulle vaar toe uit na die diep water en gooi die nette uit. Onmiddellik merk hulle dat hulle 'n groot menigte vis ingesluit het. Toe hulle die net wou nader trek, dreig dit om te skeur. Daarop wink hulle vir hulle maats, Jakobus en Johannes, om met hulle skuit te kom help. Met die handnette skep hulle toe die vis uit die water en maak die skuite so vol dat hulle amper sink. Langsaam beweeg hulle met die groot vangs na die oewer. Toe hulle daar aankom en die menigte vis aan wal bring, word Petrus oorweldig deur die wonder wat gebeur het. Hy werp hom voor die Here op die knieë en sê: "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n

sondige man!" Daarmee wil hy nie die Here wegjaag nie, maar hy is so diep onder die indruk van die grootheid en heiligheid van Jesus dat hy voel dat hy met sy sondigheid en geringheid nie naby die Here kan bestaan nie. Sy uitroep is dus in werklikheid die noodkreet van 'n sondaar wat tot Jesus opsien om 'n wonder van redding in sy lewe te bewerk. Hierin is Petrus nie alleen nie. Jakobus en Johannes volg sy voorbeeld, en stel hulle eweneens op die knieë voor Jesus.

Jesus rig Hom tot Petrus en sê vriendelik: "Moenie vrees nie; van nou af sal jy mense vang." Daarmee bedoel die Here dat hy mense nader sal bring na die koninkryk van God, hulle sal lei tot die geloof in die evangelie en bring by die toegang tot die ewige lewe deur Jesus. In daardie stadium het Petrus en sy metgeselle dit alles nog nie goed begryp nie.

Na die groot visvangs was daar heelwat om te doen. Die vis moes geberg of na die stad gestuur word, en die nette moes skoongemaak en herstel word. Die manne gaan dadelik hiermee aan die werk en Jesus gee hulle ook daartoe die geleentheid. Na 'n tydjie staan Hy egter op om verder te gaan. Hy kom by die skuit van Petrus en Andréas langs en roep hulle toe: "Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word" (Mark. 1:17). Sonder versuim los hulle die nette en sluit by Jesus aan. Saam wandel hulle verder en kom by die skuit van Sebedéüs verby. Jesus roep die twee broers, Jakobus en Johannes, om ook by Hom aan te sluit. Hulle vader maak geen beswaar toe sy seuns die werk verlaat en Jesus volg nie. Gelukkig is Sebedéüs welgesteld en het hy nog die huurlinge in sy diens.

Die twee pare broers het op daardie dag tot 'n nuwe insig gekom aangaande die betekenis van dissipelskap. Hulle het nou al sowat 'n jaar hulself as dissipels van Jesus beskou en ook die omswerwinge in Judéa met Hom meegemaak. Maar nou ontdek hulle dat dissipelskap iets meer beteken as net om aan 'n leraar verbonde te wees en sy leer aan te neem. Jesus het tog gesê: "Julle sal mense vang," en later weer: "Ek sal maak dat julle vissers van mense word." Dus, hulle sal mense moet bereik en inbring tot die geloof in Jesus. Maar daartoe is 'n proses van vorming nodig: Jesus sal self die leermeester wees en hulle op so 'n wyse onderrig dat hulle vissers van mense sal word. Daaruit lei hulle af dat die dissipel elke dag by Jesus sal moet bly om deur Hom geleer te word, en dat hy daarna aktief in die diens van die Here moet staan om ander na Jesus te lei. Dissipelskap gaan dus offers van selfverloëning eis, en dit gaan hoë eise stel aan die getrouheid aan Jesus en die volharding in sy diens. Iets van dit alles begryp hulle. En daartoe is hulle bereid. Hulle volg Jesus.

**§ 37 'n Sabbat in Kapérnaüm (Luk. 4:31-41; Mark. 1:21-34; Matt. 8:14-17)**

In die laat-namiddag kom Jesus en sy groepie dissipels die stad Kapérnaüm (= die dorp van Nahum = die troosryke) binne. In hierdie stad en sy omgewing sou Hy nog baie van sy leringe uitspreek en wondertekens doen. Indien daar sprake kan wees van sy tuiste sou dit hier wees (Matt. 4:13), sodat Kapérnaüm genoem sou kon word "sy eie stad" (Matt. 9:1). Sy moeder en broers het vermoedelik reeds daar gewoon. Ook in ander huise, soos dié van die koninklike beampte wie se seun deur Jesus genees is, word sy Naam met eerbied genoem en is daar 'n verlange na sy aankoms.

Hy is nie lank daar nie of die Sabbat breek aan. Op daardie Sabbat sou daar nog heerlike dinge in die rustige stad by die see gebeur.

Volgens sy gebruik gaan Jesus saam met die vromes op na die sinagoge om deel te neem aan die verrigtinge daar. Die stad het 'n pragtige sinagoge gehad, 'n geskenk van 'n Romeinse hoofman wat in bevel was van die leërafdeling wat daar gestasioneer was (Luk. 7:5). Die bouvalle van die sinagoge van Kapérnaüm kan vandag nog gesien word en gee 'n indruk van watter massiewe gebou dit moes gewees het.

Net soos op die vorige Sabbat in Násaret word ook hier aan Jesus die geleentheid gebied om 'n woord te rig aan die vergaderde gemeente. Wat die inhoud van sy prediking was, is nie opgeteken nie. Wel word ons vertel hoe 'n diepe indruk dit op die hoorders gemaak het. "Hulle was verslae oor sy leer, want sy woord was met gesag" (Luk. 4:32). In hierdie opsig was daar 'n groot verskil tussen sy woord en dié van die skrifgeleerdes na wie die mense elke Sabbat moes luister. Laasgenoemdes het nooit verder gekom met hulle Skrifverklaring as om die vertolkings van groot rabbi's uit die hoof aan te haal nie. Dit het ook gewoonlik gegaan oor allerlei spitsvondige interpretasies van die wet waaraan die volk niks gehad het nie. Dit het hulle net verveel. Maar Jesus het anders gespreek. Hy verwys nie na die leer van die rabbi's nie, maar spreek gesaghebbend oor die diepe betekenis van die Skrif. Sy leer het 'n nuwe inhoud wat versterking bring vir die gees en

vreugde wek in die hart. Met gretigheid en innerlike blydskap luister die mense van Kapérnaüm na Hom.
So midde onder die preek ontstaan daar skielik 'n ontsettende steurnis in die sinagoge. In Kapérnaüm was daar "'n man met die gees van 'n onreine duiwel" (Luk. 4:33). Van tyd tot tyd het hy aanvalle gekry van stuiptrekkings en dan het hy met skuimende mond lasterlike dinge uitgeroep. Dan weer het hy hom normaal en fatsoenlik gedra sodat 'n mens nooit kon dink dat dit dieselfde man was nie. Almal het geweet dat dit die werk was van 'n bose gees wat in hom gewoon het. Hierdie man het ook na die sinagoge gegaan en na Jesus geluister. Toe die mense egter so diep onder die indruk kom van die woorde van Jesus, kon die bose gees nie meer stilbly nie. Onverwags spring die man op, volkome in die mag van die duiwel, en skreeu hy uit: "Ha! wat het ons met U te doen, Jesus, Nasaréner? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God!" (Luk. 4:34).
Die uitroep is betekenisvol. Dit openbaar iets van die ontsettende stryd wat Jesus teen die duiwel en sy bose magte moes stry. Satan doen alles wat hy kan bedink om die heilswerk van Jesus te probeer verydel. Wanneer hy optree, staan die hele leër van bose geeste agter hom. Daarom roep die duiwel in hierdie man uit: "Wat het ons met U te doen?" Hy noem Hom ook "Nasaréner" omdat hy Jesus wil verkleineer, en moontlik verwys na die ongelukkige ondervinding van die Here op die vorige sabbat in Násaret. Maar dan gaan die duiwel voort om te erken dat Jesus die mag het om hom en sy leërmag te verdelg. In die woestyn het hy reeds ondervind dat Jesus sy meerdere is. Nou verset hy hom weer teen die Here, maar met die innerlike wete dat hy verdelg sal word deur die Here. En dan roep hy dit uit: "Ek ken U, wie U is: die Heilige van God!" Nou praat die duiwel weer in die enkelvoud: "Ek." Hy wat teen God in opstand gekom het en uitgewerp is uit die hemel, ken Jesus! Hy weet dat Hy die Heilige van God is, die Messias, wat van die hemel gekom het om die sondaars uit die hand van die Satan te verlos. Dit sou nog 'n geruime tyd duur voordat die dissipels van Jesus tot hierdie insig sou kom, maar die bose geeste weet dit, en hulle weet ook dat hulle ondergang verseël is.
Jesus laat egter nie toe dat die "onreine duiwel" Hom aan die mense bekend stel nie. Hy sal op sy eie tyd en wyse aan sy volgelinge openbaar wie Hy is en waartoe Hy na die aarde gestuur is. Daarom lê Hy die duiwel die swye op: "Bly stil, en gaan uit hom uit! "
Die bose gees is onmiddellik gehoorsaam aan die bevel van Jesus. Hy het die man probeer beseer deur hom met geweld neer te gooi op die grond. Maar toe word alles stil. Die bose gees het gewyk, en die man staan ongedeerd op van die vloer. In die sinagoge kom daar beweging. Groot verbaasdheid kom oor almal en hulle gaan aan die praat oor wat hulle sien gebeur het. Hulle het geweet van die beswering van bose geeste soos dit destyds beoefen is, maar dat iemand 'n gees eenvoudig kan beveel en hy gehoorsaam, was iets ongehoords. Toe Jesus gepreek het, het hulle onder die indruk gekom van die gesag van sy woorde. Maar nou het hulle gesien dat sy woord ook mag het. Selfs die onreine duiwel kan dit nie teenstaan nie. Ná die gebeurtenis stroom die mense uit die sinagoge, en saam met hulle gaan 'n gerug aangaande Jesus uit in alle rigtings.
Toe die sinagoge leeggeloop het, staan Jesus op en saam met sy dissipels gaan Hy na die huis van Simon Petrus. Toe Hy daar aankom, deel die huisgenote mee dat die skoonmoeder van Petrus siek is aan 'n hewige koors, en dus nie in staat was om as gasvrou hulle te dien nie. Hulle begin Jesus so 'n bietjie te raadpleeg oor die behandeling wat so iemand behoort te kry, blykbaar sonder dat hulle 'n wonder verwag het. Onder die volk was allerlei rate bekend vir die behandeling van verskillende soorte van siekte. Die bygeloof en towermiddels het 'n belangrike rol gespeel. As daar 'n sieke in die huis is, het die bure met raadgewing gekom en met verhale oor die beste raat wat aangewend kan word. Sou Jesus nie van 'n goeie middel teen die koors weet nie?
Jesus gaan op hierdie praatjies nie in nie, maar versoek om by die sieke gebring te word. Stil gaan Hy die kamer binne waar die skoonmoeder van Petrus uitgeput lê as gevolg van die hewige koors. Jesus buig oor haar sodat sy goed sal kan hoor wat Hy sê. Dan bestraf Hy die koors, en dit verlaat haar onmiddellik. Jesus neem haar hand en rig haar op. Hierdie vrou wie se kragte deur die hewige koors gesloop was, staan dadelik op en begin haar pligte as gasvrou uitrig asof sy nooit siek was nie.
Lukas (4:39) sê dat Jesus die koors "bestraf" het, net soos Hy die bose gees "bestraf" het (vs. 35). Daaruit moet ons aflei dat die siekte van die skoonmoeder van Petrus nie maar 'n

gewone geval van koors was soos daar langs die See van Galiléa dikwels voorgekom het nie. Hier het die bose gees of die duiwel 'n aandeel, net soos by die besetene vroeër in die sinagoge. Op daardie Sabbat toe Jesus sy werksaamheid in Kapérnaüm begin het, het die Satan op allerlei maniere Hom probeer teenstaan. Hy doen dit in die huis van Petrus onder die dekmantel van 'n ernstige siekte. Hy wil Jesus uitdaag om met hom kragte te meet, al het hy nou al verskillende kere die neerlaag gely. Maar Jesus ken die bedoelinge en die optrede van die Bose: met 'n woord van gesag bestraf Hy hom en hy moet wyk.

Daar lê dus 'n noue verband tussen die genesing van die besetene in die sinagoge en die gesondmaak van die skoonmoeder van Petrus. In albei gevalle is dit 'n stryd teen die mag van die duiwel, en word daar iets waarneembaar van die geestelike stryd wat agter die sigbare dinge aan die gang is tussen die Ryk van die Lig en die Ryk van die duisternis. Hierdie stryd sal voortgaan tot in die graf, maar Jesus, die Vors van die Lig, sal as Oorwinnaar uit die dood opstaan. Die gebeurtenisse aan die begin van die Evangelies gee dus as 't ware die tema aan van die hele verdere geskiedenis wat sal uitloop op die verheerliking van die Here aan die regterhand van die Vader.

Die namiddag van die Sabbat word rustig deurgebring by die huis van Petrus. In die stad was daar egter 'n spannende afwagting op die aandskemering. Oral is vertel van die gebeurtenis in die sinagoge en van die genesing in die huis van Petrus. In elke huis waar daar 'n sieke is, word gewag net totdat die Sabbat verby is om dan die sieke na Jesus te bring. Eindelik kondig die trompet aan dat die Sabbat verby is. Van alle kante kom mense aan na die huis van Petrus. Mense wat aan allerlei siektes ly, word aangedra en daar op die grond neergesit. Eenkant was daar ook diegene wat deur bose geeste besete was.

Jesus laat nie op sy hulp wag nie. Vol liefde en ontferming gaan Hy tussen die siekes deur en lê die hande op en genees. Nie lank nie of die gekreun van lyding kom tot swye en die lof van God word verkondig.

Die besetenes verg die spesiale aandag van die Here. Hier is die duiwel op 'n besondere manier aan die werk. Vir Jesus is dit nie moeilik om die bose geeste uit te dryf nie. Hy doen dit deur sy magswoord. Maar die geeste wil dit vir Hom moeilik maak om sy taak as Messias te voltooi. Hulle ken Hom en weet dat Hy die Christus is (Luk. 4:41), en wil dit nou onder die skare bekend maak voordat die mense begryp het dat die Here op 'n ander manier die Messias is as wat die Jode verwag het. As Jesus die bose geeste uitdryf, skreeu hulle die een na die ander: "U is die Christus, die Seun van God!" Jesus ontken hierdie waarheid nooit nie. Maar Hy weier om deur 'n bose gees bekend gestel te word. Daardeur sal 'n reeks misverstande ontstaan wat sy optrede sou bemoeilik of selfs onmoontlik maak. Daarom lê Hy die bose geeste streng die swye op. En ook daarin moet hulle Hom gehoorsaam.

Wanneer die nag uiteindelik die mense van Kapérnaüm tot rus bring, kom 'n dag van merkwaardige gebeurtenisse tot 'n afsluiting. Wanneer Matthéüs nadink oor die dade van die Here Jesus op daardie dag skryf hy in sy Evangelie dat die woord van Jesaja vervul is wat sê: "Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra." (Matt. 8:17). Hierdie woorde het Jesaja uitgespreek (53:4-5) aangaande die lydende Kneg van die Here wat as plaasvervanger vir die volk sou intree en hulle krankhede sou dra sodat daar vir hulle genesing kan wees. Toe Jesus die siekes in Kapérnaüm genees het, het Hy nie letterlik die siektes op Hom geneem nie. Hy het nie siek geword sodat die ander gesond kan word nie. En tog het Matthéüs by die opstel van sy Evangelie ingesien dat Jesus besig was om al die lyding van die mensheid op Hom te neem. Hy was reeds op die pad wat sou uitloop op die kruis waar Hy plaasvervangend sou sterf en ten volle die profesie omtrent die lydende Kneg sou vervul. Dus ook toe Hy daar so gesond en sterk tussen die swakke, gebroke, lydende mense staan, was Hy besig om in te tree in hulle plek en om die sware las van sonde met sy nasleep van lyding op Hom te neem.

**§ 38 'n Reis deur Galiléa: die genesing van 'n melaatse (Mark. 1:35-45; Luk. 2:42-44; 5:12-16; Matt. 4:23; 8:1-4)**

Baie vroeg die volgende môre, toe dit eintlik nog nag was, het Jesus stilletjies opgestaan en die oorvol huis van Petrus verlaat. Na alles wat die vorige dag plaasgevind het, soek Hy 'n plek vir stille afsondering en gebed. Deur die verlate, donker straatjies gaan Hy in die rigting van die see en vind daar 'n plek waar Hy deur die gebed met die Vader kan spreek. Hy wil te wete kom wat die wil van die Vader is ten opsigte van sy verdere optrede. In Kapérnaüm is sy Naam op almal se lippe en word Hy in hoë eer gehou, maar sou dit in ooreenstemming wees met die opdrag wat Hy van die Vader ontvang het indien Hy in hierdie stadium langer daar bly? En hoe

moet Hy optree as die volk Hom begin aanwys as die Bevryder uit die knegskap onder die Romeine? Oor dergelike en baie ander sake rakende sy opdrag wil Hy die Vader raadpleeg. Petrus was self ook vroeg op die been. Hy merk dat Jesus sy slaapplek verlaat het, maar hy vind Hom nie in of om die huis nie. Waar sou Hy dan wees? Hy het tog seker nie eenvoudig verdwyn nie? Haastig maak Petrus die ander wakker en hulle gaan uit om Jesus te soek. Hulle merk dat oral in die huise die mense reeds aan die roer is, en baie kom uit op straat om te verneem waar Jesus is. Dit duur nie lank nie of 'n hele skare volg die dissipels. Die haastige Petrus loop vooruit en daar op 'n eensame plek vind hy Jesus terwyl Hy nog in die gebed verkeer.

Toe hy by Hom kom, sê Petrus: "Almal soek U" (Mark.1:37). Die skare kom ook nader en begin by Jesus aandring dat Hy na die stad moet terugkom. Sommige wil Hom selfs teëhou sodat Hy nie van hulle kan weggaan nie. Maar Jesus weet wat die wil van sy Vader is. Daarom antwoord Hy dat Hy ook na die ander stede en dorpe moet gaan om die evangelie van die koninkryk te verkondig, want daartoe is Hy gestuur (Luk. 4:43).

Die woordjie "moet" soos Jesus dit hier gebruik, en soos Hy dit later ook ten opsigte van sy lyding uitspreek, het 'n besondere betekenis. Dit gee uitdrukking aan 'n bepaling wat God neergelê het en wat nie ontwyk kan word nie. Wanneer God neergelê het wat "moet" gebeur, is gehoorsaamheid die enigste verstandige weg vir die mens. Jesus onderwerp Hom aan hierdie "moet" van God, en daarom wys Hy die versoek van die skare van die hand.

Buitendien sou 'n langer verblyf in Kapérnaüm op daardie tydstip 'n groot gevaar inhou. Die skare is in vervoering oor Hom, en sou op enige oomblik daartoe kon oorgaan om Hom as Redder van Israel of selfs as koning uit te roep, en te verwag dat Hy die Romeinse besettingsmag uit hulle stad moes verdryf. So iets, of selfs 'n te grote toeloop van die skare, wil Hy voorkom aangesien dit aanleiding kon gee dat die Romeinse owerheid of Herodes Antipas kon ingryp en verhinder dat Hy met sy prediking voortgaan. Daarom sê Jesus aan die mense van Kapérnaüm dat Hy verder "moet" gaan, en dat Hy die "evangelie van die koninkryk van God" moet verkondig.

Hiermee moet die skare genoeë neem. Jesus en sy dissipels draai weg van die see en gaan na die verspreide dorpe en stede van Galiléa. Telkens op die Sabbat gaan hulle op na die sinagoge van die dorpie waar hulle is, en daar verkondig Jesus die evangelie van die koninkryk van God, en doen Hy die tekens van die koninkryk deur die siekes te genees en die duiwels uit te dryf (Mark. 1:39).

Slegs van een gebeurtenis wat op hierdie rondreis plaasgevind het, word besonderhede vertel. Dit is die genesing van 'n melaatse (Mark.1:40-45, Matt. 8:2-4; Luk. 5:12-16).

Melaatsheid is 'n gevreesde siekte waarvoor die mense geen geneesmiddel geken het nie. Dit begin gewoonlik aan die hande of voete, van waar dit oor die hele liggaam versprei en die vlees verteer. In die Ou Testament word dit meestal as die regstreekse straf op 'n bepaalde sonde aangedui. Daar was wel voorskrifte in verband met offers wat iemand moes bring as hy van melaatsheid gereinig word (Lev. 14), maar hulle is nooit by ons wete toegepas nie omdat niemand ooit van melaatsheid genees is nie. Alleen 'n wonder van God, soos in die geval van Mirjam of van Naäman, die Siriër, kon genesing bring.

Die melaatse is beskou as onrein en uitgestoot uit die samelewing. Hy moet buite die poort van die stad bly, en mag nooit nader as drie tree aan enige persoon kom nie. Ook het hy geen medelye van die medemens ondervind nie. Hy was 'n verstoteling wat in sy toenemende ellende langsaam, eensaam moes sterf.

In een van die stede in Galiléa kom 'n melaatse reguit na Jesus toe geloop en val reg voor Hom op die knieë. Die dissipels was stellig geskok deur die veronagsaming van die reëls wat op 'n melaatse van toepassing was. Bowendien was dit 'n besonder weersinwekkende geval. Die siekte was reeds in so 'n gevorderde stadium dat sy hele liggaam vol melaatsheid was. Uit hierdie ellendige liggaam kom die noodroep van 'n mens wat redding soek: "Here, as U wil, kan U my reinig".

Soveel is daar van Jesus gepraat dat ook hierdie verstoteling die goeie tyding verneem het. Hy glo vas dat Jesus die mag het om iets te doen wat geen mens nog ooit kon doen nie, naamlik om 'n melaatse te reinig. Aan die almag van Jesus twyfel hy nie, maar sou Jesus wel daartoe bereid wees om so 'n ellendige aan te sien?

Lank hoef hy nie op 'n antwoord te wag nie. Jesus doen iets wat volgens die wet ongeoorloof is. Hy steek sy hand uit en raak die onreine aan. Daardeur het Hy egter nie onrein geword nie, maar die onreine is gereinig. Dan spreek Hy: "Ek wil, word gereinig!" En dadelik het

die melaatsheid hom verlaat.
Jesus moes steeds rekening hou met die gevaar dat Hy as 'n wonderdokter aangesien word van wie se hande daar krag uitvloei en dat op daardie manier 'n geheimsinnige genesingskrag aan die werk gestel word. By die genesing van siekes het Hy dikwels, maar nie altyd nie, die sieke aangeraak. Op melaatses het Jesus die hand gelê, met die uitsondering, meegedeel in Luk. 17:12 e.v.; maar Hy het hulle altyd goed laat begryp dat die genesing tot stand kom omdat Hy dit so wil. Hy sien die mens in ontferming aan en wil hom van sy lyding verlos; en dit doen Hy deur sy magswoord. Hier is geen aanleiding tot bygeloof nie, maar wel tot geloof.
Nadat Jesus die man genees het, verander sy toon en spreek Hy hom streng aan: Hy moet niemand iets van sy genesing vertel nie, maar na die priester gaan en die voorskrifte van Moses in Lev. 14 uitvoer. Daar het Moses breedvoerig beskryf hoedat iemand wat van melaatsheid genees is, moet handel om weer in die volkslewe opgeneem te word. Hy moet hom aan die priester vertoon en as die priester tevrede gestel is dat daar nie meer tekens van die siekte aan hom sigbaar is nie, moet sekere offers gebring word en 'n proses van reiniging wat agt dae duur, afgehandel word.
Wanneer Jesus aan hierdie geneesde melaatse die opdrag gee om hom aan die priester te gaan vertoon en die voorskrifte van Moses uit te voer, voeg Hy by dat dit moet geskied "tot 'n getuienis vir hulle" (Matt. 8:4). Jesus wil dat daar aan die priesters by die tempel, en ook aan die volk in die algemeen, 'n bepaalde getuienis aangaande Hom gelewer word. **Eerstens** moet hulle sien dat Hy nie gekom het om die wet kragteloos te maak nie, maar om dit te vervul, en dat Hy Hom dus hou by die voorskrifte. **Tweedens** is daar 'n dieperliggende betekenis. Moses het wel die voorskrifte gegee vir die geval dat 'n melaatse genees word. So 'n genesing het egter nooit voorgekom nie, sodat die indruk ontstaan het dat hierdie voorskrifte van Moses prakties sonder sin was. Immers, melaatsheid kon slegs deur 'n wonder van God genees word, en ná Moses se tyd is net een so 'n geval bekend, naamlik dié van Naäman die Siriër - en hy was 'n heiden. Wanneer Jesus nou die geneesde melaatse na die tempel stuur "tot 'n getuienis vir hulle," wil Hy hulle laat sien dat daar Een gekom het deur wie God die wonder van die genesing van 'n melaatse bewerk het; en verder dat Moses se voorskrifte vir so 'n geval nie sinloos was nie, maar in werklikheid 'n getuienis wat heenwys op die Een wat sou kom. Daarom sê Jesus by 'n ander geleentheid: "As julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe" (Joh. 5:46). Dus as hierdie geneesde by die tempel kom en versoek dat die voorskrifte van Moses (Lev. 14) uitgevoer word, sou die priesters voor hulle oë die bewys sien dat die Messias gekom het, en dat Jesus Hy was.
Die man doen egter nie wat Jesus hom beveel het nie. Hy is so vol van wat met hom gebeur het, dat hy dit aan almal vertel sover as wat hy gaan. Sy blydskap oor die genesing is verstaanbaar, maar dit was onbeheers. Sy gedagtes is net op homself gerig en op die wonder wat met sy liggaam gebeur het. Daarom versuim hy om aan sy Redder gehoorsaam te wees, en pleeg hy sodoende eintlik ondankbaarheid teenoor die Here.
Die gevolg van hierdie ongehoorsaamheid was dat die verdere optrede van Jesus bemoeilik word. Groot skares stroom van alle kante na Jesus toe, nuuskierig om sy wondere te sien. Siekes word gebring vir genesing. Jesus is bewoë oor die lyding van die mensheid en skenk genesing, maar Hy gebruik elke geleentheid om eers die evangelie van die koninkryk van God te verkondig. Die toeloop van die skares het egter die gevaar ingehou dat dit die aandag van die owerheid op Jesus sou vestig. Herodes Antipas het reeds Johannes die Doper tot swye gebring deur hom in die gevangenis te werp. Sou hy dit nie ook aan Jesus wil probeer doen nie? So iets wil Jesus voorkom. Daarom gaan Hy na verlate plekke, maar ook daarheen het die skares gekom. Ook kon Hy nie meer openlik 'n stad binnegaan nie (Mark. 1:45). So dikwels as wat Hy kon, het Jesus die skare ontwyk en die eensaamheid opgesoek vir gebed (Luk. 5:16).

### § 39 Terug in Kapérnaüm: Die genesing van 'n verlamde (Matt. 9:1-8; Mark. 2:1-12; Luk. 5:17-26)

Nadat Jesus die platteland van Galiléa deurreis het, keer Hy terug na Kapérnaüm. In Mark. 2:1 staan dat dit "ná 'n paar dae" was. Die reis moes egter heelwat langer as "'n paar dae" geduur het. In die grondteks staan: "na dae" d.w.s. nadat 'n geruime tyd verloop het. Hoe lank Jesus van Kapérnaüm weg was, word nie nader aangedui nie maar ons kan aanneem dat 'n hele paar weke verloop het, en dat die vorige opgewondenheid oor

Hom nou bedaar het (vgl. § 38).
Onopgemerk het Jesus die stad binnegekom, maar dit duur nie lank nie of die nuus versprei dat Hy "in die huis," d.i. tuis was by Maria, sy moeder, wat daar gewoon het (vgl. § 37). Onmiddellik kom daar weer beweging in die stad. Die mense het intussen gehoor van wat Jesus in Galiléa gedoen het en was gretig om Hom weer te sien en te hoor. Hulle vergader in en rondom die huis waar Hy was. Onder die skare was daar ook mense van elders, o.a. Fariseërs en wetgeleerdes afkomstig uit die dorpe van Galiléa en Judéa, en selfs van Jerusalem.
Die Joodse huis was gewoonlik in die vorm van 'n vierkant. 'n Poort lei van die straat af na 'n binneplaas. Al die kamers van die huis loop uit op 'n stoep rondom die binnehof. Die plat dak word met 'n buitetrap bereik. Daar vind 'n mens die gastekamer wat ook as gebedskamer gebruik word, en die plek waar die huisgenote in die aandkoelte kan sit en gesels. Die plat dak is gemaak van 'n mengsel van klei en strooi of riet wat oor die balke gelê word. Hierdie brakdak word soms met teëls bedek, in navolging van die Romeinse boumetode. In die huis is daar ook 'n ruim ontvangkamer met 'n wye deur na die stoep in die binnehof.
Op daardie dag in Kapérnaüm het die mense eenvoudig die huis binnegestroom, en al die beskikbare ruimte gevul. Ook buite voor die poort en voor die getraliede vensters staan 'n skare. Eerbiedig staan hulle opsy dat die Fariseërs en die skrifgeleerdes die ontvangkamer kan bereik waar Jesus gesit het om die mense toe te spreek. Met 'n helder stem spreek Hy sodat almal Hom kan hoor. Met gespanne aandag luister hulle. Ook die Fariseërs, maar hulle luister met kritiek in die hart.
Onderwyl Jesus aan die woord was, kom daar vier man aan wat 'n verlamde op 'n draagbaar tussen die mense deur na Hom wil bring. As hulle insien dat so iets onmoontlik is, gaan hulle met die buitetrap op die dak en begin 'n opening in die dak maak reg bokant die plek waar Jesus was. Van die eiereg om iemand anders se dak te beskadig, en die stof en steurnis wat veroorsaak is, meld die Evangelies niks nie. Hierdie dinge is nie belangrik nie. Die hoofsaak is die beslistheid van die jongmanne om hulle vriend by Jesus te bring, en hulle vaste vertroue dat Hy genesing kan skenk.
Met toue laat hulle die verlamde man neer en hy bereik die grond reg voor die voete van Jesus, binne die kring van skrifgeleerdes en Fariseërs. Die preek word onderbreek en daar kom 'n stilte van verwagting. Die verlamde is so ontroerd dat hy nie 'n versoek tot Jesus kan uitspreek nie. Met ontferming kyk die Here die sieke aan, en Hy bewonder die geloof van sy helpers. Ook weet Hy dat die verlamde se primêre nood nie die siek liggaam was nie, maar 'n las van skuld weens sonde wat sy hart verswaar het. Of daar 'n direkte verband was tussen sy sonde en die verlamming, blyk nie uit die verhaal nie. Jesus weet egter dat iemand wat van die sonde bevry is, oorwinnaar word van die kwellinge van sy liggaam. Vol liefde spreek Hy die verlamde aan: "Seun, jou sondes is jou vergewe!"
Hierdie woord was vir die verlamde genoeg. Hy vra niks meer nie. Nou dat sy sondes weggeneem is, het vrede en blydskap sy hart gevul en het die liggaamlike ongesteldheid sy vorige belangrikheid verloor.
Voordat daar iets verder met die verlamde gebeur, kom daar beweging in die kring van Fariseërs en skrifgeleerdes. Daar is by hulle duidelike tekens van misnoeë, en 'n fluistering gaan rond. Hulle is van gevoele dat Jesus se uitspraak godslasterlik is. Alleen God is by magte om sondes te vergewe. Vanwaar kry Jesus die reg om op te tree asof Hy God is? Of sou dit miskien 'n uitvlug wees? Sou Hy nie by magte wees om 'n man wat so hopeloos verlam is, gesond te maak nie, en nou verklaar Hy dat sy sondes vergewe is - iets wat geen mens kan sien of kan vasstel of dit werklik gebeur het? Met dergelike gedagtes sit hulle daar terwyl die verset teen Jesus in hulle harte sluimer.
Hulle gedagtes is vir die Here nie verborge nie. Die Gees wat in Hom woon, maak dit aan Hom bekend, en Hy spreek hulle direk daaroor aan. Het hulle werklik gedink dat dit makliker is om te sê dat die sondes vergewe is as om te sê: Staan op en loop? So vra Jesus hulle. Hulle begryp nie dat Hy nie maar net "sê" dat die sondes vergewe is nie, maar dat Hy dit ook werklik wegneem. Om dit te kan doen, moet Hy 'n weg van uiterste lyding en van die dood bewandel, om dan te doen wat geen mens vir die ander kan doen nie, maar wat daadwerklik deur God alleen gedoen kan word, naamlik om die sonde weg te neem. In vergelyking is dit oneindig makliker om 'n verlamde te genees as om daardie lydensweg te begaan.

Die Fariseërs en ook almal teenwoordig moet egter nou begryp dat die Seun van die mens die bevoegdheid het om hier op aarde die sondes te vergewe. Hy dra tog die Naam Jesus "want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Matt. 1:21), en Hy is deur God gestuur sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16). Om dit te bevestig, doen Hy die wonderteken van genesing. Daarop sê Hy aan die verlamde: "Staan op en neem jou bed op en gaan na jou huis toe." Onmiddellik gebeur dit. Die verlamde is gesond, en voor die oë van almal dra hy sy bed weg huis toe.

Verbasing het oor die skare gekom toe hulle iets so wonderlik sien gebeur. Daar was by hulle ook vrees, d.w.s. verbystering omdat hulle besef het dat God self so naby hulle was, en dat sy werk, naamlik, die vergewing van sondes in hulle midde gebeur. Daarom verheerlik hulle God oor die dinge wat gebeur het. Allerweë getuig hulle: "Ons het vandag ongelooflike dinge gesien" (Luk. 5:26).

In die grondteks staan dat hulle "paradokse" gesien het, d.w.s. dinge wat in teenspraak kom met die beskouinge of gedagtes van die mens, en dus ongelooflik en tog waaragtig omdat dit gesien is. Die hele optrede van Jesus staan in die teken van die "paradoks," want Hy maak bekend: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet" (1 Kor. 2:9).

Vir die eerste keer het Jesus by hierdie wonder dit uitgespreek dat iemand se sonde vergewe is. Daardeur het Hy aangedui dat Hy nie gekom het net om van liggaamlike lyding te verlos nie, maar dat Hy die sonde kom wegneem. Eers gaandeweg sal Hy sy dissipels laat verstaan dat Hy die sonde wegneem deur dit op Homself te neem en plaasvervangend die straf van die sonde te ondergaan.

**§ 40 Die roeping van Matthéüs (Levi) (Matt. 9:9-13; Mark. 2:13-17; Luk. 5:27-32)**

Ná die genesing van die verlamde gaan Jesus voort om die boodskap van die koninkryk van God te verkondig. Hy begin die nadruk van nou af al hoe sterker lê op die vergewing van sondes as 'n besondere weldaad van die koninkryk. Hy maak gaandeweg bekend dat Hy gekom het om die sondes van die wêreld weg te neem, en aan die berouvolle sondaar vergifnis te skenk.

Op 'n dag het Hy weer uit Kapérnaüm uitgegaan na die oewer van die see van Galiléa. 'n Groot skare het Hom daarheen gevolg. Weer eens het Hy die geleentheid gebruik om aan hulle onderrig te gee in die dinge van die koninkryk van die hemele.

Op die weg terug van die strand na die stad moes Jesus met die pad voor die tolhuis verbygaan. Levi, ook genoem Matthéüs, die tollenaar, het voor die deur gesit om 'n oog te hou op die bedrywighede langs die see en op die pad. Niemand het van hom notisie geneem nie want hy was 'n gehate tollenaar, 'n uitgeworpene uit die ordentlike Joodse samelewing.

Volgens die opvatting van die volk was die tollenaar 'n veragtelike persoon wat altyd in een asem genoem is saam met die laagsgevalle sondaars. Hy was die belastinggaarder in diens van die Romeine. Die belastings wat die verowerde volk opgelê is, kan in twee klasse verdeel word: die heffing op inkomste of oeste, en 'n tol- of doeaneheffing op goedere wat op die hoofpaaie of met skepe vervoer word. Die reg van invordering is verpag teen 'n bedrag wat die owerheid van 'n bepaalde streek as inkomste verwag. Die tollenaar het dan die reg om soveel in te vorder dat hy sy pagreg kan vereffen en boonop 'n wins maak. Teen die gewone belastinggaarder het die Jode nie so erg verbitterd gevoel nie, maar die man by die tolhuis langs die pad kon hulle nie uitstaan nie. Hy was 'n medewerker van die onderdrukker van sy eie mense, 'n hartelose afperser, en voortdurend besig om die vragte en bagasie van Joodse en heidense padgebruikers te deursoek. Weens sy aanraking met die heidene was hy altyd onrein, volgens die verordeninge van die wet. Daarom kom geen fatsoenlike mense naby 'n tollenaar nie.

Die tollenaar by die tolhuis was altyd goed op hoogte van die jongste nuus. Die reisigers was die draers van die nuus en vertel dit oor aan die tollenaar onderwyl hy hulle ware kontroleer. Op hierdie wyse was Levi ook ingelig oor die werke en woorde van Jesus. Hy het stellig 'n ernstige begeerte gehad om ook daar by die skare op die strand aan te sluit en na die prediking van die Here te luister. Maar daartoe het hy nie die moed nie. Die mense sal hom aankyk asof hy melaats is.

Toe Jesus teenoor die tolhuis kom, kyk Hy Levi aan. Hy weet watter geestelike honger daar in die hart van die ongelukkige tollenaar was. Vriendelik spreek Hy hom aan: "Volg My." Die tollenaar staan onmiddellik op, sit sy skryfgoed opsy, sluit die tolhuis en

voeg hom by Jesus. Hy begryp dat hierdie uitnodiging van die Here 'n keerpunt in sy lewe gebring het en dat die navolging van Jesus nie maar net beteken dat hy met Hom moet saamloop tot in die stad nie, maar dat hy voortaan hom by Jesus moet aansluit as leerling, as dissipel van die wonderlike Leermeester.

As teken van sy groot blydskap en om van sy vriende afskeid te neem, rig Levi 'n groot maaltyd aan. Jesus en sy dissipels is die eregaste. Die ander genooides is tollenaars en sondaars. In die ruim ontvangkamer van die ryk tollenaar gaan hulle aan tafel. Buite in die binnehof en op die stoep staan 'n klompie skrifgeleerdes en Fariseërs, waarskynlik dieselfde mense wat teenwoordig was by die genesing van die verlamde man. Hulle vind die optrede van Jesus en sy dissipels uiters afkeurenswaardig. Hoe is dit tog moontlik dat hulle saam met hierdie soort mense eet en drink? Veronagsaam hulle dan die ingewortelde sosiale gebruike en die voorskrifte van goeie fatsoen? Die ontevredenheid kom tot uiting deurdat die Fariseërs hieromtrent aan die dissipels vrae begin stel.

Met hierdie vrae was die dissipels verleë, maar Jesus het gehoor wat aangaan, en Hy staan die teenstanders te woord. Ken hulle die spreekwoord dat die geneesheer na die siekes kom en nie na die gesondes nie? Wel, die spreekwoord is op Hom van toepassing. Hy het gekom om diegene te genees wat siek is, siek in die siel en sterwend in die greep van die sonde. Diegene wat hulle verbeel dat hulle gesond is, moet die geneesheer nie kwalik neem as hy na die siekes gaan nie. Hierop verander die toon van sy stem en Jesus spreek hulle streng aan: "Gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid en nie offerande nie." Hulle, die skrifgeleerdes en die Fariseërs wat hulle daarop beroem dat hulle volgens die Skrif lewe, moet maar 'n profesie van Hoséa (6:6) gaan bestudeer. Dan sal hulle tot die insig kom dat al hul offers wat hulle so stiptelik uitrig, en al hulle voorskrifte waarvan hulle nie afwyk nie, eintlik geen betekenis het nie omdat God barmhartigheid hoër ag as offerande. Ontferming en liefde teenoor die medemens wat in nood verkeer, is by God aangenamer as 'n streng gereglementeerde lewe waarin daar geen plek is vir barmhartigheid nie. En nou is Jesus en sy dissipels juis besig om te handel volgens die woord van Hoséa deurdat hulle barmhartigheid bewys aan die uitgeworpenes in die samelewing.

En verder sê Jesus: "Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering." Diegene wat meen dat hulle onberispelik aan die voorskrifte van die wet voldoen en gevolglik "regverdig" is, het ook geen sondebesef nie. Daarom gevoel hulle geen behoefte aan vergifnis van sondes en mitsdien aan 'n Verlosser nie. Hulle het aan Jesus niks nie. Daarom gaan Hy hulle ook verby om die sondaars te bereik, d.w.s. diegene wat weet dat hulle geen verdienste in hulself het nie, en in hulle nood die toevlug na Jesus neem. Juis aan diesulkes bring Hy die weldade van die koninkryk van God.

Toe Jesus die verlamde man genees het, het Hy daardeur bewys dat Hy die mag het om die sondes te vergewe. By die roeping van Levi verklaar Hy dat Hy juis gekom het om die sondaars te red, en Hy bevestig dit deur een te word met die sondaars aan die feestafel van Levi. Voortaan bly Levi 'n getroue dissipel van Jesus. Onder die naam Matthéüs ken ons hom as een van die Twaalf, en hoewel ons niks vertel word van sy besondere werksaamhede as apostel nie, weet ons dat hy die skrywer was van die Evangelie wat sy naam dra.

**§ 41 Die vraag in verband met die vas (Matt. 9:14-17; Mark. 2:18-22; Luk. 5:33-39).**

Die feesmaal in die huis van Levi het aanleiding gegee tot nog 'n verdere beswaar teen Jesus en sy dissipels. Hulle het nie net saam met tollenaars en sondaars geëet nie, maar dit daarby nog wel op 'n vasdag gedoen.

Die voorskrifte van die wet het bepaal dat daar by sekere geleenthede gevas moet word, soos by die Groot Versoendag. Ook op dae van rou of van afsondering vir gebed word daar gevas. Die Fariseërs het egter die gebruik gehad om op twee dae in die week, Maandag en Donderdag, te vas, omdat toe Moses vir die tweede keer op die berg Sinaï gegaan het om die twee tafels van die wet te ontvang, hy op 'n Maandag sou opgegaan het en op 'n Donderdag sou afgekom het. Die Fariseërs wat aan die wet so verkneg was, het stiptelik op dié twee dae gevas, maar Jesus en sy dissipels het hulle nie aan hierdie reël gehou nie.

In Kapérnaüm was daar ook dissipels van Johannes die Doper. Nadat Johannes gevange geneem is, het hulle sonder leidsman geswerf en waarskynlik oorweeg om hulle by Jesus aan te sluit. Johannes het egter 'n asketiese lewe gevoer. Hy het net die noodsaaklikste voedsel gebruik, en dikwels gevas. Dit is ondenkbaar dat hy ooit by 'n feesmaal sou aansit.

Sy leerlinge het hom hierin nagevolg. Noudat hulle dit oorweeg om na Jesus oor te gaan, word dit 'n hindernis dat Hy op 'n vasdag deelneem aan 'n fees. Daarom bespreek hulle die aangeleentheid met die Fariseërs en saam gaan stel hulle aan Jesus 'n vraag. Die Here ken die Fariseërs en hulle uiterlike vormgodsdiens. Hy weet dat hulle vas nie 'n verootmoediging was soos Moses voorgeskryf het nie (Lev. 23:29, 32), maar 'n uiterlike vertoon van vroomheid om deur die mense geëer te word (Matt. 6:16-18). Op daardie manier kan Jesus beslis nie aan 'n vasdag meedoen nie.

Die antwoord van Jesus is die evangelie in 'n neutedop: "Kan die bruilofsgaste dan treur solank as die bruidegom by hulle is? Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas" (Matt. 9:15). Die Fariseërs sowel as die volgelinge van Johannes moes hierdie beeldspraak goed begryp het. In die Ou Testament word Israel genoem die bruid van God wat uitsien na die vereniging met die hemelse Bruidegom. Wanneer die Bruidegom kom, moet dit 'n dag van vreugde wees vir die hele Israel. Johannes die Doper het Jesus aangedui as die bruidegom; en hy, Johannes, as die vriend van die bruidegom, het die bruid voorberei en na die bruidegom gelei. Toe het hy hom verbly oor die stem van die bruidegom (Joh. 3:29). Daarom moet die leerlinge van Johannes ag slaan op die uitspraak van hulle leermeester, en die Fariseërs wat hulle so graag op die Skrif beroep, moet let op die vervulling van die Skrifte. Die bruidegom het na sy bruid gekom. In so 'n tyd kan daar nie gevas word nie, maar veeleer fees gevier word.

Hieraan voeg die Here 'n profetiese woord wat heenwys op die dag wanneer die bruidegom weggeruk sal word. Dit is die eerste heenwysing na sy dood. Op daardie dag sal daar gevas word omdat die bruidegom weggeneem sal word van die bruid. Jesus verwys na die groot droefheid van die dissipels wanneer Hy gekruisig en in die graf neergelê word. Maar toe Hy hierdie woord uitgespreek het, het hulle dit nog nie begryp nie.

Na aanleiding van die vraag oor die vas, spreek die Here twee kort gelykenisse uit. Hy gebruik bekende beelde uit die daaglikse lewe om geestelike waarhede toe te lig. Die eerste beeld het te doen met die heelmaak van 'n skeur in 'n kledingstuk. Niemand gebruik 'n stuk nuwe, ongekrimpte kledingstof om daarmee 'n ou kledingstuk te lap nie. Dit duur nie lank nie of die nuwe lap skeur uit die ou kleed en laat 'n nog groter gat as wat daar was. Die tweede beeld is ontleen aan die wynmakery wat in Galiléa so bekend was. Nuwe wyn word nie in ou leersakke gegooi nie. Die ou sakke is klaar uitgerek. As die wyn nog so 'n bietjie gis, bars die ou sakke en gaan die wyn verlore.

Albei beelde dui op dieselfde saak. In die loop van tyd het daar onder die Jode vaste godsdienstige gebruike en vorme, en ook opvattinge ontstaan. Die Fariseërs se gebruik om te vas is een daarvan. Nou bring Jesus 'n nuwe boodskap van die koninkryk van God en van innerlike lewensvernuwing. Die Heilige Gees wat soos die wind is wat waai waar hy wil (Joh. 3:8), is werksaam deur die woord van die Here, en Hy wek 'n nuwe lewensbeginsel in die lewens van sondaars. Mense begryp die betekenis van die woord wat sê dat die Here barmhartigheid verlang en nie offerande nie (Matt. 9:13). Hierdie nuwe leer en nuwe godsdienstige lewe kan nie ingepers word in die ou vorme nie. Die oue moet nou opsy gesit word, en nuwe vorme gevind word wat pas by die evangelie van Christus.

In Luk. 5:39 voeg die Here nog by: "Niemand wat ou wyn gedrink het, wil dadelik die nuwe hê nie; want hy sê: Die oue is beter." Weer eens spreek Jesus 'n waarheid uit wat aan die wynboer bekend is. Die ou wyn smaak beter as die nuwe wyn, en kry daarom voorkeur. Jesus wil hiermee wys op die onwilligheid van mense om sy nuwe leer te aanvaar. Hulle is volkome gelukkig met die ou vorm van godsdiens. Jesus eis van hulle erkenning van innerlike bedorwenheid en belydenis van sonde. So iets is pynlik, veral vir die hoogmoedige mens wat hom daarop beroem dat hy "regverdig" is. Daarom verkies die mense die ou vormlike godsdiens wat hulle ydelheid streel en hulle aan die slaap sus, en verwerp hulle die leer van Jesus (vgl. Joh. 5:40-47).

### § 42 In Jerusalem: die genesing van 'n sieke in Betésda (Joh. 5:1-15)

Terwyl Jesus in Kapérnaüm en omgewing besig was om te preek en sy werke van barmhartigheid te doen, het die tyd van "'n fees van die Jode" nader gekom. Die benaming en ook ons berekening van die tydsverloop (Jesus het ongeveer vier maande vóór die oes in Galiléa aangekom, vgl. § 33) dui daarop dat dit die Paasfees was. Vir hierdie fees gaan Jesus weer op na Jerusalem.

Daar het dus 'n jaar verloop vandat Hy by die vorige Paasfees in die tempel begin het met sy werksaamheid. Sedertdien was Hy vir sowat agt maande in Judéa waar Hy van plek tot plek die evangelie verkondig het; toe het Hy deur Samaría gereis en daar in Sigar het baie mense tot die geloof gekom. Die afgelope vier maande was Hy in Galiléa waar groot skares sy woord gehoor en sy wondere gesien het. Dus het die hele land van sy optrede geweet en oral word daarvan gepraat. Intussen het die godsdienstige leiers in Jerusalem ook met toenemende agterdog en verset Hom in die oog begin hou.

Hoewel die dissipels in Joh. 5 nie vermeld word nie, neem ons aan dat hulle Jesus vergesel het na Jerusalem en ooggetuies was van die dinge wat daar gebeur het. Een so 'n gebeurtenis word deur Johannes in besonderhede vertel, asook die gesprek met die teenstanders wat daarop gevolg het.

Die gebeurtenis het net buite die stadsmuur naby die Skaapspoort plaasgevind. Die Skaapspoort was in die oostelike muur van die stad, met 'n uitsig op Getsémané en die Olyfberg. Reeds vroeg in die geskiedenis van die stad was die poort by daardie naam bekend (vgl. Miga 4:8; Neh. 3:1), omdat die skape wat vir die offers bestem was daardeur gelei is na die tempel. Naby die poort was 'n fontein waarvan die water geneeskundige krag gehad het. Daar is 'n behoorlike bad gebou met vyf pilaargange rondom en kamers vir die huisvesting van siekes wat daarheen gekom het om genesing te probeer kry. Die bad word genoem Betésda (= huis van barmhartigheid).

Van tyd tot tyd was daar 'n heftige opborreling van die water. Die opvatting het bestaan dat 'n onsigbare engel neergedaal en die water in beroering gebring het. Direk na so 'n beweging van die water het dit besondere geneeskrag besit, sodat die persoon wat die eerste daarin bad, die beste kans gehad het om gesond te word. Daarom het die siekes steeds naby die rand van die bad op hulle bedde of matjies gelê en wag op die roering van die water.

Op 'n Sabbat, in die tyd dat Jesus in Jerusalem was, wandel Hy deur die Skaapspoort uit die stad na die gesondheidsentrum Betésda. Langsaam gaan Hy deur die pilaargange waar 'n groot menigte siekes, blindes en kreupeles en lammes gelê het. Sy oog val op een besonder bejammerenswaardige geval. Dit blyk dat die man al agt-en-dertig jaar aan sy siekte ly, en ook lank reeds by die bad was. Dit lyk asof hy reeds alle hoop op genesing verloor het. Jesus gaan nader en vra: "Wil jy gesond word?" Die erns en dringendheid van die vraag skyn nie tot sy verdoofde verstand deur te dring nie. Hy is dankbaar dat iemand in hom belangstel, en begin sy eie ellende te bekla. Daar is niemand wat na hom omsien nie; hy moet homself behelp so goed as wat hy kan. En wanneer die water geroer word, is daar niemand wat hom help om in die bad te kom nie, sodat hy altyd té laat daar kom.

Hy sou waarskynlik nog voortgegaan het om sy lyding te beskryf en uiting te gee aan sy selfbejammering, maar Jesus spreek hom aan met 'n onverwagte bevel: "Staan op, neem jou bed op en loop!" Die woord kom met soveel gesag en sekerheid dat die sieke onmiddellik gehoorsaam. Hy het geen geleentheid nie om te begin redeneer oor die vraag of hy na soveel jaar wel kan opstaan, en of dit in sy geval 'n sinvolle opdrag is. Die woord van die Here bring sy verswakte liggaam in beweging en hy staan daadwerklik op. Met blydskap in die hart rol hy sy bed op, neem dit onder die arm en loop na buite om huis toe te gaan. In sy opgewondenheid oor sy genesing het hy nie daaraan gedink om Jesus te dank of selfs om te vra wie Hy was nie. Sonder om aandag op Homself te vestig, gaan Jesus weer terug in die rigting van die tempel. Opgewek en lewenskragtig stap die geneesde man met die bed onder die arm die stad in. Hy het egter nie ver gekom nie of hy word skerp bestraf deur die Jode. Hulle skreeu hom toe: "Dit is Sabbat. Dit is jou nie geoorloof om jou bed te dra nie!"

Die Jode het met buitengewone noulettendheid die voorskrifte van die wet in verband met die heiliging van die Sabbat in ag geneem. Ook het hulle 'n menigte oorgelewerde insettinge gehandhaaf. So streng was die onderhouding van die sabbatsvoorskrifte dat by 'n botsing van pligte in die reël voorrang gegee moes word aan die heiliging van die Sabbat. Die grondbeginsel by die Sabbatsheiliging was volstrekte rus. Dit beteken dat alles wat op 'n weeksdag gedoen word, op die Sabbat nagelaat moet word. Daar mag nie eens die skyn van werk wees nie. Een van die voorskrifte was dat daar op die Sabbat niks gedra mag word nie, al is dit ook hoe gering.

As Skrifgrond vir hierdie bepaling is Jer. 17:21 e.v. en Neh. 13:15 aangehaal. In die eerste teks

sê Jeremia: "So spreek die Here: Neem julle in ag om julle siele ontwil, dat julle geen las dra op die Sabbatdag en dit inbring deur die poorte van Jerusalem nie." En Nehemía het opgetree teen mense wat op die Sabbat voortgegaan het om die parskuip te trap en om vragte landbouprodukte op die Sabbat die stad binne te bring. Dus, in albei gevalle het die dra van laste betrekking op die voortgang van die arbeid van die gewone werkdag op die Sabbat. Die skrifgeleerdes het egter op grond van hierdie tekste verklaar dat dit belet is om enigiets, hoe klein ook, op die Sabbat met die hand op te tel omdat dit neerkom op die "dra van laste".

Daarom is dit dat die man wat sy bed of matjie onder die arm dra, van alle kante toegeroep word dat hy besig is om iets te doen wat ongeoorloof is. As verontskuldiging antwoord hy dat hy dit nie uit sy eie doen nie, maar dat die Man wat hom gesond gemaak het, hom gesê het om sy bed te dra. In hulle ywer vir die Sabbat let die Jode nie daarop dat daar so pas 'n wonder in hierdie man se lewe plaasgevind het nie. Na 'n siekte van agt-en-dertig jaar het 'n wonder van God aan hom geskied en hy is gesond. Maar hierdie feit ontgaan die aandag van die Jode omdat alle aandag gerig is op die heiliging van die Sabbat, soos hulle dit verstaan het. En nou hoor hulle van nog 'n verdere oortreding. Iemand het 'n sieke op die Sabbat gesond gemaak. Weet hy dan nie dat die sabbatsvoorskrifte bepaal dat die sieke aan homself oorgelaat moet word, tensy hy in lewensgevaar verkeer nie? En wie is Hy wat só die Sabbat ontheilig het?

Die geneesde man ken nie die naam van sy Weldoener nie. Dié toedrag bring 'n merkwaardige aspek van hierdie wonder aan die lig. Jesus was vóór en ná die genesing volkome onbekend aan die sieke. Hier kan dus geen sprake wees van geloof in Hom as voorvereiste vir die wonder nie. Ook volg geloof in Hom nie direk uit die wonder nie. Hy het volkome vrymagtig gehandel uit ontferming. Jesus het Betésda (= huis van barmhartigheid) as 'n onbekende binnegegaan om daar ongevra en ongedank 'n heerlike werk van barmhartigheid te doen, en weer as onbekende op die agtergrond te tree. Maar nou word Hy gesoek omdat Hy die Sabbat "ontheilig" het.

By die geneesde man was daar 'n drang in die hart om God te dank. Daarom gaan hy op na die tempel. Daar ontmoet Jesus hom en knoop met hom 'n gesprek aan. Hy wys daarop dat hy nou sy gesondheid terug ontvang het, nie om met die sonde voort te gaan nie, maar om 'n lewe te voer wat aan die Here welbehaaglik is. Indien hy dit nie doen nie, sal hy met 'n nog swaarder straf getref word. Uit die gesprek blyk dat die siekte van hierdie man die gevolg was van sonde in sy lewe. Nou het hy die geleentheid om opnuut as gesonde man die lewe te begin. Uit sy sure ondervinding moes hy geleer het dat hy die sonde moet staak, anders word hy deur die oordeel van God getref.

Die man skyn nie besonderlik te let op die woorde van die Here nie. Ons word altans nie vertel of hy tot geloof in die Here gekom het nie. Hy is wel nog diep gekrenk omdat hy beskuldig is van ontheiliging van die Sabbat. Daarom gaan hy aan die Jode vertel wat hy nou te wete gekom het, naamlik dat dit Jesus was wat hom op die Sabbat gesond gemaak het.

**§ 43 Die Sabbat: Jesus antwoord sy teenstanders (Joh. 5:16-47)**

Oor wat op die Sabbat gebeur het, is die Jode erg verontwaardig. Jesus het nie net 'n sieke gesond gemaak nie maar hom ook beveel om sy bed te dra. Dit is 'n dubbele veronagsaming van die oorgelewerde insettinge in verband met die heiliging van die Sabbat. 'n Man wat só optree, is 'n gevaar vir die godsdienstige lewe van die volk en moet vervolg word. So redeneer die Jode. (Die woorde: "en probeer om Hom dood te maak," v. 16, kom nie in die oudste manuskripte voor nie, en word dus buite rekening gelaat)

Die verset teen Jesus wat by die Jode in Jerusalem aan die broei was, kom tot 'n openlike botsing oor die vraagstuk van die heiliging van die Sabbat. Jesus het ten opsigte van hierdie vraagstuk die reg van God gehandhaaf en Homself toegewy aan 'n Gode-welgevallige onderhouding van dié dag. Die Fariseërs het hulle eie insettinge op die volk afgedwing, en sodoende dikwels in stryd gehandel met die wet van die liefde. Die twee standpunte staan so skerp teenoor mekaar dat versoening nie moontlik is nie. Hier moet gekies word. Die Fariseërs begryp dit, en wil daarom Jesus vervolg en indien moontlik skadeloos stel.

Die aanval begin met 'n argument. Daar in die tempel, nog op dieselfde Sabbat, staan die Jode in 'n kring rondom Jesus en val Hom aan oor wat Hy gedoen het. Hulle houding is dreigend, maar Jesus bly kalm en antwoord rustig op hulle beskuldigings. Daar in Galiléa het Hy op 'n eenvoudige, maklik verstaanbare manier met die volk gepraat, en ook van

gelykenisse gebruik gemaak. Hier in Jerusalem het Hy met die geleerdes te doen en redeneer Hy op "teologiese" vlak. Hy bedien Hom van diepsinnige argumente wat tog goed begryplik behoort te wees vir die skrifgeleerdes met wie Hy te doen het.

Die standpunt van die teenstanders kom op die volgende neer: die Sabbat is deur God ingestel, en hulle heilig die dag volgens die Heilige Skrifte. As iemand die insettinge veronagsaam, is hy aan God ongehoorsaam en durf hy nie voorgee dat hy in diens van God staan nie, allermins dat hy deur God gestuur is; en hy handel ook in stryd met die wet van Moses. En aangesien Jesus juis hierdie dinge doen, het Hy nie van God uitgegaan nie, maar is Hy 'n valse leraar.

Jesus antwoord met 'n uiteensetting van sy gesag en die getuienis om sy gesag te bevestig. Hy bring drie hoofgedagtes na vore:

**1) Hy is een met die Vader** (v. 19-23). Verwysende na God praat Jesus van "my Vader." Hieroor is die Jode verontwaardig omdat Hy nie net die Sabbat gebreek het nie, maar Homself ook met God gelyk gestel het. Jesus gaan egter voort om te bevestig dat Hy een is met die Vader. Dus, wat die Vader doen, dit doen die Seun ook. Die Jode het onderskei tussen die werk van God as Skepper, en sy werk as Regter of Onderhouer. Van sy skeppingswerk het Hy gerus, en daarom die Sabbat ingestel as 'n dag van rus. Maar met die werk van die Regter gaan Hy voort, en doen hierdie werk selfs op die Sabbat. En net soos die Vader voortgaan met daardie werk, doen die Seun dit ook sonder onderbreking vir 'n dag van sabbatsrus. Die Seun handel nie eiewillig nie, maar doen slegs wat die Vader Hom toon. Hierdie voortgaande werk lê op die gebied van die Regter of Onderhouer, d.w.s. dit het te doen met die beslissing oor lewe en dood. Die Vader behou die lewe of Hy stuur die dood; Hy wek die dode op en maak lewend, maar nou het Hy hierdie "oordeel" aan die Seun toevertrou. Dus, as die Seun op die Sabbat 'n sieke genees en sy lewe behou, doen Hy nie net dieselfde werk as die Vader nie, maar Hy vervul 'n opdrag wat die Vader aan die Seun toevertrou het. Daarom behoort die Seun geëer te word vir wat Hy doen, en nie veroordeel te word soos die Jode nou met Hom doen nie. Trouens, wie die Seun nie eer nie, eer ook die Vader nie.

***2) Die wonder-genesing wys heen op die eindoordeel*** (v. 24-30). Die siek man het die woord van Jesus aangeneem en daarop gehandel. Dit het die behoud van sy lewe beteken. Wat daar sigbaar gebeur het, het 'n diepe geestelike betekenis. Elkeen wat die prediking van die Here aanneem en daarop handel, ontvang die ewige lewe. Hy het oorgegaan uit die dood van sonde na die lewe van heiligheid en heerlikheid. Jesus het verwys na die voortgaande werk van God as Regter en gesê dat die Vader die oordeel nou aan die Seun toevertrou het. Dit het nie net op die voortgaande werk van die Seun tot behoud van die lewe betrekking nie, maar is 'n heenwysing na die eindoordeel. Die Seun sal as die Regter optree by die opstanding uit die dode. Voor sy troon sal daar skeiding gemaak word tussen dié wat goed gedoen het en dié wat kwaad gedoen het. Eersgenoemdes sal ingaan tot die opstanding van die lewe, en laasgenoemdes tot die opstanding van die veroordeling. Ook hierdie oordeel sal nie eiewilliglik geskied nie, maar die Seun, wat een is met die Vader, sal die wil en welbehae van die Vader uitvoer.

***3) Die getuies in Jesus se guns*** *(v. 31-47).* Volgens die Joodse regspraak word iemand se getuienis aangaande homself nie aanvaar nie, tensy hy twee of drie getuies kan byhaal om eenstemmig dit te bevestig. Jesus het nou getuienis gelewer aangaande sy verhouding tot die Vader en sy bevoegdheid as Seun. Die Jode verwerp dit alles omdat Hy van Homself getuig. "Goed," sê Jesus, "As Ek van Myself getuig, is my getuienis nie waar nie" (v. 31). Daar is egter Een, naamlik God, wat van Hom getuig, en sy getuienis is waar. God het egter verskillende kanale gebruik om sy getuienis te lewer. Op hierdie wyse is daar verskillende getuies, wat almal die getuienis van God uitspreek. Hulle is die volgende:

***(a) Johannes die Doper*** (v. 31-35) was daar en die Jode het 'n kommissie van priesters en Leviete na hom gestuur (Joh. 1:19) om hom te ondervra. Hy was maar soos die flou lig van 'n brandende lamp, maar die bevinding was dat hy 'n profeet was wat vir die waarheid getuig het. Johannes het egter aangaande Jesus getuig dat Hy die komende Koning, die Regter en ook die Lam van God was.

b) ***Jesus se werke*** (v. 36) lewer nog sterker getuienis as Johannes die Doper. Sy wondere is van so 'n aard dat net een verklaring gegee kan word, naamlik, dat dit God is wat deur Hom werk. En as God op so 'n kragtige wyse deur Hom werk, is dit tog bewys genoeg dat Hy deur God gestuur is.

***c) God het ook direk getuig*** (v. 37-38) by die doop van Jesus toe die stem uit die hemel verklaar het dat Hy die Seun van God was. Die Jode het egter die stem nie gehoor nie, omdat hulle in hul ongeloof doof geword het vir die woord van die Here.

**d)** ***Die Skrifte*** (v. 39-47) getuig eenstemmig van Jesus, die Messias wat sou kom. Die Jode hou hulle besig met die Skrifondersoek omdat hulle meen dat hulle daarin die lewe gevind het. Dit is te waardeer dat hulle dit doen, maar hulle het die lewe nog nie gevind nie omdat hulle nie wil insien dat die Skrifte heenwys op Jesus as die Brenger van die lewe nie. By hulle Skrifstudie eer hulle mekaar as groot rabbi's en beroemde kenners van die Skrif, maar hulle versuim om die eer toe te bring aan God, wat juis deur die Skrifte bekend maak dat Jesus die Messias is. Maar, sê Jesus. Hy sal hulle nie by die Vader beskuldig nie. Moses sal dit doen. Hulle beroep hulle op Moses wanneer hulle teen Jesus optree, maar as hulle werklik aanvaar het wat Moses geskryf het, sou hulle Jesus moet glo, "want hy het van My geskrywe," sê die Here.

Dus, om saam te vat, in die mond van hierdie vier getuies, wat eintlik in wese een is, naamlik, God (v. 32) staan dit vas dat Jesus die Seun van God is, en een is met die Vader. Daarom handel Hy nie in stryd met wat God bepaal het of wat Moses geskryf het nie. En as Hy sekere dinge op die Sabbat doen of laat doen, is dit nie ontheiliging of skending van die rusdag nie. Beskuldigings teen Hom in dié verband is gegrond op die bedenkinge van die mens en nie op die geopenbaarde bedoelinge van God nie.

**§ 44 Die Sabbat: die uitvryf van koringare (Matt. 12:1-8; Mark. 2:23-28; Luk. 6:1-5)**

Die vyandige houding van die Jode in Jerusalem het veroorsaak dat Jesus nie lank daar gebly het nie. Kort na die Paasfees is Hy weer terug na Galiléa. Ook daar het die Fariseërs verdenking gehad teen sy optrede op die Sabbat, en hulle het fyn begin oplet wat Hy doen.

Op 'n sekere Sabbat was Jesus en sy dissipels aan die wandel met 'n voetpad deur die gesaaides. Met Paasfees het die oestyd aangebreek. Die koring staan dus ryp op die lande. Algaande het die dissipels van die are begin pluk en uitvryf om die korrels te eet aangesien hulle al honger begin kry het. Om so iets in 'n ander man se land te doen, was volgens die wet volkome geoorloof (Deut. 23:25), en die dissipels het nie gedink dat hulle met iets verkeerds besig was nie. Tog maak die Fariseërs ernstig beswaar. 'n Oortreding teen die sabbatswette word deur hulle begaan, en Jesus laat dit toe. Dadelik spreek hulle Jesus aan, want al het Hy nie self are gepluk nie, is Hy tog verantwoordelik vir wat sy dissipels doen.

Maar wat was hulle oortreding? Die ywer om die Sabbat te heilig, het meegebring dat 'n groot hoeveelheid voorskrifte ontstaan het omtrent wat op daardie dag nie gedoen mag word nie. Die voorskrifte is gegroepeer onder 39 "groot werke" wat belet is. Een daarvan is die insameling van die oes. Om are met die hand uit te vryf, is 'n onderdeel van die oes en daarom 'n ongeoorloofde werk op die Sabbat.

So 'n kleinlike redenering moes Jesus seker diepe pyn in die hart veroorsaak het. Tog gaan Hy nie in op die vraag of die dissipels wel oortree het nie. Hy pleit ook nie by die Fariseërs dat hulle sulke kleinlikhede moet laat vaar nie. Ook sê Hy niks teen die heiliging van die Sabbat nie. Hy verwys egter na twee voorbeelde in die Skrif.

Die Fariseërs beroep hulle steeds op die Skrif. Daarom kan Jesus aanneem dat hulle die Skrifte ken, en kan Hy na sekere gedeeltes verwys wat hier van toepassing is. Die eerste is die optrede van Dawid in Nob. Toe hy en sy manne byna beswyk het van die honger, het hulle gevra om die toonbrode te eet, en die priester het dit toegelaat (1 Sam. 21:1-6). Die wet sê uitdruklik dat die toonbrode alleen deur die priesters geëet mag word (Lev. 24:9), maar toe Dawid in die nood was, is dit aan hom en sy manskappe gegee. Die eis van barmhartigheid was van groter gewig as die seremoniële voorskrifte van die heiligdom. Vir hierdie daad het die Here die priester nie gestraf nie, en ook nie vir Dawid nie. En die Fariseërs eer koning Dawid as die model-koning van Israel.

Dus, ook húlle keer sy daad goed en erken sodoende dat daar omstandighede kan wees waarin hoër godsdienstige of sedelike eise die seremoniële wette kan ophef.

Maar Jesus wys op 'n tweede voorbeeld. Die wet bepaal dat die priesters in die tempel ook op die Sabbat moet voortgaan met hulle ampspligte (Num. 28:9-10), en dit word hulle nie toegereken as oortreding van die gebooie nie. Omdat hulle in die tempel dien, word hulle van die sabbatsvoorskrifte vrygestel. Nou sê Jesus: "Een wat groter is as die

tempel, is hier" (Matt. 12:6). Daarmee verwys Hy na Homself. As die priesters wat in diens staan van die tempel, sekere vrystellings verkry, dan des te meer sy dissipels omdat Hy meer is as die tempel, en hulle staan in sy diens.

Hierop laat Jesus volg: "As julle geweet het wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie, sou julle die onskuldiges nie veroordeel het nie" (Matt. 12:7). Die wette in verband met die heiliging van die Sabbat is geen onverbiddelike wette nie. Deur noodsaaklike dienste in die heiligdom kan hierdie wette opgehef word. Net so ook kan die sabbatswet veronagsaam word ten einde 'n diens van barmhartigheid te verrig. God het juis groter behae in barmhartigheid as in offerande, soos bevestig word in die geskiedenis van Dawid in Nob. Maar die Fariseërs begryp nog nie die betekenis van daardie uitspraak nie. Inteendeel, deur hulle gebod op gebod laat hulle geen ruimte vir die barmhartigheid nie.

As algemene riglyn lê Jesus twee beginsels neer ten opsigte van die Sabbat. Die eerste is: "Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie" (Mark. 2:27). Toe God verorden het dat daar 'n rusdag moes wees, het Hy die welsyn en heil van die mens beoog. In die lewe van die mens moes daar 'n vasgestelde ritme van arbeid en rus wees, anders sou die lewe ondraaglik word. Ook moes daar 'n rusdag wees wat aan God geheilig is, sodat die mens dit kon aanwend om die Skepper te dien en sy siel met geestelike spyse te voed. Die rusdag is dus bedoel as 'n geleentheid vir die verkwikking van liggaamlike en geestelike kragte ten einde die Godgegewe roeping te kan uitvoer, en só die dag aan te wend vir die doel waartoe die Skepper dit ingestel het. Die skrifgeleerdes het die orde omgekeer. Deur hulle gebooie en insettinge het hulle die Sabbat verhef tot 'n strenge tiran wat oor die mens heers, asof die mens deur die Skepper ter wille van die Sabbat gemaak is, sodat die Sabbat oor hom heerskappy kan voer. Deur die veelvuldige voorskrifte van die Jode was die mens 'n blote slaaf van die Sabbat. Selfs wanneer die Here van hom 'n daad van barmhartigheid geëis het, mog hy dit nie doen nie omdat die Sabbat anders beveel. So 'n toedrag is strydig met die doel van God met die Sabbat.

Die tweede stelling van Jesus is: "Die Seun van die mens is Here ook van die Sabbat." As die Sabbat daar is ter wille van die mens, d.w.s. dat die mens 'n beslissingsreg het oor hoe hy die Sabbat in ooreenstemming met die gebod van God gaan heilig, dan is die Sabbat nog in 'n verhoogde mate daar ter wille van die Seun van die mens. Hy wat van God uitgaan, en een is met die Vader (vgl. § 43) en die welbehae van die Vader doen, het vrye en volle seggenskap oor die Sabbat. Hy kan die Sabbat met al die Joodse insettinge nie oor Hom laat heers nie, omdat Hy dan aan die bedoeling van God met die rusdag ongehoorsaam sou word. Met opset verwys Jesus na Homself met die benaming "Seun van die mens." Daardeur stel Hy Homself in sy vernedering gelyk met die mens wat hier op aarde die bedoeling en gebod van God ten opsigte van die Sabbat moet eerbiedig. Deur wat Hy op daardie dag doen of laat doen, maak Hy die bedoeling van God bekend.

Die naam "Seun van die mens" het elkeen wat die Skrifte ken, herinner aan Dan. 7:13-14. Daar staan geskrywe van die Seun van 'n mens dat aan Hom gegee is heerskappy en eer en koningskap. Hy is die Here wat oor alle dinge heerskappy voer, en wie se koninkryk 'n ewige is. Die Sabbat word van sy heerskappy nie uitgesonder nie. Ook oor daardie dag het Hy volstrekte seggenskap. Daarom mag geen mens van Hom rekenskap eis oor wat Hy op daardie dag doen of toelaat nie. Net so ook mag niemand die volgelinge van Jesus kwalik neem nie wanneer hulle iets doen wat Hy toelaat. En die rigtinggewende reël in verband met wat Hy toelaat of beveel, bly steeds: "Barmhartigheid is beter as offerande".

In Mark. 2:26 staan dat Dawid die toonbrode geëet het "in die tyd van Ábjatar, die hoëpriester." In 1 Sam. 21:1 e.v. lees ons egter dat Ahiméleg die priester was. Dit skyn asof die twee name in die Ou Testament reeds verwissel word, sodat Ábjatar genoem word die seun van Ahiméleg (1 Sam. 22:20), en dan weer word Ahiméleg genoem die seun van Ábjatar (2 Sam. 8:17). In die onderhawige skrifgedeelte is die naam van die priester van mindere belang, aangesien dit gaan om die daad van Dawid.

### § 45 Die Sabbat: Die man met die verdorde hand (Matt. 12:9-14; Mark. 3:1-6; Luk. 6:6-11)

Jesus se optrede op die Sabbat en sy uitsprake in dié verband het hoe langer hoe meer die

misnoeë van die Fariseërs gewek. Hulle bly op die uitkyk om so gou as moontlik 'n klag teen Hom te formuleer. Dit was ook nie lank nie of hulle planne vorder 'n stap verder. Dit het êrens in 'n dorp in Galiléa gebeur. Op die Sabbat was Jesus weer in die sinagoge en het Hy die geleentheid gebruik om die leer aangaande die koninkryk van God te verkondig. By die byeenkoms was daar 'n man met 'n verdorde hand, d.w.s. 'n hand wat verlam en verstyf geword het sodat hy dit nie kon gebruik nie. Die Fariseërs het vir Jesus 'n tyd lank bespied in die verwagting dat Hy die man sou genees, maar Hy het dit nie gedoen nie. Ook het die man self nie Jesus gevra om hom gesond te maak nie. Ná 'n tyd kom die Fariseërs self met die vraag: "Is dit geoorloof om op die Sabbat gesond te maak?" Jesus roep die man met die verdorde hand na vore en laat hom in die middel van die kring Fariseërs staan. Vol verwagting dat Jesus nou iets gaan doen wat op die Sabbat nie geoorloof is nie, kyk die teenstanders toe. Volgens die voorskrifte mag 'n sieke op die Sabbat gehelp word slegs indien sy lewe in gevaar verkeer, en hierdie man met die onbruikbare arm is beslis nie tot die dood toe siek nie.

Voordat die Here die man gesond maak, begin Hy 'n gesprek met die Fariseërs. Kalm en geduldig spreek Hy hulle toe met die opregte bedoeling om hulle tot nuwe insigte te lei. Hierdie keer verwys Hy nie na die Skrif nie maar gebruik 'n voorbeeld uit die daaglikse lewe. Gestel nou, sê Hy, dat een van hulle net een skaap het, en dié skaap val op die Sabbat in 'n sloot. Sal hy dit dadelik uithaal of nie? Die antwoord is tog vanselfsprekend. Hy sal natuurlik die skaap uithaal, selfs al verkeer die dier nie in onmiddellike lewensgevaar nie. En as hulle bereid is om dit aan 'n skaap te doen omdat die skaap vir die eienaar 'n sekere waarde het, moet hulle dit des te bereidwilliger aan 'n mens doen, omdat 'n mens baie meer werd is as 'n skaap. Aan 'n skaap doen hulle goed op die Sabbat, waarom dan nie nog meer aan 'n mens nie? (Matt. 12:11-12).

Hierop gee die Fariseërs geen antwoord nie. Na 'n paar oomblikke spreek Jesus hulle skerper aan: **"**Is dit geoorloof om op die Sabbat goed te doen of kwaad te doen, 'n lewe te red of dood te maak?" (Mark. 3:4). Dit moes vir die Fariseërs 'n skok gewees het dat Jesus net twee moontlikhede stel: goed doen óf kwaad doen. Volgens hulle opvatting is die juiste weg tog 'n derde, naamlik, niks doen. Die Sabbat is immers 'n rusdag. Nou skakel Jesus die "niks doen" heeltemal uit. Vir Hom bestaan daar nie so iets nie. Die lewe, ook op die Sabbat, is vir Hom 'n "doen", d.i. 'n werk. Die "doen" kan net een van twee wees: goed doen of kwaad doen.

Dit kan ook anders gestel word: 'n lewe red óf 'n lewe doodmaak. Ook hier het die Fariseërs die klem op 'n derde moontlikheid gelê, naamlik, 'n lewe aan homself oorlaat op die Sabbat. Maar ook dit word deur Jesus volkome buite rekening gelaat. Die houding teenoor die medemens, ook op die Sabbat, kan alleen een van aktiwiteit wees, in belang van sy behoud of tot sy ondergang. Met hierdie uitspraak van die Here verwerp Hy nie alleen die sabbatsbeskouing van die Fariseërs nie, maar Hy stel hulle self aan die kaak as ontheiligers van die Sabbat. Hulle moet immers in hul harte erken dat hulle op daardie Sabbat nie besig was met 'n "niks doen" nie, maar hulle het wel iets "gedoen." Hulle het Jesus bespied en 'n klag teen Hom probeer inbring. En wat is dit anders as "kwaad doen" en "'n lewe doodmaak"? Daarom weier hulle om op sy vraag te antwoord.

Jesus kyk hulle een vir een sterk in die oë. In sy hart is daar toorn oor hulle huigelagtige optrede, maar ook droefheid oor hulle volgehoue onwilligheid om tot inkeer te kom. Op verskillende maniere het Hy hulle tot die regte insig omtrent die Sabbat probeer bring (vgl. §§ 43, 44**),** maar hulle volhard in die oorgelewerde beskouinge. Hy laat Hom egter nie deur hulle optrede terughou van "goed doen" en "'n lewe red" op die Sabbat nie. Aan die man met die verdorde hand wat nog steeds daar staan, sê Hy: "Steek jou hand uit!" Weer eens is dit 'n geval van 'n "paradoks" (vgl. § 39). Die man moet sy onbruikbare hand gebruik. Op die woord van Jesus doen hy dit, en vind dat sy hand genees is. Op die Sabbat is hierdie "skaap" deur die Goeie Herder uit die sloot gehaal.

Dit alles geskied tot beskaming van die teenstanders, maar dit blaas ook die vlam van haat in hulle harte aan. Lukas (6:11) sê dat hulle volkome hul verstand kwytgeraak het. Nog op dieselfde Sabbat gaan hulle verder met hulle "kwaad doen" deurdat hulle raad gaan hou met die Herodiane (Mark. 3:6) om planne te beraam om "'n lewe dood te maak" en op dié wyse 'n einde te maak aan Jesus se optrede. So bitter is die haat van die Fariseërs dat hulle nie skroom om met die Romeins-gesinde ondersteuners van

Herodes Antipas te heul nie. Op die manier wil hulle, wat die godsdienstige owerheid verteenwoordig, saamspan met die verteenwoordigers van die staatkundige owerheid om Jesus dood te maak.

**§ 46 Die genesing van siekes by die see (Matt. 4:24-25; 12:15-21; Mark. 3:7-12; Luk. 6:17-19)**

As gevolg van die vyandige houding van die Fariseërs het Jesus Hom aan hulle probeer onttrek deur in die rigting van die See van Galiléa te gaan. Die gerugte aangaande sy prediking en wondere het teen hierdie tyd in wye kringe, selfs ver buite die Joodse land bekend geword. Van alle oorde het mense na Hom kom luister en hulle siekes gebring vir genesing. Selfs uit die heidense gebiede het hulle gekom, van die streke van Tirus en Sidon in die Noorde, en van Iduméa ver in die Suide. Langs die see was die aandrang so groot dat Hy opdrag gegee het dat 'n skuitjie altyd gereed gehou moet word sodat Hy daarin kan gaan indien die skare Hom wil verdring (Mark. 3:9).

Onvermoeid en liefdevol tree Jesus op teenoor almal wat by Hom genesing soek. Telkens spreek Hy die skare toe, en dan gaan Hy weer na die siekes en genees al die soorte kwale onder die mense. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Ook is daar weer die duiwel-besetenes wat sy besondere aandag verg. Deur sy woord dryf Hy die bose geeste uit, maar ook nou skreeu hulle dit uit dat Hy die Seun van God is (vgl. § 37). Herhaaldelik het Hy hulle streng verbied om Hom bekend te maak.

Wanneer Matthéüs (12:17-21) die optrede van Jesus in oënskou neem, sien hy daarin die vervulling van die profesie van Jesaja (42:1-4) aangaande die Kneg van die Here. Allerweë bevestig die woorde en die werke van Jesus dat Hy die uitverkore Kneg van die Here is op wie die Heilige Gees gelê is, en wat aan die nasies die reg aankondig. Hy word deur teenstanders vervolg, maar twis nie met hulle nie; ook roep Hy nie met luide stem op die strate nie, maar gaan Hy in stilte met sy goddelike werk voort. By Hom is ontferming en barmhartigheid. Die gebroke lewens wat niks anders geword het nie as 'n geknakte riet of 'n rokende lamppit, rig Hy in liefde weer op. Altyd weer bring Hy die reg van God tot oorwinning. Daarom is Hy werklik 'n lig vir die nasies, en "op sy Naam sal die heidene hoop" (vs. 21).

'n Wye perspektief begin oopgaan. Daar is diegene wat insien dat nie net Israel geseën word deur die koms van Jesus nie, maar ook al die volke van die aarde. Die heidene kry ook toegang tot die koninkryk van God, volgens die woord van Jesaja.

**§ 47 Die roeping van die Twaalf (Matt. 10:1-4; Mark. 3:13-19; Luk. 6:12-16)**

Daar in Galiléa het die dag aangebreek waarop die getal dissipels aangevul moes word tot twaalf. Hiervoor was daar twee redes. Eerstens het die getal mense wat na Jesus gekom het, steeds toegeneem sodat dit moeilik geword het om die skares te hanteer. Tot hiertoe was daar sewe dissipels wat Jesus gevolg en Hom bygestaan het. Hulle was Andréas en Petrus. Jakobus en Johannes, Filippus en Bartholoméüs (= Natánael), en Matthéüs ( = Levi). Die omstandighede het vereis dat die getal nou uitgebrei word. Tweedens was daar 'n dieperliggende rede. Deur sy prediking was Jesus besig om 'n nuwe volk van God te vergader. Uit die ou Israel het die nuwe, geestelike Israel begin voortkom. Die kerk van Christus was in wording. Sonder enige vorm van orde-reëling of organisasie sou dit egter nie kon ontwikkel nie. Die grond-struktuur moes gevorm word waarop die kerk opgebou sou kon word. Daartoe moes die getal dissipels uitgebou en hulle opdrag uitgebrei word. Hulle sou die manne wees op wie die verantwoordelikheid sou rus om almal wat die Naam van Jesus Christus bely het, voort te lei uit die sinagoge na die kerk.

Die kies van die dissipels was 'n uiters belangrike taak. Daarom soek Jesus die eensaamheid van die berge om daar in stilte na te dink, en om die Vader in die gebed te raadpleeg. Lukas (6:12) vertel dat Hy die hele nag in die gebed deurgebring het. Wanneer die lig van die volgende dag opgaan, weet Hy dat die getal dissipels twaalf moet wees, en Hy weet ook die name van die twaalf manne.

Die getal 12 kom dikwels in die Skrif voor en dien om volheid of volkomenheid aan te dui. Gewoonlik het dit betrekking op die volk van God. Aan die begin van die wordingsgeskiedenis van die volk van die Here in die Ou Testament staan die 12 aartsvaders. Aan die begin van die nuwe tyd, wanneer God 'n nuwe Israel begin vorm, stel Hy 12 dissipels van Jesus aan wat die naam kry van apostels. Op húl arbeid en prediking in opvolging van die werk van Jesus sal die kerk gebou word. Op hierdie wyse word 'n verband gelê tussen die Israel van die Ou Verbond en die kerk van die

Nuwe Verbond. In die kerk sal die Here die volheid en volkomenheid van sy genadewerk tot openbaring bring.

Die twaalf dissipels kry ook 'n besondere opdrag en toerusting. Hulle moet voortaan onafgebroke by Jesus bly om van Hom te leer en sy bevele uit te voer. In onderskeiding van ander dissipels word hulle apostels genoem, d.i. die uitgestuurdes. Aan hulle word die gesag verleen om siekes te genees en onreine geeste uit te drywe, en om die evangelie van die koninkryk van God met krag te verkondig.

Wie die twaalf sou wees, het God in antwoord op die gebed aan Jesus bekend gemaak. Vir ons is dit moeilik om te verstaan waarom Judas Iskáriot in die twaalftal opgeneem is. Het Jesus dan nie vooruit geweet dat hy Hom sou verraai nie? Of Hy dit vooruit geweet het toe die apostels aangestel is, word ons nie uitdruklik vertel nie, maar as die Vader alles aan die Seun bekend maak, moet ons aanneem dat Jesus dit wel van die begin af geweet het. Met verwysing na sy dissipels sê Jesus elders dat die Vader hulle aan Hom gegee het (Joh. 17:6, 12). Die aanwysing van Judas was dus 'n bepaling van die Vader met die oog op die uitvoering van die heilsplan. Vir Jesus was dit deel van sy bittere beker dat Hy sy verraaier moes opneem in die twaalftal wat so intiem met Hom verbonde sou wees. Maar hierin buig die Seun in gehoorsaamheid voor die Vader.

Noudat Jesus deur die gebed die wil van God te wete gekom het, stuur Hy boodskappers om "wie Hy wil" na Hom toe te roep. Hy het die wil van die Vader sy eie gemaak, en met koninklike gesag ontbied Hy sy dienare, die apostels.

Hulle name word twee-twee in die Evangelies opgeteken: Simon Petrus en Andréas; Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer; Filippus en Bartholoméüs; Thomas en Matthéüs, die tollenaar; Jakobus, die seun van Alféüs, en Lebbéüs wat genoem word Thaddéüs; Simon Kananites en Judas Iskáriot (Matt. 10:2-4.)

Simon Petrus word die eerste genoem omdat hy die leiding geneem het en gewoonlik as die mondstuk van die Twaalf opgetree het. By die eerste ontmoeting met Jesus het die Here hom Petrus (= rotsman) genoem (Joh. 1:43), maar eers later sou hy self die verklaring van sy naam ontvang (Matt. 16:18). Hoewel hy in 'n uur van swakheid die Here verloën het, is hy na diepe berou weer in ere herstel en neem hy die leiding in hande in die jong gemeente in Jerusalem.

Andréas, die broer van Petrus, word net 'n paar keer genoem. By die spysiging van die vyfduisend is hy een van dié wat die seun met die paar brode vind en na Jesus bring (Joh. 6:8). Later dien hy as tussenganger wat die Grieke na Jesus begelei (Joh. 12:20-22).

Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedéüs, ontvang van Jesus die benaming "seuns van die donder" (Mark. 3:17), waarskynlik weens hulle vurigheid van temperament. Saam met Petrus vorm hulle die binnekring van die Twaalf wat in 'n besondere sin Jesus se vertrouelinge was. By geleentheid het hulle Jesus genader met die versoek dat aan hulle die plekke van eer in die koninkryk toegesê moet word (Mark. 10:35 e.v.). Johannes ontvang die naam van "die dissipel wat Jesus liefhet" omdat hy op so 'n tere wyse die Here liefgehad het. Albei het ná die hemelvaart van Jesus in Jerusalem gebly. Dáár is Jakobus in 44 n.C. deur die swaard gedood (Hand. 12:2). Later vestig Johannes hom in Éfese waar hy die Evangelie skryf en in hoë ouderdom te sterwe kom.

Filippus, afkomstig uit Betsáida, doen gewoonlik dinge saam met Andréas (Joh. 6:5 e.v. 12:20 e.v.). Eenmaal neem hy deel aan die gesprek met Jesus, en laat blyk dat sy geloof soms met twyfel gemeng is (Joh. 14:8-9).

Bartholoméüs (= seun van Tholoméüs) dra die voornaam Natánael (Joh. 1:46-52). Matthéüs ken ons as die tollenaar. Thomas, in Grieks genoem Dídimus (= tweeling) dra blykbaar net 'n bynaam, sodat sy eintlike naam aan ons onbekend is. Enkele kere word uitsprake van hom opgeteken (Joh. 11:16; 14:5; 20:24-29). Daaruit blyk dat hy tot twyfel geneë is, maar ook weer gou om tot volle versekerdheid te kom.

Jakobus, die seun van Alféüs, is nie die broer van Matthéüs nie wat ook die seun is van 'n Alféüs (Mark. 2:14). Destyds was Alféüs 'n naam wat dikwels voorgekom het.

Lebbéüs, wat genoem word Thaddéüs, is volgens Luk. 6:16 en Hand. 1:13 dieselfde as Judas, die seun van Jakobus. Op grond van die betroubaarste manuskripte word die naam Lebbéüs (vermoedelik = Hartekind) in nuwe Bybelvertalings weggelaat en net melding gemaak van Thaddéüs, wat ook bekend is as Judas, seun van Jakobus.

Simon het die Aramese bynaam Kananítes, wat in Grieks vertaal word met Selotes, d.i.

"Yweraar." Die naam dui die politieke party aan wat hom beywer het om desnoods met geweld die Romeinse juk af te werp. By hulle leef die verwagting van 'n aardse Messias-koning baie sterk. Toe Simon 'n dissipel van Jesus geword het, moes hy dus sy Messias-opvatting radikaal wysig om voortaan vir die geestelike koninkryk van God te ywer.

Judas Iskáriot word die laaste genoem, altyd met die toevoeging dat hy die verraaier van die Here was. Die naam Iskáriot word deur sommige in verband gebring met die Latynse woord *sicarius,* d.i. die dolkdraer, die sluipmoordenaar. Hiervolgens sou Judas waarskynlik ook aan die Seloteparty behoort het, wel aan 'n onderafdeling wat by geleentheid sluipmoord op Romeine gepleeg het. 'n Meer aanneemlike verklaring is egter om die naam te verbind met die dorpie Kariot in Judéa, sodat Judas nader aangedui word as "die man van Kariot".

Hierdie twaalf manne bly voortaan by Jesus en word deur Hom opgelei om die evangelie te verkondig en die werke van die koninkryk te doen. Hulle sou die fondament van die kerk word (Matt. 16:18; Ef. 2:20), waarvan Jesus Christus die hoeksteen is (1 Pet. 2:6).

# VI. DIE BERGREDE

## § 48 Algemene toeligting

In die Evangelie van Matthéüs kom daar vyf groot redevoeringe van Jesus voor, wat elkeen oor 'n sentrale gedagte of tema handel. Hulle is: die bergrede (5-7); die uitsendings-rede (9:36-10:42); die leer in gelykenisse (13:1-52); die onderrig i.s. die lewe in die gemeente (17:22-18:35), en die rede oor die oordeel en die voleinding (23:1-25:46). Van hierdie vyf is die bergrede die gewigtigste en die bes bekende. Dit word "bergrede" genoem omdat Jesus teen die helling van 'n berg gesit het toe Hy die rede uitgespreek het (Matt.5:1).

By Lukas (6:17-49) vind ons 'n groot deel van die inhoud van die bergrede terug, maar hier het dit die naam gekry van die "veldrede" omdat Jesus van die berg afgekom en op 'n gelyk plek gaan staan het om die skare toe te spreek (Luk 6:17). In beide gevalle is dit egter 'n rede wat Jesus uitgespreek het net nadat Hy die twaalftal saamgestel het. Daarom aanvaar ons dat die bergrede en die veldrede weergawes is van dieselfde prediking van die Here nadat Hy die twaalf dissipels geroep het. Lukas se weergawe is nie so volledig as die van Matthéüs nie, maar naas vier saligsprekinge (oor die armes, die hongerendes, die wenendes en die vervolgdes) teken hy vier weeuitsprake op (oor die rykes, die versadigdes, die laggendes en die wat geprys word), wat by Matthéüs nie voorkom nie. Ander gedeeltes van die bergrede kom verspreid voor by Lukas, en ook by Markus.

Na aanleiding hiervan ontstaan die opvatting by sommige dat die bergrede 'n samestelling is van uitsprake van Jesus wat Hy by verskillende geleenthede gedoen het, en nie beskou kan word as 'n redevoering wat Jesus in sy geheel by een geleentheid uitgespreek het nie. Dit is egter meer aanneemlik om dit te aanvaar as een stuk, soos Matthéüs dit aanbied. Daarby moet ons in gedagte hou dat Jesus as goeie Leermeester verstaan het om sy gewigtige uitsprake op die geheue in te prent deur herhaling. Hy het stellig by meer as een geleentheid dieselfde waarhede uitgespreek. Vandaar dat gedeeltes van die bergrede by Lukas en Markus, en selfs by Matthéüs, in 'n ander verband herhaal word.

'n Ander vraag wat opgewerp word, is of Jesus werklik bedoel het dat die voorskrifte in die bergrede letterlik uitvoerbaar is en ook in die daaglikse lewe uitgeleef moet word. Het Hy nie maar net 'n mooi ideaal voorgehou nie? Of was sy voorskrifte bedoel vir die dae onmiddellik voor die voleinding, wanneer normale lewens-betrekkinge nie meer moontlik sal wees nie? Op dergelike vrae het ons net een antwoord: Ons ken geen enkele uitspraak van die Here Jesus waar Hy nie bedoel het wat Hy gesê het nie. Op hierdie reël is die bergrede geen uitsondering nie. Hy, die Seun van God, wat aan ons die waarheid openbaar, het steeds bedoel wat Hy uitgespreek het. Aan die ander kant het sy hoorders, en ook die lesers van sy woord, sy bedoeling dikwels misverstaan. Dit geskied ook ten opsigte van die bergrede.

Die uitsprake van die Here in die bergrede laat geen onsekerheid in die gemoed nie. Hy het bedoel dat sy uitsprake in die praktyk van die lewe uitgevoer moet word, en dat dit juis 'n ingrypende verandering in alle lewensverhoudinge teweeg moet bring. Sy uitsprake moet egter reg verstaan word. Hy het nie letterlik bedoel dat bv. as 'n mens besteel word, jy die dief meer moet gee as wat hy geroof het nie, of dat ons letterlik ons offer by die altaar moet laat totdat ons met die broer versoen is nie. Hierdie "gevalle" dien slegs as voorbeelde om die regte kode van gedrag aan te dui. Jesus pleit vir toegeeflikheid, verdraagsaamheid, vergewensgesindheid, liefde en volstrekte selfverloëning. Hy lig sy bedoeling toe deur sekere voorbeelde te noem. Die hoofsaak bly egter dat Hy 'n kode van gedrag verkondig wat bedoel is om in die daaglikse lewe uitgevoer te word.

Die gesonde verstand sê egter dat dit in die wêreld en lewe wat ons ken onmoontlik is. Maar dan moet ons bedink dat die bergrede juis nie 'n gedragskode vir die sondige wêreld wil neerlê nie, maar wel vir die koninkryk van God. Dit word ook genoem die grondwet van die koninkryk van die hemele. Maar juis daarom is dit bindend op almal wat tot die koninkryk hoort, d.w.s. wat deur die geloof in Jesus onderdane van sy koning-heerskappy geword het

Om die bergrede reg te begryp, moet ons dus iets meer te wete kom aangaande die koninkryk van God, of die koninkryk van die hemele.

Reeds vroeg in die Heilige Skrif word die Here God Koning genoem (Num. 23:21; Deut. 33:5) wat heerskappy voer oor die skepping en besonderlik oor sy volk Israel. As gevolg van die sonde word sy koningskap egter betwis, veronagsaam en selfs verwerp. Daarom breek die tyd aan dat Israel 'n koning uit hulle eie midde verkies bo die teokrasie of gods-heerskappy. Ten

spyte van hierdie verwerping bly God egter die werklike Heerser oor alle dinge. Tydens die koningskap van Dawid en Salomo kom die heerskappy en majesteit van God weer sterk tot openbaring in Israel, maar as gevolg van sonde tree dit weer op die agtergrond. Namate die volk deur die roede van God gestraf word, en Hy hulle met "'n yster-septer" regeer deur middel van sondige en heidense vorste, begin hulle hunker na die koms van die koninkryk van God. Hulle sien uit na die oprigting van sy koninkryk deur die koms van die nuwe Koning uit die huis van Dawid, die Messias, of ook die Seun van die mens.

Intussen kondig die profete aan dat daar 'n verandering van hart moet plaasvind. Hulle wys daarop dat die beloftes insake die koninkryk betrekking het op 'n innerlike vernuwing en 'n herskepping van die hart sodat alle afgodery en onreinheid weggesuiwer sal wees en die hart gevul sal wees met die Gees van God. Bekering was nodig, anders kom die oordeel van God. Hierdie aspek van die koninkryk is deur die volk veronagsaam omdat hulle na 'n aardse koning uitgesien het wat uit die huis van Dawid sou opstaan en die vyande van die volk sou onderwerp. Die koninkryk van God sou 'n nasionale herstel van Israel wees. En aangesien God deur sy verteenwoordiger, die Messias, die politieke koninkryk sou oprig, moes die volk noulettend die wet en al die insettinge onderhou sodat hulle "regverdig" kan wees.

Johannes die Doper het opnuut die noodsaaklikheid van bekering en verandering van hart verkondig. Hy wys op die oordeel van God wat elke Jood sou tref wat meen dat hy in homself "regverdig" is. Die koninkryk was naby, maar dit sou sy weg baan deur die harte van mense en nie deur die mag van wapengeweld nie. Die koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, soos Jesus later gesê het, maar 'n geestelike ryk. Mense wat geestelik vernuwe geword het, tree toe tot die koninkryk.

By die prediking van Johannes die Doper sluit Jesus aan, maar Hy bring self die innerlike vernuwing. Die wondere wat Hy doen, is sigbare dade van bevryding uit die heerskappy van die Bose, en hulle stel Jesus bekend as die Koning aan wie alle heerskappy behoort. Voorts het die Seun van die mens die bevoegdheid om die sonde te vergewe, en bring Hy daardeur 'n oorgang uit die Ryk van die duisternis na die Ryk van die Lig. Hierdie oorwinnings lê op geestelike gebied en bewys dat die koninkryk van God in die eerste instansie geestelik is. Daartoe behoort mense wat deur Jesus verlos is, en deur die Gees van God 'n innerlike vernuwing ondergaan het. Hulle het kinders van die koninkryk geword, en is saamgesnoer as die nuwe volk van God. Binne hierdie nuwe gemeenskap, waar almal met blydskap die koningskap van God erken, moet 'n nuwe lewenskode die daaglikse gedrag bepaal. Die beginsels en opvattinge wat voorheen gehandhaaf is, word vervang deur die nuwe - deur die bergrede. In hierdie sin is die bergrede die grondwet van die koninkryk van God, maar dit dui tegelyk die karakter van die koninkryk aan. Dit beskryf die lewe binne die koninkryk.

Op nog een vraag moet ons kortliks let: Tot wie het Jesus die bergrede gerig, die dissipels of die skare of albei? In Matt. 5:1 en Luk. 6:20 staan dat Hy die dissipels by Hom vergader het en hulle toegespreek het, maar Matt. 7:28 en Luk. 7:1 praat van die skare wat Hom aangehoor het. Daarom neem ons aan dat Hy deur die skare omring was, maar dat Hy die dissipels naby Hom laat sit het en toe almal teenwoordig aangespreek het. Almal het immers belang by die koninkryk van die hemele.

**§ 49 Die kinders van die koninkryk (Matt. 5:1-16; Luk. 6:17-26)**

Vir 'n kort tydjie, moontlik net 'n nag en 'n dag, het Jesus Hom aan die skare onttrek om alleen in die afsondering van die berg te verkeer en daar die kring van twaalf dissipels te vorm. As Hy weer by die skare terugkom, staan Hy 'n bietjie stil en laat sy oog oor hulle gaan. Dit val onmiddellik op dat dit nie net plaaslike mense is nie. Daar is baie wat van afgeleë dele van die land kom, ook van Judéa en Jerusalem. Maar daar is ook vreemdelinge uit aangrensende gebiede, en heidene afkomstig uit Iduméa in die Suide, Dekápolis in die Ooste, Tirus en Sidon in die Noorde (Matt. 4:24-25; Mark 3:7-12; Luk. 6:17-19 vgl. § 46).

Met so 'n gehoor voor Hom, saamgestel uit mense van verskillende volke, was dit die gepaste geleentheid vir die Here om te praat oor die koninkryk van die hemele, en oor die lewe van diegene wat tot die koninkryk toegetree het. Die koninkryk is immers nie 'n ryk van die Jode nie, maar 'n ryk van die hart. Daarom staan dit oop vir almal, Jood en vreemdeling, wat deur die "nou poort" van geloof, bekering en lewensvernuwing toetree.

Jesus soek 'n geskikte plek teen die helling van waar Hy die skare kan toespreek. Daarheen gaan Hy saam met die dissipels, en gaan sit soos dit die gewoonte was vir 'n leraar wanneer hy onderrig wil gee. Daar kom stilte onder die skare wat ook gaan sit het

teen die hang van die heuwel en verder af op die gelykte. Dan begin Jesus om sy bergrede uit te spreek. Dit gaan oor die koninkryk van God, en meer bepaald oor die lewe van diegene wat tot die koninkryk hoort, d.i. die kinders van die koninkryk.

In 'n reeks van agt saligsprekinge verklaar die Here hoedanige mense die kinders van die koninkryk is. Die kwaliteite wat by die godsdienstige Jode so hoog aangeskryf gestaan het, naamlik om kinders van Abraham en regverdig volgens die wet te wees, is hier van geen belang nie. Dit gaan om 'n innerlike gesteldheid wat vir die Here welgevallig is, en op grond waarvan 'n mens "salig" genoem word.

Die woord "salig" of "welgeluksalig" soos Jesus dit hier gebruik, het 'n diepe betekenis. Dit het te doen met blydskap en gelukkigheid, maar behels nog veel meer as dit omdat dit te doen het met die verhouding waarin die mens tot God te staan gekom het. Miskien kan ons die betekenis die beste toelig uit Ps. 32. Daar vertel Dawid van 'n sware las van sonde wat hy geheim gehou het in sy hart, maar wat sy gees en selfs sy liggaam van binne verteer het. Deur sy nood gedrewe, besluit hy om sy sondes voor God te bely. Dit doen hy en ondervind tot sy groot vreugde dat God die sondes vergewe. En noudat hy van die sonde bevry is, bemerk hy dat God hom ook innerlik vernuwe het sodat daar voortaan in sy gees geen bedrog is nie. Daarom sing Dawid: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die Here die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie." So iemand, sê Dawid, is "bly in die Here" (Ps. 32:11), nie maar net vir 'n tydjie nie, maar vir ewig. Hy het in die Here 'n nuwe lewe gevind, en het 'n blydskap deelagtig geword wat nooit van hom ontneem kan word nie. Daarom is hy "salig." Hy het 'n kind van die koninkryk van God geword.

In die agt saligsprekinge dui Jesus aan hoedanige mense in hierdie sin "salig" is. Vir die verklaring daarvan moet ons let op die digterlike vorm. Die eerste (v. 3) en die agste (v. 10) eindig met dieselfde woorde: "aan hulle behoort die koninkryk van die hemele" Daaruit blyk dat die eerste uitspraak betrekking het op die saligsprekinge wat volg, en die laaste een terugslaan op dié wat voorafgaan. Die oorblywende ses saligsprekinge wat deur die eerste en die agste ingesluit word, bestaan uit drie groepe van twee saligsprekinge elk, waarvan die eerste betrekking het op wat die "salige" is, en die tweede op wat hy doen.

Dit bring ons by die volgende skema: Die koninkryk van die hemele behoort aan *die armes van gees:* hulle is *die wat treur ...* en handel daarom *sagmoedig;....die wat honger en dors ....* en daarom die *barmhartiges; .... die wat rein van hart is ....* en daarom die *vredemakers.* Hulle almal *sal vervolg word, maar* aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

So gesien, is die *armes van gees* 'n algemene benaming vir diegene wat treur, en wat honger en dors na die geregtigheid, en wat rein van hart is. Hulle almal is "salig".

By geleentheid verklaar Lukas dat die skare in die wondere van Jesus "paradokse" gesien het (Luk. 5:26 vgl. § 39). In die bergrede hóór hulle nou "paradokse." In die destydse godsdienstige lewe is die armes van gees nie geag nie. Die mense van rang in die sinagoge was diegene wat hulle gees verryk het deur hulle goeie werke; wat deur nougesette onderhouding van die wet geregtigheid verkry het en dus in daardie opsig geen honger en dors ken nie; en wat stiptelik alle rituele voorskrifte uitvoer sodat hulle uiterlik rein is en meer as dit nie nodig het nie. Onder hulle soek 'n mens ook tevergeefs na die sagmoediges, die barmhartiges en die vredemakers. Al hierdie mense word nou deur Jesus verbygegaan. Hulle almal staan buite die koninkryk. Maar diegene wat deur hierdie godsdienstige hoogmoediges verag word, word deur Jesus "salig" genoem omdat die koninkryk van die hemele aan hulle behoort.

Die armes van gees is diegene wat ingekeer het na die innerlike van hulle eie hart. Hulle het die profete reg verstaan wanneer opgeroep is tot bekering en tot 'n leefwyse wat aan God welbehaaglik is. Hulle weet wat dit beteken om te treur oor die eie bedorwenheid en sonde; hulle ken die sielepyn van honger en dors na die geregtigheid wat uit God is, en hulle soek na die reinheid van hart wat by die Here kosbaar is, en wat hom openbaar in opregtheid in alle verhoudinge tot die medemens. Dit is hierdie armes van gees wat in die verhouding tot die naaste die sagmoedigheid en die barmhartigheid kan beoefen, en wat intree om vrede te maak. Aan hulle word die weldade van die koninkryk toegesê: Hulle sal die hemelse vertroosting ontvang; in aardse dinge geseënd

wees; versadig word met die geregtigheid wat God in Christus skenk; barmhartigheid ondervind, en hier op aarde God in hulle lewe "sien," en hierna Hom van aangesig tot aangesig sien. En hulle sal die erenaam dra van kinders van God.

Maar hulle "saligheid" sal hier op aarde nie sonder smart wees nie. Ter wille van die geregtigheid wat hulle as kinders van die koninkryk verkry het, sal hulle vervolg word. Die Bose sal hulle nie in vrede laat nie, maar doen wat hy kan om hulle leed te berokken. Nietemin is hulle onder dit alles "salig," omdat die koninkryk van die hemele aan hulle behoort. Niemand kan hulle van daardie hemelse erfenis beroof nie.

By hierdie agt saligsprekinge voeg die Here 'n negende wat regstreeks en persoonlik gerig is tot sy volgelinge: "Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele".

Die vreugde om kinders van die koninkryk van God te wees, sal gepaard gaan met diepe leed. Dit sal hulle aangedoen word deur "die mense." Die volgelinge van Jesus is natuurlik ook "mense," maar wesenlik onderskei van die ander deurdat hulle 'n innerlike vernuwing ondergaan het. Hulle het die eiendom, geword van die Vors van die lig, en word daarom gehaat deur diegene wat onderdane van die vors van die duisternis gebly het. Die gelowiges het 'n "nuwe mensheid" te midde van die ou mensheid geword, en daarom sal pogings aangewend word om hulle te onderdruk of so moontlik uit te delg. Hulle sal beledig, vervolg en met leuens belaster word, en daaronder pynlik ly. Maar juis hierdie teenkanting bewys dat hulle nie meer "van die wêreld" is nie, maar van die koninkryk van God. Daarom kan hulle onder die smarte wat hulle aangedoen word, geluksalig wees. Hulle kan bowendien bly en verheug wees, omdat hulle verseker is van loon in die hemel. Buitendien is die vervolging van die gelowiges niks nuuts nie. Dit is tog bekend hoedat "hulle," d.i. die eie volksgenote, die profete in die verlede vervolg het. En dit alles geskied "om My ontwil," d.i. omdat hulle Jesus as Saligmaker aanvaar het en sy Naam openlik onder die mense bely.

Nou moet ons ook let op die berig by Lukas (6:20-25). Teenoor die saligsprekinge stel hy vier uitsprake van Jesus wat begin met: "Wee julle." Net soos die "Salig is julle," het ook die "Wee julle" betekenis met die oog op die ewigheid. Dit kondig nie maar net 'n ongelukkige of rampspoedige lewe hier op aarde aan nie, maar die ewige oordeel van God.

Die "Wee julle" tref die rykes, die versadigdes, die vrolikes en dié van wie almal goed praat. Teenoor die armes van gees is daar diegene wat meen dat hulle geestelik verryk is, soos die Fariseërs. Teenoor diegene wat honger en dors na die geregtigheid, is daar diegene wat meen dat hulle deur eie goeie werke en wetsonderhouding versadig is met geregtigheid. Teenoor dié wat oor hulle innerlike tekortkominge treur, is daar diegene wat met 'n vrolike lag deur die lewe gaan omdat hulle meen dat hulle volmaak is. Teenoor dié wat beledig en belaster word, is daar die ander van wie almal goed praat en wat die lof en eerbetoon van mense inoes. Hulle almal staan onder die "Wee julle!" van die hemelse Regter.

Aan die slot van die saligsprekinge wys Jesus daarop dat die kinders van die koninkryk wat die hemelse geluksaligheid reeds hier op aarde smaak, geroepe is om in diens te staan van die uitbreiding van die koninkryk. Daartoe gebruik Hy drie kort gelykenisse: dié van die sout (Matt. 5:13 vgl. Mark. 9:49-50; Luk. 14:34-35), en van die lig (5:14-16 vgl. Mark. 4:21; Luk. 8:16; 11:33; ook Joh. 8:12), en van 'n stad op 'n berg (5:14). Van die sout gaan daar 'n onsigbare, stille werking uit waardeur die bederf geweer en die voedsel smaaklik gemaak word. Die lig skyn voort in die duisternis en bring sigbaarheid en lewens-moontlikheid.

Daarom word die lig nie onder 'n emmer weggesteek nie, maar openlik op 'n staander geplaas. Die stad op die berg is van ver af sigbaar. Dit is eie aan sy aard dat dit gesien word. So is dit ook met die kinders van die koninkryk. Hulle werk voort op die plek in die samelewing waar God hulle geplaas het, en verbrei die koninkryk onder die mense, soms deur stille invloed soos die sout, en dan weer openlik soos die lig in die duisternis. Saam vorm hulle 'n aaneengeslote eenheid, 'n stad op 'n berg, wat vir almal sigbaar is en afgegrens staan midde-in sy omgewing.

Maar hoe moet dit alles gebeur? Hierop spreek die Here van die goeie werke wat nodig is, wel nie om die dader te verhef soos die Fariseërs doen nie, maar om die Vader in die

hemel te verheerlik. Die nuwe lewe van die kinders van die koninkryk bring ryke vrug van goeie werke voort vir almal om te sien, maar die werke wys heen op God en dien tot verheerliking van sy Naam.

**§ 50 Die gesag van die wet en die profete (Matt. 5:17-20; Luk. 6:20-23; 16:17)**

Vir die eenvoudiges onder die volk was die saligsprekinge waarlik 'n blye evangelie. Vir die nougesette onderhouers van die wet, soos die skrifgeleerdes en die Fariseërs, was die saligsprekinge 'n raaisel. Geen enkele keer het Jesus na die wet verwys nie, terwyl daar tog in die Psalms (119:1) staan: "Welgeluksalig is die opregtes van weg, wat in die wet van die Here wandel." Wil Hy dan die wet opsy skuif en tog 'n geluksaligheid bring? En hoe is dit dat Hy nietemin praat van "julle goeie werke" wat deur die mense gesien kan word? Kan daar dan "goeie werke" wees sonder onderhouding van die wet?

Op dergelike vrae in die gemoed van sommige van sy hoorders gee Jesus 'n tweeledige antwoord, en Hy doen dit in die volle bewustheid dat Hy gekom het met die gesag van die Messias. Negatief gestel: Hy het gekom nie om te ontbind nie; en positief gestel: Hy het gekom om te vervul. Hierby gaan dit om die wet en die profete. So word die Geskrifte van die Ou Testament saam genoem. In hierdie geval bedoel die Here die eise ten opsigte van die Gode-welbehaaglike gedrag van die mens, soos opgeteken in die wet en die profete.

Jesus handhaaf die bindende gesag van die wet van God. Daarom verwag Hy van sy volgelinge "goeie werke," d.w.s. werke wat gedoen is in gehoorsaamheid aan die wet. Die Fariseërs doen dit ook, en tog is daar 'n radikale verskil. Hulle skryf die goeie werke voor as 'n noodsaaklikheid om salig te word; Jesus verlang die goeie werke van diegene wat Hy reeds salig genoem het. Hier kom dus 'n deurbraak van die genade van God. Die saligheid word nie afhanklik gestel van die verdienstelikheid van die goeie werke nie, soos die Jode gedoen het, maar deur die genade van die Here word die ongelukkige mens salig genoem, en daarna ontvang hy die opdrag om goeie werke te doen sodat die Vader in die hemel verheerlik kan word. Dus, die wet word deur die koms van die koninkryk van God nie ontbind nie, maar dit kry 'n nuwe funksie in die lewe van die kinders van die koninkryk.

Verder sê Jesus dat Hy gekom het om die wet te vervul. Hierdie uitspraak het twee betekenisse. In die lig van die openbaringsgeskiedenis beteken dit dat Jesus uitvoering gegee het aan al die voorskrifte en eise van die wet. Dit het Hy in plaasvervangende hoedanigheid gedoen sodat ons uit genade deur die geloof gered kan word. In die lig van die onmiddellike teksverband in die bergrede beteken die uitspraak egter dat Hy aan die wet sy volle betekenis gegee het. Die Jode het 'n uiterlike betekenis aan die wet toegeken. Jesus het die diepe betekenis daarvan aangedui, en daarop gewys dat dit nie gaan om 'n slaafse gehoorsaming van gebod op gebod nie, maar om die opneem van die wet in die hart, en die gehoorsaming daarvan met die vryheid van 'n kind, sodat die gees en bedoeling van die wet tot uitvoering kom. In die volgende gedeelte van die bergrede (Matt. 5:21-48) gebruik die Here vyf voorbeelde waardeur Hy verduidelik wat Hy bedoel met die vervulling van die wet.

Met groot nadruk verklaar die Here dat die hemel en die aarde eerder sal verbygaan as dat een jota of een titteltjie van die wet ooit sal verbygaan totdat alles gebeur het. Die jota is die kleinste letter in die Hebreeuse alfabet, en die titteltjie is die klein hakie of strepie waardeur die een letter van die ander onderskei word. Met hierdie uitdrukking verklaar die Here dat die hele wet, selfs die skynbaar onbelangrike gebooie daarvan, onderhou sal word totdat die doel van elke gebod bereik is.

Elkeen wat 'n gebod verbreek en die mense ook leer om dit te doen, soos die Fariseërs, sal tot die minste gereken word in die koninkryk van Christus. Maar diegene wat die wet onderhou in die sin waarin Jesus dit vertolk, en die mense dienooreenkomstig leer, sal groot wees in die koninkryk van die hemele. Sulke mense sal van betekenis wees vir die koninkryk wat hier op aarde reeds gekom het en aan die uitbrei is.

Vir sy volgelinge stel Jesus dit as 'n noodsaaklikheid dat hulle geregtigheid oorvloediger moet wees as die van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Om hieraan te voldoen, is nie so moeilik as wat dit skyn nie, aangesien die geregtigheid van die Fariseërs voor God van geen betekenis is nie. Dit is mensgemaakte skyn-vroomheid.

Daarteenoor verlang Jesus 'n geregtigheid wat voortvloei uit 'n gehoorsaming van die diepe, geestelike sin van die wet. Hierdie geregtigheid word egter nie voorgehou as 'n weg tot

bereiking van die saligheid nie, maar as die "goeie werke" van diegene wat reeds deur die Here tot saligheid gelei is. Aan die ander kant wil Jesus tog ook goed laat verstaan dat die goeie werke 'n voorwaarde is vir die ingaan in die koninkryk van die hemele (vgl. Paulus se uitsprake o.a. 1 Kor. 6:9-10; Gal. 5:21).

Nadat Jesus op hierdie wyse sy standpunt ten opsigte van die wet en die profete gestel het, gaan Hy voort om aan die hand van vyf voorbeelde die geestelike betekenis van die wet toe te lig.

**§ 51 'n Nuwe vertolking van die wet (Matt. 5:21-48; Luk. 12:57-59; 6:18, 27-36)**

Volgens die leer van die skrifgeleerdes was iemand skuldig aan oortreding van die wet slegs indien hy op die daad betrap is. Ook was die wet alleen na die letter bindend.

Daarteenoor stel Jesus dat die oortreding van die wet van God nie plaasvind wanneer die mens dit sien nie, maar wanneer God dit sien. Dus lank voordat die daad gepleeg is, kan iemand in die oog van God 'n oortreder van die wet wees. Die oortreding vind immers diep in die hart plaas, daar waar die sondige gedagte gebore word. Daarom kan alleen die reines van hart die wet van God onderhou.

As eerste voorbeeld wys Jesus op die sesde gebod: "Jy mag nie doodslaan nie." Volgens die Jode is iemand aan moord skuldig as hy die daad gepleeg het en as twee of drie getuies dit eenstemmig bevestig. Nou sê Jesus dat die medemens vermoor word in jou hart wanneer jy hom verwens of uitskel vir 'n dwaas. So 'n liefdelose optrede kan die medemens soveel leed in die siel aandoen dat hy sy lewe lank daaronder ly. Dit kan bestempel word as 'n geestelike moord en 'n oortreding van die sesde gebod.

Veeleer moet die sesde gebod in 'n positiewe sin onderhou word deurdat ons alles in ons vermoë doen om met die medemens in vrede te lewe. Trouens, die versoening met die medemens is voor God so belangrik dat ons bereid moet wees om ons godsdienstige pligte tydelik op te skort ten einde eers met die naaste versoen te raak. En as hy ons na die regbank wil neem, moet ons eerder skade ly en onsself verneder as om strydlustig met 'n hofsaak voort te gaan. So iets kan jouself uiters onaangenaam en skadelik tref. Daarom is die aangewese weg om elke moontlike geleentheid aan te gryp om met die teenstander versoen te raak. Op die wyse word die sesde gebod na sy geestelike bedoeling vervul.

Die tweede voorbeeld is die sewende gebod: "Jy mag nie egbreek nie." Op die terrein van die verhouding van man tot vrou het daar destyds gruwelike sondes voorgekom, maar ook hier was iemand skuldig slegs indien hy op die daad betrap is. Van egbreuk was daar dus weinig sprake. Nou wys Jesus daarop dat daar voortdurend oortree word teen die eintlike bedoeling van die sewende gebod. Hy noem twee voorbeelde. Eerstens, die aankyk van 'n vrou om haar te begeer. Egbreuk is 'n sonde wat in die hart gepleeg word, deur die man wat met 'n begerige blik na 'n vrou kyk en ook deur die vrou wat opsetlik 'n begerige blik van die man uitlok. Om op hierdie wyse die sewende gebod te oortree, is gevolglik 'n versoeking waaraan elke normale mens blootgestel is, en 'n sonde wat baie in hulle gedagtes begaan het. Hierdie versoeking is so sterk en gevaarlik dat drastiese middele aangewend moet word om dit uit die lewe uit te roei. Jesus sê dat as die regteroog of die regterhand aanleiding gee tot 'n val, dit beter is om so 'n deel van die liggaam te verwyder, eerder as om met die hele liggaam in die verderf te beland. Daarmee word bedoel dat ons bereid moet wees om die grootste denkbare offers aan selfverloëning te bring ten einde die kuisheid en die innerlike reinheid te behou.

Maar daar is ook 'n tweede manier waarop die Jode voortdurend die sewende gebod oortree het, sonder dat hulle dit as sodanig erken het. Dit het geskied deur die maklike egskeiding. Die man kon eenvoudig aan die vrou 'n skeibrief gee, en dan was albei vry om nuwe huwelike aan te gaan. Nou sê Jesus dat 'n huwelik nie op daardie manier verbreek word nie. Wat God saamgevoeg het, kan die mens nie skei nie (Matt. 19:6). Wanneer die geskeidenes weer trou, pleeg hulle in werklikheid egbreuk, en die persoon wat met die geskeidene trou, pleeg eweneens egbreuk. Dit beteken dat die skrifgeleerdes wat toegelaat het dat egskeiding so maklik plaasvind, en dat die geskeidenes nuwe huwelike kon aangaan, eintlik besig was om die oortreding van die sewende gebod te bevorder. Dit het hulle gedoen omdat hulle geen begrip gehad het van die dieperliggende betekenis van hierdie gebod nie.

Vervolgens verwys die Here na die derde gebod wat handel oor die eerbied vir die Naam

van God. Die Naam mag nie ydel gebruik word nie. Om hierdie gebod nie te oortree nie, het die Jode die Naam van God nie uitgespreek nie. Daarom praat hulle bv. van die koninkryk van die hemele wanneer hulle die koninkryk van God bedoel. Die gebruik het veelvuldig voorgekom by die sweer van ede. Mettertyd ontstaan die opvatting dat die krag van 'n eed bepaal word deur die naam waarby gesweer word. As by die Naam van die Here gesweer word, is die eed volstrek bindend: as by die tempel gesweer word, is die eed minder bindend, maar tog meer as wanneer by die stad Jerusalem gesweer word. Nou verklaar Jesus dat of jy by die hemel of die aarde, of Jerusalem of die tempel, of selfs by jou eie hoof sweer, is elke eed in die grond van die saak tog gesweer by die Here, omdat Hy mag het oor alle dinge. Dus, die oorvloedige ede is niks anders nie as oorvloedige oortreding van die derde gebod. Daarom moet daar liefs geen eed gesweer word nie. Jou Ja moet Ja wees, en jou Nee Nee. Die gegewe woord moet vir elke opregte mens bindend wees. Wat meer as dit is, sê Jesus, is uit die Bose.

Die vierde voorbeeld wat Jesus noem, het te doen met die wraakneming: "Oog vir oog en tand vir tand" (Exod. 21:24 e.v.; Lev. 24:20; Deut. 19:21). Hierdie reël wat by die regspraak die eweredigheid tussen oortreding en straf aangedui het, is deur die latere Jode tot algemene lewensreël gemaak. Daarvolgens het elkeen enige leed wat hom aangedoen is, in gelyke munt terugbetaal. Ruimte vir vergewing en liefde was daar nie. In teenstelling met hierdie lewenshouding verkondig Jesus die toegeeflikheid. Die kind van die koninkryk van God moet bereid wees om onreg te verdra en om stoflike skade te ly, eerder as om wraak te neem. Hy moet bereid wees om meer te doen as wat van hom vereis word, en om iemand wat iets wil leen, nie weg te wys nie. Jesus pleit vir die sagmoedigheid, waarvan Hy vroeër gesê het: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe." In die wese van die saak, gaan dit om die liefde wat sterk genoeg is om die haat te oorwin.

In aansluiting by die voorafgaande bring Jesus nou die vyfde saak ter sprake, naamlik, die liefde: "Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyande moet jy haat" Die gebod om die naaste lief te hê, staan in die wet van Moses (Lev. 19:18), maar die skrifgeleerdes het gemeen dat "die naaste" net die volksgenoot kan wees. Gevolglik sou hierdie gebod nie betrekking hê op mense wat nie Jode was nie. As dergelike nie-Jode bowendien vyande van die Joodse volk was, soos die Romeine, het hierdie gebod beteken dat die Jood sy vyand nie moet liefhê nie. Veeleer moet hy die vyand haat. Teenoor hierdie opvatting stel Jesus 'n nuwe. Hy wys daarop dat die begrip "die naaste" veel ruimer verklaar moet word. As ons die naaste net binne ons eie vriendekring sou vind, is ons niks beter as die tollenaars nie, want hulle doen dieselfde. Die gelowige is egter nie meer soos 'n tollenaar nie maar hy is 'n kind van die koninkryk van God en moet dus alle mense aansien as moontlike kinders van die koninkryk. Daarom moet hulle haat of vervloeking of belediging nie met gelyke munt terugbetaal word nie, maar met die munt van die koninkryk: deur goed te doen, te seën en te bid vir die belediger. Hierin stel God die voorbeeld. Hy doen goed aan alle mense, en nie net aan sy vriende nie. Hy gee die reën op die regverdiges en die onregverdiges, en laat sy son opgaan oor slegtes en goeies. Die gelowiges moet op dieselfde wyse in liefde handel sodat dit kan blyk dat hulle kinders van die hemelse Vader is. Hulle moet deur hulle optrede, ook teenoor die vyand, laat sien dat hulle na hulle Vader aard.

By wyse van afsluiting van die uiteensetting oor die liefde (Matt. 5:43-47) sê Jesus: "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is." Indien ons meen dat die Here hier 'n staat van sedelike volmaaktheid in die vooruitsig stel wat die gelowiges hier op aarde behoort te bereik, en ook kan bereik, verstaan ons sy woorde verkeerd. Buitendien sou ons dan in stryd kom met die talryke Skrifuitsprake wat die onvolmaaktheid van die mense in hierdie lewe verkondig. Daarom moet ons daarop let dat hierdie woorde van die Here betrekking het op wat Hy so pas oor die liefde gesê het. Die voorbeeld van die Vader is voorgehou. Hy bewys sy liefde aan alle mense sonder om te onderskei tussen slegtes en goeies. Daarin is Hy in die betoning van sy liefde volmaak, of volkome, en nie halfslagtig nie. Net so ook moet die kinders van God (vgl. v. 45) nie maar net ten dele liefhê nie, maar geheel en al, sonder reserwe, volkome.

Dieselfde gedagte word by Lukas (6:36) in 'n ander bewoording weergegee: "Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is".

**§ 52 'n Nuwe vertolking van godsdienspligte (Matt. 6:1-18; vgl. Luk. 11:1-4; Mark.**

**11:25-26)**

In baie vertalings lees ons in Matt. 6:1: "Pas op dat julle nie jul *liefdadigheid* voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie." In die betroubaarste manuskripte staan daar egter "geregtigheid" i.p.v. "liefdadigheid," en daaraan moet ons die voorkeur gee.

In Matt. 5:20 het die Here gesê dat die geregtigheid van sy volgelinge oorvloediger moet wees as dié van die Fariseërs en skrifgeleerdes. Daarop het Hy voortgegaan om 'n nuwe vertolking van die wet te gee (v.-48), waardeur Hy 'n norm of reël van die geregtigheid aangedui het. Nou gaan Hy voort (6:1-18) om die motief van die ware geregtigheid aan te wys, naamlik, nie om deur die mense gesien te word nie.

Om die suiwere motief toe te lig, bring die Here die drie sake ter sprake wat die Jode as die grondsuile van hulle geregtigheid of vroomheid beskou het: die liefdadigheid, die gebed en die vas.

Die Fariseërs was daarop gesteld dat die mense moet sien hoe vroom hulle is. Selfs hulle besondere kleredrag moes aandui dat hulle onderskei was van die gewone mense. Wanneer hulle liefdadigheid doen, het dit met groot gebaar geskied om die aandag te trek. Hulle het as 't ware 'n trompet voor hulle uit laat blaas wanneer hulle 'n aalmoes wil doen. In die sinagoge of in die tempel het hulle nie onopgemerk hul offergawe in die skatkis geplaas nie, maar dit daar aan die priester oorhandig om deur hom geprys te word voordat hy die geldstuk in die skatkis plaas. En in die strate waar baie armes te vind is, gaan die Fariseër rond soos die groot weldoener wat aalmoese uitdeel. Maar sy innerlike motief is om deur die mense gesien en geprys te word. Sy optrede is 'n huigelagtige toneelspelery om persoonlike lof in te oes. Van hom sê Jesus dat hy sy loon weg het.

Daarteenoor is die motief van die ware vroomheid om uit innerlike ontferming vir die lydende medemens aan hom 'n daad van hulpverlening te verrig. By wyse van spreke hoef die linkerhand nie eens te weet wat die regterhand doen nie, omdat die ware liefde geen aardse lof soek nie. So 'n daad van hulpverlening, gebore uit die medelye vir die medemens, word egter wel deur God opgemerk, en Hy sal dit ryklik beloon.

Met die gebed is dit net so gesteld (v. 5-8). Die geveinsdes het hierdie heilige voorreg van toegang tot God aangewend om vir hulself 'n reputasie op te bou as die vromes onder die volk. In die sinagoges het hulle voor die oë van almal opgestaan om te bid en hulle gebede eindeloos lank uitgerek. Op die gesette gebedstye het hulle bly staan om te bid, al was dit in 'n besige straat. Hulle het selfs opsetlik gesorg dat hulle juis op daardie tydstip op 'n hoek van die straat staan waar hulle deur meer mense gesien kan word. Daarby het hulle mooiklinkende maar betekenislose frases aaneengevleg tot 'n lang gebed wat eintlik sonder inhoud of betekenis was. Hulle het die gedagte laat posvat dat hoe langer en hoe mooier 'n gebed is, des te eerder sal God dit verhoor. Tog het dit by hulle nie gegaan om die werklike verhoring nie, maar om die goeie naam dat hulle voortreflike bidders is.

Teenoor hierdie wanpraktyke wys Jesus daarop dat die suiwere motief vir die gebed nie die vertoning van vroomheid is nie, maar die kinderlike gesprek met die hemelse Vader. Die gebed is die innige gemeenskapsoefening tussen 'n gelowige mens en God, die Here. Daarom hoef dit nie voor die oë van toeskouers plaas te vind nie. Die gebed vind sy suiwerste vorm in die afgeslotenheid van die binnekamer, waar niemand die stilte sal versteur nie, en waar 'n mens in sy kleinheid en onwaardigheid hom voor die Here kan verootmoedig. Daar het 'n veelheid van woorde ook geen betekenis nie. Die siel kan hom voor God uitstort met onuitspreeklike versugtinge (vgl. Rom. 8:26). So 'n gebed vind verhoring want julle Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra," sê Jesus.

As voorbeeld van 'n volmaakte gebed, spreek die Here die Onse Vader uit (v. 9-13; sien volgende paragraaf).

Die derde godsdienstige handeling waarop Jesus wys, is die gebruik om te vas. Die Fariseërs het groot waarde geheg aan die vas as 'n godsdienstige plig (vgl. § 41). Teen die gebruik as sodanig spreek Jesus Hom nie uit nie, maar wel teen die manier waarop dit gedoen word. Die geveinsdes het op elke vasdag goed toneel gespeel. Hulle het ongewas en ongekam, met vertrekte gesigte onder die mense verskyn sodat almal kan sien dat hulle besig is om te vas. Ook hier wil hulle slegs die aandag op hulself vestig en die naam verwerf dat hulle uitnemende vromes is.

Daarteenoor stel Jesus 'n ander motief. As iemand vas, geskied dit om 'n heel persoonlike

rede wat alleen aan homself en aan God bekend hoef te wees. Dit kan wees omdat hy in rou verkeer, of voor die Here boete doen vir oortredings wat swaar op sy gewete rus, of omdat hy hom afgesonder het vir 'n tydperk van gebed. Van hierdie dinge hoef die medemens niks te sien of te weet nie. Daarom moet daar ook geen vertoon na buite wees nie. Iemand wat op hierdie wyse in die verborge vas en in opregtheid sy hart voor God neerbuig, kan verseker wees dat die Here hom met welgevalle aansien, en op sy tyd hom in die openbaar sal vergelde.

**§ 53 Die Onse Vader (Matt. 6:9-13; Luk. 11:1-4)**

Die Here Jesus het nie sy dissipels in die duister gelaat omtrent die gebed nie. Nadat Hy die lange omhaal van woorde en die vroomklinkende gebedstaal van die Fariseërs veroordeel het, spreek Hy die Onse Vader uit as 'n voorbeeld van die ware gebed. Die dissipels kon dit herhaal of hulle eie gebede op dieselfde grondstruktuur opbou. In sy onderrig het Jesus self die Onse Vader herhaal, soos blyk uit die optekening daarvan in korter vorm by Lukas.

Die vorm van die Onse Vader is heel eenvoudig. Eers is daar 'n openingswoord waarin God, die Vader aangespreek word. Dan volg drie bedes wat te doen het met God en sy belange; daarna drie bedes vir die mens en sy node; en dan sluit die gebed met 'n uitspraak van lof aan God. Binne hierdie eenvoudige skema, en in die beknopte bewoording, word 'n ryke inhoud vervat en alles uitgespreek wat dit vir die mens nodig is om in sy gebed te sê. Ons wil nou kortliks op die inhoud let.

"Onse Vader wat in die hemele is." So begin die gebed. Die gebed vloei voort uit die sekerheid van kindskap van God. Die kindskap is een van die heilsgoedere wat Jesus verkondig en geskenk het, en wat deur die Heilige Gees in die hart bevestig word (vgl. Rom. 8:15). Omdat ons kinders van die koninkryk geword het, spreek ons God aan as Vader. Maar dit kan slegs geskied deur Jesus Christus wat die weg tot God vir ons geopen het, sodat ons deur Hom tot die Vader kan nader (vgl. Joh. 14:6). Daarom kan die gelowige God nader met die kinderlike vertroue wat die gesprek tussen 'n kind en sy vader kenmerk. En tog geskied dit met groot eerbied omdat daar 'n geweldige afstand tussen die mens en God bestaan: Hy is in die hemele, en ons hier op aarde. Maar deur Jesus Christus is die brug geslaan tussen hemel en aarde. Daarom kan ons bid in die versekerdheid dat die Vader sy kind wat in eerbied voor Hom buig, sal verhoor.

Die eerste drie bedes het te doen met die Naam, die koninkryk en die wil van God, maar beoog al drie dieselfde grondgedagte, naamlik dat God die volkome oorwinning mag behaal oor alles wat Hom weerstaan. Daar is dus 'n uitsien na die toekomstige voleinding van alle dinge wanneer God in onvergelyklike heerlikheid sal verskyn as "alles in almal" (1 Kor. 15:28). Aan die ander kant het die koninkryk van God reeds aangebreek met die koms van Jesus Christus, en het die oorwinning ingetree. Daarom het hierdie bedes ook te doen met die teenswoordige tyd en met die lewe van die gelowige self. Die drie bedes vra dat God iets moet doen, maar die persoon wat die bedes uitspreek, kan nie anders nie as om homself aan God beskikbaar te stel in die uitvoering van hierdie bedes.

Die eerste is dat sy Naam geheilig mag word. Met die Naam van God word eintlik God self bedoel, vir sover as wat Hy Homself vir die wêreld kenbaar gemaak het. Hy moet dus dit bewerkstellig dat Hy as heilig en as God erken word, en dat alle vyandskap teen sy Naam uit die weg geruim word. Sy heerlikheid en eer moet in die hele skepping aan die lig tree. Dit is die hoogste doel in die hemel en op die aarde. Alle ander doelstellinge is hieraan ondergeskik Daarom moet die kinders van God ook hulle eerste bede en al hul kragte daarop rig dat die hele skepping aan God alleen alle eer toebring.

Die tweede bede vra dat die Vader sy koninkryk moet laat kom. Die oog word nou na die aarde gerig, en hier onder die mense moet die koninkryk van God uitbrei. Dit is reeds aanwesig omdat Jesus hier is, maar juis op die aarde het die Satan 'n geweldige mag en hou hy die mens en trouens die hele natuur onder sy beheer. Deur die kragsinspanning of beplanning van die mens, sy dit op vreedsame weg of deur rewolusie, kan die koninkryk nie tot stand kom nie. God moet dit self laat kom, en Hy doen dit deur vernuwing en herskepping. Jesus het gekom om die mag van Satan te oorwin, en die Gees gaan voort om alles nuut te maak. In die hart van die kind van God leef die verlange dat hierdie koms van die koninkryk van God bespoedig mag word, en daarom rig hy hom tot die Vader met die bede: "Laat u koninkryk kom!" En wie só bid, stel homself ook tot diens van die komende koninkryk.

Die derde bede vra dat die wil van die Vader mag geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Die bede het te doen met die onderlinge verhouding van mense hier op aarde, hulle sedelike toestand en hul optrede teenoor mekaar. Dit is die verantwoordelikheid van die mens om die geopenbaarde wil van God tot uitvoering te bring, maar hierin word hy weerstaan deur die Bose wat sy eie wil op die mens afdwing. Daarom kom daar op aarde weinig tereg van die uitvoering van die wil van God. In die hemel is dit anders. Die engele gehoorsaam die bevele van die Here, en soos gedienstige geeste voer hulle alles sonder teenspraak uit. So moet dit ook op aarde wees, en dan sal 'n nuwe bedeling aanbreek waarin God werklik as Koning erken word, en waarin sy welbehae in alle verhoudinge gehoorsaam sal word. Die kind van God stel hom beskikbaar by die uitspreek van hierdie bede om nou reeds na sy vermoë die wil van die Vader te gehoorsaam.

Die vierde, vyfde en sesde bede is gerig op die wesenlikste nood van die mens, beginnende met die gebed dat die Vader voorsiening moet maak in die daaglikse brood. Onder die woorde: daaglikse brood" word alles saamgevat wat die mens aan stoflike goedere nodig het vir die onderhouding en veraangenaming van sy lewe hier op aarde. Vir alles wat ons het, is ons afhanklik van die Gewer van die goeie, maar ons is geneig om dit te vergeet. Die opvatting word maklik verbrei dat die verkry van rykdom en die voorsiening in die mense se behoeftes 'n prestasie is van eie vernuf en inspanning. Die Skrif sê egter: "Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. U maak U hand oop en versadig alles wat leef met welbehae" (Ps. 145:15-16). Daarom betaam dit elke mens om sy volstrekte afhanklikheid van God te erken en iedere dag die daaglikse brood van Hom te vra. Aan dié versoek is daar egter 'n perk gestel. Dit gaan nie om die stoflike verryking met die oog op al die dae van ons lewe nie, maar om 'n voorsiening van die nodige vir elke dag, en ook net voldoende vir daardie dag. Die gelowige weet om nederig van God afhanklik te bly, maar ook van volle versekerdheid dat Hy in alle node sal voorsien.

Die vyfde bede het te doen met die nood van die siel: die vergifnis van ons skulde. Daar was wel die volle en eenmalige vergifnis van sondes by die bekering en die gelowige toetreding tot die kindskap van God. Tog lê die kwade ons by sodat ons elke dag teen ons sin die sonde doen. Daarom moet die kind van God bid: "Vergeef ons ons skulde." Maar hierdie bede kan slegs uitgespreek word, indien ons self bereid is om ons skuldenaars te vergewe. Hierop lê die Here besondere nadruk in 'n nadere verklaring (v. 14-15), en spreek die belofte uit dat die hemelse Vader ons sal vergewe indien ons bereid is om "die mense hulle oortredinge" te vergewe. Dit beteken nie dat God ons sal vergewe in dieselfde mate waarin ons ander vergewe nie, of ook net omdat ons vergewe het nie, maar veeleer omdat ons deur so te handel, onsself as ware kinders van die hemelse Vader betoon het (vgl. 5:45). En in diesulkes het Hy 'n welbehae.

Die sesde bede lui: "Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose". Die vorige bede sien terug op die kwaad wat gedoen is en waaroor daar berou is; hierdie bede sien vooruit op die weg wat voor is, en getuig van vrees vir die moontlike kwaad wat gedoen kan word. Die gedagte is nie dat God moontlik die versoeking sal veroorsaak nie. Daar staan tog ook geskrywe: "Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie" (Jak. 1:13). Dit is egter die Here wat ons lei op al ons weë. Daarom bid die kind van God dat Hy in ontferming so sal lei dat ons nie in plekke kom waar ons aan die versoeking blootgestel sal word nie, en verder dat indien ons tog in dergelike plekke sou beland, Hy nie sal toelaat dat ons die prooi van die Bose word nie. Hy wat ons swakhede ken, word gevra om 'n hand van beskutting oor ons uit te strek, en ons veilig te bewaar as sy kinders.

In hierdie laaste drie bedes gaan dit om die versorging van die kind van die Here. En tog is hierdie bedes ook weer 'n verheerliking van die hemelse Vader. Met die uitspreek van die bedes word gelowig erken dat Hy die Almagtige is van wie ons geheel en al afhanklik is, en dat aan Hom alleen al die dank en eer toekom.

Die gebed eindig met 'n woord van lof aan die Vader aan wie behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid (vgl. 1 Kron. 29:11). Daarop volg: Amen (= vastheid, sekerheid), waardeur betuig word dat ons vas glo dat die Here ons bede sal verhoor, en dat ons daarom ons versugtinge aan sy voete neerlê.

**§ 54 Die houding teenoor aardse besittings (Matt. 6:19-34; Luk. 12:33-34; 11:22-36)**

Nadat Jesus oor die godsdienstige pligte gepraat het, wend Hy Hom tot die mees

konkrete saak in die lewe: die besit van aardse goedere. Hy wil sy hoorders laat verstaan dat die ware godsdiens nie beperk is tot slegs 'n deel van die lewe of tot een dag in die week nie, maar dat dit die hele lewe moet deursuur. Ook die besit van rykdom en die aanwending daarvan, staan in diens van God.

Die Jode was van vroeg af 'n volk wat hulle op die handel toegelê het, en gesteld was op die byeenbring van groot rykdomme. Hulle het trouens daarop nadruk gelê dat die vermeerdering van die rykdom 'n bewys is van die guns van God. Nou wys Jesus daarop dat die vergader van aardse skatte 'n groot gevaar inhou. Die rykdom van die wêreld is stoflik en verganklik; dit het geen blywende waarde nie. Inteendeel hou dit 'n groot gevaar in deurdat die mens in die versoeking kom om sy geestelike heil van die aardse goedere te verwag. Sy hart word daaraan gebind, in plaas van om op God te vertrou.

Daarom moet die mense liewer daarna streef om 'n skat in die hemel te vergader. Hoedat dit gebeur, word deur Lukas (12:33) aangedui: "Verkoop julle besittings en gee aalmoese; maak vir julle beurse wat nie oud word nie, 'n skat in die hemel wat onuitputlik is, waar geen dief by kom of mot verteer nie." Dus, die skat in die hemel word versamel deur die aardse skatte in diens te stel van die liefdadigheid en die barmhartigheid. Dit moet aangewend word in diens van die koninkryk van God en tot verligting van die nood van die medemens. Dus, aan elkeen aan wie die Here 'n oorvloed van aardse besittings toevertrou het, het Hy ook 'n heerlike voorreg geskenk en 'n groot verantwoordelikheid opgelê. En as iemand verstaan om op hierdie wyse 'n skat in die hemel op te bou, sal sy hart ook aan die hemel gebind wees.

Die hart as orgaan van die liefde, die voorliefde en die begeerte, speel 'n belangrike rol in die mens se houding teenoor die rykdom. Net so is dit ook met die oog wat hier genoem word "die lamp van die liggaam." Die oog is 'n gawe van God. Dit is 'n wonderlike orgaan van ons liggaam, 'n poort van die hart. Daardeur kan ons alles om ons heen sien en inneem: die heerlikheid van die skepping en ook die ellende van die sonde. Die oog straal wel nie lig uit nie, maar neem die lig van buite in, en verlig op dié wyse die weg vir die liggaam. Wat die oog inneem, gee koers en rigting aan die handelinge van die liggaam, d.w.s. van die mens. Maar die oog kan 'n bron van versoeking word. Reeds het die Here gepraat, van die aankyk van 'n vrou om haar te begeer (5:28 e.v.) en toe gesê dat dit beter is om die oog wat jou in versoeking lei, uit te ruk as om in die verderf te beland. Nou wys Hy op die gevaar van die oog ten opsigte van die rykdom. Wat die oog sien, wek die begeerte en die gierigheid. As die oog net daarop ingestel is om dit te doen, het dit verduister geword, en kan dit geen lig vir die liggaam bring nie. Dan wandel so 'n mens ook in die duisternis. Aan die ander kant egter, as die oog so ingestel is dat dit die nood van die medemens opmerk en die liggaam aanlei om onbaatsugtige hulp te verleen, is dit werklik 'n lamp vir die liggaam. Dan wys die oog die weg aan om die rykdom op 'n Gode-welgevallige wyse te bestee, en word die hele liggaam, d.i. die hele mens, verlig deurdat hy "in die lig wandel" (vgl. Joh. 12:35).

Die gevaar van die rykdom bestaan voorts daarin dat die ryke twee here probeer dien: God en Mammon. Die woord "mammon" word verklaar as afkomstig van die Aramese woord vir rykdom. Dit is egter ook moontlik om dit in verband te bring met die Hebreeuse woord "amen" = vastheid, sekerheid, dit waarop jy kan vertrou. Met die naam "Mammon" word die rykdom dus aangedui as 'n god op wie iemand vir sy hele bestaan vertrou, en wat mitsdien ook die hele leefwyse van so iemand bepaal. Dit gaan gevolglik om God en 'n "Teen-god" of afgod. Niemand kan twee gode dien nie, omdat dit in die aard van die saak lê dat God die volle diens opeis - en ook die volle vertroue. Daar is geen ruimte vir verdeelde trou of gedeeltelike vertroue nie. Wie God en Mammon tegelyk probeer dien, het aan die hemelse Vader ontrou geword. Hy het 'n slaaf van die rykdom geword.

Hierdie woord van die Here is 'n dringende oproep om sake in hul regte verhouding te sien, en om tot die beslissing te lei om alleen God in die hemel te dien, ook met die aardse skatte wat Hy genadiglik beskikbaar gestel het.

Na aanleiding van hierdie uitspraak sou die vraag wel gestel kon word: Maar wie sal vir ons sorg indien ons voortgaan om ons geld en goed uit te deel? Jesus ken die bedenkinge en die sorge van die hart. Daarom stel Hy sy kinders gerus. Daar is 'n Vader in die hemel wat sal sorg. Hy voed die voëls van die hemel en beklee die veldblomme met prag,

en sal Hy nie nog veel meer sy kinders versorg nie? Bowendien is die gras en die blomme van baie kortstondige bestaan. Sal die Here dan nie die mens wat vir 'n ewige lewe bestem is, veel oorvloediger versorg nie? Daarom hoef die gelowige nie besorg te wees oor die benodigdhede vir die daaglikse lewe nie. Die hemelse Vader weet wat sy kinders nodig het, en sal dit skenk. Daarom hoef hulle hulle nie te kwel oor die dag van môre nie. Indien hulle dit sou doen, sou hulle handel soos die heidene wat die Vader nie ken nie, en dan ook eintlik hulle met die heidene gelykstel.

Daar is egter wel 'n saak waaroor die kinders van God hulle besorg moet maak. Hulle moet die koninkryk van God soek en najaag. Dit beteken dat hulle al hulle kragte moet inspan in belang van die koninkryk, en ook hulle aardse skatte daartoe in diens stel. Die hele lewe moet daarop gerig wees om die koninkryk te dien. Wie met selfverloëning en onselfsugtigheid dit doen, kan versekerd wees dat die hemelse Vader ook alle ander dinge aan hom sal skenk.

**§ 55 Die houding teenoor die medemens (Matt. 7:1-12; Luk. 6:37-42; Mark. 4:24-25, Luk. 11:9-13; 6:31)**

Die kinders van die koninkryk van God moet ook weet hoe om hulle houding teenoor die medemens, wie hy ook al mag wees, te bepaal. In Matt. 5:38 e.v. het Jesus 'n nuwe vertolking gegee van die wet omtrent die vergelding, en ook die gebod van liefde tot die naaste. Maar hoe moet dit in die praktyk van die lewe tot verwerkliking kom? Daaromtrent dui die Here nou sekere riglyne aan. Die eerste vereiste is dat daar nie geoordeel moet word nie. Daar bestaan 'n natuurlike neiging by die mens om met 'n ander fout te vind. Met hooghartigheid en eiegeregtigheid word die ander liefdeloos gekritiseer. Deur dit te doen, word die goeie verhouding wat daar tussen mense behoort te bestaan, vertroebel en die medemens dikwels in sy gees gekrenk en in sy eer geskaad. Wie so harteloos oor die naaste oordeel, moet daaraan dink dat God hom met dieselfde maatstaf sal oordeel. En wat sal dan aan die lig kom? Dat die man wat 'n splinter in die oog van sy broer ontdek het, 'n balk in sy eie oog het.

Dieselfde geveinsdheid waaraan die Fariseërs skuldig is, kan ook die lewe van die kinders van die koninkryk besoedel. Daarom mag daar by hulle geen hooghartigheid wees nie, maar verootmoediging, selfondersoek, en 'n gewilligheid om elke balk of splinter wat in hul oog mag wees, te laat verwyder deur die suiwerende Gees van God. Eers wanneer hierdie gesindheid aanwesig is, kan die broer in liefde op foute in sy lewe gewys word.

Daar word egter 'n grens gestel aan die tegemoetkomendheid en welwillendheid teenoor die medemens (v. 6). Die kinders van die koninkryk moet deur hulle goeie werke die lig van die koninkryk uitdra in die wêreld, en daartoe ook met toegeeflikheid, liefde en geduld teenoor die medemens optree. Tog dra hulle verantwoordelikheid vir die bewaring van alles wat heilig is. Hulle mag wel nie "oordeel" nie, maar moet tog kan vasstel wanneer hulle met "honde" en "varke" te doen het, d.w.s. met mense wat brutaal die heilige dinge onder die voete vertrap en die brenger van die heilige dinge bedreig. Die liefde tot die naaste en vir die vyand (5:39 e.v.) beteken nie dat 'n kind van God hom willoos moet oorgee aan die heiligskennis van roekelose mense nie. Hier blyk dat die liefde tot die naaste ondergeskik is aan die liefde tot God. Verantwoordelikheid vir die heilige dinge van God stel 'n perk aan die liefde vir die naaste. Die heilige word nie aan die honde gegee nie, en pêrels nie voor die varke gegooi nie.

In die bepaling van sy houding teenoor die medemens sal die kind van God in uiters moeilike situasies geplaas word, en steeds bewus bly van sy onvermoë om die regte ding te ken en te doen. Daarom wys Jesus weer eens op die gebed (6:7-11), en gee Hy die versekering dat die Vader in die hemel aan sy kinders goeie dinge sal gee as hulle dit van Hom bid.

Die regte houding teenoor die medemens word saamgevat in die gulde reël: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete" (7:12). Daar is eieliefde in die hart van elke mens. Hy weet waarvan hy hou, en waarvan hy nie hou nie. Die eieliefde word deur Jesus nie veroordeel nie, maar geheilig, en verhef tot reël of norm vir wat ons aan die naaste behoort te doen, of na te laat. Dit gaan nie om die motief vir die optrede teenoor die medemens nie, of die hoeveelheid van die liefde betoon nie, maar die kwaliteit daarvan. Enigiets wat vir onsself onaangenaam of haatlik is, mag ons nie aan die naaste doen nie, maar wel die aangename en die goeie.

Wanneer hierdie reël gehandhaaf word, sê Jesus, word die wet en die profete vervul. Vroeg in sy bergrede het Hy verklaar dat Hy gekom het om die wet en die profete te vervul (5:17). Nou bevestig Hy dit en wys daarop dat die vervulling van die wet en die profete nie bestaan in die onderhouding van die eindelose getal gebooie en insettinge van die Fariseërs nie, maar in die daaglikse toepassing van hierdie gulde reël.

**§ 56 Die houding teenoor die Woord (Matt. 7:13-29; Luk. 6:43-49)**

Nog een saak stel Jesus aan die orde in sy bergrede, naamlik, die vraag in sake die regte houding teenoor sy woorde. Hy het 'n uiteensetting gegee van die hoedanigheid van die kinders van die koninkryk en van alles wat van hulle verwag word. Wat moet hulle nou ten opsigte van sy prediking doen?

Om op hierdie vraag 'n antwoord te gee, gebruik Jesus 'n aantal treffende beelde. Hy wil beklemtoon dat sy woorde gehoor en gedoen moet word.

Eers praat Hy van die nou poort en die smal pad teenoor die breë poort en die wye pad. Dit het betrekking op sy vertolking van die wet. Hy het die wetsonderhouding van die skrifgeleerdes, wat met reëls en regulasies afgebaken is, verwerp. Daarteenoor het Hy die wet in 'n veel wyer betekenis verklaar sodat die geestelike bedoeling op die voorgrond getree het. As Hy nou hierdie twee opvattinge met mekaar vergelyk, is die Fariseërs se weg van stipte, nougesette onderhouding van gebod op gebod in werklikheid die wye pad met 'n breë poort. Daarteenoor is Jesus se skynbaar wye vertolking van die wet in der waarheid die smal pad en die nou poort. Hierdie twee paaie voer ook na teenoorgestelde eindbestemmings: die breë pad lei na die verderf, en die smal pad na die lewe. Dit alles beteken dat die woorde van die Here 'n baie hoë eis stel. Daar moet gestry word om op die weg wat Hy voorgehou het, te wandel. Sy prediking bring 'n uitdaging. Maar elkeen wat in waarheid en met volharding die smal pad bewandel, sal die lewe vind.

Op die weg van navolging van die woorde van Jesus sal daar egter ontmoetinge wees met valse profete. Vir die kudde van die Here is hulle uiters gevaarlike wesens: roofsugtige wolwe wat gekleed is in skaapsklere. Hulle sal voorgee dat hulle die ware bedoeling van Jesus kan verklaar, maar sal deur hulle valsheid mense tot dwaling verlei. Daar is egter 'n betroubare manier om hulle uit te ken. Die boom word immers aan sy vrugte geken. Indien dit blyk dat hierdie profete nie in eie lewe die vrugte voortbring wat by die bekering pas nie, is hulle vals en daarom verwerplik. Die boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.

Daar is nog 'n ander manier waarop sommige op die woorde van Jesus sal reageer. Hulle sal hulle voordoen asof hulle ywerige navolgers van die Here is, en met geveinsde vroomheid Hom aanspreek met: "Here, Here!" Hulle sal selfs daarop aanspraak maak dat hulle in sy Naam profeteer en duiwels uitdryf. In werklikheid sal hulle 'n nuwe soort Fariseërs wees, die skynheiliges onder die volgelinge van Jesus. Hy weet egter wie agter die masker voor Hom staan, en aan diesulkes sê Hy: "Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"

Die enigste regte houding teenoor die woorde van die Here is dié van "luister en doen." Sy woorde is nie maar net daar om aangehoor te word nie. Hulle moet ook gedoen word. Die gehoorsaamheid word deur die daad bewys. Die man wat tot hierdie insig gekom het en dit ook uitvoer, is werklik geluksalig. Hy is soos 'n verstandige man wat sy huis op 'n rots bou. As die vloedwaters opstyg en die huis bedreig, bly dit vas op die fondament staan - die fondament van "luister en doen." Daarteenoor is elkeen wat luister maar nie doen nie, soos 'n onverstandige man. Hy bou sy huis op sand. As die stormwinde en die waterstrome kom, kan dit nie stand hou nie. Die huis stort ineen en word weggesleur. So 'n man staan gebrandmerk as 'n dwaas.

Daarmee beëindig Jesus sy bergrede. Die woorde het 'n diepe indruk op sy hoorders gemaak. Die skare was verslae oor sy leer. Nie alleen die inhoud van die prediking het hulle aangegryp nie, maar ook die wyse waarop Hy opgetree het. Hy het met gesag gespreek, en nie soos die skrifgeleerdes wat voortdurend hulle beroep het op die gesag van die groot rabbi's van die verlede nie. Deur sy outoritatiewe optrede het Jesus laat sien dat Hy deur God gestuur is.

## VII VOORTGESETTE WERKSAAMHEDE IN GALILÉA

### § 57 Die hoofman van Kapérnaüm (Matt. 8:5-13; Luk. 7:1-10)

Na afloop van die bergrede gaan Jesus weer terug na Kapérnaüm, gevolg deur 'n groot skare. By sy aankoms in die stad word aan Hom 'n versoek gerig deur 'n hoofman oor honderd, dat Jesus sy kneg moet kom gesond maak. Die kneg was verlam en het hewige pyne gely. Sy toestand het sodanig versleg dat hy toe reeds op sterwe gelê het. Herodes Antipas, die viervors van Galiléa, het in Kapérnaüm 'n afdeling Romeinse soldate gestasioneer om rus en orde in die belangrike handelstad te verseker. Aan die leërafdeling was die koninklike beampte verbonde van wie Jesus die seun vroeër genees het (vgl. § 34). Van daardie wonderlike gebeurtenis het die hele leërafdeling gehoor. Noudat die kneg van die hoofman oor honderd so ernstig siek was, besluit die hoofman (= *centurio*, in Latyn) om net soos die koninklike beampte aan Jesus 'n versoek te rig. Dit was wel nie sy seun soos in die geval van die koninklike beampte nie, maar 'n kneg wat vir hom baie werd was en aan wie hy verbonde was soos aan 'n seun. Op 'n belangrike punt is daar verskil in die berigte oor die gebeurtenis. Matthéüs vertel dat die hoofman self Jesus genader het. Lukas sê dat hy die ouderlinge van die Jode na Jesus gestuur het om namens hom by die Here in te tree. Hierdie verskil in die Evangelies is nie noodwendig 'n teenstrydigheid nie. Matthéüs teken gewoonlik minder besonderhede op as Lukas, en selfs as Markus. Hy meld dus net die hoofsaak, naamlik dat die hoofman 'n versoek aan Jesus gerig het. Lukas vertel ons op hoe 'n wyse hy dit gedoen het. As heiden het hy nie die vrymoedigheid gehad om persoonlik na Jesus te gaan nie, en soek daarom die voorspraak van mense van gesag en invloed om vir hom in te tree.

Die ouderlinge was sekere oudstes in die samelewing wat in hoë aansien gestaan het, en saam met die skrifgeleerdes en enkele Fariseërs in 'n plaaslike Joodse raad gedien het. Hulle het o.a. toesig gehou oor die godsdienstige lewe van die volk, en het sorg gedra vir die sinagoge. Toe die skrifgeleerdes en Fariseërs in Kapérnaüm teen Jesus gekant geraak het as gevolg van gebeurtenisse in die sinagoge, het die ouderlinge nie in die stryd betrokke geraak nie. Daarom het hulle volle vrymoedigheid om by Jesus 'n goeie woord in belang van die Romein te doen.

Dit is ongewoon dat Jode, en nogal die ouderlinge, bereid is om vir 'n Romein in te tree. Hierdie was egter 'n besondere geval. Die hoofman was 'n man van edele karakter. Hy het na Kapérnaüm gekom as militêre bevelvoerder, maar nie as vyand van die Joodse volk nie. Van sy kant het hy alles in sy vermoë gedoen om die vertroue van die volk te verwerf deur hom in opregtheid as vriend van die volk te betoon. Hy het in hulle godsdiens baie belang gestel en ook groot eerbied vir die God van Israel gehad. By geleentheid het hy die sinagoge van Kapérnaüm, wat in die hele omgewing so bekend geword het, aan die Joodse gemeenskap geskenk en dit laat bou. Wanneer die ouderlinge die dringende versoek van die hoofman aan Jesus stel, voeg hulle by: "Hy is dit werd dat U dit vir hom doen, want hy het ons volk lief en het self die sinagoge vir ons gebou" (Luk. 7:4-5).

Onmiddellik antwoord Jesus: "Ek sal kom en hom gesond maak." Toe Hy naby die huis kom, stuur die hoofman van sy vriende met 'n boodskap na die Here. Hy is goed bekend met die Joodse godsdienstige gebruike en weet dat hulle nie in die huis van 'n heiden sal ingaan nie omdat hulle daardeur onrein sou word. Buitendien het die hoofman so 'n hoë agting vir Jesus dat hy onwaardig voel om Hom in sy huis te ontvang. Daarom versoek hy dat Jesus net 'n woord moet spreek. As soldaat dink die hoofman in terme van militêre gesag en dissipline. Hy laat aan Jesus weet dat hy self onder gesag staan en die bevele van sy meerdere moet uitvoer. Maar op sy beurt beklee hy self ook gesag en kan bevele uitreik aan diegene wat onder hom gestel is, en sy bevele word onverwyld uitgevoer. Jesus voer ook gesag, veel groter gesag as enige mens. Hy kan die bose magte en die demone wat die mense teister, gebied en hulle is aan Hom gehoorsaam. Hy is die opperste Hoofman. Daarom is net 'n bevel van Hom nodig, en die siekte sal wyk.

Die hoofman is in sy geloof in Jesus seker gesterk deur wat met die seun van die koninklike beampte gebeur het. Daar het Jesus nie, soos versoek, na die ouerhuis gegaan nie maar 'n woord gespreek, en die seun het gesond geword. Nou het hierdie hoofman nie Jesus gevra om na sy onwaardige huis te kom nie, maar om 'n woord te spreek, en tog was Jesus aan kom na sy woning. Jesus handel met elke mens as 'n besondere geval, met

besondere node. Die hoofman word deur die optrede van die Here in die situasie geplaas waarin hy op hierdie treffende wyse sy volstrekte geloof in die gesag van die Here uitspreek.

Vir so 'n geloof het Jesus hoë waardering. Met diepe ontroering spreek Hy: "Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie." Hierop spreek Hy 'n profetiese woord ten opsigte van die koninkryk van God. Die ware geloof is die sleutel tot die koninkryk. Net soos hierdie heidense hoofman deur die geloof die weldade van die koninkryk deelagtig geword het, so sal daar van ooste en weste, uit alle volke van die aarde, baie kom wat saam met die aartsvaders deel sal hê aan die hemelse feesmaal van die koninkryk van God. Daarteenoor sal baie van die erflike afstammelinge van Abraham, Isak en Jakob, aan wie die koninkryk deur die belofte toegesê is, uitgedryf word omdat daar by hulle geen geloof is nie. Sulke ongelowiges kom in die buitenste duisternis tereg, waar daar geween en gekners van die tande sal wees.

Met hierdie uitspraak open Jesus die wye sending-perspektief van die koninkryk van die hemele. Dit gaan hier nie om die afstamming of die erflike toesegging of ook die waardigheid of onwaardigheid van die mens nie, maar om die opregte geloof in Jesus Christus. Deur die geloof word die toegang tot die hemelse feesmaal geopen vir mense uit alle volke. Aan die ander kant spreek Jesus in dieselfde verband vir die eerste keer van die uitwerping in die buitenste duisternis. Wie die weg tot die koninkryk nie volg nie, word uitgesluit en in die ewige plek van pyniging gewerp.

Hierop spreek Jesus die woord en die sieke het op daardie oomblik gesond geword.

**§ 58 Die seun van die weduwee van Nain (Luk. 7:11-17)**

Van Kapérnaüm gaan Jesus na die stadjie Nain (= die lieflike). In Luk. 7:11 staan dat dit "die dag daarna" was, d.w.s. na die genesing van die hoofman oor honderd se kneg. Dit is egter beter om te vertaal: "'n Kort tydjie daarna". Jesus het nog 'n paar dae in Kapérnaüm vertoef voordat Hy en die dissipels die reis begin het suidwaarts langs die oewer van die See van Galiléa, en dan in 'n suidwestelike rigting by die berg Tabor verby na die klein Hermon. Teen die helling van die berg het die stadjie Nain gelê.

'n Groot menigte mense het by Jesus en die dissipels aangesluit, sodat dit 'n hele optog geword het wat die stadjie genader het. Toe hulle naby die poort kom, ontmoet hulle 'n stoet wat plegtig uit die stadjie beweeg op pad na die begraafplaas. Vir Nain was dit 'n dag van rou. Die enigste seun van 'n bekende weduwee het te sterwe gekom, en word nou grafwaarts gedra. Op die baar, wat skouerhoog gedra word, lê die lyk in grafdoeke toegewikkel. Alleen die gesig is onbedek. Rondom loop die vroue wat weeklaag. In diepe droefheid volg die wenende weduwee, omring deur familie en vriende.

Volgens Joodse gebruik sou Jesus en sy geselskap eerbiedig aan die kant van die pad moes gaan staan om die begrafnisstoet te laat verbygaan. Die dood kry voorrang. Jesus, die Vors van die lewe, tree egter nader en bring die optog van die dood tot stilstand. Waar Hy is, kry die Lewe die reg van deurgang. Toe Hy die moeder in haar smart sien, word Hy innigl ik jammer vir haar en spreek haar in liefde aan: "Moenie ween nie!" Hierdie woorde het sy seker van baie ander ook gehoor, en moontlik selfs innerlik daarteen in verset, gekom. Maar nou klink dit anders, en dit het 'n merkwaardige kalmerende uitwerking op haar gemoed. Maar voordat sy iets kan antwoord, draai Jesus na die baar en bring die draers tot stilstand. In die oomblik van spanning onder die skare spreek Hy die gestorwene aan: "Jongman, Ek sê vir jou, staan op!"

Die woord van die Here het ingedring tot in die dood en die gestorwene teruggeroep na die lewe. Die jong man het regop gesit en begin praat, stellig verwonder oor die omstandighede waarin hy hom bevind. Hierop het Jesus "hom aan sy moeder teruggegee." Hierdie woorde kom in 1 Kon. 17:23 voor waar vertel word van Elía wat die seun van die weduwee van Sarfat uit die dood opgewek en aan sy moeder teruggegee het. Die optrede van Jesus, toe Hy die seun aan sy moeder teruggee, was sodanig dat dit die skare aan die profeet Elía herinner het. Daarom het hulle in hulle verbasing en verwondering gesê: "'n Groot profeet het onder ons opgestaan," en in Jesus 'n besondere Godsgesant gesien. Daar was dus 'n duidelike aanduiding dat Jesus die Profeet was wat sou kom, die Messias. En tog het die mense nog nie tot die volle insig gekom nie.

Deurdat die Vors van die lewe die dood oorwin het, het die begrafnisstoet verander in 'n feestelike optog wat Jesus die stadjie binnegelei het.

Die opwekking van 'n dode was iets wat alleen God kan doen. Die gebeurtenis by Nain het dus bevestig dat Jesus 'n Godsgesant was. Opnuut gaan die berigte die land deur om aan te kondig dat 'n groot Profeet verskyn het en dat Hy die werke van God doen.

**§ 59 Die eis van dissipelskap (Matt. 8:18-22; Luk. 9:57-62)**

Dusver het groot skares Jesus gevolg. 'n Klein groep was in opregtheid aan Hom toegewy; ander het gekom om hulp van Hom te ontvang; die meeste was daar uit nuusgierigheid. Hulle wou iets sien van die wondere wat Hy doen. In hierdie omstandighede het die tyd aangebreek dat die Here iets sê omtrent die eise van die ware navolgelingskap. Hierdie eise sou 'n duideliker onderskeiding sigbaar maak tussen die ongelowige nuusgieriges en die toegewyde volgelinge.

Jesus was êrens op pad soos 'n swerwer sonder tuiste. Matthéüs sê dat dit by die see was en dat die skare weer eens so erg op Hom aangedring het dat Hy in 'n skuitjie gestap en gevra het om oor te vaar na die anderkant van die see. Net op daardie moment vind daar kort gesprekke plaas met drie persone oor die eis van dissipelskap.

Juis op die tydstip dat Jesus met die skuitjie van die skare wil wegvaar, kom 'n skrifgeleerde nader. Hy het onder die indruk gekom van Jesus se woorde en Hom bewonder as 'n groot Rabbi. Hy weet dat hy baie van Hom kan leer, en wil dus by Hom aansluit as leerling. Uit eie wil kom hy nader en sê: "Meester, ek sal U volg waar U ook al mag gaan." Jesus verwelkom hom nie, maar verklaar op ernstige toon: "Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie." Hierdie woord was nie bedoel om die man af te stoot nie, maar om hom tot nugterheid te roep. Navolging van Jesus is nie 'n saak waartoe 'n mens so ligtelik in 'n oomblik van geesdrif kan besluit nie. Dit is 'n stap wat ernstige oorweging verg. Daar moet offers gebring word. Jesus het geen vaste verblyf op aarde nie. Hy is 'n swerwer met minder beskutting en beskerming as die jakkalse of die voëls van die hemel. Hy word vervolg en gesmaad, en bevind Hom as "Seun van die mens" op 'n lydensweg. Wie Hom wil volg, sal hierdie selfde weg moet bewandel. Daaroor moet die skrifgeleerde, wat seker aan 'n lewe van weelde gewoond was, eers nadink.

Wat die skrifgeleerde besluit het, word nie vertel nie. Ons kry egter die indruk dat hy nie kans gesien het om aan die gestelde eis te voldoen nie.

Die tweede gesprek is met 'n man wat deur Jesus geroep is. Waarskynlik het hy reeds 'n geruime tyd saam met die skare Jesus gevolg. Nou het die tyd gekom dat Jesus hom persoonlik aanspreek: "Volg My." Hy word dus op dieselfde manier geroep as Petrus en Johannes en die ander. Maar hierdie man het 'n skynbaar goeie rede om nie onmiddellik aan Jesus gehoor te gee nie. Hy wil eers sy vader begrawe, m.a.w. sy vader is bejaard en hy wil aan die kinderplig teenoor die ouer gehoorsaam bly deur sy vader op te pas totdat hy tot sterwe kom. Daarna sal hy Jesus kom volg. Dit is tog wat die Vyfde Gebod van hom eis.

Die antwoord van Jesus klink hard: "Laat die dooies hul eie dooies begrawe." Dit beteken dat dit oorgelaat moet word aan diegene wat nie Jesus in die geloof navolg nie, en dus geestelik dood is, om die dooies te begrawe. Wanneer Jesus roep, moet hierdie roepstem onmiddellik gehoorsaam word. Selfs die Vyfde Gebod mag nie in die weg kom nie. Op hierdie wyse was Jakobus en Johannes gehoorsaam toe hulle hul vader by die skuit verlaat het; en Sebedéüs het die roeping van sy seuns eerbiedig deur hulle te laat gaan. Net so ook moet elkeen wat deur Jesus geroep word, sonder uitstel of verontskuldiging onmiddellik gehoorsaam.

'n Derde persoon kom nader en verklaar dat hy bereid is om Jesus te volg, maar hy wil eers gaan afskeid neem van sy huismense. Hy het dus wel nagedink aan die opoffering wat die navolging sal meebring, maar hy wil eers omsien na sy belange tuis. Hierop sê Jesus aan hom: "Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie." Hier moet 'n besliste en finale keuse gedoen word. Wie eenmaal besluit om Jesus te volg, moet dit heelhartig doen. Hy kan nie omdraai na allerlei wêreldse belange en bedrywighede nie. Ook hier is die woord van toepassing: "Julle kan nie God en Mammon dien nie" (Matt. 6:24).

**§ 60 Die storm stilgemaak (Matt. 8:23-27; Mark. 4:35-41; Luk. 8:22-25)**

Vanuit die skuit het Jesus die skare geleer. Toe dit namiddag word, versoek Hy die dissipels wat saam in die skuit was, om oor te vaar na die ander oewer, d.w.s. na heidense grondgebied aan die oostekant van die see. Hulle neem Hom toe "net soos Hy was" (Mark.

4:36), sonder dat Hy geëet het of geleentheid gehad het om voorbereidsels vir die reis te tref. Na die weke waarin Hy dag na dag met die skare te doen gehad het, sou die oorvaart aan Jesus 'n paar uur van afsondering en rus bied. Vermoeid soos Hy was, wil Hy ook daarvan volle gebruik maak. Hy gaan na die agterstewe waar Hy die stuurman se kussing neem en op die verhoogde bank gaan lê. Spoedig is Hy vas aan die slaap.

Dit was nie lank nie of 'n onverwagte storm tref die see met groot geweld. Die seile word in haas neergehaal, en die manne begin roei om die neus van die skuit in die rigting van die wind te hou, en om indien moontlik die oewer te bereik. Nie al die dissipels is met die see bekend nie, maar Petrus en Andréas, asook Johannes en Jakobus was ervare en geharde vissers. Hulle weet hoe om die skuit in die storm te hanteer en doen ook nou wat hulle kan. Maar die storm word vir hulle te magtig. Die golwe slaan oor die skuit heen, en dreig om dit vol water te maak. Dit word vir hulle duidelik dat dit 'n hopelose stryd is.

Intussen slaap Jesus ongestoord voort. Eers het die dissipels hulle seker daaroor verwonder dat Hy nie wakker word van die geweld van die storm nie. Toe begin hulle byna ergerlik word omdat Hy rustig slaap terwyl hulle die dood in die gesig staar. In hulle benoudheid spreek hulle Hom aan: "Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?" Daar is iets van verwyt in hulle woorde. Tog het hulle nie tyd om nou 'n argument te begin nie. Die nood is daarvoor te dreigend. Daarom smeek hulle: "Here, red ons, ons vergaan!"

Vir so 'n noodroep van 'n beangste hart is Jesus nooit doof nie. Hy staan onmiddellik op en draai na die stormwind en branders toe. Dan bestraf Hy die wind en die see: "Swyg, wees stil!" Dadelik gaan die wind lê en die water kom tot bedaring. 'n Groot stilte daal neer oor die see. Daarop draai Jesus na die dissipels toe en sê: "Waarom is julle so bang? Het julle dan geen geloof nie?"

Aan die eise van die dissipelskap het hulle voldoen (vgl. § 59). Hulle het alles verlaat en Jesus gevolg. Maar hulle moes nog leer om dissipels te wees. Hier is die eerste en die laaste les dat hulle onwrikbare geloof in die Here moet hê (vgl. Matt. 21:21). Dan sal hulle selfs in so 'n geweldige storm soos hulle pas beleef het, geen vrees ken nie.

Toe hulle sien dat die storm verby was en dat wind en see die woord van Jesus gehoorsaam het, het hulle met verwondering en diepe ontsag na Hom gekyk. Hy het immers gedoen wat die Psalmdigter van God sê: "U heers oor die trotsheid van die see; as sy golwe hulle verhef, bring U hulle tot bedaring" (Ps. 89:10). Daarom besef hulle dat Hy God is.

Die wyse waarop Jesus teen die woeste wind en water opgetree het, openbaar ook 'n toedrag wat die dissipels op daardie tydstip nie ingesien het nie. Hy het op dieselfde manier gehandel as wanneer Hy 'n bose gees uitdryf. Hy het die wind en die see "bestraf" net soos Hy onreine geeste bestraf het, en beveel: "Swyg, wees stil," net soos in die geval van bose geeste. Hieruit blyk dat Jesus die onverwagte en buitengewoon geweldige storm nie maar net as 'n natuurverskynsel aangesien het nie. Hy het die hand van Satan daarin erken. Die duiwel en sy bose geeste het 'n aanval op Jesus en sy dissipels gedoen. Indien hulle kon slaag om die skuit tot sink te bring, sou hulle Jesus en sy volgelinge saam kon uitwis. So het die Satan gemeen. Daarom het die bose magte op hierdie wyse die lewens op die skuit bedreig. Maar ook hier vermag die Bose niks teen die Here nie. Met 'n woord van bevel word die Bose verdryf. Uit die stryd tree Jesus in die heerlikheid van sy goddelike majesteit.

**§ 61 Die besetene van Gádara (Matt. 8:28-34; Mark. 5:1-20; Luk. 8:26-39)**

Teen die aand bereik Jesus en die dissipels met hul skuit die oostelike oewer van die See van Galiléa. Vir die eerste keer in sy bediening betree Jesus heidense grondgebied. Dit word genoem die land van die Gadarene. Die stad Gádara het ver van die see, in 'n suid-oostelike rigting gelê. Die kusgebied waar die dissipels aan wal gegaan het, was bekend as die land van Gerasa, so genoem na die vernaamste stadjie digby die kus. Dit het deel gevorm van die sogenaamde Dekápolis of tien-stedegebied wat sterk vergrieks was.

Skaars het Jesus op die smal, ruwe kus aan wal gestap of 'n besetene storm op Hom af. Matthéüs vertel dat daar twee besetenes was, maar Markus en Lukas noem net een. Waarskynlik het een as die woordvoerder opgetree sodat Jesus hoofsaaklik met hom te doen gehad het. Markus vertel besonderhede omtrent die ellendige toestand waarin die besetene verkeer het. Hy was letterlik ontembaar. In sy raserny het hy sy klere van sy lyf geskeur en dikwels homself met klippe geslaan. Daar is herhaaldelik probeer om hom in bedwang te hou met kettings en voetboeie maar hy het telkens weer losgekom. In die begraafplaas waar die graftes soos kamers uitgekap was in die rots, het hy gewoon en almal wat daar verbygekom het, gepla.

Toe die besetene Jesus sien nader kom, het 'n groot angs oor hom gekom, en tog kan hy nie vlug nie. Hy hardloop in al sy woestheid nader en val voor die Here neer. Voordat iets verder gebeur, sê Jesus: "Onreine gees, gaan uit die man uit!" Die gees doen dit egter nie onmiddellik nie, maar skreeu met 'n geweldige stem: "Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie!" Die bose gees spreek deur die mond van 'n heiden wat nie met die godsdiens van Israel bekend is nie, en dus nie uit eie kennis sou kon praat van "Jesus, Seun van die allerhoogste God" nie, en ook nie kon weet dat Jesus die mag het om hom te pynig nie. Die woorde wat uitgespreek word, is dus woorde van die bose gees. Ook hier is dit 'n geval dat die duiwel en sy demoniese geeste weet wie Jesus is, en dat Hy die mag het om die duiwel te pynig (vgl. § 37). Daarom smeek die onreine gees Hom om hulle nie voor die tyd van die laaste oordeel te pynig nie. Hulle wil nog langer in die land van die Gadareners vertoef en nog meer lewens verwoes. Die bose gees probeer ook mag oor Jesus verkry deur Hom te besweer by God, maar God laat sy Naam nie deur die duiwel gebruik teen die Seun van God nie. Daarom is die eed betekenisloos.

Nou vra Jesus die onreine gees wat sy naam is. "Legio," antwoord hy. Daarmee gebruik hy 'n woord wat dui op 'n Romeinse legioen, d.w.s. 'n leëreenheid van 6,000 soldate. Dit wil nie sê dat hierdie ongelukkige man deur soveel demone besete was nie, maar wel dat 'n groot getal geeste in hom hul intrek geneem het.

Die oorspronklike bevel van Jesus dat die geeste uit die man moet gaan, bly nog steeds van krag. Die demone kan dit nie veronagsaam nie, en hulle weet dit ook. Maar hulle pleit vir toestemming dat hulle liewer toegelaat moet word om na 'n trop varke wat daar naby gewei het, te verhuis. Jesus laat dit toe dat die onreine geeste hul intrek neem in die onrein diere. Toe dit gebeur, het die tweeduisend varke "besete" geraak en die krans in 'n wilde vaart afgestorm die see in. Dit was die einde van die varke, en daarmee ook van die verblyf van die onreine geeste in die land van die Gadareners.

Nadat die varkwagters tevergeefs probeer het om die diere van die afgrond en die see weg te hou, het hulle vreesbevange na die stad gevlug en daar vertel wat gebeur het. Die stadbewoners het dadelik uitgekom om te kom kyk. Daar vind hulle Jesus, en aan sy voete sit die gewese besetene gekleed en by sy verstand. Net soos die storm vroeër die middag op die see stilgemaak is, is ook die storm wat hierdie lewe geteister het, nou verby. By Jesus het hy bevryding en vrede gevind.

Die mense uit die stad is verbaas oor wat hulle sien. Heelwat vrae word gestel, en die ooggetuies van die gebeurtenis vertel aan hulle die besonderhede omtrent die besetene en ook van die varke. Laasgenoemde lê vir hulle nader aan die hart as eersgenoemde. Die varke was immers hulle besitting, hul rykdom, en nou is hulle dit alles kwyt deur die optrede van Jesus. Wat van die besetene geword het, kan hulle eintlik nie skeel nie, maar skade aan eiendom wel. Die Bose laat hom nie maklik oorwin nie. Hy gebruik die materialistiese gees van die Gadareners om te probeer verhinder dat Jesus in daardie gebied die evangelie van die koninkryk van God bring. Daarom versoek die Gadareners Jesus om so gou as moontlik hulle gebied te verlaat. Hy is daar onwelkom.

Teen hierdie versoek verset die Here Hom nie. Hy maak gereed om terug te gaan na die oorkant van die see. Wanneer hulle die skuit weer gereed maak, wil die gewese besetene saamgaan. Hy verkies om ook as 'n dissipel in Jesus se geselskap te bly. Maar Jesus laat dit nie toe nie. Hy kry die opdrag om na sy eie mense te gaan en te vertel wat Jesus aan hom gedoen het. Dit doen hierdie man ook met blydskap. Hy, die geredde heiden, word die eerste uitgestuurde (= apostel) van Jesus, en hy doen 'n goeie werk. Al is dit dat hy net vlugtig met Jesus kennis gemaak het, en seker sowat niks van Israel se verwagting geweet het nie, tog het hy 'n boodskap gehad. Hy kon vertel wat Jesus in sy eie lewe gedoen het. Sy getuienis het ryke vrug gelewer. Toe Jesus 'n paar maande later weer in die gebied van die Dekápolis kom, het Hy daar 'n geopende deur gevind (vgl. § 93).

**§ 62 Die vrou met bloedvloeiing (Matt. 9:18-22; Mark. 5:21-34; Luk. 8:40-48)**

Toe Jesus en die dissipels met hul skuit weer by Kapérnaüm aankom, staan daar 'n skare om hulle te verwelkom. Hy het skaars aan wal gestap of Hy is weer midde-in die gedrang van mense.

'n Eerbiedwaardige man baan sy weg deur die mense tot voor Jesus. Dit was Jaïrus (= Jaïr, bv. Rig. 10:3-5; = Hy verlig), die owerste van die sinagoge. Hy is die man wat by verskillende geleenthede Jesus gevra het om in die sinagoge te preek, en hy weet wat die reaksie van die skrifgeleerdes en Fariseërs is. Hy ken hulle vyandige houding teenoor Jesus, en is daarvan

bewus dat hulle hom, die owerste van die sinagoge, baie kwalik sal neem indien hy op 'n vriendskaplike voet met Jesus sou verkeer. Maar Jaïrus het hulp baie dringend nodig, en hy weet dat Jesus daardie hulp kan bied. Daarom ag hy die menings van die skrifgeleerdes en Fariseërs, en ook die moontlike stappe wat hulle teen hom kan doen, van geen belang nie. Voor die voete van Jesus werp hy hom neer op die grond en hy smeek: "My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe".
Volgens Matthéüs het hy gesê: "My dogter het nou net gesterwe." Ons het reeds voorheen daarop gewys dat Matthéüs die besonderhede beknopter opteken as Markus en Lukas (vgl. § 57). Laasgenoemde twee vertel dat die dogtertjie op haar uiterste was, en later kom die berig dat sy gesterf het. Matthéüs voeg die twee berigte saam deur Jaïrus te laat sê: "My dogtertjie het nou net gesterwe."
Jesus vertoef nie om eers allerlei besonderhede uit te vra nie. Die nood is hoog, en Hy kom sonder versuim.
Tog kom daar oponthoud. Die skare dring so dig saam rondom Jesus dat Hy slegs langsaam kan voortgaan. Meteens staan Hy stil en vra: "Wie het my klere aangeraak?" Die dissipels vind dit 'n snaakse vraag in so 'n gedrang. Hulle matig hul dit aan om Jesus tereg te wys: "U sien dat die skare U verdring, en U sê: Wie het My aangeraak?" Die Here verdra hierdie kortsigtigheid van dissipels, en Hy bly rondkyk om te sien wie Hom aangeraak het.
Uit die skare kom 'n vrou, verskrik en beangs na vore. Sy val voor die voete van die Here neer en erken dat sy die soom van sy kleed aangeraak het. Maar dit het sy gedoen omdat sy van Hom genesing gesoek het vir 'n siekte wat sy nie graag wou noem nie. En sy het ook daadwerklik genesing verkry.
Terwyl sy so op die knieë voor Jesus lê, "vertel sy Hom die hele waarheid" (Mark. 5:33). Die mense in Kapérnaüm is buitendien goed bekend met haar omstandighede. Twaalf jaar gelede, dus in dieselfde jaar dat Jaïrus se dogtertjie gebore is, het haar siekte begin. In die loop van die jare het die bloedvloeiing haar kragte gesloop, en het sy al haar besittings uitgegee aan geneeshere. Alles wat die destydse dokters vir haar gedoen het, het niks gehelp nie; haar kwaal het eerder erger geword. Die voorskrifte van die wet maak dit vir so 'n ongelukkige vrou nog moeiliker deurdat bepaal word dat sy blywend onrein is (Lev. 15:25-27), en daarom aan niemand mag raak nie. Sy word dus deur almal vermy en moet in eensaamheid haar dae deurbring.
Hierdie vrou het van Jesus gehoor, en het vas geglo dat Hy haar kan genees. Maar omdat sy weens haar kwaal nie openlik Hom wou nader nie, het sy besluit om van agter die soom van sy kleed aan te raak.
Wat hier met "soom" bedoel word is eintlik 'n kwas of klos. Moses het voorgeskryf dat die Israeliet onder aan sy bo-kleed klossies moes heg, twee aan die voorkant en twee agter, om hulle aan die wet te herinner sodat hulle dit kan uitvoer en aan die Here heilig kan wees (Num. 15:37-41).
Die vrou het neergebuig en een van die klossies aan die agterkant van Jesus se bo-kleed geraak. Dadelik het sy in haar liggaam gewaar geword dat haar siekte genees is. Haar geloof is beloon. Jesus het van haar optrede geweet, en was bewus dat daar krag van Hom uitgegaan het (Mark. 5:30). Ten spyte van die groot drukte en die haas om by die dogtertjie van Jaïrus te kom, het Hy tog tyd geneem om met hierdie vrou te praat. Die geloof het in hierdie geval byna bygeloof geword. Daarvan wou Jesus die vrou, en ook die ander, verlos. Sy het geglo dat indien sy net die kleed van die Here kon aanraak, sy genees sou word. En dit het ook gebeur. Gevolglik sou die opvatting kon ontstaan dat daar 'n geheimsinnige krag in sy klere, of in iets anders wat aan Hom behoort, skuil. As 'n mens so 'n voorwerp of relikwie net aanraak, sou jy dan gesond word. Jesus wou voorkom dat so 'n opvatting, wat suiwere bygeloof sou wees, by die vrou en ook by sy volgelinge sou posvat. Daarom het Hy die vrou gesoek en na vore laat kom.
Terwyl sy daar voor Hom kniel, en waarskynlik vrees dat Hy haar vir haar daad gaan bestraf, sê Hy: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees." Vir haar groot geloof het Hy waardering. Maar sy moet weet dat dit Hy self is wat genesing skenk, en nie die soom van sy kleed nie. Daarom sê Hy: "Wees van jou kwaal genees." Daardeur maak Hy aan almal bekend dat dit Hy is wat genesing bring, en dat die weg tot Hom deur die geloof is en nie deur bygeloof nie.

**§ 63 Die dogtertjie van Jaïrus (Matt. 9:23-26; Mark. 5:35-43; Luk. 8:49-56)**

Die oponthoud wat deur die vrou met bloedvloeiing veroorsaak is, het die geduld van Jaïrus tot

die uiterste toe beproef. Elke minuut was kosbaar omdat sy dogtertjie enige oomblik kon sterwe. Jesus is wel aan die kom, maar dit gaan so tydsaam. Hy sou graag Jesus wou aanpor, maar hou sy ongeduld in bedwang. Hy moet nog leer dat Jesus in sy ontferming aan die noodroep gehoor gee, maar dat Hy sy tyd ken.

Toe Jesus die vrou aangespreek het as "Dogter," moes dit Jaïrus in die hart gesny het omdat die woord hom aan sy eie dogter laat dink het. Toe Jesus aan die vrou sê: Jou geloof het jou gered," moes ook hierdie woorde Jaïrus getref het. In sy omstandighede was dit 'n versekering dat die geloof in Jesus nie beskaam sou word nie. Dit het hom stellig nuwe moed gegee.

Maar vir Jaïrus het daar 'n sware slag gewag. 'n Paar mense kom van sy huis af daar aan met die boodskap: "U dogter is dood. Waarom val u die Meester nog lastig?" Verslae hoor Jaïrus die droewige tyding. Dit is te laat. Die dood het die wedloop gewen. Hy was eerder daar as Jesus. Sou Jaïrus in daardie oomblik aan die optrede van Dawid by die dood van die eerste seun van Batséba gedink het? Toe Dawid verneem dat die kind dood is, het hy gesê: "Toe die kind nog in die lewe was, het ek gevas en geween, want ek het gedink: Wie weet - die Here kan my genadig wees, sodat die kind in die lewe bly. Maar nou is hy dood ...... (2 Sam. 12:22-23). Die dood is finaal. As hy ingetree het, kan daar niks meer gedoen word nie. So dink die boodskappers, en Jaïrus seker ook. Waarom dan nog die Meester lastig val? Nou moet aan die begrafnis gedink word.

Jesus het die gesprek terloops gehoor, en gesien hoedat Jaïrus daar staan asof hy lamgeslaan is deur die berig. Met tere meegevoel sê die Here vir hom: "Moenie vrees nie; hou net aan met glo." Dan gaan hulle saam na die huis van Jaïrus.

By die huis is 'n groot rumoer gaande. Volgens die Joodse gebruik het die gehuurde rouklaers reeds voordat die dood ingetree het, by die huis saamgekom. Sodra die dood aangekondig word, begin die gejammer van die weeklaers wat allerlei droewige geluide laat hoor onderwyl hulle hulself op die bors slaan. Te midde van hierdie misbaar kom Jesus daar aan. Hy probeer die rouklaers stilmaak en verseker hulle: "Die kind is nie dood nie, maar slaap." Hulle weet egter dat die kind dood is, en daarom lag hulle Jesus uit. By die gehuurde rou-bedrywers is daar geen egte smart nie. Daarom kan hulle hul nagemaakte geween onderbreek om Jesus uit te lag. Jesus het egter bedoel wat Hy gesê het. Hy is immers die opstanding en die lewe (Joh.11:25). Daarom is die dood in sy oë 'n slaap waaruit Hy kan opwek.

Jesus laat sy dissipels in die binnehof van die huis bly. Alleen Petrus, Jakobus en Johannes kan met Hom na die doodskamer gaan. Dit is die eerste keer dat Hy hierdie drie afsonder om by 'n besondere geleentheid teenwoordig te wees. Vergesel deur die vader en die moeder gaan hulle die stilte van die kamer binne. Daar in die klein kring rondom die sterfbed is die egte gebrokenheid van hart, en ook die innige ontferming van Jesus.

Wat verwag die ouers nou van Jesus? Hulle sê niks en vra niks. Dit is immers te laat. Sal Hy net 'n woord van troos aan hulle rig en dan weer weggaan? Ons ken nie hulle gedagtes nie. En tog doen Jesus iets wat hulle, en ook die dissipels, nie verwag het nie. Hy tree nader en neem die hand van die dogtertjie in syne. Daarop spreek Hy haar aan in haar Aramese moedertaal: "Talita, koem!" Dit beteken: "Dogtertjie, staan op!" Onmiddellik het die dogtertjie, wat al twaalf jaar oud was, opgestaan en begin rondloop. Ten spyte van die siekte wat haar kragte geheel en al laat wegvloei het in die dood, was sy volkome herstel en kon sy rondloop asof sy nooit 'n siekbed gehad het nie.

Met groot verbasing het die ouers en die dissipels die gebeurtenis aanskou. Dit was asof hulle in 'n droom verkeer. Toe kom daar 'n woord van Jesus. Hulle moes die kind iets gee om te eet. Na die siekte het sy voedsel nodig gehad. Die voorbereiding van die ete sou egter die ouers laat besef dat dit nie 'n droom is nie, maar die werklikheid. Hulle geliefde dogtertjie is weer aan hulle teruggegee.

Die Here het aan hulle meer gegee as wat hulle gevra of geglo het. Hy het hulle kind uit die dood teruggeroep. Nou weet hulle dat die dood nie finaal is nie. Waar Jesus is, spreek Hy die lewendmakende woord: "Talita, koem!" Hierdie woorde het so 'n diep indruk op die gemoed gemaak dat die dissipels dit in die Aramese vorm bewaar het, soos dit in die Evangelies opgeteken staan.

Voordat Hy weggaan, gee Jesus nog 'n opdrag. Van die gebeurtenis moet niemand weet nie. Maar hoe sou so 'n merkwaardige gebeurtenis geheim gehou kon word? Matthéüs sê: "Die gerug hiervan het deur daardie hele land versprei" (9:26).

### § 64 Twee blindes en 'n stom besetene genees (Matt. 9:27-34)

In Kapérnaüm vind die eerste genesing van blindes en van 'n stomme plaas, wat vir ons

beskryf is.
Toe Jesus die huis van Jaïrus verlaat, het twee blindes Hom gevolg en uitgeroep: "Wees ons barmhartig, Seun van Dawid!" Hulle kon wel nie die wondere sien wat Hy gedoen het nie, maar het genoeg daaromtrent gehoor om in hul harte oortuig te word dat Hy die verwagte Seun van Dawid, die Messias, was. Hulle weet dat Jesaja voorspel het dat die Messias die oë van die blindes sou open (35:5). Daarom het hulle vrymoedigheid om Jesus aan te roep.
Jesus let skynbaar nie op hulle geroep nie. Hy wil wegkom van die skare om in 'n plek van afsondering met die blindes te praat. By die huis waar Hy tuis was, gaan Hy binne en laat toe dat die blindes na Hom gebring word. Aan hulle stel Hy die kernvraag: "Glo julle dat Ek dit kan doen?" Wie na Hom kom om hulp, moet dit doen in volle geloofsvertroue. Aan sy almag en sy liefde mag daar nie getwyfel word nie. Oor hierdie saak het die blindes egter reeds tot sekerheid gekom. Hulle antwoord is 'n opregte: "Ja, Here." Daarop het Jesus hulle oë aangeraak en gesê: "Laat dit vir julle wees volgens julle geloof." Toe word hulle siende, en hoewel die Here hulle skerp vermaan het om dit nie rugbaar te maak nie, het hulle tog oral gaan vertel dat Hy hulle siende gemaak het.
Ons moet daarop let dat Jesus sê dat dit vir hulle sal geskied "volgens hulle geloof." Die mate van sy hulp aan hulle word bepaal deur die mate van hulle geloof. As die geloof klein is, sal hulle net iets kleins ontvang; as die geloof groot is, sal Hy hulle groot dinge skenk. Dus, elkeen wat die geloof het om van Hom groot dinge te verwag, kan daarop reken dat hy ook groot dinge sal ontvang. En tog is alles wat die gelowige ontvang 'n gawe van die barmhartigheid van die Here.
Die blindes was skaars weg of daar word 'n besonder moeilike geval na Jesus gebring: 'n man wat van die duiwel besete was, maar die bose gees het hom stom gemaak. In die ander gevalle van besetenes was die bose geeste alles behalwe stom. Hulle het telkens uitgeroep dat Jesus die Seun van die Allerhoogste was (vgl. bv. § 61). Maar nou probeer die Bose iets anders. Met hierdie besetene kan geen gesprek gevoer word nie. Sal Jesus in so 'n geval nog mag kan uitoefen oor die bose gees?
Maar vir Hom is niks te wonderlik nie. Hy gebied die gees om uit te gaan, en die man ontvang sy spraak terug. Tot hulle groot verbasing hoor die skare hoe hy praat. Van een ding is hulle seker: "So iets is nog nooit in Israel gesien nie!"
Die Fariseërs bly egter vyandig. Nou begin hulle nuwe verdenking saai. Hulle beweer dat Jesus self besete is en deur die owerste van die duiwels die krag ontvang om die duiwels uit te dryf. In hierdie stadium reageer Jesus nie op hierdie godslastering nie. Wanneer dit later herhaal word, slaan Hy skerp terug (Matt. 12:22-30: vgl. § 71).

**§ 65 Johannes die Doper in die gevangenis (Matt. 14:3-5; Mark. 6:17-20; Luk. 3:19-20)**

In die tyd dat Jesus in Galiléa besig was om die evangelie van die koninkryk van God te verkondig en deur sy wondere te bevestig, was die aankondiger van die nabyheid van die koninkryk, Johannes die Doper, opgesluit in 'n gevangenis.
Johannes was daarvan bewus dat hy net 'n wegbereider was vir Hom wat sou kom. Hy het ook geen beswaar gevoel toe sy eie volgelinge oorloop na Jesus nie, en het in daardie stadium gesê: "Hy moet meer word, en ek minder" (vgl. § 32). In hierdie wete was hy volkome bereid om gaandeweg op die agtergrond te tree. Wat hy egter nie verwag het nie, het met hom gebeur. Hy is met geweld weggeruk van die toneel. Op 'n dag toe hy langs die Jordaan besig was om te preek en te doop, het 'n aantal soldate van Herodes Antipas daar verskyn en hom gearresteer.
Die rede vir hierdie stap van Herodes word in die Evangelies vertel. Herodes Antipas, die viervors van Galiléa en Peréa, het van sy wettige vrou, die dogter van die Arabiese vors, Arétas, geskei en toe sy broer se vrou, Herodias, as vrou geneem (vgl. § 3(c)). Johannes die Doper het nie gehuiwer om Herodes skerp aan te spreek oor hierdie verhouding met Herodias nie. Die viervors het vir die skyn meegedoen aan die Joodse godsdiens. Hy moes hom dus ook hou by die wet van Moses, en daarin word so 'n verhouding soos hy nou met Herodias aangeknoop het, uitdruklik verbied (Lev. 18:16; 20:21). Die koning - so het die volk Herodes betitel - was besig om in egbreuk te lewe. Johannes het dit ronduit en met profetiese erns gesê. Net soos Elía koning Agab en sy Isébel in die Naam van God aangespreek het, so tree Johannes op teenoor Herodes en Herodias.
Herodias was woedend oor Johannes se uitsprake in verband met haar "huwelik" met Herodes. Daarom begin sy planne bedink om hom uit die weg te ruim. Herodes word ook daartoe

aangespoor, maar hy is huiwerig omdat hy bang is vir 'n opstand onder die volk. Hulle beskou Johannes immers as 'n groot profeet, en buitendien weet die volk dat die koning se verhouding met Herodias eintlik owerspel is. Tog sien Herodes hom genoodsaak om Johannes gevange te neem, sogenaamd om hom teen die haat van Herodias te beskerm.
Die Joodse geskiedskrywer, Flavius Josefus, vertel dat Johannes in 'n kerker geplaas is in die vesting Machaerus, bo op 'n berg Peréa aan die oostekant van die Dooie See geleë. Hierdie vesting het ook as paleis gedien waar Herodes meestal gewoon het. Hy het wel Tiberias, aan die See van Galiléa, opgebou as residensiestad, maar by voorkeur in die afgesonderde Machaerus bly woon. Dit is goed aanvaarbaar dat hy Johannes juis daarheen laat neem het, sodat daar minder moontlikheid sou bestaan as in Tiberias dat daar enige kontak tussen hom en die volk sou kon onderhou word.
Daar in die stille donker kerker het Johannes sy dae in eensaamheid deurgebring. Herodes het van tyd tot tyd hom laat uitbring om na hom te luister. As Johannes by dié geleenthede die koning aanspreek, ontstaan daar 'n vreemde situasie. Herodes raak verleë oor wat Johannes sê, en stuur hom terug na die kerker, maar nietemin kan die koning nie anders nie as om te erken dat hy "'n regverdige en heilige man was" (Mark. 6:20). Skaars het hy Johannes teruggestuur of Herodes begin weer worstel met 'n begeerte om nog 'n keer na die profeet te luister.
So het die weke en maande verbygegaan. Herodes het hom gekwel oor die tweespalt in eie hart. Herodias het listige planne bedink om Johannes in haar mag te kry. En Johannes het gekwyn in die gevangenis en begin wonder of Jesus wel Hy is wat sou kom.

**§ 66 Die twyfel van Johannes die Doper (Matt. 11:1-19; Luk. 7:18-35; 16:16)**

Die gevangenskap was vir Johannes die Doper 'n sware beproewing. Hy was 'n man van die vrye natuur, gehard in die woestyn waar hy die groot eensaamheid in die wydheid van die skepping leer ken het. Hy is 'n begenadigde prediker met 'n besondere roeping. En nou moet hy die eensaamheid leer ken van die donker benouende kerker, ontneem van 'n preek-geleentheid en tot ledigheid verplig. Moet sy lewe op hierdie vrugteloosheid uitloop?
En wat het geword van Jesus en van die koninkryk van God? Daar by die Jordaan het Johannes deur die Gees van God aangekondig dat Hy wat aan kom was, as Regter sou verskyn. Sy wan is in sy hand, en Hy sal die byl aan die wortel lê; Hy sal die dorsvloer deursuiwer. En wat gebeur nou? Die berigte wat Johannes af en toe bereik, vertel nie van die oordeel nie, maar van barmhartigheid; en van die Koning wat sou kom, hoor hy niks nie, maar wel van 'n man wat in armoede deur die land trek.
Deur die vergunning van Herodes het enkele dissipels van Johannes hom in die gevangenis besoek, en van Jesus se optrede vertel. Hulle het egter self nie helderheid gehad omtrent die vraag of Jesus werklik die Messias was nie. In elk geval was daar dusver niks te merk van die Koning wat volgens Joodse beskouing in heerlikheid sou kom nie. Hierdie verwarde berigte bring Johannes nog meer in die onsekerheid. Eindelik besluit hy om nie langer op berigte en praatjies te steun nie, maar om boodskappers na Jesus self te stuur en Hom pertinent te vra. Hierin volg Johannes die goeie weg. Dit is altyd beter om inligting by die bron te soek.
Uit die gevangenis ontbied Johannes twee van sy dissipels. Aan hulle gee hy die opdrag om na Jesus te gaan en Hom te vra: **"**Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" Die twee onderneem die reis van Machaerus na Galiléa en vind Jesus waar Hy besig was om baie mense te genees van siektes en kwale en bose geeste, en om aan baie blindes die gesig te skenk (Luk. 7:21). 'n Tydlank het die dissipels van Johannes staan en kyk na wat daar gebeur. Toe kom hulle nader en stel die vraag aan Jesus net soos Johannes hulle beveel het. Om hierop 'n antwoord te gee, sou Jesus kon begin het met 'n uiteensetting van die foutiewe opvatting omtrent die koms van die Messias, of van die ware geestelike karakter van die koninkryk van God, of Hy sou die verkeerde berigte omtrent Homself wat in omloop was, probeer regstel. Maar Hy doen niks van dit alles nie. Sy antwoord is saaklik en vry van moontlike misverstand. Hy sê aan die boodskappers: "Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatse word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie".
Elke godsdienstige Jood wat hierdie woorde hoor, sou geweet het dat Jesus besig was om uit die profesieë van Jesaja aan te haal. Jesaja het aangaande die koms van die Messias geprofeteer en die weldade van die Messiasryk aangekondig. Die dowes sou hoor, die blindes sien, die kreupeles opspring, die gebrokenes van hart verbind word en die blye boodskap aan

die ootmoediges gebring word (Jes. 29:18; 35:5-6; 42:7; 61:1). Wat dus deur Jesus se toedoen "gesien en gehoor" word, is tekens van die vervulling van die voorspellinge van Jesaja. Jesus is wel die Messias. Sy werke getuie van Hom dat Hy van God gestuur is (Joh. 5:36). Aan die verwysing na Jesaja voeg Jesus die woord: "Salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie." Hierdie woord is spesiaal vir Johannes bedoel, maar ook vir ander wat aanstoot geneem het. Johannes wou graag sien dat Jesus as die strenge Regter optree en skeiding maak tussen regverdiges en onregverdiges. Hy moes die oordeel bring. Noudat dit nie gebeur nie, het Johannes hom begin erger aan Jesus. Maar nadat die Here op die tekens gewys het, laat Hy verstaan dat die Messias sy eie tye en geleenthede het. Tans bring die Messias die weldade van die koninkryk van God onder die mense. Maar daar kom 'n tyd wanneer Hy wel as Regter sal verskyn. Johannes het dus nie 'n fout begaan toe hy verkondig het dat Hy sou kom om te oordeel nie. Die oordeel is egter 'n saak van die toekoms. Daarom moet Johannes nie nou of ooit aan Jesus geërger word nie.

Met die antwoord wat hulle ontvang het, is die dissipels van Johannes tevrede. Hulle vertrek weer om aan die gevangene die goeie tyding oor te dra en sy hart gerus te stel. Met hierdie versekerdheid kon hy nou in vrede wag op wat vir hom in die toekoms weggelê was.

Nadat die boodskappers van Johannes vertrek het, wend Jesus Hom tot die skare om iets oor Johannes die Doper te sê. Hy wil nie dat daar by die skare bedenkinge teen die Doper ontstaan nie. Daarom verdedig Jesus die eer van Johannes deur drie oorwegings na vore te bring:

Eerstens mag niemand Johannes kwalik neem omdat hy in sy omstandighede vir 'n oomblik getwyfel het nie. Die man daar in die woestyn na wie toe hulle uitgegaan het om sy prediking te hoor, was tog nie "'n riet wat deur die wind beweeg word" nie. Hy was ook nie 'n slappeling wat net van weelde geweet het nie. Hulle ken hom tog as 'n man van beslistheid, gehard deur die ontberinge van die woestynlewe. Hulle het erken dat hy 'n profeet is, en dit is hy ook daadwerklik. Hy was die Elía van wie Maleági geprofeteer het, die wegbereider van die Messias (Mal. 3:1; 4:5). Daar is dus geen groter profeet as hy nie. En tog, sê die Here, "die kleinste in die koninkryk van God is groter as hy." Hierdie woord is nie 'n verkleinering van Johannes nie, maar 'n aanwysing van sy plek in die openbaringsgeskiedenis. Hy het die nabyheid van die koninkryk van God aangekondig, maar is verhinder om deel te hê aan die koms van die koninkryk self. Daarom is elkeen wat wel daardie voorreg gekry het, en dus deel geword het van die koninkryk, in daardie sin groter as Johannes. Daaruit volg dat Johannes die Doper dan eintlik nog tot die Ou-Testamentiese bedeling hoort, hoewel hy gekom het tot aan die grens van die koninkryk wat deur Jesus gebring is.

Tweedens moet daarmee rekening gehou word dat van die dae van Johannes die Doper af daar hindernisse in die weg geplaas word van diegene wat die koninkryk wil binnegaan. Dit is bekend dat toe hy gepreek het die hele volk en die tollenaars gehoor gegee het en hulle laat doop het deur Johannes. Die Fariseërs en die wetgeleerdes het egter die raad van God verwerp en geweier om hulle te laat doop. Hulle het 'n hindernis vir die volk geword. Die koninkryk moet dus met vasberadenheid bestorm en gegryp word. Die volk moet bereid wees, nie om die teenstanders van Johannes te glo nie, maar om hulle uit die pad te stoot ten einde die koninkryk te verkry.

En daar is nog 'n derde oorweging. Om dit te verduidelik gebruik Jesus 'n gelykenis. Hy verklaar dat "hierdie geslag", d.w.s. die Fariseërs en hulle volgelinge, net soos kinders is wat op die mark speel. Die een groep roep hulle maats toe: "Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie getreur nie." Daar is dus by die een groep 'n volstrekte weiering om saam te speel. Net so is ook die houding van die Fariseërs. Toe Johannes die Doper as strenge askeet optree, en geen groot maaltye hou of wyn drink nie, sê hulle dat hy deur 'n duiwel besete is. Toe Jesus kom, en Hy eet en drink, sê hulle: "Daar is 'n mens wat 'n vraat en 'n wynsuiper is, 'n vriend van tollenaars en sondaars." Dus, die Fariseërs is so selfgenoegsaam en oortuig van hulle eie wysheid dat hulle nie na die een of die ander kant beweeg kan word nie. Daardeur bly hulle 'n hindernis vir die koninkryk van God.

Tog voeg Jesus daarby: "Die wysheid is geregverdig deur sy kinders." Die ware wysheid is nie by die Fariseërs nie, maar by God. Uit die verloop van sake, en die gevolge van die optrede van Johannes en van Jesus, sal blyk dat alles wat gebeur, die wysheid van God is. Johannes en Jesus het wel elk op sy eie manier opgetree, maar albei was besig om die wysheid van God te openbaar. Die vrug van hul arbeid sal dit aan die lig bring.

**§ 67 Die aankondiging van oordeel en genade (Matt. 11:20-30; vgl Luk. 10:12-22)**

Die gelykenis van die kinders op die mark wat nie wil dans en ook nie wil ween nie, wek diepe ontroering in Jesus se hart. Na aanleiding van die gelykenis wat Hy so pas vertel het om die houding van die Fariseërs te tipeer, het Hy gesê dat hulle Hom noem "'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars." Hierdie benaming bevat 'n leuen en 'n waarheid. Die leuen wek by Jesus verontwaardiging en gee aanleiding tot 'n woord van oordeel oor die onboetvaardige stede van Galiléa. Die waarheid vul sy hart met blye dankbaarheid, en gee aanleiding tot 'n woord van genade gerig aan almal wat vermoeid en belas is soos die tollenaars en sondaars.

In die stede en dorpe langs die oewer van die See van Galiléa het Jesus die meeste van sy wondere gedoen en die langste vertoef om die evangelie van die koninkryk van die hemele te verkondig. Daar is Górasin ten noorde van Kapérnaüm, en Betsáida nog verder noord. En daar is Kapérnaüm self. Al hierdie stede was buitengewoon bevoorreg. Maar hulle het die houding van die Fariseërs aangeneem, soos dié van kinders wat weier om te dans as daar op die fluit gespeel word, en nie wil ween as 'n klaaglied gesing word nie (Matt. 11:17). Teenoor alles wat Jesus verkondig of gedoen het, staan hulle koud. Hulle weier om hulle te bekeer. Nou spreek Jesus die "Wee julle" van ewige oordeel oor hulle uit. Daar is die heidense Tirus en Sidon wat nie sulke heerlike voorregte gehad het nie, maar as Jesus in hulle opgetree het soos in Górasin en Betsáida, sou die heidene hulle in sak en as bekeer het. In die oordeel sal dit vir daardie stede verdraagliker wees, omdat hulle nie geweet het nie, maar vir die stede van Galiléa juis ondraagliker omdat hulle wel geweet het.

En Kapérnaüm? Hierdie stad was nog die mees bevoorregte omdat Jesus daar die langste vertoef het. Deur sy arbeid daar is die stad as 't ware verhoog tot die hemel toe. En tog bly dit 'n onbekeerde stad. Daarom sal dit tot die doderyk toe neergestoot word. Hulle is nog onboetvaardiger as die goddelose Sodom. As Sodom dieselfde voorregte gehad het, sou dit nie nodig gewees het dat God dit verwoes nie omdat die stad tot bekering sou gekom het Daarom sal dit selfs vir Sodom verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir Kapérnaüm.

Hierdie ontsettende woord van oordeel oor die stede langs die see het ook letterlik in vervulling gegaan. Hulle is later tot die grond toe verwoes.

Na die woord van oordeel kom daar groot dankbaarheid en blydskap in die hart van Jesus. Hy is immers ook genoem: "'n Vriend van tollenaars en sondaars." Dit is Hy daadwerklik.

Met groot dankbaarheid hef Hy die hart op tot die Vader in die hemel. Die welbehae van God is heerlik in sy genade. Vir diegene wat hulself reken tot die wyses en verstandiges, soos die Fariseërs en skrifgeleerdes, het God die dinge van die koninkryk verborge gehou. Maar aan die geringes, die ongeagtes, die kindertjies, die tollenaars en sondaars, het Hy dit geopenbaar. Dit gaan die begrip van die eiewyse mense te bowe. Daarom ken niemand die Vader nie, en niemand ken die Seun nie (vgl. Matt. 11:27). Maar Vader en Seun ken mekaar, en ook húlle ken die Vader aan wie die Seun die Vader wil openbaar. En Hy wil dit juis aan dié sondaars doen wat hulle in hul ellende tot die Vader wend.

Toe Jesus sy danksegging aan die Vader beëindig het, kyk Hy weer die skare aan. Sy gesig straal van ontferming en liefde. Die Vriend van tollenaars en sondaars strek sy hande uit en sê: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele, want my juk is sag en my las is lig".

Só kom die woord van genade tot almal wat die juk van wetsonderhouding wat die Fariseërs hulle opgelê het, nie meer kan dra nie. Maar dit kom ook tot elkeen wat vermoeid is onder die ondraaglike las van die sonde. Jesus bied bevryding van die las en rus vir die gemoed aan.

**§ 68 Jesus en die sondares (Luk. 7:36-50)**

Een van die Fariseërs het Jesus genooi om by hom te kom eet. Dit was iets ongewoons. Feitlik sonder uitsondering was die Fariseërs vyandig gesind teenoor Jesus. Vanwaar dan hierdie vriendelikheid? Of was dit geen egte vriendelikheid nie?

In daardie tyd was dit die gebruik om iemand na 'n maaltyd uit te nooi ten einde hom te vereer of om aan hom persoonlike toegeneentheid te betuig. Deur die uitnodiging word hy erken as 'n gelyke of as 'n meerdere. In die geval van 'n vreemdeling word hy genooi met die oog op nadere kennismaking.

Dit skyn asof die Fariseër Jesus ten minste as 'n gelyke erken het want hy spreek Hom aan as "Rabbi." Aan die ander kant was dit nie alles vriendelikheid nie. Die gewone vorme van gasvryheid word aan Jesus by sy aankoms nie betoon nie. By die deur is Hy nie deur die

gasheer op die gebruiklike beleefde manier met 'n soengroet verwelkom nie. Jesus het sy sandale by die deur gelaat, maar daar was nie 'n slaaf met water om die stowwerige voete van die gaste te was nie. Gewaardeerde gaste word ook by aankoms met geurige olie besprinkel voordat hulle aan tafel gaan. Ook hierdie beleefdheid het die Fariseër nie aan Jesus bewys nie. Daar was dus van die kant van hierdie gasheer 'n duidelike demonstrasie van afsydigheid. Hy nooi Jesus wel aan tafel, maar laat Hom meteen voel dat dit nie alles vriendelikheid is nie. Vir die Here en sy dissipels was dit nie 'n aangename situasie nie, maar Hy gaan ook in dergelike situasies in gehoorsaamheid aan die wil van die Vader.

Die tafelgebruike was destyds heelwat anders as vandag. By die gewone daaglikse maaltyd van die huisgesin sou hulle wel sit om te eet, maar by 'n feesmaal word sake anders ingerig. Die tafel is laag en U-vormig. Aan die buitekant van die U word divans geplaas met die koppenent na die tafel toe. Hierop lê die gaste op die linkersy, gestut op die elmboog, sodat hulle met die regterhand die kos kan bykom. Die bediening geskied deur 'n slaaf wat binne die U al die gaste kan bereik. So het Jesus ook aangelê by die maaltyd van die Fariseër.

Die maaltyd het pas begin toe daar 'n vrou vanuit die binnehof die vertrek binnekom. Vir 'n vrou om binne te kom waar die mans met 'n feesmaal besig was, was strydig met die goeie fatsoen. En hierdie vrou is 'n vreemdeling in die huis van die Fariseër, maar tog aan hom en ander bekend as iemand van slegte reputasie. Die Fariseër het stellig haar vererg aangekyk en begin dink wat hy moet doen om haar te laat verwyder. Die vrou was egter kennelik diep bewoë. Toe sy Jesus sien, bars sy in trane uit en val aan sy voete neer. Vryelik vloei die trane oor sy voete, en sy begin dit afdroog met haar hare. Daarop maak sy 'n albaste fles oop wat sy saamgebring het, en begin sy voete met welriekende salf te salf.

Hierdie vrou - haar naam word nie genoem nie - het diep in die sonde geval, en ook die teistering van 'n skuldige gewete geken. Wat sou sy nie wou doen om van haar droewige verlede bevry te word nie? Sy het egter ook van Jesus gehoor, en waarskynlik na sy prediking geluister. Onder die skare het sy verneem dat Hy genoem word 'n Vriend van tollenaars en sondaars (Luk. 7:34), en miskien was sy teenwoordig toe Hy juis mense soos sy uitgenooi het: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Die nood van haar hart het haar daartoe gedrywe om na Jesus te kom, al was dit op 'n tyd en plek wat haar skuldig sou maak aan die oortreding van die reëls van goeie fatsoen.

Die optrede van die vrou, en haar onbeheerbare snikke, het die hele geselskap in spanning gebring. Die Fariseër kyk met verontwaardiging na Jesus. By homself sê hy: "Hy, as Hy 'n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak." Dus, as Hy 'n profeet was, sou Hy die vrou van Hom weggestoot het. So dink die Fariseër. Hy sal egter nog tot die insig moet kom dat Jesus so iets nie doen nie, juis omdat Hy die Profeet is wat die harte ken - die hart van die sondares sowel as die hart van die Fariseër.

Jesus wend Hom tot die Fariseër en spreek hom aan by sy naam: "Simon, Ek het iets om aan jou te sê." Sy kalme stem verbreek die spanning. Die oë draai weg van die vrou en rig op Jesus en Simon. Moontlik het Simon verwag dat Jesus hom sou sê hoe hy die vrou uit sy huis kon verwyder, en hy is gretig om te hoor. Dan vertel Jesus 'n kort gelykenis: 'n Sekere geldskieter het twee skuldenaars gehad. Die een het 500 pennings geskuld en die ander 50. Albei kon nie betaal nie. Daarop het hy albei se skuld afgeskryf. Wie van die twee sou hom die meeste liefhê?

Simon kan geen verband sien tussen die vraag van Jesus en die situasie daar in die vertrek nie. As geldskieter, soos die meeste Fariseërs, het hy ondervinding gehad van mense wat nie hulle skulde kan betaal nie. Maar van die afskryf van skuld het hy geen ervaring of kennis nie. Hy moet dus uit veronderstelling antwoord: "Ek veronderstel dié een aan wie hy die meeste geskenk het".

Jesus handel met Simon net soos die profeet Natan met koning Dawid gemaak het. Uit sy eie mond veroordeel Hy sy gedrag (vgl. 2 Sam. 12:1 e.v.). Hy wys op die vrou en vergelyk haar optrede met dié van die Fariseër. By sy aankoms het Simon geen water aangebied om Jesus se voete te was nie; die vrou het sy voete met haar trane gewas en met haar hare afgedroog. Simon het sy gas nie met 'n soen begroet nie; die vrou het Jesus se voete gesoen. Simon het Jesus se hoof nie met olie gesalf nie; die vrou het sy voete met kosbare salf gesalf. Sy het dus veel groter liefde betoon as die Fariseër. En op grond van Simon se eie antwoord beteken dit dat aan haar veel meer vergewe is as aan hom. Die liefde is 'n indeks wat die mate van vergifnis van sonde aandui. Waar die liefde so min is soos by Simon, is daar ook min vergifnis van sonde.

Hierop kan Simon niks antwoord nie. Nou begryp hy die bedoeling van die gelykenis. Die vrou en hy is albei skuldenaars, ja, ook hy, die "regverdige" Fariseër. Albei kan hul skuld nie betaal nie, ook hy, wat gemeen het dat hy deur onderhouding van die wet dit wel kon doen. Aan albei word kwytskelding aangebied, aan die vrou baie meer as aan hom wat meen dat hy sonder skuld is. Daarom bewys die vrou groter liefde aan Jesus as hy. Hieromtrent kan Simon, die Fariseër, nie argumenteer nie, maar wel nadink en dit ter harte neem.

Van die vrou het Jesus gesê: "Haar sondes, wat baie is, is vergewe, want sy het baie liefgehad." Haar trane van berou, en haar betuiging van liefde aan Jesus was 'n bewys dat sy haar van haar sondes afgewend het. Jesus, wat die hart ken, het haar berou aangesien en reeds vergewe. Dit bevestig Hy deur te sê: "Jou sondes is vergewe.”. Dit is 'n afgehandelde saak.

Onder die gaste kom daar weer bedenkinge op. Wie is Jesus in die werklikheid dat Hy selfs die sondes vergewe? Is dit godslastering of is dit 'n bewys dat Hy die Messias is? (vgl. § 39).

Aan die vrou, oor wie daar nou 'n groot kalmte gekom het, sê Jesus: "Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede".

## § 69 Vroue wat Jesus dien (Luk. 8:1-3)

Nooit het Jesus lank op een plek gebly nie. Hy was steeds op trek van die een stad na die ander, besig om die evangelie van die koninkryk van God te verkondig. Nadere geografiese besonderhede word nie opgeteken nie. Die hoofsaak is dat Hy onvermoeid, hoewel dikwels uitgeput, voortgegaan het om deur woord en werk die koninkryk van God onder die mense te bring.

Op sy reise het die twaalf apostels Hom steeds vergesel. In die geselskap was daar ook 'n aantal vroue wat genees was van bose geeste en siektes. Hulle was onder diegene aan wie baie vergewe is en wat gevolglik baie liefde bewys het (vgl. Luk. 7:47, en § 68). Jesus en die dissipels het op die reise die daaglikse versorging nodig gehad. Hierdie vroue het vrywillig saamgegaan om met eie besittings in die behoeftes van die reisigers te voorsien, en om liefdevol te dien. Van hierdie vroue word drie by name genoem: Maria Magdalena, Johanna en Susanna.

Maria was afkomstig uit die stadjie Magdala, aan die oewer van die See van Galiléa, suid van Kapérnaüm. Die Here het haar verlos van sewe duiwels, maar hoe en waar dit gebeur het, word nie vertel nie. Sy het haar groot liefde vir Jesus bewys deur steeds in sy nabyheid te bly en Hom met toewyding te versorg, saam met ander vroue. As een van die getroustes staan sy later saam met Maria, die moeder van die Here, naby die kruis (Matt. 27:56, Joh. 19:25), en het sy by die graf van Jesus bly sit (Matt. 27:61). Sy was een van die eerstes by die leë graf (Matt. 28:1), en ook die eerste aan wie Jesus na die opstanding verskyn het (Joh. 20:11-18). Daar word sy deur die Here aangewys as 'n getuie van sy opstanding.

Johanna was die vrou van Gusa, 'n bestuurder in diens van Herodes Antipas. Sy was onder die vroue wat Jesus na Jerusalem gevolg het (Luk. 23:49), en 'n getuie van die leë graf (Luk. 24:10).

Susanna (= lelie) word slegs hier genoem sodat ons niks meer van haar weet nie.

Aan hierdie vroue wat uit dankbaarheid en liefde die Here wou dien, het Jesus daartoe die volle geleentheid gegee. Hy het hulle opgeneem in sy reisgeselskap wat almal in diens gestel was van die evangelie van die koninkryk van God, en hulle gemaak tot voorbeelde van die groot seën vir die koninkryk wat kan uitgaan van die geloof en toewyding van vrome vroue.

## § 70 Jesus en sy eie mense (Mark. 3:20-21; 31-35; Matt. 12:46-50; Luk. 8:19-21)

Maria, die moeder van Jesus, wat haar in Kapérnaüm gevestig het (vgl. § 37), het haar Seun dikwels gesien toe Hy daar in "sy eie stad" (Matt. 9:1) werksaam was. Sy en ook die familielede het Jesus nie in die weg gestaan in die uitvoering van sy roeping nie. Tog sou die dag kom dat hulle iets probeer doen om Hom terug te bring huis toe.

Met die skare altyd rondom Hom, en soveel lyding en ellende onder die mense, het Jesus geen geleentheid gevind vir enige rus nie. Daar was soms nie kans om te eet nie. Sy familie het hiervan gehoor en het begin dink dat dit tyd is dat hulle iets doen om 'n einde aan al die dinge te maak. Moontlik was sommige besorg oor sy gesondheid, maar ander het begin dink dat Hy nie meer by sy sinne was nie.

Op 'n dag toe Hy weer so baie druk besig was, verskyn daar van sy eie mense en hulle probeer om Hom met geweld in die hande te kry. Openlik verklaar hulle dat Hy buite sy sinne was. Hy sou gevolglik nie vir sy dade verantwoordelik wees nie. Daarom moet Hy huis toe geneem word.

Hulle poging het egter nie geslaag nie. Daarom probeer hulle iets anders. Hulle laat sy moeder en broers kom om mooi met Hom te praat, en moontlik op dié manier Hom te oorreed om sy openbare optrede te staak en huis toe te kom.

Toe Hy by geleentheid in 'n huis besig was, en alle beskikbare staanplek deur die skare gevul was, daag sy moeder en broers daar op. Aangesien hulle nie na binne kon deurdring nie, stuur hulle 'n boodskap vorentoe om te sê dat hulle daar is en graag met Hom wil praat.

By die bruilof in Kana het Jesus aan sy moeder te kenne gegee dat Hy voortaan die wil van die hemelse Vader gehoorsaam en nie meer soos voorheen haar wense kan gehoorsaam nie (vgl. § 30). Sy het verstaan en Hom toegelaat om sonder haar bemoeiing die wil van die Vader te doen. Nou blyk dat sy nog nie begryp het dat die doen van die wil van die Vader nuwe onderlinge verhoudinge skep waarby die eie mense ook betrokke is. Om dit aan te dui, sê Jesus: "Wie is my moeder en my broers?" Dan kyk Hy rond na diegene wat daar sit, en met 'n swaai van die hand sê Hy: "Dáár is my moeder en my broers!. Want elkeen wat die wil van God doen, dié is my broer en my suster en moeder."

Die band van bloed onder die eie mense is nie meer die belangrikste nie, maar wel die band wat onderling ontstaan wanneer mense saam die Vader in die hemel erken en sy wil doen. Ook sy eie mense kan in daardie sin sy broers en susters en moeder wees. Solank as hulle Hom egter wil teenstaan, is hulle nie sy eie mense in hierdie geestelike sin nie. Ook sy moeder moet dit begryp. Heelwat later het sy en ook die broers van die Here hierdie waarheid wel begryp, en toe in die tweeledige sin sy eie mense geword: eie familie en bowendien broers en moeder deur die doen van die wil van die Vader.

Met hierdie uitspraak het Jesus opnuut daarop gewys dat die koninkryk van God vir alle mense oopstaan. Elkeen wat daartoe kom om die wil van die Vader te doen, verkry toegang tot die nuwe gemeenskap van die "eie mense van Jesus".

**§ 71 Die laster van die Fariseërs (Matt. 12:22-37; 43-45; Mark. 3:22-30; Luk. 11:14-26)**

Die toenemende teenstand teen Jesus het 'n nuwe gedaante begin aanneem. Dat Hy besig was om met gesag te preek en om wondere te doen soos onder die mense ongekend was, kon niemand betwis nie. Sy teenstanders weier egter om te erken dat dit God was wat deur Hom werk. Hulle het reeds gefluister dat Hy deur die owerste van die duiwels die bose geeste uitdryf (Matt. 9:34). Nou het Jesus se eie mense die duiwelse gedagte versterk deur te kom beweer dat Hy buite sy sinne was (Mark. 3:21). Die Fariseërs sien nou die geleentheid om die volk te probeer wysmaak dat Jesus eintlik deur die duiwel besete is; en deur Hom aan te hang, sou die mense aanhangers van die duiwel geword het. Daar kom toe ook juis skrifgeleerdes van Jerusalem wat geredelik hierdie gedagte opneem.

Net in daardie tyd word 'n duiwelbesetene wat tegelyk blind en stom was na Jesus gebring. Dit is dus 'n nog moeiliker geval as die besetene wat stom was (Matt. 9:32, vgl. § 64). Vir Jesus is geen mens egter te ellendig om gered te word. Hy bevry die man van die bose gees en maak hom gesond sodat hy weer kan sien en praat. Hierdie gebeurtenis maak 'n diepe indruk op almal wat dit gesien het. Daar begin by hulle die oortuiging groei dat Jesus die verwagte Seun van Dawid, die Messias, was.

Toe die Fariseërs dit merk, probeer hulle die skare tot ander insigte bring deur die bewering te versprei dat Hy die duiwels uitdryf deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels. Hy sou selfs deur Beëlsebul besete wees, en daarom mag hê oor die mindere duiwels.

Die naam Beëlsebul, soms geskryf Beëlsebub, is vermoedelik herlei van Baäl-Sebub, die god van Ekron (2 Kon. 1:2 e.v.). Dan beteken die naam: die heer van die vlieë, die vlieëgod. Later is die naam vervorm tot Beëlsebul, en dan het dit die betekenis van die heer van die huis," of ook "die verhewe heer, die sterk man." Beëlsebul is die owerste van die duiwels, veral dié deur wie mense besete kan raak. Of hy die Satan sélf is, is nie duidelik nie, hoewel Jesus die name Beëlsebul en Satan verwissel (Matt. 12:26 e.v.).

Toe Jesus die lasterlike uitspraak van die Fariseërs verneem, roep Hy hulle saam (Mark. 3:23) en begin om deur 'n paar kort gelykenisse hulle tereg te wys.

Eers praat Hy van 'n koninkryk. Die Jode het 'n geskiedenis van bittere onderlinge verdeeldheid agter die rug. Hulle weet dus baie goed dat 'n koninkryk, of ook 'n stad of 'n huis, wat teen homself verdeeld is, nie kan bly staan nie. Inteendeel, hy word verwoes. As dit nou waar is dat Jesus deur Beëlsebul die duiwels uitdryf, beteken dit dat Satan die Satan uitdryf, en dat daar 'n groot verdeeldheid in sy ryk bestaan. As dit die geval is, kan die ryk van Satan nie bly voortbestaan nie. Maar elkeen weet dat Satan so 'n verbrokkeling van sy ryk nooit sal duld nie.

Dus is die bewering van die Fariseërs louter kwaadwillige dwaasheid.
En nog iets. Onder die Jode het daar duiwelbesweerders voorgekom. Met allerlei beswerings-formules en -middels, wat in die meeste gevalle vorme van towery was, het hulle duiwels probeer uitdryf, en somtyds daarin geslaag. Die Fariseërs het hierdie besweringe, goedgekeur.
Nou vra Jesus: "As Ek deur Beëlsebul die duiwels uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit?" Die Fariseërs het altyd volgehou dat die beswering van die geeste alleen deur die medewerking van God geslaag het. Waarom beweer hulle nou dat Jesus deur Beëlsebul die geeste uitdryf? Is dit dan nie ook die werk van God nie?
As die teenstanders nie so halstarrig was nie, sou hulle moet erken dat Jesus nie deur die mag van Beëlsebul optree nie, maar deur die Gees van God (Matt. 12:28) of die vinger van God (Luk.11:20), en dat sy mag oor die duiwels 'n bewys is dat die koninkryk van God gekom het.
Maar Jesus gebruik nog 'n beeld. Met toespeling op die naam Beëlsebul sê Hy: "Hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie?" Die duiwel is die sterk man wat in 'n mens sy intrek neem soos in 'n huis. Daar is net een manier om die siel uit die hande van hierdie sterk man te roof, en dit is om die sterke eers te bind. Dit kan egter alleen gedoen word deur iemand wat nog sterker is. As Jesus nou 'n lewe uit die hande van die duiwel ruk, is dit tog 'n bewys dat Hy sterker is as die Satan. Die feit dat Hy die bose geeste uitdryf, moet dus vir elkeen 'n oortuigende bewys wees dat Hy die Sterke (vgl. Jes. 9:5) is wat sou kom, naamlik, die Christus.
In hierdie stadium spreek Jesus sy teenstanders besonder skerp aan: "Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi." Daar is geen ruimte vir 'n "neutrale" standpunt nie. Die Fariseërs moet nou beslis kant kies. Hulle moet óf erken dat Jesus deur God gestuur is, óf hulle moet dit ontken. Hy is die Sterke wat deur die "vinger van God" die vyande van die koninkryk neerwerp. Wie nie saam met Hom is nie, is teen Hom en sal deur dieselfde vinger van God getref word.
Die Fariseërs weet dat hulle uit vyandskap teen Jesus optree, en dat hulle geen grond onder hul voete het nie. Maar hulle volhard willens en wetens in hulle teenstand, en hou vol dat Hy nie deur die Gees van God nie, maar deur Beëlsebul die bose geeste uitdryf. Deur dit te doen, begaan hulle die onvergeeflike sonde, naamlik, laster teen die Heilige Gees.
Met groot nadruk spreek Jesus oor hierdie ontsettende sonde. Hy verklaar dat elke sonde of lastering waaraan die mens hom kan skuldig maak, vergeef sal word indien hy met berou daaroor na die Here kom. Ook sonde teen die Seun van die mens, en valse woorde wat aangaande Jesus uitgespreek word, sal vergewe word, wanneer die oortreder sy sonde bely en vergifnis soek. Maar die laster teen die Heilige Gees sal nie vergewe word nie.
Hierdie sonde word begaan wanneer die werk van die Heilige Gees teen beter wete in toegeskryf word aan die Satan, en daar dan ook nog hardnekkig geweier word om aan die Gees eer te gee. Wie so handel, verlang geen vergifnis nie, en hy ontvang dit ook nie.
Ná dié woord moet die Fariseërs self oordeel of hulle reeds aan hierdie sonde skuldig is, en daarin gaan volhard.
In sy gesprek met die Fariseërs en skrifgeleerdes praat Jesus reguit. Hy wil hulle masker van skynheiligheid wegruk, en hul ware self aan hulle blootlê. Hy steek die ontleedmes diep in die lewe van sy teenstanders, maar in dit alles bly Hy die genadige Sielsorger wat ook hierdie verharde eiegeregtiges tot die ware geregtigheid wil lei.
Deur twee beelde te gebruik, probeer Jesus om die Fariseërs se oë te open om hulle eie bedorwe innerlike lewe te sien: eers die beeld van die boom wat aan sy vrugte geken word (Matt. 12:33-37; Luk. 6:43-45); en daarna die beeld van die huis wat uitgeveeg is en waarin sewe duiwels terugkeer (Matt. 12:43-45; Luk. 11:24 -26).
In die bergrede het Jesus reeds gepraat van die boom wat aan sy vrugte geken word (Matt. 7:16-20). Nou pas Hy hierdie beeld toe op die teenstanders daar voor Hom. Hulle gee voor dat hulle "goeie vrugte" te voorskyn bring deur die godsdienstige voorligting wat hulle aan die volk gee. Ook hulle raad aan die volk aangaande Jesus, en die bewering dat Hy deur die owerste van die duiwels die geeste uitdryf, wil hulle aanbied as "goeie vrugte." Maar Jesus sê: "Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is?" Hulle weet tog dat wat 'n mens sê, uit die skat in sy hart opkom. As hy daar 'n skat van ongeregtigheid vergader het soos die Fariseërs, kan daar niks goeds oor sy lippe vloei nie. Hulle moet begryp dat die boom eers goed gemaak moet word, en daarna sal die vrugte goed wees. Die hart moet gereinig word, en dan sal die woorde ook goed wees.
Hierdie waarheid is nie 'n saak waaroor 'n mens maar kan glimlag en dit dan ignoreer nie. Met

profetiese erns verklaar Jesus: "Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag; want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word." Die woorde is die vrug waaraan God by die eindoordeel die boom sal oordeel. Die innerlike gesteldheid van die hart sal blyk uit die woorde. En as die woorde so vals en lasterlik is soos dié van die Fariseërs, moet daar onverwyld werk gemaak word van die vernuwing van die innerlike. Die boom moet goed gemaak word.

In aansluiting hierby gebruik Jesus 'n ander beeld: Wanneer 'n onreine gees uit 'n mens uitgegaan het, swerf hy rond om nuwe huisvesting te vind. Slaag hy nie daarin nie, kom hy terug na die huis waarvandaan hy uitgegaan het. Dit kan gebeur dat hy daardie huis dan leeg vind, uitgeveeg en versier maar onbewoon. Dan gaan hy sewe ander geeste soek wat slegter is as hy self, en hulle neem hulle intrek in daardie huis, en "die laaste van daardie mens word erger as die eerste." Hieraan voeg Jesus toe: "So sal dit ook wees met hierdie bose geslag".

Met hierdie beeld wil Jesus waarsku teen die gevaar van 'n mensgemaakte bekering. Dit kan gebeur dat iemand baie sterk onder die indruk kom van die noodsaaklikheid om sy lewe te verbeter. Hy neem hom ook voor om die sondes waarvan hy bewus is, uit te ban uit sy lewe. Die huis van sy hart word skoongemaak, uitgeveeg en versier. Dit alles skep 'n mooi indruk. Maar dit skep ook 'n baie gevaarlike toestand. As die huis nie 'n nuwe bewoner ontvang nie, sal die onreine gees terugkeer en ook ander saambring. Wanneer dit gebeur, wag daar 'n rampspoedige einde vir so 'n mens. (Elders in die Nuwe Testament is op hierdie selfde gevaar gewys, vgl. Hebr. 6:4 e.v.; 2 Petr. 2:20 e.v.).

Hoe is hierdie beeld van toepassing op die skrifgeleerdes en Fariseërs? Hulle het saam met die volk uitgetrek om na die boeteprediking van Johannes die Doper te luister. Die volk het met belydenis van sondes die doop van Johannes ondergaan, maar die Fariseërs het ongedoop weggegaan (Luk. 7:29-30). Hulle het wel diep onder die indruk gekom, en self sekere dinge in hulle lewe probeer regstel. Hulle het m.a.w. die onreine gees uitgejaag en die huis uitgeveeg en versier, maar hulle het nie die evangelie van die koninkryk van God aangeneem nie. Die huis het onbewoon gebly.

Ook aan Jesus het hulle toegang geweier. En uit hul optrede teen Hom word dit duidelik dat die onreine gees teruggekeer en sewe ander saamgebring het.

Maar Jesus wil aan hulle nog 'n geleentheid bied om die huis in orde te maak. Daarom het Hy hulle so reguit op hulle innerlike bedorwenheid gewys, en beklemtoon dat die boom goed gemaak moet word. Die gevaar bestaan egter dat hulle nog eens probeer om eiehandig die boom goed te maak, m.a.w. om die huis van hul hart in orde te bring. Daaromtrent word hulle gewaarsku. Die huis kan nie net leeggemaak word nie; dit moet 'n nuwe bewoner ontvang. En daardie bewoner is Jesus Christus.

Nog eens dring die Here aan op 'n beslissing. Maar die Fariseërs en skrifgeleerdes volhard in hulle onwilligheid. En hulle word skuldig aan die sonde teen die Heilige Gees.

**§ 72 Die teken van Jona (Matt. 12:38-42; Mark. 8:11-12; Luk. 11:16; 29-32, 27-28)**

Op wat Jesus aan die skrifgeleerdes en die Fariseërs gesê het omtrent hulle innerlike bedorwenheid (§ 71), het hulle geen antwoord gehad nie. Hulle verander egter die metode van aanval. Heel beleef kom hulle vra: "Meester, ons wil graag 'n teken van U sien".

'n Mens sou dit 'n verstommende versoek kan noem. Iedere dag is daar 'n oorvloed van tekens. Telkens staan almal verslae en selfs vreesbevange by die sien van die wonderteken wat Jesus doen. En nou kom vra hierdie godsdienstige voormanne 'n teken! Hulle het wel beweer dat Jesus die duiwels uitdryf deur die owerste van die duiwels, maar het hulle dan ook al sy wondere vir duiwelswerk aangesien? Moontlik is dit juis wat hulle te kenne wil gee.

Maar hulle is ook mense wat met gesag beklee is. Sommige van hulle het van Jerusalem gekom om as offisiële waarnemers noukeurig te let op Jesus se woorde en werke (vgl. Mark. 3:22). Hulle het die bevoegdheid om van Jesus 'n spesiale teken uit die hemel te vra waardeur Hy kan bewys dat Hy deur God gestuur is. Hy moet as 't ware 'n identiteitsbewys aan hulle voorlê.

Met verontwaardiging antwoord Jesus: "'n Slegte en owerspelige geslag soek 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona." Die teken van Jona is belangrik omdat dit 'n dubbele betekenis het.

Eerstens is daar die prediking van Jona. Hy het in Ninevé verskyn as die teken van die komende oordeel van God. Die inwoners van dié goddelose stad het hulle bekeer en die stad is behou. En nou tree Jesus op om die Fariseërs tot bekering te roep. Hy is groter as Jona, maar

hulle weier om hulle te bekeer.
En daar is nog 'n ander voorbeeld. Die koningin van die Suide het 'n lang reis onderneem om na die wysheid van Salomo te gaan luister. Jesus is groter as Salomo, maar die skrifgeleerdes slaan geen ag op sy wysheid nie. Daarom sal sowel hierdie koningin as die inwoners van Ninevé by die opstanding hierdie verharde geslag veroordeel.
Tweedens is Jona 'n teken deurdat hy vir drie dae en nagte in die buik van die vis was. Net so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. Dus, die dag sal kom, en dit is nie meer so heel ver in die toekoms nie, dat ook die teenstanders getuies sal wees dat Jesus drie dae in die graf sal wees, maar dat net soos Jona weer uit die vis opgekom het, sal hulle dit beleef dat Hy uit die dood opstaan. Van hierdie uitspraak het die Fariseërs op daardie tydstip nie veel begryp nie. Later sou hulle dit in herinnering roep, maar nog nie glo nie.
Aan die einde van hierdie gesprek met die skrifgeleerdes en Fariseërs kon 'n vrou uit die skare haar bewondering vir Jesus nie meer bedwing nie. Hardop roep sy uit: "Salig is die skoot wat U gedra het, en die borste wat U gesoog het." Jesus wil egter nie hê dat Hy of sy moeder op 'n menslike wyse gehuldig word nie. Die hoofsaak moet steeds hoofsaak bly. Daarom antwoord Hy: "Ja, maar salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar" (Luk. 11:27-28).

# VIII. ONDERRIG IN GELYKENISSE

## § 73 Die aard en doel van die gelykenisse (Matt. 13:34-35, 10-17; Mark. 4:10-12; Luk. 8:9-10; ook Mark. 4:24-25; Luk. 8:18)

Toe Jesus gesê het: "Salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar" (Luk. 11:28), het Hy gedui op 'n onderskeiding wat onder sy hoorders duideliker aan die lig gekom het. Sy teenstanders het geweier om die woord van God wat Jesus verkondig het, te aanvaar, en hulle het selfs lasterlike dinge teen Hom begin uitspreek (§ 71). Daarteenoor was daar onder die skare diegene wat Jesus se prediking gelowig aanvaar het en begerig was om nog meer uit sy mond te hoor. Die meerderheid het egter rondom Jesus vergader uit nuusgierigheid. Hulle was belus op sensasie. Hulle wou die wonderwerke sien sodat hulle iets kon hê om oor te praat, maar hulle het geen kant gekies nie. Vir hulle was dit 'n moeilike situasie aangesien hulle godsdienstige leiers openlik standpunt teen Jesus ingeneem het, terwyl dit tog ook duidelik blyk dat Hy hulle meerdere is. Daarom hink hulle op twee gedagtes en stel die beslissing uit.

Intussen staan die tyd wat God vir Jesus se openbare bediening bepaal het, nie stil nie. 'n Stadium is nou bereik waarop Hy Hom moet begin toespits op die besondere onderrig van diegene wat sy prediking aanvaar het. Ook moet Hy rekening hou met die toenemende vyandskap van die skrifgeleerdes en die Fariseërs, en gevolglik Hom van 'n vorm van onderrig bedien wat vir hulle raaiselagtig sal wees. Daarom begin Hy nou gebruik maak van die gelykenis-vorm van prediking.

In die algemeen kan die gelykenis omskryf word as die sinnebeeldige inkleding van bepaalde gedagtes. Die beelde of vergelykinge word ontleen aan verskynsels in die natuur of aan bekende dinge in die daaglikse lewe. Soms word 'n natuurproses voorgestel om 'n geestelike waarheid mee te deel (bv. die gelykenis van die saaier), en dan weer word 'n geskiedenis vertel om 'n bepaalde gedagte oor te dra (bv. die gelykenis van die verlore seun). Hierdie spreekvorm is onder die Jode goed bekend. Dit word in die algemeen *masjaal* genoem. Met hierdie algemene benaming word allerlei soorte van sinnebeeldige, digterlike, en dikwels raaiselagtige en paradoksale spreekvorme aangedui.

Net soos die skrywers van die Ou Testament het Jesus oorvloedig gebruik gemaak van beeldspraak, bv. as Hy praat van die sout van die aarde en die lig van die wêreld, of van die boom wat aan sy vrugte geken word. Dit het Hy gedoen toe Hy die koms van die koninkryk van God aangekondig het. Nou het die tyd egter aangebreek dat Hy diegene wat sy woord hoor en bewaar, begin onderrig aangaande die verborgenhede van die koninkryk. Daartoe gebruik Hy die gelykenis in die vorm van 'n vertelling, soos ons dit reeds aantref in Rig. 9:8 e.v. en 2 Sam. 21:1 e.v. Sulke gelykenisse dien om een bepaalde gedagte mee te deel, sodat die bedoeling reg verstaan word slegs as ons daardie sentrale gedagte opmerk en begryp. Hierin is 'n gelykenis anders as 'n vergelyking of allegorie waarvan ons heelwat voorbeelde in die Evangelie van Johannes vind, bv. van die wynstok en die lote (Joh. 15). Hier dra elke onderdeel van die vertelling 'n besondere betekenis.

Aangesien 'n kennis van die saak waaroor dit gaan, die voorvereiste is om 'n gelykenis te begryp, word die doel van Jesus se onderrig in hierdie vorm duidelik. Hy verklaar sy doel ook self aan sy dissipels (Matt. 13:10-17 en par.) deur te sê: "Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie." Dus, vir diegene aan wie dit gegee is om te verstaan, is die gelykenisse 'n onthulling van die verborgenhede van die koninkryk, maar vir die ander is dieselfde gelykenisse 'n verhulling. Die gelykenis maak skeiding tussen diegene wat daardeur in die kennis van die koninkryk opgebou word, en diegene wat verhard in hulle teenstand.

Diegene wat die woord van Jesus aanvaar het, en reeds in eie hart iets van die koms van die koninkryk van God ondervind het, besit die voorvereiste om meer aangaande die koninkryk te verstaan. Vir hulle is die gelykenisse die ontsluiting van nuwe insigte in die wonder van die genade van God. Daarteenoor staan diegene wat die woord verwerp en weier om iets van die koninkryk soos deur Jesus verkondig, te aanvaar. Vir hulle is die gelykenisse onverstaanbaar, en gee dit aanleiding tot verdere verharding van hart. Aan hulle gaan die woord van Jesaja 6:9 e.v. in vervulling: Hulle sien en sien tog nie, en hoor maar verstaan nie, en God het in sy raad dit so besluit sodat hulle nie tot bekering sal kom nie. Deur die onderrig in gelykenisse kom die skeiding aan die lig, maar in die diepste grond gaan dit terug op die verkiesende Raad van God.

Omdat dit so is, moet diegene aan wie dit gegee is om wel te verstaan, hulself as begenadigdes van die Here beskou. Hulle oë sien dinge en hulle ore hoor waarna baie profete

en regverdiges in die verlede uitgesien het, maar nie beleef het nie. "Julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor" (Matt. 13:16). Maar tog moet hulle gewaarsku wees: "Pas dan op hoe julle hoor, want elkeen wat het, aan hom sal gegee word; en elkeen wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy dink dat hy het" (Luk. 8:18, vgl. Mark. 4:24-25). Hier is geen plek vir selfverheffing en selfvergenoegdheid nie. Elke gelykenis stel aan die hoorder 'n uitdaging om dit te probeer verstaan. As hy versuim in sy gelowige inspanning, kan hy verloor ook wat hy meen dat hy het.

Jesus wil dan deur die gelykenisvorm sy volgelinge inlei in die verborgenhede van die koninkryk van God, terwyl die teenstanders in die duister gelaat word. Matthéüs verklaar dat hierdie optrede van die Here 'n vervulling is van 'n profesie wat sê: "Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af" (13:35 vgl. Ps**.** 78:2). Daarom dien dit as 'n nuwe bewys dat Hy die Messias is.

**§ 74 Die saaier (Matt. 13:1-9, 18-23; Mark. 4:1-9, 13-20; Luk. 8:4-8, 11-15)**

Jesus was weer in die omgewing van Kapérnaüm. Op 'n dag het Hy van die huis af na die oewer van die see gegaan. Daar het weer 'n groot skare byeengekom. Soos Hy voorheen gedoen het, gaan Jesus in 'n skuit sit om vandaar die skare toe te spreek. Van nou af sou Hy in gelykenisse begin leer.

Die eerste gelykenis van Jesus is dié omtrent die saaier. Volgens berekening was dit omstreeks November, die saai-maand. In daardie tyd was dit 'n gewone gesig om die saaier op sy land besig te sien. Daarby sluit die Here aan en vertel van die saad.

Een deel van die saad val op die pad wat langs die land loop. Daar word dit deur die mense vertrap en deur die voëls opgepik. 'n Ander deel val op rotsagtige plekke waar die grond vlak is, en dit kom wel op maar verskroei gou. Nog 'n deel val op plekke waar onkruid opskiet en die jong graan verstik sodat dit nie tot volle wasdom kom nie. En dan is daar nog 'n deel van die saad wat in goeie aarde val en sy vrug lewer, selfs tot 'n honderdvoud.

Omdat die dissipels die betekenis van die gelykenis nie goed begryp het nie, gee Jesus daarvan 'n verklaring. Hy behandel dit egter soos 'n allegorie deurdat Hy aan elke onderdeel 'n betekenis toeskryf.

Die saaier is die Seun van die mens, d.w.s. Jesus self, of ook elkeen wat die woord saai. Die saad is die woord van God of die prediking aangaande die koninkryk van die hemele. Die pad is die harte van diegene wat hoor en nie verstaan nie. Die voëls is die Bose. Die rotsagtige plekke is diegene wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap ontvang, maar daar is geen diepte nie, en die saad verdor. Die doringagtige plekke waar die onkruid die saad verstik, is diegene wat die woord hoor en aanneem, maar hulle aandag word besig gehou met die sorge van die wêreld en die verleiding van die rykdom, sodat die woord uit hul harte verdring word. Die goeie aarde is diegene wat die woord hoor en verstaan en dit "in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra" (Luk. 8:15).

As ons die gelykenis en Jesus se verklaring daarvan lees, merk ons 'n verskuiwing van die klem. In die gelykenis gaan dit om die saad en wat daarvan word. Dit beland op verskillende soorte grond, en slegs 'n deel ontwikkel tot volle vrug. Dus, die dissipels en ook elkeen wat in diens van die Here die saad van die woord uitstrooi, moet daarop bedag wees dat 'n groot deel van die saad nie vrug sal oplewer nie. Dié feit moet hulle egter nie ontmoedig nie, omdat die gedeelte wat wel vrug dra, dit in so 'n heerlike oorvloed doen.

In die verklaring van die gelykenis val die nadruk op die geaardheid van die grond. Die soort grond waarin die saad val, bepaal of die saad tot vrug sal kom. Wat die Here hier deur die verklaring van die gelykenis sê, is 'n nadere toeligting van die eerste eise van dissipelskap (vgl. Matt. 8:18-22, vgl. § 59). In hierdie sin doen dit ook 'n beroep op die hoorders om toe te sien hoe hulle hoor (vgl. Mark 4:24-25), en om die woord in 'n edele en goeie hart te ontvang en te hou.

Die gelykenis het betrekking op die skare soos hulle daar voor Jesus vergader was, en is bedoel om die bepaalde skeidinge aan die lig te bring. Daar was die verharde Fariseërs en skrifgeleerdes by wie die woord geen ingang kon vind nie, dan die oppervlakkige hoorders wat aanvanklik geesdriftig is maar gou verkoel; en verder diegene wat die woord aanneem maar te besig is met die tydelike dinge om aandag daaraan te skenk; en eindelik die klein groepie van opregte volgelinge van Jesus wat die woord ontvang en bewaar sodat dit tot volle vrug in hulle lewe kom. Juis hierdie laaste groep onder die skare is diegene met wie Jesus Hom besig hou in sy onderrig deur die gelykenisse. Vir die ander bly die gelykenisse raaisels.

Die gelykenis van die saaier en sy saad is egter wáár oral in die wêreld waar die evangelie van

die koninkryk van God verkondig word. Vir die saaier bring dit bemoediging, en vir die hoorder 'n oproep om die woord te hoor en te verstaan, sodat daar oorvloedige vrug kan kom**.**

**§ 75 Die selfgroeiende saad (Mark. 4:26-29)**

In aansluiting by die gelykenis van die saaier vertel Jesus 'n kort gelykenis omtrent die groei en ontwikkeling van die koring uit die saad. Nadat die saaier die goeie saad in die grond gestrooi het, het hy sy taak voltooi. Die ontkieming en groei van die saad moet hy nou oorlaat aan 'n geheimsinnige werking wat hy self nie verstaan nie. Sover sy waarneming strek, het die aarde vanself" of "outomaties" die halm laat uitspruit, en dan die aar en toe die volle vrug in die aar. Eers wanneer die volle vrug ryp geword het, kom die saaier met sy sekel om die oes in te samel.

So is dit met die koninkryk van die hemele, sê Jesus. Die saaier saai die woord, en dit kom tereg in die lewens van mense. Daar raak dit weg soos saad in die grond. Op 'n dag merk die saaier dan dat die woord besig is om tot vrug te ontwikkel, hóe weet hy self nie. Dit lyk asof dit "vanself" gebeur, maar dit geskied deur die geheimsinnige krag van die Heilige Gees. Dit is God wat die wasdom skenk, sê Paulus (1 Kor. 3:6). Aangesien dit die geval is, hoef die saaier hom nie te bekommer oor die ontwikkeling van die saad nie. Hy moet slegs getrou en goed sy werk doen, en die saad aan God oorlaat om dit te laat groei.

**§ 76 Die onkruid onder die koring (Matt. 13:24-30, 36-43)**

Nog 'n verdere gelykenis word aan die saad in die akker ontleen. Die vorige twee gelykenisse, die van die saaier en die van die selfgroeiende saad, kan die indruk wek dat as die saaier die saad in die goeie aarde gesaai het, alles voorspoedig sal verloop sodat hy onbesorg kan wag op die oes. Maar in die koninkryk van God is dit nie alles voorspoed nie. Daar is ook teenstand, en vir die teenstander is geen daad te gemeen nie.

Om dit toe te lig, vertel Jesus die gelykenis van die onkruid in die akker, en verklaar Hy dit ook self.

'n Man het sy akker bewerk en goeie saad gesaai. In die nag kom 'n vyand van hom en saai onkruid in dieselfde akker. Toe die saad begin opskiet, blyk dit dat die akker oortrek is van onkruid tussen die koring. Die diensknegte kom om van die baas 'n verduideliking te vra. Is daar dan nie goeie saad gesaai nie, vanwaar nou die onkruid? vra hulle. Die baas besef wat gebeur het. Dit is die werk van 'n vyandige mens.

Nou ontstaan die verdere vraag: Hoe moet met die onkruid gehandel word? Die diensknegte wil dit gaan uittrek, maar die baas weet dat sy koring dan erg beskadig sal word. Dus laat hy die onkruid en die koring saam op die akker bly tot die oestyd. By die oes word die twee geskei, die onkruid verbrand en die koring in die skuur gebring.

Die dissipels begryp nie goed wat met hierdie gelykenis bedoel word nie. Daarom gee Jesus daarvan 'n verklaring, en weer het elke onderdeel 'n besondere betekenis.

Die saaier is die Seun van die mens. Die akker is die wêreld. Die goeie saad is "die kinders van die koninkryk" en die onkruid is "die kinders van die Bose." Die vyand is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld en die maaiers is die engele van die insameling.

Met hierdie gelykenis wil Jesus sy volgelinge laat begryp dat die ontwikkeling van die koninkryk van God met stryd en teenstand gepaard gaan, en dat elke mens daarin betrokke is. Die Bose bedink steeds sluwe planne van obstruksie en frustrasie in 'n poging om die saad van die woord onvrugbaar te maak. Al is dit dat niemand hom sien wanneer hy met sy bose werke besig is nie, het hy 'n werklike bestaan en kan die resultate van sy onkruidsaaiery op die akker, die wêreld, gesien word.

Die opvallende is egter dat die saad hier nie verklaar word as die woord nie, maar as mense. Die goeie saad is "die kinders van die koninkryk" en die onkruid is die "kinders van die Bose." Waar die woord in die hart begin ontkiem, bring dit die koninkryk van God in die lewe van 'n mens, maar dit vorm die mens op sy beurt tot saad van die koninkryk. So iemand moet net soos die saad bereid wees om te sterf en dan vrugbaar te word vir die koninkryk. Net so vorm die Bose deur sy influisteringe mense tot sy kinders en lede van sy ryk. In hierdie sin is elke mens betrokke in die ontwikkeling van of teenstand teen die koninkryk van God. Hy is goeie saad of onkruid. Selfs die oog van die mens kan die twee onderskei. God onderskei hulle nog beter.

In sy lankmoedigheid laat God toe dat die twee soorte naas mekaar op die akker van die wêreld bly groei. Maar daar kom die dag van skeiding by die voleinding. Wanneer die Seun van die mens in heerlikheid verskyn as Regter, sal Hy sy engele uitstuur om die onkruid byeen te bring, d.w.s. "al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen." Dus, almal wat, soos

die Fariseërs, eenvoudige mense wat na Jesus wil kom, in die weg staan en hulle laat struikel, en ook almal wat met die een of ander vorm van ongeregtigheid volhard. Hulle almal word in die vuuroond gegooi waar daar geween en gekners van die tande sal wees.

By die skeiding sal die kinders van die koninkryk te voorskyn tree as die regverdiges om met heerlikheid bekroon te word. Hulle sal skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader.

Die verklaring van die gelykenis eindig met 'n profetiese aankondiging van die eindoordeel, en die verskyning van alle mense voor die regterstoel van Christus. Wat met 'n saadjie in die akker begin het, loop uit op die ewigheid van veroordeling of van verheerliking. Daarom beklemtoon Jesus die erns van die hoor en verstaan van die woord deur te sê: "Wie ore het om te hoor, laat hom hoor."

**§ 77 Die suurdeeg en die mosterdsaad (Matt. 13:31-33; Mark. 4:30-32; Luk. 13:18-21)**

Die twee gelykenisse word gewoonlik saam gegroepeer omdat hulle ongeveer dieselfde waarheid aangaande die koninkryk van God verduidelik. Hulle wys daarop dat die koninkryk 'n klein onaansienlike begin het maar tot iets groots en heerliks ontwikkel.

Die mosterdsaad hoort tot die kleinste van die saadsoorte, maar as dit geplant word, ontwikkel dit tot die grootste onder die groentesoorte. Dit groei tot 'n hoogte van 8 tot 11 voet, en word selfs "'n groot boom" genoem (Luk. 13:19). Omdat sekere soorte voëls graag die saadjies eet, maak hulle ook soms neste in die mosterdplant.

Met hierdie gelykenis wil Jesus sê dat die koninkryk 'n ontwikkelingskrag ontplooi wat buite alle verhouding staan tot die geringheid van die begin. As 'n mens die groot mosterdplant sien, skyn dit ongelooflik dat so 'n groot boom uit so 'n nietige saad kan groei.

'n Bykomstige gedagte by hierdie gelykenis is dat in Israel 'n groot boom die beeld was van 'n magtige koninkryk. Die ryk van Assirië (Eseg. 31:3 e.v.) en van Babel (Dan. 4:10 e.v.) word met 'n boom vergelyk, en die Messiasryk sal so 'n hoë boom wees waarin die voëls neste maak (Eseg. 17:22-23). Net so word die mosterdplant wat veel groter is as ander groenteplante, die beeld van die allesoorheersende koninkryk van God.

Die gelykenis van die suurdeeg is eweneens die beeld van 'n klein begin wat ontwikkel tot iets groots. 'n Vrou neem 'n bietjie suurdeeg en werk dit in drie mate meel in, d.w.s. 'n geweldige hoeveelheid meel in vergelyking met die klein handjievol suurdeeg. 'n Geheimsinnige, onsigbare werking raak aan die gang en eerlank is die hele deeg deursuur. In die geval van die mosterdsaad is die vordering van die kragwerking sigbaar in die groei van die plant. By die suurdeeg is dit onsigbaar, onopgemerk totdat die eindresultaat bereik is. In beide gevalle is die proses onstuitbaar totdat dit tot volle ontplooiing gekom het.

In die Skrif word die beeld van die suurdeeg gewoonlik gebruik om die sonde of iets wat geestelik en sedelik skadelik is, aan te dui (vgl. Matt. 16:6, 12; 1 Kor. 5:6-8; Gal. 5:9). Daarom moet die Jode by die Paasfees die ou suurdeeg wegruim en ongesuurde brood eet. Tog dien die suurdeeg ook as beeld van die heilsame deurwerking van die koninkryk van God in die samelewing. Die gelykenis bring hoop vir elkeen wat daarna uitsien dat die krag van die koninkryk die gemeenskap van mense in staat en samelewing deursuur.

**§ 78 Die skat en die pêrel (Matt. 13:44-46)**

Ook tussen hierdie twee gelykenisse bestaan daar groot ooreenkoms. In albei gevalle moet die vinder van die koninkryk bereid wees om 'n groot offer te bring ten einde die hemelse skat te verkry.

In die een geval is 'n man op die saailand besig met sy gewone daaglikse werksaamheid. Hy is ten volle verdiep in sy werk, en dink nie aan die moontlikheid om daar 'n skat te ontdek nie. Onverwags kom hy op die verborge rykdom af. Dan gaan hy heen en verkoop alles wat hy het en koop daardie saailand sodat die skat sy eiendom word.

Die koopman is juis 'n pêrelsoeker. Hy gaan rond om pêrels wat te koop aangebied word, te ondersoek en die mooistes te koop. Altyd bly hy egter hoop dat hy nog iets beters en mooiers sal vind. Daarom volhard hy in die soektog. Op 'n dag vind hy dan so 'n uiters kosbare pêrel wat al die ander oortref. Dan gaan hy en verkoop alles wat hy het ten einde daardie een pêrel te bekom.

So is dit met die koninkryk van God. Die een persoon kom onverwags daarop af terwyl hy met sy gewone daaglikse werk besig is. Die ander is lank op soek daarna en beproef ook allerlei wat in hierdie wêreld as pêrels aangebied word, maar eindelik vind hy die pêrel van groot waarde. Albei moet dan dieselfde weg volg om die ontdekte rykdom te verkry. Hulle moet afstand doen van alles wat dusver vir hulle kosbaar was, en met beslistheid die skat aangryp.

In die geloof moet hulle 'n vaste besluit neem en dit uitvoer, ongeag die koste. Vir so 'n stap word hulle beloon deur die besit van die groot skat en die pêrel van groot waarde: die koninkryk van God.

**§ 79 Die visnet (Matt. 13:47–50)**

Terwyl Jesus in die skuit gesit het, het Hy die verskillende gelykenisse uitgespreek wat oor die saad handel. By die afsluiting van hierdie onderrig spreek Hy 'n kort gelykenis uit wat aan die vissersbedryf ontleen is.

Die koninkryk van die hemele is soos 'n visnet wat in die see uitgespan word, en daar vang dit allerlei dinge uit die see op. As dit vol geword het, word dit op die strand uitgesleep en begin die uitsortering van alles wat in die net is. Daar is goeie vis, en dié word in bakke bymekaar gemaak. Daar is ook die slegter, onbruikbare en oneetbare vis of seediere. Hulle word weggegooi om te vergaan. Net so is dit met die koninkryk. In hierdie groot net word "van elke soort bymekaargebring" sodat die net vol word. Tog is nie alles bruikbaar nie. Volgens die gelykenis is dit egter nie die vissers wat die uitsoekwerk doen nie, maar "die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei." Ook hier is 'n heenwysing op die eindoordeel. Tot op daardie tyd bly al die soorte bymekaar in die net.

Hierdie gelykenis herinner aan dié van die onkruid in die akker. In hierdie geval is dit wel nie 'n vyand wat sorg dat die slegtes in die net kom nie. Die slegtes is maar daar in die see saam met die goeies. Dié gelykenis wil aantoon dat nie alles eg is wat deur die evangelie aangetrek word nie, maar die vissers hoef hulle daaroor nie besorg te maak nie. Sekerlik moet hulle nie mislei word deur die skyn dat die net vol is nie. Die bruikbare vis is altyd in die minderheid. Maar hulle moet in die geloof die uitsoekwerk oorlaat aan die engele. Hulle taak is alleen maar om getrou die net uit te gooi en aan te sleep in die rigting van die oewer.

Vir die dissipels wat geroep is om vissers van mense te word, is hierdie gelykenis van besondere betekenis. Hulle het 'n aandeel in die koninkryk van die hemele deurdat hulle die net uitspan en voorttrek. Daarop moet hulle voorbereid wees.

**§ 80 Die skat van nuwe en ou dinge (Matt. 13:51–52)**

Nadat Jesus die onderrig in gelykenisse oor die koninkryk beëindig het, vra Hy die dissipels of hulle al hierdie dinge verstaan het. Daarop antwoord hulle: "Ja, Here!"

Aanvanklik het hulle nie verstaan nie. Twee gelykenisse, dié van die saaier en dié van die onkruid, moes Hy verklaar voordat hulle dit begryp het. Maar gaandeweg het hulle helderder insigte verkry, en deur die gelykenisse meer verstaan van die verborgenhede van die koninkryk. Daarom kan hulle nou op die vraag van die Here bevestigend antwoord.

Nou gaan Jesus 'n stap verder in die opleiding van die dissipels wat Hy weldra sal uitstuur as gesante van die koninkryk. Hy wys daarop dat die vermeerdering van insigte ook 'n groter verantwoordelikheid meebring. Hulle is ook skrifgeleerdes, nie omdat hulle deur die Joodse skrifgeleerdes opgelei is nie, maar omdat hulle elke dag hoor hoedat Jesus die Skrifte vertolk. Daardeur het hulle leerlinge geword in die koninkryk van die hemele, en juis deur die gelykenisse het hulle baie geleer. Deur hierdie nuwe kennis en insigte het hulle 'n skat verkry. Die skat mag hulle nie in die hart wegbêre sodat niemand enige voordeel daaruit verkry nie. Veeleer moet hulle soos 'n verantwoordelike huisheer handel wat uit sy skat ou en nuwe dinge te voorskyn bring en aan ander aanbied. Hulle moet uit die skat van insigte wat hulle verkry het ander mense verryk. Die kennis van die koninkryk moet meegedeel word. Maar hulle mag nie tevrede wees met die aanbied van ou dinge, d.w.s. dieselfde dinge herhaal totdat mense daarvan moeg is nie. Hulle moet ook nuwe dinge te voorskyn bring. Die skat is groot. Net soos Jesus deur sy gelykenisse telkens iets nuuts bekend maak, moet hulle ook hulle daarin oefen om uit die skat wat hulle as leerlinge in die skool van die koninkryk verkry het, nuwe dinge te voorskyn te bring, sodat die hoorders ook ryk kan word in die kennis van die koninkryk.

## IX. VOORUITGANG EN VERSET IN GALILÉA

### § 81 Die oes is groot (Matt. 9:35-38; Luk. 8:1; 10:2)

In die wintermaande, Desember en Januarie, is die dae kort en die weer ongunstig in Palestina. Ons kan aanneem dat Jesus in daardie tyd nie baie gereis het nie, maar vir langer tydperke in die stede en dorpe vertoef het. Sodra die ergste winterkoue verby was, het Hy egter weer die land begin deurgaan.

Die berig hieromtrent by Matthéüs is kort en saaklik, maar getuig van 'n ontsaglike arbeid wat Jesus verrig het. Daar staan geskryf: "Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees." Altyd weer is die skare daar met al hulle lyding en ellende, hulle siekte en armoede, hulle geestelike honger en dors. "Toe Jesus die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie".

Die beeldspraak van die skape wat verstrooi is sonder herder, word reeds vroeg in die Ou Testament gebruik van die volk Israel (Num. 27:17). Wanneer God sy volk straf, verstrooi Hy hulle soos skape sonder herder (vgl. 1 Kon. 22:17; Eseg. 34:5). In hulle verdwaaldheid en verdwaasdheid is hulle 'n jammerlike skouspel van hulpeloosheid. So kom hulle na Jesus toe in die verwagting dat Hy vir hulle 'n Herder sal wees.

Wanneer Jesus met tere ontferming die volk in sy nood en in sy hunkering na redding aanskou, sê Hy aan die dissipels: "Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur".

In Samaría toe Jesus by die Jakobsbron gestaan en die mense uit Sigar na Hom sien aankom het, het Hy gesê: "Slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes." (Joh. 4:35, vgl. § 33). In Galiléa spreek Hy nou ongeveer dieselfde gedagte uit. Hy sien die groot oes, en dusver is daar eintlik geen arbeiders nie. Hy staan alleen. Hy het tot God gebid vir arbeiders, en die Twaalf is aan Hom gegee. Hulle moet egter nog opgelei word. Maar een ding kan hulle wel nou reeds saam met Hom doen: hulle kan bid dat God meer arbeiders uitstuur om die oes in te samel.

Die dissipels het stellig aan die versoek van die Here voldoen. Hulle moes egter leer dat wie só bid, bereid moet wees om te gehoorsaam indien hy self as sodanige arbeider deur die Here uitgestuur sou word.

### § 82 Die uitsending van die Twaalf (Matt. 10:1-42; Mark. 6:6b-13; Luk. 9:1-6)

Jesus het al hoe meer sy aandag begin toespits op die vorming van sy dissipels as gesante van die koninkryk van God. Deur die onderrig in gelykenisse het Hy hulle dieper ingelei in die verborgenhede van die koninkryk. Daarna het Hy op die groot oes gewys en aangespoor tot gebed om meer arbeiders. En nou gaan Hy daartoe oor om hulle vir 'n tydlank twee-twee uit te stuur om self die boodskap van die koninkryk uit te dra en dit met wonderwerke te bevestig. Vir hulle sou dit 'n proefles wees. Ná afloop daarvan sou Jesus na aanleiding van hul ondervindinge sy onderrig voortsit.

By hierdie eerste uitsending gee die Here aan die dissipels breedvoerige instruksies, wat weergegee is in die sogenaamde uitsendingsrede in Matt. 10. As ons hierdie hoofstuk oplettend lees, en die inhoud vergelyk met die gegewens van die ander Evangelies, kom ons tot die gevolgtrekking dat slegs Matt. 10:1-16 (= Mark. 6:7-11 = Luk. 9:1-5) op hierdie uitsending betrekking het. Wat Matthéüs verder in die uitsendingsrede opneem, is uitsprake wat Jesus in 'n ander verband gedoen het, soos blyk uit die feit dat gedeeltes daarvan verspreid voorkom by die ander Evangelies, soos ons sal aandui. Soos Matthéüs hierdie uitsprake van die Here saamgevoeg het, word dit tog 'n eenheid wat van die dissipels heenwys na die toekomstige ontplooiing van die koninkryk totdat die eindtyd aanbreek. Die vervolgings van 'n later tyd word in die vooruitsig gestel, en ook die belofte dat die Here sy gesante sal beskerm en beloon.

Die uitsendingsrede het vyf onderdele:

**(a)** ***Die sendingopdrag*** (Matt. 10:1-16; Mark. 6:7-11; Luk. 9:1-5).

Afgesonderd van die skare, waarskynlik êrens in 'n huis, roep Jesus sy dissipels saam. Daar heers 'n atmosfeer van erns en tog van blye verwagting wanneer die dissipels in eerbied hulle om Hom skaar. Jesus verduidelik aan hulle dat Hy hulle gaan uitstuur in diens van die koninkryk. Hy self sal nie met hulle saamgaan nie sodat hulle kan leer om selfstandig op te tree. Tog sal Hy hulle twee-twee stuur, sodat die een die ander kan bystaan en ondersteun. Verder verleen Hy aan hulle 'n sekere toerusting, en gee Hy 'n duidelike opdrag.

Die toerusting bestaan daarin dat Jesus aan die dissipels die mag skenk om onreine geeste uit te dryf en om elke siekte en kwaal te genees. Die magtige werke wat Hy doen, sal hulle ook kan doen. Die bedoeling was natuurlik nie dat hulle kon rondgaan om as 't ware vertonings van wonderwerke te hou nie. Die mag wat hulle ontvang het, het uitsluitend in diens gestaan van die uitvoering van hul opdrag.

Die opdrag was om te gaan preek dat die koninkryk van die hemele naby gekom het. Dus, dieselfde boodskap wat Johannes die Doper verkondig het, en waarmee Jesus sy prediking begin het, moet ook die eerste en belangrikste boodskap van die dissipels wees. Hulle sal nou uit die skat wat hulle ontvang het, ou en nuwe dinge moet voortbring deur hul prediking (vgl. § 80). Daar mag egter geen winsbejag wees nie. Verniet het hulle die skat ontvang; verniet moet hulle dit ook uitdeel.

Ook Judas Iskáriot is onder diegene wat só begenadig is, en uitgestuur word. Ook hy moet hom hou by die reël van kosteloos ontvang en daarom kosteloos uitdeel.

Daar word egter 'n perk geplaas op die beweegruimte van die uitgestuurdes. Indien ons veronderstel dat hulle in of naby Kapérnaüm was toe hulle die opdrag ontvang het, sou hulle naby 'n groot verkeersweg gewees het. Dit gaan noordwaarts in die rigting van Betsáida-Julias waar die land van die heidene lê; dit gaan ook suid- en weswaarts na Samaria. Dit is moontlik dat Petrus en Andréas dit oorweeg het om na Betsáida te gaan waar hulle opgegroei het. Ander kon aan Sigar in Samaría gedink het, waar die mense so gretig was om na Jesus te luister.

Maar Jesus beveel anders: "Moenie gaan op die pad van die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie, maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel" (Matt. 10:5). Dit sê die Here nie net omdat Israel soos skape sonder herder is nie (9:36), maar omdat die heilsplan van God dit voorskryf. In die raad van God is dit bepaal dat die openbaring van die heil binne Israel moet geskied. Eers nadat die heilsplan voltooi is, en Christus binne Israel aan die kruis gesterf het, gaan die evangelie uit na die heidene. Dus, in die stadium waarin die dissipels die eerste keer uitgestuur word, is die koninkryk nog aan die kom binne Israel. Die heidene sal wel later hulle beurt kry.

Jesus gee ook bevele in verband met die dissipels se voorbereidsels vir die reis en hulle optrede wanneer hulle in 'n dorp of stad kom. Hulle moet geen geld of padkos saamneem nie, ook nie 'n tweede stel klere of ekstra paar sandale nie. Net soos hulle daar voor Jesus staan, moet hulle uitgaan. Hulle kan egter daarop vertrou dat die arbeider sy voedsel werd is. Die Here sal voorsien.

Wanneer hulle in 'n dorp kom, moet hulle by mense tuisgaan wat "waardig" is, d.w.s. wat waarde heg aan die boodskap van heil en met graagte aan die apostels onderdak verskaf. Hulle moet dan in dieselfde huis bly totdat hulle van daardie dorp vertrek. As 'n dorp hulle nie wil ontvang nie, moet hulle die stof van hul voete afskud en vertrek. Die inwoners moet begryp dat hulle weiering 'n baie ernstige saak is. Op so 'n stad rus die oordeel van God swaarder as op Sodom en Gomorra.

Die dissipels moet egter ook besef dat hulle teenstand en vervolging sal teëkom. Hulle gaan soos skape onder die wolwe. Daarom moet hulle let op hul eie veiligheid en daarby absoluut eerlik optree sodat geen beskuldiging teen hulle geslinger kan word nie. Hulle moet so versigtig wees soos die slang, en so opreg soos die duif.

**(b)** ***Die toekomstige vervolging*** (Matt. 10:17-25. vgl. 24:9-14; Mark. 13:9-13; Luk. 12:11-12; 21:12-19).

Die Here wys heen na die toekoms waarin die apostels uit die sinagoges verban sal word en voor goewerneurs en konings gebring word, soos Petrus en Johannes, en veral Paulus dit ondervind het. Sy uitspraak het ook betrekking op die dae van groot verdrukking wat aan die voleinding vooraf sal gaan. Hierdie gevare sal daar wees, maar die diensknegte van die Here hoef nie te vrees nie. Die Heilige Gees sal self die woorde van hulle verdediging in hul mond lê sodat die teenstanders niks teen hulle vermag nie. In daardie tyd sal die haat so toeneem dat selfs gesinsgenote mekaar sal vermoor omdat die een die Naam van Christus bely en die ander die Naam vervloek. Wie egter te midde van al die bittere teenstand volhard in sy trou aan Christus, sal behoue bly.

In hierdie verband verklaar die Here: "Wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe. Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie" (10:23). Hierdie uitspraak is moeilik om te verstaan. By die eerste uitsending van die apostels, en ook later, is hulle nie letterlik vervolg van een stad in Israel na die ander nie, hoewel hulle ná die Pinkster tydelik uit Jerusalem moes

vlug. Ook kan die koms van die Seun van die mens in hierdie verband niks anders beteken as die wederkoms by die voleinding nie.

In die Ou Testament vind ons profesieë wat betrekking het op tydsomstandighede waarin die profeet optree, maar wat ver bo daardie tydsomstandighede uit heenwys op die verre toekoms. So 'n profesie spreek Jesus ook hier uit. Dit het wel betrekking op die vervolging van die apostels, maar wys heen na die wederkoms van Seun van die mens. In die tyd voor die voleinding sal die gesante van Christus vervolg word sodat hulle van die een stad van "Israel," d.i. die volke onder wie hulle gestuur is, na die ander moet vlug. Voordat hulle met al die stede klaar sou wees en gevolglik nie 'n plek sou hê waarheen hulle vlug nie, sal die Seun by wederkoms verskyn en hulle uitred. So verklaar, is hierdie profesie 'n woord van troos vir die Godsgesante.

Vervolging sal daar wees. Daarop moet die getuies van Christus voorbereid wees. As die Meester vervolg word soos met Jesus gebeur, sal die minderes, die diensknegte, eweneens vervolg word. Met toespeling op die betekenis van die naam Beëlsebul (= heer van die huis) sê die Here dat as hulle Hom, wat die "heer van die huis" is, Beëlsebul genoem het (vgl. § 71), sal hulle dit ook aan "sy huisgenote," die dissipels doen.

**(c)** ***Vermaning om vreesloos te getuig*** (Matt. 10:26-33; Luk.12:2-9).

Sonder vrees moet die gesante van die koninkryk voortgaan om te getuig. Jesus het sy dissipels in die stilte onderrig, maar hulle moet nou alles in die openbaar verkondig. Hulle sal daarmee rekening moet hou dat hulle met die dood bedreig sal word, maar dit moet hulle nie afskrik nie. Hulle moet veeleer Hom vrees wat sowel die siel as die liggaam kan verderwe in die hel. Die apostels het later hierdie woord goed verstaan toe Petrus en Johannes aan die Joodse Raad gevra het: "Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God?" (Hand. 4:19 vgl. 5:29).

Met die mooi beeld van die twee mossies wat vir 'n stuiwer gekoop word, verseker Jesus sy volgelinge van die sorg van die hemelse Vader. Hy sorg vir die mossies, en die dissipels is tog baie meer werd as die nietige mossies. Daarom kan hulle weet dat selfs die hare van hul hoof by God getel is. Maar die bewaring en beskerming bring ook verantwoordelikheid. As hulle voortgaan om getrou die Here voor die mense te bely, sal Jesus ook hulle name voor die Vader bring. Maar as hulle ontrou word, sal Hy hulle ook verloën voor die Vader.

**(d)** ***Jesus bring skeiding*** (Matt. 10:34-36; Luk. 12:51-53).

Plegtig verklaar die Here: "Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard." Hierdie woord sluit aan by wat Hy so-ewe gesê het van die vervolging waaraan die getuies van die koninkryk blootgestel sal word. Tog is dit 'n paradoksale uitspraak. Die dissipels moes stellig gedink het aan die aankondiging deur die engel by die geboorte van Jesus: "Vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!" Hulle het die saligsprekinge van die bergrede in gedagte gehad. En nie lank tevore het Jesus gesê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Nóu verklaar Hy dat Hy nie die vrede bring nie, maar die swaard.

Die dissipels het ook reeds kennis gemaak met teenstand en haat van die Fariseërs en skrifgeleerdes. Hulle het gesien hoedat mense van Násaret Jesus van die krans wou afstoot, en dit klink nog in hulle ore: "Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat" (Luk. 6:26). Daarom begryp hulle wat die Here bedoel. Daar sal skeiding kom tussen sy getroue volgelinge en die wêreld. Die wêreld sal so verbitterd wees dat hy die swaard sal opneem om die volgelinge van die Here te probeer uitwis. Hierdie skeiding sal selfs deur die huisgesinne sny, sodat daar tweedrag sal kom tussen mense wat op die intiemste wyse verbonde is. Die eie huisgenote sal onderling vyande word. Iets hiervan het die dissipels reeds gesien toe Jesus se eie mense Hom met geweld wou probeer verhinder om met sy prediking voort te gaan, en selfs verklaar het dat Hy buite sy sinne is (vgl. § 70).

In hierdie sin sal daar nie vrede wees nie, maar die getroues sal in die hart 'n vrede smaak wat hulle nooit ontneem kan word nie.

***(e) Die voorwaarde en beloning van dissipelskap*** (Matt. 10:37-42; Mark. 9:41; Luk. 14:25-27; 10:16).

Juis omdat Jesus skeiding bring, stel Hy sy volgelinge voor 'n besliste keuse. Dit gaan in drie dimensies: die gesinsverband, die aangenaamheid van die lewe en die lewe self. Die volgeling van Jesus moet aan Hom groter liefde en lojaliteit bewys as selfs aan vader en moeder; hy moet die weg van volstrekte selfverloëning kies as draer van 'n kruis; hy moet bereid wees om selfs sy lewe neer te lê in diens van die Here. Hier word nou vir die eerste keer van 'n kruis

gepraat. Mettertyd sal Jesus aandui dat Hy self die dissipels voorgaan op die weg na die kruis. Maar vir hierdie navolging is daar ook beloning. Dit word saamgevat met die woord**:** die vind van die lewe (10:39).

Al sou die dissipel van Jesus so 'n moeilike weg moet kies, sal hy deur God in hoë eer gehou word. So hoog eer die Here sy getuie dat elkeen wat aan die getuie goed doen, daarvoor uitnemende loon sal ontvang. Wie die getuie ontvang, ontvang die Here self; wie hom as 'n profeet eer, sal by God die loon van 'n profeet ontvang; en wie die geringste daad van liefde aan hom bewys deur 'n beker koue water aan die getuie te gee, omdat hy 'n dissipel van Jesus is, sal sy loon nie verloor nie (vgl. Matt. 25:34 e.v.).

Met hierdie uitsendingsrede, wat ook heenwys op die kerk in die toekomstige eeue, stuur Jesus sy dissipels twee-twee uit na die stede van die Joodse land.

**§ 83 Die dood van Johannes die Doper (Matt. 14:3-12; Mark. 6:17-29; Luk. 3:19-20)**

Net in die tyd van die uitsending van die Twaalf het die berig in Galiléa aangekom dat Johannes die Doper aan sy einde gekom het. Ook die omstandighede waarin dit gebeur het, word mettertyd bekend.

Vir 'n geruime tyd het Herodes Antipas Johannes as gevangene in die vesting Machaerus aangehou, en op dié wyse hom beskerm teen die van Herodias (vgl. § 65). Hierdie sluwe vrou het egter 'n listige plan bedink om haar oogmerk met Johannes te bereik.

By geleentheid van 'n verjaarsdag van Herodes het hy 'n groot fees by Machaerus gereël, waartoe uitgenooi was al die hooggeplaaste funksionarisse van sy regering, die militêre gesagvoerders en gesiene persone uit die burgerlike lewe. Dit het 'n uitspattige fees geword. Toe almal, Herodes inkluis, deur die drank bedwelm was, het Salomé, die dogter van Herodias, in die feessaal verskyn en 'n sinne-prikkelende dans uitgevoer.

Josefus, die geskiedskrywer, vertel ons dat haar naam Salomé was. Sy was die dogter van Herodias en haar vorige man, Herodes Filippus, (die broer van Herodes Antipas). Toe Antipas met medewerking van 'n towenaar Herodias van sy broer afgerokkel het, het Salomé haar moeder vergesel (vgl. § 3(c)). Die moeder het haar haat vir Johannes op die dogter, wat toe sowat sewentien jaar oud was, oorgedra.

Die optrede van Salomé is met applous van die gaste begroet en Herodes was in sy eer gestreel deur dié verrassingsitem op die program. In sy grootdoenery verklaar die halfdronk Herodes aan die dogter dat sy van hom enigiets kan vra, tot die helfte van sy koninkryk. En hy bevestig sy belofte met 'n eed.

Die woorde van Herodes: "tot die helfte van my koninkryk" is dieselfde as wat koning Ahasvéros teenoor koningin Ester uitgespreek het (Ester. 5:3; 7:2), en bring dus ook die optrede van koningin Vasti in herinnering. Die kuise Vasti het geweier om haar skoonheid in die feessaal van die koning te vertoon, en is gevolglik as koningin ontslaan. Salomé vertoon haarself ongevraag, en ontvang die beloning wat sy eis.

Nadat Herodes sy belofte gedoen, en herhaal het, gaan die dogter haar moeder raadpleeg. Dan keer sy terug en spreek haar wens hardop uit sodat almal dit kan hoor: "Gee my hier op 'n skottel die hoof van Johannes die Doper." Haar versoek tref die koning met 'n ontnugterende skok. Meteens dring dit deur tot sy benewelde verstand dat sy vrou hom uitoorlê het. Maar sou hy die moed hê om dié onmenslike eis van die hand te wys? Indien hy dit sou doen, sou sy gaste met hom die spot dryf, te meer omdat hy met soveel swierige grootdoenery 'n Ahasvéros nagepraat het. Hy kry ook geen tyd vir besinning nie want die dogter eis dat haar versoek onmiddellik uitgevoer word.

Die glans van feesviering versterf op die gesig van Herodes. Verleë wend hy hom tot 'n soldaat wat op wag staan, en beveel dat uitvoering gegee moet word aan die eis van Salomé. Dit duur ook nie lank nie of die hoof van Johannes die Doper word op 'n skottel aan die dogter aangebied. Sy dra dit die feessaal uit en oorhandig dit aan haar moeder.

Waarom dat God hierdie grootste onder dié wat uit vroue gebore is (Matt. 11:11) op hierdie wyse laat sterf het, kan ons nie deurgrond nie. Tog het hy wat in sy lewe die voorloper van Jesus was op hierdie wyse ook in sy sterwe die voorloper geword. Hoewel Johannes onskuldig was, word sy hoof geëis van 'n verteenwoordiger van die Romeinse owerheid; ook die onskuldige Jesus se lewe sou geëis word van 'n Romeinse gesagvoerder.

Nadat bekend geword het dat Johannes dood is, het 'n aantal van sy dissipels die lyk kom wegneem en begrawe.

Die berig van die dood van Johannes het soos 'n skok deur die land gegaan. Andermaal is bevestig dat die Joodse volk hul profete uitwerp en doodmaak. In hierdie opsig het Johannes

"die loon van 'n profeet" ontvang (vgl. Matt. 10:41). Die vraag het na vore begin kom: As die profeet Johannes op hierdie wyse aan sy einde gekom het, wat sal die toekoms inhou vir die Profeet Jesus?

**§ 84 Herodes se mening omtrent Jesus (Matt. 14:1-2; Mark. 6:14-16; Luk. 9:7-9)**

Dit is duidelik dat Herodes heelwat gewetenskwellinge gehad het oor die dood van Johannes die Doper.

In die afsondering van die Machaerus-vesting waar Herodes vir lang tye aaneen bly woon het, het die berigte omtrent die optrede van Jesus slegs stuksgewys deurgedring. Herodes het daar ook nie veel ag op geslaan nie. Ons kan aanneem dat hy kort voordat Jesus die Twaalf uitgestuur het, na sy residensie in Tiberias gekom het vir 'n kort verblyf. Daar is die lug vol gerugte aangaande Jesus en die wondere wat Hy doen. Ook het die berigte aangekom van die dissipels wat besig was om deur die land te gaan en net sulke wonderlike dinge te doen. Daar word soveel gepraat dat Herodes verplig word om aan die optrede van Jesus aandag te skenk. Die eerste vraag waarop hy 'n antwoord soek, is: Wie is Jesus?

Herodes het wel meegedoen aan die Joodse godsdiens, maar in sy hart was hy 'n heiden, vasgevang in die heidense bygeloof. Onder meer het die heidene, en baie Jode, geglo dat as iemand gewelddadig sterwe of vermoor word, hy uit die dood terugkeer om wraak te neem. So iemand beskik dan oor bonatuurlike kragte sodat geen mens teen hom stand kan hou nie. Daarom leef iemand wat 'n ander om die lewe gebring het, in vrees vir die wraak wat hom enige dag kan tref.

As Herodes die berigte hoor van alles wat Jesus doen, word hy in sy bygeloof beangs en verklaar: "Hierdie man is Johannes die Doper. Hy het uit die dode opgestaan, en daarom werk dié kragte in hom." Die Jode rondom Herodes is egter nie bereid om sy verklaring te aanvaar nie. Hulle het ander menings. Sommige dink dat Hy Elía is wat weer sou kom as voorloper van die Messias. Ander beskou Hom as 'n profeet, maar het geen helderheid oor sy plek in die ry van profete nie. Daar was ook ander wat met Herodes saamgestem het dat Hy Johannes was wat uit die dode teruggekeer het (Luk. 9:7).

Te midde van die verskil van menings was Herodes baie verleë met die saak. Hy hou egter vol: "Johannes wat ek onthoof het, dit is hy; hy het uit die dode opgestaan".

In hierdie omstandighede beleef Herodes weer dieselfde tweestryd in die hart wat hy ten opsigte van Johannes in die gevangenis ondervind het: hy is vir hom bang, en tog verlang hy om hom te sien en te spreek. Op dieselfde manier verlang Herodes van nou af om Jesus te sien.

**§ 85 Die terugkeer van die Twaalf (Matt. 14:12-13; Mark. 6:30-31; Luk. 9:10)**

Soos reeds aangedui (vgl. § 82) het Jesus die Twaalf uitgestuur nadat die ergste winterkoue verby was. Hulle keer vroeg in die lente, teen die tyd van Paasfees, weer terug, en moes dus ongeveer twee maande weg gewees het. Besonderhede omtrent hulle werksaamhede en ondervinding in daardie tyd word ons nie vertel nie. Daar is net die kort mededeling: Hulle het uitgegaan en gepreek dat die mense hulle moes bekeer. En hulle het baie duiwels uitgedryf en baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak" (Mark. 6:12-13).

Waarom hulle met olie gesalf het, word ons nie vertel nie. Jesus het self nie dit gedoen nie, en ook nie sy dissipels opdrag gegee om met olie te salf nie. Moontlik het die dissipels dit tog gedoen as uiterlike teken waardeur hul eie geloof en dié van die sieke gesterk kon word.

Toe die Twaalf weer by Jesus kom, was hulle harte vol blydskap. Hulle het 'n wonderlike proeftyd deurgemaak en ondervind hoe die kragte van die koninkryk deur hulle werk sodat geen ding vir hulle te wonderlik was nie. Nou het hulle veel om te vertel van wat hulle gedoen en geleer het.

Met dankbaarheid ontvang Jesus sy leerlinge terug. Hy merk dat hulle moeg is en rus nodig het. Bowendien moet hulle die geleentheid kry om hul hart uit te praat, die ondervindinge met mekaar te deel, en om na aanleiding daarvan deur die Here onderrig te word. Hulle moes dus vir 'n tydjie na 'n afgesonderde plek geneem word.

By die dankbaarheid was daar egter ook groot droefheid oor die berig van die dood van Johannes die Doper. Die gebeurtenis het kommer gewek. Dit het bekend geword dat Herodes in Jesus begin belangstel het, wel nie om moontlik sy volgeling te word nie, maar om te oorweeg of daar nie teen Hom opgetree moes word nie. Hierdie toedrag versterk die oorweging by Jesus dat dit tyd geword het om Hom terug te trek na 'n stil plek om daar voort te gaan met die opleiding van sy dissipels.

Met die oog hierop gee Hy bevel dat hulle met die skuit moet oorvaar na die oostelike oewer

van die See van Galiléa.

## X. BESOEKE AAN HEIDENSE GRONDGEBIED

### § 86 Die spysiging van die vyfduisend (Matt. 14:13-21; Mark. 6:32-44; Luk. 9:10-17; Joh. 6:1-15)

In die optrede van Jesus breek daar nou 'n tydperk aan waarin Hy hoofsaaklik buite Galiléa verkeer. Hy gaan na die gebied van die Dekápolis maar kom telkens vir kort periodes terug na die westelike oewer van die See van Galiléa. Later gaan Hy noordwaarts na die gebied van Tirus en Sidon tot in die omgewing van Caesaréa Filippi aan die voet van die Hermon-gebergte.

Die rede waarom Jesus tydelik uit Galiléa wou weggaan, het ons in die vorige paragraaf aangedui. Nie alleen wou Hy 'n plek van afsondering vind om met sy dissipels te verkeer nie, maar omstandighede was aan die ontwikkel ná die dood van Johannes die Doper wat dit vir Jesus veiliger gemaak het om die regeringsgebied van Herodes Antipas te verlaat. Daarom het Hy sy dissipels beveel om in die skuit te klim en oor te vaar na die oostelike oewer van die see, waar hulle in die heidense grondgebied aan wal sou gaan.

Die vaart gaan egter nie reg oor die see nie, maar in 'n noordoostelike rigting sodat hulle net oos van Betsáida-Julias aan wal gegaan het waar Petrus, Andréas en Filippus opgegroei het (vgl. § 29). Die skare het Jesus sien wegvaar, en toe die skuit binne gesig van die kus bly, het hulle te voet langs die kus vooruit gegaan.

Toe Jesus daar uitstap, het 'n groot skare Hom ingewag. Hy het hulle innig jammer gekry "omdat hulle soos skape sonder herder was" (vgl. § 81). Geleentheid vir stilte en rus was daar dus vir Jesus en die dissipels nie. In sy ontferming het Hy weer eens die vergaderde menigte toegespreek totdat die dissipels Hom daarop gewys het dat dit reeds laat word en die mense moet begin omsien na iets om te eet. Hulle doen dus aan die hand dat Jesus die mense wegstuur sodat hulle na die dorpe in die omgewing kan gaan om brood te koop.

Tot hulle verbasing sê Jesus: "Gee julle aan hulle iets om te eet." Hulle begryp nie sy bedoeling nie. Filippus is die eerste wat antwoord. Hy sê dat al sou hulle vir tweehonderd pennings brood gaan koop, sou elkeen maar net 'n mondvol kan kry. Daarop sê Jesus dat hulle moet gaan kyk hoeveel hulle het. Hulle het wel iets in die skuit saamgebring as padkos. Andréas gaan toe kyk en kom terug met 'n seun wat die hele voorraad in 'n mandjie dra: vyf garsbroodjies en twee visse. "Maar," vra hy, "wat is dit nou vir so baie mense?" Jesus wou egter sy dissipels 'n ingrypende les leer. Hulle moes bereid wees om alles wat hulle het, hoe gering dit mag skyn, tot die beskikking van die Here te stel, en te vertrou dat Hy dit tot seën vir vele sal aanwend. Die terloopse mededeling van Markus dat daar op die plek baie groen gras was, is belangrik. Dit gee 'n aanduiding dat dit in die vroeë lente was, m.a.w. omstreeks die tyd van Paasfees. By hierdie geleentheid het Jesus nie na Jerusalem opgegaan vir die fees nie, maar by die skare gebly en vir hulle 'n wonderbaarlike fees voorberei.

Alles moes ordelik geskied. Op die bevel van die Here sorg die dissipels dat die mense in groepe van vyftig of van honderd op die gras gaan sit. Toe alles gereed was, is alle oë op Jesus gevestig. Hy kyk op na die hemel en spreek die gebed om seën op die voedsel uit. Daarna breek Hy die brood, en daarna ook die vis, en laat die dissipels die skare bedien. Die maaltyd het begin, en elkeen kon soveel eet as wat hy wou. Ná die ete stuur Jesus die dissipels om al die ongebruikte porsies bymekaar te maak sodat niks verkwis word nie. Eers toe hulle twaalf mandjies vol ongebruikte brood en vis bymekaar neersit, en besef dat dit 'n skare was van minstens vyfduisend mans, afgesien van vroue en kinders, het hulle onder die indruk gekom van die wonder wat gebeur het.

Ook hierdie wonder was 'n teken wat die heerlikheid van die Here geopenbaar het. Toe die skare dit sien, het hulle dit hardop begin uitspreek dat Hy die profeet is wat in die wêreld sou kom, volgens die voorspelling van Moses (Deut. 18:15 e.v.). Moontlik het hulle in Hom 'n nuwe Moses gesien wat Israel sou uitlei uit die Romeinse onderdrukking. Daar kom beweging onder die mense. Ná die moord op Johannes die Doper was daar 'n smeulende opstand teen Herodes. Waarom sou hulle nie Jesus openlik as koning uitroep, en onder sy leiding Galiléa binnetrek en Herodes verjaag nie?

Toe Satan in die woestyn Jesus versoek het, het hy die koninkryke van die wêreld aan Hom aangebied, indien Jesus hom sou aanbid. By daardie geleentheid kon Satan nie in sy doel slaag nie, en het hy van Jesus 'n tyd lank gewyk (Luk. 4:13). Nou, by die spysigingswonder, kom hy terug met dieselfde versoeking, maar in 'n ander vorm. Hierdie keer is dit 'n aansienlike deel van die volk, vyfduisend manne, wat Jesus koning wil maak, en dit ook met geweld wil doen. Hulle wil aan Hom selfs geen keuse laat nie. Hy moet tog bereid wees om die wil van die volk te gehoorsaam.

Wat doen Jesus in hierdie omstandighede? Hy stuur sy dissipels weg met die skuit en onderneem om self die skare huiswaarts te laat gaan. Dan wanneer die aandskemer neerdaal, gaan Hy apart na 'n plek van stilte om daar met die Vader in die gebed te verkeer. En in die gebed vind Hy die oorwinning oor die versoeking.

**§ 87 Jesus wandel op die see ( Matt. 14:22-33; Mark. 6:45-52; Joh. 6:16-21)**

Die dissipels het nie goed begryp nie waarom Jesus hulle met die skuit wou wegstuur en het blykbaar beswaar gemaak. Daarom moes Hy hulle dwing. Hy gee hulle die aanwysing om oor te steek na Betsáida, wat nie baie ver van die plek van die spysigings-wonder was nie.

Toe dit begin donker word, het Jesus na 'n berg gegaan om te bid. Daar sou Hy 'n groot deel van die nag deurbring.

Met die oorvaart van die dissipels het dit teenspoedig verloop. Al was hulle bestemming nie ver nie, het die wind hulle begin teenhou, en weldra het dit so donker geword dat hulle ook nie meer goed koers kon hou nie. 'n Geweldige storm het begin woed. Met al hul kragte het hulle probeer vooruit kom, maar kon nie vorder nie. Hoe moeiliker dit geword het, hoe meer beangs het hulle geraak.

Jesus het in die gebed volhard tot in die vierde nagwaak, d.w.s. ongeveer 3 tot 6 v.m. Hy het egter die dissipels nie vergeet nie, maar "gesien" dat hulle in nood verkeer het. Toe gaan Hy uit na hulle toe deur oor die water te wandel. Toe die dissipels sy ligtende gestalte op die water sien, het hulle gedink dat dit 'n spook was. Hy het ook nie reguit na hulle aangekom nie, maar naby verbygegaan. In hulle angs het hulle hard geskreeu. Daarop draai Jesus na hulle toe om en spreek die gerusstellende woorde: "Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie." Dadelik is hulle vrees weg omdat hulle Hom sien nader kom as die Redder uit die benoudheid.

Die haastige, impulsiewe Petrus is die eerste wat praat. Hy weet dat dit die Here is, maar verlang tog nog 'n bevestiging. Daarom sê hy: "Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom." Hierop roep Jesus hom om te kom, en Petrus stap uit die skuit op die water en loop na Jesus toe. Solank as wat hy sy oë op Jesus hou, gaan dit goed. Toe hy egter na die groot branders kyk, word hy bang, en begin wegsink. In sy nood roep hy**:** "Here, red my!" Jesus was naby en gryp sy hand. Toe bestraf Hy Petrus se kleingelowigheid en twyfel, en saam stap hulle in die skuit. Op daardie moment het die wind gaan lê en die storm bedaar.

By die aanskoue van hierdie wonder was die dissipels uitermate verbaas en verwonderd. Wat hulle in daardie nag beleef het, het hulle gedwing tot selfondersoek. Hulle het nou ingesien dat daar by hulle 'n afstomping ingetree het. Iedere dag het hulle wonderwerke van Jesus gesien, sodat hulle daaraan gewoon begin word het. Die gevolg was dat hulle die wonderspysiging, wat die skare so geesdriftig gemaak het, nie as iets besonders beleef het nie. Hulle hart was verhard (Mark. 6:52). Deur die storm en die wandel op die see het Jesus hulle opnuut tot die besef gebring dat hulle in die teenwoordigheid verkeer van die Heilige van God. In diepe eerbied buig hulle in die skuit voor Hom neer en bely**:** "Waarlik, U is die Seun van God!"

Nie lank hierna nie bereik hulle die kus en vind dat hulle in die land Gennésaret (Mark. 6:53), nie ver van Kapérnaüm nie, (Joh. 6:24). aangekom het.

**§ 88 Genesinge naby Kapérnaüm (Matt. 14:34-36; Mark. 6:53-56; Joh. 6:22-25)**

Daardie oggend na die storm toe Jesus weer in Galiléa aankom, was daar al weer 'n toeloop van mense. Ook uit Tiberias het mense na Hom gesoek. Hulle het gehoor dat Hy na die oostekant oorgevaar het, en daarheen geseil. Toe hulle by die plek kom waar Hy die skare gevoed het, en Hom en die dissipels nie daar vind nie, het hulle na Kapérnaüm teruggevaar en Hom aangetref waar Hy besig was om die hulpsoekendes te versorg (Joh. 6:22-25).

Na alle kante toe het die woord uitgegaan dat Jesus weer daar was. Hy was nie van plan om lank in Galiléa te bly nie, maar het tog deur die naaste dorpe en stede gegaan om aan die lydendes hulp te verleen. Oral het hulle siekes op bedde aangedra en langs die strate en op die markpleine neergesit. Daar het Jesus hulle gesond gemaak. Selfs diegene wat die kwaste van sy oorkleed aangeraak het, het gesond geword.

**§ 89 Die brood van die lewe (Joh. 6:26-59)**

Op die Sabbat ná die spysigings-wonder was daar 'n groot byeenkoms by die sinagoge van Kapérnaüm. Ook die mense van Tiberias, die residensiestad van Herodes, wat heen en weer oor die see gevaar het op soek na Jesus, was daar. Onder die volk leef die voorneme om Jesus as koning uit te roep in die plek van Herodes. Vol verwagting gaan hulle daardie môre na die sinagoge waar hulle 'n positiewe stap in die politieke ontwikkeling verwag.

Van hierdie gedagtes onder die volk is Jesus bewus. Hy kan egter nie toelaat dat Hy in politieke aangeleenthede verstrengel raak nie. Daarvoor het Hy nie gekom nie, en indien die volk daarin

volhard om Hom as koning uit te roep, sal Herodes optree om met geweld die opstand te onderdruk. Op hierdie wyse kom die koninkryk van die hemele nie. Daarom moet die Here die mense van Galiléa, en by name van Kapérnaüm, duidelik daarop wys dat Hy 'n geestelike sending kom uitvoer het en dat slegs diegene wat deur die geloof aan Hom verbonde is, 'n aandeel verkry in die weldade van sy koninkryk. In daardie sin is Hy die brood van die lewe.
In die sinagoge word weer aan Jesus die geleentheid gegee om die volk toe te spreek. Hy doen dit in 'n lang redevoering wat in vier onderdele verdeel kan word**:**
**(a)** ***Jesus wys op die verkeerde verwagting*** (v. 26 - 33). Met sy eerste woorde wys Jesus op die verkeerde houding van die volk. Hy het aan hulle met baie tekens bewys dat Hy nie 'n aardse koninkryk kom stig het nie, maar van God gestuur is as die Messias. Hiervoor was hulle egter blind, maar toe Hy die brood vermeerder het en hulle gevoed het, was hulle vol geesdrif en kom soek hulle Hom op om Hom koning te maak. Die aardse, stoflike voorsiening en ook hulle politieke welvaart was dus vir hulle die hoofsaak. Deur dit te doen, werk hulle vir spyse wat vergaan. Daarteenoor het Hy vir hulle die spyse gebring wat bly tot in die ewige lewe. Om dit te verkry, moet hulle die werke van God doen, en dit bestaan daarin dat hulle in Hom glo.
Die hoorders is nie gediend met wat Hy sê nie, en verlang van Hom 'n teken. Moses het brood uit die hemel laat neerdaal, maar Jesus het 'n mindere teken gedoen deur die brood te vermeerder. Kan Hy dan nie ook manna uit die hemel gee nie? Hierop antwoord Jesus dat dit nie Moses is wat die brood uit die hemel gegee het nie, maar God die Vader. Hy skenk die ware brood, naamlik, Jesus wat uit die hemel neergedaal het en aan die wêreld die lewe gee.
Onder die hoorders gaan daar 'n stem op**:** "Here, gee ons altyd daardie brood" (v. 34). Hulle versoek herinner aan dié van die Samaritaanse vrou by die put van Jakob: "Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie" (Joh. 4:15). Net soos in die geval van die vrou, word die woord van Jesus nog in 'n stoflike sin verstaan.
**b)** ***Hy is self die ware manna*** (v. 35-40). Om alle misverstand te probeer afsny, verklaar die Here: "Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie." Hy het uit die hemel neergedaal omdat Hy deur die Vader gestuur is sodat dié wat Hom met die regte oë sien en in Hom glo, die ewige lewe kan hê. Maar Jesus wys daarop dat nie almal op hierdie wyse na Hom sal kom nie. Alleenlik die "wat die Vader My gegee het" sal dit doen. God sal self in die hart die gewilligheid wek om na Jesus in die geloof te kom, en so 'n mens sal deur die Here bewaar word vir die ewige lewe.
Teen die uitspraak dat Jesus van die hemel neergedaal het, het die Jode beswaar (v. 41-42). Hulle ken Hom immers as die seun van Josef en Maria van Násaret. Hoe kan Hy nou sê dat Hy uit die hemel, neergedaal het?
***c) Die Vader wek die geloof*** *(v. 43-51).* Die onwilligheid om te glo, het 'n diepe grond. Niemand kan na Jesus kom nie tensy die Vader hom trek. Net soos die profete gepraat het van mense wat "deur God geleer" is, moet die mens ook deur God geleer word om in Jesus te glo. Waar hierdie geloof aanwesig is, word die ewige lewe verkry. Die vaders het die manna geëet en tog gesterf, maar Jesus, as die ware brood uit die hemel, is deur God gestuur om die ewige lewe mee te deel. Dan voeg Jesus by: "Die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee." Daarmee het Hy verwys na die offer wat Hy sal bring.
Die gedagte van sy vlees te eet, gee onmiddellik aanstoot. Vir die Jode is so 'n gedagte nie net onverstaanbaar nie maar ook weersinwekkend, omdat hulle dit in die letterlike sin opneem.
***d) Die ware spys en drank*** (v. 53-58). Nou gaan Jesus voort om die verborgenheid bekend te maak van "sy vlees eet" en "sy bloed drink." Hy bedoel dit nie in die letterlike sin nie, maar verwys na die offer van sy lewe wat vir almal ten goede sal wees wat in Hom glo. Elkeen wat die lewe soek, moet deur die geloof sy vlees eet en sy bloed drink, want "my vlees is waarlik spys en my bloed is waarlik drank," sê die Here. Wie hieraan deel het, het van die ware brood van die lewe geëet. Hy sal nie soos die vaders wat die manna geëet het, sterwe nie, maar tot in ewigheid lewe.
Met hierdie uitspraak het Jesus vooruit die diepe betekenis van die nagmaal, wat Hy later sou instel, aangedui. Daar aan die tafel van die Here word die gelowige deur die gebruik van die tekens van die nagmaal gespysig en gelaaf met die liggaam en bloed van die Here, die ware spyse en drank.
Só het Jesus in die sinagoge van Kapérnaüm gepreek. Sy woorde het misverstande in verband met 'n moontlike politieke koningskap uit die weg geruim, en daardeur sy hoorders ontnugter. Daarby het Hy uitsprake gedoen oor Homself as die ware brood uit die hemel, wat moeilik was om te aanvaar. En sy woorde oor die eet van sy vlees en die drink van sy bloed, het

onmiskenbaar aanstoot gegee.
Vir Kapérnaüm het 'n uur van beslissing aangebreek.

**§ 90 Die uur van beslissing in Kapérnaüm (Joh. 6:60-71)**

Toe die byeenkoms in die sinagoge beëindig is, het heelwat gedagtewisseling onder die volk plaasgevind. Die meerderheid was teleurgestel. Hulle het groot gebeurtenisse daardie oggend verwag, moontlik die begin van 'n bevrydingsveldtog teen die Romeinse oorheersers. Maar die verwagtings is verydel, en bowendien is dinge gesê wat vir 'n vrome Jood eenvoudig onaanvaarbaar was. Daarom gaan die grootste deel van die skare ontnugter huis toe.
Rondom Jesus bly 'n aansienlike kring van volgelinge staan. Hulle is sigbaar ontsteld. "Hierdie woord is hard, wie kan dit aanhoor?" wil hulle weet. Geduldig gee die Here 'n verdere verduideliking ten einde hulle tot geloof te lei. Drie dinge bring Hy na vore**:**
***Eerstens,*** hulle glo nie omdat hulle Hom nie uit die hemel sien neerdaal het nie. Sal glo as hulle Hom na die hemel sien opvaar? Dit vra Hy om daardeur vooruit te wys op sy hemelvaart aan die einde van sy aardse bediening.
***Tweedens*** lê Hy weer daarop nadruk dat dit nie gaan om die letterlike stoflike vlees en bloed wat geëet en gedrink moet word nie, maar om geestelike dinge. Sy woorde is gees en lewe, en daarom moet dit geglo word. Trouens, geestelike dinge word nie anders nie as deur die geloof toegeseën.
***Derdens,*** daar is ongeloof by hulle, en dit is die geval omdat die geloof 'n gawe van die Vader is. Wanneer die Vader dit aan iemand gee om te glo, kom hy na Jesus toe en vind hy die ewige lewe. Dit is dus nie 'n saak van menslike willekeur nie, maar 'n beslissing wat in die grond van die saak herlei word tot die raad van God.
Toe Jesus hierdie woorde uitgespreek, het daar 'n skeiding onder sy volgelinge gekom. Baie wat as dissipels bekend gestaan het, het nou weggedraai en Jesus nie langer gevolg nie. Daardeur het die kring van volgelinge baie klein geword. Kapérnaüm waar die Here so baie gearbei het, het gekies. Hulle besluit dat die eise van Jesus te hoog is. Dus gaan hulle liewer sonder Hom die toekoms in (vgl. § 67).
Dit het gelyk asof alles wat Jesus dusver opgebou het, op daardie Sabbat in duie stort. Van die groot skares bly daar net 'n handjievol volgelinge oor. Die aanvanklike geesdrif is weg en 'n gees van verset was sterk aan die opkom. In hierdie omstandighede kyk Jesus die Twaalf aan en vra: "Wil julle nie ook weggaan nie?"
Aan hulle het Hy reeds gesê dat hulle 'n weg van vervolging en van kruis-dra sal moet bewandel indien hulle Hom navolg (vgl. § 82). Nou sien hulle die begin van die vereensaming. Aan hulle gee Jesus weer eens die geleentheid om te besluit of hulle by Hom wil bly.
Simon Petrus wat as die mondstuk van die Twaalf optree, antwoord: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God." Waarskynlik het Petrus nie die volle betekenis van sy eie woorde begryp nie, maar een ding wou hy tog bo alle twyfel stel. Hy wou sê dat hulle wat Jesus gevolg het, oortuig is dat Hy die Messias is, en dat hulle nie kans sien om sonder Hom verder te gaan nie. Aan Hom sou hulle getrou bly omdat Hy die Seun van die lewende God is. Dit het hulle geglo en erken. Deur hierdie volgorde van sy woorde: "geglo en erken," het Petrus laat blyk dat die Twaalf reeds die eerste beginsel van navolging geleer het, naamlik, eers glo en dan ken. Dit is juis die les wat Jesus die Jode tevergeefs probeer leer het. Hulle het volhard met die eis dat hulle 'n teken wil sien, omdat hulle éérs wou sien en dán glo. Op daardie weg kom 'n mens egter nie tot die kennis van Christus, die Seun van God nie.
Die woorde van Petrus het die Here diep getref en Hom ook dankbaar gemaak. En tog was daar droefheid in sy hart. Nie al twaalf sou getrou bly nie. Hy het hulle as twaalf uitverkies, soos die Vader hulle aan Hom gegee het (vgl. § 47), maar een van hulle was 'n duiwel. Dit was 'n skokkende woord. Later sou hulle egter weet dat Jesus geweet het dat Judas Iskáriot Hom sou verraai, en met die oog op hóm verklaar het dat een 'n duiwel was.

**§ 91 Twisgesprek oor rein en onrein (Matt. 15:1-20; Mark. 7:1-23; Luk. 11:37-41)**

Die ondervindinge in die omgewing van Kapérnaüm, en veral die gebeurtenisse by die sinagoge op daardie Sabbat, het Jesus versterk in sy voorneme om 'n tyd lank weg te gaan uit die Joodse land. Dit het bekend geword dat Herodes dit oorweeg het om teen Jesus op te tree, en nou het die volk ook teen Hom gedraai omdat Hy nie wou toelaat dat hulle Hom as koning uitroep nie. Dit het dus noodsaaklik geword dat Hy na die gebied van Tirus en Sidon gaan. Dit sou Hom ook die geleentheid bied om die dissipels verder te onderrig.
Voordat Jesus Kapérnaüm verlaat het, het daar nog 'n belangrike gebeurtenis plaasgevind. Die

Joodse Raad in Jerusalem het kennis geneem van Jesus se optrede in Galiléa en by 'n vorige geleentheid reeds 'n kommissie van ondersoek gestuur om vas te stel of daar teen Hom stappe gedoen moes word. Die vorige kommissie het die mening uitgespreek dat Hy deur die krag van Beëlsebul die duiwels uitdryf (vgl. § 71). Dié verslag gee daartoe aanleiding dat opnuut 'n kommissie van Fariseërs en skrifgeleerdes gestuur word om te kyk of hulle 'n klag teen Hom kan vind.

Hierdie kommissie van ondersoek het kort tevore in Kapérnaüm aangekom, en daar gehoor van die spysiging van die vyfduisend. Moontlik bring dit hulle op die gedagte dat die mense seker nie hulle hande voor die ete gewas het, soos die oorgelewerde gebruik bepaal nie. Jesus het dus aanleiding gegee dat hierdie voorskrif veronagsaam word. Sou hulle Hom nie hierop kon betrap nie?

Volgens Lukas (11:37) het 'n sekere Fariseër Jesus uitgenooi om by hom te kom eet. Moontlik was dit net ná die Sabbat waarop Jesus in die sinagoge gepraat het oor die brood van die lewe. Die uitnodiging is waarskynlik beplan deur die kommissie uit Jerusalem. Toe Jesus en sy dissipels aan tafel gaan sonder om hulle hande te was, gee die gasheer sy verwondering daaroor te kenne.

Markus, wat sy Evangelie aan bekeerlinge uit die heidendom in Rome rig, onderbreek die verhaal om eers die Joodse gebruike in verband met die reinigings-wassinge te verduidelik. Hulle eet nooit alvorens hulle die hande gewas het nie, al is dit net met 'n bietjie water in die holte van die een hand. As hulle van die mark kom, moet hulle eers afspoel. Kanne en bekers word deeglik gewas om te verseker dat hulle ritueel rein is.

In die wet is daar egter geen bepaling dat die hande voor ete gewas moet word nie. God het wel beveel dat sy volk heilig moet wees (Lev. 11:44; 19:2). Die Joodse skrifgeleerdes het die "heiligheid" as iets van uiterlike aard vertolk. Daarom skryf hulle allerlei reëls voor in verband met wassinge van die liggaam of gebruiksartikels ten einde die "heiligheid" te verseker. Voordat iemand sy voedsel aanraak, moet hy sy hande was, en ook tussen geregte aan tafel moet dit gebeur. Die instelling hieromtrent word heel streng gehandhaaf. Daarom heers daar verontwaardiging omdat Jesus nie die voorskrifte in ag neem nie.

Die Fariseërs wat getuies van die handelwyse van die Here was, tree onmiddellik nader met die vraag waarom Jesus se dissipels nie die oorgelewerde voorskrifte onderhou nie. Hoewel Jesus self ook nie sy hande gewas het nie (Luk. 11:38), word Hy nie gevra om van sy eie optrede rekenskap te gee nie, maar wel van die handelwyse van sy dissipels.

Jesus het nooit oor klein dinge 'n argument gevoer nie, maar steeds die onderliggende beginsels op die voorgrond gestel. In hierdie geval wys Hy op twee fundamentele dinge: eerstens dat die Fariseërs met hulle veelheid van instellinge die wet van God kragteloos maak, en tweedens dat heiligheid of reinheid 'n saak van die hart is, en nie van uiterlike wassinge nie.

Met 'n woord van Jesaja (29:13) begin Jesus sy antwoord. Daarvolgens verklaar die Here dat die volk Hom eer met die lippe terwyl hul hart ver van Hom is, en hulle onderhou tevergeefs allerlei gebooie wat insettinge van mense is. As die Fariseërs geen ag op die woorde van Jesus wil slaan nie, moet hulle tog let op wat God deur die profeet Jesaja gesê het, en besef dat daardie woord op hulle van toepassing is.

Dan lê Jesus sy eerste stelling neer: deur die veelheid van insettinge waarmee die Fariseërs voorgee dat hulle God dien, maak hulle in werklikheid die wet van God kragteloos. Dit bewys Jesus met 'n voorbeeld. Die wet bepaal dat vader en moeder geëer moet word, en dat iemand wat vader of moeder vloek, moet sterwe (Exod. 20:12 en 21:17). Die Jode het egter 'n insetting dat enige besitting of eiendom afgesonder kan word as 'n gawe wat aan die Here gewy is. Die eienaar hoef dit dan nie aan die priesters te oorhandig nie, maar kan dit behou en gebruik. Dit mag net nie aan iemand anders gegee word nie want dit is "korban" d.i. 'n offergawe wat aan die Here behoort. Nou kan dit gebeur dat 'n vader in sy armoede sy welgestelde seun vra om hom te help met geld of goed. Die seun kan dan eenvoudig 'n algemene uitspraak doen dat alles wat die vader van hom begeer, korban is. Dan hoef hy sy vader niks te gee en die vader kan ook niks van hom neem nie. Op hierdie wyse word die Vyfde Gebod kragteloos gemaak.

Hierop roep Jesus die skare nader om ten aanhore van almal die tweede beginsel uit te spreek. Hy verklaar dat niks wat van buite in die mens ingaan, hom onrein maak nie, maar die dinge wat van binne uitkom, maak onrein. 'n Voorbeeld hiervan is juis die insettinge omtrent die was van hande. Dit is iets wat deur die mense bedink is en dus van binne, uit die hart van die

skrifgeleerdes, gekom het. Die uitwerking daarvan was dat dit die gebooie van God tersyde gestel het. Maar die uitspraak van Jesus het ook betrekking op al die Joodse voorskrifte i.v.m. die rituele reinheid of onreinheid. Selfs die rituele voorskrifte van Moses i.v.m. rein en onrein voedsel word deur die beginsels-uitspraak van Jesus opgehef. Reinheid en onreinheid is 'n saak van die hart.

Die dissipels besef dat dit 'n uitspraak is wat diep ingryp in die Jode se opvatting van heiligheid, en mitsdien in hulle leefwyse. Daarom vra hulle nadere toeligting sodra hulle saam met Jesus alleen in 'n huis was. Hy wys toe daarop dat alles wat van buite in die mens ingaan, met name die voedsel wat hy eet, nie sy hart bereik nie maar die maag. Daar gaan die natuurlike prosesse van die liggaam aan die werk om die goeie te behou en die onbruikbare uit te werp. Dit alles raak nie die verhouding tot God of die medemens nie. Daarteenoor egter kom daar baie dinge *uit* die mens te voorskyn. Uit sy bose hart kom slegte gedagtes te voorskyn, en daaruit word gebore: egbreuk, ontug, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie dinge kom van binne uit die hart van die mens, en hulle maak die mens en sy hele omgewing onrein.

Met hierdie uitsprake het Jesus die beginsels neergelê wat 'n einde maak aan die rituele reinheidsvoorskrifte van die Jode, en eventueel die weg open vir die evangelie aan die heidene, d.i. die onreines. Verder het Hy die uiterlike rituele reinheid aangetoon as 'n masker wat 'n bedorwe, onreine hart kan verberg. In die uiterlike reinheid het die Here geen behae nie, maar wel in die reinheid van hart. Hy het immers gesê**:** "Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien".

**§ 92 Die Siro-Feniciese (Matt. 15:21-28; Mark. 7:24-30)**

Ná die twisgesprek met die Fariseërs en skrifgeleerdes het Jesus nie meer lank in Galiléa gebly nie. Met die dissipels trek Hy noordwaarts en steek die grens oor na die gebied van Tirus en Sidon. Hy gaan nie na hierdie kusstede self nie, maar vertoef digby die grens waar Hy 'n gasheer gevind het wat die geselskap huisvesting gegee het. Hy wou dat niemand van sy koms moes weet nie aangesien Hy liefs verborge wou bly.

Dit het egter bekend geword dat Jesus in die omgewing aangekom het. Die eerste wat by Hom hulp kom soek het, was 'n Griekssprekende vrou afkomstig uit die Siro-Feniciese gebied waarin Jesus toe was. Die vrou was 'n heidin, maar het tog van die wondere van Jesus gehoor, en ook dat Hy genoem word "Seun van Dawid". Haar dogtertjie was erg van die duiwel besete.

Die vrou het na die huis gekom waar Jesus was, en uitgeroep: "Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid !" Jesus het haar wel gehoor maar geen ag geslaan op haar geroep nie. Toe sy daarmee volhard, sê die dissipels aan die Here dat Hy haar moet help sodat hulle van haar ontslae kan wees. Jesus help egter nie om so 'n rede nie. Hy help uit ontferming.

Aan die dissipels sê Jesus: "Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel." In sy bediening aan Israel het die Here wel enkelinge uit die heidene wat sy hulp gelowig gesoek het, uitgered. Hy moes egter aan Israel Homself openbaar as die Messias. Daarna, nadat Hy gekruisig is, sal sy roeping teenoor Israel voltooi wees en kom die heidene in gelyke mate as Israel aan die beurt (vgl. Matt. 10:5-6, en § 82).

Die vrou het intussen nader gekom. Smekend val sy voor die voete van Jesus. Uit haar hart kom die noodroep**:** "Here, help my!" Sy ken geen ander helper nie, en verwag nou redding van Jesus. Maar Hy stel haar nogtans op die proef. Vriendelik maar afwysend sê Hy: "Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie." Die vrou weet goed dat die Jode dikwels na die heidene verwys het as honde, maar sy neem geen aanstoot nie. Daarvoor is haar nood te groot. Sy erken dat Israel die "kinders" is en dat God aan hulle besondere gunste bewys. Daaromtrent is sy geensins afgunstig nie. Maar sy maak aanspraak op die deel van die hondjies by die tafel van die kinders. Daar val tog altyd krummels. En so 'n krummel vra sy van Jesus.

Die Here het groot waardering vir die egtheid van haar geloof: "O vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê." Getroos en verseker deur hierdie woord, gaan die vrou huis toe en vind dat haar dogter op daardie uur gesond geword het.

Dit is die derde keer dat Jesus 'n wonder verrig om 'n heiden uit sy nood te red. Die ander twee was die seun van die koninklike beampte (Joh. 4:43-54, vgl. § 34), en die kneg van die hoofman van Kapérnaüm (Matt. 8:5-13, vgl. § 57), wat beide genees is. Tussen hierdie drie wondere is daar sekere ooreenkomste. In al drie is dit die volwasse ouer of voog wat by Jesus intree ten behoewe van 'n sieke wat vir hom of haar kosbaar is. In al drie die gevalle is daar 'n besondere bewys van geloof in Jesus; in almal geskied die wonder op 'n afstand en word die

sieke gesond op die uur waarop Jesus die toesegging uitspreek teenoor die ouer of voog.

**§ 93 Die genesing van 'n doofstomme en baie ander (Matt. 15:29-31; Mark. 7:31-37)**

Noukeurige berigte omtrent die omswerwinge van Jesus in die heidense gebied is nie tot ons beskikking nie. Ook weet ons nie hoe lank Hy in die gebied van Tirus en Sidon gebly het nie. Die aanwysing in Mark. 7:31 beteken dat Jesus die gebied van Tirus verlaat het deur noordwaarts te reis tot naby Sidon en van daar terug na die noordpunt van die See van Galiléa, en dan langs die oostelike oewer suidwaarts tot ongeveer in die middel van die gebied van die Dekápolis. Hy gaan dus nie terug na Galiléa self nie, maar vind dit veiliger om voorlopig in die Dekápolis te vertoef. Hierdie tien Griekse stede was in 'n bondgenootskap verenig onder die bestuur van die goewerneur van Sirië.

In hierdie gebied waar die Gadareners Jesus onwelkom gevind het (vgl. § 61), heers daar nou 'n ander gees. Skaars het Jesus aangekom, of groot skares begin saamtrek om Hom te hoor. Van alle kante word siekes aangebring om genees te word. Matthéüs se kort beskrywing bring ons diep onder die indruk van wat gebeur het. Hy skryf: "Daar kom groot menigtes na Hom met kreupeles, blindes, stommes, gebreklikes en baie ander by hulle, en hulle het dié by die voete van Jesus neergesit, en Hy het hulle gesond gemaak, sodat die skare verbaas was om te sien dat stommes praat, gebreklikes gesond word, kreupeles loop en blindes sien; en hulle het die God van Israel verheerlik".

Net soos die Jode onder die indruk van die wondere van Jesus gekom het en God verheerlik het (Mark. 2:12) so het die heidene nou ook hulle van hul eie gode afgewend en die God van Israel verheerlik.

Van een geval van genesing word ons besonderhede vertel. 'n Dowe wat swaar praat, word na Jesus gebring met die versoek dat Hy hom die hande moet oplê en gesondmaak. Jesus handel egter anders as wat hulle verwag het. Hy neem die dowe weg van die skare na 'n plek waar Hy met hom alleen besig kan wees. Toe steek Hy 'n vinger in die man se ore, Hy maak sy vinger met speeksel nat en raak sy tong aan. Die dowe het uit die handelinge begryp dat dit gaan om sy gebreke. Dit is moontlik dat Jesus deur die aanraking en die speeksel juis aanknoop by die heidense bygeloof ten einde hierdie man se geloof te versterk, en tegelyk van die bygeloof te verlos. Daarom gebeur daar ook niks nadat Hy hom met die vinger en speeksel aangeraak het nie. Deur hierdie dinge kom daar geen genesing nie. Maar deur dié handelinge het die Here die volle aandag en verwagting op sy volgende handeling gevestig. Hy kyk op na die hemel en sug, sodat gesien kan word dat Hy met die dowe medelye het en hulp van die hemel inroep. Daarop spreek Hy een woord**:** "Éffata!" (= Gaan oop!). Hy sê dit in Aramees omdat die taal ook in die Dekápolis gespreek is. Die uitwerking van die gebed en die woord is onmiddellik. Die man se ore gaan oop en sy tong raak los sodat hy kan praat.

Jesus gee aan die man strenge bevel om nie van sy genesing te gaan vertel nie, maar hy luister nie. Die Here wou graag stilte vind. Ook wou Hy nie dat groot skares na Hom toe kom en daardeur by die landsowerheid die indruk wek dat Hy die volk in oproer bring nie. Maar die dade van Jesus kan nie verborge bly nie. Almal is uitermate verslae oor wat hulle sien gebeur, en hulle getuig dat "Hy alles goed doen." So 'n getuienis was daar nie van die kant van die Jode nie.

**§ 94 Die spysiging van die vierduisend (Matt. 15:32-39; Mark. 8:1-10)**

So gretig was die heidene om Jesus te sien en te hoor dat hulle drie dae by Hom gebly het. Die plek was onherbergsaam en die voedsel was op, en tog wou die mense nie huiswaarts gaan nie. Jesus het 'n oog gehad vir die ontberinge wat hulle begin ly het. Hy roep toe sy dissipels byeen en sê aan hulle dat Hy vir die skare jammer is, en hulle nie ongevoed huis toe wil stuur nie. Baie het van ver gekom en sal beswaarlik sonder ete die huis kan haal.

Die dissipels dink blykbaar nie aan die moontlikheid dat Jesus weer die brood kan vermeerder nie. Hulle skyn die eerste wonderspysiging te vergeet het. Nou weet hulle geen raad met die onmoontlikheid nie, en vra: "Waarvandaan sal 'n mens hulle hier in die woestyn kan versadig met brood?" Jesus moet die les van die eerste spysigingswonder weer eens leer, en stuur hulle dus om hul eie voorraad brood te gaan haal. Hulle bring sewe brode en 'n paar vissies te voorskyn. Vir Jesus is dit voldoende om die skare te voed (vgl. § 86).

Weer beveel Hy dat die skare op die grond gaan sit, en wanneer alles gereed is, spreek Hy die seënbede uit en begin die brood breek en aan die dissipels gee om aan die skare voor te sit. Ook die vissies word gedeel. Almal het geëet en versadig geword. Daarna word die oorskot-brokstukke ingesamel, en sewe mandjies vol word byeengebring. Met sewe broodjies is begin, en sewe mandjies vol skiet oor, nadat die skare van vierduisend mans, afgesien van vroue en

kinders, gevoed is .... só groot is die wondermag van Jesus, en só oorvloedig is Hy in sy weldadigheid teenoor 'n noodlydende mensheid.
Nadat almal versadig is, het Jesus hulle huiswaarts gestuur. Hyself en die dissipels het na die oewer van die see gegaan waar 'n skuit vir hulle gewag het. Daarmee het hulle weswaarts gevaar in die rigting van die deel van Galiléa wat bekend was as Dalmanúta, en die land bereik by die dorp Magdala.

**§ 95 Die teenstanders vra 'n teken (Matt. 16:1-4; Mark. 8:11-13; vgl. Luk. 11:16, 29; 12:54-56)**

By sy terugkoms in Galiléa word Jesus nie lank met rus gelaat nie. 'n Afvaardiging van Fariseërs en Sadduseërs verskyn op die toneel en begin Jesus ondervra. Tot hiertoe het die Sadduseërs op die agtergrond gebly. Hulle verteenwoordig die priesters, en was in die meerderheid in die Joodse Raad, die Sánhedrin, in Jerusalem. Met die Fariseërs was hulle voortdurend in stryd oor die verklaring van die wet (vgl. §4 (a)), maar nou span hulle saam met hulle tradisionele teenstanders om teen Jesus op te tree.
Van die Here verlang hulle nou nie slegs 'n teken soos die vorige keer nie (vgl. § 72), maar spesifiek 'n teken uit die hemel. Hy moet dus iets doen waardeur hulle oortuig kan word dat God uit die hemel aan Hom sy medewerking en guns verleen. Moses het tog die manna uit die hemel laat neerdaal, en by Sinaï het God die gesag van Moses deur die stem uit die hemel bevestig. Kan Jesus ook van God so 'n direkte teken uit die hemel verkry om te bevestig dat Hy deur God gestuur is?
In sy antwoord sluit Jesus aan by hulle verwysing na die hemel. Hy wys na die hemelruim en sê dat hulle weet om die tekens in die lug te vertolk. As die lug in die aand rooi is, verwag hulle mooi weer, en as die lug in die oggend donkerrooi is, voorspel hulle stormweer. As hulle die natuur se tekens kan verstaan, kan hulle dan nie die tekens van die tye onderskei nie? Die oorvloedige wonderwerke getuig tog nie van menslike vermoë nie, maar van God wat deur Jesus aan die werk is. Buitendien moet hulle as die kenners van die Skrifte tog die eerstes wees wat insien dat die profesieë in verband met die optrede van die Messias besig is om vervul te word. Op hierdie verband het Jesus Johannes die Doper ook reeds gewys (vgl. § 66). Deur hulle volgehoue onwilligheid om tot die regte insigte te kom, bewys hierdie "vromes" dat hulle 'n "slegte en oorspelige geslag" is. Hulle is deurtrek van die sonde, en daarom sleg. En met toespeling op die Ou-Testamentiese gedagte dat Israel die bruid van God is, noem Jesus hulle "oorspelig", d.i, die ontroue bruid wat nie meer die naam van "bruid" waardig is nie. Aan so 'n sondige geslag sal Hy geen ander teken gee nie, behalwe die teken van Jona. Wat Hy met die teken van Jona bedoel, het Hy by 'n vorige geleentheid reeds verduidelik. Hy doen dit dus nie weer nie (vgl. § 72).

**§ 96 Die suurdeeg van die Fariseërs (Matt. 16:5-12; Mark. 8:14-21; Luk. 12:1)**

Die onderhoud met die Fariseërs en Sadduseërs het kortaf geëindig. Jesus het van hulle weggedraai en na die skuit gegaan om weg te vaar (Mark. 8:13). In Galiléa was die atmosfeer nog veels te vyandig. Daarom gaan Hy terug na die heidense gebied. Hulle kies die koers in die rigting van Betsáida.
Toe hulle onderweg was, sê Jesus aan die dissipels dat hulle op hulle hoede moet wees vir die suurdeeg van die Fariseërs en die Sadduseërs, en die suurdeeg van die Herodiane, m.a.w. van al diegene wat besig was om teen Hom saam te sweer en die volk teen Hom op te sweep.
Die verwysing na die suurdeeg het die dissipels aan brood laat dink. Dit skiet hulle te binne dat met die haastige vertrek uit Magdala hulle vergeet het om brood vir die dag saam te neem. Hulle meen toe dat Jesus hulle oor dié nalatigheid betig. Die Here het gemerk wat hulle gedagtes was, en met droefheid spreek Hy hulle aan**: "**Begryp julle nie en verstaan julle nie? Het julle nog julle verharde hart? Het julle oë en sien julle nie? En het julle ore en hoor julle nie?"
Toe die Here aan sy dissipels verduidelik het waarom Hy in gelykenisse leer, het Hy verklaar dat dit was om die verborgenhede van die koninkryk bedek te hou vir die volk wat verhard van hart was, met oë wat nie sien en ore wat nie hoor nie. Toe het Hy die woorde van Jes. 6:10 e.v. op sy teenstanders toegepas (vgl. § 73). Nou vind Hy dat sy eie dissipels, wat reeds soveel gesien en gehoor het, nog nie oë het om te sien en ore om te hoor nie. Die profetiese woord van Jer. 5:21 is in hierdie verband op hulle van toepassing**;** daar is by hulle nog 'n verharding van hart. Daarom begryp hulle nog nie, en merk hulle ook nie op nie.
Oor brood hoef daar geen besorgdheid te wees nie. Herinner hulle hulle dan nie die kere waarop Jesus groot skares met enkele broodjies gevoed het en bowendien 'n groot oorskot

besorg het nie? Hy het die leer van die Fariseërs bedoel, wat besig was om soos 'n verderflike suurdeeg deur die volk te trek en moontlik ook die dissipels sal aantas.

Wat die Here met die suurdeeg bedoel het, moet ons aflei uit die standpunte en leer van die verskillende partye. Die Fariseërs is bekend vir hulle godsdienstige hoogmoed, hul eiegeregtigheid en dubbelhartigheid, en hul onwilligheid om hul eie opvattinge te hersien in die lig van Jesus se prediking. Die Sadduseërs neem 'n slapper houding in teenoor die wet van God; hulle is gesteld op eer, aansien en rykdom, en is in die algemeen wêreldsgesind en selfversekerd. Die Herodiane is egte wêreldlinge wat selfverwesenliking soek sonder sedelike remminge.

Al hierdie sondige verskynsels saam vorm 'n skadelike suurdeeg waarteen nougeset gewaak moet word.

**§ 97 Die genesing van 'n blinde by Betsáida (Mark. 8:22-26)**

In die buurt van Betsáida-Julias, waar die eerste spysigingswonder plaasgevind het (vgl. § 86). kom die geselskap aan land. Hulle was nie lank daar nie, of 'n blinde word na Jesus gebring met die versoek dat Jesus hom moes aanraak. Die verwagting was dat die aanraking vanself genesing sou bring, maar Jesus wil hulle laat sien dat dit anders geskied. Hy wil hulle nie in hul bygeloof sterk nie.

Jesus handel met elke sieke op 'n wyse wat die beste is vir die bepaalde sieke en wat pas by die omstandighede. Hy skenk aan elkeen individuele aandag. Tog kan ons in die algemeen onderskei tussen die manier waarop Hy handel met mense wat self na Hom kom om hulp te vra, en dié wat na Hom gebring word deur ander. In laasgenoemde gevalle voer Hy sekere handelinge uit om die geloof van die sieke te sterk, en om die moontlikheid van bygeloof af te sny. Daarom vind ons ook 'n opmerklike ooreenkoms tussen die genesing van hierdie blinde heiden by Betsáida en dié van die doofstomme in die Dekápolis (§ 93).

Die Here neem die blinde by die hand en lei hom weg van die mense wat vergader het. Hulle moet sien dat hierdie aanraking as sodanig geen genesing bewerk nie. Dan in die afsondering bestryk Jesus sy oë met speeksel en lê hom die hande op. Op die vraag of hy kan sien, kyk die blinde en sê dat hy slegs onduidelike beelde sien. Die mense lyk vir hom soos bome. Weer eens lê Jesus hom die hande op, en dan kan hy alles op 'n afstand skerp sien.

Deur op hierdie wyse te handel, net soos voorheen met die doof stomme, wou die Here laat sien dat hier geen plek is vir bygeloof nie. Dit is nie die handelinge of die middel wat die genesing bring nie, maar Hyself, en Hy doen dit nie half nie maar volkome. Daarom laat Hy die genesing in twee stadiums geskied.

Ook aan hierdie man word gesê om nie sy genesing in die dorp rugbaar te gaan maak nie. Jesus wil Homself afsonder van die skare. Daarom verlang Hy dat daar geen toeloop sal wees nie.

## XI. BEKEND GESTEL AS DIE CHRISTUS OP DIE LYDENSWEG

**§ 98 Die belydenis van Petrus (Matt. 16:13-20; Mark. 8:27-30; Luk. 9:18-21)**

Die beslissende keerpunt in Jesus se self-bekendstelling aan sy dissipels, en in sy openbare bediening, het nou aangebreek. In die verte word die kruis reeds sigbaar. Jesus bevind Hom op die weg wat eerlank op Jerusalem en Gólgota sal uitloop. Omdat die tyd begin kort word, moet Hy intensief besig bly met die onderrig van die dissipels.

Daar is drie dinge wat die dissipels dringend moet leer: Eerstens moet hulle kom tot die persoonlike belydenis dat Jesus die Christus is, d.w.s. die verwagte Messias. Tweedens moet hulle tot die insig gelei word dat die Messias nie in heerlikheid kom nie, maar op 'n weg van lyding en dood tot heerlikheid gaan. Derdens moet hulle begryp dat Jesus besig is om 'n gemeente te vorm, onderskeie van die sinagoge, en dat hierdie gemeente op 'n fondament gebou, en deur gesag wat Hy verleen, geregeer sal word, en volgens beginsels wat Hy neerlê, sal lewe.

Om hierdie dinge aan die dissipels te leer, was 'n taak wat wysheid, geduld en versigtigheid vereis het. Die oorgelewerde Joodse opvattinge was by hulle so diep gewortel dat dit soms byna onmoontlik gelyk het om hulle tot nuwe insigte te bring. In hierdie verband het Jesus herhaaldelik teleurstellinge beleef. Telkens het geblyk dat hulle sy woorde nie verstaan en ook nie sy wondere as tekens van sy goddelike mag begryp het nie. Op die oorvaart van Magdala na Betsáida het Hy met smart in die hart die profetiese woord op hulle moes toepas: "Het julle oë en sien julle nie? Het julle ore en hoor julle nie?" (Mark. 8:18). Hulle het Hom dusver as 'n Profeet en Wonderdoener aangesien. Hoe sou Hy hulle laat verstaan dat Hy die Messias is, en

dat Hy juis daarom op 'n lydensweg moet gaan?
'n Merkbare rusteloosheid het oor Jesus gekom. In die vorige weke het Hy deur die gebied van Tirus en Sidon rondgetrek, en toe suidwaarts deur die gebied van die Dekápolis. Daarna gaan Hy terug na Galilea maar bly net 'n dag of twee by Magdala. Nou is Hy al weer in die heidense gebied naby Betsáida. Van daar trek Hy noordwaarts langs die loop van die Jordaan, by die Waters van Merom (vgl. Jos. 11:1-5) verby in die rigting van die Hermon waar die Jordaan sy oorsprong het. In die pragtige water- en bosryke voetheuwels van die Hermon kom hulle in die omgewing van die stad Caesaréa-Filippi.
Hier het 'n tempel gestaan waar die natuurgod Pan deur die heidene vereer is. Die stad het ook voorheen bekend gestaan as Panéas. Filippus, die broer van Herodes Antipas, was viervors oor hierdie gebied en het die ou stadjie herbou. Om die keiser te vereer, het hy dit Caesaréa genoem, en om dit te onderskei van die veel groter Caesaréa wat sy vader, Herodes die Grote, aan die kus gebou het, het hy sy eie naam bygevoeg. Vandaar die naam Caesaréa-Filippi.
In hierdie mooi omgewing was daar geleentheid genoeg vir stille afsondering, maar hier moes Jesus ook uiters gewigtige dinge aan die dissipels bekend maak. Voordat Hy dit doen, sonder Hy Hom eers af vir gebed (Luk. 9:18). Nie net in die onderrig van die dissipels was dit 'n belangrike keerpunt nie, maar ook vir Jesus self omdat Hy van nou af hoe langer hoe meer Hom moes onderwerp aan die smadelike vernedering wat op sy lyding en sterwe sou uitloop. In die gebed verkeer die Seun met die Vader, en word Hy gesterk om die wil van die Vader te doen.
As Jesus na sy gebed weer by die Twaalf aansluit, roep Hy hulle saam en stel die vraag: "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?"
Vir ons wat dit lees, kan hierdie vraag allerlei probleme opwerp. Hoe moet ons dit verstaan as Jesus vra wie Hy is, en in dieselfde asem sê wie Hy is, naamlik die Seun van die mens? Was 'n antwoord van die dissipels dan nog nodig? Die antwoord hierop moet juis in die selfbenaming van Jesus "Seun van die mens" gesoek word. Ons het reeds daarop gewys dat hierdie benaming aan Dan. 7:13 ontleen is, waar voorspel word van "die Seun van 'n mens" wat in heerlikheid op die wolke sal verskyn (vgl. § 29). Dit blyk egter dat tot in hierdie stadium in die optrede van Jesus nóg die skare nóg die dissipels die selfbenaming van die Here met die profesie van Daniël verbind het of ook met die voorspellinge aangaande die Messias. Hulle het die Naam bloot verstaan in sy letterlike betekenis van "mensekind" of "mens." Daarom het die Naam gedien as 'n verberging van die ware identiteit van Jesus, en het die dissipels daaronder verstaan dat Hy Homself aandui as die Een wat volkome een was met die mense. Trouens, sy hele voorkoms en sy leefwyse het Hom nie van gewone mense onderskei nie. As Hy dus na Homself verwys as die Seun van die mens het hulle dit bloot as 'n self-aanduiding verstaan. Onder hierdie Naam kon die Here sy messianiteit verborge hou totdat sy dissipels ryp was om te begryp dat die Messias 'n lydensweg moes bewandel alvorens Hy in heerlikheid verskyn. Eers later sou hulle die volle messiaanse betekenis van hierdie Naam begryp nadat Jesus self dit met Dan. 7:13 in verband gebring het (Matt. 16:27; 24:30; 26:64).
Op die vraag omtrent wat die mense sê, het die dissipels baie antwoorde. Hulle het onder die mense beweeg en weet van die menings wat uitgespreek is. Sommige deel die mening van Herodes dat Jesus Johannes die Doper is wat uit die dode teruggekeer het (vgl. § 84). Ander is oortuig dat Hy die Voorloper, Elía, is, of die boetprediker Jeremia, of in elk geval een van die profete. Maar niemand skyn te dink dat Hy die Messias is nie.
Die eerste vraag was 'n inleiding tot die eintlike persoonlike vraag. Jesus was nie so erg geïnteresseerd in wat die mense van Hom dink nie, maar Hy wou die dissipels help om uit die verwarde menings wat in omloop was tot 'n eie insig en oortuiging te kom. Daarom volg die vraag: "Maar julle, wie sê julle is Ek?"
'n Antwoord op hierdie vraag kan hulle nie ontwyk nie. Jesus kyk hulle aan en wag op 'n persoonlike antwoord. Om so 'n antwoord te gee, is veel moeiliker as om te vertel wat die mense sê. Daar volg 'n paar oomblikke van stilte. Dan spreek Petrus namens homself en die ander: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Dit moes 'n oomblik van diepe ontroering gewees het vir Petrus, en vir die dissipels saam met hom, en veral vir Jesus. Met hierdie woorde het hulle saam 'n keerpunt bereik.
Petrus is op 'n lang weg gelei tot op die punt waar hy hierdie belydenis uitspreek. Die eerste dag toe hy na Jesus gelei is, het sy broer Andréas aan hom gesê dat hulle die Messias gevind het (Joh. 1:42). Van daardie oomblik af was Petrus die getuie van die werke en woorde van Jesus. Toe die volk en ook baie dissipels by die sinagoge van Kapérnaüm die rug op Hom

gekeer het, het Petrus verklaar: "Ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God" (Joh. 6:68-69, vgl. § 90). Tog het hy nog nie die volle betekenis van sy uitspraak begryp nie. Maar nou is dit anders. Sy belydenis kom uit 'n nuwe insig en diepe oortuiging. Dit word ook deur Jesus bevestig met die woorde: "Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is." Hy, as mens van vlees en bloed, kon tot hierdie insig gekom het slegs deurdat God dit in sy hart gelê het. Daarom is hy geluksalig. Die Vader het sy hand op hom gelê.
Noudat Petrus, en saam met hom die ander dissipels, tot die oortuiging gelei is dat Jesus die Christus en die Seun van die lewende God is, kan Hy voortgaan om iets omtrent die toekoms te ontsluier: eers die toekoms deur die eeue heen, en dit het betrekking op sy gemeente (vs. 18-19), en dan die onmiddellike toekoms, en dit het betrekking op Homself (vs. 21-23).
Aan Petrus sê die Here: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." Vir die eerste keer, en naas Matt. 18:17 in die Evangelies ook die enigste keer, praat Jesus van sy gemeente (Grieks: ekklesia = samekoms, kerk). Deur sy prediking het Hy herhaaldelik die gelowiges opgeroep om Hom te volg of om in die egte sin van die woord sy broers en susters te word (vgl. § 70). Nou spreek Hy dit duideliker uit dat Hy besig is om 'n gemeente te vorm. Net soos daar 'n Joodse godsdienstige gemeenskap bestaan, wat dikwels as "die sinagoge" aangedui word, vorm Jesus 'n gemeenskap van almal wat in Hom glo, en sal hulle in die toekoms tot 'n eenheid saambind as sy gemeente (= kerk). Hy stel dit voor as 'n bouwerk. Hy self is die hoeksteen en die apostels wat van Christus getuig, is die fondament (Ef. 2:20, vgl. 1 Kor. 3:11; 1 Petr. 2:4 e.v.). Toe Petrus die grondliggende belydenis uitspreek, sien Jesus met die oë van 'n profeet die gemeente soos 'n skone bouwerk van die toekoms verrys. Uit die belydenis dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is, groei die kerk van Christus.
Maar dit geskied nie sonder die medewerking van mense nie. Daarom wend Jesus Hom tot Petrus wat die belydenis, soos God dit aan hom geopenbaar het, uitgespreek het. Met toespeling op sy naam Petrus = rotsman, verklaar die Here dat Hy op daardie rots sy gemeente sal bou. Dit is nie die karaktereienskappe van Petrus wat daartoe aanleiding gegee het dat hy hierdie besondere bynaam gekry het nie. Veeleer was die bynaam 'n profetiese aanwysing van die besondere plek wat hy deur die genade van God sou beklee in die fundering van die gemeente van Christus. Jesus wys hom aan as die een onder die dissipels wat sou arbei aan die grondlegging in die beginjare van die gemeente, maar daartoe is hy, vlees en bloed soos hy is, nie uit homself in staat nie. Dit is egter die Petrus wat op die belydenis dat Jesus die Christus is, vas staan, wat die leier in die gemeente sou word. Hy word ook nie uitgesonder van die ander apostels nie, maar alleen aangewys as die een wat leiding sou neem in die heerlike taak wat hulle almal saam sou verrig (vgl. Matt. 18:18).
Van die gemeente wat só op Christus en die Christus-belydenis van die apostels gegrondves is, verklaar Jesus dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie. Die doderyk word as 'n vesting met sterke poorte voorgestel. Niemand wat eenmaal in die vesting as gevangene opgesluit sit, kan weer daaruit ontvlug nie. Die poorte trek as 't ware alles nader en gaan oop net om te oorweldig en in te sluit. Hierdie magtige vesting sal ook die gemeente wil verower, maar Christus sal sy kerk beskerm. Hy beskik oor die sleutels van die doderyk (Openb. 1:18). Dit wil nie sê dat die gemeente hier in die wêreld onsterflik en onaantasbaar is nie, maar dat dit in alle omstandighede verbind is aan Christus, die Seun van die lewende God, en daardeur die beginsel van die onoorwinlike lewe ontvang het.
Met die oog op die toekoms van die gemeente verklaar Jesus verder: "Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy op die aarde mag bind, sal in die hemele gebonde wees, en wat jy ook op aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees." Teenoor die doderyk is daar 'n ander vesting met poorte, naamlik die koninkryk van die hemele. Van daardie poorte word die sleutels aan Petrus, en in sy persoon ook aan die ander apostels toevertrou (vgl. Matt. 18:18; Joh. 21:23). Hulle sal dus seggenskap hê oor die ingaan in die koninkryk of nie, en oor die ontvang van die heilsgoedere al dan nie. Dit hang saam met die stigting van die komende gemeente, aangesien die gemeente juis die vergadering is van diegene wat die heil van die koninkryk in hierdie lewe en hierna ontvang.

Om die koninkryk van die hemele vir iemand oop te sluit, beteken om deur die getuienis of prediking die vergewing van sonde en die ewige lewe aan hom voor te hou. Dit beteken egter ook dat aan hom toegang gegee word tot die christelike gemeente. Hierdie mag en reg wat

Jesus alleen toekom, dra Hy nou oor aan die apostels wat deur hul belydenis aan Hom verbonde is. In die toekoms sal hulle die sleutels van die koninkryk hanteer, altyd in gebondenheid aan Hom en aan sy opdrag.
Só verstaan, het ons hier te doen met die amps-gedagte wat van die begin af verbonde is aan die stigting van die gemeente. Ons kan praat van die ***leergesag*** van die apostels, d.w.s. hulle bevoegdheid om met goddelike volmag te praat oor die ingaan of nie in die koninkryk; en verder van die ***regeergesag,*** d.w.s. om in aansluiting by die prediking ook toe te laat tot die gemeente en om oor die gemeente toesig te hou. In hierdie verband verklaar die Here dat wat hulle op die aarde bind, in die hemel gebonde sal wees, en wat hulle hier ontbind, daar ontbonde sal wees. In die rabbynse spraakgebruik is die uitdrukking "om te bind" en "om te ontbind" tegniese terme vir "verbied" en "as geoorloof verklaar," of ook "om die oordeel (of ban) uit te spreek" en "om vry te spreek." In die uitoefening van die leergesag moet die apostels in opdrag van die Here die Woord en gebooie van God verkondig en toesien dat dit ook in die gemeente gehandhaaf word. Die apostels besit die bevoegdheid om bindende uitsprake te doen, en om aan die ongehoorsames die toegang tot die koninkryk te ontsê. Daarmee word die ongehoorsames dan ook verbied om aan die gemeente te behoort. Daarteenoor kan die apostels die boetvaardiges weer "ontbind" en in die gemeente opneem; en wanneer hulle dit in gehoorsaamheid aan hulle opdrag doen, sal hulle woord en optrede deur God in die hemel bevestig word.
Die sleutelmag wat aan die apostels en mitsdien aan die toekomstige ampsdraers in die gemeente toevertrou is, lê dus op hulle die groot verantwoordelikheid om deur die prediking en die tugoefening die gemeente van Christus te vermeerder en heilig te bewaar.
Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, spreek Hy die dissipels ernstig aan oor die bekendmaking dat Hy die Christus is. Hulle het nou tot die insig gekom dat Hy die verwagte Messias is, en dat Hy sy gemeente gaan opbou. Maar dit alles moet voorlopig geheim gehou word. Sy messiasskap het nog 'n verborge karakter omdat Hy op die lydensweg is. Eers nadat Hy daardie weg tot aan die kruis afgelê het, kan dit vryuit verkondig word dat Hy die Messias is. Die dissipels moet self ook nog tot volle begrip van die lyding van Christus gebring word. Daarom moet hulle die geheim bewaar totdat hulle Jesus leer ken het as die lydende Seun van die lewende God.

**§ 99 Die eerste lydensaankondiging (Matt. 16:21-23; Mark. 8:31-33; Luk. 9:22)**

Met die blik op die toekoms gerig, het Jesus gepraat oor die opbou van sy gemeente. In die onmiddellike toekoms wag daar vir Hom die weg van lyding en sterwe. Ook daaroor moet Hy praat, maar dit is 'n baie moeiliker onderwerp. Nie alleen is dit vir Homself pynlik om te praat oor die dinge wat Hy nog moet deurmaak nie, maar vir sy dissipels is dit 'n onverstaanbare saak. Tog moet Hy hulle in hierdie verborgenheid begin inlei.
Die kort berig in die Evangelies, veral by Matthéüs, wek die indruk dat Jesus baie tyd en sorg aan hierdie onderrig bestee het. Hy het "begin om sy dissipels te toon" dat God dit so bepaal het dat Hy na Jerusalem moes gaan om daar te ly en gedood te word. Ons neem aan dat net soos Hy later vir die Emmaüsgangers uit die Skrifte aangetoon het dat die Christus uit die dode sou opstaan, Hy nou ook aan die dissipels die profesieë verduidelik het, en aan die hand van die Skrifte daartoe gekom het om in breë trekke enkele besonderhede aangaande sy sterwe mee te deel. Die eerste stap in dié onderrig was om die feit van sy noodsaaklike sterwe by hulle tuis te bring. Later sou Hy meer besonderhede meedeel. Genoeg vir die eerste gesprek was dat die verteenwoordigers van die volk in die Joodse Raad (die ouderlinge, die owerpriesters en die skrifgeleerdes) verantwoordelik sou wees vir sy lyding en dood. Maar op die derde dag sou Hy weer opgewek word.
Hierdie dinge is vir die dissipels uiters moeilik om te begryp. Wat Jesus van die lydende Messias vertel, is strydig met alles wat hulle as vrome Jode geglo en verwag het. Aan die gedagte van die opstanding uit die dode op die derde dag, skyn hulle geen oorweging te skenk nie. So 'n denkbeeld vind by hulle eenvoudig geen ingang nie.
Petrus meen dat hy, die oudste, Jesus moet teregwys. Hy lei die Here opsy en met al die erns van sy siel sê hy: "Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!" Hy is oortuig dat God 'n ander weg vir die Messias bepaal het, en dat Jesus daaromtrent tot die regte insigte gebring moet word.
Jesus draai met heftigheid om na Petrus en kyk hom aan. Agter hom staan die ander dissipels wat net so gedink het soos Petrus. Streng spreek Jesus hom, en ook hulle, aan: "Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar

die dinge van die mense." Dit is 'n ontsettende woord. Die salige (vs. 17) is nou die beliggaming van Satan; die rotsman is 'n struikelblok; die man wat dinge gespreek het wat God aan hom geopenbaar het, praat nou wat die mense bedink. Só onstandvastig is Petrus. Tog sien Jesus by Petrus verby en Hy herken die Satan wat weer eens gekom het om Hom te versoek. Die Bose wil Jesus oortuig dat Hy nie op die lydensweg verder moet voortgaan nie. Hy doen dit by monde van die invloedrykste dissipel. Maar Jesus bly aan die Vader gehoorsaam. Hy wat van kindsbeen af in die dinge van sy Vader was (Luk. 2:49), gaan getrou voort om die dinge van God te bedink.

**§ 100 Die eise van navolging (Matt. 16:24-28; Mark. 8:34-9:1; Luk. 9:23-27)**

Nadat Jesus aan die dissipels bekend gemaak het dat Hy 'n lydensweg moet bewandel, gaan Hy voort om op die implikasies daarvan vir sy volgelinge te wys. Hy het gepraat van die vorming van sy gemeente, maar diegene wat hulle by sy gemeente wil voeg, moet vooraf weet wat die eise van navolging en dissipelskap is. By 'n vorige geleentheid het Hy reeds op die noodsaaklike selfverloëning gewys (vgl. §§ 59, 82 (e)), en gaan nou in die lig van die aankondiging van sy eie lyding nader daarop in.

Nadat Hy Petrus bestraffend aangespreek het (§ 99), en daar ook 'n belangstellende skare byeengekom het (Mark. 8:34), verklaar Jesus dat elkeen wat Hom wil volg, homself moet verloën en sy kruis moet opneem. Om iemand te verloën, beteken om te maak asof jy hom nie ken nie. Om jouself te verloën, is dan om teenoor jouself te handel asof jy van jouself nie weet nie. Alle eie begeertes en behoeftes en voorkeure moet op die agtergrond gestel word, sodat Jesus die volle toewyding kan ontvang en alle kragte daarop gerig kan wees om sy welbehae te doen. Dit beteken die dra van die eie kruis. Soos 'n veroordeelde sy eie kruis moes dra as teken dat hy aan die dood uitgelewer is, moet die volgeling van Jesus ook bereid wees om aan homself te sterwe. Al word die weg van navolging 'n bittere kruisweg, mag hy daarvoor nie terugdeins nie.

As iemand sou probeer om sy lewe vir homself te behou, d.w.s. hier op aarde sy lewe op eie manier te verwesenlik sonder om dit geheel aan Christus uit te lewer, sal hy sy lewe verloor. Hy sal die lewe wat in Christus tot verwesenliking kom, nie vind nie. Daarteenoor, indien iemand ter wille van Jesus Christus selfs sy lewe op die spel plaas, sal hy sy lewe vind. Die hoogste en belangrikste in die lewe is om die ewige lewe te vind. Die rykdomme van die wêreld kan nie vergoed vir die verlies van die lewe, d.w.s. die lewe in ewige geluksaligheid nie. Ook kan geen mens die prys byeenbring wat genoegsaam is as 'n losprys vir sy siel nie. Daarom moet elkeen wat die ware lewe wil vind, bereid wees om die weg van die kruis in te slaan in navolging van Jesus.

In terme van menslike waardes moet so 'n weg van niks-wees uitloop op selfvernietiging. In terme van goddelike waardes lei hierdie weg wat om Christus ontwil gevolg word, tot die oorwinning in heerlikheid. Daarvan gee Jesus die versekering deur heen te wys op die toekoms. Die dag sal kom wanneer die Seun van die mens in heerlikheid sal verskyn soos deur Daniël (7:13-14) voorspel, en as Regter elkeen sal vergeld volgens sy werke. Diegene wat alles vir Christus veil gehad het, sal dan die hemelse beloning ontvang.

In aansluiting by hierdie woord oor sy koms in heerlikheid as Regter verklaar die Here dat daar sommige is van dié wat daar staan "wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie." Hierdie woord wek die indruk dat Jesus sy eie wederkoms nog binne die leeftyd van sommige van die aanwesiges verwag het. Die geskiedenis het egter uitgewys dat dit nie gebeur het nie. Hoe moet ons die woord dan verstaan?

By Markus (9:1) is daar sprake dat hulle die koninkryk van God met krag sal sien kom. In daardie geval is dit 'n heenwysing na die uitstorting van die Heilige Gees op die Pinksterdag, toe die koninkryk met krag gekom het. Dit bied ook 'n sleutel vir die verklaring van die woord soos Matthéüs dit opteken. Daar het ons te doen met 'n tipiese profetiese uitspraak, soos vele in die Ou Testament, waarin meer as een gebeurtenis van die toekoms gesien word asof dit een gebeure is. Die loop van die geskiedenis bring eers die perspektief deur te laat sien dat daar in die werklikheid 'n tydsverloop tussen die onderskeie gebeurtenisse lê. Op hierdie wyse het Jesus ook gepraat van die Seun van die mens wat in sy koninkryk kom. In die nabyheid was die koms van die opstanding uit die dode, die hemelvaart en die Pinkster. Sommige daar by Hom sou dit alles nog beleef. Maar verder in die toekoms is die wederkoms as Regter, wat buite die leeftyd van Jesus se tydgenote lê. Hierdie twee dinge word in sy woord saamgevat sonder dat Hy die perspektief belig. Daarom gee dit aanleiding tot misverstand asof Jesus Hom

sou vergis het i.v.m. die tyd van sy wederkoms. Veeleer vergis ons mense ons met die verstaan van sy woord.

**§ 101 Die verheerliking op die berg (Matt. 17:1-9; Mark. 9:2-10; Luk. 9:28-36)**

Ongeveer 'n week na die belydenis van Petrus (Matt. en Mark. sê ses dae; Luk. agt dae) neem Jesus die drie dissipels wat die binnekring gevorm het, Petrus, Jakobus en Johannes, met Hom saam na die top van 'n hoë berg. Hy wou daarheen gaan om te bid (Luk. 9:28).

Waar die hoë berg geleë was, word nie nader aangedui nie. Daar is diegene wat meen dat dit die berg Tabor in Galiléa moet wees. Dit skyn egter onwaarskynlik te wees omdat daar destyds 'n vesting bo-op Tabor was, sodat dit nie 'n geskikte plek was om afsondering te soek nie. Voorts kom Jesus volgens die Evangelies eers heelwat later in Galiléa terug (Mark. 9:30), en dan kom Hy die eerste by Kapérnaüm aan (v. 33), terwyl Tabor suid van daardie stad lê. Daarom moet ons liewer aan 'n hoë berg in die omgewing van Caesaréa-Filippi dink. In daardie skilderagtige omgewing is daar meer as een berg wat moontlik die berg van die verheerliking kan wees.

Op dié berg het Jesus Hom van die drie dissipels afgesonder vir gebed. Waarskynlik het hulle sy voorbeeld gevolg en ook tot gebed oorgegaan. Hoe lank Hy so in die gebed verkeer het, word ons nie vertel nie. Onderwyl die dissipels na Hom kyk, het Hy 'n verandering van gedaante ondergaan. Sy gesig het blinkend geword soos die son en sy klere het wit geword sodat dit self lig uitgestraal het. Hemelse ligglans het uit die gestalte van die Here gestraal en ook die menslike omhulsel verander tot 'n hemelse kleed. Toe Moses op Sinaï in die teenwoordigheid van God verkeer het, het sy gesig ook begin blink sodat die volk nie daarna kon kyk nie (vgl. Exod. 34:30). Nog veel heerliker was die glans van heerlikheid wat van Jesus gestraal het toe Hy in innige gebedsgemeenskap met die hemelse Vader verkeer het. Hy was die Seun van God wat sy heerlikheid verberg het toe Hy die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het (vgl. Fil. 2:6-8). Daar op die berg het sy goddelike heerlikheid vir 'n kort tydjie sigbaar geword. Die belydenis van Petrus dat Hy die Seun van die lewende God is, is bevestig deur wat die dissipels nou voor hulle oë sien gebeur.

Onderwyl hulle na Jesus kyk, verskyn Moses en Elía by Hom en voer met Hom 'n gesprek. Op die een of ander wyse, hoe weet ons nie, het die dissipels onmiddellik geweet dat dit Moses en Elía was wat daar by Jesus was. Die Vader het hulle uitgestuur op 'n goddelike sending na die Seun. Volgens Luk. 9:31 het hulle "van sy uitgang gespreek wat Hy in Jerusalem sou volbring." Die belydenis van Petrus en die verheerliking op die berg is twee hoogtepunte in die bediening van Jesus. Albei saam dui die keerpunt aan. Van nou af beweeg Hy in die rigting van Jerusalem, om aan die kruis sy sending te volbring. Aan die begin van hierdie weg van lyding verskyn Moses en Elía aan Hom en praat oor sy "uitgang" (= exodus, in Grieks). Hulle beide was manne van 'n bonatuurlike "exodus." Moses was die man van die exodus van Israel uit Egipte na die land van die belofte. Aan die einde van sy lewe het hy self 'n onverklaarbare exodus gehad deurdat God hom in 'n onbekende graf begrawe het. Ook Elía het 'n bomenslike "exodus" gehad deurdat God hom met 'n vurige wa na die hemel geneem het. Binnekort sou Jesus 'n nog vreemder "exodus" ondergaan. Dit sou deur die kruisdood lei na die opstanding en die hemelvaart. Aan die begin van daardie uitgang kom Moses en Elía Hom bystaan, en daarby sou hul verskyning die dissipels herinner het aan wat met hierdie twee gebeur het, en sodoende hulle 'n beter begrip van Jesus se uitgang gee.

Hierdie verklaring van waarom dit juis Moses en Elía was wat aan Jesus verskyn het, is wel betekenisvol, maar tog nie bevredigend nie. Veeleer moet ons die twee sien as die verteenwoordigers van die openbaring van God in die Ou Testament. Moses verteenwoordig die wet, en Elía die profete. Jesus het gekom om die wet en die profete te vervul (Matt. 5:17, vgl. § 50). Dit beteken dat Hy die lydensweg moet gaan om so die werk wat die groot verteenwoordigers van die wet en die profete begin het, te voltooi. Nou verskyn hulle om Hom by te staan op daardie smartlike weg. Bowendien word deur hulle verskyning op hierdie tydstip die heilshistoriese betekenis van Jesus se opgaan na Jerusalem aan die lig gebring. Dit is die vervulling van die heilsraad van God soos dit in die wet en die profete in die vooruitsig gestel is.

Toe die dissipels hierdie hemelse verskyning sien, is hulle deur die heerlikheid daarvan oorweldig. Petrus was ook hier die eerste om iets te sê, maar sonder goed te besef wat hy sê. Hy stel aan Jesus voor om drie hutte daar op die berg te bou, een vir Hom en vir Moses en Elía elk een. Hy wou die belewenis van hierdie hemelse heerlikheid verleng, indien dit menslik moontlik sou wees. Aan die afdaal van die berg na die vlakte van die aardse werklikheid wou

hy nie dink nie. As hulle maar daar kon vertoef, sou ook aan die weg van lyding nie gedink hoef te word nie.
Die voorstel van Petrus is weer eens 'n versoeking wat aan Jesus gestel word. Sou Hy nie liewer met die gedagte van Petrus inval, en die uitgang wat Hy in Jerusalem moet volbring, ontwyk nie? Dié versoeking het egter geen vat op Jesus nie. Hy is in gesprek met die hemelse gesante en verkeer in gemeenskap met die Vader. 'n Wolk bedek onverwags die drie. Die wolk is in die Skrif die teken van die openbarende en tog verhullende teenwoordigheid van God. Ook nou kom die stem van God uit die wolk: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom."
Die stem uit die wolk is die hoogtepunt van die hele gebeurtenis. Daardeur word die heerlike teenwoordigheid van God geopenbaar en die belydenis van Petrus dat Jesus die Seun van God is, deur God self bevestig. Die woorde is dieselfde as dié wat God by die doop van Jesus gespreek het (Matt. 3:17), met toevoeging van: "Luister na Hom." By die doop toe Jesus sy Middelaars-taak aanvaar het, het God met hierdie uitspraak sy welbehae in die Seun betuig. Op die punt waar Jesus nou die weg na Jerusalem moet begin, bevestig God opnuut sy welbehae, en betuig Hy sy liefde vir die Seun. Die stem is ook vir die dissipels bedoel. Dit verseker hulle dat Jesus die Seun van God is, en roep hulle op om sy uitsprake te aanvaar as die waarheid, al sou Hy aan hulle dinge meedeel wat moeilik is om te verstaan.
Toe die wolk verdwyn, was Moses en Elía nie meer daar nie. Jesus het alleen daar gestaan. Daarna begin hulle die berg af gaan. Die Here het hulle egter streng beveel om aan niemand iets van die gesig te vertel nie. Die versekering uit die hemel dat Hy die Seun van God en die Messias was, was alleen vir hulself bedoel. Eers nadat Jesus uit die dode opgestaan het, kon hulle van hul ervaring op die berg getuig.

**§ 102 Die gesprek oor Elía (Matt. 17:10-13; Mark. 9:11-13)**

By die afdaal van die berg loop die dissipels stil naas Jesus maar in hulle gedagtes het hulle allerlei onopgeloste vrae. Op die berg is bevestig dat Jesus die Seun van God is, en dat Hy na Jerusalem moet gaan om sy "uitgang te volbring" (Luk. 9:31). Die skrifgeleerdes beweer egter dat Elía eers moet kom as voorloper van die Messias, en dat hy die godsdienstige en sedelike lewe van die volk moet voorberei vir die Messias se koms. Die profesie praat tog daarvan (Mal. 4:5-6). Was die verskyning van Elía op die berg die verwagte koms van die voorloper, of moes hulle dit nog op 'n ander wyse verwag? Eindelik stel hulle die vraag aan Jesus.
Sy antwoord is kort en helder. Die profesie het reeds in vervulling gegaan. Die Elía was al daar, maar hy is deur die volk nie as sodanig erken nie. Inteendeel, hy is deur die leiers van die volk veronagsaam en die volk self het hom laat vereensaam; hy is gevange geneem en deur Herodes vermoor. Só het dit met die voorganger gegaan, maar ook daarin was hy inderdaad die voorganger van die Messias.
Reeds by 'n vorige geleentheid het Jesus daarop gewys dat Johannes die Doper die Elía was wat sou kom (Matt.11:14, vgl. § 66), maar nou eers word hulle daarvan oortuig. Daarmee verkry hulle nog 'n bewys dat Jesus die Messias is.

**§ 103 Die genesing van die maansieke kind (Matt. 17:14-21; Mark. 9:14-29; Luk. 9:37-43a)**

Toe Jesus en die drie dissipels naby die voet van die berg kom, sien hulle 'n hele skare rondom die ander nege dissipels. Daar was ook skrifgeleerdes by, wat tot daar in die Noorde agter Jesus aangekom het op soek na 'n moontlike beskuldiging. Tussen hulle en die dissipels was daar 'n heftige woordewisseling aan die gang, en die dissipels was klaarblyklik in die verleentheid.
Net op daardie moment sien die skare Jesus nader kom, en is verbaas dat Hy op die regte tydstip opdaag om die situasie te red. Hulle draai om en kom na Jesus aangehardloop en begroet Hom. Aan die skrifgeleerdes vra Jesus: "Waarom twis julle met hulle?" Maar voordat hulle kon antwoord, kom 'n man vorentoe en val voor Jesus op die knieë neer. Hy vertel 'n hartroerende verhaal van sy seun wat deur 'n stomme gees besete is. Die onreine gees het 'n geweldige mag oor die kind. Dit laat hom stuiptrekkings kry, en werp hom op die grond waar hy skuim in die mond kry, met die tande kners en styf word. Die mense beskou hom as maansiek omdat hy by vollemaan erger is as by ander tye. Verder vertel die vader dat hy die seun na Jesus gebring het, maar toe Hy nie daar was nie, het hy die dissipels gevra om die seun gesond te maak. Hulle kon dit egter nie doen nie.
Nadat die vader dit alles vertel het, smeek hy: "Here, ontferm U oor my seun." Jesus het pas tevore die hemelse ondervinding op die berg beleef. Nou is Hy weer midde-in die ellende van

die wêreld, en moet Hy die stryd teen die duiwel hervat. Aan alle kante kom Hy teenoor die ongeloof te staan, en nou ook die ongeloof van sy eie dissipels. Met kennelike teleurstelling en droefheid spreek Hy hulle aan: "o Ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra?" Na alles wat Hy hulle laat sien en hoor het, het hulle nog nie die elementêre les geleer nie: hulle weet nog nie wat dit beteken om in Jesus te glo nie. Aan die vader sê Hy dat hy die kind na Hom moet bring. Dit gebeur, maar die bose gees verset hom in die teenwoordigheid van Jesus deur die seun aan te gryp en neer te gooi sodat hy met skuim in die mond rondrol. Hiervan neem Jesus skynbaar geen notisie nie, maar vra die vader hoe lank die dinge met die seun gebeur. Die vader vertel dat dit van kleins af is, en dat die gees hom dikwels in water en vuur laat val om hom dood te maak. Op hierdie stadium onderbreek die vader sy verhaal en smeek hy: "Maar as U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons".

In sy antwoord verwys Jesus na die uitdrukking: "As U iets kan doen." Dit is nie die vraag of Jesus "iets kan doen" nie; Hy kan alles doen. Maar dit is die vader wat moet vasstel of hy self "iets kan doen: " Kan hy glo? Hy moet tog begryp dat alle dinge moontlik is vir die een wat glo. Die vader begryp die bedoeling van die Here. Met trane in die oë roep hy uit: "Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!" Op hierdie betuiging van geloof, en omdat die skare nader gekom het, gebied Jesus die stomme en dowe gees (Mark. 9:25) om uit die seun te gaan en nie weer terug te kom nie. Met 'n laaste vertoning van sy krag verlaat die gees die seun, en laat hom soos 'n dooie lê. Daarop gryp Jesus hom by die hand, rig hom op en gee hom aan die vader terug.

Kort daarna is Jesus en die dissipels saam in 'n huis, moontlik dié van die vader van die seun. Die dissipels wil weet waarom hulle nie in staat was om die gees uit te dryf nie. Voorheen toe Jesus hulle uitgestuur het, het hulle wel die geeste uitgedryf (vgl. § 85), maar nou kon hulle dit nie doen nie. Was hierdie gees te magtig, of was daar miskien te veel obstruksie van die kant van die skrifgeleerdes? Hulle soek na die een of ander rede vir hul onmag. Hierop antwoord Jesus deur op hulself te wys. Hul onmag lê in hul ongeloof. As hulle maar die geloof gehad het soos 'n mosterdsaad, sou dinge wat menslik onmoontlik voorkom, vir hulle moontlik word. Die mosterdsaad is die kleinste saad, maar besit die innerlike krag om tot iets groots te ontwikkel (vgl. § 77). So moet die geloof ook wees. Al skyn dit gering te wees, besit dit tog die innerlike vermoë om groot dinge tot stand te bring.

Wat die bose geeste betref, verklaar die Here dat hulle slegs op een manier uitgedryf kan word, en dit is deur die gebed.

### § 104 Die tweede lydens-aankondiging (Matt. 17:22-23; Mark. 9:30-32; Luk. 9:43b-45)

Ná die verheerliking op die berg het Jesus nie meer lank in die heidense land versuim nie. Hy en die dissipels het na Galiléa teruggekeer. Hy wou egter geen aandag trek nie en het probeer om onopgemerk te bly.

Toe Hy die grens oorgesteek het, het Hy weer eens die dissipels daarop gewys dat Hy oorgelewer sal word in die hande van mense, wat Hom sal doodmaak. Op die derde dag sal Hy egter opstaan.

Hierdie keer het die dissipels hulle nie verset teen die gedagte dat Jesus sou ly en sterf nie. Hulle het aan die stem wat gesê het: "Luister na Hom," gehoorsaam gebly. Maar hulle kon die uitsprake oor die lyding nie verstaan nie. In hul harte was hulle baie bedroef oor die gedagte dat die Here oorgelewer sou moes word om te sterf. Tog het hulle dit nie gewaag om Jesus daaromtrent uit te vra nie.

### § 105 Die tempelbelasting (Matt. 17:24-27)

Mettertyd kom Jesus weer in Kapérnaüm aan en bevind Hy hom weer in die kring van familie en vriende. Maar ook die vyande is daar. Dit duur ook nie lank nie of die invorderaars van die tempelbelasting kom op sy spoor.

Op grond van Exod. 30:13 moes elke Jood bo twintig jaar jaarliks 'n tempelbelasting van 'n didragme of halwe sikkel betaal. Gewoonlik word die belasting in Jerusalem afgegee deur diegene wat vir die Paasfees daarheen gaan. Vir dié doel bevind die wisselaars hulle in die tempel (vgl. Matt. 21:12). Diegene wat nie na die Paasfees opgegaan het nie, word plaaslik aangespreek deur invorderaars van die tempelbelasting.

Aangesien Jesus daardie jaar van die Paastyd af in die heidense gebied ten noorde van Galiléa rondgetrek het, was daar geen geleentheid dat Hy die belasting betaal nie. Noudat Hy in

Kapérnaüm terug is, word aan Petrus gevra: "Betaal julle Meester nie die tempelbelasting nie?" Die vraag is vol venyn teen Jesus. Hy is "julle Meester," word gesmaal. En die houding is dat Hy met opset weier om die belasting te betaal. Hy het immers verskillende insettinge van die Jode al veronagsaam. Daar was egter by Jesus geen opset, om nie eens van bose opset te praat nie. Petrus weet dit en antwoord kortaf: "Ja".

Toe gaan Petrus na Jesus om die aangeleentheid met Hom te bespreek. Voordat hy iets kon sê, stel Jesus aan hom 'n vraag: "Van wie neem die konings van die aarde tol en belasting, van hulle seuns of van die vreemdelinge?" Petrus antwoord: "Van die vreemdelinge." Daarop sê Jesus: "Dan is die seuns vry." Die betekenis van hierdie gesprek is duidelik. Wat waar is van die konings van die aarde, is net so waar van die Koning van die hemel. Ook Hy hef geen tol en belasting van sy kinders nie, allerminste van sy Seun. Daarom is dit nie nodig dat Jesus die tempelbelasting betaal nie. Dit is egter deel van sy vernedering en lyding dat Hy hier op aarde soos 'n vreemdeling behandel word en daarom beskou word as een wat aan die tempel belastingpligtig is.

Omdat dit so is, en omdat Hy geen aanstoot wil gee nie, beveel Hy Petrus om met die lyn en hoek te gaan visvang in die See van Galiléa. In die bek van die eerste vis wat hy uittrek, sal hy 'n stater of hele sikkel vind. Daarmee kan hy die tempelbelasting vir Jesus en homself betaal. Petrus het die opdrag uitgevoer en die belasting betaal.

**§ 106 Die stryd om voorrang (Matt. 18:1-5; Mark. 9:33-37; Luk. 9:46-48)**

Onderwyl Jesus in die omgewing van Kapérnaüm op pad was, het die dissipels onder mekaar begin praat oor die moontlike plekke wat hulle in die koninkryk van die hemele sou beklee. Die uitsprake van Jesus sedert die belydenis van Petrus het die verwagting laat toeneem dat Hy binnekort sy koninkryk sou oprig. Dit lê voor die hand om te verwag dat die Twaalf die belangrikste persone in die koninkryk sou wees, maar wie onder hulle sou die belangrikste wees? By meer as een geleentheid het Jesus die drie, Petrus, Jakobus en Johannes, van die ander uitgesonder om sy besondere vertrouelinge te wees. Dit lyk dus asof hulle drie die voorrang sal geniet, en Petrus, die oudste onder hulle, sal seker die grootste wees. So praat die dissipels oor die rangorde in die koninkryk. Onder die bespreking broei die jaloesie en afguns in hul harte.

Toe hulle in Kapérnaüm by die huis gekom het, vra Jesus hulle waaroor hulle op die pad gepraat het. Met skuldgevoel in die hart swyg hulle en gaan skaam opsy. Jesus wil egter nie toelaat dat die kwaad in die binneste moet skuil nie. Die saak moet dadelik uitgepraat word. Daarom roep Hy hulle saam en Hy gaan sit om hulle 'n paar dinge te leer aangaande grootwees in die koninkryk van die hemele.

Die eerste les wat hulle moet leer, is dat in die koninkryk van die hemele volkome ander waardes van toepassing is as hier op aarde. Daar is dit nie die eerste wat die grootste is nie, maar die laaste, die geringste en nederigste; en nie hy wat deur almal gedien word, is die grootste nie, maar hy wat almal se dienaar is. Vir naywer en jaloesie in die najaag van die hoogste range is daar in die koninkryk van die hemele geen plek nie, maar slegs vir diensbereidheid en hulpvaardigheid en ootmoed.

Jesus roep 'n kind na Hom toe en slaan sy arms om hom. Toe sê Hy: "Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!" Die feit dat hulle met mekaar wedywer om die plekke van eer, is 'n teken dat hulle nog in terme van die aardse koninkryke dink, en nie geskik is vir die koninkryk van die hemele nie. Daarom moet hulle lewe nog radikaal verander. Hulle moet die gesindheid van die kind verkry: bereid om die geringste te wees, en altyd vol geloof en vertroue. Slegs diegene wat bereid is om so 'n nederige plek te beklee as die kind in die destydse samelewing, het die regte gesindheid vir die koninkryk van God.

Dan gaan Jesus voort om aan die gesprek 'n ander wending te gee. Hy praat van elkeen wat sulke kindertjies in sy Naam ontvang. Nou word die kind die voorbeeld van iemand wat swak en sorgbehoewend is. Hiermee wil die Here sê dat die diens wat Hy verwag, daarin bestaan dat die swakkes en hulpbehoewendes ontvang moet word met dieselfde liefde en sorg as wat aan 'n kindjie bestee sou word. So 'n betoning van liefdediens moet egter "in my Naam" geskied, sê Jesus, d.w.s. omdat Jesus dit so wil en daartoe ook die voorbeeld gestel het. Liefdediens wat in die Naam van Jesus geskied, is iets volstrek anders as gewone medemenslikheid of wêreldse humaniteit. Ook word 'n ryke beloning toegesê. Wie een van die kindertjies só ontvang, ontvang Jesus self.

**§ 107 Verdraagsaamheid gevra (Matt. 10:42; Mark. 9:38-41; Luk. 9:49-50)**

Toe Jesus gepraat het oor kindertjies in sy Naam ontvang, het die dissipels begryp dat Hy nie net kinders bedoel het nie, maar mense wat nog kinders in die dinge van die Here was. Hulle het juis so iemand op die pad teëgekom en volgens hulle insigte met hom gehandel, maar nou wonder Johannes of hulle reg gedoen het. Daarom haal hy die geval op.

Johannes vertel dat hulle 'n man teëgekom het wat besig was om in die Naam van Jesus duiwels uit te dryf. Hy het egter "ons nie gevolg nie," sê Johannes. Hy het sy eie weg gegaan en hom nie by die kring aangesluit wat altyd by Jesus was nie. Daarom het die dissipels hom as 'n buitestander beskou, en seker met 'n mate van hoogmoed hom aangespreek en belet om voort te gaan met wat hy doen. Blykbaar was dit iemand wat Jesus se prediking gehoor en geglo het, en ook ondervind het dat die krag van God deur die geloof in hom werk.

Oor wat Hy van Johannes verneem het, is Jesus bedroef. Hy wys daarop dat iemand wat in sy Naam 'n kragtige daad doen, nie van Hom kwaad sal spreek nie. Hierdie man was dus 'n egte gelowige, hoewel nog 'n "kindjie" in die dinge van die Here. Daarom is dit verkeerd en jammer dat die dissipels hom belet het om voort te gaan. Hulle het sodoende 'n hindernis in daardie man se geloofs-ontwikkeling gelê.

As leidraad in dergelike gevalle moet die reël in ag geneem word: "Wie nie teen ons is nie, is vir ons." Almal wat op die een of ander wyse in die Naam van Christus werksaam is, staan in diens van die koninkryk en moet nie belet word nie. Dit gaan nie om die vraag of hy "ons" volg nie, maar of hy Christus volg. Daarom moet daar verdraagsaamheid wees sodat die koninkryk bevorder kan word.

§ **108 Gewaarsku om geen struikelblokke te wees nie. (Matt. 18:6-14; Mark. 9:42-50; Luk. 17:1-2; 14:34-35)**

Die optrede van die dissipels teen die man wat in die Naam van Jesus duiwels uitgedryf het (§ 107), het die Here genoodsaak om iets meer oor hul optrede te sê. Deur hierdie man, wat nog 'n onvolwassene in die geloof was, teen te staan, het hulle "een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel." Deurdat hulle die man belet het, het hulle self vir hom 'n struikelblok geword en hom verhinder om voort te gaan in die navolging van die Here.

Dergelike struikelblokke sal daar altyd wees, maar dit is voor God 'n ontsettende oortreding. Vir so iemand is dit beter dat hy 'n meulsteen aan die nek kry en in die see versink word. Daarom moet die dissipels, en saam met hulle ook alle volgelinge van Jesus, elke aanleiding in hulle lewe om vir 'n swakker gelowige 'n struikelblok te word, uit die weg ruim. Al is dit 'n hand of voet of oog, moet dit verwyder word. Met hierdie beeldspraak herhaal Jesus die ernstige waarskuwing teen versoekinge wat Hy reeds voorheen uitgespreek het (Matt. 5:29-30, vgl. § 51). Wie nie deur drastiese ingryping die aanleiding tot versoeking uit sy lewe verwyder nie, kan met behoud van alles in die ewige pyniging beland. Daarom is dit beter om vooruit jouself aan die pyn van selfontsegging te onderwerp ten einde die hemelse vreugde te beërf.

Die dissipels moet besonder op hul hoede wees om nie een van "hierdie kleintjies" d.i. die swakkes in die geloof, te laat struikel nie. Veeleer moet hulle voortgehelp word om op te groei tot volwassenheid in die geloof. Daar is twee redes waarom hulle aan die kleintjies besondere sorg moet bestee: eerstens, vanuit die hemel word daar besondere sorg aan hulle bestee deurdat hul engele elke dag voor die aangesig van God kom om uitgestuur te word met opdragte om hulle te beskerm; tweedens, omdat dit die wil van die Vader is dat nie een van hierdie kleintjies verlore gaan nie.

Om die hoë waarde van een van die kleintjies by God te bevestig, en ook die regte houding van die dissipels aan te dui, vertel Jesus 'n gelykenis van 'n man wat honderd skape het. Een daarvan verdwaal. Dan laat hy die nege-en-neëntig staan om die een te soek, en as hy dit vind, is hy oor dié een blyer as oor al die ander (vgl. Luk. 15:3-7, § 147).

Ook in die uitlewing van hierdie gesindheid moet die dissipels die sout van die aarde wees, en veral toesien dat die sout nie laf word nie (Mark. 9:49-50). Hulle moet sout in hulself hê deur gevul te word met die gesindheid van Christus, en in stede van hul onderlinge wedywer om die plekke van eer in die koninkryk (vgl. § 106), moet hulle die onderlinge vrede bewaar.

**§ 109 Die plig van broederlike vermaning (Matt. 18:15-20; Luk. 17:3)**

By die belydenis van Petrus het Jesus begin praat oor die opbou van sy gemeente (vgl. § 98) en in dié verband die eise van dissipelskap nader toegelig (§ 100). Kort daarna het Jesus twee teleurstellende ondervindinge met sy dissipels gehad: hulle het onderling begin twis oor wie die grootste sou wees (§ 106), en hulle het 'n swakke belyer van die Naam van die Here nie aangehelp nie maar afgestoot (§ 107). Op hierdie wyse word die gemeente egter nie gebou

nie. Veeleer moet die onderlinge vrede bewaar word, (Mark. 9:50), en die "kleintjies," die swakkes in die geloof, behoue bly. Om dit te bereik, moet daar onder die broeders, d.w.s. in die gemeente, 'n ordereëling wees waarvolgens gehandel moet word. Hiervan is die grondbeginsel dié van vergewing en van behoud van die broeder.
As 'n broeder teen jou gesondig het, is daar verskillende stappe wat gedoen moet word om die vrede te probeer herstel en die broeder te behou. Eers moet jy die aangeleentheid onder vier oë met hom gaan bespreek. Indien hy luister en die geskil bylê, het jy jou broer opnuut aan jouself verbind en ook vir die gemeente behou. Indien hy egter nie gehoor gee nie, moet jy een of twee getuies saamneem, soos die wet bepaal (Deut. 19:15), en só meer invloed op die broeder uitoefen om die geskil uit die wêreld te maak. Indien hy nog nie gehoor gee nie, moet die hele gemeente daarby betrek word. Dit gaan om die welstand van die gemeente, en daarom moet die gemeente meewerk om die een lid te probeer behou. Indien hy verder volhard in sy onversoenlikheid, moet hy beskou word as "'n heiden en 'n tollenaar," d.w.s. as uitgesluit uit die gemeente, hoewel tog nog 'n voorwerp van gebed en evangelisasie.
Wat Jesus voorheen gesê het van die sleutels van die koninkryk van die hemele is hier van toepassing (Matt. 16:19, vgl. § 98). Ook hier praat Hy van sy gemeente (= ekklesia). Wanneer die gemeente handel soos voorgeskryf, sal hulle besluite in die hemel bekragtig word. God verleen aan die gemeente - eintlik aan die leiers of ampsdraers in die gemeente - die gesag om te "bind" en te "ontbind" (vgl. § 98), en Hy bevestig wat hulle op die aarde doen.
Hierdie versekering word met 'n belofte onderskraag. Wanneer gehandel word soos Jesus voorskryf, en hulle bring die saak voor God in die eendragtige gebed, sal die Vader hul bede skenk. Al sou dit net twee of drie wees wat op hierdie wyse in belang van die gemeente optree en die saak in die gebed voor die Vader bring, kan hulle verseker wees dat die Here in hul midde sal wees en hul bede sal uitvoer.
Met hierdie onderwysing het Jesus die beginsel uitgespreek waarop die kerklike tug gegrond is. Nog altyd was dit, en behoort dit by die tugoefening te wees, dat die gemeente teenoor 'n sondaar optree om die sonde verwyder te kry en die oortreder terug te win vir die gemeente. Op hierdie wyse moet die vrede bewaar bly en die swakke broeder herstel word in die gemeenskap van die gelowiges. Só word die gemeente van Christus opgebou.

## § 110 Die plig om te vergewe (Matt. 18:21-22; Luk. 17:4)

Petrus kom na Jesus met 'n vraag oor die vergewing. Met wat die Here so-ewe oor die noodsaaklikheid van die vergewing gesê het, stem hy saam, maar is daar nie 'n grens of perk aan die vergewing nie? Hoeveel keer moet 'n mens bereid wees om te vergewe? Die Jode het gesê drie maal. Moet die Christen verder gaan en bereid wees om sewe maal te vergewe? Volgens Lukas (17:4) het Jesus ook gesê dat as 'n broeder sewe maal op 'n dag teen jou sondig, en elke keer met berou om vergifnis vra, moet jy hom sewe maal vergewe. Petrus wil nou weet of sewe maal die perk is. Sou 'n mens by die agste keer kan sê: "Ek vergewe nie weer nie?"
Petrus dink in terme van getalle en statistiek, en wil dat Jesus in dieselfde terme moet antwoord. Maar dit doen Hy nie. Hy antwoord wel met syfers: "Nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe." Hierdie syfers is onberekenbaar. Wie sal nou statistiek kan hou van sy vergewing tot sewentig maal sewe toe? Daarmee laat Jesus goed verstaan dat dit nie 'n saak van hoevéélheid is nie maar van hoedánigheid. By sy volgelinge moet die hoedanigheid gevind word om sonder getal te kan vergewe so dikwels as iemand met berou na hulle kom. Hierin moet hulle ook die gesindheid van die hemelse Vader openbaar. Hy vergewe sonder grens of perk.
Om dit te verduidelik, vertel Jesus 'n gelykenis.

## § 111 Die onbarmhartige dienskneg (Matt. 18:23-35)

In die koninkryk van die hemele moet daar onbeperkte vergewensgesindheid gevind word. Wie hierdie gesindheid nie openbaar nie, word uitgewerp.
Om dit toe te lig, vertel Jesus die gelykenis van die onbarmhartige dienskneg.
'n Koning het sy diensknegte ingeroep om met hulle af te reken. Daar kom toe een wat tien-duisend talente skuldig was. Aangesien hy nie kan betaal nie, word beveel dat hy, sy vrou en kinders almal as slawe verkoop word, en ook al sy goed, en dat betaal moet word.
Die dienskneg pleit om lankmoedigheid en belowe om te betaal. Hy weet egter, en ook die koning weet, dat hy nooit so 'n enorme bedrag sal kan betaal nie. Tog kry die koning hom innig jammer en skeld hom die volle bedrag kwyt.
Van daar gaan die dienskneg na 'n mededienskneg wat hom honderd pennings skuld. Met

geweld gaan hy hom te lyf en eis dat betaal moet word. Die kneg smeek in presies dieselfde woorde as wat sy eiser voorheen teenoor die koning gebruik het. Dit maak egter geen indruk op die verharde eiser
nie, en die kneg word in die gevangenis gewerp.

Oor hierdie optrede is die ander diensknegte verontwaardig en bring dit onder die aandag van die koning. Hy ontbied die onbarmhartige dienskneg en spreek hom streng aan. Aan hom is barmhartigheid bewys deurdat 'n haas onberekenbare skuld kwytgeskeld is. Ten spyte daarvan het hy uiters onbarmhartig gehandel oor 'n skuld wat so gering is dat dit nie eens genoem moes geword het nie. Wie so ondankbaar handel, moet die volle las van sy skuld dra en daarom word hy oorgegee aan die pynigers.

Die hemelse Vader het in ewige ontferming sy diensknegte van 'n onberekenbare skuld kwytgeskeld. Daarom moet hulle ook weet om die broer die klein dinge te vergewe wat hy gesondig het. Dit gaan nie om die hoeveelheid skuld wat op die spel staan nie, maar om die hoedanigheid van hart. Daarom moet elkeen voortgaan om sy broeder van harte al sy oortredinge te vergewe.

## XII. ONDERWEG NA JERUSALEM

### § 112 Die aanstaande Huttefees (Joh. 7:1-9)

In Kapérnaüm het Jesus nie lank gebly nie. Die volk was teleurgesteld dat Hy Hom nie as koning wou laat uitroep nie; die invloedryke Fariseërs en skrifgeleerdes het al hoe meer uitdagend geword, en groot getalle vroeëre dissipels het Hom verlaat (Joh. 6:66, vgl. § 90). Na Judéa kon Hy nie gaan nie omdat die Jode daar van plan was om Hom dood te maak. Dus wyk Hy uit na die platteland van Galiléa waar Hy van die een dorpie na die ander beweeg.

Toe die herfs aanbreek (Oktober) en dit tyd word vir die Huttefees (vgl. Lev. 23:39 e.v.), het die Jode begin gereed maak om na Jerusalem op te gaan. Gewoonlik het hulle betyds met die reis begin sodat hulle nie gejaag hoef te reis nie, en ook ruim tyd in Jerusalem kan hê vir voorbereidsels, o.a. die oprig van hutte van boomtakke en blare. Ook die broers van Jesus - hulle was Jakobus, Joses, Judas en Simon (Mark. 6:3) - was van plan om die fees te gaan bywoon, en kom Jesus versoek of Hy met hulle wil saamgaan.

Die motief van die broers was egter nie suiwer nie. Hulle wil hê dat Jesus nou daartoe moet kom om openlik te verklaar dat Hy die Messias is. Hy het tog deur die prediking en werk daarop aanspraak gemaak dat Hy die Een is wat sou kom. Aan die ander kant het Hy telkens die feit dat Hy die Messias is, probeer verberg of geheim hou. Die broers meen dat die saak lank genoeg só voortgegaan het, en dat die tyd gekom het om openlik die aansprake te maak. Dit baat nie dat Jesus op die platteland van Galilea rondgaan waar Hy nie die aandag van die hele volk trek nie. Hy moet na Jerusalem gaan en dáár sy werke doen sodat Hy in die moederstad en by die tempel bekend kan word. Hierdie dinge het hulle gesê omdat hulle nie in Hom geglo het nie.

Die versoek van sy broers wys Jesus om twee redes van die hand. Beide redes het te doen met die feit dat die broers weens hul ongeloof teenoor Hom staan sodat op hulle 'n ander maatstaf van toepassing is as op Hom.

**Eerstens** is daar vir Hom 'n bepaalde tyd vasgestel waarop Hy na Jerusalem moet gaan om daar Hom as Koning bekend te stel. Daardie tyd het met die Huttefees nog nie gekom nie, daarom gaan Hy nie daarheen met die doel wat sy broers beoog nie. Daarteenoor is hulle nie aan so 'n tyd gebonde nie, en kan hulle gaan soos hulle wil.

**Tweedens**, Jesus word deur die wêreld gehaat en sy lewe sal in Jerusalem in gevaar gestel word. Daarteenoor haat die wêreld nie die broers nie want hulle is weens hul ongeloof nog ván die wêreld.

Derhalwe sê Jesus dat sy broers maar moet opgaan na die fees, maar dat sy tyd nog nie daar is nie. Daarom vertoef Hy nog in Galiléa.

Nadat sy broers weg is, het Jesus ook die reis na Jerusalem begin, maar Hy voeg Hom nie by die feesgangers wat die gebruiklike weg aan die oostekant van die Jordaan volg nie. Hy wil nie openlik na die fees gaan nie, en reis dus liewer op 'n weg wat die Jode nie volg nie, naamlik die pad deur Samaría.

### § **113 Herberg geweier deur 'n Samaritaanse dorp (Luk. 9:51-56)**

Jesus neem afskeid van Galiléa. Daar het Hy oorvloedig gearbei. Die Saaier laat die saad in die grond en Hy vertrek in die rigting van Judéa.

Toe hulle die grens van Samaría bereik, stuur Jesus 'n paar van sy dissipels vooruit om in 'n Samaritaanse dorpie herberg vir die nag te soek. Later kom die dissipels terug met die berig dat die dorpie weier om hulle te ontvang aangesien hulle Jode was wat op reis was na Jerusalem om daar 'n fees by te woon.

So bitter was die haat tussen Jode en Samaritane dat gasvryheid geweier word. In daardie tyd het die volke van Palestina dit beskou as 'n ereplig om gasvryheid aan te bied aan enige vreemdeling. Om dit te weier, was nie net onbeleef nie maar 'n belediging. Die Samaritaanse dorpie het hierdie reël van wellewendheid veronagsaam omdat hulle met die Jode niks te doen wou hê nie.

Vir die dissipels was dit 'n skokkende ondervinding, nie omdat hulle geen herberg kon kry nie, maar omdat hulle so smadelik beledig is. Hulle moes nog leer dat dergelike ondervindinge op elkeen wag wat Jesus navolg. Johannes en Jakobus, die seuns van die donder (= Boanerges, Mark. 3:17) is hierdie keer die eerste wat iets sê. Hulle verwys na Elía wat vuur van die hemel laat neerdaal het om die soldate van Ahásia te verteer (2 Kon. 1:10), en wil hê dat Jesus dieselfde moet doen met die Samaritaanse dorpie. Hy beskik immers oor die mag om dit te doen.

Jesus draai om na die dissipels en bestraf hulle omdat hulle soveel haat openbaar. Hy het hulle tog kort tevore geleer dat 'n mens tot sewentig maal sewe moet vergewe (§ 110), en nou wil hulle haat met haat vergeld. Begryp hulle dan nog nie die gees van die koninkryk van God nie? En verstaan hulle nog nie dat die Seun van die mens nie gekom het om mense uit te delg nie, maar om hulle te red. Ook diegene wat Hom verwerp, wil Hy die geleentheid gee om gered te word. Ná die Pinkster-gebeurtenis sou Samaría andermaal die evangelie hoor en dan sou baie gered word.

In Jesus woon die gees van die koninkryk, die Gees van geduld, lydsaamheid en vergewensgesindheid. As oorwinnaar kan Hy dus van die haatdraende dorpie weggaan en Hom wend na 'n ander plek waar Hy vriendelik ontvang sal word.

**§ 114 Die eise van dissipelskap (Luk. 9:57-62; Matt. 8:18-22)**

Volgens Lukas was dit op die reis deur Samaría dat verskillende persone Jesus kom spreek het oor die eise van navolging. Volgens Matthéüs het dieselfde vrae reeds vroeër in die bediening van die Here opgekom.

Ons het dit behandel onder § 59.

**§ 115 Die uitsending van die Sewentig (Luk. 10:1-12; vgl. Matt. 9:37-38; 10:7-16)**

Nog op weg deur Samaría het Jesus "sewentig ander" aangewys om twee-twee uitgestuur te word. (Sommige goeie manuskripte sê: 72). By hierdie geleentheid word die Twaalf nie gestuur soos voorheen gebeur het nie (vgl. § 82), maar uit die groter groep van volgelinge word sewentig aangewys. Ook die gewone volgelinge kry daardeur die opdrag en geleentheid om getuies van die koninkryk van God te wees.

Aan die Twaalf is gesê om nie op die weg van die Samaritane of die heidene te gaan nie (Matt. 10:5), maar die sewentig gaan juis deur die Samaritaanse land. Die Twaalf moes voorttrek waar die Gees hulle lei, maar hierdie sewentig moes voor Jesus uit gaan en in die plekke preek waarheen Hy self van plan was om te gaan. In daardie sin was hulle die wegbereiders van die Here.

Aan die getal 70 moet betekenis geheg word. Net soos die getal 12 na die twaalf stamme van Israel verwys en dus die simboliese getal is wat Israel voorstel, het 70 met die heidene te doen. Volgens Gen.10 is daar 70 heidense volke. Wanneer Jesus dus in Samaría die 70 uitstuur, is daar in die getal en in die daad self 'n heenwysing op die koms van die evangelie na die heidenvolke. Dit sou van nou af nie meer baie lank wees nie voordat die heilswerk van die Here voltooi sou wees en die opdrag sou kom om uit te gaan na alle volke.

Die verdere opdrag aan die sewentig is dieselfde as wat Jesus voorheen aan die Twaalf gegee het. Ook hulle moes gaan sonder om vir die reis voorsiening te maak; hulle moes bly waar hulle welkom is en daar hulle vrede laat; waar hulle nie ontvang word nie, moet hulle die stof van hul voete afskud en verder gaan. Maar steeds moes hulle in gedagte hou dat hulle gestuur word "soos lammers onder wolwe" (Luk. 10:3).

Hulle kon egter verseker wees dat wat aan hulle gedoen word, ook aan Jesus en mitsdien aan die Vader gedoen word (v. 16). Diegene wat die gesante verwerp, verwerp ook die Sender; en diegene wat die gesante aanneem, ontvang ook die Sender. In daardie sin bring die sending van die sewentig skeiding onder die mense. Die boodskap van die koninkryk stel elke hoorder voor 'n beslissing: vir of teen Christus.

**§ 116 Oordeels-aankondiging oor die stede van Galiléa (Luk. 10:13-15; Matt. 11:20-24)**

Lukas vertel dat Jesus in hierdie stadium, nadat Hy Galiléa verlaat het en sy werk daar afgehandel is, en nadat die stede Hom nie wou aanvaar nie, die woord van vervloeking uitgespreek het, by name teen Górasin, Betsáida en veral Kapérnaüm.

Matthéüs berig hiervan vroeër in die verhaal. Ons het dit reeds behandel in § 67.

§ **117 Die terugkeer van die Sewentig (Luk. 10:17-20)**

Nadat die sewentig hulle opdrag volvoer het, kom hulle weer rondom Jesus saam. Die herontmoeting het waarskynlik in Judéa plaasgevind, op die pad na Jerusalem.

Met groot blydskap vertel die sewentig van hul heerlike ondervindinge. By die uitsending het Jesus hulle die mag gegee om siekes gesond te maak, maar hulle het ondervind dat hulle ook duiwels kon uitdryf en dus die oorwinning oor die bose geeste behaal het.

Oor hierdie berigte is Jesus vol dankbaarheid. Hy verklaar dat Hy die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val het. Die werk van die sewentig was 'n kragtige stoot in die val van Satan. Hy was besig om die stryd te verloor. Jesus self sou sy mag finaal oorwin. Die Bose sal wel nog geweldig sterk wees op die aarde, maar die gelowiges hoef nie te vrees nie. Aan hulle word die

mag gegee om "op slange en skerpioene te trap," d.w.s. om oor al die sataniese magte, in watter verskynings-gestalte ook al te triomfeer. Ook sal niks hulle ooit kan skade doen nie omdat hulle deur God bewaar sal bly.

Maar dan laat Jesus 'n woord van waarskuwing hoor. Die feit dat hulle mag oor die bose geeste ontvang het, moet nooit die finale grond van hulle blydskap wees nie. Dit kan trouens 'n versoeking tot geestelike hoogmoed word. Die diepste grond van hulle blydskap moet die versekerdheid wees dat hulle name in die hemele opgeskryf is, en dat hulle vir tyd en ewigheid aan hul Here en Saligmaker toebehoort.

### § 118 Lof aan die Vader en geluksaligheid aan die dissipels (Luk. 10:21-24; Matt. 11:25-27)

Terwyl Jesus die sewentig toespreek, het die Heilige Gees 'n groot vreugde in sy hart gebring sodat sy gesprek verander in 'n gebed van lof en dank aan God wat al die dinge vir die wyse en verstandige mense, die Fariseërs en skrifgeleerdes, verberg het maar dit aan die kindertjies, die eenvoudige gelowiges soos die sewentig, geopenbaar het. Hierin handel God anders as wat die mense verwag, maar só is dit sy welbehae. Ook weet Jesus dat die Vader alle dinge aan Hom oorgegee het, al moet Hy eerlank self oorgegee word in die hande van mense wat Hom sal doodmaak. Maar daarom bly Hy ook onbekend. Alleen die Vader ken die Seun, soos die Seun ook die Vader en sy welbehae ken. Tog bly Hy nie volstrek onbekend nie omdat Hy Homself en die Vader bekend stel aan wie Hy wil, d.w.s. aan sy gunsgenote, die kindertjies in die geloof.

Hierdie selfde woorde het Jesus ook by 'n ander geleentheid uitgespreek, en toe die uitnodiging bygevoeg aan almal wat vermoeid en belas is (Matt. 11:25-30 vgl. § 67). Noudat Hy in Judéa weer eens God loof vir sy wonderlike weg, draai Hy om na die dissipels wat alles gesien het wat Hy doen, en Hy sê: "Salig is die oë wat sien wat julle sien."

Baie konings en profete uit die Ou Testament het daarna uitgesien om die koms van die Messias te beleef, maar aan hulle was dit nie beskore nie. Nou het dit die voorreg van die dissipels geword. Daarom is hulle die begenadigdes van die Here en moet hulle weet dat hulle geluksalig genoem kan word.

## XIII DIE WINTER IN JERUSALEM

### § 119 Heimlike aankoms in Jerusalem (Joh. 7:10-13)

Die uitnodiging van sy broers om saam met hulle na die Huttefees in Jerusalem te gaan, het Jesus van die hand gewys (vgl. § 112). Daarna het Hy met sy gevolg, die Twaalf en die Sewentig, deur Samaría gereis en so onopgemerk as moontlik tot in die nabyheid van Jerusalem gekom. Dit was Oktober. Die aantog van die winter was oral merkbaar. Jesus sou die grootste deel van die winter in Jerusalem deurbring, d.w.s, van die Huttefees in Oktober tot na die fees van die tempelwyding in Desember (vgl. Joh. 10:22). Daar sou Hy die koue van die winterlug en die kilheid van die vyandige atmosfeer moes verduur.

Die Huttefees het ontwikkel tot 'n besondere geleentheid in die Joodse volkslewe. Oorspronklik is dit ingestel om die deurtog deur die woestyn in dankbare herinnering te hou (Lev. 23:34 e.v.; Deut. 16:13-15). Dit het 'n soort teenhanger van die Paasfees geword. Laasgenoemde was die fees van die uittog uit Egipte en is in die lente gevier met die eerstelinge van die oes as offer. Die Huttefees was die fees van die deurtog deur die woestyn, en word laat in die herfs gevier wanneer die hele someroes ingesamel en verwerk is. Beide feeste het 'n vrolike karakter, maar hierin munt die Huttefees uit.

In die vroeë geskiedenis van Israel het die Huttefees in onbruik geraak, maar ná die ballingskap is dit weer ingestel, en het dit 'n hoogtepunt in die Joodse jaar geword. In die sewende maand, Tisjri (= Oktober), is dit gevier, vyf dae na die Groot Versoendag. Dit duur sewe dae, waarin offers gebring word, en vrolik feesgevier word met gesang, musiek en fakkeldanse, terwyl heelwat geëet en gedrink word.

Die godsdienstige handelinge is gegroepeer rondom drie grondgedagtes: herinnering aan die deurtog deur die woestyn en die besondere beskerming wat God aan sy volk geskenk het; danksegging vir die volle oes van die somer; en voorbidding vir oorvloedige reën met die oog op die volgende landbou-jaar. In verband met laasgenoemde word ook sekere handelinge uitgevoer waarby van water gebruik gemaak word.

Dit was usansie dat 'n volwasse Jood iedere jaar minstens een van die hoof-feeste in Jerusalem bywoon. Jesus voeg Hom by hierdie gebruik. Aangesien Hy die vorige Paasfees nie bygewoon het nie (vgl. § 86), gaan Hy in die herfs op na die Huttefees. Hy wil egter geen aandag op

Homself vestig nie, en kom dus onopgemerk die stad binne. Tydens die eerste dae van die sewedaagse fees bly Hy op die agtergrond.

By hierdie fees heers daar 'n merkbare spanning onder die volk. By die leiers onder die Jode was daar die stellige verwagting dat Jesus na die fees sou kom, en hulle was op die uitkyk. Onder die skare was daar 'n gemompel oor Hom. Die menings het uiteengeloop. Sommige is deur Hom beïndruk en was simpatiek gesind; ander het Hom gewantrou en gemeen dat Hy net 'n bedrieër was wat die skare mislei. Die teenstand teen Hom van die kant van die volksleiers was egter so sterk dat niemand dit gewaag het om openlik oor Hom te praat nie.

In hierdie kille atmosfeer van agterdog en haat kom Jesus in Jerusalem aan.

**§ 120 Jesus in die tempel op die Huttefees (Joh. 7:14-36)**

Toe die fees reeds tot op sy helfte gevorder het, waarskynlik op die vierde dag, kom Jesus in die tempel aan en begin Hy om daar te leer soos Hy tydens sy vorige besoek gedoen het (vgl. § 42). Sy prediking maak 'n diepe indruk op almal, selfs op die teenstanders. Hulle is egter nie bereid om sy uitnemendheid bo die rabbi's te erken nie, en begin dus vrae stel oor sy opleiding en herkoms.

Wat sy, opleiding betref, probeer hulle Hom onder verdenking bring deur daarop te wys dat Hy nie in enige skool van skrifgeleerdes onderwys ontvang het nie. Hy is dus nie 'n kwekeling van die erkende skole vir die opleiding van rabbi's nie. Waar kom Hy dan aan sy geleerdheid?

Hierop antwoord Jesus dat die leer wat Hy verkondig, nie sy eie is nie, maar dat Hy dit ontvang het van God wat Hom gestuur het. Diegene wat hulle eie leer verkondig, soos die rabbi's, soek hulle eie eer, maar dit doen Hy nie. Hy soek uitsluitlik die eer van God wat Hom uitgestuur het. Daar is egter net een manier om te wete te kom dat Jesus se leer werklik van God uitgaan, en dit is om die wil van God te doen. Wie sy wil doen, sal weet dat Jesus deur God gestuur is. Maar juis dit doen die Jode nie. Hulle onderhou nie die wet van God nie.

Dit moes vir die Jode, en veral vir die Fariseërs, 'n skok gewees het om so onomwonde uit die mond van Jesus te hoor dat hulle die wet nie onderhou nie. Dit is immers juis wat hulle so nougeset probeer doen. Jesus gaan voort om te sê dat hulle Hom wil doodmaak, juis as gevolg van hul verbreking van die wet. Hierop val die Jode Hom in die rede en roep uit dat Hy besete is. Maar Jesus gaan voort. By sy vorige besoek het Hy 'n goeie werk op die Sabbat gedoen - Hy het die sieke by die bad van Betésda genees (§ 42) - en nou wil die Jode Hom doodmaak. En wat doen hulle self? Moses, of liewer die vaders voor Moses, het bepaal dat 'n seuntjie op die agste dag besny moet word. As die agste dag op 'n Sabbat val, verbreek die Jode hul eie sabbats-bepalinge om die besnydenis op daardie dag uit te voer. Waarom neem hulle Jesus kwalik indien Hy hulle sabbats-bepalinge verbreek ten einde 'n mens na liggaam en gees te genees? Hulle moet billik oordeel !

Met hierdie woord het Jesus tydelik die mond van sy teenstanders gesnoer. Toe hulle geen antwoord gee nie, begin die skare wonder of die stilswye van die leidsmanne beteken dat hulle tot die oortuiging gekom het dat Hy werklik die Christus is.

Toe bring die Jode die vraag omtrent sy herkoms te berde. Hulle ken Hom immers as die seun van die timmerman van Násaret. Hy kan dus nie die Christus wees nie, want wanneer Hy kom, sal niemand weet van waar Hy kom nie. Hierop verklaar Jesus dat hulle hul vergis. Hulle meen dat hulle sy herkoms ken, en dan dink hulle aan Násaret, maar die werklike toedrag is dat Hy deur God gestuur is. Hy kom van God. Maar die tragedie is dat hulle, die godsdienstiges, God nie ken nie.

Aangesien die Jode met argumente niks teen Jesus vermag het nie, het hulle aan geweld begin dink. Hulle probeer om Hom te gryp, en tog waag niemand dit om die hand aan Hom te slaan nie. Hy bly deur God beskerm omdat sy uur nog nie gekom het nie. Die skare is geneë om in Jesus se guns kant te kies. Om daaraan 'n einde te probeer maak, stuur die Fariseërs en owerpriesters tempelwagte om Hom gevange te neem. Maar ook hulle bly eers staan om na sy woorde te luister.

Dan verklaar Jesus dat Hy nog net 'n klein tydjie by hulle sal wees. Daarna gaan Hy na Hom wat Hom gestuur het. Die Jode sal Hom soek maar nie vind nie, omdat hulle nie kan kom waar Hy is nie. Van die bedoeling van hierdie profetiese woorde het die Jode geen begrip nie. Hulle begin daarmee die spot dryf deur te vra of Hy dan nou die Joodse land gaan verlaat om na die Griekssprekende Jode in die verstrooiing te gaan, of na die Grieke self. Min het hulle geweet dat hulle in die spot 'n waar woord gespreek het. Nog binne die leeftyd van die meeste van hulle sou die evangelie van Christus uitgedra word na die hele Griekssprekende wêreld.

Terwyl die tempelwagte gereed staan om Hom gevange te neem, verlaat Jesus die tempel.

Niemand verroer 'n vinger om Hom leed aan te doen omdat sy uur nog nie gekom het nie.

**§ 121 Die water van die lewe (Joh. 7:37-39)**

Op die laaste dag bereik die Huttefees sy hoogtepunt. Reeds vroeg in die môre gaan die feesvierendes op na die tempel. Baie dra vroeg 'n suurlemoen in die een hand en 'n groen tak of palmblad in die ander. Die altaar word met groenigheid getooi. Musiek word gehoor en die volk neem deel aan die sang. 'n Reeks indrukwekkende godsdienstige handelinge vind plaas. Hoofsaaklik staan dit in verband met die inroep van die hulp van God dat Hy reën mag gee en die nuwe landbou-jaar 'n geseënde maak.

Op 'n bepaalde tydstip gaan 'n priester af na die badwater van Siloam (vgl. DEEL I, § 399) om daar met 'n goue kruik water te skep. Met groot seremonie kom hy terug na die altaar waar die water uitgegiet word. Daarna word die woorde van Jes. 12:3 gelees: "Julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil." Daarop sing die Leviete sekere Psalms terwyl die volk die Here loof deur "Halleluja" uit te roep, of om saam te sing wanneer Ps. 118 aangehef word. Telkens word uit die mond van die volk die woorde van v. 25 gehoor: "Ag, Here, gee tog heil; ag, Here, gee tog voorspoed!"

Toe hierdie plegtige handeling voltooi is en die musiek en sang en uitroepe van die skare wegsterf, klink onverwags die helder stem van Jesus oor die tempelplein: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink. Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei." Wat Jesus voorheen aan die Samaritaanse vrou gesê het (Joh. 4:10-14, vgl. § 33), herhaal Hy nou in die sentrum van die Joodse godsdienstige lewe. In antwoord op die uitroep van die volk: "Ag, Here, gee tog heil," bied Jesus die vervulling van die profesie van Jesaja (12:3): "Julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil." Trouens, daardie fontein van heil sal binne in die hart van die gelowiges gegee word, sodat hulle uit daardie steeds vloeiende water ook ander kan verkwik. Die voorwaarde is egter dat hulle in Hom moet glo, d.w.s. Hom aanvaar as die Messias wat deur God gestuur is. Maar juis dit wil die Jode nie doen nie. Daarom keer hulle telkens terug tot die Huttefees en voer plegtig die seremonies uit, maar sonder om ooit met vreugde water te skep uit die fontein van heil.

Toe Jesus van die strome van lewende water gepraat het, het selfs die dissipels nie begryp dat Hy na die Heilige Gees verwys het nie. Indien sy woorde hulle aan Jes. 44:3 herinner het, sou hulle waarskynlik begryp het dat Hy van die Heilige Gees gepraat het. Daar staan tog geskrywe: "Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge." Dit was egter eers nadat Jesus in heerlikheid opgeneem is, en die Heilige Gees op die Pinksterdag uitgestort is dat hulle begryp het dat Jesus daar by die Huttefees in die tempel na die uitstorting van die Heilige Gees en sy inwoning in die hart van die gelowige verwys het.

**§ 122 Meningsverskil omtrent Jesus (Joh. 7:40-52)**

Die optrede van Jesus op die tempelplein gee aanleiding tot 'n openlike meningsverskil onder die skare. Voorheen het hulle nie gewaag om van Hom te praat nie (v. 13), maar nou het die tonge los geraak. Sommige spreek die oortuiging uit dat Hy die profeet is, d.w.s. die profeet volgens die belofte wat God aan Moses toegesê het (Deut. 18:15 e.v.), ander is oortuig dat Hy die Christus is. Daarteenoor word die beswaar geopper dat die Christus volgens die Skrifte nie uit Galiléa sou kom nie, maar uit Betlehem, die dorp van Dawid. Sommige wil aan die argument 'n einde maak deur Hom gevange te neem, maar niemand waag dit om die daad by die woord te voeg nie.

Die lede van die Sánhedrin is besorg oor die verloop van sake en wil ingryp. Hulle het die tempelwagte gestuur om Jesus gevange te neem, en nou kom die wagte met leë hande terug. Met verontwaardiging vra die Fariseërs en owerpriesters rekenskap van dié ongehoorsaamheid. Die enigste antwoord van die wagte is dat niemand nog ooit so gepraat het soos Jesus nie. Die Joodse leidsmanne is woedend. Is die wagte dan ook mislei net soos die onkundige skare? Het iemand uit die owerstes of Fariseërs ooit in Hom geglo? So vra hulle, en getuig sodoende van hulle eie ongeloof en verharding. Hulle ware hoogmoedige houding kom aan die lig wanneer hulle die skare met veragting bejeën en vervloek.

Onder die lede van die Sánhedrin is daar een man wat tot versigtigheid maan. Dit is Nikodémus wat in die nag na Jesus gekom het (vgl. § 31). Hy betuig nie openlik sy simpatie met Jesus nie, maar wys daarop dat dit nie geoorloof is nie om tot geweld oor te gaan alvorens iemand aangekla en verhoor is. Die erkende regsbeginsels moet tog gehandhaaf word. Die Jode wil egter na geen rede luister nie. Nikodémus word beledigend uitgejou as 'n Galileër.

Weet hy dan nie dat Galiléa nog nooit 'n profeet opgelewer het nie?
Hierdie laaste bewering is bedoel om die Galileërs te verkleineer en om Nikodémus te speen van sy bewondering vir Jesus. Maar die bewering is onwaar. Jona was uit Galiléa, en moontlik ook Elía en Hoséa en Nahum. Vir diegene wat hulle so beywer om die waarheid te handhaaf, is die waarheid nou nie meer van belang nie. Die haat teen Jesus oorheers hulle denke en doen.
Sonder dat die meningsverskille enigsins opgeklaar is, gaan elkeen huis toe (v. 53).

**§ 123 Die oorspelige vrou (Joh. 7:53-8:11)**

Teen die aand gaan Jesus uit na die Olyfberg. Dit is moontlik dat die dissipels, soos baie ander, hulle hutte van boomtakke en blare daar teen die hang van die berg opgerig het. Hoewel dit nie uitdruklik gesê word nie, kan ons aanneem dat Jesus ook die stilte van die berg gesoek het om in die gebed met die Vader te verkeer. Dit was 'n dag van spanning en van toenemende vyandigheid. In die komende dae sou dit nie beter gaan nie. Daarom soek Jesus krag in die gebed.
In Jerusalem was dit op die laaste aand van die Huttefees nie stil nie. Die mense vul die strate en die tempelplein. Almal verkeer in opgewekte stemming. Oral is luidrugtigheid en uitbundigheid. Die wyn vloei vryelik en die verleiding tot sonde ontbreek nie.
Vroeg die volgende oggend, wanneer die stad stil geword het, gaan Jesus op na die tempel. Mettertyd kom ook ander mense daar aan vir die môre-offer. Hulle begin saamkom rondom Jesus en Hy gaan sit om hulle te leer.
Terwyl Hy besig was om met die vergaderdes te praat, kom 'n aantal skrifgeleerdes en Fariseërs daar aan met 'n vrou wat in egbreuk betrap was. Waarskynlik was hulle met haar onderweg na die Sánhedrin wat as geregshof 'n oordeel oor haar sou uitspreek. Die wet van Moses het bepaal dat die man en vrou wat in egbreuk betrap word, gestenig moet word (Deut 22:22 e.v.). Dus as die bewys gelewer is, is daar geen genade nie.
Die skrifgeleerdes en Fariseërs sien toe Jesus daar sit en leer, en besef onmiddellik dat hulle 'n goeie geleentheid het om Hom in 'n val te laat loop. Hulle soek juis 'n beskuldiging teen Hom en sou dit nou miskien maklik kan kry. Hy het steeds besonder simpatiek opgetree teenoor tollenaars en sondaars. Laat Hy nou kies tussen die wet van Moses en die sondares.
Met hierdie bose bedoelinge kom hulle voor Jesus en stel aan Hom hulle vraag. Moses het bepaal dat iemand wat op die daad van egbreuk betrap word, gestenig moet word. Maar Hy, wat sê Hy? In ander gevalle het Hy die wet van Moses, altans soos hulle dit verstaan het, tersyde gestel. Sal Hy dit nou weer doen?
Jesus ken die boosheid van hulle planne. Hy weet ook watter betekenis hulle heg aan die uitdrukking: "op die daad betrap." Hy weet van die sondige praktyke waardeur die huwelik heimelik ontheilig en geskend word, en dat dit onder die "vroomstes" voorkom, mits alleen maar goed gesorg word dat die uitdrukking "op die daad betrap" nie van toepassing gemaak kan word nie. Hy sien deur hulle maskers van heiligheid en klere van reinheid.
Op hulle vraag antwoord Hy nie onmiddellik nie. Hy buig neer en skryf met die vinger in die sand. Wat Hy geskryf het, weet ons nie. Ons weet selfs nie of Hy iets geskryf het wat vir sy teenstanders bedoel was nie. Toe hulle aanhou met hulle vrae, rig Hy Hom op, kyk hulle in die oë en sê: "Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar gooi." Daarna het Hy weer gebuk en voortgegaan om in die sand te skryf.
Die wet bepaal dat wanneer iemand gestenig moet word, die eerste getuie wat die misdaad aangewys het, ook die eerste klip moet gooi (Deut. 17:7). Hierin bring Jesus 'n geringe wysiging deur te sê dat dié een wat sonder sonde is, die eerste klip moet gooi.
Met daardie uitspraak het Jesus hulle in die gewete getref. Hulle begin hulle skaam vir hulle duiwelse planne teen Jesus, maar meer nog het hulle besef dat die enigste verskil tussen hulle en die sondares gelê het in die formule: "op die daad betrap." Een na die ander laat die kop sak en stap weg, die oudstes eerste en toe die jongeres.
Toe almal weg was, kyk Jesus op en sien net die vrou daar staan. Aan haar vra Hy: "Het niemand jou veroordeel nie?" Beskeie en onderworpe antwoord sy: "Niemand nie, Here." En Jesus sê vir haar: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen, en sondig nie meer nie".
Daarmee het Jesus nie die leefwyse van die vrou of haar daad goedgekeur of gekondoneer nie. Sonde bly sonde. Maar in sy groot ontferming vergewe die Here hierdie vrou en gee Hy aan haar 'n nuwe kans in die lewe. Maar op een voorwaarde. Sy moet toesien dat sy nie weer sondig nie. Noudat sy Jesus leer ken het as die Een wat die sonde vergewe, moet sy ook 'n nuwe lewe begin waarin die sonde nie langer oor haar heers nie.

### § **124 Gesprekke oor Jesus se goddelike sending (Joh. 8:12-59)**

Nog tydens die Huttefees of kort daarna het Jesus verskillende gesprekke gevoer waarin Hy sy goddelike sending aan die Jode probeer bekend maak het. Elke poging loop egter op misverstand uit, en die voorneme om Hom gevange te neem, word versterk.

Tydens die Huttefees word groot lampe in die tempel aangebring en elke aand aangesteek. Daardeur word die tempel rondom en binne verlig, en straal dit sy lig uit in die nagtelike duisternis. Vir die Jode was dit 'n beeld van hulle godsdiens wat soos 'n lig in die donker heidenwêreld skyn.

Terwyl die Jode die spel van lig in die tempel bewonder, tree Jesus na vore en roep uit: "Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê." Hyself, met sy woorde en werk, is die lig wat die duisternis uit die wêreld verdryf en lig bring in die lewe en op die lewenspad. Elkeen wat Hom daagliks navolg, sal in die lig wandel en sal vind dat sy lewe self verlig is. So iemand kan ook uitvoering gee aan die hoë roeping van die dissipel van Jesus om die lig van die wêreld te wees (Matt. 5:14).

Na aanleiding van hierdie woorde volg sekere gesprekke waarin die Jode toenemend verbitter word teen Jesus omdat hulle sy woorde nie kan verstaan nie. Die gesprekke kan ons soos volg saamvat:

a) ***Beswaar teen Jesus se selfgetuienis*** (Joh. 8:13-20). Omdat Hy van Homself getuig het, wil die Jode sy getuienis nie aanneem nie. Hierop antwoord Jesus dat sy getuienis nietemin waar is omdat Hy weet van waar Hy kom en waar Hy heengaan, maar hulle het geen begrip daaromtrent nie, en bly dus volhard met die opvatting dat Hy maar net 'n mens is uit Násaret. In daardie sin oordeel hulle volgens die vlees. En wat die voorskrif van die wet betref dat daar twee of drie getuies moet wees (Deut. 17:6), word hieraan voldoen deurdat Jesus en die Vader saam getuig. Uit die aard van die saak kan geen menslike getuienis bygebring word om te bewys dat Jesus van God uitgegaan het nie; alleen God kan getuig wie God is. Daarom beklemtoon Jesus: Ek getuig. Ek weet, Ek het uitgegaan, en Ek en die Vader getuig van My. Vir elkeen wat God die Vader ken, behoort dit afdoende bewys te wees, maar ten spyte van al hul aansprake ken die Jode nie die Vader nie. Hierdie gesprek het plaasgevind in die vroue-voorhof waar die verskillende skatkiste vir offergawes staan. Daar is weer eens gedreig om Jesus gevange te neem, maar niemand doen aan Hom iets omdat sy uur nog nie gekom het nie.

a) ***Gesprek oor Jesus se naderende einde*** (v. 21-29). Met verwysing na sy naderende einde verklaar Jesus dat Hy weggaan, en dat die Jode Hom sal soek en nie vind nie. Hulle sal gevolglik in hulle sondes sterf. Na aanleiding hiervan begin die Jode spot en vra of Hy dan van plan is om selfmoord te pleeg. Jesus wys egter daarop dat Hy van bo is, en weer daarheen verhoog sal word. Die eerste stap in die verhoging sal die verhoging aan die kruis wees. Wanneer hulle dit gedoen het, sal hulle weet dat Jesus **"Ek is"** (v. 24 en 28).

Die selfaanduiding "Ek is" keer van nou af telkens terug in die Evangelie van Johannes. Daarin vind ons 'n verwysing na die Naam waarmee God Hom aan Moses bekend gestel het by die brandende doringbos: "Ek is wat Ek is" en "Ek is" (Exod. 3:14, vgl. DEEL I, §§ 86, 87). Net soos God daardie verhewe Naam dra, is Jesus ook die "Ek is," en verklaar Hy dat Hy ten nouste met die Vader verbonde is en nooit deur die Vader alleen gelaat word nie.

Hierdie dinge word egter deur die Jode nie verstaan nie, weer eens omdat hulle die Vader nie ken nie.

**c)** ***Die waarheid maak vry*** (v. 30-36). Onder die Jode was daar 'n aantal wat in Jesus begin glo het. Tot hulle wend Hy Hom om te verduidelik dat hulle die volle vryheid - die innerlike, geestelike vryheid - sal vind as hulle sy woord gelowig aanvaar. Oor die gedagte dat hulle nie vry is nie, neem hierdie beginners in die geloof aanstoot. Hulle is immers kinders van Abraham en was nog nooit slawe nie. Daarop verduidelik Jesus dat Hy praat van die slawerny van die sonde. Van daardie slawerny maak die Seun die mens vry.

d) ***Kinders van die duiwel*** (v. 37-47). Die Jode volhard in die aanspraak dat hulle kinders van Abraham is en mitsdien kinders van God. Dan wys Jesus daarop dat hulle besig is met planne om Hom dood te maak, terwyl Hy deur die Vader gestuur is. So iets sou die ware kinders van Abraham nie doen nie. Abraham het die woord van God as waarheid aanvaar, en die egte kinders van Abraham moet dit ook doen. Maar die Jode verwerp die woord van God wat Jesus tot hulle spreek. Daarom is hulle nie kinders van Abraham nie, maar van die duiwel, die vader van die leuen. Die feit dat hulle Hom wil doodmaak, bewys ook dat hulle kinders van die duiwel, die mensemoordenaar, is.

Dan vra Jesus: "Wie van julle oortuig My van sonde?" Hy, die sondelose, gee aan sy

teenstanders die geleentheid om beskuldigings in te bring, maar hulle kan nie. Dan trek Hy die konklusie: Deur hulle onvermoë om Hom van sonde te oortuig, bevestig hulle dat Hy die waarheid praat. Nietemin weier hulle om Hom te glo. Die waarheid is egter uit God, en word geglo deur diegene wat self uit God is. Daarom is hulle wat nie wil glo nie, nie uit God nie, al is hulle sogenaamde kinders van Abraham. In die werklikheid is hulle kinders van die duiwel.

**e) *Jesus bekend gemaak as die ewige Seun van God*** *(v.* 48-59): Die Jode het heftig in verset gekom teen Jesus se bewering dat hulle kinders van die duiwel is. Hulle skel Hom uit as 'n Samaritaan, en dat Hy self van die duiwel besete is. Hierop antwoord Jesus dat deur so 'n bewering die Jode besig is om God oneer aan te doen, m.a.w. om God te laster. Die waarheid is egter dat elkeen wat die woord van Jesus glo die dood in der ewigheid nie sal smaak nie. Hierop val hulle Hom met nuwe woede aan. Immers, Abraham het dan gesterf en ook die profete, hoe kan Hy praat van "in ewigheid die dood nie smaak nie." Is Hy miskien groter as Abraham? Vir wie gee Hy Hom uit? Op hierdie verkleinerende verwyte antwoord Jesus dat die kernprobleem met die Jode is dat hulle die woord van die Vader nie glo nie. Abraham het anders gehandel. Op die woord van God het hy uitgesien na die dag van vervulling. Toe die beloofde seun, Isak, gebore is, het Abraham die vervulling gesien en hom verbly. Daarin het hy 'n vingerwysing gesien dat God al die beloftes sou vervul. Isak was as beloofde seun die voorloper van die beloofde Messias. Abraham het hom dus by voorbaat verheug oor die Seun wat sou kom.

Weer eens wil die Jode Hom met bespotting stilmaak. Hy is dan nie eens vyftig jaar oud nie, trouens nie veertig nie, en hoe praat Hy asof Hy Abraham gesien het? Hierop spreek Jesus die betekenisvolle woord van self-bekendstelling uit: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek" (v. 58). Hy is die ewige "Ek is," wat van ewigheid tot ewigheid bestaan, en in wie verlede, hede en toekoms saamgevat word in 'n ewige IS.

Die Jode was so woedend dat hulle klippe begin optel om Hom te stenig, maar Hy het Hom aan hulle onttrek en die tempel verlaat. Wat voorheen in sy vaderstad, Násaret, gebeur het (vgl. § 35), vind nou by herhaling plaas in die huis van sy Vader, die tempel in Jerusalem.

## § 125 Genesing van die blindgeborene (Joh. 9:1-41)

In die dae na afloop van die Huttefees het Jesus in Jerusalem gebly ten spyte van die vyandige houding van die Fariseërs. By geleentheid was Hy met die dissipels weer by die tempel en daar vestig hulle sy aandag op 'n blinde bedelaar van wie hulle wis dat hy van geboorte af blind was. Hulle stel blykbaar nie belang in sy omstandighede of moontlike genesing nie, maar soek 'n antwoord op 'n teologiese vraag. Hulle wil weet of die man deur blindheid gestraf word omdat hy self gesondig het, of was dit weens die sonde van sy ouers. By die Jode was daar 'n diepgewortelde opvatting, wat ook in die geskiedenis van Job ter sprake kom (vgl. DEEL I, § 401), dat ernstige siektes soos blindheid, verlamming en melaatsheid die straf is op sonde. Die omvang van iemand se sonde kan dus afgelei word uit die graad van liggaamlike lyding waaraan hy onderwerp is**.** Daarom meen hulle dat so 'n blinde die straf dra van sonde. Maar is dit in hierdie geval sy eie of dié van sy ouers? Aangesien hy van geboorte af blind is, wil dit tog voorkom asof dit die sonde van sy ouers is waarvoor hy moet boet.

In antwoord op hierdie vraag, wys Jesus daarop dat siekte of lyding wel die vrug is van sonde, maar nie noodwendig die direkte straf op 'n sondige handeling van die betrokke persoon nie. God kan ook 'n ander doel as straf beoog. In die geval van die blindgeborene is dit juis die geval dat God die blindheid oor hom gebring het sodat die Here in hierdie man verheerlik kon word. Die werke van God moet in hom openbaar word.

En wat die werke betref, is Jesus juis gestuur om die werke van God te doen. Daarmee moet Hy ook volhard solank as dit dag is, want die nag kom wanneer niemand kan werk nie. Hy weet dat sy tyd kort word. Daarom beywer Hy Hom om die werk wat God aan Hom opgedra het, te volbring. Ook is Hy die lig van die wêreld solank as wat Hy in die wêreld is. In Joh. 8:12 het Hy in die tempel aangekondig dat Hy die lig van die wêreld is (vgl. § 124), en dat diegene wat na Hom kom, nie meer in die duisternis wandel nie. Nou stel Hy dieselfde waarheid ietwat anders. Hy is ook die lig van die wêreld in dié sin dat Hy lig bring in die oë van die blindes. Dit doen Hy solank as wat Hy in die wêreld is, d.w.s. tydens sy aardse omwandeling. Die genesing van die blinde dien as bevestiging van die geestelike waarheid dat Jesus die lig van die wêreld is.

Toe Jesus dit gesê het, spuug Hy op die grond en maak 'n bietjie slyk waarmee Hy die ooglede van die blinde bestryk. Daarop gee Hy aan hom die opdrag om na die bad van Siloam (=

uitgestuur) te gaan en daar sy oë te was.
Die blinde ken Jesus nie. Hy het wel die naam opgevang, maar verder weet hy nie van Hom nie. Aan hom is ook nie gesê dat hy siende sal word as hy in Siloam gaan was nie. Tog het hy so iets verwag, en gaan dus om te doen soos beveel is. Die aansienlike afstand tussen die tempel en Siloam in die stad lê hy langsaam af aan die hand van iemand wat hom lei. Daar aangekom, buk hy vooroor en baai sy oë in die koel fonteinwater. Onmiddellik word hy siende. Met blydskap gaan hy huis toe.
Toe die bure hom sien, was hulle nie seker of dit wel die persoon was nie wat hulle as die blinde bedelaar geken het. Aan die onsekerheid maak die man 'n einde deur te verklaar dat dit wel hy is, maar dat iets wonderliks met hom gebeur het. In antwoord op vrae, vertel hy dat 'n man met die naam Jesus klei gemaak en aan sy oë gesmeer het, en hom na Siloam gestuur het. Toe hy daar sy oë baai, het hy siende geword. Op die vraag waar die Jesus is, moet hy egter sê dat hy nie weet nie.
Hierdie dinge het op 'n Sabbat plaasgevind. Daarom meen die bure dat die Fariseërs, die bewakers van die heiligheid van die Sabbat, aan die saak aandag behoort te gee. Daarom word die man na hulle toe geneem. Die Fariseërs stel dadelik belang. Dit is immers duidelik dat die Sabbat geskend is, en weer eens was dit Jesus wat daarby betrokke was. Daarom vra hulle die man uit en hy vertel breedvoerig wat met hom gebeur het. Die vertelling veroorsaak verskil van mening onder die Fariseërs. Sommige is oortuig dat Jesus die oë van 'n blinde kan open slegs indien Hy van God kom. Ander meen dat iemand wat van God kom, nie die Sabbat sal verbreek nie. Deur die gedagtewisseling van die Fariseërs kom die blinde man self tot nadere insig omtrent Jesus. Op 'n vraag aan hom verklaar hy sonder 'n sweem van onsekerheid: "Hy is 'n profeet".
Die ondersoek gaan 'n stap verder deurdat die getuienis van die ouers ingeroep word. Hulle moet eers die seun identifiseer as die een wat blind gebore is. Die Fariseërs vertrou nie alles wat hulle hoor nie. Daar kan die een of ander bedrog in die spel wees. Daarom moet vooraf van die ouers verneem word of die man wel hulle blindgebore seun is. Op hierdie vraag antwoord die ouers bevestigend. Dan kom die volgende vraag: Hoe sien hy dan nou? Met hierdie vraag moet die ouers versigtig wees. Hulle weet dat Jesus die seun gesond gemaak het, maar hulle weet ook van die haat van die Fariseërs teen Jesus. Die Jode het trouens ooreengekom dat enigiemand wat te kenne gee dat Jesus die Christus is, uit die sinagoge verban sou word. Daarom is die ouers bang om te praat. Hulle verwys die Fariseërs na die seun, wat tog mondig is en dus vir homself kan praat.
Vir 'n tweede keer word die blinde man ondervra. Hierdie keer word hy onder 'n eed geplaas met die formule: "Gee aan God die eer." Van hom word dan gevra om te bevestig dat Jesus 'n sondaar is. Hy weier om dit te doen omdat dit vir hom ongerymd voorkom dat 'n sondaar die oë van 'n blinde sou kon open. Hy begin ook om met groter vrymoedigheid die Fariseërs te woord te staan en vind dit vreemd dat hulle nie weet van waar 'n man kom wat die oë van 'n blinde open nie. Hulle weet tog dat God nie 'n sondaar verhoor nie, maar wel iemand wat sy wil doen. Bowendien is dit in die geskiedenis van Israel onbekend dat iemand nog ooit die oë van 'n blinde geopen het. Dus, as Jesus nie sonder sonde was en nie deur God gestuur was nie, sou Hy 'n blindgeborene nie siende kon maak nie.
Hierop het die Fariseërs geen ander antwoord nie as om die man as 'n hopelose sondaar te bestempel en uit te ban uit die sinagoge. Hy mag dus voortaan nie meer die godsdienstige byeenkomste bywoon of selfs met die vromes praat nie.
By Jesus was daar innige belangstelling vir hierdie man. Hy het gehoor wat met hom gebeur het, en toe moeite gedoen om hom op te soek. Toe Hy hom vind, vra Hy: "Glo jy in die Seun van God?" Die man ken hierdie benaming as 'n aanduiding van die Messias. Daarom verklaar hy dat hy graag in Hom wil glo, maar nog nie weet wie Hy, die Seun van God, is nie. Hierop stel Jesus Homself aan die man bekend. Hy, wat hom siende gemaak het, is die Messias. Diep bewoë buig die man voor Jesus met die woorde: "Ek glo, Here!"
Met daardie woorde getuig hy dat hy ook geestelik siende geword het. Die volle lig het vir hom opgegaan. Dit het trapsgewys gegaan: 'n man genoem Jesus - 'n profeet - 'n man sonder sonde - 'n man wat van God was - die Seun van God. Só, ten volle verlig, buig hy eerbiedig in aanbidding.
Toe die blindgeborene op hierdie treffende wyse tot volle lig kom, het Jesus die doel van sy goddelike sending in enkele woorde saamgevat. Hy het tot 'n oordeel gekom. Hy bring skeiding. Die wat nie sien nie, sal siende word; en die wat sien, sal blind word. Aan diegene

wat lig soek, omdat hulle uit die duisternis verlos wil wees, skenk Hy lig; en aan diegene wat in die duisternis sit en meen dat hulle die lig besit, skenk Hy niks. Hierdie selfde waarheid het Hy vroeër in 'n ander verband uitgespreek (vgl. Joh. 3:17 e.v., § 31; en Matt. 13:10 e.v., vgl. § 73).

Die Fariseërs wat teenwoordig was, het begryp dat Jesus hulle in gedagte het as Hy praat van die blindes. Daarom vra hulle reguit of dit sy bedoeling is. Jesus antwoord: Nee, as hulle blind was, sou hulle na die lig gekom het. Maar nou gee hulle voor dat hulle siende is, daarom bly hulle in die duisternis van hulle sonde.

**§ 126 Die groot gebod: liefde (Luk. 10:25-28; vgl Matt. 22:34-40; Mark. 12:28-34)**

Die uitspraak van Jesus dat die Fariseërs siende-blind was, en daarom in sonde, is nie gou vergeet nie. Dit beteken immers dat hulle wat so voorbeeldig die wet onderhou, nie die ewige lewe sal beërf nie. Dit is volgens hulle begrippe eenvoudig ondenkbaar. Daarom wil hulle by geleentheid Jesus hieromtrent nader ondervra.

Dit het nie lank geduur nie of 'n sekere wetgeleerde kry daartoe die kans. Toe Jesus besig was om die volk te leer, staan die wetgeleerde op met die vraag: "Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?"

Die vraag is nie uit werklike sielenood gestel nie soos die ryk jong man dit later gedoen het (Luk. 18:18, vgl. § 162). Daar skuil ook nie die venyn in soos toe die Fariseërs Jesus gevra het watter die groot gebod in die wet is nie (Matt. 22:34-40, vgl. § 179). Die wetgeleerde wil net vasstel of Jesus so 'n groot leraar is soos die volk dink. Sal Hy op so 'n vraag die regte antwoord kan gee?

Die uitgangspunt van die wetgeleerde, soos die van die Fariseërs, is dat die mens iets moet dóén om die ewige lewe te beërwe. Daar is by hulle geen gedagte aan 'n gawe wat God uit vrye genade skenk nie. Die ewige lewe moet verwerf word deur onderhouding van die wet, en juis aan daardie eis het die wetgeleerde tog voldoen.

Jesus ken die gedagtes van die hart, en Hy weet dat hierdie man klaar sy eie antwoord op die vraag gereed het. Hy wil slegs kontroleer of Jesus dieselfde antwoord sal gee as wat hy in gedagte het. Daarom vra die Here hom: Wat sê die wet? As antwoord haal die wetgeleerde twee Skrifgedeeltes aan. Die eerste is ontleen aan die daaglikse gebed van die Jode en daarom aan almal goed bekend (Deut. 6:5): "Jy moet die Here jou God liefhê uit Jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand." Die tweede kom in 'n ander deel van die wet voor, maar is net so bekend (Lev. 19:18): "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Hierdie antwoord as samevatting van die wet vind Jesus goed. Die hoofsaak is egter dat dit ook onderhou moet word. Daar is by Hom waardering vir die insigte van die wetgeleerde, en Hy prys hom vir sy goeie antwoord. Dan voeg Hy by: "Doen dit, en jy sal lewe".

By ander geleenthede het Jesus 'n ander weg tot die lewe aangewys. Hy het verklaar dat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe het (Joh. 3:16; 6:47) of elkeen wat sy woorde bewaar, sal die dood nie smaak nie (Joh. 8:51-52). Maar aan die wetgeleerde sê Hy: Doen die wet, en jy sal lewe. Is dit dan nie teenspraak nie? Dit kan wel so voorkom, maar ons moet die bedoeling goed begryp. Jesus wil sê dat as iemand die lewe wil vind deur iets self te doen, moet hy die hele wet volkome onderhou, sodat hy in geen enkele opsig onder die wet skuldig sal staan nie. Die mens wat hom verbeel dat hy dit kan doen, bedrieg homself. Daarom sal die wetgeleerde met al die opregtheid van sy bedoelinge gou ontdek dat hierdie weg onmoontlik is. Ook hy, as hy eerlik is, sal hom op die genade van God moet werp. Dit beteken dat hy die enigste ware weg tot die lewe sal moet soek, naamlik dié van geloof in Jesus.

**§ 127 Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:29 -37)**

Dat die bedoelinge van die wetgeleerde nie so opreg was nie, blyk uit sy poging om die eis wat Jesus aan hom stel, te ontwyk. Hy kom met die vraag: Wie is my naaste?

Op hierdie vraag het die Jode hul eie antwoord. In die wet word die naaste aangedui as "die kinders van jou volk" (Lev. 19:18) of as "jou volksgenote" (Lev. 19:16). Mense wat buite die volksverband staan, bv. die Samaritane, is hiervolgens nie jou naaste nie. In baie gevalle is die kring nog kleiner gemaak sodat net die familielede as die naaste gereken is. Daarom was daar altyd 'n uitvlug te vind, en is daar daagliks teen die wet van liefde tot die naaste gesondig. Om te midde van al dié skerpsinnige onderskeidinge aan die wetgeleerde 'n antwoord op sy vraag te gee, is dus nie 'n eenvoudige saak nie.

Die wyse Leermeester gee op daardie vraag 'n antwoord wat deur niemand misverstaan kan word nie. Daartoe vertel Hy 'n gelykenis in die vorm van 'n geskiedenis:

'n Joodse man gaan op reis van Jerusalem na Jérigo. Die pad kronkel berg-af deur 'n dorre

streek tot onder in die Jordaanvallei en dan verder na Jérigo. In die berg het daar dikwels rowers geskuil wat die reisigers oorval en soms vermoor het. Daarom het reisigers ter wille van die veiligheid liefs in groepe daarlangs getrek. Die Joodse man het egter alleen gereis en is deur die rowers aangeval. Hulle het hom halfdood laat lê nadat hulle al sy goed gesteel het. Toe kom 'n priester daar verby. In Jérigo het baie priesters gewoon en hulle moes van daar na Jerusalem gaan om die beurt van hul afdeling waar te neem (vgl. § 10). Hierdie priester was op so 'n reis. Hy sien die verwonde man, maar vind dat dit vir homself gebiedend is om die voorskrifte van die wet in verband met sy rituele reinheid te handhaaf. Dus kan hy nie die verwonde man help nie, en hy gaan verby. Dan kom 'n Leviet, 'n man wat afgesonder is om dienswerk in die heiligdom te doen, en ook net van die voltooiing van sy dienstermyn terugkeer. Maar juis as 'n afgesonderde kan hy hom nie besoedel nie, en buitendien is sy diens beperk tot die tempel. Hy het dus geen verpligting daarbuite nie. En sonder enige meegevoel gaan ook hierdie godsdienstige man verby.

Dan kom 'n Samaritaan daarlangs. Hy sien die bloedige toneel en die verwonde man daar lê. Met opregte meegevoel gaan hy by hom kniel om hom te help. Die olie en wyn wat hy by hom het, spaar hy nie, maar giet dit oor die wonde. Dan help hy die man op sy esel en gaan langsaam verder tot by die eerste herberg. Daar laat hy hom agter en gee instruksies dat hy goed versorg moet word. En wat die rekening betref, dié sal hy self betaal as hy 'n dag of wat later weer terugkom.

Aan die einde van hierdie verhaal stel Jesus die vraag aan die wetgeleerde: "Wie van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" Vir die wetgeleerde is dit moeilik om 'n Samaritaan in die gelyk te stel. Daarom vermy hy die naam, en sê: "Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het." Daarmee is 'n beginsel uitgespreek, en Jesus bevestig die beginsel.

Maar dit is belangrik om daarop te let dat Jesus die vraag omgekeer het. Die vraag was: "Wie is my naaste?" Jesus vra: "Wie was die naaste van die verwonde man?" Daardeur verplaas Jesus die beslissing oor wie jou naaste is na jou eie hart. Wanneer die hart in ontferming en meegevoel na iemand in nood uitgaan, dan het jy van daardie persoon die naaste geword, en is hy die naaste aan wie jou liefde uitgaan.

Met opset het Jesus die Samaritaan aangewys as die man wat reg en goed gehandel het. Hy wil laat sien dat die naaste nie net onder volksgenote gesoek moet word nie, en dat liefdediens nie tot die eie mense beperk moet wees nie. Die gebod van God word oor dergelike grense heen uitgevoer.

### § 128 Die naasteliefde van Martha en Maria (Luk. 10:38-42)

Naby Jerusalem, aan die oostekant van die Olyfberg, is die dorpie Betánië geleë. Daar het 'n welgestelde man, Lasarus, en sy twee susters, Martha en Maria, gewoon. Hulle het Jesus geken en Hom liefgehad. Meermale het Hy by hulle aan huis gekom en gelukkige ure in die huislike kring deurgebring.

Op 'n dag vroeg in die winter (November) het Jesus en die dissipels weer daar aangekom. Martha was by die deur om hulle welkom te heet en as 'n bekwame gasvrou tuis te laat voel. Haar suster, Maria, is net so bly om Jesus te sien. Nadat die gaste hulle goed tuisgemaak en die eerste gesprekke plaasgevind het, begin Jesus oor dieper dinge te praat. Maria gaan aan sy voete sit om te luister. Martha kan egter nie tyd vind om stil te sit nie. Sy het heelwat te doen om 'n maaltyd vir die gaste gereed te maak.

Die twee susters verskil baie in karakter. Martha is die bedrywige huisvrou wat besorg is oor die welstand van haar gaste. Aan hulle wil sy die beste voorsit. Sy is gesteld op die naam dat sy goed kan onthaal, en bly daarom aan die gang met die voorbereidsels vir 'n feestelike maaltyd. Maria heg meer waarde aan die persoonlike verhoudinge en die geestelike verryking deur verheffende gedagtewisseling. Sy kan so rustig sit en luister, en alles om haar heen vergeet wanneer sy gelukkig is in iemand se geselskap. Albei het Jesus lief, en elkeen wil dit ook volgens eie aard bewys.

Tog ontstaan daar 'n sekere spanning tussen die twee susters onderling. Dit geskied juis oor die manier waarop elkeen die naasteliefde teenoor Jesus betuig. Martha hou nie daarvan dat Maria daar so sit en luister nie. Na 'n tydjie kan Martha haar gevoel nie meer bedwing nie, en spreek sy Jesus aan. Ook teenoor Hom het sy ongeduldig begin word. Gee Hy dan nie om dat Maria haar alleen laat werk nie? Hy moet tog self sien wat aangaan en vir Maria aansê om haar suster te gaan help.

Vriendelik berispe Jesus vir Martha. Sy moet tog nie oor so baie dinge besorg wees nie. Hy

het nie daarheen gekom vir 'n feesmaal nie, maar om met hulle oor die wesenlike dinge te praat. Sy moet ook nie op Maria jaloers wees nie. Maria het die goeie deel uitgekies. Sy het die woord van die Here in haar hart opgeneem, en dit sal nie van haar weggeneem word nie.

Martha moes die les tuis lees van die naasteliefde. Daar waar mense mekaar so goed ken, kan die jaloesie en die liefdeloosheid so maklik insluip. Daarom bly die vraag ook in die huisgesin: Van wie is ek die naaste?

**§ 129 Die goeie herder (Joh. 10:1-21)**

In die eerste tydperk van sy bediening het die prediking van Jesus tot inhoud gehad: die koninkryk van die hemele. Mettertyd verskuif die nadruk na Homself as die Brenger van die koninkryk en as die Messias wat sou kom. Die gelykenis van die goeie herder is 'n voorbeeld van die latere prediking. In hierdie geval gebruik die Here die beeld van die herder en sy skape om die verhouding te verduidelik wat daar tussen Hom en sy volgelinge bestaan. Hy wys eers op die goeie verhouding wat tussen die herder en sy kudde bestaan (v. 1-6); dan noem Hy Homself die deur (v. 7-10); daarna stel Hy Homself bekend as die goeie herder (v. 11-18).

Die beeldspraak is ontleen aan die gebruike van die skaapwagters van daardie tyd. Hulle het rondgetrek agter weiding aan en dikwels in die oop veld vernag (vgl. Luk. 2:8). In die winter het hulle langer op een plek gebly en dan snags die skape in die kraal gebring. Dikwels was die kraal voor die opening van 'n grot sodat die skape daar 'n beskutting teen die reën kon hê. As die kraal groot genoeg was, is verskillende kuddes in die een kraal byeen gejaag. Dit het geen moeilikheid opgelewer nie omdat die herders in die môre elkeen sy skape geroep het, en die skape ken die stem en kom dan uit agter die herder aan. By die hek bly 'n wagter op sy pos om teen moontlike diewe te waak. Enigeen wat oor die muur inklim, is 'n dief, maar die een wat verby die wagter by die hek kan inkom, is die herder van die skape. Ook is die skape so gewoond aan die stem van hul herder dat hulle nooit 'n vreemde sal volg nie. Hulle ken nie die vreemde se stem nie, en vlug van hom weg.

Só is die volgelinge van Jesus ook sy skape wat Hy in sy kraal saambring, en dan by die hek waak oor hulle veilige bewaring. Die verhouding tussen Hom en sy skape moet ook so innig wees dat Hy hulle by die naam kan roep en hulle sy stem kan ken en Hom volg. 'n Vreemde wat hulle wil verlei, behoort hulle nooit te volg nie maar veeleer van hom weg te vlug. Waar so 'n sterk band tussen herder en kudde bestaan, sal geen dief of roofdier hulle kan skaad nie.

Dit was duidelik dat die hoorders niks van hierdie gelykenis begryp het nie. Daarom gaan Jesus voort om die saak 'n bietjie anders aan hulle te stel.

Nou verklaar Hy: "Ek is die deur van die skape." Hy is nie net die wagter by die hek nie, maar die hek self. As iemand in die kraal wil inkom, moet hy deur die hek, Jesus Christus, ingaan. Die skaap wat op hierdie manier in die kraal kom, se lewe word gered en hy kan ingaan en uitgaan en oorvloedige weiding vind. Die dief weier om by hierdie hek in te kom. Nou sê Jesus dat almal wat vóór Hom gekom het, d.w.s. die godsdienstige voorgangers van die volk, eintlik diewe en rowers is wat net hul eie voordeel gesoek het en nie die versorging van die skape beoog het nie. Daarteenoor wil Jesus aan die skape lewe en oorvloed skenk.

Die Here wysig die beeldspraak nog eens deur te sê "Ek is die goeie herder." Dan gaan Hy voort om te verklaar dat dit die kenmerk van die goeie herder is dat hy bereid is om sy lewe af te lê vir sy skape. Die huurling, wat nie die egte herder of die eienaar van die skape is nie, vlug weg wanneer hy 'n wolf sien nader kom, en hy laat toe dat die wolf die skape vang en uitmekaar jaag. So 'n huurling het geen belang by die skape nie, en is ook nie aan hulle verbonde soos die herder nie. Daarteenoor is Jesus die goeie herder wat met 'n sterk band van liefde aan sy skape verbonde is.

Dan vertel die Here van sy aanstaande dood. Hy lê daadwerklik sy lewe af vir die skape. Daartoe word Hy nie verplig nie, maar Hy doen dit vrywillig omdat Hy die welbehae van die Vader ken. En juis omdat Hy dit vrywillig doen, sal Hy sy lewe weer opneem. Daar sal vir Hom gewis 'n opstanding uit die dode wees. In dit alles bly Hy aan die Vader gehoorsaam.

Met 'n profetiese blik sien Jesus die uitbreiding van die kerk oor die grense van Israel heen. Daarom verklaar Hy dat Hy nog ander skape het, en dat hulle ook ingebring moet word

sodat dit een kudde en een herder kan wees. Onder die volke van die wêreld het Hy sy skape, en oor die grense van die volke en tale heen wil Hy hulle byeenbring in die eenheid van die kudde van Christus.

Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, was daar nogeens verdeeldheid onder die Jode oor Hom. Sommige verklaar openlik dat Hy van die duiwel besete en kranksinnig is. Daarom moet hulle nie meer na Hom luister nie. Ander bring twee teenargumente: sy woorde is nie dié van 'n besetene nie, en voorts, 'n duiwel kan nie die oë van 'n blinde open nie. Die verdeeldheid en verskil van mening wat telkens voorkom (vgl. Joh. 7:20, 43; 8:48, 52; 9:16), wek steeds groter haat onder die Fariseërs teen Jesus.

**§ 130 Die fees van die tempelwyding (Joh. 10:22-39)**

Dit was al diep in die winter (einde Desember). Die fees van die tempelwyding het aangebreek. Hierdie fees het herinner aan die herinwyding van die tempel deur Judas die Makkabeër (165 v.C.) nadat hy die gruwels wat Antiochus IV Epifanes daar opgerig het, weer uitgewerp het (vgl. § 4 (c)). Die fees duur agt dae, en is veral gekenmerk deur die aansteek van die chanoekka- (= inwydings) lampe. Op die eerste dag word een lamp aangesteek, en op elke volgende dag nog een. Daarmee word die koms van die lig en sy oorwinning van die duisternis simbolies voorgestel.

Aangesien dit koud is, word geen besondere byeenkomste in die tempelvoorhof gehou nie. Wanneer Jesus na die tempel opgaan, vind Hy 'n beskutte plek in die pilaargang van Salomo. Daar word Hy deur die Jode omring. Hulle eis van Hom dat Hy nou 'n einde moet maak aan alle onsekerheid en ronduit sê of Hy die Christus is.

Jesus antwoord dat Hy dit tog reeds herhaaldelik gesê het, maar hulle weier om Hom te glo. Ook getuig sy werke van Hom. Hulle behoort tog in te sien dat die werke wat Hy in die Naam van die Vader doen, dieselfde is as wat die profete voorspel het dat die Messias sou doen (Jes. 35:5 e.v.; 61:1). Maar hulle is blind vir die getuienis van die werke wat hulle voor hulle oë sien.

Die wortel van die moeilikheid is dat hulle nie Jesus se skape is nie. Hy maak weer gebruik van die beeld van die herder en sy skape. As die teenstanders sy skape was, sou hulle na sy stem geluister en Hom gevolg het. Maar dit doen hulle nie, omdat hulle nie aan Hom behoort nie. Daarteenoor sal Hy sy eie skape die ewige lewe gee, en hulle veilig bewaar sodat niemand hulle uit sy hand sal ruk nie. Hulle sal ook nie uit die almagtige hand van die Vader geruk word nie. Die Seun en die Vader is immers een.

Die Jode dreig om Hom oor hierdie uitspraak te stenig, maar Jesus vra hulle oor watter van sy baie goeie werke hulle Hom wil stenig. Hy het tog geen bose werke gedoen nie. Sy teenstanders
verklaar dat Hy Hom aan godslastering skuldig gemaak het aangesien Hy praat asof Hy self God is.

Jesus wys daarop dat in die Skrif daar voorbeelde voorkom waar mense wat 'n opdrag van God uitvoer, self gode genoem word, bv. Moses (Exod. 4:16), en daar staan geskryf: "Ek self het gesê: Julle is gode, en julle is almal seuns van die Allerhoogste" (Ps. 82:6). Nou is die vraag: As die Jode geen beswaar het dat die Skrif soms mense wat deur God uitgestuur is, gode noem nie, waarom het hulle wel beswaar as Jesus Homself Seun van God noem? Alles wys tog daarop dat Hy die besondere Gesant van God is. Weer eens verwys Hy na sy werke. Indien hulle kan bewys dat sy werke nie van God is nie, moet hulle in Hom nie glo nie; maar as hulle so 'n bewys nie kan lewer nie, moet hulle die teenstand staak en erken dat die Vader in Jesus en Hy in die Vader is.

Nog 'n keer probeer hulle om Hom te vang, maar Hy het uit hulle hande ontkom en uit Jerusalem weggegaan.

## XIV. OMWANDELING LANGS DIE JORDAAN

### § 131 Jesus gaan oorkant die Jordaan (Joh. 10:40-42)

Ten spyte van die ongunstige winterweer neem Jesus afskeid van Jerusalem. Hy gaan af na Jérigo en van daar oor die Jordaan na die oostekant sodat Hy Hom in Peréa bevind, d.w.s. 'n deel van die regeringsgebied van Herodes Antipas, en kom by Betábara (of: Betánië, vgl. § 25) aan waar Johannes die Doper gewerk het (Joh. 1:28). Daar het Jesus sy werksaamhede begin nadat Hy deur Johannes gedoop is. Noudat die einde van sy bediening nader kom, gaan Hy weer terug na die plek van die begin. Vir 'n paar weke, waarskynlik die hele Januarie, bly Hy daar.

Die plek en omgewing is ryk aan herinneringe aan Johannes die Doper. Baie mense het uitgegaan om na die onderrig van Jesus te luister, en gesterk te word in die geloof. Hulle het ook Johannes geken, en verklaar dat al het die Doper geen wondere gedoen om te bevestig dat hy 'n profeet was nie, hy tog die waarheid gepraat het. Die werke wat Jesus doen, en sy prediking, lewer die bewys dat die woorde van Johannes die waarheid was. Baie het daar in Jesus geglo sodat 'n aansienlike kring van volgelinge gevorm is.

Die gebeurtenisse uit daardie tyd van Jesus se optrede word net in die Evangelie van Lukas beskryf, en word gevind in die sogenaamde "reisverhaal" (Luk. 9:51-18:14). Drie keer word in daardie Skrifgedeelte melding gemaak van 'n reis na Jerusalem: in 9:51 die reis na die Huttefees (Joh. 7:19, vgl. § 112); in 13:22 die reis na Betánië, by Jerusalem, vir die opwekking van Lasarus (vgl. § 140), en in 17:11 die laaste reis na Jerusalem (vgl. § 158, 159). Origens het Jesus langs die Jordaan gebly en sy dissipels en volgelinge onderrig. Die wondere word minder en die gelykenisse meer. Hierdie gelykenisse neem gewoonlik die vorm aan van 'n verhaal waarin die verhouding van mense teenoor mekaar ter sprake kom. Daardeur word die verhouding wat in die koninkryk van God tussen die mens en God, en tussen mense onderling moet bestaan, toegelig.

### § 132 Onderrig oor die gebed (Luk. 11:1-13)

In hierdie omgewing langs die Jordaan word die dissipels steeds herinner aan Johannes die Doper by wie hulle die eerste lesse aangaande die koninkryk van God geleer het. Op 'n keer het hulle weer gesien hoedat Jesus Hom afsonder vir gebed en lank daar in gemeenskap met God verkeer. Dit het by hulle die verlange gewek om meer van die gebed te verstaan sodat hulle self ook krag en troos en besieling in die gebed kon ontvang. Hulle dink toe daaraan dat Johannes die Doper hulle geleer het hoe om bevry te word van die siellose vormgebede waarmee hulle opgegroei het, en om die werklike nood van hul hart voor God uit te stort. Maar as hulle Jesus sien bid, besef hulle dat hulle nog nie veel van die gebed weet nie. Daarom versoek hulle Hom om hulle te leer bid.

Aan hierdie versoek voldoen die Here. Weer eens leer Hy hulle die Onse Vader, nie met die bedoeling dat hulle altyd net die Onse Vader moet bid nie, maar dat dit vir hulle kan dien as 'n modelgebed (vgl. § 53). Daarna vertel Hy 'n kort gelykenis om sy volgelinge aan te spoor tot groot vrymoedigheid in die gebed.

Hy vertel van 'n man wat teen middernag by 'n bevriende buurman gaan aanklop en drie brode vra om te leen aangesien hy onverwagte besoekers ontvang het en niks het om aan hulle voor te sit nie. Hy wil hulle graag iets te ete gee omdat hulle vermoeid is van 'n lang reis. Wat sal die buurman se reaksie wees as hy uit die slaap opgeklop word vir drie brode? Sal hy sê: "Moenie my lastig val nie; die deur is gesluit en die kinders sal wakker word?" Nee, sê Jesus, hy sal opstaan al was dit nie 'n vriend van hom wat hulp vra nie, maar omdat die vriend die vrymoedigheid gehad het om te kom vra en so aandring. Daarom sal die buurman opstaan en aan sy vriend alles gee wat hy nodig het.

Na aanleiding van hierdie gelykenis beklemtoon Jesus wat Hy in die bergrede reeds gesê het (Matt. 7:7-11): "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word." Alle valse skroom moet opsy gesit word en met doelgerigtheid en beslistheid, sonder enige huiwering, moet die node van die hart uitgespreek word.

Met nog 'n vergelyking uit die daaglikse lewe word beklemtoon dat daar groot vrymoedigheid in die gebed moet wees. Dit is ondenkbaar dat 'n vader aan sy seun 'n klip sal gee as hy brood vra, of 'n slang in plaas van 'n vis, of 'n skerpioen as hy 'n eier vra. Ons mense wat weens die sonde sleg is, weet om aan ons kinders goeie gawes te gee. Hoeveel te meer sal God nie aan sy kinders goeie dinge skenk nie? Hy sal bo alles die Heilige Gees, die uitnemendste van alle goeie gawes, aan diegene skenk wat aanhou om tot Hom te bid.

**§ 133 Bestraffing van Fariseërs en wetgeleerdes (Luk. 11:37-54)**

Lukas vertel van Jesus se skerpe teregwysinge aan die Fariseërs en wetgeleerdes tydens die maaltyd waarheen 'n sekere Fariseërs Hom uitgenooi het (vgl. § 91). Die gesprek het begin na aanleiding van die feit dat Jesus en die dissipels met ongewaste hande geëet het. Daarteen het die gasheer beswaar gehad. Toe spreek Jesus Hom in duidelike taal uit teen die skynheiligheid van die Fariseërs en die wetgeleerdes.

Die Fariseërs, sê Jesus, is net gesteld op die uiterlike vertoon terwyl hulle van binne vol ongeregtigheid is. Hulle was die buitekant van die beker maar laat hom vuil van binne, en dan meen hulle dat as hulle maar net aalmoese uitdeel, alles in orde is. Met sorg gee hulle die tiende van allerlei groentetjies uit die tuin, maar geregtigheid teenoor die medemens en liefde tot God word by hulle nie gevind nie. In die sinagoge sit hulle op die voorste plekke en op die markte staan hulle spesiaal om deur almal eerbiedig begroet te word. Hulle is niks anders nie as onherkenbare grafte waaroor 'n mens loop sonder om dit te weet.

In hierdie stadium het die wetgeleerdes beswaar gemaak teen Jesus se uitsprake omdat hulle daardeur beledig sou voel. Jesus rig Hom toe tot hulle met 'n "Wee julle ook ! " Want hulle wat die wet moet vertolk en toepas, lê swaar laste op die mense maar steek self nie 'n vinger uit om daardie laste te dra nie. Hulle vaders het die profete doodgemaak en nou bou hulle die grafte. So is hulle saam met hul vaders skuldig aan die bloed van die gesante van God. Dit sal ook van hulle hande geëis word. Hulle is ook die mense wat as geleerdes die sleutel van die kennis het en die volk behoort in te lei in die regte begrip van die wet van God. Maar hulle gebruik self nie die sleutel nie, en hulle verhinder diegene wat uit eie beweging probeer ingaan.

Hierdie ontmaskering het die Fariseërs en wetgeleerdes diep verneder en beledig voor die volk. Daarom beplan hulle met nog meer listigheid en venyn om vir Jesus 'n strik te stel ten einde 'n woord uit sy mond op te vang op grond waarvan hulle 'n beskuldiging teen Hom kan aanvoer.

**§ 134 Die dissipels teen die Fariseërs gewaarsku (Luk. 12:1-12)**

Na hierdie gebeurtenis het die skare by duisende saamgedrom om Jesus te hoor. Ten aanhore van almal waarsku Hy die dissipels teen die suurdeeg van die Fariseërs. Die gevaar is groot dat ook die volgeling van Jesus 'n masker dra waardeur hy sy ware innerlike bedek. Dit alles sal niks baat nie, omdat alles wat verborge is, eenmaal openbaar gemaak sal word.

Alles wat Jesus voorheen aan die dissipels afsonderlik gesê het, herhaal Hy nou voor die skare. Ook hulle moet weet wie werklik gevrees moet word, en welke die onvergeeflike sonde is.

Hierdie uitsprake het ons reeds in 'n ander verband behandel, (vgl. § § 96, 82 (c), 71).

**§ 135 Die ryk dwaas (Luk. 12:13-21)**

'n Man het na Jesus gekom met moeilikheid oor sy erfenis. Die Jode het noukeurige erfenis-wette gehad wat voorskrifte bevat het vir allerlei moontlike probleme wat by die bereddering van 'n boedel kon voorkom. By verskil van vertolking, kan die partye na 'n regter gaan vir sy uitspraak. Nou was daar 'n man wat moeilikheid met sy broer gehad het oor die deel van 'n erfenis. Hy kom na Jesus met die versoek dat Hy moet intree en 'n uitspraak doen, natuurlik in die guns van die aansoeker. Die Naam van Jesus het onder die volk groot eerbied afgedwing en daarom sal die broer dit nie waag om 'n regsuitspraak van Hom in twyfel te trek nie.

Met verontwaardiging wys Jesus hierdie versoek van die hand. Hy het nie gekom om as regter op te tree in allerlei hofsake nie. Daarvoor is die Joodse regters tog daar. Wie Jesus in 'n aardse belangestryd wil betrek, begryp nie dat Hy 'n hemelse roeping het om uit te voer nie. En verder is dit duidelik dat hierdie aansoeker net een motief het: hy wil homself uit die erfenis verryk omdat hy aangevuur word deur hebsug.

Deur hierdie gebeurtenis het 'n gevaar onder die aandag gekom wat al Jesus se volgelinge kan bedreig. Daarom spreek Hy hulle almal aan: "Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie." Om hierdie waarheid toe te lig en in te skerp, vertel Hy die gelykenis van die ryk dwaas. 'n Ryk man se grond het goed gedra. Toe besluit hy om sy skure te vergroot en die groot oes in te samel en vir eie gebruik op te berg. Dan hoef hy nie verder te werk nie, en kan hy vir baie jare op sy oorvloedige rykdom teer. Hy dink net aan homself en sy eie genietinge, en meen dat hy self ook alles kan reël en skik sonder om met God rekening te hou. Hy sê vir sy siel: "Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik." Maar dan spreek God 'n woord in sy lewe: "Jou dwaas, in hierdie nag

sal hulle jou siel van jou afeis, en wat jy gereed gemaak het, wie s'n sal dit wees?" Dan maak Jesus self die toepassing: "So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie." In die lewe moet die belangrikste dinge eerste gestel word. Die verkry van rykdom kan deur die wêreld wel as die belangrikste beskou word, maar dit is geen blywende rykdom nie en daarom nie iets wesenliks nie. Veel belangriker is dit om ryk te wees in God en in die ondervinding van sy genade en liefde. Daardeur sal ons 'n skat in die hemel vergader wat ons nooit ontneem kan word nie. (Vgl. Jer. 9:23 e.v.)

**§ 136 Die sorge van die lewe (Luk. 12:22-34)**

Na aanleiding van die voorafgaande gebeurtenis, vermaan die Here die mense daar langs die Jordaan om nie besorg te wees oor die tydelike behoeftes van die lewe nie. Die woorde wat Hy reeds in Galiléa uitgespreek het, word herhaal sodat ook hierdie mense kan leer om al hulle sorge in volle vertroue op God te werp. (Vgl. § 54.)

**§ 137 Die noodsaak van bekering (Luk. 13:1-5)**

Onder die bestuur van Pontius Pilatus (vgl. § 3 (d)), het verskeie gevalle van ontsettende bloedvergieting en skokkende rampe voorgekom. Juis toe Jesus by Betábara vertoef het, kom daar mense aan met die berig dat Pilatus 'n aantal Galileërs by die altaar in die tempel laat doodslaan het. Dit het op so 'n gruwelike manier gebeur dat die mense se bloed saamgevloei het met die bloed van hulle offers. Die presiese omstandighede is nie aan ons bekend nie. Volgens Josefus, die geskiedskrywer, het so iets by 'n Huttefees plaasgevind. Dit kon ook by 'n ander geleentheid gewees het.

Diegene wat hierdie berig gebring het, wou Jesus seker gewaarsku het dat Hy as Galileër op sy hoede moes wees vir Pilatus. Nog belangriker egter was die vraag waarmee die mense in hul gedagtes geworstel het, naamlik, of dit 'n straf van God was wat die Galileërs getref het omdat hulle moontlik groter sondaars was as ander mense. Onder die Jode was daar 'n diepgewortelde opvatting dat God deur dergelike rampe die sondaars tref. Was dit nou hier ook die geval met mense wat tog besig was om God met offers te dien? Hierop antwoord Jesus met 'n besliste *Nee.* Dit gaan nie om die vraag of die slagoffers groter sondaars was nie. Almal is sondaars, en daarom is dit noodsaaklik dat almal hulle bekeer, beginnende by diegene wat daar by Hom staan en sy woord hoor.

In hierdie verband verwys Jesus na agtien manne op wie die toring van Siloam geval en hulle gedood het. Ook van hierdie gebeurtenis is nadere besonderhede nie bekend nie. Wel weet ons dat Pilatus tot groot ontevredenheid van die Jode tempel-geld opgeëis het vir verbeteringe wat hy aan die bad van Siloam wou aanbring. Dit is moontlik dat by daardie bouery die toring ingestort en die agtien gedood het. Ook ten opsigte van hulle het die opvatting ontstaan dat hulle die grootste sondaars in Jerusalem moes gewees het en dat God daarom hulle op so 'n manier gestraf het. Ook hierdie beskouing word deur Jesus weerspreek. Weer eens beklemtoon Hy die noodsaaklikheid dat elkeen hom bekeer. So nie, sal God die onbekeerdes met sy ewige oordeel tref. Die vinger moet dus nie op ander gerig word nie, maar op die self.

**§ 138 Die onvrugbare vyeboom (Luk. 13:6-9)**

Die oproep tot bekering word ingeskerp deur die gelykenis van die onvrugbare vyeboom. Die Jode het groot waarde geheg aan 'n vyeboom. Om 'n vyeboom wat nog vrug dra, uit te kap, is as sonde beskou. Daar het 'n reël bestaan dat slegs as 'n vyeboom drie jaar na mekaar geen vrug gelewer het nie, dit uitgehaal mag word.

Nou vertel Jesus van 'n man wat so 'n vyeboom in sy wingerd gehad het. Die wingerd is wel nie die regte plek vir 'n vyeboom nie, maar eerder moes die wingerd skade ly as dat die boom uitgehaal word. Hierdie boom het egter drie seisoene na mekaar niks gedra nie. Daarom besluit die eienaar dat aangesien die boom nutteloos die grond beslaan, hy uitgehaal moet word. Die tuinier pleit egter vir die behoud van die boom. Hy onderneem om hom baie goed te bewerk en mis te gee. As hy dan nog nie wil dra nie, kan hy uitgeroei word, maar as hy vrugte dra, sal hy behou word.

Hierdie gelykenis is 'n oproep aan elke hoorder om homself te herken in die vyeboom wat nie vrug dra nie, en om tot inkeer te kom voordat dit te laat is. Tog dra die gelykenis ook die karakter van 'n allegorie, d.w.s. dat elke onderdeel 'n oordragtelike betekenis het. Met die vyeboom bedoel Jesus die volk Israel (vgl. Joël 1:7); die wingerd is die koninkryk van God soos dit hier op aarde ontplooi; die eienaar is God en die tuinier is Jesus. Moontlik het die drie jaar betrekking op die tyd van Jesus se prediking onder Israel. In daardie drie jaar lewer die volk nie die vrugte van bekering nie. Daarom hang die oordeel van God oor hulle, maar Jesus tree vir hulle in en pleit dat hulle nog 'n geleentheid moet kry. Die volk moet egter goed begryp dat

hulle genadetyd kort is, en dat hulle daarom, hulle behoud moet soek in bekering.

**§ 139 Genesing van 'n verlamde vrou (Luk. 13:10-17)**

Op 'n sekere Sabbat was Jesus in 'n sinagoge êrens in Peréa. Hy het daar die vergaderdes toegespreek. By die afsluiting van die byeenkoms sien Hy 'n vrou wat reeds agtien jaar lank deur "'n gees van krankheid" inmekaar getrek was. Sy kon glad nie regop kom nie, maar loop vooroor gebuig na die grond toe.

Sonder dat die vrou van Jesus hulp gevra het, roep Hy haar. Daarin handel Hy in ooreenstemming met sy leer omtrent wie 'n mens se naaste is, of liewer, van wie 'n mens die naaste is (vgl. § 127). Aan die vrou bied Hy ongevraag hulp omdat Hy met haar medelye het. Hy sê: "Vrou, jy is van jou krankheid verlos.! ” Dan gaan Hy nader en lê die hande op haar. Dadelik het sy regop gestaan en God verheerlik.

Maar die owerste van die sinagoge was met dié gebeurtenis nie gediend nie. Trouens, hy is uiters verontwaardig omdat Jesus op die Sabbat iemand genees het. Aan sy boosheid gee hy uiting, nie deur Jesus wat dan sou oortree het, te bestraf nie, maar deur die onskuldige skare 'n teregwysing toe te dien. Daar is ses dae van die week om in te werk, sê hy, waarom bring hulle die siekes om op 'n Sabbat genees te word? Hy weet goed dat niemand 'n sieke gebring het vir genesing nie, en dat die vrou dit ook nie gevra het nie, maar hy skep die valse skyn omdat hy nie waag om Jesus regstreeks aan te spreek nie.

Jesus laat die saak nie so verbygaan nie. Hy spreek die owerste streng aan met: "Jou geveinsde." Dan wys Jesus daarop dat hulle almal die os of esel wat aan die krip vas staan op die Sabbat losmaak en na die water bring. Maar hier is 'n dogter van Abraham wat al agtien jaar deur die Satan gebind is. Kan sy dan nie op die Sabbat ten minste dieselfde behandeling kry as hulle diere deurdat sy van die band losgemaak word nie?

Toe Hy dit sê, het al sy teenstanders beskaamd geword, maar die skare was bly oor die heerlike dinge wat deur Hom geskied het.

**§ 140 Die nou poort (Luk. 13:22-30; vgl. Matt. 7:13-14)**

In die tyd dat Jesus oorkant die Jordaan rondgegaan het, het Hy berig ontvang dat Lasarus siek was (Joh. 11:1-7). Daarom besluit Hy om na Jerusalem te gaan (Luk. 13:22, vgl. § 131) ten einde die susters, Martha en Maria in Betánië by te staan. Maar Jesus is nie haastig nie. Hy vertoef nog 'n paar dae, en in daardie tyd het Hy voortgegaan met onderrig en goeie werke.

Terwyl Jesus tydsaam onderweg was na Jerusalem kom 'n man met die vraag: "Here, is die wat gered word, min?" Blykbaar het die man 'n bietjie afsydig gebly en as toeskouer die optrede van Jesus op 'n afstand gadegeslaan. Hy vind die eise wat Jesus stel, baie moeilik en wonder of daar wel mense is wat daaraan voldoen. Daar is seker maar min wat op dié manier gered word.

Op sy vraag van min of baie antwoord Jesus nie. Hy wil goed laat verstaan dat dit nie 'n vraag is waaroor 'n mens hom hoef te bekommer nie. Daar is iets van veel groter en meer persoonlike belang wat die ernstige aandag van die mens verg, naamlik, die vraag of hyself gered is. Daarom moet elkeen stry om deur die nou poort in te gaan, en hy sal ook hard moet stry. Dit is 'n weg van volstrekte selfverloëning en van groot geestelike inspanning. Die poort is nou. Slegs met volgehoue, doelgerigte inspanning kan iemand daar deurgaan. Maar daarvan moet ook sonder uitstel werk gemaak word.

Dan verander Jesus die beeldspraak en stel Hy dit voor as 'n groot feesmaal waarby God die gasheer is. Op 'n bepaalde tydstip word die deur gesluit. Diegene wat te laat aankom, klop aan en vertel van allerlei mooi prestasies, maar sal as antwoord kry: "Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtigheid." Daarmee word hulle uitgedryf na die plek van geween en die gekners van tande. Aan die ander kant sal baie van al die windrigtings kom, d.w.s. heidene uit al die volke, en hulle sal aansit in die koninkryk van God. Weer eens open Jesus die wye sending-perspektief. Die reël bly egter staan dat baie eerstes laaste sal wees, en baie laastes eerste. Daarom moet die eerstes hulle haas om by die nou poort in te gaan, en die laastes nie die stryd staak omdat hulle meen dat hulle te laat is nie.

**§ 141 Jesus teen Herodes gewaarsku (Luk. 13:31-33)**

Op dieselfde dag dat Jesus berig ontvang van die siekte van Lasarus en stadigaan met die reis na Jerusalem begin, kom daar Fariseërs om Hom te waarsku dat Herodes Hom wil doodmaak. Daarom moet Hy liewers so gou as moontlik vertrek. Hy was toe in Peréa waar Herodes die viervors was. Hy het reeds Johannes die Doper laat onthoof, en het uiting gegee aan sy vrees dat Jesus die teruggekeerde Johannes was wat op sy moordenaar

wraak sou neem (vgl. § 84). Ook moes Herodes op hoogte gewees het van die strewe van die volk in Galiléa om Jesus as koning uit te roep. Die bewering dat hy Jesus sou wou doodmaak, is dus nie uit die lug gegryp nie.

Jesus laat Hom egter nie bangmaak nie. In Joh. 11:6 staan dat nadat Jesus berig van Lasarus se siekte ontvang het Hy nog twee dae vertoef het. Dit stem ooreen met die boodskap wat Jesus nou aan Herodes stuur: "Gaan vertel daardie jakkals: Kyk, Ek dryf duiwels uit en maak gesond, vandag en môre, en op die derde dag is Ek klaar." Omdat Hy Herodes se sluheid en gemeenheid ken, noem Hy hom die jakkals. Maar vir hom moet gesê word dat Jesus nog drie dae op pad sal wees in die gebied van Herodes, en in daardie tyd sal Herodes niks aan Hom kan doen nie aangesien dit nie kan gebeur dat 'n profeet buite Jerusalem omkom nie. Jesus gehoorsaam dus nie die wense van Herodes nie, maar die bepalinge van God.

**§ 142 Weeklag oor Jerusalem (Luk. 13:34-35; Matt. 23:37-39)**

Die gedagte aan Jerusalem wat die profete stenig, vul Jesus se hart met weemoed. Jerusalem wil maar nie verander nie. Jesus het herhaaldelik daar gearbei, maar sy prediking het geen verandering in die houding van die stad gebring nie. Die stad is die moeder van die volk en Jesus het probeer om haar kinders te vergader soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke byeenbring, maar hulle wou nie.

Omdat die stad weier om tot bekering te kom, sal dit deur die oordeel van God getref word. Hulle huis, d.i. die tempel, sal verwoes word. Dit het ook daadwerklik in 70 n.C. gebeur. Die stad sal Jesus ook nie sien nie totdat die dag kom waarop hulle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.

Dit beteken nie dat Jesus nie van plan was om weer in Jerusalem te kom tot op die dag van sy intog op die rug van die esel nie. Veeleer is hier 'n heenwysing na die wederkoms op die wolke wanneer almal Hom sal vereer as die Een wat kom in die Naam van God. Ook Jerusalem sal dan moet erken dat Hy die Christus is.

**§ 143 Genesing van 'n watersugtige man (Luk. 14:1-6)**

Onderweg na Jerusalem het Jesus op 'n sekere plek vir die Sabbat oorgebly. Een van die owerstes van die Fariseërs nooi Hom toe na sy huis vir ete. Dit was nie uit goedgesindheid nie, maar met die bedoeling om Jesus beter in die oog te kan hou. Hulle bly steeds op die loer om iets teen Hom te vind.

In die huis van die Fariseër was daar 'n man wat aan water gely het. Jesus vra toe aan die wetgeleerdes en Fariseërs. "Is dit geoorloof om op die Sabbat te genees?" Diegene wat die wet ken en vir ander vertolk, moet tog weet wat geoorloof is en wat nie. Hierdie mense weier egter om te antwoord.

Jesus neem toe die watersugtige man en maak hom gesond en laat hom gaan. Daarop vra Hy wie van hulle wat 'n os of esel het wat op die Sabbat in 'n put val, hom nie dadelik sal uithaal nie? Maar ook hierop gee hulle geen antwoord nie. Hulle stilswye spreek egter luid van hulle vyandigheid teen Jesus. (Vgl. Ook § 45).

**§ 144 Die rangorde by die maaltyd (Luk. 14:7-14)**

Toe die gaste hulle plekke aan die Fariseër se tafel moes inneem (vgl. Luk. 14:1), was daar 'n opvallende onderlinge wedywer om die plekke van eer te verkry. By sommige was daar ontevredenheid omdat hulle nie hoog genoeg in die rangorde 'n plek gekry het nie. Die Fariseërs was baie gevoelig oor hulle eie eer, en het ook elkeen 'n eie mening gehad oor sy sosiale status.

Jesus het hierdie onheilige naywer opgemerk en vra die genooides se aandag. Dan sê Hy aan hulle dat as 'n mens na 'n bruilof genooi word, moet jy nie die voorste plek inneem nie, want daar kan miskien 'n gas wees wat waardiger is as jy. Dan sal die gasheer jou moet aanspreek en beveel om laer af te skuif. Uit skaamte sal jy dan liewer die agterste plek wil inneem. Dit is dus verstandiger om vanself die agterste plek in te neem, en as die gasheer inkom, sal hy vir jou sê: "Vriend, gaan hoër op!" Op daardie wyse sal jy in die oë van al die aanwesiges vereer word. Dit is tog 'n waarheid wat die Spreuke-digter eeue tevore reeds uitgespreek het (Spr. 25:6-7). Daarom moet die reël geëerbiedig word: "Elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en wat homself verneder, sal verhoog word".

Hierdie woorde van Jesus het 'n spannende stilte oor die gaste gebring. Vir hulle het Jesus die atmosfeer bederf. Tog was Hy besig om hulle 'n les te leer wat hulle nodig gehad het. Dit kon hulle nie ontken nie.

In die oomblikke van stilte kyk Jesus die gaste aan en merk dat dit almal welgestelde mense was wat aan sekere status-vereistes voldoen. Die genooides word gekeur volgens 'n sekere sosiale norm. Op sy eenvoudigste gestel, beteken dit dat slegs mense genooi word wat die kompliment kan terugbetaal deur weer op hulle beurt uit te nooi. Aan hierdie tafel is klaarblyklik volgens daardie norm gehandel. Daarop spreek Jesus die gasheer aan en sê dat as hy nou in die toekoms weer 'n maaltyd aanrig, moet hy nie sy familie of ryk bure uitnooi, van wie hy verwag dat hulle hom "sal vergeld" met 'n wederkerige uitnodiging nie. Veeleer moet hy die armes, verminktes, kreupeles, blindes uitnooi wat nie "kan vergeld" nie. Waar die gedagte aan vergoeding op die spel kom, is daar vir die liefde geen ruimte nie. Veeleer moet uit onbaatsugtige liefde gehandel word. Dan sal die gasheer gelukkig wees. Hy sal die vreugde van die Here in sy hart smaak, en verseker kan wees van vergelding in die opstanding van die regverdiges.

**§ 145 Die gelykenis van die groot maaltyd (Luk 14:15-24; Matt. 22:1-14)**

By die eetmaal van die Fariseër (Luk. 14:1) wou die gesprek nie behoorlik vlot nie. Telkens was daar 'n ongemaklike stilte. Nadat Jesus die gasheer aangeraai het om liewer die armes en hulpbehoewendes na sy feesmaaltye uit te nooi, en verwys het na vergelding in die opstanding van die regverdiges was daar weer stilte. Die woorde van die Here het egter een van die gaste laat dink aan die vooruitsig op die feesmaal van God op die berg Sion by die voleinding, soos Jesaja (25:6) dit voorspel het. Om dan maar iets te sê, sê hy toe: "Salig is hy wat brood eet in die koninkryk van God." Daarop neem Jesus weer die woord en vertel 'n gelykenis:

'n Sekere man het 'n groot maaltyd aangerig en baie mense uitgenooi. Toe alles gereed was, stuur hy sy diensknegte uit om die gaste aan die uitnodiging te herinner en te sê dat hulle nou moes kom want alles is gereed. Maar dan begin die genooides hulle te verontskuldig. Allerlei belange verhinder hulle om na die feesmaal te kom. Die een moet aandag skenk aan grond wat hy gekoop het; die ander het osse gekoop en wil hulle op die proef stel; nog een is pas getroud en kan dus nie kom nie. Hierdie eie belange het so oorheersend geword in die lewe van hierdie mense dat hulle 'n saak van beslissende belang verwerp.

Die diensknegte gaan terug om aan die gasheer berig te bring oor die teleurstellende reaksie van die genooides. Die huisheer is uiters verontwaardig oor die smadelike verwerping van sy uitnodiging. (Volgens Matthéüs stuur hy soldate uit om die genooides te straf.) Die maaltyd moet egter voortgaan. Daarom stuur hy die diensknegte na die armbuurt van die stad om "die armes, verminktes, kreupeles en blindes" (vgl. v. 13) binne te bring. Hy stuur 'n tweede keer want sy huis moet vol word. Al hierdie uitgeworpenes en veragtes sal die voorreg smaak om aan te sit by die feesmaal, maar die eerste genooides word uitgesluit. Hulle het hul geleentheid verbeur.

Uit hierdie gelykenis weet die spreker by die eetmaal, en ook die Fariseërs teenwoordig, wie die "saliges" is "wat brood eet in die koninkryk van God." Dit sal nie die hoogmoediges wees wat so behep is met eie waardigheid en belange nie, maar die eenvoudiges, die veragtes, die mense van die agterstraat, die tollenaars en sondaars.

Die gelykenis is van besondere belang in die ontplooiing van die openbaringsgeskiedenis. Reeds is daarop gewys dat twee apartstaande gebeurtenisse in die profesieë soms as een gebeurtenis voorgestel word (vgl. § 100). Die loop van die geskiedenis bring die perspektief. Op dieselfde wyse is die messiaanse maaltyd (Jes. 25:6) wat God aan sy gunsgenote bied, beskou as een groot gebeurtenis by die voleinding. Deur hierdie gelykenis onderskei Jesus egter tussen die stadium waarin alles gereed is en die werklike aanvang van die maaltyd. Tussen die twee lê die tyd waarin die diensknegte uitgestuur word om almal wat in ellende verkeer, uit te nooi. As dit nou toegepas word op die gang van gebeurtenisse, beteken dit dat Jesus gekom het om die maaltyd van die koninkryk gereed te maak. Dit het Hy gedoen en aan die kruis volbring. Die eerste genooides was Israel. Hulle weier egter om na die maaltyd te kom omdat hulle aan "belangriker dinge" aandag skenk. Dan word die maaltyd vertraag, en die diensknegte (apostels en predikers) word uitgestuur na al die ellendiges van die wêreld om hulle in te bring na die maaltyd. Dit gebeur in die huidige bedeling. Wanneer die feessaal vol geword het, sal die feesmaal van die Lam begin.

**§ 146 Berekening van die eise van dissipelskap (Luk. 14:25-35)**

Toe Jesus sy reis voortsit om uit Peréa na Betánië by Jerusalem te gaan, is Hy deur groot

menigtes gevolg. Die meeste van hulle het egter nog nie behoorlik nagedink oor die eise van dissipelskap nie. Hulle volg maar uit belangstelling of nuusgierigheid. So kan dit nie voortgaan nie. Navolging van Jesus beteken selfverloëning, stryd en die verduur van smaad en vervolging. Die skare moet dit besef, en dan besluit of hulle verder wil saamgaan. Daarom roep Jesus hulle tot stilstand en verduidelik opnuut die eise van dissipelskap.

Weer eens wys Hy dat navolging van Jesus beteken dat familiebande desnoods verbreek moet word, en dat elkeen 'n kruis sal moet dra (vgl. § 82 (e)). Daarom moet elkeen noukeurig bereken of hy daartoe bereid is en in staat is om vol te hou. Hulle moet daaraan dink dat as iemand 'n toring wil bou, hy eers die koste moet bereken, anders kan hy vind dat hy dit nie kan voltooi nie en dan 'n bespotting by die bure word. Net so ook sal 'n koning eers moet vasstel of hy sterk genoeg is om 'n teenstander te oorwin, voordat hy 'n oorlog aanknoop. As hy vind dat hy nie oor die nodige manskappe beskik nie, sal hy liewer gesante stuur om vrede te vra.

Net so moet elkeen wat Jesus wil navolg, eers met homself te rade gaan en die eise oorweeg. Hulle moet nie wees soos sout wat aanvanklik goed is, maar weldra laf word nie. Sulke sout deug vir niks nie, en word buitekant weggegooi (vgl. Matt. 5:13).

**§ 147 Die verlore skaap (Luk. 15:1-7)**

Jesus het waarskynlik reeds die Jordaan oorgesteek op weg na Betánië. Tollenaars en sondaars het toegestroom en gretig na Hom geluister. Hy het ook saam met hulle geëet. Daarteen het die Fariseërs en skrifgeleerdes groot beswaar. Volgens hul opvatting maak 'n mens jou onrein deur so met die onreines te verkeer. Hierdie houding het hulle vroeër teenoor Jesus ingeneem (vgl. § 40) en hulle volhard daarin.

In hierdie omstandighede vertel Jesus 'n drietal gelykenisse wat saam 'n eenheid vorm: dié van die verlore skaap, die verlore penning, en die verlore seun. Al drie het 'n tweeledige boodskap: aan die tollenaars en sondaars word verseker dat God hulle soek, maar dat hulle hulle ook moet laat vind, d.w.s. hulle moet tot bekering kom; en aan die Fariseërs word betuig dat God dankbaar is vir die redding van die sondaar, daarom behoort daar ook by hulle wat meen dat hulle vriende van God is, blydskap te wees.

Die gelykenis van die verdwaalde skaap het Jesus reeds by 'n ander geleentheid vertel om te beklemtoon dat die Vader nie wil hê dat "één van die kleintjies" verlore gaan nie (vgl. § 108). Nou herhaal Hy dit om die klem op die blydskap te laat val.

'n Man het honderd skape. Een raak verdwaal. Dan laat hy die nege-en-neëntig staan en gaan die een soek totdat hy hom vind. Daarop sit hy die skaap op die skouer en gaan met 'n blye hart terug. Hy roep sy bure byeen en vertel hulle wat gebeur het. Dan is daar onder die bure en vriende blydskap oor die skaap wat verlore was maar teruggevind is. Net so is daar in die hemel blydskap oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege-en-neëntig regverdiges wat volgens hul eie mening die bekering nie nodig het nie.

Daarmee is 'n woord gerig tot die tollenaars en sondaars: daar is vir hulle redding, maar slegs deur bekering. En aan die Fariseërs word gesê dat hulle bly behoort te wees oor die redding van 'n sondaar, en verder dat húlle geen blydskap in die hemel veroorsaak nie omdat hulle die nege-en-neëntig "regverdiges" is wat meen dat hulle geen bekering nodig het nie.

**§ 148 Die verlore penning (Luk. 15:8-10)**

Die volgende gelykenis is ontleen aan die lewe van die vrou in die huishouding. Sy moet met meet en pas haar huis in stand hou. Elke geldstuk, hoe gering ook in waarde, is van betekenis en word met sorg opgespaar. Hierdie vrou het tien pennings opgespaar, en dan ontdek sy dat een weggeraak het. Dit moet egter êrens in die huis wees. Daarom neem sy 'n besem en 'n lamp en begin alles omkeer en uitvee en soek totdat sy die penning vind. Die een penning het in daardie omstandighede vir haar groter waarde gekry as die ander nege.

Wanneer sy die penning wat verlore was, gevind het roep sy die buurvroue byeen en vertel wat gebeur het. Hulle is saam met haar bly. So, sê Jesus, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.

Weer eens is die les dieselfde. Aan die sondaar word gesê dat al het hy soos 'n lewenslose penning geword - dood in die sonde - soek God hom nogtans op om hom te behou. En aan die "regverdiges" word gesê dat hulle saam met die engele in die hemel bly behoort te wees oor 'n enkele sondaar wat gered word.

## § 149 Die verlore seun (Luk. 15:11-32)

Hierdie gelykenis het twee duidelike onderdele, elkeen waarvan op sigself 'n gelykenis is. Die eerste deel oor die verlore seun het betrekking op die tollenaars en sondaars (v. 11-24); die tweede deel oor die oudste seun het betrekking op die Fariseërs en skrifgeleerdes (v. 25-32). Daarom kan die gelykenis beter genoem word: Die vader en sy twee seuns.

(**a)** ***Die jongste seun*** (v. 11-14). 'n Vader het twee seuns gehad. Die jongste het namate hy ouer geword het, onvergenoeg en ontevrede geraak in die huis van sy vader waar hy steeds ondergeskik was aan sy ouer broer. Sy afkeer word so sterk dat hy op 'n dag sy vader nader met die versoek dat sy deel van die erfenis aan hom gegee moet word sodat hy kan wegkom. Die vader voldoen aan die versoek. Die seun neem sy vee en goed en gaan op reis na 'n ver land. Hy verbreek alle bande met die vaderhuis en soek sy heil onder vreemdes. Noudat hy sy vryheid het, leef hy losbandig en verkwis sy geld.

Toe hy alles deurgebring het, kom daar 'n verdere ramp. Hongersnood tref die land en hy begin gebrek ly. Om te kan bestaan, moet hy gaan werk. Een van die burgers van daardie land neem hom in diens as varkwagter. Sy vernedering gaan egter nog verder: hy moes van die varkkos begin eet om aan die lewe te bly. As dit so erg met hom gaan "kom hy tot homself." Hy kom tot inkeer. Nou dink hy aan die huis van sy vader en hoe goed hy dit daar gehad het. Dit is beter om terug te gaan en sy vader om verskoning te vra. Al sou hy net 'n huurling by sy vader kan wees, sou dit beter wees as om te bly in die ellende waarin hy verval het.

Hy besluit om terug te keer. Hy begin die terugreis, uitgehonger soos hy was, en in lompe gekleed. Hy het stellig gewonder hoe sy vader hom sal ontvang. Nietemin het hy op die liefde van die vader vertrou.

Toe hy nog ver was, sien die vader hom aankom, en hardloop hom tegemoet. Die seun kan net sê "Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie," toe val die vader hom om die hals en laat hom nie verder praat nie. Bevele word gegee in verband met nuwe klere, skoene vir die voete en 'n ring aan die vinger. Hy word koninklik gekleed. Die vetgemaakte kalf word geslag en 'n fees begin. Die vader is uitermate bly en dankbaar en verklaar: "Hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind."

So gaan dit met elke sondaar wat tot bekering kom. Al het hy ook hoe diep versink, sien die Vader uit na sy inkeer en terugkeer, en sal die Vader hom feestelik verwelkom.

**(b)** ***Die oudste seun*** (v. 25-32). Die oudste seun was in die veld by die vee toe die jongste tuiskom. Toe die oudste later in die dag terugkom en nog 'n ent van die huis was, hoor hy die musiek en sang en sien die bedrywigheid by die huis. Hy kom toe nie nader nie maar roep 'n dienskneg en vra wat gaande is. Opgewonde vertel die dienskneg van wat gebeur het en van die blydskap van die vader en die fees wat aangerig is. Onmiddellik is die oudste seun boos, en hy weier om nader te kom.

Die vader gaan toe self uit na hom en smeek hom om in te kom. Hy weier en gee uiting aan sy innerlike verbittering. Hy dien immers so baie jare getrou en die vader het vir hom nog nooit 'n fees aangerig nie, maar nou word daar vir die wegloper wat sy geld en lewe versmyt het, 'n groot fees aangerig. So gaan die oudste seun voort om sy vader te verwyt. Die vader bly egter kalm. Hy wys daarop dat die oudste altyd by die vader is, en ook alles besit aangesien hy nou die enigste erfgenaam is - die jongste het immers sy deel weg. Maar die hoofsaak is: "Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind.".

Uit hierdie deel van die gelykenis moes die Fariseërs begryp dat hulle die houding inneem van die oudste seun. Hulle weier om iets te doen te hê met hulle broer, die sondaar, wat uit die dood gered is. Die Vader in die hemel is bly, maar die Fariseërs is ontevrede en knorrig. Hulle weier om mee te doen aan die blydskap in die hemel oor die sondaar wat gered word. Daarom bly hulle buite staan en het geen aandeel in die hemelse feesmaal nie.

## § 150 Die opwekking van Lasarus (Joh. 11:1-46)

Die beskrywing van die opwekking van Lasarus, wat alleen in die Evangelie van Johannes voorkom, kan ons in drie onderdele behandel:

**(a) Die ontvangs van die boodskap** (v. 1-16). Reeds het ons daarop gewys dat Jesus in die omgewing van Betábara begin het om tydsaam in die rigting van Jerusalem te reis (vgl. § 140). Johannes vertel meer besonderhede omtrent die rede vir daardie reis. In Betánië naby Jerusalem het Martha en Maria en hul broer Lasarus gewoon. Soos reeds

vermeld, het Jesus meermale by hulle aan huis gekom toe Hy in Jerusalem en omgewing opgetree het (vgl. § 128). Hy het die broer en susters ook innig liefgehad.
Toe Jesus by Betábara was, het die susters 'n boodskap aan Hom gestuur om te sê dat Lasarus siek is. Die bedoeling was dat Hy moes kom om hulle by te staan en moontlik Lasarus gesond te maak. Jesus sê toe dat die siekte nie tot die dood is nie, maar dat God daarmee 'n verhewe doel het. Die siekte sou dien om God te verheerlik en tot verheerliking van die Seun van God. Daarop het Jesus nog twee dae vertoef.
Aan die einde van die twee dae sê Hy aan die dissipels dat hulle nou weer na Judéa moet gaan. Die dissipels maak heftig beswaar. By die fees van die tempelwyding het die Jode Jesus byna gestenig (vgl. § 130), waarom wil Hy Hom nou weer in gevaar stel? In antwoord hierop verklaar Hy dat daar twaalf ure in 'n dag is. As iemand in die lig van die dag wandel, stamp hy hom nie. Die bedoeling is dat elke mens 'n gestelde werkdag het. So ook Hy. Alvorens daardie twaalf ure om is, kan niks Hom skaad nie.
Hierop vertel die Here aan hulle dat Lasarus slaap. Hulle kon die betekenis van die woord nie begryp nie, en meen dat dit 'n goeie teken is van beterskap. Dan sê Jesus ronduit dat Lasarus dood is. Hoewel geen verdere berig ontvang is nie, het Hy, die Seun van God, dit geweet. In hierdie geval sou die dood egter nie die einde wees nie. Daar sou nog iets gebeur waardeur die geloof van die dissipels gesterk sou word.
Thomas, wat in sekere opsigte 'n pessimis genoem kan word, sê: Nou goed, laat ons dan maar saamgaan en saam sterf. Hy het net die slegste verwagtings van 'n besoek in die omgewing van Jerusalem.
**(b) Martha en Maria** (v. 17-32). Die karakter van die twee susters word mooi aangedui in die manier waarop hulle optree. Martha is die aktiewe en Maria die stille suster.
Toe Jesus naby Betánië kom, verneem Hy dat Lasarus al vier dae dood is. Hy merk ook dat baie Jode na die huis van die susters gekom het om hulle in hulle droefheid te troos.
Martha was die eerste wat hoor dat Jesus gekom het. Sy gaan toe uit om Hom te ontmoet, maar Maria het tuis gebly. By die begroeting sê Martha aan Jesus: "Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie."
Sy vind dit jammer dat Jesus nie dadelik gekom het toe Hy hulle boodskap ontvang het nie, maar selfs nou verwag sy van Hom hulp, hoewel dit nie duidelik is wát sy verwag nie. Uit die gesprek wat volg, blyk dat sy nie aan die moontlikheid van 'n opwekking uit die dood gedink het nie.
Aan Martha sê die Here dat haar broer sal opstaan. Sy aanvaar dit, maar meen dat dit by die opstanding in die laaste dag sal wees. Dan sê Jesus: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe." Op die vraag of sy dit glo, antwoord Martha bevestigend en voeg by: "Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom."
Nadat Petrus in die naam van die Twaalf hierdie belydenis uitgespreek het, is Martha die eerste volgeling van die Here wat dit van harte doen. Daarmee het sy, 'n vrou, haar plek naas die apostels ingeneem onder dié wat getuig dat Jesus die Christus is.
Martha gaan toe terug huis toe en sê stilletjies aan Maria dat Jesus gekom het en haar laat roep het. Maria het onmiddellik opgestaan en haastig uitgegaan na die plek waar Jesus nog gewag het. Die Jode by die huis het gemeen dat sy by die graf gaan ween en het haar gevolg. Toe Maria by Jesus kom, val sy aan sy voete neer en sê dieselfde as Martha: "Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie." Albei susters het hulle volkome op Jesus verlaat.
***c) By die graf*** (v. 33-46). Maria kon nie verder praat nie. Haar droefheid het haar oorweldig, en dit gryp Jesus in die hart. Hy vra toe om na die graf geneem te word. Terwyl hulle daarheen loop, ween Jesus saam met die bedroefde susters. Die Jode het begin opmerkings maak oor Jesus se liefde vir Lasarus, en ook smalend gepraat van Hom wat die blindgeborene op die Sabbat kon siende maak (vgl. § 125), maar nie kon voorkom dat sy goeie vriend sterf nie.
Toe hulle by die graf aankom, was Jesus weer diep bewoë. Hy beveel dat die klip voor die ingang van die rotsgraf weggerol word. Die graf was 'n klein kelder wat in die rots uitgekap is. 'n Klip in die vorm van 'n wiel wat in 'n groef loop, is voor die opening gerol om dit toe te maak. Jesus vra dat die klip opsy gerol word in sy groef. Martha maak beswaar en wys daarop dat Lasarus al vier dae dood is en dat die liggaam al ruik. Jesus wys haar egter daarop dat sy net moet glo, dan sal sy die heerlikheid van God sien.
Toe die graf oopgemaak is, het Jesus sy oë opgeslaan na die hemel en 'n kort gebed

uitgespreek om die Vader te dank vir verhoring, en te vra dat wat nou gaan gebeur, die skare daartoe sal bring om te glo dat Hy deur God gestuur is. Daarom roep Hy: "Lasarus, kom uit!" Toe verskyn Lasarus in die ingang van die graf, nog heeltemal toegedraai in grafdoeke. Jesus gee toe net 'n kort bevel: "Maak hom los en laat Hom gaan".

Ons kan aanneem dat Jesus en die dissipels daardie aand na die huis van Lasarus en sy susters gegaan het, en daar 'n dag of twee gebly het.

Die ***opwekkingswondere*** vertoon opvallende verskille in omstandighede. Drie word in die Evangelies vertel: die dogtertjie van Jaïrus (§ 63); die jong man van Nain (§ 58), en Lasarus. Hulle verteenwoordig verskillende leeftye: 'n jong dogtertjie, 'n volgroeide seun en 'n volwasse man; hulle kom uit verskillende huislike omstandighede: 'n vader en moeder met hul lieflingskind; 'n weduwee met haar enigste seun en sorg; twee volwasse susters en 'n broer wat goed bekend staan in die samelewing. Die omstandighede waarin Jesus hulle vind, verskil: die dogtertjie pas dood en nog op die sterfbed; die jong man op weg na die graf, en Lasarus reeds vier dae dood. Oral tree die dood in, maar oral is Jesus dieselfde oorwinnaar oor die dood. So word sy woord bevestig: "Ek is die opstanding en die lewe".

**§ 151 Die teenstanders hou raad (Joh. 11:47-54)**

Die opwekking van Lasarus het in Betánië 'n diepe indruk gemaak. Die gebed van Jesus dat die daad die mense tot geloof in Hom mag bring *(*v. 42), is bewaarheid. Vele het in Hom geglo. Maar daar was ook diegene wat in hulle haat gesterk is, en hulle gaan na die Fariseërs in Jerusalem om te vertel wat Jesus gedoen het.

Onverwyld word die Joodse Raad byeengeroep om die hele aangeleentheid te bespreek. Die Fariseërs noem sekere argumente waarom daar teen Jesus opgetree moet word. Hy doen baie tekens; as Hy voortgaan, sal die hele volk in Hom glo, en die Romeine kan ingryp om die volksbeweging te onderdruk en dan alle beheer wat die Joodse Raad nog behou het, van hom wegneem. Alles saamgevat, beteken dit dat die Fariseërs hulself genoodsaak sien om iets drasties te doen ten einde hulle gesag en aansien te handhaaf. Dan kom Kájafas, die destydse hoëpriester, met 'n voorstel. Hy vind dat dit beter is dat een man vir die volk sterf as dat die hele volk omkom. Daarom moet planne bedink word om op die een of ander sluwe manier Jesus uit die weg te ruim.

Die woorde van Kájafas het 'n dieper betekenis gehad as wat hy bedoel het. As hoëpriester was hy offisieel ook profeet, hoewel hy nie daardie hoë amp waardig was nie. Tog het God die mond van Kájafas gebruik om 'n profetiese woord uit te spreek. Jesus sou wel vir die hele volk sterf, die Een vir die baie. Hy sou bowendien nie net vir Israel sterf nie, maar vir al die uitverkorenes onder die volke van die wêreld. Eers later sou die bedoeling van God met die woord van Kájafas erken word.

Op daardie dag het die Joodse Raad 'n besluit geneem dat Jesus moet sterf. Hulle het nog geen klag teen Hom gehad nie, en daar was nog geen verhoor nie, maar die besluit is geneem. Jesus het geweet dat die einde van sy dag nog nie aangebreek het nie, en dat Hy Hom dus nie aan gevaar moet blootstel nie. Daarom het Hy nie meer in die openbaar verskyn nie, maar Hom teruggetrek na 'n eensame dorpie, Efraim genoem, in die noordelike deel van Judéa. In daardie omgewing sou Hy nog 'n aantal weke werksaam bly.

## XV JESUS IN EFRAIM

### § 152 Die onregverdige bestuurder (Luk. 16:1-15)

In Efraim en omgewing het Jesus voortgegaan om sy dissipels oor verskillende sake onderrig te gee. Die eerste waaraan Hy aandag geskenk het, was die regte aanwending van rykdom. In dié verband vertel Hy twee gelykenisse, dié van die onregverdige bestuurder, en daarna dié van die ryk man en Lasarus.

Die eerste gelykenis vertel van 'n ryk man wat 'n bestuurder gehad het. Die bestuurder is aangekla dat hy die besittings van sy baas verkwis. Die baas roep hom toe in en gee hom kennis van ontslag, maar eers moes hy die boeke opmaak en verslag kom doen. Die bestuurder besef dat 'n ramp hom getref het. Hy sal niks hê om van te lewe nie, en hy sien nie kans om handearbeid te doen of om te bedel nie. Hy besluit toe om sy bevoegdheid as bestuurder, wat nog nie van hom ontneem is nie, te gebruik om vriende te maak van mense wat hom voorheen onvriendelik gesind was. Die aard van sy werk het meegebring dat hy weinig genade moes betoon teenoor mense wat geld of goed skuld, en dikwels het hy nog meer as die werklike skuld van hulle afgepers om homself te verryk. Nou kom hy tot die insig dat hy die laaste paar uur van sy bestuurderskap kan gebruik om die vriendskap van hierdie mense te wen, en dan sal hulle later hom bystaan as dit met hom moeilik gaan.

Die bestuurder roep toe die skuldenaars van sy baas een na die ander na sy kantoor. Aan elkeen vra hy hoeveel hy skuld. Die eerste skuld honderd vat olie. Die bestuurder haal die skuldbewys te voorskyn en laat die man gou die syfer van honderd verander na vyftig. 'n Volgende een skuld honderd mud koning. Hy kry die geleentheid om dit te verander na tagtig. En so gaan hy op die ry af. Al hierdie mense is meteen verander tot vriende van die bestuurder en hulle is vol lof vir sy optrede in hulle belang.

Ook die baas kom dit te hore, en hy vind dat die bestuurder baie verstandig gehandel het met die oog op sy eie toekoms. Die baas is grootmoedig genoeg om nie kwaad te wees oor die skade wat die bestuurder deur sy handelswyse veroorsaak het nie, maar om sy versiendheid te waardeer.

Van oudsher dra hierdie bestuurder die naam dat hy onregverdig was en oneerlik gehandel het deur die skuldbewyse te laat verander. Daar bestaan egter genoegsame grond om hom liewer as regverdig en eerlik te beskou. Ons moet die insettinge en gebruike van daardie tyd in verband met skuld en rente in aanmerking neem. Die geldskieters het 'n manier gehad om die wet wat woeker verbied, te omseil. Hierdie baas word nie as 'n landbouer aangedui nie. Hy was 'n groot geldskieter. Deur hierdie mense word geld uitgeleen, maar die lener onderneem om in goedere terug te betaal, en natuurlik word sy goed dan ook goedkoop bereken. Aangesien woekerwinste nie gevra mag word nie, word in die skuldbewys geen melding van rente gemaak nie, maar 'n hoeveelheid goed bo die werklike skuld word bygevoeg. Iemand wat in werklikheid tagtig mud koring skuld, moet 'n skuldbewys aanbied waarop die skuld as honderd mud aangeteken staan. Wat hierdie bestuurder gedoen het, was om tot eerlikheid terug te keer, en die hoeveelhede van die werklike skuld op die skuldbewyse te laat aanbring. Daardeur het hy die guns van die skuldenaars verwerf, en 'n daad gedoen waarteen sy baas geen beswaar kon maak nie. Daarom ontvang hy lof.

Na aanleiding van hierdie gelykenis vermaan die Here sy dissipels, die kinders van die lig, om op dieselfde wyse eerlik en verstandig met die onregverdige Mammon, die geld, om te gaan terwyl ons nog daartoe die geleentheid het. Dan sal ons nie alleen vriende werf nie, maar in die "ewige tente," d.i. in die hemel, sal daar diegene wees wat ons met blydskap inwag.

Hieraan voeg die Here toe die verdere vermaning tot eerlikheid. Die onregverdige Mammon kan ons voor sware versoekinge stel, maar wie getrou is in die beheer van geld, sal oor die "ware goed" aangestel word.

Daar was ook Fariseërs wat hierdie dinge aangehoor het. Hulle was bekend vir hulle gierigheid en het die oneerlikhede van die geldskieters self beoefen. Nou spot hulle oor die woord van Jesus, maar Hy spreek hulle skerp aan. Hulle sal nog ontmasker word en hulle sal moet insien dat God hul bedorwe harte ken. Die praktyke wat hulle hoog ag, is voor Hom 'n gruwel.

### § 153 Die ryk man en Lasarus (Luk. 16:19-31)

Die tweede gelykenis wat die regte aanwending van die rykdom toelig, is dié van die ryk man

en Lasarus (= God help). Dit is die enigste gelykenis waarin Jesus van 'n persoonsnaam gebruik maak, waarskynlik omdat Hy deur die betekenis van die naam die arm man se vertroue op God wil aandui. Daar is geen verband met Lasarus wat uit die dode opgewek is nie.

'n Ryk man het in weelde geleef en alles besit wat sy hart begeer. By sy poort het 'n arm bedelaar gelê, vol swere en uitgeteer van die honger. Hy het net een ding begeer, naamlik, om van die krummels van die ryk man se tafel te kry om te eet. In sy ellende en swakheid het die honde sy swere gelek. Die ryk man moes met sy kom en gaan elke dag die bedelaar gesien het, maar het hom niks van die man se ellende aangetrek nie.

Toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die "boesem van Abraham," d.i. die oord van geluksaligheid in die doderyk. Of daar vir die bedelaar 'n begrafnis was, word nie vermeld nie. Daarna sterf die ryk man en vir hom is daar 'n groot begrafnis, en seker baie lofredes. Toe hy egter in die doderyk sy oë oopmaak, bevind hy hom in die plek van pyniging en smarte. Op 'n afstand sien hy Abraham en Lasarus by hom. Dan roep hy na Abraham en vra dat Lasarus net die punt van sy vinger in water doop en sy tong kom verkoel, want hy ly ontsettend in die vlam. Abraham wys egter op die verlede. Die ryk man moet daaraan dink dat hy sy goeie dinge in sy leeftyd gehad het, maar Lasarus die slegte. Nou is sake omgekeer en daar is niks aan te doen nie. Buitendien is daar 'n diep kloof van skeiding sodat Lasarus nie sal kan oorgaan na die ryk man toe nie.

Die ryk man dink aan sy vyf broers wat net so leef soos hy geleef het, en hy verlang van Abraham dat Lasarus teruggestuur moet word om hulle te waarsku, anders kom hulle ook in die plek van pyniging. Abraham weier egter die versoek. As hulle nie na Moses en die profete luister nie, sal hulle ook nie gehoor gee aan iemand wat uit die dood opgestaan het nie. Moses en die profete, die Woord van God, is die volkome genoegsame gids vir die lewe, ook vir die aanwending van die rykdom. Wie op dié Woord nie let nie, sal na niemand luister nie.

Hierdie gelykenis vertel ons iets van wat ná die dood gebeur. Daar is onmiddellik na die dood 'n skeiding tussen diegene wat goed gedoen het en dié wat kwaad gedoen het. Die een groep gaan in die doderyk na die plek van smarte, en die ander na die plek van geluksaligheid. Daar bly hulle tot by die opstanding van die dode en die finale oordeel. Met die besonderhede moet ons egter versigtig wees omdat Jesus 'n gelykenis vertel en dus besonderhede in diens stel van die gelykenis, bv, dat die ryk man oor die kloof heen met Abraham kan praat. Dit sê nie noodwendig dat dergelike besonderhede in die werklikheid só sal wees soos in die gelykenis vermeld nie. Hoofsaak is dat daar pyniging is vir die ongehoorsames en geluksaligheid vir die gehoorsames, en dat die lewe hier op aarde die plek en geleentheid is waar die beslissing val.

### § 154 Liefde, geloof en dienswilligheid (Luk. 17:1-10)

As goeie leermeester herhaal Jesus sekere dinge wat Hy voorheen reeds gesê het. Op die manier word dit ingeskerp. Die eerste is die plig van liefde teenoor die broeder. Niemand moet vir sy medemens wat na Jesus wil kom, 'n struikelblok wees nie. Iemand wat "een van hierdie kleintjies" wat nog swak is in die geloof, laat struikel, moet liewer in die see versink word met 'n meulsteen aan sy nek (vgl. § 108).

Die liefde moet ook nooit moeg word om te vergewe nie. As die broeder sewe maal op 'n dag teen jou sondig, en elke keer met berou kom verskoning vra, moet jy hom iedere keer vergewe. Die liefde hou geen statistiek nie (vgl. § 110).

Die dissipels voel dat hulle hieraan kan voldoen slegs indien hulle meer geloof het. Daarom vra hulle: "Gee ons meer geloof." Hulle dink aan 'n hoeveelheid geloof. Jesus antwoord deur te wys op die hoedanigheid van die geloof. Dit moet wees soos die mosterdsaad, so klein wat sy hoeveelheid betref, maar so kragtig wat sy hoedanigheid betref. Dit kan uitgroei en so sterk word dat 'n mens in die geloof die menslik onmoontlike sal kan doen. (vgl. §§ 77, 103).

By die liefde en geloof moet daar ook dienswilligheid wees. Die dissipels is soos 'n dienskneg wat bedags hard werk op die land, en as hy in die aand by die huis kom, word hy nie na tafel genooi nie, maar eers moet hy sy baas bedien, en daarna kan hy self eet. Hy het geen aanspraak op beloning nie, maar is alleen daar om te dien. Dit moet ook die ingesteldheid van die dissipel wees dat hy nie beloning of verdienstelikheid nastreef nie, maar alles doen wat hom opgelê word en dan sê: "Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen."

## § 155 Die koms van die koninkryk (Luk. 17:20-37, vgl. Matt. 24:17-41; Mark. 13:14-23)

Deur die optrede van Jesus het een vraag baie sterk die gedagtes van volgelinge en teenstanders begin besig hou, naamlik, wanneer kom die koninkryk van God?

Jesus het in sy prediking steeds besig gebly met die koms en die aard van die koninkryk. Sy wondere was kennelik 'n vervulling van die profesieë aangaande die tyd van die Messias. En tog was daar nog geen tekens van die vervulling van die Joodse verwagting van die heroprigting van die koninkryk van Dawid nie. In die politieke sin, soos hulle dit verwag het, was daar nog niks te sien nie. Trouens, Jesus wou opsetlik nooit in staatkundige aangeleenthede betrokke raak nie. Daarom bly die vraag nog steeds onbeantwoord: Wanneer kom die koninkryk?
Terwyl Jesus in die omgewing van Efraim was, kom die Fariseërs na Hom met hierdie vraag. Aan hulle antwoord Hy dat die koninkryk nie met uiterlike tekens of omwentelinge op politieke terrein sal kom nie. 'n Mens hoef ook nie na gebeurtenisse in die een of ander hoek van die land te verwys en te sê: Daar is hy! nie. Die koninkryk van God is binne-in julle.
Daar waar Jesus binne die kring van Fariseërs en dissipels staan, is die koninkryk teenwoordig. Die koninkryk is beliggaam in Jesus self, en waar Hy is, is die koninkryk reeds aanwesig. Dit beteken ook dat iemand wat Jesus deur die geloof aanvaar het en in sy hart en lewe ontvang het, deel gekry het aan die koninkryk. Die koninkryk is in daardie sin binne-in hom, omdat die koninkryk 'n geestelike ryk is.
In hierdie antwoord val die nadruk op die teenwoordigheid van die koninkryk. Dit is reeds daar, en het reeds gekom, waar die geloof gevind word. Dit is daar waar Jesus is.
Daar is egter ook 'n ander aspek van die koninkryk. Dit is teenwoordig en dit is ook toekomstig. Wat die Ou-Testamentiese profete as een gebeurtenis gesien het toe hulle van die koms van die Messiasryk geprofeteer het, is in werklikheid twee gebeurtenisse: die koms van die koninkryk deurdat die Seun van God vlees word en in die geskiedenis optree, én aan die einde van die tyd die koms van die Seun van God in heerlikheid op die wolke (vgl. § 100). In 'n woord afsonderlik aan sy dissipels wys Jesus op hierdie perspektief.
Die koninkryk is reeds nou hier, en tog is dit aan die kom en sal dit verwesenlik word op die dag van die Seun van die mens, d.w.s. by sy wederkoms op die wolke. Die dissipels moet weet dat daar moeilike tye vir hulle sal aanbreek voordat dié dag kom. Hulle sal wens dat dit al gekom het, daar sal baie wees wat hulle agter valse messiasse probeer aanlok, maar hulle moet weet dat daardie dag vir almal net so kenbaar sal wees soos 'n weerligstraal - en ook net so onverwags en onvoorspelbaar. Daarom kan die datum ook nie bereken word nie. Een van die gebeurtenisse wat vooraf nog moet plaasvind, is dat die Seun van die mens moet ly en deur sy tydgenote verwerp word.
Die Here lê nadruk op die onverwagtheid van die koms en op die onverskilligheid van die mense. Soos in die dae van Noag sal hulle voortgaan in die sonde, of ook soos in die dae van Lot toe hulle voortgeleef het asof daar geen God is nie. Onverwags sal die Seun van die mens verskyn en skeiding bring tussen die mense. Daar sal ook geen geleentheid wees om na enige aardse belange om te sien nie. Wie dit probeer doen, sal vergaan soos die vrou van Lot. Twee op die land, of by die meul of op een bed, sal in 'n oogwink geskei word deurdat die een aangeneem en die ander aan die verderf oorgelaat word. Daarom moet gewaak word.
Wanneer die dissipels hierdie dinge hoor, vra hulle: Waar, Here? (Luk. 17:37). Daarop antwoord Jesus met 'n spreekwoord: "Waar die aas lê, daar sal die aasvoëls saamkom." Wanneer die aas daar is, word die aasvoël instinkmatig en onweerstaanbaar aangelok, en hy pyl daarop af. Wanneer die wêreld in sy sondige ongeregtigheid soos stinkende aas geword het, sal die Seun van die mens daarop afpyl en as Regter op die wolke verskyn. Dit sal die dag wees van die volbrenging van die koninkryk van God.

## § 156 Die onregverdige regter (Luk. 18:1-8)

In aansluiting by die onderrig oor die wederkoms van die Seun van die mens wys Jesus op die noodsaaklikheid van aanhoudende gebed. In die moeilike tye wat aan die voleinding voorafgaan, sal die gelowiges volhardend moet bid vir die koms van die Here. Om dit toe te lig, vertel Jesus 'n gelykenis:
Daar was 'n regter wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie. Hy handel eiewillig in die hardheid van sy hart. Voor hom verskyn 'n weduwee met die versoek dat hy 'n beslissing in haar guns sal vel. Hy gee egter aan haar geen gehoor nie. Sy volhard nietemin deur elke dag

weer haar versoek te kom stel. Uiteindelik besluit die regter dat hy haar versoek sal toestaan, al is dit net om van haar ontslae te raak.

Hierdie regter wat geen gevoel vir die medemens het nie, skenk die versoek van die weduwee eenvoudig omdat sy aangehou het met vra. Daarteenoor is God lankmoedig, daarom sal Hy nog veel meer bereid wees om reg te doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep. As hulle volhard in die gebed om die wederkoms, sal Hy gehoor gee en die groot dag laat aanbreek.

Maar dan stel die Here 'n vraag: "As die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?" Sal Hy diegene vind wat in God glo en daarom volhard in die gebed? Die vraag kan ook 'n ander betekenis hê: Die woord wat ons deur die gebed tot God rig, word deur Hom gehoor. Wanneer Hy kom, sal Hy dan vind dat ons die woord wat Hy deur die prediking tot ons gerig het, glo en daarvolgens handel?

**§ 157 Die Fariseër en die tollenaar (Luk. 18:9-14)**

In die vorige gelykenis het Jesus op die noodsaaklikheid van die volhardende gebed gewys. By die Fariseërs was daar destyds wel "volhardende gebed," maar dit was geen egte gebed nie. Daarom gaan Jesus voort om deur die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar daarop te wys dat die gebed ook ootmoedig en nederig moet wees.

Hy vertel van twee manne wat saam na die tempel gaan om te bid. Die een is 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar. Die tollenaar voel hom kennelik nie tuis in die heilige plek nie. Skroomvallig gaan hy net tot binne die ingang en bly daar eenkant staan. Die Fariseër stap binne soos een wat hier tuis is. Selfversekerd gaan hy so ver die heiligdom in as wat dit vir hom veroorloof is. Daar gaan hy staan om te bid, soos die Jode dit in die heiligdom gedoen het. Gewoonlik staan die Jood met hande na die hemel uitgestrek, en kyk hy op na die plek waar God woon. So staan die Fariseër daar, en dan spreek hy sy gebed uit.

Die Fariseër begin sy gebed goed deur God te dank, maar dan gaan hy voort om in sy eie vroomheid te roem. Hy is beter as ander mense wat allerlei ongeregtighede pleeg, en ook beter as die tollenaar met wie hy gelyktydig by die ingang aangekom het. Hy vas twee keer in die week (vgl. § 41) en hy gee van alles 'n tiende. Met hierdie selfverheffing eindig sy gebed. Eintlik is dit geen gebed nie. Daar is geen verootmoediging voor die heilige God nie, en aan God word geen versoek gestel nie. Deur sy optrede laat die Fariseër sien dat hy gewoond is om baie te bid, en in daardie sin in die gebed te volhard. Maar sy gebed self is geen gebed nie.

Daarteenoor staan die tollenaar eenkant, bewus van sy onwaardigheid, en hy waag dit nie om sy oë op te hef nie. Ook strek hy nie die hande uit na God nie, maar slaan op die bors as teken van sy droefheid oor wat hy self is. Diep onder die indruk van sy sonde en van die heiligheid van God, stamel hy sy gebed: "o God, wees my, sondaar, genadig!" Dit kom soos 'n roep om redding uit 'n hart wat alleen van God redding verwag. Eie verdienste is daar volstrek nie. Daar is net 'n smeking om genade.

Ná die gebed gaan die twee weer saam uit die tempel huis toe. Die Fariseër het ontvang wat hy gevra het: niks. Die tollenaar het ook ontvang wat hy gevra het: genade. Eersgenoemde het in sy "geregtigheid" voor God gestaan, en gaan in sy ongeregtigheid weg. Laasgenoemde het in sy ongeregtigheid hom voor God verootmoedig, en gaan weg in die geregtigheid wat God in genade aan die sondaar skenk.

**§ 158 Die tien melaatse (Luk. 17:11-19)**

Die tyd van die Paasfees het begin nader kom. Jesus verlaat Efraim maar gaan in 'n noordelike rigting deur Samaría tot aan die grens van Galiléa. Daa**r** by die ingang van 'n sekere dorp kom tien melaatse manne Hom tegemoet. Hulle bly buite die dorp omdat hulle nie onder die mense mag beweeg nie (vgl. § 38). Volgens die voorskrif van die wet bly hulle op 'n afstand staan en roep vandaar: "Jesus, Meester, wees ons barmhartig!"

Hierdie ongelukkige mense wat uitgestoot is uit die samelewing, het hulle eie klein samelewing gevorm, saamgebind deur hulle gemeenskaplike ellende. In hierdie gemeenskap van lyding het vroeëre skeidinge weggeval, selfs dié tussen Jood en Samaritaan. Hulle staan ook saam in hulle geloof dat Jesus hulle kan genees, en saam roep hulle Hom aan.

Jesus het hulle gesien en hulle ellende in Hom opgeneem. Hierdie keer raak Hy nie die melaatse aan nie, maar gee opdrag dat hulle na die priester moet gaan om volgens die bepaling van die wet hulle aan hom te vertoon. Waarskynlik was dit nie die bedoeling dat hulle na die tempel in Jerusalem moes gaan nie, maar na 'n priester

wat in die plaaslike dorpie gewoon het. Die tien aanvaar die woord van Jesus en gaan na die priester.

Onderweg merk hulle dat die melaatsheid hulle verlaat het. In groot opgewondenheid en met blydskap gaan hulle verder, maar een bly staan. Vir hom is dit 'n drang van die hart om God te dank vir die genesing, eerder as om voort te gaan na die priester. Hy draai om en soek Jesus op. Dan werp hy hom neer aan die voete van Jesus om Hom te dank en God te verheerlik.

Jesus vra waar die ander nege is. Tien is tog gesond gemaak, en net die een, 'n Samaritaan, het teruggekom om God te verheerlik. Het die ander dan nie daaraan gedink dat hulle die genesing van God ontvang het nie? Weer eens is dit die Samaritaan wat die goeie voorbeeld stel.

Aan die Samaritaan sê Jesus: "Staan op en gaan; jou geloof het jou gered".

# XVI. DIE LAASTE REIS NA JERUSALEM

## § 159 Die begin van die reis (Matt. 19:1-2; Mark. 10:1)

Jesus het van Efraim na die Noorde getrek tot aan die hoofweg wat van Galiléa oor die Jordaan en na die suide voer. Toe Jesus op die hoofweg kom, moes Hy besluit welke rigting Hy sou inslaan. Hy kon langs die See van Galiléa noordwaarts gaan na Kapérnaüm, of Hy kon regs draai in 'n oostelike rigting om oor die Jordaan te gaan en van daar suidwaarts na Jerusalem. Vir Hom is die keuse geen probleem nie. Hy gee uitvoering aan die wil van die Vader, en weet dat die tyd aangebreek het vir die laaste reis na Jerusalem. Uit Galiléa kom aansienlike groepe van mense met die pad verby, op weg na Jerusalem vir die Paasfees. Jesus en sy volgelinge sluit by die feesgangers aan. Hulle reis sou na die oostelike oewer van die Jordaan gaan, en dan suid tot regoor Jérigo. Daar gaan die pad weer oor die Jordaan en kom hulle in die gebied van Judéa.

Onder die feesgangers is daar baie wat van Jesus hulp verlang, en Hy genees die siekes. Daarbenewens gaan Hy voort om die skare meer te leer aangaande die regte leefwyse in die koninkryk van God. Ook was daar Fariseërs op pad na die heilige stad en hulle laat die geleentheid nie verbygaan om aan Jesus allerlei vrae te stel nie. Op die reis vind daar ook verskillende gebeurtenisse plaas waarby Jesus optree as die hemelse leermeester en as die Een wat sy goddelike mag aanwend tot heil van die mens.

## § 160 Die vraag oor die skeibrief (Matt. 19:3-12; Mark. 10:2-12; Luk. 16:18)

Terwyl hulle op weg was, kom die Fariseërs nader om aan Jesus 'n vraag te stel. Hulle wil probeer om van Hom 'n antwoord te ontlok as gevolg waarvan Hy in die moeilikheid kan beland. Na aanleiding van niks vra hulle Hom: "Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei?"

Die vraag staan in verband met 'n uitspraak van Moses in Deut. 24:1 waarvolgens die man die reg het om aan sy vrou 'n skeibrief te gee en haar weg te stuur "as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandeliks aan haar ontdek het." Onder die skrifgeleerdes het daar heelwat meningsverskil ontstaan oor die betekenis van hierdie woorde. Daar was twee hoofrigtings van denke: dié van die skool van Schammai wat 'n streng standpunt ingeneem het en gemeen het dat "iets skandeliks" alleen kan beteken dat die vrou aan haar man ontrou geword het en owerspel gepleeg het. Daarteenoor het die skool van Hillel 'n veel ruimer standpunt gehuldig deur te meen dat enigiets aan die vrou of haar gedrag wat vir die man ergerlik is, genoeg rede is vir die uitreik van 'n skeibrief. Voortdurend was die verteenwoordigers van hierdie twee skole in twiste gewikkel oor die vertolking van die wet (vgl. § 4(c)).

Deur hierdie vraag aan Jesus te stel, wil hulle Hom intrek in die onderlinge getwis. Daarby kom nog dat die rigting van Hillel i.v.m. die reg van egskeiding baie gewild was onder die volk, en as Jesus soos hulle verwag het, Hom teen daardie vrye rigting sou uitspreek, sou Hy sy invloed onder die volk inboet. En nog meer, indien Hy die opvatting van Hillel sou goedkeur, sou Hy mitsdien kant kies teen Johannes die Doper wat juis Herodes Antipas bestraf het omdat hy so maklik van sy vrou geskei en 'n ander geneem het. Maar as Jesus die rigting van Schammai kies en sodoende hom by Johannes die Doper skaar teen Herodes, kan verwag word dat Herodes met Jesus dieselfde sou doen as wat hy met Johannes gedoen het. Na alle kante toe is daar valstrikke.

Jesus laat Hom egter nie deur hierdie mense in die val lok nie. Hy gaan nie in op die vertolking van Deut. 24:1 nie, maar gryp terug op die begin van die mense se bestaan op aarde. By die skepping het God die mens man en vrou gemaak, en bepaal dat hulle die ouerhuis sal verlaat om so innig verbonde te wees dat hulle een vlees sal word. Hierdie twee-eenheid wat God saamgevoeg het, mag die mens nie skei nie. God het dus bedoel dat die huwelik onskeibaar sal wees. Daarom is dispuut oor die omstandighede waarin 'n skeibrief gegee mag word, 'n miskenning van die karakter van die huwelik as sodanig. Die Fariseërs is met hierdie antwoord nie tevrede nie, en vra waarom Moses dan beveel het om 'n skeibrief te gee en te skei. Hierop antwoord die Here dat Moses dit nie beveel het nie, maar dit toegelaat het weens die hardheid van hart wat juis in die huwelik as gevolg van die sonde so skerp tot uiting kan kom. Dit het in Israel voorgekom dat man en vrou dikwels nie in die huwelik met mekaar kon klaarkom nie, en dan verdryf die man eenvoudig die vrou. Om hierdie saak enigsins ordelik te reël - en nie om dit goed te keur nie - het Moses bepaal dat in sekere gevalle 'n skeibrief uitgereik kon word. Hieromtrent

verklaar Jesus dat dit 'n toegewing van Moses was weens die sonde, maar dat dit nie die band wat God tussen man en vrou lê, verbreek nie. Die woord bly van krag: Wat God saamgevoeg het, mag die mens nie skei nie.

Om die toedrag nader te verduidelik, verklaar Jesus dat as iemand van sy vrou skei en met 'n ander een trou, pleeg hy egbreuk; en wie die geskeie vrou trou, pleeg eweneens egbreuk. Dit beteken dat hulle deur die tweede huwelik die sonde van egbreuk ten opsigte van die eerste huwelik begaan, en sodoende die eerste huwelik verbreek. Dit is die geval van skeiding vir "allerlei oorsaak," maar nie in die geval waar huweliksontrou plaasgevind het nie. As daar voor die skeiding owerspel plaasgevind het, was daardie daad reeds die egbreuk, en vind dit nie eers by die tweede huwelik plaas nie.

Met sy antwoord het Jesus Hom teenoor sowel Hillel as Schammai gestel, en die onskeibaarheid en heiligheid van die huwelik as 'n instelling van God by die skepping weer in die suiwere lig gestel.

Die woord van die Here het vir sy dissipels hard geklink. Hulle was so gewoond aan die maklike skeiding van daardie tyd dat hulle hulle nie kon indink in 'n huwelik wat nooit ontbind kan word nie. Daarom sê hulle dat as dit só is soos Jesus sê, dit nie wenslik is om te trou nie. Hierop antwoord Jesus met 'n raaiselagtige woord, waarvan Hy self verklaar dat nie almal dit sal vat nie. Hy bevestig dit dat dit in bepaalde omstandighede wenslik is om nie te trou nie. Hier dink Hy aan drie groepe van persone: diegene wat weens 'n aangebore liggaamsgebrek onbekwaam is om te trou; diegene wat deur mense ontman geword het; diegene wat hulself die huwelik ontsê ter wille van die koninkryk van God. Hierdie laasgenoemdes is diegene aan wie God die genadegawe van onthouding geskenk het, en wat as ongetroudes 'n heerlike werk vir die koninkryk doen. Hiervan was Paulus die beste voorbeeld.

**§ 161 Jesus seën die kinders (Matt. 19:13-15; Mark. 10:13-16; Luk. 18:15-17)**

Ná die gesprek oor die egskeiding en die hoë eise van die huwelik, gebeur daar 'n klein insident waardeur die seën en geluk van die huwelik in 'n helder lig gestel word. 'n Aantal moeders bring hulle kindertjies na Jesus met die versoek dat Hy vir hulle die hande moet oplê. Hulle skyn te verwag dat daar op dié wyse 'n oorvloeiing van krag en seën op die kinders sal wees. Hierdie opvatting is egter nie uit bygeloof gebore nie, maar uit egte geloof in Jesus.

Die dissipels vind dat die moeders net lastig is. Jesus is te besig met ernstige dinge en het nie tyd vir kinders nie. Buitendien is die plek van vrouens en kinders op die agtergrond. So meen die dissipels, en hulle belet die moeders om naby Jesus te kom met hulle kindertjies. Jesus merk egter wat gaande is, en spreek sy bekende en diep-betekenisvolle woord uit: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God".

Met hierdie woorde het Jesus 'n uitnodiging aan die moeders en hulle kindertjies gerig om na Hom te kom. Ook hulle het 'n plek in die hart van die Here en vir hulle ruim Hy tyd in op sy program. Hy neem die kindertjies op in sy arms, omhels hulle en seën hulle. En dan wys Hy die dissipels nog eens op die voorbeeld van die kind:

"Elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kind ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie".

Deur hierdie optrede van Jesus en sy woorde aan die moeders en kinders het Hy aan die vrou en die kind 'n nuwe waarde toegewys in die christelike samelewing. Ook het Hy die huisgesin 'n eie plek en betekenis gegee binne die koninkryk van God en dit omsluit in sy arms van liefde en beskerming.

**§ 162 Die ryk jongman (Matt. 19:16-30; Mark. 10:17-31; Luk. 18:18-30)**

In 'n huis langs die pad het Jesus 'n tydjie gerus en toe weer die reis hervat. Toe Hy die dorpie deurgaan, kom 'n jongman haastig nader en kniel eerbiedig voor Hom neer. Die jongman was iemand van vermoë en aansien. Dit het geblyk dat hy reeds op sy jong leeftyd 'n owerste van die sinagoge was en 'n leidende figuur in die samelewing. Daarby was hy ryk. Uit sy optrede kon gemerk word dat hy nie gekom het om soos die Fariseërs 'n valstrik vir Jesus te stel nie, maar om 'n nood van die hart aan Hom voor te lê. Dit spreek hy uit met die woorde: "Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?"

In sy hart is daar 'n verlange na die sekerheid omtrent die ewige lewe. As getroue onderhouer van die wet dink hy net in terme van iets te doen, 'n prestasie te lewer, ten einde die ewige lewe te verwerf. Die weg wat sy leermeesters, die skrifgeleerdes, hom aangewys het, bring vir hom geen vrede in die hart nie. Daarom stel hy nou aan Jesus die vraag.

In sy antwoord gaan Jesus eers in op die aanspreekvorm wat die jongman gebruik het. Hy het Jesus beleef aangespreek as "Goeie Meester." Hierop vra Jesus: "Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God." Dit sou verkeerd wees om hieruit af te lei dat Jesus hiermee sou verklaar dat Hy self nie "goed" is nie, d.w.s. dat Hy nie volmaak en sondeloos is nie, en dat net God alleen in daardie sin "goed" is. Veeleer gaan dit om die benaming "Goeie Meester." Hierdie naam, is deur die rabbi's soms van Moses gebruik, sodat die jongman daarmee Jesus wou vereer deur Hom met Moses gelyk te stel. Soms is ook God so genoem. Hy alleen is immers volmaak "goed." Dus, as die jongman Jesus so noem, spreek hy Hom aan met 'n benaming wat net vir God gebruik mag word, en is die implikasie dat hy Jesus God noem. Al is dit dat hy Jesus uit eerbied so genoem het, het hy waarskynlik nie aan die volle betekenis van die benaming gedink nie. Daarom wil Jesus hom daarop wys. Hy het aan Jesus 'n naam gegee wat aan God toekom. Maar dan moet hy ook bereid wees om Jesus se woord te aanvaar as komende van God, en moet hy dit onvoorwaardelik gehoorsaam.

Wat sy vraag self betref, sê Jesus dat as hy die lewe wil ingaan hy die gebooie moet onderhou. Op die verdere vraag van die jongman noem Jesus die gebooie van die tweede tafel van die wet, en vat dit saam met die woorde: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself' (Lev. 19:18). Met groot selfversekerdheid verklaar die jongman dat hy al hierdie gebooie van kindsbeen af onderhou het. Hy het dit gedoen soos die Fariseërs hom dit geleer het, en nog niks begryp van die ware betekenis van die gebooie soos Jesus dit in die bergrede vertolk het nie (vgl. § 51). Wat die onderhouding van die wet betref, meen hy dus dat hy aan alles voldoen het. Daarom vra hy: "Wat kom ek nog kort?"

Jesus het waardering gehad vir die erns van die jongman en vir die goeie kwaliteite in sy lewe. Hy het hom liefgekry toe Hy hom so aankyk. Maar Jesus het ook geweet dat hy gebonde was aan homself, die onberispelike onderhouer van die wet, en aan sy rykdom, die bewys van die guns van God. Daarom sê Jesus aan hom: "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My." Dit is nie dat Jesus hiermee 'n algemene reël neerlê wat almal moet volg nie, maar in die geval van die jongman wat aan sy rykdom verslaaf was, was dit die enigste weg. Hy moes leer om volstrek van God afhanklik te word en om Jesus met onverdeelde lojaliteit te volg.

Toe die jongman hierdie woord hoor, het sy gesig uitdrukking gegee aan sy groot teleurstelling. Hy het ook nie verder gepraat nie, maar omgedraai en weggegaan. Die eis van Jesus het beteken dat hy nie net sy rykdom moet prysgee nie, maar ook sy posisie, status en aansien in die samelewing en in die sinagoge. Daarvoor het hy nie kans gesien nie.

Nadat die ryk jongman weggegaan het, sê Jesus aan die dissipels dat dit vir 'n ryk man uiters moeilik is om in die koninkryk van God in te gaan. Dan gebruik Jesus die spreekwoord dat dit makliker is vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryke om in die koninkryk van God in te gaan.

Oor hierdie uitspraak van die Here is die dissipels verslae. Beteken dit dan dat die ryke onmoontlik in die koninkryk kan kom? Nee, sê Jesus, hy kan wel ingaan, maar dan moet rekening gehou word met God. Deur eie onderneming kan dit nie gebeur nie, maar wat by die mense onmoontlik is, is by God moontlik. Hy kan die kameel klein genoeg maak om deur die oog van die naald te gaan, by wyse van spreke.

Petrus neem die woord en wys daarop dat die Twaalf wel alles verlaat het en Jesus nagevolg het. Watter beloning sal daar nou vir hulle wees? Hulle sal darem seker in die koninkryk ingaan? Met groot erns verklaar Jesus dat "in die wedergeboorte," d.w.s. by die vernuwing van alle dinge wanneer die Seun van die mens op sy troon in heerlikheid gaan sit, die Twaalf ook op trone sal sit en die twaalf stamme van Israel, d.i. die nuwe volk van God, sal regeer. Hulle sal 'n aandeel hê in die regeermag van Christus in die messiaanse ryk. Daarom moet hulle weer eens bedink dat elkeen wat hier op aarde sy intiemste familiebande verbreek, en huis en goed prysgee ter wille van die Naam van Christus, honderd maal soveel sal ontvang en daarby die ewige lewe. Maar ook hier geld die woord: "Baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste".

Dit is die geval omdat dit nie gaan om menslike verdienste nie, maar enkel om die genade van God.

**§ 163 Die arbeiders op verskillende ure gehuur (Matt. 20:1-16)**

Die woord oor die eerste wat laaste sal wees en die laaste eerste, was vir die dissipels 'n raaisel wat hulle nie begryp het nie. Daarom gaan Jesus voort om dit nader toe te lig deur 'n gelykenis.

'n Huisheer gaan vroeg in die oggend uit om arbeiders te huur om in sy wingerd te werk. Hy vind 'n aantal manne en kom met hulle ooreen oor die loon. Hulle sou 'n penning op 'n dag ontvang Die werkdag strek van ses-uur in die môre tot ses in die aand.
Teen nege-uur gaan die huisheer uit en vind 'n paar arbeiders wat op die mark staan. Hy stuur hulle ook om in die wingerd te gaan werk, en belowe om "wat reg is" aan hulle te betaal. Dit blyk egter dat hy nog meer arbeiders in die wingerd nodig gehad het. Om twaalf-uur en drie-uur vind hy meer manne en stuur hulle ook na die wingerd. Teen vyf-uur kom hy weer by die mark en vind 'n aantal manne daar sonder werk rondstaan. Ook hulle stuur hy na die wingerd met die toesegging: "Wat reg is, sal julle ontvang".
Toe die werkdag om was, gee die huisheer opdrag aan sy opsigter om die lone uit te betaal, maar hy moes by die laastes begin tot by die eerstes. Die wat net 'n uur gewerk het, kom toe eerste en ontvang elkeen 'n penning. Al die ander kry ook net 'n penning, ongeag hoe lank hulle gewerk het. Toe die eerstes hulle penning ontvang, was hulle ontevrede. Hulle wys daarop dat hulle die hele dag gewerk en die hitte verduur het, en nou ontvang hulle niks meer as die wat net 'n uur gewerk het nie.
Vriendelik maar beslis wys die huisheer daarop dat geen onreg begaan is nie. Daar is ooreengekom met die eerstes dat hulle 'n penning op 'n dag sou ontvang, en dit het hulle ook gekry. Wat die ander betref, staan dit tog die huisheer vry om hulle te vergoed soos hyself besluit. Dit is tog sy eie geld wat hy besig is om aan lone uit te betaal. Daarom is die ontevredenheid by die eerste gehuurdes volkome misplaas, en getuig dit veeleer van 'n oog wat verkeerd is.
Aan die begin van die gelykenis het Jesus gesê: So is die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer en sy wingerd. Vir almal wat die geleentheid kry om in hierdie wingerd te werk, is die beloning gelyk en bowendien 'n vrye guns van die huisheer. Ons kan sê dat God (die huisheer) aan almal die ewige lewe ('n penning) skenk. Van verdienste is hier geen sprake nie, en ook nie van hoe lank iemand in die wingerd gewerk het nie. Juis daarom mag hier ook geen afguns of jaloesie voorkom nie.
Die optrede van diegene wat die eerstes was in die wingerd, toe hulle die beloofde beloning ontvang, openbaar hulle gesindheid. Hulle het die voorreg gehad om die hele dag te werk, maar het dit gedoen met die oog op die beloning, en ook daarop begin reken dat hulle meer behoort te kry as die ander wat eers later begin werk het. Hierdie afguns en hulle gekreun onder die "las van die dag en die hitte" bewys dat daar by hulle geen vreugde in die arbeid was nie. Hulle het eintlik vir hulself gewerk om soveel wins te behaal as wat hulle kon. Daarom beskou hulle hulself as veronreg, selfs wanneer hulle die loon ontvang wat aan die begin aan hulle toegesê is. Hierdie gesindheid van afguns en selfsugtigheid, en die gesoek na selfbevoordeling, maak dat hulle die laastes word in die koninkryk van God. Die Here soek diegene wat met 'n volkome hart hulle toewy aan die dienswerk wat aan hulle opgedra is, en met blye dankbaarheid die loon uit die hand van die hemelse Huisheer ontvang. As hierdie gesindheid by die laaste gevind word, sal hulle die eerste wees, al het hulle net 'n heel kort werkgeleentheid in die wingerd gehad.

**§ 164 Die derde (laaste) lydensaankondiging (Matt. 20:17-19; Mark. 10:32-34; Luk. 18:31-34)**

Toe die reisgeselskap al naby die Jordaandrif gekom het waar hulle sou oorgaan om by Jérigo te kom, het 'n heilige onrus oor Jesus gekom. Hy het haastig geword en met beslistheid in sy houding voor die ander uit begin stap. Hulle was verbaas oor sy gedrag en tegelyk het 'n onverklaarbare vrees oor hulle gekom. Dit was asof hulle 'n groot onheil tegemoetgaan.
Jesus roep toe die Twaalf bymekaar en begin hulle vertel van die dinge wat met Hom sou gebeur. In die loop van sy prediking was daar meermale toespelinge op sy lyding (bv. Matt. 9:15; Luk. 9:44; 17:25), en twee maal het Hy sy dood aangekondig met vermelding van enkele besonderhede (vgl. §§ 99, 104). Nou, nie meer so baie ver van Jerusalem af nie, praat die Here vir die derde keer oor die aanstaande lyding en vertel Hy aan die verbaasde dissipels meer besonderhede. Alles is vooruit aan Hom bekend.
Aan die dissipels verduidelik Hy dat hulle op weg is na Jerusalem waar alles wat die profete aangaande die Seun van die mens voorspel het, in vervulling sal gaan. Hier het Hy seker veral na Jes. 53 verwys waar die weg van smarte van die lydende Kneg van die Here beskryf word. In Jerusalem sou die Seun van die mens oorgelewer word aan die owerpriesters en skrifgeleerdes - d.i. juis diegene wat die profesieë behoort te ken - en hulle sal Hom tot die dood

veroordeel. Dan sal hulle Hom oorgee aan die heidene wat Hom sal bespot, mishandel, bespuug, gésel en daarna kruisig. Aan die kruis sal Hy sterf. Maar op die derde dag sal Hy weer opgewek word.

Hierdie besonderhede is vir die dissipels so verbysterend dat hulle dit nie kan begryp nie. Ook die woord oor die opstanding wat 'n aankondiging van oorwinning is, gaan by hulle verby. Hulle het nog steeds uitgesien na die dag wanneer Jesus die aardse ryk van Dawid weer sou oprig. Daarom het hulle uitgesien na sy verheerliking as Koning. Nou kom die woord van die kruis. Daarvan begryp hulle niks nie en tog vul 'n groot vrees hul harte.

**§ 165 Die versoek van die seuns van Sebedéüs (Matt. 20:20-28; Mark. 10:35-45; vgl. Luk. 22:24-27)**

Die seuns van Sebedéüs, Jakobus en Johannes, het die moontlike toekomstige gebeurtenisse, sover hulle daar iets van begryp het, bespreek. Hulle het ook hul moeder, Salomé (Mark. 16:1), wat saamgereis het, in die saak geken. Een ding staan vir hulle vas, naamlik, dat Jesus wel sy koninkryk gaan oprig en dat dit 'n heerlike koninkryk sal wees. Hulle het ook die indruk dat dit nie van hierdie wêreld sal wees nie, maar van die hemel. Verder meen hulle dat hulle so innig met Jesus verbonde is - saam met Petrus was hulle die drie vertrouelinge - dat hulle aanspraak kan maak op die twee ereplekke naas die troon in die aanstaande koninkryk. Daar is by hulle 'n begeerte om die ander voor te wees en om selfs Petrus uit te skakel. Dit is nie sonder rede dat hulle "seuns van die donder" (= Boanerges, Mark. 3:17) genoem word nie. Hulle is manne van inisiatief en aksie. Dit bewys hulle ook nou. Hulle moeder, die trotse moeder, deel hul sienswyse en is bereid om hul voorspraak te wees.

Saam gaan die drie na Jesus en kniel eerbiedig voor Hom. Salomé stel haar versoek dat haar twee seun in die koninkryk aan die regter- en aan die linkerhand van die Here mag sit. Geduldig antwoord Jesus. Hy wys daarop dat hulle nie besef wat hulle vra nie. Bowendien kan niemand deel hê aan die heerlikheid van die koninkryk sonder dat hy eers deel gehad het in die lyding ter wille van die koninkryk nie. Aan die twee dissipels vra Hy of hulle kans sien om die drinkbeker van lyding te drink wat Hy moet drink, en of hulle gedoop sal kan word met die doop wat Hy deur sy sterwe moet ondergaan. Hierop antwoord hulle bevestigend.

Jesus kyk die twee broers aan. Hy weet wat vir hulle voorlê. Jakobus sal in Jerusalem deur die swaard gedood word (Hand. 12:2) en Johannes sal na Patmos verban word (Openb. 1:9). Hulle sal dus wel die drinkbeker van die Here drink en met sy doop gedoop word, maar hulle versoek kan nietemin nie toegestaan word nie. Dit berus by God om die plekke van eer toe te wys aan persone wat Hy daartoe waardig ag. In sy ewige raad staan hierdie toewysing vas. Die twee broers en Salomé aanvaar die uitspraak van Jesus, maar hulle het stellig beskaamd gevoel toe hulle die ander tien dissipels weer in die oë moes kyk. Die ander verberg ook nie hulle verontwaardiging nie. Jesus roep hulle egter saam om weer eens te praat oor die "groot wees" in die koninkryk van God (vgl. § 106). Hy wys daarop dat in 'n wêreldse koninkryk die een wat met geweld mag uitoefen en oor die ander heers, gereken word as groot. Só moet dit egter onder die dissipels nie wees nie. In die koninkryk van die hemele is dit anders. Daar is die een wat almal se dienaar is, die grote; en hy wat vir almal 'n slaaf is, is die eerste. Hierin stel die Seun van die mens self die voorbeeld. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Sy dienslewering gaan tot die uiterste toe. Hy gee selfs sy lewe as 'n losprys vir baie.

Daarmee het Jesus die grondbeginsel van die etiek van die koninkryk van God neergelê. Verder het Hy vir die eerste keer 'n uitspraak gedoen wat die betekenis van sy lyding en sterwe, soos Hy dit kort tevore aangekondig het (§ 164), aandui. Dit geskied in 'n plaasvervangende hoedanigheid. Sy lyding is 'n losprys wat betaal word vir die bevryding van baie wat in gevangenskap van sonde verkeer. Eers later sou die dissipels hierdie woord beter begryp.

**§ 166 Die blindes by Jérigo (Matt. 20:29-34; Mark. 10:46-52; Luk. 18:35-43)**

Die feesgangers, met Jesus vooraan gevolg deur sy dissipels, bereik Jérigo. Hulle het die Jordaan oorgesteek en sien nou die pragtige stad voor hulle lê. Jérigo, geleë in die Jordaandal, was bekend vir sy waterbronne, sy mooi tuine en sy heerlike winterklimaat. Die groot verkeersweë van die Ooste na Jerusalem het deur die stad geloop. Dit het die handel bevorder, maar ook die bedelary. Toe Jesus en sy geselskap die stad bereik, het 'n paar blinde bedelaars hulle ingewag.

Die berigte van die drie Evangelies omtrent die genesing van blindes in Jérigo verskil op twee punte. Matthéüs vertel van twee blindes; Markus en Lukas praat van een, en Markus noem 'n naam, Bartiméüs. Verder vertel Lukas dat die gebeurtenis by die ingang van die stad

plaasgevind het, terwyl Matthéüs en Markus sê dit was toe Jesus die stad uitgegaan het. Die hoofsaak is egter dat al drie Evangelies getuig van die genesing van 'n blinde by Jérigo. Op grond van Matthéüs neem ons aan dat dit in werklikheid twee blindes was, waarvan die een, Bartiméüs, as woordvoerder op die voorgrond getree het.

Toe die blindes langs die pad sit, hoor hulle die menigte mense nader kom. Dit was iets ongewoons omdat die mense klaarblyklik opgewonde was. Moontlik het die inwoners van die stad gehoor van die koms van Jesus en uit die huise gekom om Hom te sien. Op 'n vraag van die blindes word aan hulle vertel: "Jesus die Nasaréner gaan verby".

Die blindes het geweet wie met hierdie benaming aangedui word. Hulle het reeds gehoor van die wondere wat Hy doen, en van die verwagting dat Hy die Messias is. Daarom besef hulle dat 'n geleentheid vir genesing vir hulle aangebreek het en dat hulle dit moet benut. Hulle roep uit: "Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid! " Onmiddellik is daar mense wat die blindes stilmaak. Waarom dring hulle hulle op aan Jesus? Waarom wil hulle, die bedelaars, ook in die geselskap wees? So word hulle bestraf. Maar hulle laat hulle nie stilmaak nie. Hulle soek genesing en weet dat Jesus dit kan skenk. Daarom hou hulle aan om sy aandag te probeer trek.

Hulle roep nie tevergeefs nie. Jesus gaan staan en laat hulle roep. Die houding van die skare word dadelik meer simpatiek teenoor die blindes wat in opgewondenheid selfs die bo-kleed laat lê, en na Jesus gelei word. Aan hulle vra Jesus wat hulle van Hom verlang. Dringend, smekend antwoord hulle: "Here, dat ons oë geopen mag word." Daarop raak Hy hulle oë aan terwyl dit uit sy optrede blyk hoe innig jammer Hy hulle kry. Dan sê Hy: "Gaan, julle geloof het julle gered." Op daardie moment word die blinde oë siende, en in groot dankbaarheid sluit hierdie manne by Jesus aan om Hom te volg.

### § 167 Saggéüs die tollenaar (Luk. 19:1-10)

Lukas vertel 'n besonder treffende geskiedenis wat in Jérigo plaasgevind het. Daar het 'n tollenaar, Saggéüs (= die regverdige, die reine) gewoon en geleentheid gehad om hom te verryk langs die besige handelsweg. Hy het ook van Jesus gehoor wat by geleentheid genoem is 'n vriend van tollenaars en sondaars (Matt. 11:19), en in sy verstotenheid het hy verlang om met Hom in aanraking te kom. Dusver het hy daartoe nie die geleentheid gekry nie en noudat hy hoor dat Jesus deur die stad gaan, huiwer hy om Hom te gaan aanspreek. Tog gaan hy uit op straat in die hoop dat hy ten minste Jesus se gesig sal kan sien. Die straat is egter oorvol nuusgierige mense en Saggéüs is maar 'n kort man, sodat hy nie oor die ander heen kan kyk nie. Hy is egter vasberade om Jesus te sien en loop daarom verder die straat op waar 'n groot vyeboom staan. Sonder om 'n oomblik te dink aan watter figuur hy slaan, klim hy in die boom en wag op Jesus se koms.

Toe Jesus onder die boom kom, gaan Hy staan, kyk op en sê: "Saggéüs, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis bly." In groot opgewondenheid kom die tollenaar af uit die boom en begelei Jesus na sy weelderige woning, waar hy Jesus met groot vreugde ontvang. Hoewel dit nie vertel word nie, kan ons aanneem dat Saggéüs onmiddellik 'n maaltyd laat voorberei het vir die gaste.

In Jérigo het Saggéüs nie 'n goeie naam gehad nie. Die feit dat hy tollenaar was, het hom vanselfsprekend verag gemaak in die oë van sy volksgenote, en daarby het hulle hom geken as 'n sondige man. Almal vind dit dus vreemd van Jesus dat Hy by so 'n man tuisgaan en hulle spreek hulle ontevredenheid hieroor onder mekaar uit. Saggéüs moes die bytende opmerkings gehoor het, en ook Jesus. Maar van die onvriendelikhede neem hulle geen notisie nie. Saggéüs is vol blydskap omdat Jesus hom waardig geag het om in sy huis te kom. Hy voel in sy hart dat dit die begin is van 'n nuwe lewe waarin Jesus die hoogste seggenskap het. Sy aardse belange is voortaan ondergeskik aan sy toewyding aan Jesus. Meteens staan Saggéüs op en kom eerbiedig voor Jesus staan. Dan verklaar hy: "Here, kyk, die helfte van my goed gee ek aan die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." Noudat hy Jesus gevind het, is die band met sy aardse besittings verbreek en het sy hart oopgegaan vir sy medemens.

Met ontroering verklaar Jesus: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is." Nie net die huisvader is gered nie, maar sy hele gesin. Hulle almal is erfgename van die verbondsbeloftes wat God aan Abraham toegesê het. Die Jode het wel die tollenaars uitgesluit uit hulle gemeenskap en nie langer beskou as kinders van Abraham nie. Maar nou kom dit aan die lig wie die ware kinders van Abraham is. Dit is mense soos hierdie tollenaar en sy gesin, omdat hulle Jesus, die vervuller van die beloftes,

aanvaar het.
In teenstelling met die ryk jongman (vgl. § 162) het Saggéüs, die ryk man, ingegaan in die koninkryk van die hemele. Die verskil is daarin geleë dat die ryk jongman wel die ewige lewe wou verkry maar nie wou aanvaar dat hy, die onderhouer van die wet, verlore was nie, terwyl die tollenaar besef het dat hy 'n sondige man en daarom verlore was. Dan werp hy hom sonder terughouding op Jesus en hy vind redding.
Daarmee is die woord van Jesus bevestig: "Die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was." (vgl. Matt. 18:11, en § 40).

**§ 168 Die gelykenis van die ponde (Luk. 19:11-27, vgl. Matt. 25:14-30)**

Toe die feesgangers Jérigo verlaat op die laaste lang skof van hulle reis, het twee dinge hulle gedagtes oorheers: hulle was baie naby Jerusalem, en hulle verwag dat Jesus daar die koninkryk van God onmiddellik sou laat verskyn. In hierdie omstandighede het dit vir Jesus nodig geword om sy volgelinge te laat begryp dat die gebeurtenisse in Jerusalem en die verskyning van die koninkryk van God wel met mekaar in verband staan, maar tog in die tyd ver van mekaar geskei is. Tussen die twee is daar 'n lank tussentyd waarin 'n groot verantwoordelikheid aan die volgelinge van die Here toevertrou is. Om dit duidelik te stel, vertel Jesus die gelykenis van die ponde.
'n Man van hoë geboorte het na 'n ver land gereis om vir homself 'n koningskap te aanvaar en dan terug te kom. Aan sy tien diensknegte gee hy tien ponde waarmee hulle moet handel dryf totdat hy kom. Sy medeburgers het hom gehaat en stuur 'n gesantskap agterna om te sê dat hulle hom nie as koning wil hê nie. Nietemin ontvang hy die koningskap en kom dan terug om van sy diensknegte rekenskap te eis.
Die eerste dienskneg doen verslag en lewer tien ponde as wins van die een pond. Hy word geprys omdat hy oor die minste getrou was, en word oor tien stede aangestel. Die volgende dienskneg lewer vyf ponde wat die een pond verdien het. Ook hy word beloon met 'n aanstelling oor vyf stede. Eindelik kom 'n dienskneg met net die een pond wat hy ontvang het. Hy het dit in 'n doek gebêre en versuim om daarmee handel te dryf. Sy rede is dat hy die heer ken as 'n moeilike man wat meer wil terug ontvang as wat hy uitbestee het. Só iemand wou die dienskneg nie verryk nie, en daarom het hy die pond in die doek weggesit om dit net so weer terug te besorg. Hierop word hy skerp aangespreek. Hy kon ten minste die pond by wisselaars belê het sodat dit rente kon lewer. Aan die ander wat daar staan, word bevel gegee om die pond van hom weg te neem en aan die een te gee wat tien het. Wanneer daar beswaar kom dat hy tog reeds tien het, sê die heer: "Aan elkeen wat het, sal gegee word, maar van hom wat nie het nie, sal weggeneem word ook wat hy het".
Daarna word bevel gegee dat al die medeburgers wat nie wou hê dat die man van hoë geboorte koning moet word nie, gevange geneem en daar doodgeslaan moet word.
In die gelykenis is daar 'n verwysing na iets wat in die geskiedenis van Judéa werklik gebeur het. Na die dood van Herodes die Grote (4 v.C.) het sy seun Archeláüs na Rome gereis om van die keiser die koningskap te ontvang. Die Jode het toe 'n gesantskap agterna gestuur om die keiser te verwittig dat hulle Archeláüs nie as koning wou hê nie. Dit het niks gebaat nie omdat hy tog aangestel is (vgl. § 3(c)). Die Jode van Jesus se tyd onthou die geval nog goed.
Daardie gebeurtenis is 'n beeld van wat met Jesus self moet gebeur. Hy is die Man van hoë geboorte. In Jerusalem sal hy afskeid neem van sy volgelinge, sy diensknegte, en na 'n ver land reis om die koningskap te aanvaar. Dit geskied deur sy dood, opstanding en hemelvaart. Dan kom sy medeburgers, die Jode, teen Hom in verset omdat hulle Hom nie as Koning wil hê nie. Tog word die koningskap aan Hom toevertrou en by die voleinding keer Hy terug. Dan sal Hy teen sy vyande optree en hulle vernietig. En wat sy diensknegte betref, aan hulle word 'n groot verantwoordelikheid toevertrou. Elkeen ontvang 'n pond waarmee hy moet handel dryf. Aan hulle is die evangelie van die koninkryk toevertrou waarmee hulle wins moet bedryf in belang van die Man van hoë geboorte. Wanneer die Koning terugkeer, kom Hy rekenskap eis. Die getroues sal ryklik beloon en die ontroues gestraf word.
Hieruit moes die dissipels begryp dat die aankoms in Jerusalem nie die verskyning van die koninkryk sal beteken nie, maar die afskeid van Jesus om van hulle weg te gaan. Dan volg 'n tydperk waarin hulle aan hulself oorgelaat sal word om met die toevertroude pond handel te dryf. Aan die einde van die tyd sal Jesus weer as Koning en Regter in heerlikheid verskyn.

Nadat Jesus dit alles gesê het, het Hy vasberade voor hulle uitgeloop op pad na Jerusalem.

**§ 169 Aankoms in Betánië (Joh. 12:1)**

Die gebeurtenisse in die laaste week van Jesus se omwandelinge word deur die vier Evangelies besonder volledig beskryf. Dit is moontlik om met redelike sekerheid vas te stel wat op elke dag van daardie week plaasgevind het. Dit was volgens berekening op 'n Donderdag dat Jesus in Jérigo aangekom het. Toe Hy aan Saggéüs gesê het: "Ek moet vandag in jou huis bly." het Hy seker bedoel dat Hy die nag daar sou oorbly. Dit beteken dat Hy vroeg op die Vrydagoggend die reis na Jerusalem voortgesit het.

Teen hierdie tyd het die getal feesgangers aangegroei tot 'n groot skare. Langsaam beweeg hulle voort op die smal pad wat berg-op kronkel uit die Jordaandal na die hoogland van Judéa. Vooraan loop Jesus met sy dissipels, gevolg deur die lang optog van feesgangers. Dit is die eerste keer dat Jesus op hierdie wyse die feesgangers voorgaan na die heilige stad. Die gebeurtenis laat in die harte van almal die verwagting posvat dat die koninkryk van Dawid nou herstel sal word. Gewoonlik heers daar 'n opgewekte stemming onder diegene wat opgaan na die Paasfees en word heelwat uit die bedevaarts-psalms gesing (Pss. 120-134). By hierdie besondere geleentheid het die feesstemming hoog geloop, en is daar op allerlei wyse uiting gegee aan die vreugde van 'n volk wat meen dat sy lang-gekoesterde hoop op die punt staan om vervul te word.

Teen die aand kom hulle aan die oostekant van die Olyfberg. Jesus en sy dissipels gaan na Betánië waar Lasarus en sy susters woon. Daar sou Hy tuisgaan. Die feesgangers gaan verder, eers na Betfagé waar hulle gewoonlik halt maak om te was en hulself te reinig met die oog op die ingaan in die stad. Elkeen moet omsien na sy eie huisvesting in of naby die stad.

Jesus neem sy intrek by sy goeie vriende in Betánië. By die aandskemer breek die Sabbat aan en alles kom tot rus. Hy sou 'n rustige Sabbat in die kring van sy vriende deurbring. Die volgende Sabbat sou Hy in die graf wees.

## XVII. DIE LAASTE WERKSAAMHEID IN JERUSALEM

### § 170 Die intog in Jerusalem (Matt. 21:1-11; Mark. 11:1-11; Luk. 19:28-44; Joh. 12:12-19)

Die Sabbat het Jesus in Betánië deurgebring. Op die môre van die eerste dag van die week, die Sondag, sou Hy die stad binnegaan. Reeds vroeg begin die skares saamtrek. Feesgangers wat in die omgewing oornag het, kom byeen omdat hulle weet dat Jesus op daardie dag Jerusalem sou binnegaan. Hulle is vol verwagting.

Jesus en sy dissipels verlaat Betánië en volg die pad wat regoor die berg loop. Toe Betfagé in die gesig kom, stuur Hy twee van sy dissipels vooruit met die opdrag om 'n eselin met 'n jong vul, wat vasgemaak staan, los te maak en vir Hom te bring. Indien die eienaar sou vra waarom hulle dit doen, moes hulle net antwoord dat die Meester die dier nodig het. Die dissipels gaan toe en vind alles net soos Jesus gesê het. Die eienaar het Jesus blykbaar geken en laat hulle toe om die eselin en vul weg te neem.

Toe hulle by Hom kom, sit hulle 'n kleed oor die vul waarop niemand nog gery het nie, en Jesus gaan op die vul sit. Gedwee dra die dier Hom op pad na Jerusalem. Die skare het uitbundig van vreugde geword. Hulle gooi hulle klere op die pad, en ook takke van bome en allerhande groenigheid. Met palmtakke word gewuif onderwyl hulle singend voortgaan. In die stad self was daar baie wat gehoor het van Jesus se aankoms, en hulle het uitgegaan om Hom feestelik binne te haal.

Toe die skare Hom stil en waardig op die esel sien ry, het hulle besef dat die profetiese woord van Sagaría in vervulling gaan: "Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel - op 'n jong esel, die vul van 'n eselin" (Sag. 9:9). Jesus was werklik die verwagte Koning, en Hy ry die stad binne presies soos die profeet voorspel het. In nederigheid kom Hy maar vir Israel is dit die groot dag van vervulling. Daarom juig die volk en is hulle verheug, net soos die profeet gesê het.

Dat Jesus op 'n esel ry, en nie op 'n perd nie, is in ooreenstemming met die profesie, en ook met die tradisie van Israel. Die esel was van die oudheid af die gewone rydier in Palestina, waar die esel beter geaard het as die perd. Eers in die tyd van Salomo is perde ingevoer, meestal van Egipte (vgl. 1 Kon. 10:26 e.v.), sodat die perd nie die egte inheemse rydier was nie en altyd aan sy herkoms uit heidense lande laat dink het. Ook was die perd met sy swier en vuur en krag by uitnemendheid die rydier van die oorlog. Daarteenoor was die esel - eenvoudig, kalm, klein en nederig, - die dier van die vrede. As Jesus op die esel die stad binnegaan, betuig Hy daarmee dat Hy voortkom uit die suiwer agtergrond van Israel sonder bymenging van heidense invloede, en dat Hy nie vir oorlog kom nie maar vir vrede. Hy is wel die Koning, maar sonder magsvertoon of voorneme van geweld. Die volk moet uit sy optrede begryp dat Hy nie met politieke voornemens na Jerusalem kom nie, maar as Koning van 'n ryk wat nie van hierdie wêreld is nie.

Dit is van betekenis in hierdie verband dat Hy op 'n vul ry waarop geen mens nog gery het nie. Volgens die wet van Moses moes die dier wat aan God gewy word, sonder gebrek wees en een wat nog nooit 'n juk gedra het nie (vgl. Num. 19:2 e.a.). Aan hierdie voorskrif het die vul voldoen. Deur as rydier vir Jesus te dien, was die vul aan God gewy om 'n dienswerk van God uit te voer. Ook deur hierdie besonderheid word geopenbaar dat Jesus in die Naam van God die stad binnegaan.

Toe die optog die rug van die Olyfberg oorgaan, kom die stad vol in die gesig. In al sy glorie strek dit hom uit in die helder lig van die môreson. Reg voor die skare staan die tempel in sy oorweldigende grootsheid en prag. Wanneer die skare dit alles sien, gaan 'n spontane gejuig opnuut op. Eers is dit stemme deurmekaar, maar dan kom daar samestemming en met groot krag word die woorde hoorbaar:

"Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Geseënd is die koninkryk wat kom in die Naam van die Here, die koninkryk van ons vader Dawid!
Hosanna in die hoogste hemele! "

Die woorde is vir 'n deel ontleen aan Ps. 118 (vs. 25-26) wat by die Paasfees dikwels gesing word. Hosanna (= gee tog heil, vs. 25) was die gebruiklike welkomsgroet vir die feesgangers wanneer hulle by Jerusalem aankom. Maar nou dat dit by die aankoms van Jesus uitgeroep word, kry dit weer sy diepe geestelike betekenis. Die Here sou werklik heil gee deur Hom, die Geseënde, wat kom in die Naam van die Here. Maar dit

sou anders wees as wat die Jode verwag het. Hy sou die vervulling bring van die belofte aan Dawid, maar die oprigting van die koninkryk van Dawid sou nie in die politieke sin geskied soos die volk gemeen het nie.

Jesus laat Hom die hulde van die volk welgeval. Hy kom daadwerklik as die Koning van Israel (vgl. Joh. 12:13). Daarom sal die Joodse Raad later voor Pilatus Hom kan aanwys as die Koning, maar omdat hulle die geestelike karakter van die koninkryk van die hemele nie begryp het nie, voeg hulle die valse beskuldiging daaraan toe dat Hy Hom teen die keiser verset.

Die juigende optog gaan berg af na die Kedronvallei. Die Fariseërs onder die skare was erg ontstem oor alles wat gaande was. Hulle spreek Jesus aan en wil hê dat Hy sy uitbundige dissipels tot orde moet roep. Hierop antwoord Hy: "Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep." En tog swyg die Fariseërs in die verhardheid van hul harte; maar onder mekaar hou hulle bietjie raad. Hulle het vroeër die volk teen Jesus probeer opsweep en ook gevra dat enigiemand wat Hom in Jerusalem sien, dit moes bekend maak sodat hulle stappe kon doen om Hom uit die weg te ruim. Maar nou het die volksgevoel weer heeltemal geswenk ten gunste van Jesus. Teleurgesteld en vol bitterheid sê hulle vir mekaar: "Sien julle dat julle niks vorder nie? Kyk, die hele wêreld loop agter Hom aan" (Joh. 12:19).

Toe hulle die Kedron bereik het en opkyk na die indrukwekkende stadsmure en die hoë tempelgebou, het Jesus diep ontroerd geword en te midde van die juigende skare het Hy meteens smartlik begin ween.

By 'n vorige geleentheid het Hy uiting gegee aan sy teleurstelling oor Jerusalem wat nie tot inkeer wou kom nie, al wou Hy haar kinders vergader soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke byeenbring (vgl. § 142). Met 'n profetiese blik sien Hy nou die toekomstige verwoesting van Jerusalem, en Hy ween oor die stad. Dan spreek Hy 'n woord van oordeel uit oor Jerusalem: "As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie." (Luk. 19:41-44).

Op hierdie ontsettende woorde slaan niemand ag nie. Met groot geesdrif lei die duisende hulle Koning die stad binne. Nuusgieriges verdring mekaar in die nou straat wat na die tempel lei. Sommige begryp nie wat gaande is nie en het blykbaar van Jesus nog nie gehoor nie. As hulle navraag doen, word geantwoord: "Dit is Jesus, die profeet, van Násaret in Galilea" (Matt. 21:11). Die vorige bedenking dat daar uit Násaret geen profeet kan kom nie, bestaan nou nie meer nie (vgl. Joh. 7:52; § 122).

Die Romeinse owerheid wat waak oor die vrede van die stad moes kennis geneem het van die oorsaak van die groot rumoer in die stad. Hulle het die uitroepe gehoor van die Koning wat kom, maar toe hulle Hom op die esel sien ry, het hulle geen rede gevind om in te gryp nie. So 'n Koning was vir die magtige Romeinse Ryk geen bedreiging nie, - altans geen militêre of staatkundige bedreiging nie.

Toe hulle die tempel bereik, het die opgewondenheid en spanning 'n hoogtepunt bereik. Almal het verwag dat Jesus hier 'n aankondiging sou doen dat Hy die Koningskap aanvaar. En dan sou dinge begin gebeur! Die duisende stroom oor die tempelplein en vul elke ruimte in die voorhof. Swygend tree Jesus die heiligdom binne. Langsaam beweeg Hy tussen die mense deur en bekyk alles. Na 'n tydjie verlaat Hy en die dissipels weer die tempel, en gaan terug na Betánië. 'n Verbaasde en teleurgestelde skare vertoef nog 'n tydjie by die tempel en begin dan uiteengaan. Wat hulle verwag het, het nie gebeur nie. Maar miskien gebeur daar in die komende dae tog wel iets.

**§ 171 Die vervloeking van die vyeboom (Matt. 21:18-22; Mark. 11:12-14; 20-26)**

Na die nag in Betánië gaan Jesus vroeg die volgende oggend (Maandag) weer na die tempel. Nie ver van die pad af nie sien Hy 'n mooi vyeboom vol blare staan en Hy gaan daarheen in die verwagting dat Hy vye sal vind.

Dit was nog vroeg in die lente, en eintlik nie die tyd vir vye nie, maar aan die warm oostelike helling van die Olyfberg het die bome vroeër gebot. Die vyeboom, wat sy blad in die winter verloor, vorm in die lente eers die jong vruggies en kry daarna sy nuwe blare. As die boom vol blare staan, kan daar 'n redelike verwagting wees dat daar vrug aan is. Dit het

in Palestina ook voorgekom dat die vyeboom tot laat in die herfs jong vruggies vorm wat dan deur die winter aan die boom bly en baie vroeg ryp word in die lente. Al was dit dus eintlik nog nie die vyetyd (Mei - Junie) nie, sou daar aan 'n goeie boom met 'n volle blaredrag wel iets te eet gevind kon word.

Toe Jesus by die boom kom, vind Hy niks as net blare. Blykbaar was daar nie eens jong vye aan nie. Dan tree Hy terug en spreek 'n ontsettende vervloeking uit oor die boom: "Laat niemand ooit in der ewigheid van jou ˈn vrug eet nie!" Op hierdie woord het die vyeboom onmiddellik begin verdor. Die volgende môre toe hulle weer daarlangs verbygaan, wys Petrus daarop dat die vyeboom tot in sy wortels verdor is.

Hierdie optrede van Jesus het 'n simboliese betekenis. Die vyeboom is hier die beeld van die Joodse volk wat besonder bevoorreg was en deur God baie geleentheid gegun is om vrug te dra (vgl. § 138, ook Hos. 9:10, 16), maar wat dit nie gedoen het nie. Hulle was baie godsdienstig en het na buite die skyn gegee van geregtigheid, maar dit alles was soos die blaredrag van die vyeboom wat in die werklikheid sy onvrugbaarheid verberg het. Alles was uiterlike vertoon sonder die innerlike vrug van godsaligheid. Daarom sal die volk deur die vloek van God getref word.

Die dissipels was uiters verbaas oor die optrede van Jesus. Hy het in die verlede wel skerp woorde teen sy teenstanders uitgespreek, maar 'n vervloeking soos nou het hulle van sy lippe nog nie gehoor nie. Hulle was ook daarvan getuies dat sy woord van genesing en seën onmiddellik vervul word. Nou sien hulle dat sy woord van vervloeking net so magtig is. Ook die vloek gaan onmiddellik in vervulling.

So verwonderd is hulle hieroor dat Petrus die volgende oggend by die vyeboom op hierdie feit wys. Daarby knoop Jesus aan om sy dissipels nog eens te wys op die krag van die geloof. Deur die geloof in God, die Godsvertroue, gaan die woord in vervulling, tot seën of tot vervloeking. As die dissipels volkome geloof in God het, sou hulle selfs die menslik onmoontlike van God kan vra en Hy sal dit skenk. Maar naas die geloof is daar nog 'n ander vereiste: Eers moet die oortredinge van die medemens teen ons vergewe word. As ons nie vergewe nie, kan ons nie van die Vader in die hemel vergifnis en verhoring verwag nie (vgl. Matt. 6:14-15).

**§ 172 Die reiniging van die tempel (Matt. 21:10-17; Mark. 11:15-19; Luk. 19:45-48; Joh. 2:13-25)**

By hul aankoms in die tempel vind Jesus en die dissipels 'n groot bedrywigheid daar. Van gewyde stilte was daar geen sprake nie. Die voorhof van die heidene was 'n drukke sakesentrum waar gekoop en verkoop word, en die koopware luidkeels aangeprys word om moontlike kopers aan te lok. Daar is 'n lewendige handel in offerdiere; duiweverkopers sit op hoë stoele naas hulle duiwehokke; geldwisselaars agter tafels is besig om muntstukke te sorteer en te tel. Oral is feesgangers wat deur argument 'n transaksie bietjie goedkoper probeer beklink.

Wat hier aan die gang was, geskied met die goedkeuring van die hoëpriester en die medewerking van die Joodse Raad. Die voorwendsel is dat 'n diens gelewer word aan die feesgangers. Die mense wat van ver kom, kan beswaarlik ˈn offerdier met hulle saambring. Die priesters het bowendien 'n hele reeks eise gestel waaraan 'n dier moet voldoen om geskik bevind te word vir 'n offer. Dit kon gevolglik gebeur dat 'n dier wat van huis af saamgebring is, deur die priester afgekeur word. Daarom was dit veiliger en geriefliker om 'n gekeurde dier by die tempel te koop. Vir dié doel was die handelaars met hulle beeste en skape daar. En hulle pryse was natuurlik in die verkoper se guns. Die armes kon dit nie bekostig om 'n offerdier te koop nie en is toegelaat om duiwe in die plek van 'n bees of 'n skaap aan te bied. Daar was dus 'n groot aanvraag vir duiwe aangesien die meeste mense arm was. Die duiweverkopers het egter gesorg vir goeie winste.

Die geldwisselaars was nog die bedrywigste van almal. Die wet het voorgeskryf dat elke volwasse Jood 'n halfsikkel jaarliks aan tempelbelasting moes betaal. By een van die hooffeeste, maar liefs by Paasfees, moet hy dit by die tempel kom inbetaal. As hy daardie jaar nie by die Paasfees kom nie, kon hy dit aan 'n plaaslike belastinggaarder inbetaal. Juis die vorige jaar is Jesus deur die belastinggaarder in Kapérnaüm aangespreek en het Hy deur 'n wonderwerk vir Homself en Petrus die vereiste geldstuk voorsien (vgl. § 105). Dit is verder bepaal dat die tempelbelasting met "heilige" geld betaal moes word. Die Romeinse en ander muntstukke wat in Palestina gebruik is, het die afbeelding van die

keiser of van 'n heidense godheid daarop gehad en is as "onrein" beskou. Vir die betaling van die tempelbelasting moes die egte Joodse sikkel gebruik word. Hierdie munte het skaars geword. Die wisselaars het egter gesorg dat hulle 'n voorraad in hande kry en dan kon die feesgangers by hulle dit uitruil vir heidense geld, natuurlik teen betaling van 'n behoorlike kommissie.

Toe Jesus al hierdie dinge in die tempel sien, het sy gees daarteen in verset gekom. Die woorde van Ps. 69:10 word in Hom bewaarheid: "Die ywer vir u huis het my verteer, en die smaadhede van die wat U smaad, het op my geval." Dit is tog die huis van sy Vader wat so gruwelik ontheilig word, en dit juis deur diegene wat voorgee dat hulle so nougeset waak oor die heiligdom. So 'n skending van die tempel kan Jesus nie gedoog nie. Hy vleg gou 'n sweep van toutjies en doen iets wat niemand Hom nog ooit sien doen het nie. In heilige toorn gebruik Hy geweld. Hy verjaag die handelaars met hulle beeste en skape. Dan stoot Hy die stoele van die duiweverkopers en hulle duiwehokke om en jaag hulle weg. Daarna keer Hy die tafels van die wisselaars om sodat hulle geld na alle kante toe oor die grond rol. Almal wat in hierdie onheilige bedryf besig was, jaag Hy weg uit die tempel.

Toe die rumoer bietjie bedaar, kyk almal met ontsag na Hom soos Hy daar met die sweep van toutjies in die hand staan - 'n toonbeeld van heilige verontwaardiging. Dan sê Jesus: "Daar staan geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak." Om die skuldiges te bestraf, haal Jesus die woorde aan van die bekendste profete, Jesaja (56:7) en Jeremia (7:11). Reeds in die tyd van daardie profete het die Jode die huis van die Here ontheilig, en hulle gaan nog daarmee voort. Maar nou moet dit 'n end kry. Jesus staan self daar in die heilige plek om dit te suiwer.

Johannes vertel vroeg in sy Evangelie van die tempelreiniging (Joh. 2:13 e.v.). Hy doen dit omdat hy in hierdie geskiedenis die aanduiding vind van alles wat Jesus gekom het om te doen. Hy het gekom om die tempel van God te suiwer, en om 'n volk te vergader wat in heiligheid die Here dien en nie toelaat dat stoflike belange die huis van gebed verander in 'n rowerspelonk nie.

Ook voeg Johannes 'n besonderheid by wat nie in die ander Evangelies voorkom nie. Hy meld dat die Jode Jesus kom aanspreek het oor sy optrede. Hulle keur sy handelwyse nie goed of af nie, maar vra 'n teken om te bevestig dat Hy die magtiging het om gevestigde gebruike te kom omverwerp. Ten spyte van alles wat hulle gesien het wat Jesus doen, vra hulle 'n teken, soos hulle elders ook al gedoen het (vgl. § 72). Hierdie keer verwys Jesus nie weer na die teken van Jona nie, maar sê: "Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig." Die Jode meen toe dat Hy letterlik die tempel bedoel, en wys daarop dat daar reeds ses-en-veertig jaar aan gebou word. Die werk wat Herodes die Grote begin het, was nog nie klaar nie. En nou wil Jesus dit in drie dae weer oprig. Dit is tog onmoontlik. Eers ná sy opstanding het sy dissipels begryp dat Hy van die tempel van sy liggaam gepraat het.

Nadat Jesus die Jode met hierdie antwoord 'n teken geweier het, het daar blindes en kreupeles na Hom gekom in die tempel en Hy het hulle genees. Dit was weer eens tekens dat Hy die Messias was. Die owerpriesters en die skrifgeleerdes het dit gesien, maar geweier om die betekenis daarvan te erken. Daar was egter 'n hele aantal kinders in die tempel wat hierdie dinge gesien het en toe weer die jubelroep aangehef het: "Hosanna vir die Seun van Dawid!" Die owerpriesters en skrifgeleerdes was verontwaardig en spreek Jesus daaroor aan. Hy antwoord hulle egter met 'n Skrifwoord: "Uit die mond van kinders en suigelinge het U vir U lof berei" (Ps. 8:3). Vir die grotes in die tempel was dit 'n beskamende antwoord. Hulle het daarop niks te sê nie.

Jesus is nie geneë om verder met die teenstanders te praat nie. Hy verlaat die tempel en gaan weer uit die stad na Betánië om daar te vernag.

**§ 173 Die vraag omtrent Jesus se gesag (Matt. 21:23-27; Mark. 11:27-33; Luk. 20:1-8; vgl. Joh. 2:18-22)**

Die owerpriesters en skrifgeleerdes was diep gekrenk oor Jesus se drastiese optrede in die tempel. Hulle was baie gevoelig oor die uitspraak dat hulle die huis van die Here in 'n rowerspelonk verander het, en dat die kinders en suigelinge beter weet as hulle. Toe Jesus daardie Maandagaand die tempel verlaat, het hulle 'n samespreking gehou. Hulle het gevind dat die vorige besluit om Hom dood te maak, deurgevoer moes word, maar nou het die situasie moeilik geword. Dit is die feestyd, en die volk was diep beïndruk

deur Jesus se leer. Hulle sou Hom dus in beskerming neem teen die owerpriesters en 'n oproer sou kon ontstaan. Daarom moes versigtig gehandel word. Hulle besluit toe om voort te gaan met die metode wat hulle tot dusver toegepas het, naamlik, om allerlei strikvrae aan Hom te stel in die hoop dat hulle 'n beskuldiging teen Hom sou kon vind (Mark. 11:18; Luk. 19:47-48).

Toe Jesus vroeg die Dinsdagoggend weer in die tempel aankom, was die teenstanders vir Hom gereed. Hulle sou aan Hom 'n moeilike dag besorg. Skaars het Hy by die tempel aangekom of 'n hele deputasie ontmoet Hom. Daar was owerpriesters, skrifgeleerdes en ouderlinge. Dus 'n sterk afvaardiging van die Sánhedrin.

Met verwysing na sy optrede die vorige dag toe Hy die handelaars uit die tempel verdryf het, wil hulle weet: "Deur watter gesag doen U hierdie dinge, en wie het U dié gesag gegee om dit te doen?". Hulle wil twee dinge weet: wat sy amptelike bevoegdheid is, en wie aan Hom daardie bevoegdheid verleen het, aangesien hulle, die instansie wat aan persone bevoegdheid in godsdienstige sake verleen, van Hom niks weet nie. Die gedagte is dat indien Jesus op hierdie vrae nie behoorlik rekenskap kan gee nie, hulle Hom sou kon aankla van oproermakery in die tempel.

Jesus is nie geneë om met hierdie mense te redeneer nie. Hy ken hulle bedoelinge en metodes. Daarom stel Hy 'n teenvraag, soos die Jode dikwels in hulle dispute gedoen het. Hy wil ook nie baie vrae stel nie, net een is genoeg. Maar daarop wil Hy 'n reguit antwoord van Ja of Nee hê. Was die doop van Johannes die Doper uit die mense of uit God? Dit was 'n volkome billike vraag. Hulle, die bewakers oor die godsdienstige lewe van die volk, het 'n paar jaar tevore kennis geneem van die optrede van Johannes die Doper en aan hom dieselfde vraag gaan stel (vgl. Joh. 1:25). Met Johannes se antwoord dat hy van God 'n opdrag het, was die Fariseërs nie tevrede nie, en tog het hulle hom nie verhinder om met sy prediking en doop voort te gaan nie.

Met Jesus se vraag verkeer hulle in 'n moeilike situasie. Indien hulle sou sê dat Johannes se doop uit die mense was, erken hulle hulle eie pligsversuim aangesien hulle nie teen hom opgetree het nie, en kom hulle in botsing met die volk wat Johannes aanvaar het as 'n profeet. Vir so 'n erkenning van versuim sien hulle nie kans nie omdat dit hulle gesag sou benadeel juis noudat hulle van daardie gesag wil gebruik maak teen Jesus. En om teen die oortuiging van die volk in te gaan, sou die volk nog meer van hulle vervreem juis op 'n tyd dat hulle die steun van die volk probeer werf. Maar as hulle erken dat die doop van Johannes uit die hemel was, is die situasie net so moeilik. Dit sou beteken dat hulle die profetiese gesag van Johannes erken en mitsdien sy uitsprake as bindend aanvaar. En Johannes het Jesus aangewys as die Messias wat sou kom..

Nadat die teenstanders die vraag van Jesus oorweeg het, en besef het dat hulle self in 'n strik geloop het, antwoord hulle dat hulle nie weet met watter gesag Johannes opgetree het nie. Deur só te antwoord het hulle hul eie onopregtheid geopenbaar, en gaan Jesus nie verder met die gesprek nie. Intussen het die gesag van Jesus andermaal helder aan die lig gekom.

**§ 174 Die gelykenis van die twee seuns (Matt. 21:28-32; vgl. Luk. 7:29-30)**

Na aanleiding van die vorige gesprek vertel Jesus 'n gelykenis. 'n Man het twee seuns gehad. Aan die eerste sê hy: "Kind, gaan werk vandag in my wingerd." Die seun antwoord brutaal: "Ek wil nie!" Maar na 'n tyd kry hierdie seun jammer oor sy optrede teen sy vader en hy gaan die werk in die wingerd doen.

Intussen gaan die vader na die tweede seun en gee aan hom dieselfde opdrag. Hierdie seun is baie gewillig en belowe om te gaan, maar hy doen dit nie.

Na aanleiding hiervan stel Jesus die vraag aan sy teenstanders: "Wie van die twee het die wil van die vader gedoen?" Oor die antwoord is daar geen onsekerheid nie. Die eerste het die wil van die vader gedoen.

Met hierdie antwoord het die teenstanders die oordeel oor hulself uitgespreek. Hulle is soos die tweede seun. Hulle onderneem plegtig om die hemelse Vader te dien, en wek die skyn dat hulle dit wel sal en wil doen. Maar in die praktyk kom daar niks van nie. Alles is huigelary. Daarteenoor het die tollenaars en sondaars aanvanklik geweier om die wil van die Vader te doen, maar berou gekry en in die wingerd gaan werk. By die optrede van Johannes die Doper het dit reeds gebeur. Die sondaars het sy prediking geglo en van hulle sonde afstand gedoen. Maar die Fariseërs wou in hom nie glo nie, en selfs toe hulle sien wat by die doop van Johannes gebeur, het hulle nie berou gekry nie.

**§ 175 Die onwaardige landbouers (Matt. 21:33-46; Mark. 12:1-12; Luk. 20:9-19)**

Nog 'n gelykenis vertel Jesus om die houding en optrede van die Jode teen Hom aan te dui. Hy vertel van 'n sekere huisheer wat 'n wingerd gehad het. Hy het daar 'n heining om gesit, 'n parskuip gegrawe, 'n wagtoring gebou en dit toe aan landbouers verhuur. In die tyd van die oes stuur hy 'n diensknegte om sy deel van die opbrengs te haal. Die landbouers weier om te voldoen aan die terme van die ooreenkoms, en hulle rand die diensknegte aan en stuur hom met leë hande terug. Die huisheer stuur ander diensknegte, maar dieselfde word met hulle gedoen. Party word selfs doodgeslaan. Dan doen die huisheer iets wat geen mens normaalweg sou doen nie. Hy besluit om sy eie seun te stuur. Die landbouers sien hom kom, en beplan om hom dood te maak. Hulle enigste oorweging is dat hulle die wingerd vir hulself wil behou en daarom die wettige erfgenaam om die lewe wil bring. Dit doen hulle ook. Hulle sleep hom buite die wingerd en maak hom dood.

In hierdie stadium stel Jesus die vraag aan sy hoorders: Wat moet die eienaar met sulke landbouers doen? Met verontwaardiging antwoord hulle: "Die slegte mense - hy sal hulle 'n slegte dood laat sterf en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee."

Met daardie antwoord het die Jode oor hulself die oordeel uitgespreek. Die beskrywing van die wingerd aan die begin van die gelykenis moes hulle herinner het aan dieselfde beskrywing van Israel as die wingerd van God in Jes. 5:1 e.v. In Jesaja is die beskrywing die inleiding tot 'n woord van oordeel oor die volk. Nou weer kom dieselfde beeld om die oordeel oor die volk en hulle leiers aan te kondig. Die landbouers is die versorgers van die wingerd van God, die volk Israel. Maar hulle het in die loop van die geskiedenis steeds hulle eie voordeel gesoek en geweier om die vrug vir die Here te lewer. Die diensknegte, die profete, is deur hulle mishandel en doodgemaak. En nou het God sy eie Seun gestuur. Ook die Seun ontsien hulle nie, en hulle het klaar die besluit geneem om Hom na buite te sleep en dood te maak. Daarna sal die oordeel van God oor hulle kom. Die wingerd, die koninkryk van God (Matt. 21:43), sal van hulle weggeneem word en aan ander, die heidene, gegee word, wat die vrug op die regte tyd sal lewer.

Dan verwys Jesus na 'n woord uit Ps. 118 - die Psalm wat 'n belangrike plek inneem in die voorgeskrewe verrigtinge by die Paasfees. In v.18 is sprake van die steen wat deur die bouers verwerp is, maar deur God tot 'n hoeksteen gelê is. Ook hierdie woord sal in vervulling gaan deurdat die bouers, die godsdienstige versorgers van die volk, Jesus sou verwerp, maar God sou Hom tot 'n hoeksteen van sy gemeente stel.

Die Fariseërs het besef dat Jesus hierdie dinge in die gelykenis van hulle sê, en dat Hy praat van wat hulle met Hom sou doen. Hy weet dus wat hulle beplan. Hy dui hulle ook aan as die onwaardige landbouers wat weier om aan God die vrug van sy wingerd te lewer. Hulle het ook die woord van ontsettende oordeel oor die volk uit die mond van die volk self gehoor. Dit alles bring hulle egter nie tot inkeer nie, maar laat hulle nog meer verhard. Hulle wil 'n daad van geweld teen Jesus pleeg, maar weet nie hoe nie omdat hulle vir die volk bang is.

**§ 176 Die koninklike bruilofsmaal (Matt. 22:1-14; vgl. Luk. 14:15-24)**

Die gelykenis van die groot feesmaal wat Jesus in die huis van die Fariseër vertel het (vgl. § 145), herhaal Hy in 'n ietwat ander vorm daar in die tempel, en Hy voeg 'n kort gedeelte by. Omdat sy dood naby is, kry die gelykenis 'n veel meer toegespitste betekenis. Dit word 'n bruilofsmaal wat 'n koning vir sy seun gereedmaak. Dit word onmiddellik duidelik dat die Koning die hemelse Vader is, en die seun Jesus self. Die onwillige gaste is die Jode aan wie die uitnodiging in die eerste instansie uitgegaan het.

Ons let egter eers op die vertelling self. 'n Koning rig 'n bruilofsmaal aan vir sy seun. Hy stuur diensknegte uit om die genooides na die bruilof te roep, maar hulle wil nie kom nie. Daarop stuur die koning ander diensknegte uit om die genooides te vertel van al die heerlike voedsel wat gereed gemaak is, en hulle dringend te nooi om na die bruilof te kom. Die genooides slaan egter geen ag op die herhaalde uitnodiging nie, maar gaan voort met hul daaglikse bedrywighede. Sommige het nog verder gegaan en die diensknegte gegryp en mishandel en van hulle doodgemaak.

Toe die koning dit hoor, was hy baie verontwaardig en het manskappe gestuur om die moordenaars om te bring en hulle stad aan die brand te steek.

Daarna stuur hy sy diensknegte uit om op die kruispaaie te gaan en almal te nooi na die

bruilof. Die fees was gereed en sou plaasvind ongeag die optrede van die eerste genooides. Die diensknegte moes almal, sowel slegtes as goeies, inbring. Dit het gebeur en die feessaal het vol geword.

Die koning gaan toe in om na die gaste te kyk. Onder hulle sien hy een wat nie 'n bruilofskleed aangehad het nie. Die koning het by die ingang vir elkeen 'n kleed voorsien, maar hierdie man het nie daarvan gebruik gemaak nie. Toe hy rekenskap gevra word, het hy verstom. Daarop beveel die koning dat hy gebind en uitgewerp word in die buitenste duisternis waar daar geween en gekners van die tande sal wees.

Weer eens het Jesus met hierdie gelykenis laat blyk dat Hy weet dat die Jode die boodskappers van God sal veronagsaam, en nie na die bruilof van die Seun sal kom nie. Ander genooides sal hulle plek inneem, en die moordenaars van die boodskappers van God sal self om die lewe gebring word. Hulle stad sal verbrand word - wat ook werklik gebeur het toe Jerusalem in 70 n.C. deur die Romeine verbrand is.

Die laaste deel van die gelykenis het betrekking op diegene wat ingegaan het in die koninkryk van God. Slegtes en goeies is uitgenooi en het op die uitnodiging binnegegaan. Maar daar was een sonder 'n bruilofskleed. Hy wou die kleed van geregtigheid wat God beskikbaar gestel het, nie aanvaar nie. Daarom laat die Koning hom uitwerp. Hy wou 'n meeloper wees, sonder lewensvernuwing, maar die Koning sien deur alle uiterlike skyn heen. Hy ken die uitverkorenes.

**§ 177 Die vraag omtrent die belasting (Matt. 22:15-22; Mark. 12:13-17; Luk. 20:20-26)**

Die teenstanders van Jesus het intussen 'n nuwe plan bedink om Hom te probeer betrap. Die Fariseërs, teenstanders van die Romeinse owerheid, smee 'n plan saam met die Herodiane, voorstanders van die Romeinse oorheersing. Om geen agterdog te wek, kom die Fariseërs nie self na Jesus toe nie, maar hulle stuur 'n paar jong leerlinge saam met 'n aantal Herodiane om Jesus in 'n politieke aangeleentheid te probeer verstrik.

Hierdie groep samesweerders kom by Jesus en begin allerlei mooi dinge van Hom sê. Hulle weet, sê hulle, dat Hy waaragtig is en die weg van God in waarheid leer; Hy is ook onafhanklik in sy denke en neem die persoon van mense nie in ag nie. Dit alles is wel waar, maar hulle glo natuurlik niks daarvan nie. Hulle sê dit net in 'n poging om Jesus te verlok om iets onbedags te sê.

Dan kom die skynbaar onskuldige vraag: "Is dit geoorloof om aan die keiser belasting te betaal of nie?" By hierdie vraag het die Jode 'n wesenlike belang gehad. Vir hulle was dit 'n bittere vernedering om aan die keiser belastings te moet betaal en mitsdien te erken dat hulle die onderhoriges van die Romeine was. Daar was egter verskil van mening oor die houding teenoor die Romeine. Die Herodiane het geen beswaar teen die belastings gehad nie, maar die Fariseërs wel. Dus, hoedat Jesus ook al op die vraag antwoord, sou Hy die een of ander party aanstoot gee.

Die saak het egter nog dieper gegaan. Die Fariseërs en die Jode in die algemeen het bely dat alleen God hulle koning en heerser is. Indien Jesus sou sê dat aan die keiser belastings betaal moet word, sou Hy daarvan beskuldig kan word dat Hy teen die Koningskap van God in verset kom en dus aangekla moet word. Indien Hy sê dat belasting aan die keiser nie betaal moet word nie, kan Hy aangekla word as 'n opstoker van rebellie teen die keiser.

Jesus ken die listige planne. Hy antwoord nie met 'n Ja of 'n Nee nie maar vra dat 'n penning (= *dinarius)* aan Hom gegee moet word. Dan vra Hy wie se beeld en opskrif op die muntstuk verskyn. Dit is natuurlik die keiser s'n. In daardie tyd is almal wat die keiser se muntstukke gebruik, beskou as onderdane van die keiser. Nou sê Jesus: "Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom." Tussen die twee hoef daar geen botsing van pligte te wees nie. 'n Mens kan God dien en tegelyk ook die staatsgesag wat oor jou gestel is, eerbiedig. Die twee sluit mekaar nie uit nie, maar elkeen word na sy eie aard gehoorsaam. Ons sou ook kan praat van die onderskeie terreine van staat en kerk waarop die mens hom beweeg. Op elke terrein het hy verpligtings waaraan hy kan en moet voldoen.

Met hierdie uitspraak het Jesus 'n uiters belangrike beginsel aan sy volgelinge gegee. Die apostels moes dit later in die praktyk nader uitwerk, bv. soos Paulus dit gedoen het in Rom. 13:1-7.

Toe Jesus hierdie antwoord uitgespreek het, was sy teenstanders verwonderd oor sy innig en

die heldere riglyn wat Hy aangedui het. Maar hulle het ook besef dat hulle die rondte verloor het, en gaan beskaamd van Hom weg.

**§ 178 Die vraag omtrent die opstanding (Matt. 22:23-33; Mark. 12:18-27; Luk. 20:27-40)**

Die Sadduseërs is die volgende wat 'n poging aanwend om Jesus in die noute te bring. Hulle ontken dat daar 'n opstanding is, en wil Jesus op daardie punt toets. Daarom kom hulle met 'n denkbeeldige geval.

Hulle uitgangspunt is die swaerhuwelik of Leviraatshuwelik soos Moses dit voorgeskryf het, naamlik dat as 'n man kinderloos sterf, sy broer met die weduwee moet trou ten einde vir die gestorwe broer 'n nakomelingskap te verwek (vgl. Deut. 25:5-6). Nou was daar dan so 'n man met ses broers. Hy het kinderloos gesterf en die volgende broer het die vrou geneem, maar ook hy sterf kinderloos. Die weduwee word toe die vrou van die tweede broer, en ook hy sterf kinderloos. So gaan dit voort totdat al sewe broers agtereenvolgens met die vrou getrou het. Oplaas sterf sy ook. Nou is die vraag: Wie se vrou sal sy in die opstanding wees?

Met hierdie vraag wil die Sadduseërs die geloof in die opstanding bespotlik maak, en bowendien aanvoer dat Moses in sy voorskrif in verband met die swaerhuwelik nie met die opstanding rekening gehou het nie. Daaruit lei hulle af dat Moses nie in die opstanding geglo het nie. Maar nou, wat is Jesus se antwoord op hulle vraag?

Hy lê twee stellings neer as antwoord: eerstens, ken hulle nie die Skrifte nie, want dié praat tog van die opstanding (bv. Dan. 12:13), en tweedens, hou hulle nie rekening met die mag van God nie. Hy is immers tot alle dinge in staat. Hierby kom nog die feit dat hulle 'n denkfout begaan. Hulle meen dat die lewe hierna net 'n voortsetting sal wees van die lewe op aarde waar getrou en in die huwelik uitgegee word. So is dit egter nie. Dáár is die lewe volkome andersoortig. Ons sal in dié verband soos die engele wees wat nie trou of in gesinsverband leef nie. Dus, die vraag aan watter een van die sewe broers die vrou sal behoort, is nie ter sake nie.

Maar Jesus voer ook 'n bewys aan vir die lewe na die dood, en aangesien die Sadduseërs by voorkeur op die Boeke van Moses steun, haal Hy sy bewys juis uit daardie Boeke. In die geskiedenis van die brandende doringbos maak God Homself aan Moses bekend as die God van Abraham, Isak en Jakob (Exod. 3:6). Dit is bekend uit die Skrif dat God die God van die lewende is en nie van die dooies nie. Dus, as Hy die God van Abraham, Isak en Jakob genoem word, en tegelyk die God van die lewendes, beteken dit tog dat daardie aartsvaders die lewendes is. Hulle leef voort ná hulle sterwe en dit word deur Moses bevestig.

Diegene wat hierdie antwoord van Jesus gehoor het, was verbaas. Sommige skrifgeleerdes, waarskynlik Fariseërs, kon nie nalaat om te sê dat Jesus goed geantwoord het nie. Die Sadduseërs het nie die moed gehad om Hom weer te probeer vasvra nie.

**§ 179 Die vraag omtrent die grootste gebod (Matt. 22:34-40; Mark. 12:28-34; vgl. Luk. 10:25-28)**

Die Fariseërs was baie in hulle skik met die wyse waarop Jesus hulle tradisionele teenstanders, die Sadduseërs, tereggewys het. Dit het hulle die indruk gegee dat Hy teenoor hulle meer simpatiek sou wees en ook minder op sy hoede. Hulle gryp dus die regte oomblik aan om aan Hom 'n vraag te stel oor die wet. Die bedoeling is nog steeds om Hom op sy antwoord te probeer vastrek.

Met 'n wetgeleerde vooraan vra hulle Hom watter die groot gebod in die wet is. Onder mekaar was daar verskil van mening oor hierdie saak, en 'n voortdurende onderskeiding tussen groot en klein gebooie, asook tussen dié wat bindend was en minder bindend. Nou wou hulle Jesus in hierdie getwis inlok.

Dieselfde vraag is met 'n ander gesindheid reeds vroeër aan Jesus gestel (vgl. § 126). Nou gee Jesus dieselfde antwoord as destyds. Die hoofgebod staan in Deut. 6:4-6 en is aan elke Israeliet goed bekend: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand." Naas hierdie gebod is daar 'n tweede wat net so belangrik is, en dié staan ook by Moses opgeteken in Lev. 19:18: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Hierdie twee gebooie, sê Jesus, is die samevatting van die hele wet.

Hy het Hom dus nie tot allerlei spitsvondige redeneringe laat verlei nie, en 'n antwoord gegee waarteen niemand beswaar kon maak nie. Die wetgeleerde wat die vraag gestel het, kon sy ingenomenheid met die antwoord nie verberg nie. Met instemming herhaal hy wat Jesus gesê het, en voeg by dat dit "meer is as al die brandoffers en die slagoffers" (Mark.

12:33). Hierdie man het egtheid en opregtheid hoër gestel as die geknoei van sy medegenote. Vir Jesus was dit 'n soet druppel in sy beker om so iemand te ontmoet. Waarderend kyk Hy hom aan en sê. "Jy is nie ver van die koninkryk van God nie."

Hierna het niemand meer gewaag om aan Hom vrae te stel nie.

**§ 180 Die Seun van Dawid (Matt. 22:41-46; Mark. 12:35-37; Luk. 20:41-44)**

Dit was nou Jesus se beurt om 'n vraag te stel. Toe Hy besig was om die volk te leer en 'n aantal Fariseërs ook kom luister het, bring Hy die Dawid-seunskap van die Messias ter sprake. Die Fariseërs het groot nadruk gelê op die onbetwisbare bewyse dat die Messias uit die huis van Dawid stam. Hulle het Jesus aangesien as die Seun van Josef en Maria, eenvoudige mense met geen aanspraak op status in die samelewing nie, en daarby van Násaret en nie van Betlehem nie. Dit was vir Jesus se self-bekendstelling as Messias van belang dat hierdie saak verhelder word.

Aan die Fariseërs stel Hy die vraag: "Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?" Sonder aarseling antwoord hulle: "Dawid s'n." Toe vra Jesus verder, met aanhaling van Ps.110:1, hoe dit dan te verklaar is dat Dawid, sprekende deur die Heilige Gees, sy seun noem "Here." As Dawid Hom "Here" noem, hoe is Hy dan Dawid se seun?

Op hierdie vraag kon die Fariseërs geen antwoord gee nie. Daaraan het hulle nog nooit gedink nie. Hulle staan met die vraag aan die einde van hulle teologiese insigte waarop hulle hulle so beroem het. Dit is die geval omdat hulle uitgangspunt foutief was. Hulle het gemeen dat iemand uit die huis van Dawid gebore sou word, 'n onbetwisbare spruit uit die stomp van Isai, en dat die Gees van die Here daarna op hom sou kom en hom verhef tot Messias (vgl. Jes. 11:1 e.v.). Ten opsigte van Jesus betwyfel hulle sy afkoms van Dawid omdat sy afkoms volgens hulle mening te onaansienlik was, en verder weier hulle om te glo dat die Gees van die Here op Hom is aangesien Hy nie bereid was om aan hulle 'n "teken uit die hemel" te gee nie (vgl. Matt. 16:1; § 95).

Jesus wil hulle tot die insig bring dat die werklike toedrag andersom is. Die Messias is in die eerste instansie Seun van God, en daarom Here. Hy tree egter in die geskiedenis deur gebore te word as 'n spruit uit die huis van Dawid. Daarom spreek Dawid Hom ook aan as "Here".

Ons sou die verskil ook só kan stel: Die Fariseërs lê soveel nadruk op die menslike herkoms van die Messias dat hulle sy goddelike herkoms verloën. Daarom sê hulle: Omdat Hy seun van Dawid is, kan Hy deur die Gees van God tot Messias word. Maar Jesus sê: Omdat Hy Messias is, word Hy Seun van Dawid en tree Hy deur die Gees van God op. Hierdie dinge het egter die begrip van die Fariseërs te bowe gegaan. Deurdat hierdie feit aan die lig gekom het, is weer eens 'n bewys gelewer dat hulle nie bevoeg was om oor Jesus te oordeel nie.

**§ 181 Die vloekrede teen skrifgeleerdes en Fariseërs (Matt. 23:1-36; Mark. 12:38-40; Luk. 20:45-47; vgl. 11:37-54)**

Toe Jesus al die listige aanvalle van sy teenstanders afgeweer en hulle nie meer gewaag het om Hom iets te vra nie, het Hy die skare en sy dissipels daar in die tempel toegespreek ten aanhore van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Met heilige verontwaardiging oor hul volgehoue weiering om sy woord of die duidelike bedoeling van die profesieë te aanvaar, het Hy die skare teen hulle godsdienstige leiers gewaarsku. Met striemende woorde lê Hy hulle ongeregtighede bloot, en spreek 'n veroordelende "Wee Julle!" agt maal oor hulle uit. Indien hulle volhard in hulle skynheilige vroomheid, staan hulle onder die vloek van God.

Vooraf wys Jesus daarop dat die skrifgeleerdes en Fariseërs in die lewe van die volk 'n belangrike amp uitoefen. Hulle "sit op die stoel van Moses" (v. 2) en het die gesag om die wet te vertolk. Daarom moet die volk ook die wetsvertolking eerbiedig maar hulle leefwyse en werke mag nooit nagevolg word nie. By hulle is "praat en doen" twee verskillende dinge. Hulle "doen" bring die vloek oor hulle.

Wat hulle "doen", word dan deur Jesus onverbloemd by die naam genoem.

Eers gaan dit oor hulle skynheiligheid en eersug (Matt. 23:4-12). Hulle is ywerig om deur wetsvertolking allerlei laste op die mense te lê, maar verroer self nie 'n vinger om hul eie voorskrifte uit te voer nie. Inteendeel, hulle doen allerlei werke net om deur die mense gesien te word. Hulle klere moet blyk gee van hulle vroomheid; hulle neem die voorste plekke in by maaltye en in die sinagoge; hulle staan op die mark om begroetinge te ontvang en as "Rabbi" aangespreek te word, en selfs "vader" genoem te word. Hulle het nog nie begryp dat wie in die koninkryk van God groot wil wees, almal se dienaar moet wees, en dat wie homself

verhoog, verneder sal word nie.
Sekere dinge wat Jesus by 'n vorige geleentheid van die Fariseërs en skrifgeleerdes gesê het, herhaal Hy nou (vgl. § 133). Hulle sluit die koninkryk van die hemele toe vir die mense, en gaan self ook nie in nie. Hulle verhinder diegene wat wel ingaan (v. 13).
Hulle geldgierigheid (v. 14) word verberg onder die skyn van lang gebede, terwyl hulle besig is om die weduwees wat by hulle advies kom vra, uit te mergel.
Hulle is ywerig om bekeerlinge te maak (v. 15), maar as hulle iemand in hulle mag gekry het, maak hulle van hom 'n kind van die hel. Só verderflik is hulle leer.
Met allerlei spitsvondighede, bv. oor die sweer van die eed, ontduik hulle die bedoeling van God en die binding van die gegewe woord (vgl. Matt. 5:33 e.v.; § 51).
Hulle is nougeset in allerlei onbenullighede (v. 23-24) soos die gee van die tiende van kruie, maar hulle versuim die groot dinge soos die reg, die barmhartigheid en die trou.
Hulle is die opper-skynheiliges (v. 25-28) wat die buitekant van die beker skoonmaak, maar van binne bly dit vol roof en onmatigheid. Hulle is die witgepleisterde grafte wat van binne vol doodsbeendere is.
Hulle verset hulle teen die boodskappers van God (v. 29-36). Vir die skyn versorg hulle die grafte van die profete wat hulle vaders doodgemaak het, maar hulle gaan self voort om moord teen die gesante van God te bedink. Daarom sal die bloed van al die profete op hierdie geslag neerkom. Hulle is die slange, die addergeslag wat uitgeroei sal word. Daar sal vir hulle geen ontvlugting wees nie. Die vloek van God sal hulle tref.

**§ 182 Weeklag oor Jerusalem (Matt. 23:37-39; vgl. Luk. 13:34-35)**

Dit het Jesus diep in die hart gegryp om hierdie harde woorde uit te spreek. Hy sou dit so graag anders wou gesien het. Jerusalem is tog die heilige stad, en tog weier die voormanne van Jerusalem om gehoor te gee aan die oproep tot heiliging.
Met smart weeklaag Jesus oor die stad. Hy het so hard probeer om haar kinders byeen te bring soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke vergader. Maar hulle wou nie. Nou is daar niks aan te doen nie. Die oordeel van God sal die stad en tempel tref.
Van nou af sal daar dinge gebeur wat maak dat hulle Jesus "nie sal sien nie," d.w.s. nie sal sien dat Hy die Messias is nie omdat Hy die weg van die kruis sal moet bewandel. Maar eendag in die verre toekoms, by die wederkoms, sal hulle Hom weer sien en herken en dan in waarheid Hom begroet met. "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" (Vgl. § 142).

**§ 183 Die penning van die weduwee (Mark. 12:41-44; Luk. 21:1-4)**

Nadat Jesus Hom so skerp uitgespreek het teen die skrifgeleerdes en die Fariseërs, en hulle aangewys het as die wat praat en nie doen nie, en die wat die huise van die weduwees opeet en vir die skyn lang gebede doen, het Hy na die vroue-voorhof gegaan. 'n Sekere afdeling van hierdie voorhof word die skatkis genoem omdat die dertien offerbusse daar staan waar mense vir verskillende doeleindes hulle bydraes kom ingooi het. Gewoonlik het daar 'n paar priesters gestaan, wat diegene wat baie bydra, geprys en dié wat min bygedra het, berispe het. Teenoor hierdie offerbusse het Jesus gaan sit en kyk hoe die mense hulle muntstukke ingooi.
Daar het baie rykes gekom wat groot bydraes gelewer het, en seker ook deur die priester openlik geprys is oor hulle vrygewigheid. Die armes was daar egter ook. Een so 'n arm weduwee kom toe en gooi twee klein geldstukkies in wat saam maar 'n oortjie werd was (2 lepta = 1 kodrans = 'n agste van 'n sent). Die koper muntstukkies was baie min werd, maar dit was al wat die weduwee besit het. Sy kon wel die een muntstukkie vir haarself teruggehou het, maar doen dit nie omdat sy volstrek alles aan die Here wil skenk.
Jesus het gesien wat die weduwee doen, en Hy maak sy dissipels daarop opmerksaam. Dan sê Hy dat sy meer gegee het as diegene wat die groot bydraes gelewer het. Hulle almal het uit hulle oorvloed iets gegee, maar sy het uit haar gebrek alles gegee. Haar hele leeftog het sy aan die Here afgestaan. Van daar het sy weggegaan in die vertroue dat die Here voorsiening sou maak vir 'n stukkie brood. Sy was nie soos dié wat gepraat en nie gedoen het nie. Sy het nie gepraat nie, maar gedoen. En haar daad was een van algehele toewyding van haarself en haar goed aan die Here. Daarom het sy meer gegee as al die ander.

**§ 184 Die Grieke wil Jesus sien (Joh. 12:20-50)**

Op daardie gebeurtenisryke Dinsdag was die son reeds in die Weste, maar daar sou nog heelwat dinge plaasvind. Jesus het na die uitgang van die tempel begin beweeg, van die vroue-voorhof af na die voorhof van die heidene.

In die voorhof van die heidene was daar 'n aantal Grieke wat in die God van Israel geglo het en ook na Jerusalem gekom het om by die Paasfees teenwoordig te wees. Daar het hulle die gerugte aangaande Jesus gehoor en opreg begeer om Hom te sien. Aangesien hulle Grieke was, het hulle nie veel vrymoedigheid gehad nie. Hulle soek dus eers kontak met Filippus. Hy was van Betsáida afkomstig en self ook Griekssprekend. Beleef spreek die Grieke hom aan: "Meneer, ons wil Jesus graag sien." Filippus is met die versoek 'n bietjie verleë. Jesus het 'n baie besige dag gehad, en hy sou Hom graag verdere vermoeienis wil bespaar. Hy besluit egter om Andréas te raadpleeg. Dié is tog ook van Betsáida, en dra net soos hy self 'n Griekse voornaam. Andreas is meer 'n man van die daad, en saam lei hulle die Grieke na Jesus.

Volgens die berig by Johannes het Jesus by daardie geleentheid heelwat aan die Grieke gesê. Johannes teken net enkele grepe uit die woorde van die Here vir ons op. Die eerste wat Jesus gesê het toe Hy die Grieke sien, was: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word" (v. 23). Voorheen het Hy by meer as een geleentheid gepraat van die uur wat nog nie gekom het nie. Maar nou het die uur gekom. Die Jode het Hom verwerp, en nou verskyn die heidene met die versoek dat hulle Hom wil sien. Dit hou 'n ryke belofte in as vrug op die werk van die Seun, en daarom is dit 'n verheerliking van die Seun. Hierdie gedagte bring blydskap in die hart van Jesus. En tog herinner dit Hom ook aan sy dood. Die graankorrel sal moet sterf anders kan dit nie vrug dra nie. As Hy hieraan dink, word sy siel diep ontsteld. Hy wonder selfs of Hy die Vader moet bid om Hom uit daardie benoude uur te red. Maar dan onderwerp Hy Hom opnuut aan die uitvoering van sy opdrag en bid Hy: "Vader, verheerlik u Naam!"

In antwoord hierop kom daar onverwags 'n stem uit die hemel wat sê: "Ek het dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik." Die skare het die stem gehoor maar nie geweet wat dit was nie. Sommige het gesê dat dit 'n donderslag was, en ander dat 'n engel met Hom gepraat het. Jesus het egter daarop gewys dat die stem nie ter wille van Hom gekom het nie, maar vir hulle. Vir hulle is dit 'n aankondiging dat die owerste van hierdie wêreld oorwin sal word en dat Jesus verhoog sou word en almal na Hom toe sou trek. Daarom moes hulle in die lig wandel sodat hulle kinders van die lig kan word.

Voortgaande wys Jesus daarop dat die mense liewer in die duisternis voortwandel aangesien hulle in Hom nie glo nie. Maar wat daar in Jerusalem gebeur het, was 'n vervulling van die woorde van Jesaja (53:1) wat sê: "Here, wie het ons prediking geglo, en aan wie is die arm van die Here geopenbaar?" Dit is ook 'n vervulling van die Jesaja-woord waarop Jesus voorheen al gewys het, naamlik, dat die oë verblind en die harte verhard is sodat hulle hulle nie bekeer nie (vgl. § 73).

Dan wys Jesus daarop dat elkeen wat Hom verwerp, in werklikheid die Vader verwerp wat Hom gestuur het. As iemand die woord van Jesus verwerp, is hy reeds veroordeel. Daarteenoor wandel elkeen wat glo in die lig. Hy bly nie in die duisternis nie, maar kom in die volle lig en verkry die lewe.

Toe Jesus hierdie dinge aan die Grieke sê, het 'n hele aantal owerstes na Hom geluister en tot die geloof gekom. Hulle was egter bang vir die Fariseërs en het daarom nie openlik kant gekies nie. Nog steeds het hulle die eer van mense hoër geag as die eer van God (v. 42-43).

Na afloop van hierdie gesprek het Jesus van die tempel weggegaan en Hom aan die skare en sy teenstanders onttrek (v. 36).

## XVIII. ONDERRIG OOR DIE VOLEINDING

### § 185 Die rede oor die wederkoms (Matt. 24:1-44; Mark. 13:1-35; Luk. 21:5-36)

Dit was al teen sononder op daardie moeilike Dinsdag toe Jesus en die dissipels die tempel verlaat. Hy sou nie weer na die tempel terugkeer om daar te leer nie. Swygend gaan Hy by een van die poorte uit. Hulle volg die pad deur die Kedronvallei en op teen die Olyfberg.

Toe hulle bo-op die berg kom, draai hulle om en kyk terug oor die stad. In die lig en skadu van die laat-namiddag staan die hoë geboue, die paleise en veral die tempel skerp afgeteken. Dit is 'n betowerende gesig. By die Jood wek dit 'n gloed van liefde en trots. Vir hom is die heilige stad die pêrel onder die stede en die nawel van die aarde.

As die dissipels op die stad terugkyk, kan hulle nie nalaat om aan hulle bewondering uitdrukking te gee nie. Hulle wys Jesus op die pragtige geboue, veral op die tempel, en op die groot rotsblokke wat vir die fondamente gebruik is. Toe Jesus daarna kyk, sê Hy met weemoed: "Daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie."

Vir die dissipels was dit 'n skokkende uitspraak. Die geskiedenis het hulle geleer dat die bestaan van die volk ten nouste saamhang met die bestaan van die tempel. As die tempel verwoes word, gaan die volk ook te gronde. Trouens, in hulle Israelitiese gemoed het die oortuiging bestaan dat die verwoesting van die tempel sou saamval met die laaste oordeel en die wêreld-voleinding. Daarom verlang hulle nou meer besonderhede van Jesus oor sy uitspraak.

Jesus gaan toe eenkant sit waar Hy nie deur die verbygaande feesgangers opgemerk sou word nie, en die dissipels kom rondom Hom saam. Vooraan is Petrus, Jakobus, Johannes en Andréas (Mark.13:3). Hulle stel aan Hom drie vrae: Wanneer sal hierdie dinge (die verwoesting van die tempel) gebeur? Wat is die tekens van Jesus se wederkoms? En wat is die tekens van die voleinding van die wêreld?

In antwoord op hierdie vrae spreek Jesus sy rede oor die wederkoms uit. Eers vertel Hy van die dinge wat vooraf sal gebeur en dui Hy die tekens aan, dan vertel Hy van die onverwagte koms van die Seun van die mens op die wolke, en gaan voort om te vermaan tot waaksaamheid. Om die waaksaamheid in te skerp, vertel Hy 'n aantal gelykenisse, en besluit sy rede deur iets te vertel van die laaste oordeel (Matt. 25).

Sy rede oor die wederkoms wil ons onder sekere hoofde kortliks toelig:

a) Eers gee Jesus 'n algemene aanduiding van die tyd vóór die wederkoms (Matt. 24:4-8). In sy uiteensetting onderskei Hy nie skerp tussen die verwoesting van Jerusalem en die voleinding van die wêreld nie. Die gebeurtenisse wat aan die eerste ramp vooraf sou gaan, was tiperend van of 'n voorafskaduwing van wat sou geskied voor die voleinding. Tog laat Jesus deurskemer dat dié twee in die tyd van mekaar geskei is: daar sou eeue verloop tussen die verwoesting van Jerusalem en die wêreld-voleinding.

Die einde sal voorafgegaan word deur ontsettende rampe. Daar sal oorloë wees waarin alle volke en koninkryke betrokke sal wees. Ook sal hongersnode, pessiektes en aardbewings die lewe van die mense haas ondraaglik maak. Die grootste bedreiging van daardie tyd vir die gelowiges sal die verskyning wees van valse christusse. Hulle sal voorgee dat hulle Christus is, en die mense wat in hulle nood na die koms van die Verlosser hunker, sal maklik mislei word. Teen sulke valse aanspraakmakers moet die volgelinge van Christus steeds op hulle hoede wees.

Hierdie ontsettende dinge sal maar die begin van die smarte wees.

b) Besondere verdrukking sal die volgelinge van Christus, sy gemeente, tref (Matt. 24:9-14; Mark. 13:9-13). Hulle sal deur almal gehaat word omdat hulle die Naam van Christus bely. Vervolging en verdrukking sal hulle deel wees. Hulle sal deur kerklike en wêreldlike regbanke veroordeel word, maar hulle hoef nie bevrees te wees nie. Die Heilige Gees sal vir hulle die regte woord in die mond lê (vgl. ook § 82 (b)). Valse profete sal opstaan en vele verlei. Die haat sal toeneem en die liefde verkoel. In dié tyd sal die gelowiges moet vasstaan. Ten spyte van al die teenstand sal die verkondiging van die koninkryk van God moet voortgaan totdat al die nasies die blye boodskap verneem het. Eers wanneer dit gebeur het, sal die einde aanbreek.

c) Die rampe wat oor Judéa sal kom, is 'n voorspel van die voleinding (Matt. 24:15-28). Vir 'n oomblik verwys Jesus na die verwoesting van Jerusalem en die tempel. Die profesie van Daniël

(9:27; 11:31; 12:11) oor die "gruwel van verwoesting" wat in die tempel opgerig sal word, sal in vervulling gaan. Die tempel sal geskend word en vir die diens van die heilige God onbruikbaar gemaak word. Dan sal almal wat in Judéa is, moet vlug maar daar sal geen geleentheid wees om iets saam te neem nie. Die vlug sal in groot haas geskied. Vroue wat verwagtend is of klein kindertjies het, sal die swaarste kry. Maar in dit alles kan daar nog gebid word en God sal verligting bring.

In dié tyd sal valse profete en valse christusse te voorskyn tree en verwarring onder die gelowiges skep. Hulle sal so listig optree dat hulle selfs die uitverkorenes sal verlei, as so iets moontlik is. Maar God sal sy eiendom bewaar. Die gelowiges moet bowendien weet dat die koms van die Seun so onverwags en so algemeen kenbaar sal wees soos 'n weerligstraal wat van die ooste tot die weste gesien word.

d) Die tekens van die wederkoms self word hierna kortliks aangedui (Matt. 24:29-35). Die groot verdrukking wat oor die mense sal kom, sal ook die hele skepping begin aantas. Die son en die maan sal verduister word en die sterre uit hulle plekke val omdat die kragte van die hemele geskud sal word. In daardie tyd sal die teken van die Seun van die mens, d.w.s. Hyself, onverwags in heerlikheid op die wolke verskyn. Al die volke van die wêreld sal Hom sien en met angs vervul word. Daar sal harde trompetgeluid wees en die engele sal uitgaan om die uitverkorenes te vergader en op te neem in heerlikheid (vgl. § 76).

Op die vraag van die dissipels wanneer die einde sal kom, gee Jesus geen direkte antwoord nie. Hy dui net die tekens aan, en wys op die vyeboom wat in die vroeë lente (Paastyd) begin bot as teken dat die somer aan die kom is. So moet die gelowiges ook let op die tekens van die tye om te weet wanneer die wederkoms naby is. Van een ding kan hulle egter verseker bly. Selfs die hemel en die aarde sal verbygaan, maar die woord van Jesus, met sy heerlike beloftes en versekeringe, sal nooit verbygaan nie.

e) Die onverwagtheid van die wederkoms verplig tot voortdurende waaksaamheid (Matt. 24:36-44). Die dag en die uur van die wederkoms is onbekend. Dit is alleen in die hand van God om dit te bepaal. Daarom bly dit onbekend, en is dit nutteloos vir mense om dit te probeer bereken of voorspel. Dit staan egter vas dat die dag onverwags sal aanbreek en mense sal oorval onderwyl hulle met hulle daaglikse bedrywighede besig is. Dit sal wees soos in die dae van Noag toe die meerderheid op die waarskuwinge nie ag geslaan het nie, en hulle is deur die sondvloed uitgewis terwyl Noag wat op die woord van die Here gelet het, die ark gebou en behoue gebly het. Daar sal twee op die land wees, of twee by die meule of twee op een bed - die een word aangeneem en die ander word verlaat. Daarom moet daar voortdurend gewaak word. As die huisheer weet in watter nagwaak die dief kom, sal hy sorg dat hy op daardie tyd wakker is om sy goed te beskerm. Maar omdat ons nie die uur ken nie, moet ons altyd waaksaam wees.

**§ 186 Die goeie en die slegte dienskneg (Matt. 24:45-51; Luk. 12:41-46)**

Op die waaksaamheid lê Jesus groot nadruk. Om dit in te skerp, vertel Hy die gelykenis van die twee diensknegte, daarna dié van die tien jong meisies (Matt. 25:1-13) en dan dié van die talente (25:14-30).

Die eerste gelykenis handel oor 'n huisheer wat 'n getroue en verstandige dienskneg uitsoek wat hy aanstel oor al sy diensvolk om hulle op tyd hulle voedsel te gee. Dan gaan die huisheer op reis. As die huisheer na 'n tyd terugkeer en daardie dienskneg op sy pos aantref, besig om getrou sy opdrag uit te voer, sal die huisheer hom beloon en oor al sy besittings aanstel.

Dit kan egter ook anders gaan. As die dienskneg ontrou en onverstandig is, sal hy begin gerus word omdat sy heer talm om terug te kom. Hy sal begin om sy gesag te misbruik deur sy medediensknegte te slaan en die lewe vir hulle ondraaglik te maak, en hy sal die eiendom van sy heer begin aanwend vir sy eie dronkmans-feeste. Die huisheer sal op 'n dag en uur terugkom wat hierdie dienskneg nie verwag nie, en hom aan 'n ontsettende straf onderwerp. Hy sal geopenbaar word as 'n geveinsde, wat voorgegee het dat hy sy heer getrou wou dien, en in sy hart net sy eie belange gesoek het. Hy word uitgeban uit die huishouding van die huisheer, en oorgegee aan die knaging van sy gewete.

Hieruit moet die dissipels en hulle opvolgers verstaan dat aan hulle 'n besonder opdrag toevertrou is. Hulle moet die huishouding van Christus hier op aarde versorg in die tyd dat Hy weg is, en in afwagting op sy wederkoms. Wie in waaksaamheid verslap, verval in versoeking. Maar wie waaksaam bly, is tegelyk getrou en verstandig en sal ryke beloning

ontvang.

**§ 187 Die tien jong meisies (Matt. 25:1-13)**

Die waaksaamheid bestaan daarin dat 'n mens betyds alles in gereedheid bring vir die onverwagte wederkoms van die Seun. Om dit te beklemtoon, vertel Jesus die gelykenis van die tien jong meisies.

Daar sou 'n bruilofsfees wees. Die bruidegom sou teen die aand van die feesdag, volgens Joodse gebruik, na die huis van die bruid kom om haar weg te haal na die fees. Die bruid sien uit na die blye gebeurtenis en stuur tien van haar vriendinne uit om die bruidegom langs die pad in te wag en feestelik begeleide te doen. Aangesien dit reeds teen die aand is, neem die tien meisies hulle olielampe saam. Die bruidegom talm egter om te kom, en mettertyd word al die meisies vaak en raak aan die slaap. Teen middernag hoor hulle die geroep: "Daar kom die bruidegom. Gaan uit hom tegemoet! " Die tien meisies skrik wakker en begin hulle lampe reg te maak en olie by te gooi. Toe blyk dit dat vyf van die meisies nie 'n voorraad olie saamgeneem het nie, en dus nie hulle lampe aan die brand kan hou nie. Hulle wil van die vyf ander leen, maar dié weier omdat daar dan nie vir almal voldoende olie sal wees nie. Daar was niks aan te doen nie. Die vyf moes maar gou na die een of ander handelaar gaan om nog olie te probeer bekom. Intussen kom die bruidegom, en die vyf verstandige meisies vergesel hom na die feesmaal. Toe die fees begin, word die deur gesluit.

Later verskyn die vyf dwase meisies voor die deur en klop, aan. Hulle smeek om binnegelaat te word. Die bruidegom staan self aan die deur en weier om hulle te ontvang. Aan hulle sê hy: "Ek ken julle nie." Daarmee word hulle weggewys (vgl. Matt. 7:23; § 56).

Met hierdie gelykenis dui Jesus Homself aan as die hemelse bruidegom wat aan die einde van die tyd na die aarde sal kom om sy bruid, die kerk, tot Hom te neem. Die voorgangers in die kerk, en trouens alle gelowiges, is soos die tien jong meisies wat op die voorpunt staan om die koms van die Bruidegom af te wag. Daar sal egter 'n tydsverloop wees. Die wederkoms sal nie so onmiddellik plaasvind nie. Daarom sal die kerk en ook sy voorgangers nie die spannende verwagting voortdurend kan volhou nie. Hulle sal verslap en selfs aan die slaap raak. Dit alles is egter vergeeflik, mits hulle betyds sorg dat hulle 'n genoegsame voorraad olie vir die lampe het. Die Heilige Gees moet daar wees, en die geloof moet steeds by hulle gevind word. Ook moet die Gees en die geloof 'n vrug van goeie werke gelewer het, soos 'n voorraad olie wat in die lampe 'n skynende lig kan versprei (vgl. Matt. 5:16).

Aan die slot van die gelykenis beklemtoon Jesus sy waarskuwing: "Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie".

**§ 188 Die talente (Matt. 25:14-30; vgl. Luk. 19:11-27)**

Die volgende gelykenis het te doen met die wyse waarop die tyd tot by die wederkoms aangewend moet word. Wie handel soos Jesus aandui, is waaksaam en ontvang die loon van die getroue en verstandige dienskneg. In hoofsaak kom hierdie gelykenis ooreen met dié van die ponde by Lukas (vgl. § 168).

'n Man wat op reis wou gaan, roep sy diensknegte en vertrou al sy besittings aan hulle toe. Aan die een gee hy vyf talente, aan die ander twee en aan 'n derde een. 'n Talent is 'n groot bedrag geld, maar die man vertrou sy diensknegte daarmee en hy hou rekening met hul onderskeie vermoëns en aanleg. Hy weet dat alle mense nie eenders bedeeld is nie, en gee dus "aan elkeen na sy vermoë".

Onmiddellik daarna gaan die man op reis en hy bly "'n lang tyd" weg (v. 19). Met hierdie besonderheid het Jesus weer eens laat verstaan dat 'n lang tyd sou verloop tussen hemelvaart en wederkoms.

Die diensknegte gaan dadelik aan die werk en wend die talente wat aan hulle toevertrou is op so 'n wyse aan dat die vermoë van hulle huisheer kan toeneem. Aan die einde van die lang tyd kom die huisheer terug en vra rekenskap van sy diensknegte. Die een wat vyf talente ontvang het, bring nog vyf daarby. Hy word deur die huisheer geprys met die woorde: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer".

Die volgende dienskneg bring sy twee talente met nog twee daarby. Hy ontvang dieselfde woorde van lof en dieselfde beloning: "Gaan in in die vreugde van jou heer."

Daarna kom die dienskneg aan die beurt wat een talent ontvang het. Hy haal die talent te

voorskyn en verklaar dat hy dit in die grond begrawe het omdat hy dit net so aan sy heer wou terugbesorg. Dit het hy gedoen omdat sy heer 'n harde man was wat verdruk het en toegeëien het wat nie syne was nie. Allerlei bitter dinge sê die dienskneg. Alles wat hy sê, is kennelik onwaar. Daar is in die gelykenis niks wat daarop dui dat die huisheer onbillik of onvriendelik teenoor sy diensknegte opgetree het nie. Hy het trouens niemand ooreis nie, maar elkeen 'n opdrag gegee volgens sy bepaalde vermoë. Maar hierdie dienskneg wou die voordele van die huishouding van sy heer geniet en tog nie sy plig teenoor die huishouding uitvoer nie. Hy was 'n ontroue geveinsde (vgl. 24:51). Daarom word die een talent van hom weggeneem en aan die een gegee wat tien gehad het. Die nuttelose dienskneg word daarop uitgewerp in die buitenste duisternis, waar daar geween en gekners van die tande sal wees.

Met hierdie gelykenis wil Jesus sy volgelinge leer dat Hy aan hulle geen onbillike eise stel nie. Aan elkeen is sekere gawes en talente toevertrou. Daarmee moet hulle woeker in belang van die koninkryk van God. Wie getrou is, ontvang die loon van die getroue. Wie ontrou is, word uitgewerp.

**§ 189 Die laaste oordeel (Matt. 25:31-46)**

In die vorige gelykenis het Jesus dit beklemtoon dat sy volgelinge met die talente wat aan hulle gegee is, moet woeker. Aangesien 'n talent in die letterlike sin 'n geldstuk is, wil Hy egter laat Verstaan dat Hy nie bedoel het dat hulle moet gaan geld insamel en rykdom ophoop in die waan dat hulle daardeur die Here behaag nie. Op 'n heel ander wyse moet hulle die Here dien. Om dit toe te lig, vertel Hy 'n gelykenis van die laaste oordeel.

Wanneer die Seun van die mens in heerlikheid verskyn op die laaste dag, sal Hy op sy troon sit en al die engele rondom Hom staan. Dan sal al die nasies voor Hom saamgebring word, en Hy sal hulle skei soos 'n herder die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy aan sy regterhand saambring en die bokke aan sy linkerhand.

Nadat die skeiding voltooi is, sal die Seun as Koning en Regter 'n uitspraak doen. Aan dié aan sy regterhand sal Hy sê. "Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af." Dan gaan Hy voort om te sê dat Hy honger en dors was, 'n vreemdeling, naak, siek en in die gevangenis, en hulle het Hom gedien. Verbaas vra hulle dan wanneer hulle Hom in die toestand van ellende gesien en Hom gedien het. Daarop kom die antwoord: "Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen."

Daarna wend die strenge Regter Hom tot dié wat op linkerhand staan en sê aan hulle: "Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele." As rede vir die veroordeling word aangevoer dat hulle Jesus honger, dors, 'n vreemdeling, naak, siek en in die gevangenis gesien het, en geweier het om Hom te dien. As hulle verbaas vra wanneer hulle dan op hierdie wyse teenoor Jesus so liefdeloos gehandel het, kry hulle ook die antwoord dat wat hulle aan een van die geringstes nie gedoen het nie, hulle ook aan Jesus nie gedoen het nie.

Dan bereik elke groep sy ewige eindbestemming: die onregverdiges gaan weg in die ewige straf; die regverdiges gaan in die ewige lewe.

Hierdie gelykenis vat die vorige drie saam: om die getroue en verstandige dienskneg te wees wat die medediensknegte hulle voedsel op tyd gee (24:45-51), en om die verstandige meisies te wees wat olie in die lampe het (25:1-13), en om met die talent getrou te woeker (25:14-30) - dit alles word saamgevat in die woord: "Wat julle aan een van hierdie geringste broeders van My gedoen het, dit het julle aan My gedoen".

## XIX. OP WEG NA GETSÉMANÉ

### § 190 Die besluit van die Joodse Raad (Matt. 26:1-5; Mark. 14:1-2; Luk. 22:1-2; vgl. Joh. 11:47-53)

Laat op die Dinsdagaand, toe hulle nog daar op die Olyfberg gesit het en volgens Joodse berekening die volgende dag (Woensdag) reeds aangebreek het, het Jesus sy onderrig oor die toekomstige dinge afgesluit. Voordat hulle van daar verder gaan na Betánië wys Jesus daarop dat dit oor twee dae (Vrydag) Paasfees sou wees. Hy voeg daarby dat op daardie dag die Seun van die mens oorgelewer sou word om gekruisig te word.

Dit was die eerste keer dat Jesus die dag van sy kruisiging vooruit aan sy dissipels bekend gemaak het.

Daardie Woensdag het Jesus in Betánië gebly. In Jerusalem was daar egter groot geheime aktiwiteit onder die lede van die Sánhedrin gaande. Die owerpriesters, skrifgeleerdes en ouderlinge van die volk, d.w.s. al die lede van die Joodse Raad of Sánhedrin, het in die paleis van die hoëpriester Kájafas byeengekom. Dit was 'n ongewone plek van vergadering aangesien die Sánhedrin sy sittinge in een van die vertrekke in die tempel gehou het. Maar geheimhouding was nodig. Daarom vergader die Raad nie op 'n plek waar hulle maklik opgemerk sou word nie. Die bespreking was 'n voortsetting van dié wat op die byeenkoms ná die opwekking van Lasarus oorweeg is, naamlik, hoe om Jesus uit die weg te ruim (vgl. § 151). Die besluit is reeds geneem dat Jesus moet sterf. Maar hoe moes die besluit uitgevoer word?

Die Joodse Raad was bang vir die volk want hulle het Jesus bewonder en aangehang. Op die fees wou die Raad ook nie 'n oproer veroorsaak nie. Daarom besluit hulle op die vergadering dat Jesus met lis gevange geneem en gedood moes word, en dat die feesgangers daar niks van moes agterkom nie.

Hulle wou die ontsettende daad in die geheim laat plaasvind. Die heilsplan van God was egter anders.

### § 191 Die maaltyd in Betánië (Matt. 26:6-13; Mark. 14:3-9; Joh. 12:2-11)

Daardie Woensdag toe die Joodse Raad hul geheime samespreking gehou het oor hoe om Jesus dood te maak, het sy vriende in Betánië vir Hom en sy dissipels 'n maaltyd voorberei. Dit vind plaas in die huis van Simon, die melaatse. Sy benaming dui daarop dat hy voorheen 'n melaatse was en deur Jesus genees is. Hy betuig sy dank en sy verering van Jesus deur die maaltyd aan te rig en al die vriende van die Here daarheen te nooi. Lasarus wat uit die dode opgewek is, was daar aan die tafel terwyl sy suster Martha met die bediening behulpsaam was. Maria was ook daar, maar sy bly aanvanklik op die agtergrond.

Hierdie maaltyd was anders as so baie waaraan Jesus reeds deelgeneem het. Tans is Hy in die kring van vriende. Hy word nie meer deur vyandige oë bespied en daar is ook geen gespanne atmosfeer nie. Almal het Hom lief en wil dit ook graag aan Hom betoon.

Toe die maaltyd pas begin het, kom Maria binne en gaan na Jesus toe waar Hy volgens die gewoonte van die tyd op 'n divan aan tafel lê. Sy het 'n albaste fles met baie kosbare nardussalf by haar. Die nardusolie was 'n besonder hooggewaardeerde parfuum. Dit is ingevoer uit Indië waar dit van die wortel van die nardusplant gemaak word. Daarom is dit ook baie duur. Dit word verkoop in 'n klein albaste fles met 'n dun nek en klein opening sodat die kosbare vloeistof net drupsgewys uitgegiet kan word.

Maria kom nader en breek die nekkie van die fles af sodat die nardusolie maklik kan uitvloei. Dan giet sy daarvan op die hoof van Jesus, en maak sy die flessie leeg oor sy voete. Dan doen sy wat 'n ander vrou in ander omstandighede by die maaltyd van 'n ander Simon gedoen het (vgl. § 68). Sy maak haar lang hare los en droog Jesus se voete daarmee af. Daarna sit Maria tevrede aan die voete van Jesus. Sy het die allerbeste en kosbaarste wat sy besit het, geheel en al aan Hom bestee om daardeur haar liefde te betuig. Die hele vertrek word gevul deur die geur van die nardusolie. Op so 'n mooi manier was Jesus nog nooit gehuldig nie. Vir Hom was dit 'n soet druppel in sy bittere lydensbeker.

Judas Iskáriot was ook teenwoordig. Teenoor die ander dissipels begin hy besware te mompel. Die nardussalf was baie geld werd. Dit kon vir minstens driehonderd pennings verkoop geword het, d.w.s. vir die helfte meer as wat nodig was om die vyfduisend mense te voed (Mark. 6:37). Dit sou volgens Judas veel beter gewees het om dit te verkoop en die geld aan die armes te gee. Johannes vertel dat Judas dit nie gesê het

omdat hy oor die armes so besorg was nie, maar omdat hy die beurs gedra het. Hy was die een onder die Twaalf wat aangewys was om hulle gesamentlike geldsake te behartig, en dit was bekend dat hy nie eerlik was nie. Hy het homself bevoordeel uit die gemeenskaplike beurs. Dit is net jammer dat Judas in sy onvriendelike standpunt teenoor Maria die steun gekry het van sommige van die ander dissipels.

Jesus neem Maria in sy beskerming, net soos Hy dit by geleentheid gedoen het toe Martha by Hom oor haar suster kom kla het (vgl. § 128). Aan die dissipels sê Hy: "Laat haar staan. Waarom val julle haar lastig? Sy het 'n goeie werk aan My gedoen." Dan voeg Hy daaraan toe dat sy die salf aangewend het met die oog op sy begrafnis. Hy sien daarin 'n vervroegde behandeling van sy liggaam met speserye met die oog op sy begrafnis. Sy het dus 'n profetiese daad verrig. Die armes sou altyd daar wees sodat op enige ander tyd aan hulle iets goeds gedoen kon word. Maar Jesus se tyd was nou baie kort en Maria het 'n guns aan Hom bewys wat nie herhaal sou kon word nie. Daarom, sê die Here, sal haar daad vermeld word oral in die wêreld waar die evangelie verkondig word, tot 'n gedagtenis aan haar.

Die verloop van die gebeurtenisse in die volgende dae het die woorde van Jesus bewaarheid. Daar was ook daadwerklik geen geleentheid om sy liggaam met speserye te behandel nie. Na sy sterwe is Hy haastig in die graf gelê voordat die Sabbat sou aanbreek. En op die oggend van die eerste dag van die week, toe die vroue na die graf gaan om die liggaam te versorg, was Hy al opgestaan. Juis daarom was die daad van Maria so betekenisvol en sou dit in herinnering gehou word.

Terwyl die maaltyd aan die gang was, het 'n groot aantal Jode uit nuusgierigheid saamgekom. Hulle wou Jesus sien en ook Lasarus wat uit die dode opgewek was. Hierdie belangstelling in Lasarus wek die misnoeë van die owerpriesters, te meer omdat baie Jode in Jesus begin glo het as gevolg van die opwekking van Lasarus. Daarom besluit hulle om Lasarus ook om die lewe te bring.

**§ 192 Die verraad van Judas (Matt. 26:14-16; Mark. 14:10-11; Luk. 22:3-6)**

Die gebeurtenis by die maaltyd in Betánië het Judas daartoe gelei om 'n sataniese beslissing te neem. Lukas sê dat die Satan in hom gevaar het. By die eerste geleentheid wat hy kry, sluip hy weg van die ander dissipels en gaan terug na die tempel om met die owerpriesters te onderhandel. Hy was bereid om Jesus teen 'n prys uit te lewer.

Vir ons is dit moeilik om te begryp dat Judas na drie jaar saam met Jesus, so uiters verhard kon word. Ook kan ons nie verklaar waarom Jesus so 'n man opgeneem het in die twaalftal nie. Ons weet net dat dit die uitvoering was van die raad van God, en dat Jesus die dissipels aanvaar het wat God aan Hom gegee het (vgl. § 47).

Die verset teen Jesus het langsaam aangegroei in die hart van Judas. Jesus was bewus van die feit en het selfs verklaar dat een van die Twaalf 'n duiwel was (Joh. 6:70; § 90). Judas het die goeie skyn bewaar en in die kring van die Twaalf gebly, maar sy hart was lank nie meer aan Jesus verbonde nie. Noudat hy 'n teregwysing oor die salf van Maria ontvang het, het hy besluit om te probeer wins maak uit sy goeie kontakte.

Vir die owerpriesters en owerstes was dit 'n onverwagte uitkoms toe Judas daar opdaag met sy aanbod. Hulle het besluit om Jesus êrens te laat oorval waar die skare nie by was nie, en Hom uit die wêreld te maak sonder dat dit in die openbaar bekend word.

Nou kom juis dié man hulp aanbied, wat goed op hoogte is van Jesus se bewegings en die regte tydstip vir die gemene daad kan aanwys.

Die onderhandelings lei tot 'n ooreenkoms. Hulle sou aan Judas die prys van 'n slaaf betaal, d.w.s. dertig silwerstukke (vgl. Exod. 21:32). Hulle het nie besef dat hulle besig was om die profesie van Sagaría (11:12) in vervulling te laat gaan nie. Daar staan: "Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig silwerlinge." Die owerpriesters het ook daadwerklik voor Judas sy loon van dertig silwer stukke afgeweeg, maar dit toe gebêre totdat hy sy onderneming uitgevoer het. Hulle betaal nie vooruit nie.

Van toe af was Judas op die uitkyk na 'n geskikte geleentheid om Jesus oor te lewer. Hy moes egter let op die voorwaarde dat dit nie op so 'n wyse moes geskied dat daar onder die skare 'n oproer ontstaan nie. Juis dit was moeilik omdat Jesus voortdurend in die teenwoordigheid van heelwat mense verkeer het.

## § 193 Die voorbereiding vir die Paasmaal (Matt. 26:17-20; Mark. 14:12-17; Luk. 22:7-14)

Die eerste dag van die ongesuurde brode het aangebreek. In daardie week was dit op Donderdag. Dit was die dag van voorbereiding vir die Paasfees. Volgens die bepaling van Moses moet alle suurdeeg uit die huise verwyder word en vir sewe dae lank moet slegs ongesuurde brode geëet word (Exod. 12:15 e.v.). Die ou suurdeeg word later deur Paulus vertolk as beeld van die sonde (1 Kor. 5:7). Op die dag voor die Paasfees word die suurdeeg verwyder en van daardie dag af tot sewe dae na die Paasfees eet die Jode die plat ongesuurde brode.

Die voorbereiding vir die Paasmaal het heelwat werk vereis. Die Pasga herinner aan die beveiliging teen die dood van die eersgeborenes in Egipte en die uittog na die beloofde land. 'n Paaslam moes na die tempel geneem word om daar geslag te word. Die bloed word opgevang en op die altaar uitgegiet, en die binnevet word as brandoffer verbrand. Daarna word die lam, waarvan geen been gebreek mag word nie, huis toe geneem om gebraai te word. Aangesien sowel al die Jode in Jerusalem as die menigte feesgangers van verskillende dele van die land op daardie dag na die tempel gaan om die lam te laat slag, is daar by die voorbereiding altyd 'n groot drukte in die voorhof van die tempel. Daar word op so 'n dag duisende lammers geslag. Hoewel alle beskikbare priesters op diens is, moet mense lank wag op hulle beurt om gehelp te word. Die bepaalde tyd waarop die lam geslag moet word, is teen 3-uur in die namiddag, maar omdat daar so baie geslag moet word, begin die werksaamhede reeds vroeg in die dag.

By die voorbereiding moes ook gesorg word vir 'n bitter sous wat sou herinner aan die swaarkry van Israel by die uittog. Verder is 'n skottel gekookte gemengde droëvrugte gereed gemaak. Ook moes daar 'n voorraad gewone rooi wyn voorsien word wat sonder byvoeging van water bedien sou word.

Vroeg op die Donderdag het die dissipels Jesus gevra waar Hy wou hê dat hulle gereed moes maak om die Pasga, d.i. die Paaslam, te eet. Aangesien Jesus van Judas se planne geweet het, wou Hy nie 'n openlike aanwysing gee nie. Hy wou die Paasmaal ongesteurd met die dissipels eet en moes dus die plek van byeenkoms vir Judas geheim hou. Daarom roep Hy die twee mees vertroude dissipels, Petrus en Johannes, en gee aan hulle die aanwysing en die opdrag om vir die maaltyd te gaan voorberei.

Hulle moet na die stad gaan en daar sou hulle 'n man teenkom wat 'n kruik water dra. Hulle moes hom volg na die huis waar hy ingaan en aan die eienaar 'n saal vra waar die Meester met die dissipels die Pasga kan eet. Die twee dissipels doen soos Jesus gesê het, en kom in die huis wat blykbaar aan 'n volgeling van Jesus behoort het. Die man wys aan hulle 'n ruim bovertrek wat reeds vir die Pasga gereed gemaak is. Daar het die twee dissipels alles in orde gebring vir die maaltyd in die aand.

In wie se huis die bovertrek was, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Daar is egter aanduidings dat dit die huis van Maria, die moeder van Johannes Markus, kon gewees het. In haar huis was daar 'n ruim bovertrek waar die gemeente gewoond was om te vergader (Hand. 12:12). Aangesien alleen Markus (14:51-52) van 'n sekere jongman vertel wat naak uit Getsémané weggevlug het, word veronderstel dat die jongman Markus self was, en dat hy daardie nag Jesus gevolg het na die tuin. Hy moes dus die geleentheid gehad het om presies van die bewegings van Jesus te weet. Dit kan die beste verklaar word deur aan te neem dat die bovertrek van die Paasmaal in die huis van sy moeder Maria was. Dit is egter net 'n vermoede.

Teen die aand het Jesus en die tien by die plek aangekom waar Petrus en Johannes alles gereed gemaak het.

## § 194 Die datering van die Paasmaal

'n Vergelyking van die gegewens van die sinoptiese Evangelies met dié van Johannes stel ons voor die moeilike vraagstuk van die datering van die Paasmaal wat Jesus saam met sy dissipels geëet het. Volgens die instelling van die Pasga (Exod.12) moes die voorbereiding plaasvind op die 14de van die eerste maand (= Nisan), en daardie aand wanneer die 15de aangebreek het, word die Paasmaal geëet. By die vasstelling van die kalender vir die jaar moet toegesien word dat die aand van 15 Nisan op volmaan val.

Volgens die Sinoptici het Jesus en die dissipels op die gewone tyd, die aand toe 15 Nisan aangebreek het, die Pasga gevier, en is Hy op die dag van 15 Nisan (Vrydag) voor Pilatus verhoor en gekruisig.

Volgens Johannes verskyn Jesus op die Vrydag voor Pilatus, maar die owerpriesters wou nie

in sy paleis ingaan nie, "dat hulle hul nie sou verontreinig nie, maar dat hulle die pasga kon eet" (18:28). Hiervolgens was dit die dag van die voorbereiding, en sterf Jesus, die Lam van God, op die uur wanneer die Paaslam geslag word. Dan het Jesus op 13 Nisan die dissipels gestuur om die maaltyd voor te berei, en daardie aand toe 14 Nisan aangebreek het, die Paasmaal geëet Op die dag van 14 Nisan (Vrydag) toe dit vir die owerpriesters (Sadduseërs) die voorbereiding was, sterf Hy aan die kruis.

Verskeie verklarings word aangebied vir hierdie verskil in die gegewens. Dit wil voorkom asof die volgende die meer bevredigende is:

0.a) Die Fariseërs wou dat in geen geval die Sabbatswette oortree word nie. In 'n jaar soos die onderhawige waarin daar 'n moontlikheid bestaan dat die viering van die Pasga inbreuk sou kon maak op die Sabbatswette, was hulle bereid om die Paasmaal met 'n dag te vervroeg. Jesus en die meerderheid van die volk sou dan die aanwysing van die Fariseërs gevolg het. Die Sadduseërs was hierop minder gesteld en het geen beswaar om die Paasmaal op die Sabbat te vier nie. Daardie Vrydag, wat ook deur die Sinoptici as die voorbereiding aangedui word (Matt. 27:62; Mark. 15:42; Luk. 23:54), het die owerpriesters (die Sadduseërs) nog nie die Pasga gevier nie. Hulle sou dit daardie selfde aand doen, wanneer die Sabbat aangebreek het.

1.b) Die Joodse geskiedskrywer, Josefus, vertel dat by een geleentheid 'n kwart miljoen Paaslammers geslag moes word. Sy getal is waarskynlik oordrewe, maar dit gee 'n aanduiding van die groot troppe lammers wat op die dag van die voorbereiding geslag moes word. Omdat dit te veel was om op een dag af te handel, moes die voorbereiding en ook die Paasfees oor twee dae strek. Vandaar dat sommige Jode op daardie Vrydag reeds die Pasga geëet het en ander nog nie.

Waarskynlik is (a) die aanneemlikste verklaring. Dit beteken dat Jesus op Vrydag 14 Nisan, die dag van die voorbereiding, gesterf het. Vir die Fariseërs en die meerderheid van die volk was dit egter die Paasdag omdat hulle die Pasga vervroeg het om nie die Sabbat te skend nie. Vir die Sadduseërs was dit nog die voorbereiding. Die Sinoptici volg die tydsbepaling van die Fariseërs, en Johannes dié van die Sadduseërs. Daardeur voer Johannes die aanwysing van Jesus as die Lam van God wat die sonde wegneem, (Joh. 1:29, 36) deur tot sy hoogtepunt wanneer Jesus op die uur sterf wanneer die Paaslam in die tempel geslag word.

## § 195 Die begin van die maaltyd (Luk. 22:15-18)

Sodra die eerste drie sterre sigbaar geword het, kondig die basuin van die tempel aan dat die nuwe dag aangebreek het. Dit was die Paasdag vir die meerderheid van die Jode (vgl. § 194). Jesus en die tien dissipels het reeds aangekom by die bovertrek waar Petrus en Johannes alles in gereedheid gebring het. Nou gaan hulle aan tafel. Elkeen lê op 'n lae divan, gestut op die linker-elmboog. Jesus neem die plek van die huisvader, en regs van Hom is Johannes.

As alles gereed is, sê Jesus: "Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly." Hy het geweet dat Hy sou ly, en het kort tevore aan die dissipels gesê dat Hy gekruisig sou word (Matt. 26:2). Die moontlikheid het bestaan dat Hy nie die geleentheid sou hê om die Pasga saam met die dissipels te eet nie. Daarom is Hy nou so dankbaar dat hulle in afsondering byeen kan wees. Hierdie Pasga sou 'n besonder betekenisvolle een wees, en ook die laaste geleentheid vir Jesus om aan die dissipels breedvoerig onderrig te gee omtrent die dinge wat sou kom.

Voorts verklaar Hy dat Hy van die Pasga nie meer sal eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie. Nie alleen sou dit Jesus se laaste Pasga op aarde wees nie, maar die Pasga as herinneringsmaal aan die uittog uit Egipte het op daardie aand 'n nuwe betekenis gekry. Dit was 'n heenwysing op die Lam van God wat die volk van God sou uitlei uit die slawehuis van sonde. Nou het die vervulling gekom. Jesus het self die Paaslam geword. Maar die nuwe Pasga is op sy beurt weer 'n heenwysing op die toekomstige vervulling in heerlikheid by die voleinding. Daarheen kyk Jesus nou vooruit.

Die Paasmaal begin met die instelling van die beker van seën. Jesus neem die beker en spreek die seënbede uit. Die huisvader sê gewoonlik by dié geleentheid: "Geseënd is U, Here, onse God, wat die vrug van die wynstok geskep het." Jesus het toe die eerste beker laat rondgaan, en verklaar dat Hy nie van die vrug van die wynstok sou drink voordat die koninkryk van God gekom het nie. Ook met hierdie uitspraak wys Hy heen op die vervulling in die nabye toekoms. Maar Hy verwys ook na die maaltyd van die Lam in volle heerlikheid by die voleinding.

Met hierdie woorde en handelinge van Jesus het die maaltyd begin.

**§ 196 'n Twis oor rangorde (Luk. 22:24-30)**

Skaars het die maaltyd begin of 'n twis ontstaan onder die dissipels oor die rangorde aan tafel. Oor hierdie aangeleentheid het daar dikwels by maaltye onenigheid ontstaan, veral onder die Fariseërs wat so gesteld was op hulle eer. Onder die dissipels was daar ook diegene wat nie tevrede was met die plek wat aan hulle toegewys was nie.

Weer eens moet Jesus intree en daarop wys dat in die koninkryk van God ander norme van grootheid van toepassing is as in die wêreld (vgl. § § 106, 165). In die wêreld is die een wat aan tafel sit groter as die een wat bedien, maar in die koninkryk van God is dit andersom. Daar is die leier die een wat dien. Hierin was Jesus steeds die voorbeeld, omdat Hy gekom het om te dien.

As die dissipels hierdie beginsel getrou naleef, sal daar ook loon vir hulle wees. Net soos die Vader vir Jesus 'n koninkryk beskik het, so beskik Hy ook vir die dissipels 'n koninkryk. Hulle sal eenmaal aan Jesus se tafel in sy koninkryk eet en drink, en self ook op twaalf trone sit om die stamme van Israel te oordeel. Hulle grootheid is weggelê in die toekoms. Daarom moet hulle die onderlinge stryd om rang en eer staak, en bereid wees om grootheid te soek in die lewering van liefdediens.

**§ 197 Die voetwassing (Joh. 13:1-20)**

Jesus wou dat sy dissipels die les van diens op so 'n wyse leer dat hulle dit nie weer sou vergeet nie. Ook wou Hy aan hulle 'n finale daad van liefde doen voordat Hy ly.

Die huiseienaar wat die bovertrek beskikbaar gestel het, het volgens gebruik gesorg vir water en 'n waskom en droogdoek, maar hy het nie 'n slaaf aangewys om die voete van die gaste by hul aankoms te was nie. Een van die dissipels sou dit self vir die ander moes doen. Daartoe was niemand bereid nie. Veeleer het hulle gewedywer om die plekke van voorrang aan tafel.

By die Paasmaal is dit die gebruik dat die huisvader opstaan om sy hande te was nadat Hy die maaltyd geopen het. Jesus staan dus op, maar Hy doen iets ongewoons. Hy lê sy bo-kleed neer en bring die waskom en droogdoek nader. Hy buk neer by die voete van die dissipels en begin die een na die ander se voete te was. Ook dié van Judas Iskáriot. As Hy by Petrus kom, wil Petrus nie toelaat dat Jesus sy voete was nie. Jesus verduidelik dat Petrus later die volle betekenis van Jesus se daad sal begryp. As Petrus volhard in sy weiering, verklaar Jesus dat hy dit moet toelaat anders sou hy geen deel aan Jesus hê nie. Dan verander Petrus onmiddellik van houding en sê: "Here, nie net my voete nie, maar ook die hande en my hoof." Dan verklaar Jesus dat iemand wat reeds gebad het, heeltemal rein is, en dat net sy voete wat van die loop vol stof geword het, gewas moet word. Hieraan voeg die Here by dat nie almal van hulle rein was nie, want Hy het geweet van Judas se bose plan.

Die woorde van die Here het 'n diepe betekenis. Dit is letterlik waar dat iemand wat gebad het, soos die dissipels stellig gedoen het voordat hulle die Pasga sou eet, nie nodig het om weer gebad te word nie, maar dat net die voete gewas moet word. Maar dit het ook 'n geestelike betekenis. Diegene wat heeltemal gereinig is van hulle sondes, het dit nodig om daagliks weer gereinig te word omdat hulle iedere dag weer met die sonde in aanraking kom.

Nadat Jesus die voete van die dissipels gewas het, neem Hy weer sy plek aan tafel en wys op die betekenis van sy daad. Dit was 'n voorbeeld van nederige dienslewering, en hulle moet ook bereid wees om op dieselfde nederige manier mekaar te dien. "As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen," sê die Here.

Dan spreek Jesus 'n woord uit wat die dissipels moeilik begryp. Hy het hulle salig genoem, maar voeg daarby dat nie almal salig is nie, aangesien een van hulle die woorde van die Psalm (41:10) in vervulling sou bring: "Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig." Dit sê die Here vooruit sodat wanneer dit gebeur, die dissipels kan glo.

**§ 198 Die aanwysing van die verraaier (Matt. 26:21-25; Mark. 14:18-21; Luk. 22:21-23; Joh. 13:21-30)**

Die maaltyd het voortgegaan maar Jesus was kennelik ontsteld. Hy moes dit verduur dat Judas onder die skyn van 'n getroue dissipel te wees daar aan tafel verkeer het, terwyl sy hart vol moordplanne was. Later spreek Hy die nood van sy hart uit:

"Voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai, een wat saam met My eet". Vir die dissipels was dit 'n skokkende uitspraak. Hulle is net twaalf, en nou verklaar Jesus dat een 'n verraaier is. Daaroor word hulle bedroef en begin vra wie dit dan kan wees. Hulle begin ook onseker raak van hulle trou aan Hom en vra, die een na die ander: "Is dit miskien ek, Here?" Hierop gee Jesus 'n nadere aanwysing deur te sê: "Dit is een van die twaalf wat saam met My sy hand in die skottel steek." Met hierdie uitspraak word die kring nouer getrek om die kleiner kring in te sluit wat hulle uit dieselfde skottel as Jesus bedien het. Tot die kring het Johannes en Petrus en enkele ander, waaronder Judas behoort. Hierop gee Petrus 'n teken aan Johannes dat hy Jesus moes vra om die persoon aan te wys. Johannes leun toe terug op die bors van Jesus en stel aan Hom die vraag. Daarop antwoord Jesus aan Johannes dat dit die persoon is aan wie Hy die stukkie sou gee nadat Hy dit in die bittersous ingedoop het (Joh. 13:26).

Judas het ook gemaak asof hy erg ontsteld was oor die uitspraak van Jesus, en het probeer om die rol van die onskuldige te speel. Daar buig hy ook oor na Jesus en vra: Is dit miskien ek, Rabbi?" Net op daardie moment reik Jesus die stukkie brood aan Judas, en sê: "Jy het dit gesê."

Pas tevore het Jesus gesê dat die man deur wie die Seun verraai sou word, 'n vervloekte is. Dit sou beter gewees het as hy nie gebore was nie. Hierdie woorde was 'n finale beroep op Judas om tot inkeer te kom, maar dit het geen uitwerking ten goede op hom gehad nie. Elke woord van Jesus het die haat laat toeneem. Noudat Jesus hom aangewys het as die verraaier het die boosheid openlik in sy oë sigbaar geword. Die Satan het oor hom volle mag verkry. Aan Judas sê Jesus toe: "Wat jy doen, doen dit haastig."

Aangesien dit eintlik 'n gesprek was tussen Johannes en Jesus, en Jesus en Judas, het die ander dissipels nie goed begryp waaroor dit alles gegaan het nie. Toe Judas opstaan om van die tafel weg te gaan, het hulle gemeen dat Jesus hom gestuur het om iets te koop wat vir die fees nodig was, of dat hy iets vir die armes moes gaan gee.

Judas het die stukkie brood geneem, en dadelik die bovertrek verlaat. Hy het van Jesus, die lig van die wêreld, weggegaan die nag in. Ook in die lewe van Judas was dit nag.

**§ 199 Die instelling van die nagmaal (Matt. 26:26-29; Mark. 14:22-25; Luk. 22:19-20; vgl. 1 Kor. 11:23-25)**

Die Paasmaal van die Jode het volgens 'n vaste program verloop. Dit begin met die beker van seën wat die huisvader ophef met 'n woord van lof en danksegging aan God, en dan by die tafel laat rondgaan. Daarop volg die ete waarby die verskillende dinge op tafel in 'n voorgeskrewe volgorde genuttig word. Wanneer die maaltyd goed gevorder het, gaan die tweede beker rond. Daarna vra die jongste onder die aanwesiges, gewoonlik 'n kind, wat dit alles beteken, en die huisvader antwoord deur die geskiedenis van die uittog uit Egipte te vertel. Aan die einde van die verhaal sing die aanwesiges die eerste deel van die Hallel, d.w.s. Ps. 113 en 114.

Die huisvader neem dan brood en breek dit terwyl hy sê: "Dit is die brood van ellende wat ons vaders in Egipte geëet het." As almal weer van die brood en die lam geëet het, gaan die derde beker rond. Daarna word die tweede deel van die Hallel gesing (Ps. 115 - 118), en word die maaltyd afgesluit met die vierde beker.

Nadat Judas weg is, het daar 'n rustige atmosfeer ontstaan. Jesus het egter geweet dat sy tyd nou baie kort begin word het. Toe die maaltyd die punt bereik waar die huisvader die brood moet breek, het daar stilte gekom terwyl almal na die Hoof van die tafel kyk. Plegtig neem Jesus die brood, breek dit en gee dit aan hulle. Maar in plaas van die gebruiklike woorde sê Hy: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Doen dit tot my gedagtenis." As die dissipels verbaas is oor sy woorde, dring Hy aan: "Neem, eet." Hy wys met die breking van die brood nie na die verlede - die uittog uit Egipte - nie, maar na die toekoms.

Vir 'n paar oomblikke is daar stilte. Dan neem Hy die drinkbeker en sê: "Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes." Jesus neem nou self die plek van die Paaslam. Sy gebroke liggaam en vergote bloed was tot heil en behoud van almal wat in Hom glo. Hulle moes die vlees en bloed vir hulle in die geloof toeëien (vgl. § 89), en só deel verkry aan die vergifnis van sonde. Ook wys die brood en beker na die toekoms. Hulle moet die maaltyd herhaal tot sy gedagtenis, en ook daarmee volhard totdat Hy kom (1 Kor. 11:26). Hy sal sterwe, maar dit sou tot voordeel van sy gemeente wees, en aan hulle skenk Hy 'n aandenking wat die

gemeente altyd met hom kan saamdra en wat iedere keer opnuut herinner aan die volmaakte Paaslam wat vir ons geslag is, en ook heenwys op die wederkoms aan die einde.
Die ou verbond waarin die Paaslam so 'n belangrike plek ingeneem het, het nou tot afsluiting gekom en uitgemond in die nuwe verbond. Nou is dit nie meer die bloed van 'n lam wat aan die uitredding uit Egipte herinner nie, maar die bloed van die Lam van God wat uitredding uit die dood bring.
Na hierdie plegtige woorde van Jesus het 'n stilte oor almal gekom. Na 'n tydjie neem Jesus die woord, en spreek Hy sy laaste boodskap aan sy dissipels uit.

**§ 200 Die afskeidswoorde van Jesus (Joh. 13:31-35; en Joh. 14, 15 en 16)**

In diepe ontroering spreek Jesus sy dissipels toe voordat Hy die Paasmaal afsluit. Hy is diep onder die indruk van die smarte wat Hy binne enkele ure sal moet begin deurgaan. Tog is sy openings woorde nie 'n uiting van angs of benoudheid nie, maar van oorwinning. Die uur van sy verheerliking het aangebreek, en ook die Vader word verheerlik deur die dinge wat oor die Seun sal kom. Hierdie verheerliking sou dadelik begin. Dus, die diepe lyding wat Hy sou deurgaan, ook die dood as misdadiger aan die kruis, sou in die raad van God 'n verheerliking wees. Daardeur sou die Seun die heilsplan van God uitvoer en die weg tot heerlikheid open vir almal wat deur die geloof die heil aanvaar.
Aan die dissipels sê Hy dat dit nog net 'n klein tydjie sal wees voordat Hy van hulle weggaan. Hulle sal Hom soek, maar nie nou kan heengaan waar Hy is nie. Met die oog op daardie tussentyd waarin Jesus weg sal wees, gee Hy nou aan hulle en deur hulle aan sy kerk onderrig aangaande verskillende aspekte van die christelike lewe, en belowe Hy om die Trooster, die Heilige Gees te stuur om sy plek onder hulle in te neem.
Die inhoud van die gesprek van Jesus kan soos volg saamgevat word:
**(a) 'n Nuwe gebod word gegee** (13:34-35). As eerste en belangrikste voorskrif vir sy volgelinge gee Jesus die gebod dat hulle mekaar moet liefhê. Hy het self hierin die voorbeeld gestel deur hulle lief te hê, en dit aan die begin van die maaltyd te bevestig deur die voetwassing. Nou moet hulle as 'n nuwe gemeenskap hulself aan die wêreld kenbaar maak deurdat hulle mekaar liefhet. Aan dié liefde sal die wêreld weet dat die dissipels aan Jesus behoort.
**b) Die huis van die Vader** (14:1-14). Hulle moet nie ontsteld word omdat Hy gesê het dat Hy van hulle weggaan nie. Hy gaan na die huis van die Vader om daar vir hulle plek te berei, en kom dan weer om hulle daarheen te haal. Hulle moet dus hier op aarde leef soos mense wat op weg is na die vaderhuis in die hemel.
Op 'n vraag van Thomas aangaande die weg daarheen, antwoord Jesus: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (v. 6). Hy self is die weg wat heenlei na die Vader. Op 'n vraag van Filippus dat Hy aan hulle die Vader moet toon, antwoord Hy dat wie Hom gesien het, ook die Vader gesien het omdat Hy en die Vader een is. Hiervan getuig sy werke. Nou gee Hy aan hulle ook die belofte dat hulle groot werke in sy Naam sal kan doen, omdat Hy bereid is om aan hulle alles te skenk wat hulle in die gebed van Hom vra. Op hierdie wyse sal hulle op aarde reeds kan leef uit die hand van die Vader.
**c) Die belofte van die Trooster** (14:15-31). Wanneer Jesus na die Vader gaan, sal Hy sy volgelinge nie as wese agterlaat nie. Hy sal die Vader bid om 'n ander Trooster, die Heilige Gees, na hulle te stuur. Die Trooster sal die plek neem van Jesus. Hy sal die teenwoordigheid van Jesus in die gelowiges wees waardeur die Vader en die Seun na hulle kom om by hulle te woon. Die Trooster sal hulle ook herinner aan alles wat Jesus gesê het, en hulle inlei in die dieper begrip van al dié dinge wat hulle nou nog nie verstaan nie. Ook sal die Trooster aan hulle die hemelse vrede in die hart skenk. Dit sal die angste en ontsteltenisse wegneem, ook wanneer die owerste van hierdie wêreld hulle sal aanval aangesien hy voortgaan met sy stryd teen Christus.
**d) Die ware wynstok** (15:1-17). Die onderrig van Jesus word toegelig met 'n kort gelykenis. Hy is die ware wynstok en sy Vader die landbouer. Elke loot wat nie vrug dra nie, word weggesny, en elke loot wat vrug dra, word gesnoei sodat dit meer vrug kan dra. Hiermee verduidelik die Here dat al sou Hy in die hemel wees, bly die dissipels en alle gelowiges aan Hom verbonde, as deel van die wingerdstok waarvan Hy die stam en hulle die lote is. Hulle sal aan beproewing onderwerp word, want die landbouer, die Vader, snoei sy wingerd. Die wil van die Vader is dat hulle baie vrug moet dra. Dit kan hulle doen slegs deur die innige band tussen loot en stam lewend te hou deur in die liefde te bly. Jesus het van sy kant hulle so liefgehad dat Hy hulle nie meer diensknegte noem nie maar

vriende. Hulle moet ook onderling vriende bly wat deur die liefde saamgesnoer is, en dan sal hulle die vrugdraende lote van die wynstok wees. Ook in hierdie verband gee Jesus die belofte dat alles wat hulle in die gebed vra, aan hulle geskenk sal word.

e) **Daar is gespreek van die haat van die wêreld en die bystand van die Trooster** (15:18-16:4). Hulle moet daarop voorberei wees dat die wêreld hulle sal haat en vervolg. Dit het die wêreld aan Jesus gedoen, en 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie. Juis omdat hulle deur Jesus uitgestuur is, sal hulle getuienis teengestaan en hulself gehaat word. Maar die Trooster sal hulle bystaan en self deur hulle getuig. Hierdie dinge sê Jesus vooruit sodat wanneer dit kom, die dissipels nie sal struikel nie. Hulle vervolgers sal soos fanatici hulle aanval in die waan dat hulle daardeur aan God 'n diens bewys (soos Saulus gedoen het). In daardie uur moet hulle vasstaan en sal die Trooster met hulle wees.

**f) Jesus se weggaan is tot voordeel** (16:5-15). Omdat Jesus gesê het dat Hy weggaan, het die dissipels bedroef geword. Om hulle te troos, verklaar die Here dat dit vir hulle tot voordeel is dat Hy weggaan omdat Hy dan die Trooster na hulle sal stuur. Die Trooster of Voorspraak of Advokaat - die benaming vir die Gees *(Paraklétos)* kan al hierdie betekenisse hê - sal hulle regsaak verdedig. Hy sal voor die gerig van God die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, en die bewys lewer dat die owerste van hierdie wêreld reeds veroordeel is. Bowendien sal Hy, die Gees van die waarheid, die dissipels in die hele waarheid in lei en ook die toekomstige dinge aan hulle bekend maak. Hy sal Christus verheerlik in die gemeente omdat Hy alles wat aan Christus behoort, aan hulle sal meedeel. Daarom sal dit vir die gemeente van groot voordeel wees dat Jesus weggaan.

**g) Aankondiging van sy dood en opstanding** (16:16-22). Die dissipels het nie begryp wat Hy bedoel het met: "'n Klein tydjie, en julle sien My nie; en weer 'n klein tydjie, en julle sal My sien." Toe hulle onder mekaar daaroor praat, sê Jesus dat hulle sal ween en rou bedryf maar die wêreld sal bly wees. Dit sal egter net vir 'n kort tydjie wees. Dan sal hulle droefheid in blydskap verander word. Jesus gaan weg, maar kort daarna sal hulle Hom weer sien, en dan sal hul harte met 'n blydskap gevul word wat niemand ooit weer van hulle sal kan wegneem nie.

Dit het Hy gesê met die oog op sy dood en opstanding.

**h) Die gebed en die oorwinning** (16:23-33). Nog eens beklemtoon die Here die noodsaaklikheid van die regte gebed. Van nou af kan sy volgelinge in sy Naam tot die Vader gaan, en alles wat hulle vra, sal aan hulle geskenk word en hulle blydskap sal volkome wees. Aan die einde van sy gesprek verklaar Jesus dat Hy nou nie meer in gelykenisse met die dissipels gepraat het nie, maar reguit gesê het dat Hy van die Vader gekom het en nou weer na die Vader teruggaan. Hierop antwoord die dissipels dat hulle die dinge ook verstaan het en van harte glo dat Jesus van God uitgegaan het. Dan sê Hy ronduit: "Kyk, die uur kom en het nou gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy eie toe, en My alleen sal laat staan. Tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader met My is." En dan volg die woord van oorwinning: "In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."

### § 201 Die hoëpriesterlike gebed (Joh. 17:1-26)

Die gesprek van Jesus loop vanself uit op 'n roerende gebed. Daarin bring Jesus die voltooiing van sy dienswerk op aarde voor die Vader. Pleitend tree Hy in vir diegene wat sy eiendom geword het. Sy oog is ook op die toekoms gerig en die uitbreiding van die kerk onder alle volke, en Hy bid vir hulle eenheid in Christus.

Herhaaldelik spreek Hy God op die aller vertroulikste wyse aan as Vader, Heilige Vader, Regverdige Vader. Die eerste bede is vir Homself, wel nie uit selfsugtige oorwegings nie, maar sodat die Vader sy heilswerk deur die Seun kan volbring en die Seun kan verheerlik. Die lyding staan voor die deur, maar die Seun smeek dat dit 'n weg tot sy verheerliking mag wees, en dat Hy weer met die heerlikheid beklee sal kan word wat Hy by die Vader voor die grondlegging van die wêreld gehad het.

Vervolgens bid Jesus vir sy dissipels wat die Vader aan Hom gegee het. Hulle is in die wêreld maar nie ván die wêreld nie. Daarom bid Hy dat die Vader hulle moet bewaar. Hy vra nie dat hulle uit die wêreld weggeneem moet word nie, maar dat hulle in die wêreld as die gestuurdes van Christus kan optree en van die Bose bewaar kan bly. Ook bid Jesus vir almal wat deur die woord van die dissipels tot geloof sal kom. Die bede is dat hulle ten spyte van alle menslike verskille en verskeidenheid tog in Christus een mag wees, en dat die

feit van hulle eenheid as bewys vir die wêreld kan dien dat Jesus werklik deur God gestuur is.

Eindelik bid Jesus dat diegene wat aan Hom behoort ook eenmaal saam met Hom kan wees en sy heerlikheid kan aanskou. Maar vir die tyd wat hulle nog op aarde moet vertoef, bid Hy dat die liefde van God in hulle mag woon, en Hyself in hulle mag bly.

**§ 202 Die einde van die Paasmaal (Matt. 26:30; Mark. 14:26; Joh. 18:1)**

Ná die gebed van Jesus het hulle uit die laaste deel van die Hallel (Pss. 115 - 118) gesing. Daarop drink hulle die vierde beker waarmee die Pasga afgesluit word, en vertrek hulle uit die oppersaal.

Dit het reeds middernag geword. In die lig van die volmaan gaan hulle deur die stil strate en uit die stad in die rigting van die spruit Kedron. Teen die helling van die Olyfberg was daar 'n omheinde tuin Getsémané (= oliepers). Daarheen gaan Jesus.

# XX. VAN GETSÉMANÉ NA DIE GRAF

## § 203 Onderweg deur die Kedron (Matt. 26:31-35; Mark. 14:27 -31; Luk. 22:31-38; Joh. 13:36-38)

In die stilte van die nag lei Jesus sy dissipels van die oppersaal af na die Kedron en dan op na die tuin van Getsémané teen die helling van die Olyfberg. 'n Gesprek vind plaas waarin Jesus iets meedeel omtrent die dinge wat nog in daardie nag sou gebeur.

Uit die Evangelies is dit nie duidelik presies waar die gesprek begin het nie. Lukas en Johannes skep die indruk dat dit gebeur het toe hulle nog met die Pasga besig was; Matthéüs en Markus vertel dat dit gebeur het nadat hulle die lofsang gesing het. Ons kan aanneem dat die Evangelies ook hier net 'n beknopte weergawe bied van 'n lang gesprek, wat in die bovertrek begin het en hervat is toe hulle op weg was na die Kedron.

Aan tafel het Jesus gesê dat Hy heengaan maar dat die dissipels Hom nie nou kan volg nie (Joh. 13:33). Na aanleiding hiervan het Petrus die gesprek begin deur te vra: "Here, waar gaan U heen?" Waarskynlik het Petrus gedink aan 'n nuwe reis wat Jesus na die Pasga sou onderneem. Hy begryp nog nie dat die Here van die heengaan in die dood praat nie. Jesus sê dat hulle Hom nie nou kan volg nie, maar later wel, maar nogtans begryp hulle nie dat Hy van die dood praat nie. Dan spreek Hy 'n ontsettende woord in ondubbelsinnige taal uit: In daardie selfde nag sou hulle almal aanstoot neem aan Hom. Hy sou vir hulle 'n struikelblok word, en hulle sou van Hom wegvlug. Die profesie van Sag. 13:7 sou letterlik in vervulling gaan: "Ek sal die herder slaan, en die skape sal verstrooi word".

Hierdie uitspraak ontstel die dissipels hewig en bedroef hulle. Om hulle te troos, voeg Jesus by dat Hy ná die opstanding hulle weer sou versamel en voor hulle uit na Galiléa sou gaan. Daar sou dus wel 'n hereniging wees, maar eers ná die opstanding. En nog steeds begryp hulle nie die verwysing na die opstanding nie.

Petrus neem ook nou die eerste die woord. Hy verklaar dat hy sy lewe vir die Here sal gee. Met heelwat selfverheffing voeg hy by: "Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie." Petrus was nog steeds besig om op homself en sy eie krag te vertrou. Hy het nog nie die les geleer om klein te word voor God nie.

Jesus weet wat voor die deur staan. Hy weet dat God die Satan sou toelaat om Homself en die dissipels heftig aan te val en hulle geloof tot in die grond te skud. Daarom sê Hy aan Petrus dat Satan sy wens verkry het om hulle te sif soos die koring ten einde hulle geloof te verydel; maar Jesus het vir hulle gebid, en met name vir Petrus, dat hulle geloof nie sal beswyk nie. Hulle sal almal deur die sif van Satan moet gaan, maar dit sal Petrus tot inkeer bring. Daarom moet hy die leiding neem om sy broeders te versterk.

Die dissipels het egter voortgegaan om te bevestig dat hulle aan Jesus getrou sou bly, en Petrus was oordadig in sy versekering dat hy bereid was om selfs saam met Jesus te sterf. Daarom spreek Jesus die sombere woord teenoor Petrus uit: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag, in hierdie nag, voordat die haan tweemaal gekraai het, sal jy My driemaal verloën".

Na hierdie woord swyg almal. Stil gaan hulle verder. Dan spreek Jesus weer. Hy herinner daaraan dat Hy hulle voorheen uitgestuur het sonder beurs en reissak en ekstra skoene. Nou het omstandighede egter verander. Hulle gaan 'n tyd van vervolging tegemoet. Daarom moet hulle toesien dat hulle 'n beurs en 'n reissak het; en wie dit nie het nie, moet sy kleed verkoop en 'n swaard koop. In die geskiedenis het die tydstip aangebreek waarin die woord van Jes. 53:12 vervul word: "En Hy is saam met misdadigers gereken." Ook ander uitsprake van die profete wat op Hom betrekking het, gaan nou in vervulling. 'n Nuwe bedéling het aangebreek. Die woord van Jesus oor die swaard is nie letterlik bedoel nie. Hy het verwys na die swaard van die Gees, naamlik, die Woord van God (Ef. 6:17), maar die dissipels verstaan dit in die letterlike sin. Twee van hulle trek die kort swaard wat baie Galileërs gedra het, uit die skede en toon dit aan Jesus. Hy is nie geneë om in die uur van so 'n groot benoudheid met 'n verduideliking te begin nie. Daarom sluit Hy die gesprek af deur te sê: "Dit is genoeg".

## § 204 Die gebedstryd in Getsémané (Matt. 26:36-46; Mark. 14:32-42; Luk. 22:39-46; Joh. 18:1)

Net binne die tuin van Getsémané laat Jesus sy dissipels vir Hom wag onderwyl Hy verder gaan. Hy roep Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom, en in die maanskyn loop hulle saam tussen die olyfbome deur dieper die tuin in.

Op 'n afgesonderde plek gaan hulle sit. In die tuin is alles stil maar in Jesus se gemoed woed 'n

ontsettende storm. 'n Groot onrus en benoudheid kom oor Hom. Hy weet watter weg van smarte Hy nog in daardie nag sal moet bewandel, en Hy weet ook van die martelende kruisdood wat op Hom wag. Ook is Hy daarvan bewus dat die toorn van God oor die sonde van die mensheid op Hom sou neerkom. As Hy hieraan dink, soek Hy steun by die drie getrouste dissipels, en spreek Hy hulle aan: "My siel is diep bedroef tot die dood toe. Bly hier en waak saam met My".

In die verwagting dat hulle Hom in die gebed sou ondersteun, gaan Jesus 'n bietjie verder van hulle af weg, ongeveer so ver as wat 'n mens met 'n klip kan gooi. Daar val Hy neer op die knieë. Smekend bid Hy: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker van My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil".

Die siele-angs en geestelike benoudheid wat in hierdie bede uitgedruk word, gaan ons belewing of begrip te bowe. Wat daar in die uur van gebedsworsteling in die siel van Jesus omgegaan het, kan geen mens beskryf nie. Soos 'n kind wie se hele liggaam sidder uit vrees vir die straf wat sy vader hom gaan toedien, so huiwer Jesus van angs vir die lydensbeker wat die Vader Hom toereik. Kinderlik pleit Hy: "My Vader, as dit moontlik is . . . " Sou God nie op die laaste oomblik nog 'n ander weg kan vind om die sonde van die mensheid te versoen nie? Sou Hy nie die lydensbeker by Jesus kan laat verbygaan, sonder dat Hy dit drink nie? Met hierdie moontlikhede worstel Jesus in sy gemoed. Tog kom Hy nie teen die Vader in verset nie. Hoe Hy ook al smeek dat God 'n ander weg moet vind, onderwerp Hy Hom nogtans aan die wil van die Vader. Hy bly steeds bereid om die wil van die Vader te gehoorsaam, ook wanneer dit sou beteken dat Hy die dood moet ingaan.

Nadat Jesus 'n tyd lank gebid het, gaan Hy na die drie dissipels terug. Hy soek nog hulle bystand in sy benoudheid. Maar Hy vind hulle aan die slaap. Aan Petrus, wat vroeër in die aand so seker was dat hy aan Jesus getrou sou bly, sê Hy: "So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?" Daarop laat Hy volg: "Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak." Al is Hy diep teleurgesteld dat hulle selfs op daardie laaste aand nie met Hom kan waak in die gebed nie, hou Hy toegeeflik rekening met hulle menslike swakheid. Maar Hy laat ook verstaan dat juis omdat die vlees swak is, daar des te meer gewaak moet word in die gebed.

Daarna gaan Jesus weer apart om nog eens te bid. Weer eens rig Hy Hom tot sy Vader in die hemel en vra Hy: "My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied." Hy weet nou dat die Vader geen ander weg sal volg om die sonde te versoen nie. Hy sal die beker van lyding moet drink. Daarom buig Hy in onderworpenheid: "Laat u wil geskied".

Weer eens gaan Hy terug na die dissipels, en weer vind Hy hulle aan die slaap. Dit was reeds lank na middernag en die slaap het hulle oorweldig. Hy laat hulle met rus en gaan terug om te bid. Hy het daartoe gekom om Hom aan die wil van die Vader te onderwerp, maar die uitvoering van daardie wil was iets so ontsettend smartlik dat die gedagte daaraan die bloed soos sweet uit sy liggaam pers. Hy herhaal sy bede, en God antwoord sy Seun deurdat Hy Hom in die gees versterk. 'n Engel verskyn uit die hemel en staan Hom by. God stuur 'n besondere boodskapper om sy Seun te onderskraag. Vrede en kalmte kom oor Jesus. Nou is Hy volkome bereid om die wil van die Vader uit te voer.

Na die hewige gebedstryd gaan Jesus terug na die dissipels en sê dat hulle nou maar kan voortslaap. Hy het hulle bystand nie meer nodig nie omdat die Vader Hom gesterk het. Ná 'n paar oomblikke word daar 'n rumoer by die ingang van die tuin gehoor. Tussen die bome deur sien hulle die ligte van fakkels wat op spiese en skilde van soldate weerkaats. Dan sê Jesus: "Staan op, laat ons gaan. Kyk, hy is naby wat My verraai".

**§ 205 Jesus word gevange geneem (Matt. 26:47-56; Mark. 14:43 -52; Luk. 22:47-53; Joh. 18:2-12)**

Wat Judas gedoen het nadat hy die oppersaal verlaat het, word ons nie vertel nie. Die geselskap waarmee hy in Getsémané aankom, gee ons egter 'n aanduiding van sy optrede. Volgens ooreenkoms met die owerpriesters moes Judas inligting verstrek aangaande die kom en gaan van Jesus sodat Hy heimelik oorval en gedood kon word sonder dat die volk iets daarvan sou merk. Aan die Paasmaal is Judas ontnugter toe hy in die teenwoordigheid van die ander dissipels aangewys word as die verraaier. Jesus was dus ten volle op hoogte van sy planne. Ook het Jesus hom van die tafel af die nag ingestuur. Teleurgesteld maar woedend kom hy by die hoëpriester aan om te vertel dat hy nou niks

meer kan doen nie omdat sy geheim bekend is. Tog verlang hy dat onmiddellik gehandel moet word en hy is bereid om 'n afdeling soldate na Getsémané te lei waar Jesus gewoond was om te gaan bid. Hieraan is egter 'n risiko verbonde. Baie feesgangers, veral uit Galiléa, het in die Kedronvallei gekampeer en as daar in Getsémané 'n geraas in die nag sou ontstaan, sou dit maklik tot 'n oproer kon lei. Daarom moet 'n aansienlike gewapende mag uitgaan om Jesus en desnoods al sy dissipels gevange te neem. Die owerpriesters stuur dus die tempelwag, bestaande uit Jode, uit (Matt. 26:47). maar hulle verkry ook 'n afdeling (cohort) van die Romeinse besettingsmag onder aanvoering van 'n owerste oor duisend om hulle te vergesel na die tuin (Joh. 18:12). Dit was dus 'n aansienlike mag wat deur die Kedron gaan.

Dit was hierdie "groot menigte met swaarde en stokke" en met lanterns en fakkels, wat in Getsémané aangekom het. Judas wat op die voorpunt van die tempelwag geloop het, het met hulle 'n teken afgespreek waardeur hy Jesus sou aandui. Hy sou Hom 'n soen gee soos dit vir vriende gebruiklik was om mekaar te groet.

Toe die gewapende menigte tot stilstand kom, loop Judas haastig vorentoe en soen Jesus terwyl hy Hom groet met die woorde: "Gegroet Rabbi!" Deur hierdie optrede wou Judas die skyn wek dat hy 'n vriend van Jesus is, en daardeur sy gemene daad bedek. Jesus stoot hom egter af en vra: "Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n kus?" Johannes vertel dat die soldate nie onmiddellik die hande aan Jesus geslaan het nie. Hulle het verslae bly staan. Daarom tree Jesus na vore en vra: "Wie soek julle?" Op hul antwoord dat hulle Jesus, die Nasaréner soek, antwoord Hy kalm en sonder die minste teken van vrees: "Dit is Ek." Sy woord maak dat die soldate van skrik terugtree. Dan vra Hy weer wie hulle soek. Nog eens antwoord hulle: "Jesus, die Nasaréner." Daarop bevestig Jesus dat dit Hy is, maar Hy vra ook dat hulle die dissipels moet toelaat om weg te gaan. Op dié manier moes 'n woord van die Here nou reeds in die letterlike sin vervul word, naamlik dat uit die wat aan Hom gegee was, nie een uit Sy hand geruk is nie (vgl. Joh. 6:39; 10:28-29).

Toe die tempelwag nader kom om Jesus te gryp, het Petrus sy swaard getrek en die oor afgekap van Malchus, 'n dienaar van die hoëpriester. Hierdie insident vestig die aandag daarop dat die hoëpriester regstreeks betrokke was by die organisering van die gevangeneming. Die optrede van Petrus kon maklik tot bloedvergieting lei. Jesus gebied hom om dadelik die swaard in die skede te steek. Hy moet tog begryp dat iemand wat die swaard trek, ook deur die swaard sal val. Bowendien kan Jesus net 'n woord spreek en die Vader in die hemel sal twaalf legioene engele stuur om Hom te verdedig. Maar dit doen Hy nie, omdat Hy bereid is om die drinkbeker te drink wat die Vader aan Hom gee. Dan doen Jesus sy laaste wonderwerk voordat Hy sterwe. Hy genees die oor van Malchus, en bevestig sodoende met 'n daad sy eie leer dat ons die vyand moet liefhê (vgl. Matt. 5:44).

Hierop kom die soldate en gryp Jesus en bind Hom. Onderwyl hulle dit doen, sê Hy: "Het julle soos teen 'n rower uitgegaan met swaarde en stokke om My gevange te neem? Dag vir dag het Ek by julle gesit en leer in die tempel, en julle het My nie gegryp nie. Maar dit alles het gebeur, dat die Skrifte van die profete verval sou word".

In daardie stadium het al dit dissipels Hom verlaat en weggevlug.

Markus (14:51-52) vertel van 'n jongman wat ook byna gegryp is. Hy was daar net met 'n linnedoek oor sy naakte lyf. Blykbaar het hy uit die slaap wakker geword toe die soldate deur die straat optrek, of moontlik het Hy Jesus van die oppersaal af gevolg. Hoe dit ook sy, toe die soldate hom probeer gryp, het hy die linnedoek gelos en naak weggevlug. Aangesien net Markus van hierdie jongman vertel, kan ons veronderstel dat dit Markus self was wat hierdie ondervinding deurgemaak het.

**§ 206 Jesus voor die oud-hoëpriester Annas (Joh. 18:12-14, 19-24)**

In die kalme skynsel van die volmaan gaan 'n vreemde optog van Getsémané na die stad. Die hele tempelwag is daar, gevolg deur 'n afdeling Romeinse soldate onder aanvoering van 'n owerste oor duisend, almal ten volle gewapen, en vooraan een enkele gevangene wat geen weerstand bied nie maar eerder behulpsaam is.

Sake het anders verloop as wat die owerpriesters beplan het. Hulle wou Jesus heimelik doodmaak, maar toe Judas se plan in die verband deur Jesus self verydel word, het hulle blykbaar gehoop dat die dissipels hulle met die wapen sou verset teen die gevangeneming. Dit sou die geleentheid bied om Jesus en ander met die swaard te dood, of as oproermakers direk

aan die Romeinse owerheid te oorhandig. Maar ook hierdie verwagting is nie verwesenlik nie. Gevolglik was hulle verplig om Hom gevange te neem en met 'n verhoor te begin. Eers sou hulle Hom skuldig moes vind voor die Joodse Raad en daarna aan die goewerneur uitlewer vir verdere verhoor en vonnis. Wat hulle bedektelik wou doen, kan nie meer bedek gehou word nie. Tog kon hulle probeer om die saak in die kortste moontlike tyd af te handel, sodat wanneer die volk van die gebeure te wete kom Jesus reeds in die hande van Pilatus sou wees. So gebeur dit dat die raad van God uitgevoer word en nie die planne van mense nie. Jesus moes eers deur die Jode verwerp en tot die dood veroordeel word, en daarna deur die heidene eweneens veroordeel en gekruisig word. Hy sou nie in die geheim sterwe nie, maar in die openbaar langs 'n groot hoofweg waar almal Hom sou sien, want Hy sou sterf vir alle mense, Jode sowel as heidene.

Vir 'n voorondersoek word Jesus na die huis van die oud-hoëpriester Annas gelei. Met Annas moes daar altyd behoorlik rekening gebou word want die grysaard was 'n man van groot invloed en rykdom. Nadat hy van 6 tot 15 n.C. hoëpriester was, is hy deur die Romeinse owerheid afgesit. Vyf van sy seuns was hoëpriesters, en sy skoonseun Kájafas het vir 'n lang termyn die amp beklee (18-37 n.C.). Annas het die ampstitel van hoëpriester behou en was die invloedrykste man in die Joodse Raad, soos ook later blyk by die verhoor van Petrus en Johannes (Hand. 4:6).

Annas begin die verhoor deur Jesus uit te vra na sy dissipels en sy leer. Oor sy dissipels antwoord Jesus nie. Hy sou hulle nie verraai nie. Maar wat sy leer betref, wys Hy daarop dat Hy openlik in die sinagoge en in die tempel geleer het. Daar is baie wat Hom gehoor het, ook lede van die Sánhedrin. Hulle is die mense wat inligting behoort te gee in verband met sy leer. Hierop het een van die dienaars van Annas wat naby Jesus gestaan het, Hom in die gesig geslaan en gesê: "Antwoord U die hoëpriester so?" Dit was die eerste liggaamlike aanranding van Jesus. Baie erger dinge sou nog volg. Maar van hierdie optrede vra Hy rekenskap. Hy wat verkondig het dat die mens nie wraak moet neem nie maar veeleer die linkerwang na iemand moet draai wat hom op die regterwang slaan (Matt. 5:39), laat nie toe dat die reg verkrag word nie. Daarom, as Hy geslaan word, moet getuig word van die kwaad wat Hy gespreek het. Hierdie eis van Jesus bring ook vir Annas in verleentheid aangesien die hele optrede teen Hom een groot stuk onreg is.

Annas sluit die voorondersoek net daar af en stuur Jesus geboeid na die diensdoende hoëpriester, Kájafas.

Intussen het die hoofman oor duisend gemerk dat sy dienste nie nodig was nie, en het hy met die leërafdeling teruggegaan na die burg Antonia.

**§ 207 Verhoor deur die Sánhedrin (Matt. 26:57-68; Mark. 14:53-65; Luk. 22:63-71)**

In die paleis van Kájafas het die lede van die Sánhedrin op daardie nagtelike uur byeengekom. Die hoëpriester het hulle ontbied en hulle was maar alte gretig om die nagrus prys te gee ten einde Jesus te verhoor. Die gereëlde vergaderplek van die Sánhedrin was in een van die vertrekke in die tempelgebou, en dit is ook bepaal dat die Raad bedags moet vergader en nie in die nag nie. Beide hierdie bepalings word tersyde gestel want die raak is spoedeisend. Wanneer Jesus binnegelei word, is die meeste lede teenwoordig. Hoewel niks van Nikodémus en Josef van Arimathéa gesê word nie, kry ons die indruk dat hulle nie daardie sitting bygewoon het nie (vgl. Luk 23:51). Aangesien Jesus nog nie offisieël skuldig bevind is nie, moes hulle sy boeie losmaak onderwyl Hy verhoor word. 'n Verhoor in die eintlike sin van die woord was dit egter nie omdat dit vooruit vasstaan dat Hy veroordeel sou word. Hulle moes slegs 'n genoegsame beskuldiging vind.

Getuies moes ingeroep word om 'n klag teen Jesus te lê. Volgens die wet moet die getuies afsonderlik aangehoor word, en voordat iemand skuldig bevind word, moet twee getuies saamstem in hulle beskuldiging (Deut. 17:6). Verskeie getuies het teen Jesus klagtes aangevoer. Hulle was valse getuies wat ter wille van 'n fooi enigiets sou sê, maar juis daarom was hulle getuienis nie eenstemmig nie. Eindelik kom daar twee wat ongeveer dieselfde beskuldiging aanvoer. Die een verklaar dat Jesus sou gesê het: "Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou" (Matt. 26:61). Die ander een getuig dat Jesus sou gesê het: "Ek sal hierdie tempel wat met hande gemaak is, afbreek en in drie dae 'n ander een opbou wat nie met hande gemaak is nie" (Mark. 14:58). Albei uitsprake het te doen met die afbreek en opbou van die tempel, en dus 'n skending van die heiligdom, maar hulle stem verder nie ooreen nie. Bowendien is albei 'n verdraaiing van Jesus se werklike woorde: "Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig" (Joh. 2:19), wat Hy met betrekking tot sy liggaam

uitgespreek het.
Kájafas besef dat ook hierdie twee getuies nie genoegsaam ooreenstem nie, maar Hy het niks anders om aan vas te gryp nie. Hy staan dus op en vra of Jesus dan niks te antwoord het op die beskuldigings nie. Jesus bly egter stil. Op dergelike valshede wil Hy nie antwoord nie. Dan spreek die hoëpriester Hom met groot erns aan: "Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is?"
Met hierdie uitspraak word vir die eerste keer die kernvraag genoem waarom alles gaan. Die Jode weier om Jesus te aanvaar as die Christus. Hy het drie jaar lank rondgegaan en deur die messiaanse profesieë in vervulling te bring, Homself as die Messias bekend gestel. Tog het die owerstes van die Jode volhard in die weiering om Hom te glo. Voor die Joodse Raad word hulle nou finaal voor die beslissing gestel.
Deur sy woorde het die hoëpriester Jesus onder 'n eed geplaas om die waarheid te getuig. Dit was nie nodig in die geval van Jesus nie omdat Hy altyd die waarheid getuig, maar hierdie eed bind ook die Raad om die waarheid te aanvaar. En juis daartoe is hulle nie bereid nie, en daarom slaan hulle die antwoord wat onder eed gegee word, in die wind.
Op die vraag antwoord Jesus bevestigend. Hy is die Christus, die Seun van God. En van nou af, op die weg van vernedering tot verhoging, sal hulle die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God, en kom op die wolke van die hemel. Die profesieë van Dan. 7:13 en Ps.110:1 sal ten opsigte van Hom in vervulling gaan, en dan sal hulle, sy regters, te staan kom voor sy regterstoel.
Met 'n dramatiese gebaar skeur die hoëpriester sy kleed. Hy maak asof hy diep geskok en bedroef is oor die godslastering wat Jesus daar uitgespreek het. Die hele Raad het dit gehoor. Wat dink hulle daarvan? Eenstemmig kom die antwoord: "Hy is die dood skuldig! "
Voor die Joodse Raad verval al die ander beskuldigings. Net een bly staan, naamlik dat Jesus getuig het dat Hy die Messias is. Die Jode wil Hom as sodanig nie erken nie. Daarom werp hulle hul Messias uit.
Nadat hulle die eenstemmige uitspraak gedoen het dat Hy die dood skuldig is, kon Hy geen aanspraak maak op beskerming teen aanranding en mishandeling nie. Die tempelwagte laat ook nie op hulle wag nie. Hulle slaan Hom met die vuis en bespuug Hom. Hulle bind sy oë toe en slaan Hom met stokke onderwyl hulle spottend uitroep: "Profeteer vir ons, Christus! Wie is dit wat U geslaan het?"
In die vergadering van die godsdienstige leiers van die volk word Hy, die Profeet wat sou kom, in sy profetiese amp bespot. Die heilige Naam Christus word 'n spotnaam in die mond van diegene wat die Seun van God verwerp.

**§ 208 Petrus verloën Jesus (Matt. 26:69-75; Mark. 14:66-72; Luk. 22:54-62; Joh. 18:15-18, 25-27)**

Nadat die dissipels uit Getsémané weggevlug het, het Petrus en "'n ander dissipel" (Joh. 18:15), wat stellig Johannes was, mekaar weer raakgeloop. Op 'n veilige afstand volg hulle die soldate wat Jesus na die woning van Annas neem, en vandaar na die paleis van Kájafas. Daar aangekom, bly hulle eers voor die poort staan. Johannes was egter bekend in die paleis van Kájafas en hy gaan toe in na die binnehof. Toe hy merk dat Petrus nie saamgekom het nie, gaan hy terug en vra die deurwagster om Petrus te laat binnekom. Dit gebeur en Petrus wat hier 'n vreemdeling was, bly in die binnehof terwyl Johannes verder na binne gaan waar Jesus deur die Sánhedrin verhoor word. Omdat dit koud was, het die dienaars 'n vuurtjie in die binnehof gemaak en daar rondom gesit om hulle warm te maak. Petrus het by die groep aangesluit om daar te wag op die afloop van die verhoor.
Terwyl hy daar sit, kom die deurwagster verby en toe sy hom sien, sê sy: "Jy was ook by Jesus, die Galileër!" Petrus skrik op en sê: "Ek weet nie wat jy sê nie." Daarmee laat die meisie hom met rus, maar hy vind geen rus vir sy gemoed nie. Hy is bevrees dat hy uitgeken sal word as 'n volgeling van Jesus en daarby die een wat met die swaard die kneg van die hoëpriester verwond het. Daarom staan hy op van die vuur af en loop in die rigting van die poort. Voordat hy daar kom, wys 'n ander diensmeisie hom uit en sê: "Hierdie een was ook by Jesus, die Nasaréner." Met 'n eed het Petrus dit ontken en gesê: "Ek ken die man nie."
Intussen het die verhoor van Jesus in die paleis byna tot 'n einde gekom. Die dienaars het Hom begin slaan en smaad. Hulle lei Hom uit sodat almal Hom kon sien terwyl hulle Hom bespot. Toe hulle daarmee besig was en Petrus op 'n afstand dit alles sien, spreek iemand hom aan en sê: "Waarlik, jy is ook een van hulle, want ook jou spraak maak

jou bekend." Die Galileërs het sekere klanke anders uitgespreek as die mense van Judéa, en kon dus aan hulle spreekwyse uitgeken word. Petrus kon dus nie ontken dat hy 'n Galileër was nie, maar met des te meer heftigheid ontken hy dat hy iets met Jesus te doen het. Hy verwens homself en verklaar met 'n eed dat hy Jesus nie ken nie.
Op daardie moment kraai 'n haan in die nabyheid. En Jesus wat geslaan en bespot word, draai om na Petrus se kant en kyk hom aan. Meteen besef Petrus wat hy gedoen het. Die woorde van Jesus skiet hom te binne dat hy Hom sou verloën voordat die haan kraai. En nou het dit daadwerklik gebeur. Die oë van Jesus op hom het soos 'n vlam in sy gewete ingebrand. 'n Groot berou en droefheid wel in sy hart op en hy haas hom na buite. Daar breek hy uit in trane. Bitterlik ween hy. Hy het hom so beroem op sy trou aan Jesus; hy was bereid om saam met Hom te sterf. En nou was hy bang om sy trou aan Jesus te bely toe 'n swakke meisie hom daarna vra. Dit het sy hart gebreek, maar daar was nou geen geleentheid om persoonlik Jesus om vergifnis te vra nie.
Onder hierdie gebeurtenis is die selfvertrouende Petrus tot in die grond gebreek, maar juis daarom kon hy weer opgerig word om in waarheid die Godvertrouende apostel te word.

**§ 209 Tweede vergadering van die Sánhedrin (Matt. 27:1; Mark. 15:1; Luk. 22:66)**

Toe die daglig oor Jerusalem opgaan, het die Sánhedrin vir 'n tweede keer vergader. Waarom hulle dit gedoen het, is nie seker nie. Daar skyn 'n reël te gewees het dat 'n doodvonnis op 'n tweede vergadering bevestig moes word voordat dit voltrek kon word. 'n Ander reël het bepaal dat die doodvonnis slegs in volle daglig uitgespreek kon word. Uit die beskrywing in die Evangelies blyk dat die Raad in 'n meer voltallige en offisiële sitting saamgekom het, net om 'n besluit te bevestig wat reeds geneem is. Daar was blykbaar geen bespreking nie. Die doodvonnis oor Jesus word bekragtig. Verder het hulle beraadslaag oor die uitlewering aan Pilatus, en die aanklag wat hulle aan Pilatus sou voorlê. Hulle besef dat hy nie in 'n klag van godsdienstige aard sou belangstel nie. Daarom moet hulle iets anders vind. Wat hulle ooreengekom het om te doen, blyk eers wanneer hulle voor Pilatus verskyn.

**§ 210 Begin van die verhoor voor Pilatus (Matt. 27:2, 11-14; Mark. 15:2-5; Luk. 23:1-5; Joh. 18:28-38)**

Toe die vonnis oor Jesus bevestig is, is Hy weer geboei. So vroeg as moontlik, voordat die inwoners van die stad opstaan, word Jesus deur die strate na die verblyfplek van die goewerneur, Pontius Pilatus, gelei.
Pilatus, wat van 26 tot 36 n.C. die gesagvoerder was in Judéa en Samaría (vgl. § 3 (d)), het sy offisiële verblyfplek in Caesaréa gehad. Aangesien daar by feesgeleenthede maklik oproer in Jerusalem kon ontstaan, het hy op sulke tye in die heilige stad kom bly. Ons kan aanneem dat hy dan in die burg Antonia vlak teenaan die tempel tuisgegaan het. Daar was die praetorium of soldatekwartiere sodat hy in die geval van oproer onmiddellik die soldate kon uitstuur om die orde te herstel.
Dit is moontlik dat Pilatus bewus was van die gevangeneming van Jesus. Met sy toestemming het die leërafdeling daardie nag uitgegaan na Getsémané, en waarskynlik het die hoëpriester die goewerneur gewaarsku dat hulle baie vroeg in die oggend 'n gevangene na hom sou bring. Toe die owerpriesters en hulle medegenote vroeg die oggend met Jesus by die burg Antonia verskyn, was Pilatus hulle reeds te wagte. Aangesien dit vir 'n groot deel van die Jode, veral die Sadduseërs, nog die dag van die voorbereiding vir die Pasga was, wou hulle nie onder die dak van Pilatus ingaan nie omdat hulle dan onrein sou word en nie die Pasga sou mog eet nie (vgl. § 194). Daarom moes Pilatus na buite kom, waarskynlik op 'n balkon, terwyl die Jode in die ruim binnehof van die burg saamgedrom het.
Pilatus was bekend vir sy strengheid en wreedheid. Vir bloedvergieting, selfs binne die tempelvoorhof (Luk. 13:1). het hy nie gestuit nie. Daarby het hy vir die Jode niks as veragting gehad nie, en het dit ook telkens laat blyk. Tog was hy getrou aan die Romeinse regsreël dat iemand behoorlik verhoor moes word en dat gegronde beskuldiging aangevoer moes word alvorens iemand tot die dood veroordeel word. Hy sou dit dus vir die Jode ook nie so maklik maak wanneer hulle Jesus voor hom bring nie.
Sy eerste vraag is dus: "Watter beskuldiging bring julle teen hierdie man?" Die Jode wat verlang het dat Pilatus hulle bevinding sonder navraag sou bevestig, probeer om sy vraag te omseil deur te antwoord: "As Hy geen kwaaddoener was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie." Pilatus meen dat dit oor 'n godsdienstige saak gaan, en sê daarom dat

die Jode Hom volgens hulle eie wette moet straf. Hulle het die reg om te gésel en om uit die sinagoge te ban. Maar die Jode antwoord dat die saak veel ernstiger is. Dit gaan hulle bevoegdheid te buite aangesien Jesus die dood skuldig is.
Wanneer Johannes dit alles vertel, voeg hy by dat hierdie dinge gebeur het sodat Jesus se voorspelling van die hoedanigheid van sy dood bewaarheid sou word (18:32). Hy verwys hier na Jesus se uitspraak dat Hy "van die aarde verhoog" sou word (Joh. 12:32-33).
Aangesien Pilatus daarop aangedring het om die beskuldiging te hoor, bring die Jode drie dinge na vore: Jesus - hulle verwys na Hom as "hierdie man" - verlei die volk; Hy verbied dat aan die keiser belasting betaal word; en Hy maak daarop aanspraak dat Hy self Christus, die Koning, is (Luk. 23:2).
Voor die Joodse Raad het hulle Hom veroordeel weens sogenaamde godslastering. Hulle weet dat Pilatus hom aan so 'n godsdienstige beskuldiging nie sal steur nie. Daarom kom hulle nou met beskuldigings van politieke aard. Al drie is skreiende valshede. Wat die eerste twee betref, het Jesus net die teenoorgestelde gedoen. En die derde is die waarheid, maar nie 'n politieke waarheid nie.
Pilatus sien homself genoodsaak om op politieke klagtes in te gaan. Hy roep Jesus na binne en begin Hom op 'n simpatieke toon ondervra. Die eerste vraag raak die kern van die saak hoewel Pilatus seker nie dit besef het nie: "Is U die Koning van die Jode?" Sy vraag laat deurskemer dat hy al van Jesus gehoor het. Moontlik het 'n vriend van Jesus by geleentheid aan Pilatus iets van Hom vertel. Daarom vra Jesus: "Sê u dit uit uself, of het ander u dit van My gesê?" Meteen verander Pilatus se houding en tree hy strenger op. Hy wys daarop dat die owerpriesters en "U volk, " d.i. die Jode, Jesus aan hom oorgelewer het, en nou wil Pilatus weet wat Hy gedoen het. Kalm antwoord Jesus dat Hy wel 'n Koning is maar dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. As dit so was, sou sy dienaars geveg het om te verhinder dat Hy deur die Jode oorgelewer word. Pilatus vra: **"**Is U dan tog 'n koning?" Daarop antwoord Jesus weer eens bevestigend. Hy verklaar verder dat Hy juis daartoe gebore is en in die wêreld gekom het om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister ook na sy stem. Pilatus wat heelwat van die wysbegeerte van sy tyd geweet het, en ook van die rol van die leuen in die lewe, vra met 'n siniese glimlag: "Wat is waarheid?"
Na hierdie ondervraging binne die paleis bring Pilatus Jesus na buite. Toe die skare stil word, verklaar hy: "Ek vind geen skuld in Hom nie." Daarvan wil die Jode egter niks hoor nie. Hulle roep uit dat Jesus deur sy leringe die volk in oproer bring. Dit het Hy in Judéa gedoen nadat Hy in Galiléa daarmee begin het.
Toe Pilatus van Galiléa hoor, kry hy 'n skielike ingewing.

## § 211 Jesus voor Herodes (Luk. 23:6-12)

By die vermelding van Galiléa, skiet dit Pilatus te binne dat Herodes Antipas, viervors van Galiléa, in die stad was, en dat hy Jesus van sy hand sou kon af kry deur Hom na Herodes te stuur. As hy die bevestiging van die Jode ontvang het dat Jesus wel van Galiléa was, stuur hy Hom na Herodes.
Om met die Jode mee te doen aan die Paasfees, al was dit net vir die skyn, het Herodes na Jerusalem gekom en tuisgegaan in die paleis van sy vader, Herodes die Grote, in die noordwestelike deel van die stad. Daardie môre was hy verras om die lede van die Joodse Raad en baie ander na die paleis te sien aankom, en te merk dat hulle Jesus na hom bring. Hy het al dikwels gehoop dat hy Hom nog te sien sou kry. In Galiléa het hy baie van Hom gehoor, en ook stellig geglo dat Hy Johannes die Doper was wat uit die dode teruggekeer het. Daarom was hy vir Hom baie bang. (vgl. § 84).
Nou staan Jesus stukkend geslaan en in boeie voor hom. Herodes, hoop dat Hy hom 'n paar wondertekens sal laat sien, moontlik in 'n poging om op dié manier sy loslating te koop. Jesus doen egter niks nie. Hy antwoord ook nie. Herodes vra Hom allerlei dinge, maar kry geen woord uit Jesus se mond te hoor nie. Daarop begin hy en sy soldate Jesus te bespot nadat hulle vir Hom 'n blinkende kleed omgehang het. So 'n deftige kleed was 'n prinslike drag, of ook dié van iemand wat na 'n hoë amp streef, bv, om koning te word. Deur Jesus so te klee, wil die spotters Hom aandui as Een wat na 'n koningskap streef maar dit nooit sal kry nie.
Met hierdie kleed aan, stuur Herodes Hom terug na Pilatus. Op daardie dag het hulle twee weer vriende geword nadat hulle voorheen kwaaivriende was. Hul gemeenskaplike

bespotting van Jesus maak hulle tot vriende en bondgenote.

**§ 212 Die einde van Judas (Matt. 27:3-10; vgl. Hand. 1:15-20)**

Toe Judas sien dat Jesus aan Pilatus uitgelewer word, en nie vrygelaat is selfs nadat Pilatus verklaar het dat Hy onskuldig was, het hy bitter spyt gekry oor wat hy gedoen het. Blykbaar het Judas gemeen dat Jesus weer soos by vorige geleenthede uit die hande van sy vyande sou glip. Dan sou Judas die geld gekry het en Jesus sou tog vry wees. Nou het dinge anders verloop. Hy besef dat Jesus die dood nie sal ontvlug nie. Sou hy dit nie alles nog in hierdie late stadium ongedaan kon maak nie?

Met hierdie gedagte gaan Judas na die tempel om met die owerpriesters te onderhandel. Met ontsettende wroeging oor sy daad bring hy die geld terug en verklaar dat hy onskuldige bloed verraai het. Die owerpriesters in die tempel stel egter geen belang in hom nie. Hulle wil met hom niks te doen hê nie. Hulle het sy dienste vir hulle doel aangewend, en nou is hulle klaar met hom. Judas besef dat hy sy rol uitgespeel het. Nou is hy ook klaar met die lewe. Hy gooi die dertig silwerstukke op die grond neer in die tempel, hardloop uit - die stad uit. Hy gaan homself ophang.

Dit was die einde van die verraaier.

Die handelwyse van Judas het vir die owerpriesters ook 'n probleem geskep. Hulle het die geld opgetel, maar kon dit nie in die skatkis gooi nie aangesien dit bloedgeld was en dus onrein. Na oorweging besluit hulle om daarmee 'n stuk grond te koop as begraafplaas vir vreemdelinge. Die stuk grond het toe die naam gekry van Bloedgrond (Akeldáma).

Op hierdie wyse is die woorde van die profeet vervul aangaande die dertig silwerstukke wat gegee sou word vir die grond van die pottebakker. Hierdie profesie kom voor in Sag. 11:12 e.v., maar ook in Jeremia is daar toespelinge op die gebeurtenis (vgl. 32:7 e.v.; 18:2 e.v.; 19:1 e.v.).

**§ 213 Pilatus verklaar Jesus onskuldig (Luk. 23:13-16; vgl. Joh. 18:38)**

Pilatus het gehoop dat Herodes die saak teen Jesus sou afhandel maar tot sy ergernis sien hy hulle weer by die burg Antonia opdaag. Toe hulle Jesus weer voor hom stel, roep hy die owerpriesters en die owerstes en die hele volk byeen om hulle toe te spreek. Dan verklaar hy met nadruk dat hulle Jesus aangekla het omdat Hy die volk teen die owerheid opstandig sou maak. Pilatus het Hom ook in hulle teenwoordigheid daaroor ondervra en gevind dat Hy onskuldig was. Daarop het hy Hom na Herodes gestuur en ook hy het ondersoek ingestel en geen skuld by Jesus gevind nie. Dus is daar twee gesaghebbende getuies wat saamstem dat Jesus niks gedoen het wat die dood verdien nie. Die verste wat hy bereid is om te gaan, is om Hom te laat gésel, maar daarna sal hy Hom loslaat.

Dit was die tweede keer dat Pilatus Jesus onskuldig verklaar (vgl. Luk. 23:4). Hy sou dit ook 'n derde keer doen (Luk. 23:22).

**§ 214 Jesus of Barábbas? (Matt. 27:15-26a; Mark. 15:6-15a; Luk. 23:17-25; Joh. 18:39-40)**

Van 'n moontlike loslating van Jesus wou die skare niks weet nie. Hulle het begin rumoerig word sodat dit moeilik was om die orde te handhaaf. Die dreigende houding van die volk daar op die binneplaas het Pilatus laat besef dat die situasie gevaarlik kon word en dat hy iets moes doen om moeilikheid te voorkom.

In hierdie omstandighede kom Pilatus op 'n gedagte wat moontlik 'n oplossing sou kon bring. Dit was sy gewoonte om by die Paasfees 'n gevangene los te laat. Die volk kon in die verband aan hom 'n versoek rig waaraan hy dan gehoor gegee het. Dieselfde oggend het daar juis 'n versoek na hom gekom dat hy weer iemand moes loslaat. Dit laat by hom die gedagte ontstaan om die volk te laat kies tussen Jesus en 'n berugte misdadiger, Barábbas.

Hierdie Barábbas (= seun van sy vader) was die leier van 'n opstand teen die owerheid en het by daardie geleentheid 'n moord gepleeg. Nog voor daardie tyd het hy berugtheid verwerf as 'n rower, 'n man van geweldpleging en bloedvergieting. Sommige tekslesings sê dat sy voornaam Jesus was.

Pilatus stel hierdie twee naas mekaar: Jesus (= Redder), die Seun van die Vader, en Jesus (= redder), die seun van sy vader (= Barábbas). Die Een die goddelike Redder wat uit die mag van die sonde verlos; die ander die menslike redder, wat deur die mag van die sonde wil verlos. Die Een gaan op die weg van selfverloëning en lyding; die ander op die weg van selfverheffing en veroorsaking van lyding. Die Een sonder sonde; die ander diep verval in die sonde. Die Een nog nie verhoor nie; die ander reeds veroordeel.

Dit was Pilatus se oortuiging dat die volk nie die moordenaar sal kies nie. Hy het tog twee

maal uitdruklik verklaar dat hy geen skuld in Jesus vind nie. Maar deur hierdie twee naas mekaar te stel, het Pilatus nie alleen Jesus afgrondelik verneder nie, maar hy het ook die seggenskap uit sy hande laat gaan en daarby die reg verkrag. Hy het 'n veroordeelde naas 'n onskuldige gestel, en mitsdien die onskuldige sonder verhoor behandel asof Hy 'n skuldige en veroordeelde was. En deur aan die volk die keuse te laat, het hy homself onder die verpligting gestel om hulle beslissing te aanvaar. Aan die ander kant was al hierdie gebeurtenisse in die hand van God**.** Hy het bepaal dat dit die Joodse volk moes wees wat hulle Messias verwerp, en dat hulle dit voor Pilatus sou doen.

Nadat Pilatus die volk voor die keuse gestel het, gaan hy op die regterstoel sit om die beslissing af te wag. Blykbaar was daar 'n mate van onsekerheid onder die volk. Net op daardie tydstip kom 'n dienaar en oorhandig 'n briefie aan Pilatus. Dit was van sy vrou. Sy vertel daarin dat sy 'n moeilike nag gehad het omdat sy in 'n droom baie gely het. Sy het van Jesus gedroom, en versoek haar man om tog niks te doen te hê met dié regverdige man nie. Hierdie boodskap het Pilatus gesterk in sy voorneme om Jesus te probeer loslaat.

Die tydjie waarin Pilatus besig was om die brief van sy vrou te lees, het die owerpriesters en die ouderlinge, d.w.s. die lede van die Sánhedrin, gebruik om die skare oor te haal dat hulle Barábbas moes kies. Toe Pilatus weer sy aandag aan die skare gee en vra wie hulle kies, gaan daar 'n dawerende geroep op dat Barábbas losgelaat moet word. Pilatus is verslae oor die keuse van die volk. Hy wil van hulle weet wat hy dan met Jesus moet doen, want Hy is tog onskuldig. Die volk luister egter na geen rede nie en skreeu al harder: "Kruisig Hom! Kruisig Hom!"

Dit het so erg geword dat Pilatus bang was dat 'n oproer sou losbreek. Blykbaar was dit juis 'n plan van die Jode om op hierdie manier druk op die goewerneur uit te oefen. Toe staan Pilatus op, neem water en was hy hande. Daarop wend hy hom tot die skare en sê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man. Julle kan toesien!" In hulle ontsettende haat teen Jesus roep die hele volk uit: "Laat sy bloed op ons en ons kinders kom!" Hulle was dus bereid om die volle blaam te aanvaar vir die teregstelling van Jesus. Sy bloed sou van hulle afgeëis kon word. Met so 'n roekeloosheid het die Jode hulle Messias verwerp.

Pilatus het hom in 'n situasie bevind waar hy sy toesegging aan die volk moes uitvoer. Hy laat dus Barábbas los**.**

**§ 215 Géseling en bespotting (Matt. 27:26b - 30; Mark. 15:15 -19; Joh. 19:1-7)**

Wat moet hy met Jesus doen? Pilatus het op hierdie vraag nog geen antwoord nie. Hy wil Jesus nie veroordeel, en die volk duld dit nie dat hy Hom vrylaat nie. Hy besluit dat hy Jesus sal laat gésel. Dit is so ver as wat hy bereid is om te gaan, maar daarna wil hy Hom loslaat, en moontlik sal die volk daartoe instem as hulle die jammerlike figuur van die gegéselde voor hulle sien. 'n Romeinse burger kon hy natuurlik nie sonder veroordeling laat gésel nie, maar om dit aan 'n Jood te laat doen, was 'n kleinigheid. Dus gee hy Jesus oor aan die soldate om gegésel te word.

Die soldate lei Hom na hulle kwartiere in die burg. Daar trek hulle Jesus se klere van sy rug af en bind sy hande hoog teen die géselpaal. Dan begin die wrede marteling. Met elke hou stroom die bloed. Jesus verdra die ontsettende pyn gedwee en sonder geluid.

As die soldate hiervan genoeg gehad het, begin hulle met 'n duiwelse bespotting. Hulle het gehoor dat Jesus genoem word die Koning van die Jode en dat Hy ook hulle Messias of Redder sou wees wat hulle van die Romeinse mag sou bevry. Nou begin hulle Hom soos 'n koning aanklee. 'n Purper soldatemantel word om Hom gehang, in sy hand gee hulle 'n riet as septer en hulle vleg ˈn kroon van doringtakkies en druk dit met die spies op sy hoof vas. Tot groot vermaak van die hele leërafdeling skeer hulle die gek met Hom, hierdie Koning wat die Romeine sou onderwerp. Asof hulle die oorwonnenes is, buig hulle voor Hom neer en sê: "Wees gegroet, Koning van die Jode!" In die kring van die heidene word Hy in sy koninklike amp bespot.

Na 'n tyd van hierdie sataniese vermaak, verander die optrede. Met die ergste veragting en volstrekte veronagsaming van alle menswaardigheid, slaan hulle Jesus in die gesig en bespuug hulle Hom. Hulle gryp die riet uit sy hand en slaan daarmee oor die doringkroon op sy hoof. Hoe meer smaad en pyn hulle Hom aandoen, des te vermaakliker was dit vir hulle. Maar ook hieraan het 'n einde gekom.

Jesus word weer uitgelei. Toe Hy met sy bebloede, gekneusde liggaam, gekleed soos ˈn spotkoning voor die skare verskyn, was daar 'n oomblik van stilte. Pilatus gebruik die geleentheid om te verklaar dat hy Jesus vir hulle buitentoe bring sodat hulle kan weet dat hy geen skuld in Hom vind nie. Toe draai hy om na Jesus en met 'n handgebaar sê hy: "Dáár is

die mens! " Dit was Pilatus se hoop dat die Jode vir so 'n wreed gemartelde en patetiese figuur, so bespot en bespuug en verneder, jammer sou voel. Die teendeel het egter gebeur. Sonder die minste teken van jammergevoel breek 'n geroep van haat en woede los: "Kruisig Hom! "

In sy besluiteloosheid probeer Pilatus die verantwoordelikheid van hom afskuif deur te sê: "Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie." Hulle moet dus weet dat as hulle Hom kruisig hulle 'n onskuldige teregstel. Hierop hou die Jode vol dat Hy tog skuldig is volgens hulle wet: "Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf, omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het".

Met hierdie uitspraak gee die Jode toe dat Pilatus gelyk het wanneer hy Jesus onskuldig vind aan die politieke klagtes wat hulle teen Hom aangevoer het (vgl. § 210), en hulle keer terug tot die godsdienstige klagte wat deur die Sánhedrin aanvaar is (§ 207). Volgens die raad van God sou Jesus nie as 'n politieke oproermaker sterf nie, maar omdat Hy Homself as die Messias, die Seun van God, bekend gestel het en die Jode geweier het om Hom as sodanig te aanvaar. Dus ook voor Pilatus is die beskuldiging dat Hy die Messias was, die enigste wat stand hou.

### § 216 Die veroordeling (Joh. 19:8-16)

Toe Pilatus hoor dat Jesus die Seun van God was, het sy heidense hart bevrees geword. Sou dit wees dat hy te doen het met een van die gode wat onder die mense kom rondwandel het? Sou hy die onguns van die gode op hom neerhaal deur hierdie man geweld aan te doen? Hier duik nou 'n aspek van die saak op wat hy nog verder moet ondersoek. Daarom neem hy Jesus weer na binne om Hom uit te vra.

Nou wil Pilatus van Jesus weet waar Hy vandaan kom. Sou Hy miskien deur die gode gestuur wees? In sy bygelowige hart is daar baie vrae oor hierdie moontlikheid. Maar Jesus antwoord niks nie. Dan dreig Pilatus: "Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag om U los te laat nie?" Hierop antwoord Jesus met groot waardigheid en nadruk: "U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde." Ook Pilatus is diensbaar aan God wat deur hom sy raad laat uitvoer. Aan hom is die gesag deur God verleen. Daarom moet hy dit met verantwoordelikheid aanwend en nie willekeurig nie.

Hierop het Pilatus weer die Jode aangespreek en hulle probeer oorhaal om Jesus los te laat. Hulle skreeu egter dat as Pilatus dit doen, hy nie 'n vriend van die keiser is nie, want elkeen wat voorgee dat hy koning is, kom in verset teen die keiser. Vir die Jode was dit 'n troefkaart. Keiser Tiberius was bekend vir sy strengheid teenoor sy goewerneurs. As iemand die naam kry dat hy nie 'n vriend van die keiser was nie, het Tiberius gou opgetree om so 'n goewerneur te ontslaan. Die uitroep van die Jode het Pilatus laat besef dat hy nou sal moet kies tussen homself en Jesus. Moet hy sy eie posisie op die spel plaas om die onskuld van Jesus te handhaaf? Hy besluit dat hy so 'n waagstuk nie kan bekostig nie en dat hy dus aan die Jode hulle sin moet gee.

Hierop bring Pilatus Jesus weer na buite. Hy gaan op die regterstoel sit in die plek wat Plaveisel (= Hebreeus: Gábbata) genoem word. Eers wou hy nog 'n keer die Jode verneder. Daarom sê hy: "Dáár is julle Koning!" Byna rasend van woede skreeu die Jode: "Neem weg, neem weg, kruisig Hom!" Pilatus vra: "Moet ek julle Koning kruisig?" Daarop antwoord die owerpriesters: "Ons het geen koning behalwe die keiser nie." Die haat teen Jesus het dus so hoog geloop dat die Jode eerder onder die juk van die Romeine wou buig as om Jesus as Koning te erken. Soos Hy daar gestaan het, nog met die spotkleed aan, het Hy allermins na 'n koning gelyk. En tog was die wesenlike nie hoe Hy gelyk het nie, maar wat Hy werklik was: die Messias-koning.

Pilatus het nou die verhoor beëindig deur aan die Jode toe te gee. Hy beveel dat Jesus gekruisig moes word en oorhandig Hom aan die soldate.

Dit was omtrent ses-uur in die oggend toe dit gebeur het, op die dag van die voorbereiding vir die Pasga (Joh. 19:14).

### § 217 Die weg na Gólgota (Matt. 27:31-32; Mark. 15:20-21; Luk. 23:26-32; Joh. 19:17)

In die reël het die Romeine twee dae laat verloop tussen die vonnis en die teregstelling. In die geval van Jesus het hulle hiervan afgesien en dadelik voortgegaan om Hom te kruisig. Waarskynlik het die Jode by Pilatus daarop aangedring dat dit onverwyld moes geskied.

Die soldate lei Jesus weg van Gábbata. Die spotklere trek hulle van Hom af en laat Hom sy eie klere weer aantrek. Waarskynlik het hulle ook die doringkroon van sy hoof verwyder. In elk geval is daar in die Evangelies geen verdere verwysing daarna nie.

Dit was die gebruik dat die veroordeelde self sy kruis na die plek van teregstelling moes dra. Sommige verklaarders meen dat hy net die dwarsbalk van die kruis moes dra, maar dit skyn meer aanneemlik dat Jesus die hele kruis gedra het. Die sware en ongemaklike kruis kon slegs met groot moeite deur een persoon gedra of voortgesleep word. Maar hy was daartoe verplig om sodoende aan sy eie teregstelling mee te werk, en as 't ware sy goedkeuring aan sy vonnis te verleen.

By die burg Antonia word 'n stoet opgestel. Die hoofman ry te perd vooraan. Dan volg 'n aantal soldate en agter hulle die veroordeeldes wat hulle kruise dra. Daarna volg nog soldate en agteraan kom 'n skare nuusgieriges. Daardie môre word twee misdadigers saam met Jesus weggelei. Onder die skare wat volg, was daar 'n groot aantal owerpriesters en Fariseërs wat met groot genoeë die skouspel gadegeslaan het. Hulle het hul sin gekry. Hul groot Vyand was nou magteloos en hulle het hulle verheug oor die oorwinning.

Die stoet gaan deur die nou strate van die stad na die noordwestelike kant. Buite die stadsmuur en naby 'n hoofweg sou die kruisiging plaasvind. Wat alles op daardie weg van smarte (via dolorosa) plaasvind het, word ons nie vertel nie. Slegs twee insidente word vermeld. Die eerste was dat Simon van Ciréne deur die soldate aangekeer is om Jesus se kruis te dra. Die swaar las was te veel vir die gemartelde en uitgeputte liggaam van die Here. Hy kon nouliks verder, en die soldate was nie van plan om 'n hand by te sit nie. Dus kommandeer hulle 'n verbyganger om dit te doen. Hierdie Simon, afkomstig van Ciréne in Noord-Afrika, het 'n stuk grond naby die stad gehad en kom toe juis daarvandaan terug. Van hom word gesê dat hy die vader was van Alexander en Rufus. Markus, wat aan lesers in Rome sy Evangelie rig, maak van die seuns melding (15:21). Waarskynlik is hierdie Rufus dieselfde man wat Paulus in sy Brief aan die Romeine (16:13) noem as "'n uitverkorene in die Here." Simon het Jesus daar in Jerusalem nie geken nie, en het stellig onder protes die kruis op sy skouer geneem. Die gebeurtenis het egter sy lewe verander sodat sy huisgesin later in diens van Jesus gestaan het.

Die ander insident onderweg na Gólgota het betrekking op die vroue van Jerusalem. 'n Hele aantal vroue, waaronder dié wat Jesus gevolg het, het hartroerend geweeklaag toe hulle sien wat met Jesus gebeur. By hulle was daar egte droefheid en gebrokenheid van hart. Te midde van al die bespotting en beskimping let Jesus op die meegevoel van die vroue en aan hulle sê Hy: "Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders." Voor Pilatus het die volk uitgeroep dat die bloed van Jesus oor hulle en hul kinders kon kom. Dit sou ook werklik gebeur. Dae van sulke ontsettende smarte sal oor hulle kom dat hulle in die woorde van Hoséa (10:8) sou uitroep: "Berge, val op ons! Heuwels, bedek ons!" Vir daardie dag moes die vroue van Jerusalem hulle begin voorberei.

Na hierdie insidente gaan die stoet voort na Gólgota, waar hulle teen nege-uur aangekom het.

**§ 218 Die kruisiging (Matt. 27:33-37; Mark. 15:22-26; Luk. 23:33-34; Joh. 19:18-27)**

Op die klein heuwel wat weens sy besondere vorm die naam Hoofskedel (= Gólgota) gekry het, word sonder versuim gereed gemaak vir die kruisiging. Gate word in die grond gegrawe en die drie kruise daarin geplant. Daarna word die gevangenes aan die kruise opgehef en eers met toue vasgebind. Dan word hulle met spykers deur die hande en voete aan die hout vasgenael en die toue word losgemaak sodat hulle aan die spykers hang. Dit is 'n onbeskryflike pyniging, maar slegs die begin van 'n uitgerekte marteling wat soms 'n paar dae kon duur voordat die dood intree.

Hierdie manier van teregstelling is van heidense oorsprong. Waarskynlik het die Feníciërs dit die eerste aangewend en later is dit deur die Romeine oorgeneem. Dit was egter so 'n afskuwelike manier van teregstelling dat die Romeine dit nie op eie burgers toegepas het nie, maar slegs op slawe en vreemdelinge. Die Jode het dit as 'n heidense praktyk beskou waarop die woord van toepassing was: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang" (Gal. 3:13 vgl. Deut. 21:23). So 'n vervloekte het Jesus aan die hand van die Jode geword deurdat hulle Hom uitgelewer het aan die heidene. Maar vir albei, Jood en heiden, dra Hy die vloek sodat dié wat glo die seën deelagtig kan word.

Toe Jesus se beurt kom om aan die kruis geheg te word, het die soldate sy klere uitgetrek sodat Hy net die lendedoek om sy lyf gehou het. Toe bied hulle Hom 'n mengsel van asyn of suur soldatewyn en gal aan om te drink. Vandat Jesus gevange geneem is, het Hy nog niks te drinke gehad nie. Daarom neem Hy die beker en proe daaraan. Toe Hy egter merk dat dit die bedwelmende mengsel is wat gewoonlik aan die slagoffer gegee

word om enigsins die pyn te verdoof, het Hy dit geweier. Hy sou met volle bewustheid die dood tegemoetgaan en die lydensbeker tot die laaste druppel drink.

Daarop het hulle Hom aan die kruis gespyker. Aan elke kant het hulle een van die kwaaddoeners gekruisig. Toe die ontsettende pyn deur sy liggaam sny en die son op Hom neerbrand, bid Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Hieraan het die soldate hulle egter nie gesteur nie. Hulle was besig om die buit onder mekaar te deel. Die soldate kon die klere van die tereggesteldes vir hulself neem. Hulle deel dit so gelykop as moontlik. Toe bekyk hulle die onderkleed van Jesus. Dit was van goeie stof en aaneen geweef sodat dit sonder naat was. Waarskynlik was dit 'n geskenk aan Hom van 'n toegewyde vrou wat op hierdie wyse haar liefde vir Hom betuig het. Die soldate vind dat hulle so 'n kleed nie kan skeur nie, en daarom werp hulle die lot om te beslis wie dit moet kry. Onwetend het hulle sodoende die woorde van Ps. 22:19 in vervulling laat gaan.

Volgens gebruik was daar 'n opskrif bo-aan die kruis om die beskuldiging aan te dui. In Hebreeus, Grieks en Latyn het Pilatus daarop laat skryf: "Jesus die Nasaréner, die Koning van die Jode." Baie van die Jode wat dit gelees het, was ontevrede en hulle het Pilatus gevra om dit te verander. Hy moes skryf dat Jesus gesê het dat Hy die Koning van die Jode was, en nie dat Hy dit werklik was nie. Ten opsigte van hierdie klein besonderheid het Pilatus egter 'n besliste standpunt ingeneem en gesê: "Wat ek geskryf het, het ek geskryf". Só het Pilatus ook uitvoering gegee aan die heilsraad van God. Jesus was werklik die verwagte Koning van die Jode, en juis daarom het die Jode Hom verwerp. Die opskrif bo die kruis het dus die volle waarheid betuig.

Rondom die kruis was daar baie toeskouers. Die owerpriesters en lede van die Sánhedrin was daar, die Fariseërs was teenwoordig, baie nuusgieriges het kom kyk, maar op 'n afstand het 'n klein groepie vroue met gebroke harte gestaan. Onder hulle was Maria, die moeder van Jesus, en haar suster, Salomé, die moeder van Johannes en Jakobus; verder was daar nog 'n Maria, die vrou van Klopas wat ook die moeder was van Jakobus en Joses, en dan Maria Magdalena. By hierdie groepie vroue het die dissipel gestaan wat Jesus liefgehad het, naamlik Johannes. Dit word nie gesê of enige van die ander dissipels by die kruisiging teenwoordig was nie.

Jesus het sy moeder daar sien staan. Sy was gebroke onder die verdriet. Die swaard waarvan die bejaarde Simeon destyds gepraat het (Luk. 2:35), het nou haar hart deurboor. Vol ontferming kyk Jesus haar en Johannes aan en toe spreek Hy hulle toe. Aan haar sê Hy: "Vrou, dáár is u seun!" Daarop sê Hy aan Johannes: "Dáár is jou moeder!" Albei het sy bedoeling begryp, en van toe af het Johannes die moeder van Jesus in sy huis geneem om vir haar te sorg.

In die uur van sy sterwe het Jesus nie aan Homself gedink nie, maar aan ander: eers aan die vyande wat Hom gekruisig het, vir wie Hy by die Vader intree, en daarna aan sy eie mense, by name sy moeder, tot wie sy liefde uitgaan in haar groot verdriet.

**§ 219 Die Gekruisigde word bespot (Matt. 27:38-43; Mark 15:27-32a; Luk. 23:35-38)**

Toe Jesus magteloos aan die kruis hang tussen die twee gekruisigde rowers, het die Jode begin met 'n sataniese bespotting. Die wat met die pad verbygegaan het, het meewarig die hoof geskud om daarmee te kenne te gee dat sy aansprake dat Hy die Messias was, op niks uitgeloop het. Al wat Hy vir Homself verkry het, was die kruis. Terwyl 'n skare van die volk staan en toekyk, het die verbygangers uitgeroep: "U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom af van die kruis!" In hierdie beskimping hoor ons weer eens die verdraaiing van die uitspraak van Jesus in verband met die opstanding uit die dode (vgl. Joh. 2:19). Maar daar is ook 'n herinnering aan die versoeking van Satan aan die begin van Jesus se bediening, toe die Bose telkens van Jesus 'n teken verlang het as Hy dan die Seun van God is (vgl. § 26). Die Satan was ook by die kruis uiters aktief om nog op daardie late uur te probeer om die heilswerk van God te verydel. Daarom word Jesus in die versoeking gestel om van die kruis af te kom ten einde te bewys dat Hy die Seun van God is.

Die owerpriesters, skrifgeleerdes en ouderlinge - verteenwoordigers van die Joodse Raad - verlustig hulle in hul oorwinning en neem lewendig deel aan die lasterlike beskimpinge. Hulle spot daarmee dat Hy ander gered het, maar nou Homself nie kan red nie. Hy wat gekom het om te red wat verlore gaan, gaan nou self verlore. Hulle daag Hom uit om te bewys dat Hy die Seun van God is deur van die kruis af te kom. Dan sal hulle dit kan sien

en glo. Hulle gaan selfs nog verder en bespot Hom omdat Hy aanspraak gemaak het op die hulp van God, en nou het God Hom verwerp. Hy, wat Homself bekend gemaak het as die Christus van God, die Uitverkorene laat God Hom nou red indien Hy werklik in Hom 'n welbehae het.

Só het die Jode voortgegaan om Jesus te smaad en te bespot. Die soldate het vir Hom asyn aan die mond gebring om te drink en toe begin deelneem aan die bespotting. Met verwysing na die opskrif op die kruis sê hulle: "As U die Koning van die Jode is, red Uself".

Hierdie onmenslike belastering van die Seun van God en van God self, was 'n vervulling van die profetiese woorde in Ps. 22:7-9: "Ek is 'n wurm en geen man nie, 'n smaad van die mense en verag deur die volk. Almal wat my sien, spot met my, hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê: Laat dit aan die Here oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos 'n behae in hom!"

Onder dit alles swyg Jesus. Hy bly aan God gehoorsaam in die uitvoering van sy Middelaarswerk (vgl. Fil. 2:8).

**§ 220 Die berouvolle moordenaar (Matt. 27:44; Mark. 15:32b; Luk. 23:39-43)**

Die twee wat saam met Jesus gekruisig is, word in die Skrif rowers en kwaaddoeners, misdadigers, genoem, maar nie uitdruklik moordenaars nie. Tog word veronderstel dat hulle, moontlik onder leiding van Barábbas, aan 'n gewapende opstand wat met moord gepaard gegaan het, skuldig was. Daarom word na hulle verwys as moordenaars.

Aanvanklik het hierdie twee in hulle geestelike verbittering en liggaamlike smarte saam met die skare Jesus beskimp. Mettertyd het een van hulle egter stil geraak. Hy het onder die indruk begin kom van die merkwaardige wyse waarop Jesus sy lyding ondergaan, en oortuig geword dat Jesus 'n Koning is wat deur sy sterwe sy koninkryk sal binnegaan. Die ander moordenaar het voortgegaan om beledigende dinge teen Jesus te sê. Hy snou Hom toe: "As U die Christus is, verlos Uself en ons." Hierop kon die eerste een hom nie langer bedwing nie. Daar het in sy hart 'n groot verandering ingetree en hy spreek dit uit. Aan sy makker sê hy: "Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? - ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie."

Daarna kyk hierdie man na Jesus en sê met groot ootmoed en eerbied: "Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom." Hierop antwoord Jesus: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees." Vir die duisternis van die dood hoef hierdie man nie meer te vrees nie. Jesus sal hom vashou en saamneem na die plek van geluksaligheid. In die aangesig van die dood was daar redding vir die moordenaar wat as gelowige hom aan Jesus vasgeklem het.

**§ 221 Jesus lê sy lewe af (Matt. 27:45-50; Mark. 15:33-37; Luk. 23:44-46; Joh. 19:28-30)**

Die hele voormiddag in die brandende lenteson het die bespotting voortgegaan. Omstreeks twaalf-uur (die sesde uur) het duisternis oor die aarde gekom tot drie-uur (die negende uur) in die namiddag. Lukas sê dat die son verduister is. 'n Gewone sonsverduistering was dit egter nie aangesien dit volmaan was en 'n sonsverduistering slegs by nuwemaan kan voorkom. Sommige meen dat dit 'n sandstorm was wat van die kant van die woestyn opgekom het, ander dink aan 'n asreën na 'n vulkaniese uitbarsting. Die Skrif vertel ons niks van die oorsaak van die verduistering nie. Alleen die feit word vermeld. In die uur van die diepste lyding van die Seun van God het die hele natuur getreur, en is die sluier van duisternis oor die smarte van die lydende Kneg van die Here gesprei.

Die ongewone natuurverskynsel het die spotters met vrees vervul en hulle gaan uitmekaar, terug na die stad om veiligheid te soek. Op Gólgota kom daar stilte. Alleen die smartelike gesug van die gekruisigdes word gehoor.

In daardie ure is die gedagtes van Jesus op God gerig. Die woorde van Ps. 22 bly Hom by, en Hy weet dat daardie profesie op Hom van toepassing is. Wat Hy aan liggaamlike en geestelike lyding deurgegaan het, sou geen mens kan peil nie. Hy is deur alle mense verlate, en sink nou ook weg in die alleenheid van die dood. Het God Hom dan ook verlaat? Eindelik roep Hy uit met 'n groot stem: "Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit beteken: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Ps. 22:2). Nou spreek Hy God nie aan as sy Vader nie. Hy het met God te doen, en die vreeslike is dat God Hom verlaat het.

En tog, deur die uitroep: "My God," klem Jesus Hom aan God vas. Ook in die grootste angste en smarte bly God nog sy God, en in die God-verlatenheid hou Hy aan God vas. Kort na hierdie uitroep, klaar die duisternis op. Toe dit lig word, begin die bespotting al weer. Sommige wat nog daar gestaan het, het die uitroep van "Eli" nie goed verstaan nie, en sê dat Hy seker Elía roep. Die opvatting het bestaan dat Elía, wat vuur uit die hemel kon afbid (vgl. 2 Kon. 1:10), 'n uitredder was uit die nood. Nou wou hulle sien of Elía Jesus sou kom red van die dood.

Aan die soldate sê Jesus: "Ek het dors." Een van hulle week toe 'n spons in asyn en sit dit op 'n riet om dit aan Jesus se lippe te bring (vgl. Ps. 69:22). Nadat Jesus hierdeur gelaaf is, en omdat Hy geweet het dat alles vervul was, het Hy met 'n groot stem uitgeroep: "Dit is volbring!" Dit was 'n uitroep van triomf. Die werk wat Hy op aarde kom verrig het, het Hy uitgevoer. Die versoening is bewerkstellig. Nou kan Hy sy taak as Messias afsluit.

Nog eens klink die helder stem van Jesus oor Gólgota: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor! " Daarna buig Hy die hoof en blaas die laaste asem uit.

Die laaste uitroep van Jesus is ontleen aan Ps. 31:6: "In u hand gee ek my gees oor." Die woorde het deel gevorm van die aandgebed wat Joodse kinders aan moedersknie geleer het, en opgesê is voordat hulle gaan slaap. Met dieselfde bede gaan Jesus die slaap van die dood in. In daardie oomblik is God, die Vader, weer by Hom om sy gees te bewaar.

Die kragtige uitroepe van Jesus vlak voor sy sterwe dui aan dat Hy nie soos die gewone gekruisigde 'n langsame dood van uitputting gesterf het nie. Hy het nog oor genoeg krag beskik om luid uit te roep. Daaruit blyk dat Hy self sy lewe aflê, soos Hy vooruit aangekondig het (Joh. 10:17-18). Sy sterwe is 'n bewuste daad van die Seun van God.

**§ 222 Tekens en getuies (Matt. 27:51-56; Mark. 15:38-41; Luk. 23:45b, 47-49)**

Die sterwe van Jesus het gepaard gegaan met buitengewone tekens. Eers was daar die onverklaarbare duisternis wat drie uur lank geduur het. Daarna het die voorhang van die tempel van bo tot onder in twee geskeur.

In die tempel was daar na regte drie voorhangsels. Die eerste een het voor die heilige gehang sodat dit van die kant van die voorhof afgesluit was. Alleen die priesters kon agter hierdie voorhangsel ingaan. Verder na binne was daar 'n skeiding tussen die heilige en die allerheiligste. Dit het uit twee voorhangels bestaan, die een agter die ander.

Die voorhangsel wat geskeur het, was seker die een wat die volk uitgesluit het uit die heilige. Deur die skeur is die heilige geopen en toeganklik gemaak vir almal wat die aangesig van God soek. Die gebeurtenis dui op die betekenis van die koms van Jesus en sy Middelaarswerk. Hy het 'n einde gemaak aan die ou bedéling waarin die volk afhanklik was van tussengangers, die priesters, tussen hulle en God. Nou was daar regstreekse toegang. Deur Jesus Christus kon elkeen ongehinderd sy weg vind tot die Vader.

'n Ander teken was 'n geweldige bewing van die aarde waardeur die rotse geskeur het. Deur die aardbewing het ook die rotsgrafte oopgegaan en baie liggame van ontslape heiliges het opgestaan. Twee dae later, nadat Jesus self opgestaan het, het hierdie ontslape heiliges ook aan baie verskyn. Hierdeur is bevestig dat die opstanding van Jesus die voorloper is van die opstanding van almal wat ontslaap het.

Daar was ook getuies by die sterwe van Jesus. Die eerste was die heidense hoofman oor honderd, die offisier wat toegesien het dat die kruisiging uitgevoer word. Die duisternis en die aardbewing, sowel as die merkwaardige wyse waarop Jesus sy lewe afgelê het, het 'n diepe indruk op hom gemaak en hom oortuig dat Jesus nie 'n gewone mens was nie. Met die hoogste benaming wat hy as heiden ken, dui hy Hom aan deur te sê: "Waarlik, hierdie man was 'n godeseun ! " Wat hy bedoel het, was dat Jesus die Seun van God was.

Hierdie getuienis is van groot belang. Die Jode het hulle Messias gekruisig, maar in die uur van sy sterwe word Hy deur die heiden aanvaar en beskryf as die Seun van God. Dit was die begin van die nuwe tydperk waarin die evangelie sou uitgaan na die heidene.

Daar was ook nog ander getuies. Op 'n afstand het baie vroue gestaan, wat vir Jesus van Galiléa af gevolg en Hom gedien het. Die name van 'n aantal van hulle word genoem (vgl. § 218). Ook was daar "al sy bekendes" (Luk. 23:49) wat ver weg gestaan het. Hoewel die dissipels, uitgesonderd Johannes, nie genoem word nie, kan dit wees dat daar van hulle teenwoordig was onder "die bekendes." Hoofsaak is dat al hierdie mense

ooggetuies was van wat gebeur het.

**§ 223 Die bewys van die dood (Joh. 19:31-37)**

In die laat namiddag het die owerstes van die Jode weer aan godsdienstige dinge begin dink. Hulle moes tog hou by sekere instellinge en voorskrifte. Dit was die dag van die voorbereiding (vgl. § 194). Daardie aand sou die Pasga geëet word en ook die Sabbat aanbreek. Omdat die Pasga op die Sabbat sou val, was dit 'n groot Sabbat (Joh. 19:31). Daarom moes hulle toesien dat die liggame van die gekruisigdes nie op die Sabbat aan die kruis bly hang nie (vgl. Deut. 21:23). Hulle versoek dus Pilatus dat die bene van die gekruisigdes stukkend geslaan moet word om die dood te verhaas.

Pilatus stem toe dat hierdie wrede daad gedoen kan word. Die soldate doen dit eers aan die een moordenaar en toe aan die ander. Toe hulle by Jesus kom, merk hulle dat Hy reeds dood was. Om seker te maak dat dit wel die geval is, steek die een die spies in Jesus se sy. Daar vloei toe bloed en water uit as teken dat die dood reeds ingetree het. Daarom het hulle nie sy bene gebreek nie.

Johannes, wat hierdie dinge beskryf, verklaar plegtig dat hy dit self gesien het en dat sy getuienis waaragtig is en daarom ten volle geloofwaardig. Afgesien van wat hy gesien het, voer hy nog 'n verdere bewys van geloofwaardigheid, aan. Wat gebeur het, was naamlik die vervulling van die Skrif. Dat geen been gebreek is nie, is die vervulling van die belofte van God aan die regverdige in die woorde van Ps. 34:21: "Hy bewaar al sy bene: nie een daarvan word gebreek nie." Maar dié woord het ook betrekking op die Paaslam waarvan die bene nie gebreek mag word nie (Exod. 12:46). Volgens hierdie woord sterf Jesus as die Lam van God sonder dat sy bene gebreek word.

Ook die wond in sy sy is in die Skrif voorspel deur Sagaría wat sê: "Hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het" (12:10).

Rondom die kruis was daar nog 'n hele aantal mense uit die stad. Toe hulle al hierdie dinge sien, het hulle begin besef dat iets verskrikliks gebeur het. As teken van rou het hulle op die bors geslaan en na die stad teruggegaan (Luk. 23:48). In die sterwe van Jesus het hulle Hom as die Koning herken.

**§ 224 Die begrafnis (Matt. 27:57-61; Mark. 15:42-47; Luk. 23:50-56; Joh. 19:38-42)**

Ná die sterwe van Jesus het twee invloedryke persone na vore getree om vir die begrafnis te sorg. Hulle was Josef van Arimathéa en Nikodémus, albei lede van die Sánhedrin.

Josef was afkomstig uit Arimathéa (= Ramatáim, 1 Sam. 1:1), 'n stad van die Jode, waarskynlik aan die kus van die Middellandse See. In Jerusalem was hy welbekend as 'n ryk man wat ook goed en regverdig was. Met die optrede van die Sánhedrin teen Jesus het hy hom geensins vereenselwig nie. Hy was trouens 'n leerling van Jesus, maar uit vrees vir die Jode het hy nie openlik sy simpatie met Jesus betuig nie. Ook by die hof van Pilatus was hy 'n bekende wat blykbaar die reg gehad het om op enige uur van die dag hom daar aan te meld vir 'n onderhoud met die goewerneur.

Die lyke van gekruisigdes is gewoonlik op die vuilishoop van die stad in die dal van Hinnom verbrand. Josef wou die liggaam van Jesus van so 'n verdere vernedering red. Daarom haas hy hom direk na Pilatus met die versoek dat die liggaam aan hom gegee moet word. Pilatus was verbaas om te hoor dat Hy al dood was. Hy laat die hoofman oor honderd roep om hom daaromtrent uit te vra. Nadat die hoofman bevestig het dat Jesus dood was, gee Pilatus aan Josef toestemming om die liggaam te begrawe.

Aangesien dit reeds laat was en die Sabbat met die aandskemer sou aanbreek, moes Josef gou maak. Hy gaan eers 'n hoeveelheid linne koop waarin die liggaam toegedraai kon word. Intussen sluit Nikodémus, wat destyds Jesus in die nag gaan spreek het (§ 31), by Josef aan, en hy bring 'n mengsel van mirre en alewee van omtrent 'n honderd pond gewig. Met hierdie dinge gaan hulle na Gólgota waar die groepie vroue en vriende van Jesus nog staan. Versigtig en eerbiedig haal hulle die liggaam van die kruis. Omdat daar nie veel tyd was om die liggaam behoorlik met speserye te behandel nie, het hulle die mengsel wat Nikodémus gebring het, gou op die liggaam gesit en dit in die doeke toegedraai. Daarop neem hulle dit na 'n graf in 'n tuin daar naby. Die graf was nog heeltemal nuut, uitgekap soos 'n kelder in die rots. Daarin het hulle Jesus neergelê en toe die ingang toegemaak deur die groot klipwiel in sy groef aan te rol om die opening te sluit. Onderwyl die mans hiermee besig was, het 'n aantal vroue, o.a. Maria Magdalena en Maria, die moeder van Joses, toegekyk en gesien waar en hoe hulle Hom neergelê het.

Toe hierdie liefdeswerk klaar was, het elkeen huiswaarts gegaan. Die vroue het egter

voorbereidsels getref om die liggaam behoorlik met speserye te gaan salf sodra die Sabbat verby was.

**§ 225 Verseël en bewaak (Matt. 27:62-66)**

Die volgende oggend, op die Sabbat dus, was daar 'n deputasie van owerpriesters en Fariseërs wat Pilatus wou spreek. Die saak was so belangrik dat hulle vir dié geleentheid die sabbatsgebooie verbreek het.

Aan Pilatus deel hulle mee dat Jesus, toe Hy nog in lewe was, gesê het dat Hy oor drie dae sou opstaan. Die gevaar het bestaan dat sy dissipels die liggaam kon kom wegneem en dan vir die volk sê dat Hy opgestaan het. As dit gebeur, sou die volk nog verder verlei word. Daarom versoek hulle Pilatus om 'n wag by die graf te plaas minstens tot die derde dag. Die goewerneur is nie onwillig nie. Hy gee hulle 'n wag en sê dat hulle self by die graf die maatreëls kan tref wat hulle as noodsaaklik beskou. Daarop gaan hulle en plaas 'n seël op die steen voor die ingang. Dit doen hulle in die teenwoordigheid van die wag. En dan kry die wag bevel om met sorg die graf te bewaak.

Op hierdie wyse het die Jode self toegesien dat niemand die graf kon bereik om die liggaam te verwyder nie. Indien die graf leeg gevind sou word, sou dit beslis nie deur die toedoen van mensehande wees nie.

## XXI. DIE OPSTANDING, VERSKYNINGE EN HEMELVAART

### § 226 Die leë graf (Matt. 28:1-8; Mark. 16:1-8; Luk. 24:1-12:Joh. 20:1-13)

Hoedat die dissipels daardie Sabbat deurgebring het, word ons nie vertel nie. Hulle het stellig êrens geskuil uit vrees vir die Jode terwyl hulle in hul droefheid met allerlei vrae worstel in verband met die kruisiging van hulle Meester. Ook die vroue het die dag stil deurgebring en hulle gereed gehou om baie vroeg op die eerste dag van die week uit te gaan na die graf om die liggaam te salf. Dat hulle hierdie voorneme gehad het en ook gegaan het om dit uit te voer, is die bewys dat hulle niks geweet het van die verseëling van die graf en die Romeinse wag wat dit bewaak het nie.

Dit was nog donker op die oggend van die eerste dag van die week (Sondag) toe vier vroue die speserye neem en die stad uitgaan na die graf toe. Hierdie vroue was Maria, die vrou van Klopas, Maria Magdalena, Salomé, die vrou van Sebedeüs, en Johanna, die vrou van Gusa (Luk. 24:10 vgl. 8:3). Toe hulle in die tuin kom waar die graf was, daag dit by hulle dat hulle nie sterk genoeg sou wees om die swaar steen voor die ingang van die graf weg te stoot nie. Hulle moes daaraan gedink het om van die mans saam te bring om dit vir hulle te doen.

Terwyl hulle nog oor hierdie moeilikheid praat, kom hulle naby die graf en in die eerste lig van die nuwe dag merk hulle dat die steen opsy gerol is en dat die graf oop is. Hieroor was hulle hewig ontsteld. Wat kon gebeur het? Sou iemand die graf kom skend en die liggaam verwyder het? Dergelike gedagtes kom by hulle op. En wat moet hulle doen? Maria Magdalena gaan onmiddellik die dissipels roep. Sy haas haar om dit eers aan Petrus te vertel (Joh. 20:1-2). Die ander drie bly nog daar staan voordat hulle nader gaan om die graf te ondersoek.

Matthéüs vertel wat vroeg daardie oggend gebeur het, nog voordat die vroue in die tuin gekom het. Terwyl die soldate op wag was, het daar skielik 'n kort maar hewige aardbewing plaasgevind. 'n Engel van die Here het uit die hemel neergedaal en die steen voor die graf weggerol en daarop gaan sit. Sy gedaante was ligtend soos die weerlig en sy kleding wit soos sneeu. Die soldate het dit alles gesien en van angs het hulle gebewe en op die grond neergeval soos dooies. Dit alles was die teken dat Jesus as oorwinnaar uit die graf getree het.

Toe die vroue by die graf kom, het die engel nie meer op die steen gesit nie maar wel binne-in die graf. Die vroue het ingegaan en gesien dat die graf leeg was. Maar toe sien hulle ook die engel in sy heerlikheid en uit vrees buig hulle neer na die grond. Die engel spreek hulle egter vriendelik aan en sê: "Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar Hy gelê het; en gaan haastig, sê vir sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien." Voorts het die engel hulle herinner aan die woorde van Jesus wat gesê het dat Hy in die hande van sondige mense oorgelewer en gekruisig sou word, en op die derde dag sou opstaan. Ook het die engel hulle besondere opdrag gegee om aan Petrus te gaan sê dat Jesus opgestaan het.

Tegelyk oorweldig deur vrees en blydskap het die vroue teruggegaan na die stad om dié dinge aan die dissipels te vertel. Vir hulle het die mededelinge van die vroue egter na onsinnige praatjies geklink en hulle wou dit nie glo nie.

Intussen het Maria Magdalena by Petrus en Johannes uitgekom en van die leë graf vertel. Dadelik het dié twee opgespring om na die graf te hardloop. Aangesien Petrus ouer was as Johannes, kon hy nie byhou nie. Johannes het die eerste by die graf gekom en gesien dat dit leeg was, maar nie ingegaan nie. Toe Petrus kom, het hy sonder versuim ingegaan en alles bekyk. Daar sien hy die grafdoeke lê, en merk op dat die doek wat op Jesus se hoof was, opgerol op 'n plek afsonderlik lê. Johannes het toe ook in die graf gegaan en die doeke gesien. Toe het hulle twee iets begin begryp van die Skrif dat Hy uit die dode moes opstaan. Nadat hulle alles bekyk het, het hulle huis toe gegaan.

Wat die vroue kom vertel het, was die waarheid. Die graf was leeg.

### § 227 Jesus verskyn aan die vroue (Matt. 28:9-10)

In gehoorsaamheid aan die engel het die vroue van die graf weggegaan om in aller haas die dissipels te vertel. Hulle was nog nie ver nie, vermoedelik nog in die tuin, toe hulle Jesus onverwags ontmoet. Hulle het Hom dadelik herken, en oorstelp van blydskap, val hulle voor Hom neer en raak sy voete aan en aanbid Hom.

Toe sê Jesus aan hulle: "Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na

Galiléa moet gaan, daar sal hulle My sien." Jesus herhaal die opdrag wat die engel reeds aan die vroue gegee het. Daar sou by hulle geen onsekerheid kon ontstaan oor wat hulle aan die dissipels moes sê nie.

Hierdie was die eerste vlugtige verskyning van Jesus ná sy opstanding. Dit was 'n nog sterker bewys van die opstanding as die leë graf.

**§ 228 Die verskyning aan Maria Magdalena (Joh. 20:11-18; Mark. 16:9-11)**

Nadat Maria Magdalena, wat deur Jesus van sewe duiwels bevry is, aan Petrus en die ander berig gebring het dat die graf leeg was, het sy weer na die tuin teruggekeer. Toe sy daar aankom, was daar niemand meer nie. Sy het eers 'n rukkie stilgestaan voor die graf en toe gebuk en na binne gekyk. Sy sien toe twee engele daar sit met wit klere aan, die een by die hoof en die ander by die voete waar Jesus gelê het. Sy het blykbaar op daardie oomblik nie besef dat dit engele was nie. Die een spreek haar aan en sê: "Vrou, waarom ween jy?" Daarop antwoord sy: "Omdat hulle my Here weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie." Maria is oortuig dat die liggaam deur iemand weggeneem is. Al het Jesus herhaaldelik na sy opstanding uit die dode verwys, kom die moontlikheid van 'n opstanding nie in haar gedagte op nie.

Toe Maria dit gesê het, draai sy om en sien 'n Man agter haar staan. Dit was Jesus maar sy het Hom nie meteen herken nie. Net soos die engel vra Hy: "Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy?" Sy was onder die stellige indruk dat dit die tuinier was en sê toe: "Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem." Daarop sê Jesus aan haar: "Maria!" By die aanhoor van haar naam wat op so 'n besondere manier uitgespreek word, draai sy om en kyk die Man goed aan. Toe sy sien dat dit Jesus was, het sy net een woord kon sê: "Rabboeni!" Dit beteken: "My Meester!"

Oorstelp van blydskap slaan Maria haar arms om Jesus om Hom vas te hou. Sy het Hom gevind en wou Hom nie weer loslaat nie. Jesus sê egter aan haar: "Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: "Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en na my God en julle God." Voortaan sal hulle weet waar Jesus is. Die graf is wel leeg maar Hy is terug by dié wat aan Hom behoort; en Hy sal in die hemel wees as 'n Voorspraak by God die Vader.

Noudat Maria Hom gesien het en sy heenwysing na "my Vader en julle Vader, en my God en julle God" verneem het, kan sy Hom loslaat en met vreugde die blye boodskap van die opstanding aan die dissipels gaan meedeel. Sy kom toe ook by hulle en vertel dat sy Jesus gesien het, en wat Hy gesê het, maar hulle het haar nie geglo nie.

**§ 229 Die bedrog van die owerpriesters (Matt. 28:11-15)**

Toe die soldate by die graf vroeg daardie oggend enigsins herstel het van hulle skrik, het hulle weggehardloop na die stad. Hulle kon egter nie reguit na die burg Antonia teruggaan nie, omdat hulle van pligsversaking beskuldig en swaar gestraf sou word. Daarom vertel hulle eers in die stad wat gebeur het, en soek hulle die owerpriesters op om in besonderhede te vertel van die aardbewing by die graf en die engel wat die seëls verbreek en die steen weggerol het. Hulle het wel nie gesien dat Jesus uit die graf te voorskyn kom nie, maar die graf was in elk geval leeg.

Hierdie berig het die owerpriesters ontsettend ontstel. Blykbaar is hulle wel heimlik oortuig dat Jesus uit die dode opgestaan het, maar iets moes gedoen word om te verhinder dat die volk daarvan te hore kom. Die saak was so dringend dat hulle onmiddellik 'n byeenkoms van die Sánhedrin belê. Ná beraadslaging besluit hulle om die soldate om te koop. Uit die tempelskatkis, waaruit die dertig silwerlinge vir Judas ook geneem is, neem hulle "baie geld" en gee dit aan die soldate met die opdrag dat hulle die gerug moes versprei dat die liggaam van Jesus in die nag toe die wag aan die slaap geraak het, deur die dissipels weggesteel is. Vir die wag was dit 'n waagstuk om te beweer dat hulle aan die slaap geraak het, want so 'n pligsversuim is destyds deur die Romeine sonder genade gestraf. Die owerstes van die Jode onderneem toe egter om by die goewerneur in te tree indien die soldate in die moeilikheid sou kom.

Die soldate het die geld geneem en die storie versprei soos die owerstes dit aan hulle voorgesê het. Die Jode van Jerusalem het die storie ook geglo en daarin volhard.

**§ 230 Die verskyning aan Petrus (Luk. 24:34; 1 Kor. 15:5)**

Op daardie eerste dag van die week het Jesus ook aan Petrus verskyn. Wanneer en in welke omstandighede dit gebeur het, of wat Jesus aan Petrus gesê het, word ons nie vertel nie. Slegs die feit word opgeteken.

Die gebeurtenis is besonder betekenisvol. Petrus was die eerste onder die Twaalf, en was nou ook die eerste onder hulle wat die opgestane Heiland gesien het. Deur aan hom te verskyn, het Jesus betuig dat Hy Petrus nie verwerp het nadat hy Hom verloën het nie, maar nou in ere herstel en maak tot getuie van die opstanding.

As daar 'n gesprek tussen Jesus en Petrus plaasgevind het by die verskyning, sou dit seker gegaan het oor die sonde van Petrus en sy bittere berou. Jesus sou hom verseker het dat alles vergewe is, en dat hy voortaan 'n belangrike taak in die groeiende kerk sou verrig.

Vir die ander dissipels was die verskyning aan Petrus eweneens van groot betekenis. Hulle wou die getuienis van Maria Magdalena en van die ander vroue aan wie Jesus verskyn het, nie glo nie. Maar noudat ook Petrus die Here gesien het, kon hulle getuig: "Die Here het waarlik opgestaan en het aan Simon verskyn."

**§ 231 Die Emmaüsgangers (Luk. 24:13-35; vgl. Mark. 16:12-13)**

In die laat-namiddag van die eerste dag van die week was twee volgelinge van Jesus op pad na Emmaüs, 'n dorp sowat agt myl noordwes van Jerusalem. Die een se naam, Kléopas, word genoem. Dit is moontlik dat sy naam ook as Klopas uitgespreek is, en dat hy die man was van Maria, die moeder van Jakobus en Joses, wat by die kruis van Jesus gestaan het (Joh. 19:25 vgl. Matt. 27:56).

Hierdie twee was in drukke gesprek oor die dinge wat die vorige dae in Jerusalem gebeur het. Hulle het diep teleurgesteld gevoel oor alles wat met Jesus gebeur het omdat hulle juis verwag het dat Hy die Redder van die volk sou wees. Aan die ander kant is hulle in die war oor die gerugte dat die graf leeg gevind is en dat sommige vroue Hom sou gesien het.

Terwyl hulle oor hierdie dinge praat, het Jesus self nader gekom en by hulle aangesluit, maar hulle oë is weerhou sodat hulle Hom nie herken het nie. Hy vra hulle uit na die dinge waaroor hulle praat, en wil weet waarom hulle so bedroef was. Met 'n mate van verbasing vra Kléopas of Hy dan 'n vreemdeling in Jerusalem is dat Hy nie van die dinge weet wat daar gebeur het nie. Belangstellend vra Jesus dat hulle moet vertel wat daar dan gebeur het. Toe vertel hulle die verhaal van Jesus die Nasaréner, wat deur die owerstes van die Jode oorgelewer is en gekruisig is. Kléopas vertel verder dat hulle gehoop het dat dit Hy was wat Israel sou verlos uit die hand van die vyande, maar nou was dit al die derde dag dat Hy dood is. Die hoop is dus verydel. Maar daar het juis op daardie dag allerlei wonderlike dinge gebeur. Die vroue wat by die graf was, waaronder ook Kléopas se vrou (§ 226), het hom vertel dat die graf leeg was en dat hulle engele gesien het wat sê dat Hy opgestaan het. Ook van die dissipels het die leë graf gesien, maar hulle het Jesus self nie gesien nie. Breedvoerig vertel Kléopas al hierdie dinge aan die Vreemdeling, en hy gee uitdrukking aan hul onsekerheid oor wat hulle nou moet glo.

Dan begin die Vreemdeling praat. Hy berispe hulle omdat hulle harte het "wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het." As hulle maar die Skrifte verstaan het, sou hulle geweet het dat die Christus al hierdie dinge moes ly en in sy heerlikheid ingaan. Hy gaan voort om hulle deur die Skrifte te lei, beginnende by Moses wat getuig het van die groot Profeet wat sou kom (Deut. 18:15), tot na die latere profete wat die lyding en die verheerliking van die Kneg van die Here aangekondig het.

Hierdie merkwaardige verklaring van die profesieë het hulle aandag so geboei dat hulle nie op die lengte van die pad gelet het nie. Toe hulle opkyk, was hulle al by Emmaüs. Die Vreemdeling maak asof Hy verder wil gaan, maar hulle dring by Hom aan dat Hy by hulle kom bly aangesien dit al aand was. Hy kom toe saam met hulle na 'n huis waar hulle weldra aan tafel gaan. Toe neem Hy die brood, dank en breek dit en gee dit aan hulle, net soos Hy dit by die laaste maaltyd aan sy dissipels gedoen het. By die breking van die brood het hul oë oopgegaan sodat hulle Hom herken het. Maar op daardie selfde oomblik het Hy uit die gesig verdwyn.

Verbaas kyk hulle mekaar aan en sê: "Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?" Ook aan daardie Skrifuitleg het hulle geweet dat die Vreemdeling Jesus was.

Daar en dan het hulle opgestaan en weer die agt myl na Jerusalem in groot haas afgelê. Hulle soek die elf dissipels op en vind hulle saam met heelwat ander volgelinge van Jesus byeen. Nog voordat hulle iets kon sê, word hulle begroet met die uitroep: "Die Here het waarlik opgestaan!" Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het en hoedat Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood.

**§ 232 Verskyning aan die dissipels (Mark. 16:14; Luk. 24:36-48; Joh. 20:19-23)**

Toe die Emmaüsgangers die dissipels in Jerusalem gevind het, was hulle êrens in 'n huis saam, moontlik in die bovertrek waar hulle die Pasga saam met Jesus geëet het. Die deure het hulle sorgvuldig gesluit gehou uit vrees vir die Jode, maar in hulle harte was daar groot blydskap. Die vrees vir die Jode was heeltemal gegrond. Nadat die owerpriesters die soldate omgekoop het om die storie te versprei dat die dissipels die liggaam van Jesus gesteel het, moes die dissipels op hulle hoede wees dat die Jode hulle nie gryp om hulle die swye op te lê nie. Daarom sluit hulle die deur van die vertrek waarin hulle saam was om te praat oor die engele by die leë graf en die verskyninge van Jesus aan die vroue en aan Petrus en nou ook aan die Emmaüsgangers. In hul harte juig dit: "Die Here het waarlik opgestaan!"

Meteens staan Jesus daar in hulle midde. Ten spyte van die toe deur het Hy binne die kamer verskyn. Verbaas kyk almal na Hom. Hy kalmeer hulle met die begroeting: "Vrede vir julle!" Tog was hulle verskrik en baie bang want hulle het gemeen dat hulle 'n gees sien. Hierop sê Jesus dat hulle nie ontsteld moet wees nie. Hulle kon na sy hande en voete kom kyk. Daar sou hulle die merke van die spykers sien. En hulle kon Hom kom betas om vas te stel dat Hy werklik in die liggaam by hulle was. Maar toe hulle nog bly twyfel, vra Hy of hulle iets het om te eet. Hulle gee Hom toe 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek. Voor hulle oë het Hy dit geëet. Daardeur het Hy bo alle twyfel bewys dat Hy nie 'n gees was nie, maar dat Hy liggaamlik uit die graf opgestaan het. En tog was dit 'n andersoortige liggaam. Dit was die verheerlikte liggaam wat sigbaar en tasbaar was, en wat tog ook die beperkinge van ruimte en tyd oorwin het. Daarom kon Hy sigbaar en tasbaar voor hulle staan, en dan uit die gesig verdwyn.

In hierdie verheerlikte liggaam van die opstanding staan Jesus voor hulle en begin hulle toespreek. Hy bestraf hulle oor hulle ongeloof. Die getuienis van die vroue moes hulle tog aanvaar het. Daarop gaan Hy voort om die Skrifte uit te lê soos Hy reeds aan die Emmaüsgangers gedoen het. Hy wys op die uitsprake van Moses, die profete en psalms, en open hulle verstand dat hulle dié dinge kan verstaan. Al die Skrifte wys daarop dat die Christus moes ly en sterf, en dat dit gebeur het sodat bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig kon word aan al die nasies van Jerusalem af en verder.

In hierdie verband gee Hy nou aan die dissipels 'n opdrag. Hulle sal sy apostels wees, uitgestuur om getuies van al hierdie dinge te wees. Juis daarom is dit so belangrik dat hulle die Skrifte moet verstaan, aangesien hulle voortaan uit die Skrifte hulle boodskap sal moet fundeer en verkondig.

Jesus laat hulle egter nie sonder toerusting nie. Hoewel die Heilige Gees aan die gemeente beloof is, skenk Hy nou reeds die Gees aan die dissipels om hulle te lei. Aangesien die wind die simbool van die Gees is, blaas Hy op hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees." Daardeur word hulle met gesag beklee om die evangelie te verkondig. Aan diegene wat tot geloof kom, kon hulle aankondig dat hul sondes in Christus vergewe is. En aan die ongelowiges kon hulle aankondig dat hul sondes met die oordeel van God gestraf sou word.

Nadat Jesus só met sy dissipels gepraat het en hulle sy vrede geskenk het, het Hy weer uit die gesig verdwyn.

**§ 233 Thomas (Joh. 20:24-29)**

Om die een of ander rede was Thomas nie teenwoordig toe Jesus op die aand van die eerste dag aan sy dissipels in die geslote kamer verskyn het nie. Waar hy was, word ons nie vertel nie. By geleentheid toe Jesus weer na Judéa wou gaan ten spyte van die dreigemente van die Jode, het Thomas gesê: "Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe." (Joh. 11:16, vgl. § 150). Nou het Jesus werklik gesterf, en Thomas het waarskynlik aan sy eie woorde gedink en daarom vir sy eie veiligheid ondergeduik. Op die opstandingsdag was hy dus êrens op 'n veilige plek verskuil.

Toe hy daarna van die leë graf hoor, wou hy nie glo dat dit as gevolg van die opstanding van Jesus leeg was nie. Die stories wat die Jode versprei het in verband met die heimlike verwydering van die liggaam het vir hom meer aanneemlik gelyk. Toe die dissipels hom vertel dat Jesus aan hulle verskyn het, wou hy hulle ook nie glo nie. Hy wou eers sy eie bewyse hê voordat hy aan die opstanding sou glo. En sy bewyse was dat hy sy vinger moes kan steek in die wonde in Jesus se hande en in sy sy. Dit was in elk geval 'n bewys wat die dissipels nie vir Thomas kon lewer nie.

Agt dae later, dus weer op die eerste dag van die week (= Sondag) was die dissipels op dieselfde plek saam as die vorige Sondagaand. Ons kan aanneem dat dit in die bovertrek

was. Hierdie keer was Thomas by hulle. Weer eens was die deure gesluit omdat die dissipels nog steeds vir hulle eie veiligheid gevrees het. Onverwags verskyn Jesus in hulle midde en begroet Hy hulle net soos die vorige keer met die woorde: "Vrede vir julle!" Na 'n paar oomblikke waarin die dissipels hulle verbasing oorwin het, kyk Jesus Thomas aan en sê vir hom: "Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig." Toe Thomas Jesus so voor hom sien staan met sy deurboorde hande het hy geen verdere bewys nodig gehad nie. Al die twyfel en onsekerheid en ongelowigheid was eensklaps en vir altyd weg. Met diepe eerbied en oorstelp van verwondering kon Thomas maar net sê: "My Here en my God!"

Dusver het die dissipels Jesus genoem die Seun van God, maar nou gaan Thomas 'n stap verder deur Hom aan te spreek as "my God." Jesus aanvaar hierdie aanspreekvorm. Deur die opstanding uit die dode het Hy Homself bekend gestel as "Here en God." Die woorde van Thomas word die eerste "geloofsbelydenis" van die kerk, naamlik, dat Jesus die Here is, of ook dat Hy onse grote God en Saligmaker is (vgl. Rom. 10:9; 1 Kor. 12:3;Tit. 2:13; 2 Pet. 1:1).

Jesus het groot waardering vir Thomas se geloof, maar Hy wys daarop dat Thomas eers moes sien voordat hy glo. Daar sal 'n bedeling kom waarin Jesus nie gesien sal word nie en tog sal die geloof noodsaaklik wees. Daarom sê die Here: "Salig is diegene wat nie gesien het nie en tog geglo het".

**§ 234 By die see van Tibérias (Joh. 21:1-14)**

Jesus het reeds voor sy sterwe aan die dissipels gesê dat Hy hulle vooruit sou gaan na Galiléa en daar aan hulle sou verskyn (Matt. 26:32). Op die dag van die opstanding het die engel by die graf aan die vroue gesê dat hulle aan die dissipels moes sê dat Jesus in Galiléa aan hulle sou verskyn. Op dieselfde dag het Hy self aan die vroue verskyn en dieselfde opdrag gegee (Matt. 28:7, 10). Tog het die dissipels nog minstens agt dae in Jerusalem vertoef voordat hulle na Galiléa gegaan het.

Petrus het die geselskap teruggelei na die plekke waar Jesus so dikwels saam met hulle was, en ons kan aanneem dat hy na Kapérnaüm gegaan het na sy huis en sy mense. Daar het hulle gewag. Petrus het egter aangetrokke gevoel na die see en na sy ou bedryf as visser. Op 'n dag sê hy aan die ander dat hy weer wil gaan visvang, en hulle stem in om daardie aand saam met hom uit te gaan. Daar was sewe van hulle bymekaar: Petrus, Thomas wat Dídimus (= Tweeling) genoem word, Natánael (= Bartholoméüs) van Kana, die seuns van Sebedéüs en nog twee ander wie se name nie genoem word nie. Daardie hele nag was hulle op die water maar het niks gevang nie. Die volgende oggend toe dit al goed lig was, het hulle nader gekom na die strand toe. Hulle sien Iemand op die strand staan maar hulle het nie geweet dat dit Jesus was nie. Hy roep toe: "My kinders, het julle nie iets om te eet nie?" Kortaf antwoord hulle: "Nee!" Ná die vrugtelose nag was hulle nie besonder vriendelik teenoor iemand wat vra of hulle iets gevang het nie. Hierop sê Jesus dat hulle die net aan die regterkant van die skuit moes uitgooi. Sonder om teen te stribbel, doen hulle dit en dadelik word die net so swaar van die visse dat hulle dit nie kon optrek nie. Johannes was die eerste om op te merk dat hier 'n wonder gebeur het soos alleen Jesus kon doen. Waarskynlik het dit deur sy gedagte geflits dat toe Jesus hulle geroep het om vissers van mense te word, iets dergeliks gebeur het. Toe was hulle ook die hele nag uit sonder om iets te vang, en het Hy gesê dat hulle die net moes uitgooi. Hulle het dit op sy woord gedoen, en die nette het net so vol geword (Luk. 5:1 e.v., § 36). Toe Johannes hieraan dink, sê hy aan Petrus: "Dit is die Here!"

Toe Petrus dit hoor los hy alles. Haastig gooi hy sy bo-kleed om en spring in die water wat nie diep was nie, om die eerste by Jesus te kom. Al is dit dat Jesus reeds aan hom verskyn het (§ 230) en sy sonde van verloëning vergewe het, wil Petrus tog nog doen wat hy kan om sy berou oor sy ontrou te toon. Daarom wil hy gou by Jesus wees.

Intussen het die ander dissipels die net wal toe gesleep. Dit was maar omtrent tweehonderd el ver (= sowat 100 tree). Hulle maak die skuite vas en in hulle haas om by Jesus te kom, los hulle die net in die water waar dit niks kon oorkom nie.

Hulle merk toe dat Jesus by 'n vuurtjie staan waar vis op braai en daar was ook brood. Jesus vra toe dat hulle van die vis bring wat hulle gevang het. Petrus, die ywerige, is weer die eerste by om die net uit te sleep op die strand. Daar sien hulle eers hoe wonderlik die vangs was. In die net was daar honderd-drie-en-vyftig groot visse, en ten spyte daarvan het die net nie geskeur soos by hulle eerste wonderlike visvangs nie (vgl. Luk. 5:6).

Nadat hulle die vis gebring en gaargemaak het, sê Jesus: "Kom eet!" Hulle het daar by Hom in 'n kring kom sit, maar niemand het gepraat nie. Hulle het geweet dat dit die Here is en het almal in 'n stemming van stille aanbidding verkeer. Weer eens het Jesus as die gasheer opgetree. Hy het die brood gebreek en aan hulle gegee, en ook die vis.
Dit was die derde keer dat Hy aan die dissipels verskyn het nadat Hy opgestaan het uit die dode (vgl. §§ 232, 233).

**§ 235 Petrus in ere herstel (Joh. 21:15-23)**

Toe hulle daar aan die strand van die see klaar was met die oggendete het Jesus Hom tot Petrus gerig. Aan hom sê Hy: "Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier?" Dit val op dat Jesus hom aanspreek, nie as Petrus (= rotsman) nie, maar by sy ou naam wat hom aandui as 'n swakke mens. Dit is asof Jesus Petrus dit wil laat voel dat sy ontrou hom die Petrus-naam onwaardig gemaak het.
Voordat Petrus Jesus verloën het, het hy homself bo die ander dissipels verhef deur te sê dat hy aan Jesus getrouer sou wees as hulle almal (Matt. 26:33). Nou toets die Here hom om te sien of hy nog die man is wat hom bo die ander verhef. Maar daar het 'n verandering in Petrus gekom sedert daardie tyd. Hy is nie bereid om te sê dat hy Jesus meer liefhet as die ander nie. Hy waag dit selfs nie om dieselfde woord vir "liefhê" te gebruik as Jesus nie. Hy antwoord met 'n veel swakker woord en sê net dat hy van Jesus hou. Nietemin gee Jesus aan hom 'n verantwoordelike opdrag: "Laat my lammers wei." Jesus het die sorg van sy kudde, sy kerk, op die oog. Petrus moet toesien dat die kleintjies in die kudde versorg word.
Kort daarna vra Jesus weer: "Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief?" Nog eens antwoord Petrus nie in dieselfde bewoording as Jesus se vraag nie. Hy sien nie kans om die woord "liefhê" in sy diepe geestelike betekenis te gebruik om daardeur sy eie liefde vir Jesus uit te druk nie. Hy antwoord dus: "Ja, Here, U weet dat ek van U hou." Daarop sê Jesus: "Pas my skape op." Petrus moet 'n herder wees vir die hele kudde van Jesus om in alle opsigte hulle te versorg.
Vir 'n derde keer spreek Jesus Petrus aan. Hierdie keer gebruik Jesus dieselfde uitdrukking vir "liefhê" as Petrus, en daardeur heilig Hy Petrus se woord. Hy vra: "Simon, seun van Jona, hou jy van My?" Petrus het baie bedroef geword dat Jesus drie maal dieselfde vraag aan Hom stel. Met 'n bewoë gemoed antwoord hy: "Here, U weet alles, U weet dat ek van U hou". Jesus sê toe vir hom: "Laat my skape wei".
Petrus en ook die ander dissipels het besef dat hierdie herhaling van dieselfde vraag betrekking het op die drie keer wat Petrus die Here verloën het. Jesus was besig om Petrus in ere te herstel binne die kring van die dissipels, en bowendien aan hom 'n opdrag te gee soos Hy aan geen ander gegee het nie. Petrus is hier aangewys as die leier onder die apostels. Hy is weer eens verhef tot die "rotsman" in die gemeente.
Jesus gaan egter voort om Petrus aan te spreek. Hy sê aan hom dat toe hy jonger was hy homself gegord het en gegaan het waar hy wou, maar wanneer hy oud geword het, sal hy sy hande uitsteek en 'n ander sal hom gord en bring waar hy nie wil wees nie. Johannes voeg hieraan toe dat hierdie woord 'n heenwysing is na die hoedanigheid van die dood wat Petrus in diens van Christus sou sterf.
Hierna sê Jesus aan Petrus: "Volg My" en Hy begin aanloop. Petrus kyk om en sien Johannes volg, en hy vra vir Jesus: "Here, maar wat van hom?" Jesus antwoord: "As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My".
As gevolg van hierdie uitspraak het daar later in die kring van gelowiges 'n misverstand ontstaan. Hulle het gemeen dat Jesus bedoel het dat Johannes in die lewe sou bly tot aan die wederkoms. Wanneer Johannes op hoë leeftyd sy Evangelie skryf, verduidelik hy dat dit nie die bedoeling van Jesus was nie. Hy wou maar net Petrus laat verstaan dat hy nie oor Jesus se beslissinge oor Johannes of enigiemand anders besorg hoef te wees nie. Hy moet slegs sy eie opdrag gehoorsaam, en dit is: "Volg My".

**§ 236 Op 'n berg in Galiléa (Matt. 28:16-20; Mark. 16:15-18; vgl. 1 Kor. 15:6)**

Telkens het Jesus onverwags en onaangekondig aan sy dissipels verskyn. Daar was egter een uitsondering. Hy het hulle vooruit bestel op 'n berg in Galilea. Watter berg dit was, is nie bekend nie. Daar kan wel aangeneem word dat as Hy die plek aangedui het, Hy ook die tyd te kenne moes gegee het. Toe die dissipels na Galiléa gegaan het, het hulle dus geweet dat die Here op so 'n tyd op die berg aan hulle sou verskyn.
Op grond van hierdie verwagting het hulle seker met blydskap uitgesien na die verskyning van

die Here, en dit ook aan ander volgelinge, waarvan daar in Galiléa baie was, vertel. Ons kan ons voorstel dat baie van hierdie mense op die bestemde tyd ook opgegaan het na die berg. In Matt. 28:16 word wel gesê dat Jesus die elf dissipels daar bestel het en hulle toegespreek het. Ons kan egter aanneem dat ons hier 'n parallel het met Matt. 5:1 waar gesê word dat Jesus die bergrede tot die dissipels gerig het, terwyl dit tog blyk dat die skare daarby was (7:28). Daar bestaan dus goeie rede om hierdie verskyning op die berg te vereenselwig met dié waarvan Paulus sê dat Jesus aan "vyfhonderd broeders tegelyk" verskyn het (1 Kor. 15:6).

Die elf dissipels saam met 'n skare van gelowiges was dus op die bepaalde tyd op die berg. Daar het Jesus aan hulle verskyn. Toe hulle Hom sien, het hulle almal neergebuig en Hom aanbid. Sy voorkoms was anders as toe Hy onder hulle gewandel het. Nou is Hy deur 'n hemelse glans omgewe en die heerlikheid straal uit. Sy aanskyn dwing tot aanbidding. Tog is daar sommige wat getwyfel het. Waarskynlik het hulle gedink dat dit 'n gees of 'n engel was.

Hulle het Jesus eers op 'n afstand gesien, en toe kom Hy nader sodat hulle Hom beter kon waarneem in sy liggaamlike verskyning. Hy het hulle daarop begin toespreek. Hoe lank dit geduur het, weet ons nie. Matthéüs teken net die essensie van sy uitsprake vir ons op.

Sy eerste aankondiging was: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde." Nou is Hy nie meer die nederige wat gekom het nie om gedien te word nie maar om te dien (Matt. 20:28), maar Hy verskyn as die Koning van die konings en die Here van die here. Hy beskik oor alle mag, volstrek alle mag in hemel en op aarde. Israel het die koms van sy Koning verwag, maar steeds in die beperkte aardse sin aan Hom gedink. Nou stel Hy Homself bekend as die Oorwinnaar oor alle vyande van die mens, ook die dood. Hy is die Een wat heerskappy uitoefen en geen mens, of watter mag ook al, kan sy almag stuit nie.

As Koning van die ryk van God gee Hy nou bevele ten opsigte van daardie ryk. Sy volgelinge, en by name die apostels, moet uitgaan om die evangelie aan alle nasies te verkondig. Diegene wat
tot geloof gekom het, moet gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Ook moet hulle geleer word om alles te onderhou wat Jesus aan die dissipels geveel het. In die uitvoering van hierdie opdrag sal hulle baie teenstand teenkom, maar God sal meewerk om hulle teen gevare te beskerm en hulle prediking deur wondere en tekens te bevestig.

Daarom sluit Jesus sy woord af met 'n belofte aan al sy kinders: "Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Hy sal wel nie liggaamlik teenwoordig wees nie, maar tog deur die Heilige Gees. Hulle sal Hom sien opvaar na die hemel, en tog bly Hy deur die Gees by die gelowiges tot aan die einde van die tyd. Dit is hulle troos en bron van krag.

Nadat Jesus dit gesê het, het Hy weer uit die gesig verdwyn.

**§ 237 Jakobus, die broer van die Here (1 Kor. 15:7)**

Wanneer Paulus die oorlewering aangaande die verskyninge van die Here opteken, soos hy dit van die oudste gemeente ontvang het, meld hy dat Jesus ook aan Jakobus, die broer van die Here, verskyn het. Die gebeurtenis word in ons Evangelies self nie genoem nie, sodat ons oor geen besonderhede beskik nie. Ons weet dat Jakobus saam met die ander broers nie in Hom geglo het nie en selfs vyandig gesind was (Joh. 7:5). Na die opstanding het daar egter 'n groot verandering ingetree. Dit het gebeur omdat Jesus aan Jakobus verskyn het en sodoende hom tot geloof en bekering gebring het. Toe die dissipels in Jerusalem byeen was in die gebed, was die broers van die Here, waaronder Jakobus, saam met hulle. Later word hy 'n steunpilaar in die gemeente in Jerusalem (Gal. 2:9) en selfs die leier van die gemeente.

**§ 238 Die hemelvaart (Mark. 16:19; Luk. 24:48-52; Hand. 1:4-12)**

In die Evangelies word ons nie veel omtrent die hemelvaart vertel nie. Markus verklaar net dat Jesus opgeneem is na die hemel en aan die regterhand van God gaan sit het. Lukas vertel ons enkele besonderhede waarop hy in Hand. 1:4-12 verder uitbou.

Die hemelvaart het op die Olyfberg plaasgevind veertig dae na die Paasfees. Gedurende daardie veertig dae het Jesus dikwels aan die dissipels verskyn met baie kentekens en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek. Hy het besondere moeite gedoen om hulle verstand te open sodat hulle die Skrifte kon verstaan. Voortaan sou hulle op die Skrifte

aangewese wees om daaruit te bewys dat die profesieë vervul is in die koms van Jesus en dat Hy die Christus is, die Messias wat sou kom. Iedere keer dat Jesus met hulle saam is, lei Hy hulle weer deur die Skrifte om aan te toon hoedat alles wat van Hom voorspel is, vervul geword het (Luk. 24:44-47). Op hierdie wyse het Hy hulle toegerus om as apostels uit te gaan om van Jerusalem af aan al die nasies vergewing van sondes in die Naam van Christus te verkondig.

Aan die einde van die veertig dae was die dissipels saam in Jerusalem. Ons kan aanneem dat Jesus aan hulle die opdrag gegee het om daar saam te kom nadat Hy hulle in Galiléa gesien het. In 'n kamer, moontlik die bovertrek, was hulle byeen toe Jesus aan hulle verskyn het en weer die Skrifte wat op Hom betrekking het, uitgelê het. Daarop het Hy hulle uitgelei op die pad wat hulle voorheen so dikwels saam met Hom bewandel het. Dit gaan deur die Kedron en teen die helling van die Olyfberg op in die rigting van Betánië.

Onderweg gaan Jesus voort om aan sy dissipels onderrig te gee aangaande hulle toekomstige opdrag as getuies van alles wat hulle gehoor en gesien het. Hy bind dit op hul harte dat hulle nie van Jerusalem moet weggaan nie alvorens hulle die belofte ontvang het wat Hy voorheen aan hulle toegesê het (Joh. 14:16, 26) en wat die Vader aan hulle sou stuur. Johannes die Doper het met water gedoop, maar hulle sou met die Heilige Gees gedoop word, nie baie dae later nie.

Die dissipels het nog steeds die werklike karakter van die koninkryk van God nie begryp nie, en verwag daarom dat Jesus die aardse ryk van Israel sou oprig. Daarom vra hulle of dit nou gaan gebeur. In hierdie stadium vind Jesus dit nie nodig om nog eens aan hulle te verduidelik dat Hy 'n geestelike koninkryk kom oprig het nie. Daarom sê Hy aan hulle dat dit hulle nie toekom om die tye of geleenthede te weet wat die Vader bepaal het nie. Hulle saak is om 'n hoë roeping in diens van die koninkryk van God uit te beoefen. Dit bestaan daarin dat hulle deur die Heilige Gees krag sou ontvang om getuies van Jesus te wees. Hulle getuienis sou in Jerusalem begin en van daar uitkring deur Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde (Hand. 1:8).

(Deel van die sin ontbreek)

rondom Jesus gestaan het bo-op die Olyfberg. Nadat Hy gepraat het, het Hy die hande opgehef en hulle geseën, en só met seënende hande oor hulle uitgestrek, is Hy opgehef van die grond en het Hy opgestyg. 'n Wolk het verskyn en Hom uit hulle gesig weggeneem.

Terwyl hulle nog so na die hemel staan en kyk, verskyn daar twee manne in wit klere by hulle wat sê: "Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het".

Daarop het die dissipels neergekniel en Jesus aanbid, en toe met groot blydskap na Jerusalem teruggegaan. Hulle het eers na die tempel gegaan waar hulle God geprys en gedank het, en hulle toe teruggetrek in die bovertrek waar hulle gewoond was om te vertoef. Daar het ook 'n aantal vroue by hulle aangesluit, waaronder Maria, die moeder van Jesus, asook sy broers, en hulle het eendragtig volhard in die gebed en smeking in afwagting op die vervulling van die belofte van die Heilige Gees.

**§ 239 Jesus die Christus, die Seun van God (Joh. 20:30-31)**

Johannes verklaar dat hy sy Evangelie met 'n bepaalde doel geskryf het (vgl. § 7). Dit was: "dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam" (20:31). Om hierdie doel te bereik, het Johannes die verhaal geskryf van Jesus se koms na die aarde en sy optrede en prediking, en ook sy lyding, sterwe en opstanding. Hy het hom dus gehou by die optekening van die historiese optrede van Jesus waardeur Jesus Homself as die Christus, die Seun van God, bekend gestel het.

Die ander drie Evangelies doen dieselfde. Hulle geskrifte is 'n optekening van die selfopenbaring van Jesus Christus. Hulle getuig saam met Johannes daarvan dat Jesus op so 'n wyse opgetree het dat Hy gaandeweg Homself bekend gestel het as die Seun van God wat op die weg van vernedering en lyding die vergifnis van sondes bewerkstellig het en weer in heerlikheid opgeneem is. Dit is dus van belang dat ons nou terugkyk op die stof wat ons behandel het en net baie kortliks die verskillende stappe in hierdie selfopenbaring van Jesus aandui. Vir dié doel kan ons spreek van periodes in die bediening en lewe van Jesus.

a)1. In die eerste periode val die nadruk op die koms van die koninkryk van God. Jesus sluit aan by die prediking van Johannes die Doper en roep op tot bekering omdat die koninkryk van God gekom het. Twee aspekte van die koninkryk stel Hy op die voorgrond: eerstens dat bekering noodsaaklik was vir die toetrede aangesien nie almal wat uit Abraham gebore is, vanselfsprekend kinders van die koninkryk was nie; en tweedens dat die koninkryk die bevryding beteken uit die mag van die Bose en al die lyding en ellende wat hy oor die mense gebring het. Die koninkryk is dus geestelik van aard en tegelyk die samevatting van die heil wat God aan sy kinders skenk. Die bergrede is die grondwet van die koninkryk waardeur die karakter van die koninkryk as 'n geestelike ryk saamgevat word. Met die bergrede sluit die eerste periode af.

b)2. In die tweede tydperk verskuif die aandag van die koninkryk op die Brenger daarvan, Jesus self. Namate teenstand teen Hom ontstaan as gevolg van die afguns van die Fariseërs en die owerstes onder die Jode, moet Hy sterker laat blyk dat Hy die Christus is. Tog wil Hy die feit nog verborge hou en lê Hy diegene wat dit uitspreek telkens die swye op. Hy word ook genoodsaak om sy prediking meer bepaald tot sy volgelinge te rig in die vorm van gelykenisse wat vir die teenstanders onverstaanbaar bly. Op hierdie wyse begin die gemeente-vorming. Hy spreek in dié tyd 'n hele reeks gelykenisse uit oor die karakter van die koninkryk, veral die gelykenisse oor die saad.

Nadat Hy geweier het dat die skare as gevolg van die spysiging van die 5,000 Hom koning maak, en Hy deur die mense van Kapérnaüm verwerp word, kom hierdie stadium in die selfbekendstelling tot 'n einde.

0.3. In die volgende tydperk gaan Jesus buite die Joodse land om sy dissipels te onderrig. In daardie tydvak vind die belydenis van Petrus en die eerste lydensaankondiging plaas. Daarna kom die verheerliking op die berg, en die onderrig van die dissipels in die noodsaaklikheid van geloof en gebed. Die periode eindig met die besoek aan Jerusalem vir die Huttefees.

0.4. In die vierde periode swerf Jesus langs die Jordaan en gee Hy onderrig in baie gelykenisse. Die gelykenisse kry nou 'n ander doel. Hulle wil die verhouding toelig wat daar tussen die gelowige en God moet bestaan, en wil voorts daarop wys dat God nog "soveel te meer" reg en goed sal handel as die mense. Teen die einde van hierdie tyd hoor ons die gelykenisse van die huisheer wat vir 'n tyd lank weggaan en weer terugkeer om rekenskap van die dienaars te vra (die ponde). Daardeur word gedui op 'n tussentydperk tussen die hemelvaart en die voleinding.

In hierdie tyd val die opwekking van Lasarus waardeur Jesus Hom bekendmaak as die Een wat mag het oor die dood.

5. Op die weg na die kruis openbaar Jesus Hom as die Koning wat volgens die profesieë, veral van Sagaría, sou kom. Hy ry op die eselsvul om daardeur te bevestig dat Hy in nederigheid en lyding kom, maar Hy beskik oor die koninklike mag om die tempel te reinig en dit in ere te herstel as bedehuis van die Vader. Daarna voer Hy gesprekke met die dissipels by die laaste maaltyd waarin Hy vertel dat Hy na die Vader gaan en aan die einde van die tyd weer sal kom. In die tussentyd sal Hy die Heilige Gees stuur om met hulle te bly en om sy kerk in alle waarheid te lei.

Daarop volg die kruisiging. Teen alle beplanning van die Jode in, word Hy verhoor en gekruisig as Koning van die Jode.

0. 6. Die laaste periode is dié van die opstanding tot die hemelvaart. In dié tyd maak Hy sy dissipels op 'n besondere manier bekend met die Skrifte wat op Hom betrekking het. Hulle word tot die insig gelei dat Hy die Koning is wat sou kom en dat Hy die Skrifte vervul het. Alles wat God toegesê het aangaande die Messias wat sou kom, is in Jesus vervul. Daarom aanbid die dissipels Hom en gehoorsaam hulle sy opdragte. Hulle het tot die volle insig gekom dat Jesus die Christus, die Seun van God is.

Voortaan gaan hulle uit om te verkondig dat Hy die Messias, die Koning, is en dat daar in Hom vergifnis van sondes en toegang tot die koninkryk van God is.

**§ 240 Die betroubaarheid van die getuienis (Joh. 21:24-25)**

Die laaste twee verse van die Johannes-evangelie bevat die getuienis van leerlinge van die apostel, waarskynlik jongmanne wat die skryfwerk vir die apostel gedoen het. Hulle voel gedronge om 'n getuienis te lewer ten opsigte van die betroubaarheid van die evangelie. Daaromtrent sê hulle eerstens dat alles wat geskrywe is, die waarheid is omdat Johannes, die apostel, wat alles gesien en gehoor het, en wat dikwels in gesprekke met Jesus verkeer

het, dit getuig het. Die gesag van hierdie apostel vir wie Jesus so besonderlik liefgehad het, waarborg die betroubaarheid van die evangelie. Tweedens verklaar hulle dat hulle self vir die waarheid daarvan kan instaan. Hulle was self met die apostel goed bekend en weet dat hy 'n betroubare getuie is. Ook hier is dit dus twee of meer getuies wat gelykluidend getuig van die waarheid en daarom sal hulle woord bly staan (Deut. 19:15). Die Heilige Gees wat volgens die belofte van Jesus die dissipels alles sou leer en hulle sou herinner aan alles wat Hy vir hulle gesê het (Joh. 14:26), en ook van Jesus sou getuig (15:26) en die kerk in alle waarheid sou lei (16:13), hierdie Gees was met Johannes en die ander evangeliste toe hulle geskryf het. Daarom is hulle getuienis volstrek betroubaar.

# AFDELING B

# DIE VOORTGANG VAN DIE EVANGELIE: DIE KERK

**§ 241 Die bronne**

Vir die kennis van die voortgang van die evangelie is ons hoofsaaklik afhanklik van die Handelinge van die Apostels. Die gegewens wat daarin gevind word, word aangevul deur brokstukkies oor die geskiedenis wat in die Briewe van Paulus en die ander apostels voorkom.

Die Handelinge is die tweede geskrif wat Lukas aan sy vriend Theófilus rig (Hand. 1:1, vgl. § 7). Daarin wil hy die verhaal voortsit van die hemelvaart af, en vertel hy hoedat die evangelie voortgedra is tot in Rome, die hoofstad van die magtige wêreldryk. In sy boek behandel hy eers die gebeurtenisse in Jerusalem in die tydperk wat op die hemelvaart volg. Dit gaan oor die vestiging van die eerste gemeente, sy leefwyse en sy vervolging. Daarna volg die verhaal van die vervolgdes wat uitgaan as boodskappers van Christus sodat die evangelie in breër kringe rondom Jerusalem bekend word. In hierdie tyd tree Petrus sterk op die voorgrond as leier onder die broeders.

Daarna word vertel van die bekering van Saulus en sy afsondering vir die sending onder die heidene. Die reise van Paulus word beskryf, en die ontstaan van gemeentes in die belangrikste stede van daardie tyd. Die tweede deel van Handelinge het net met Paulus te doen, en voer die verhaal deur tot by sy aankoms as gevangene in Rome.

Die Handelinge eindig op 'n manier wat die indruk wek dat Lukas nog meer te vertel het van die voortgang van die evangelie. Om die een of ander rede het hy die nie gedoen nie. Maar deur sy boek nie werklik af te sluit nie laat hy ons begryp dat die einde van die verhaal oor die voortgang van die evangelie nog nie vertel is nie. Die evangelie gaan voort ná Paulus en ná die ander apostels. Dit bly onderweg na die uiterste van die aarde.

In die Briewe is daar aanduidings van die gebeurtenisse wat gevolg het op Paulus se gevangenskap in Rome. Hierdie gegewens is uiteraard min sodat slegs aanduidings gevind word. Hierdie aanduidings wys op die groei van die kerk, maar ook op die gevare van vervolging en dwaalleer wat hom bedreig.

## XXII. DIE GEMEENTE IN JERUSALEM

### § 242 Eendragtig saam in die gebed (Hand. 1:13-14)

Van die Olyfberg, waar hulle getuies was van die hemelvaart van Jesus Christus, gaan die elftal terug na Jerusalem, eers om God te prys en dank in die tempel en daarna om in die afgesonderdheid van die oppersaal saam te kom (vgl. § 238). In daardie tyd is hulle harte gevul met die een groot drang, naamlik om Jesus te aanbid as die Here, die Seun van God, en voorts om op God te wag totdat die belofte vervul sou word en hulle met krag uit die hoogte aangegord sou word. Daarom bly hulle eendragtig saam in die gebed.

Die name van die elftal word deur Lukas genoem: Petrus en Jakobus en Johannes en Andréas, Filippus en Thomas, Bartholoméüs en Matthéüs, Jakobus, die seun van Alféüs, en Simon, die Yweraar, en Judas, die seun van Jakobus. Hulle is dus voltallig, maar in vergelyking met die naamlys in die Evangelies (vgl. § 47) het daar 'n verskuiwing in die volgorde van die eerste vier plaasgevind. Andréas wat voorheen tweede genoem is as broer van Petrus, word nou vierde geplaas sodat die drietal wat altyd by Jesus was, Petrus, Johannes en Jakobus, voorop gestel word. Hierdie drie is ook die enigste wat verder in die Handelinge genoem word.

Saam met die elftal het ook 'n aantal vroue, waaronder die moeder van Jesus, saamgekom en aan die gebed meegedoen. Daarby was ook die broers van die Here. Hulle wat Hom voorheen nie geglo het nie en selfs wou teengaan in sy optrede (vgl. § 70), het na sy opstanding uit die dode gelowig geword. Daaronder was Jakobus, die broer van die Here, wat in die gemeente van Jerusalem 'n belangrike plek sou beklee.

Die wordende gemeente begin sy selfstandige bestaan in die gebed.

### § 243 Die eerste handeling van die gemeente (Hand. 1:15-26)

Die getal gelowiges wat gereeld byeengekom het, het spoedig aangegroei tot omtrent honderd-en-twintig. In hierdie kring het Petrus, wat deur Jesus in ere herstel is (§ 235), die leiding geneem soos hy dit ook vroeër in die kring van die dissipels gedoen het.

Dit het vir almal as vanselfsprekend voorgekom dat die gelowiges saam 'n eenheid gevorm het wat byeen moet bly en onderling hulle belange moet reël. Hierin neem Petrus die leiding deur daarop te wys dat daar 'n vakature in die twaalftal ontstaan het as gevolg van die sonde van Judas, en dat die leë plek gevul moet word deur iemand wat daartoe waardig geag word.

Toe Petrus hierdie saak aan die vergadering stel, het hy eers op die sonde en einde van Judas gewys. Hy wat een van die Twaalf was en saam met hulle "die lot van hierdie bediening verkry het," was nietemin "die leier van die wat Jesus gevange geneem het." Al was die optrede van Judas menslik onverklaarbaar, sien Petrus dit as die vervulling van 'n woord in die Psalms. Waarskynlik het hy aan Ps. 41:10 gedink: "Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig." Dus, net soos hulle geleer het dat alles wat met Jesus gebeur het die vervulling van profesieë was, begryp hulle dat ook die optrede van Judas in die raad van God so bepaal was.

Kortliks vertel Petrus van die einde van Judas. Met die dertig silwerlinge is 'n stuk grond gekoop as begraafplaas vir vreemdelinge. Op daardie selfde stuk grond het Judas op 'n ontsettende wyse aan sy einde gekom (vgl. § 212). Die akker wat met die bloedgeld gekoop is, en waar Judas se ingewande uitgestort is, kry die naam Akeldáma, d.w.s. Bloedgrond.

Ook in wat daar gebeur het, is die uitsprake van die Psalms (69:26 en 109:8) vervul. In laasgenoemde teks staan: "Laat sy dae min wees, laat 'n ander sy amp neem." In aansluiting hierby stel Petrus voor dat iemand gekies moet word om die plek van Judas in te neem sodat die Twaalf weer voltallig kon wees. Die getal twaalf het ryke betekenis in die openbarings-geskiedenis. Dit was die getal van die stamvaders van die volk van God in die Ou Testament, en deur die aanwysing van Jesus was dit ook die getal van die apostels aan die begin van die nuwe volk van God, die kerk van Christus.

Aan die persoon wat gekies sou word, word hoë eise gestel. Hy moes van die tyd van Johannes die Doper af alles meegemaak het, wat beteken dat hy 'n ooggetuie moes gewees het van Jesus se optrede. Op daardie wyse sou hy in aanmerking kon kom om saam met die elftal 'n getuie te word van sy opstanding."

Twee persone word gevind wat aan die vereistes voldoen. Hulle was Josef wat genoem is Bársabas (= seun van Sabas = die grysaard of geleerde) wat die bynaam Justus (= die

regverdige) gehad het, en Matthias van wie niks verder bekend is nie.
Onder die indruk van die gewigtigheid van die keuse stel die gemeente die beslissing in die hand van die Here. Hulle gaan oor tot die gebed en smeek dat Hy "wat die harte van almal ken" die een wat Hy uitverkies het, moet aanwys. Daarop word die lot gewerp en Matthias aangewys.
Later sou ook Paulus en Jakobus, die broer van die Here, die apostelamp beklee, hoewel hulle nie tot die twaalftal gereken is nie.

**§ 244 Die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2:1-13)**

Vyftig dae na die Paasfees word die Pinksterfees gevier. In die Ou Testament word dit die "fees van die weke" genoem omdat dit sewe weke na die Paasfees val (vgl. Deut. 16:9-10). In die Griekssprekende wêreld kry dit die naam "pinkster," afgelei van *pentékosté* = die vyftigste (dag). Albei feeste staan in verband met die oes. Op Paasfees word die eersteling-gerwe as offer gebring, en op Pinkster die eersteling-brode. Die een is die fees van die eerstelinge en die ander die fees van die volle oes (Lev. 23:15 e.v.). Soms is na Pinkster eenvoudig verwys as die "oesfees" (Exod. 23:16).
Veertig dae na die Paasfees het die hemelvaart plaasgevind. Die daaropvolgende tien dae was baie belangrik in die vorming van die gemeente. In daardie tyd het hulle eendragtig saamgekom en in die gebed volhard. Hulle het 'n eenheid begin vorm waarin hulle met die oog op die voortbestaan van die gemeente sekere reëlings getref het. Ook was hulle bewus van 'n opdrag om getuies van die
opstanding te wees. Nou moes hulle wag op die belofte van die Heilige Gees.
Toe die Pinksterdag aangebreek het, was die honderd-en-twintig gelowiges voltallig eendragtig bymekaar in die gebed. Waar die byeenkoms plaasgevind het, weet ons nie. Daar is slegs sprake van die ‚huis" waar hulle byeen was. Ons kan hier dink aan die bovertrek of aan 'n vertrek by die tempel. Die presiese plek van vergadering is egter onbelangrik. Hoofsaak is die gebeurtenis wat plaasgevind het.
Toe almal so in 'n geslote kring byeen was, het daar onverwags 'n reeks wonderlike dinge begin gebeur. Die eerste was die geluid van 'n geweldige wind. Daar was wel geen wind nie, maar die geluid was so geweldig dat ook die mense op straat daarbuite dit gehoor het (v. 6). Toe Jesus aan die dissipels na sy opstanding gesê het: "Ontvang die Heilige Gees" (Joh. 20:21-22). het Hy op hulle geblaas. Die blaasgeluid was 'n teken van die koms van die Gees wat soos die wind is (vgl. Joh. 3:8). Die geluid van die groot rukwind het gedien as hoorbare teken van die koms van die Heilige Gees.
Daarop volg toe 'n sigbare teken. 'n Vuurvlam verskyn bo die hoofde van die vergaderdes, en dit skei dele soos tonge van vuur af. Hierdie vuurtonge laat hulself neer op die hoofde van die aanwesiges. Daardeur is die woord van Johannes die Doper vervul: "Ek doop julle wel met water tot bekering, maar Hy wat ná my kom, sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur" (Matt. 3:11).
Onmiddellik nadat die vuurtonge op hulle neergedaal het, het hulle daarvan bewus geword dat hulle met die Heilige Gees vervul is. Die Gees het sy intrek in hulle geneem en op die hele lewe beslag gelê. Die Gees het hulle meteen in staat gestel om in ander tale te begin spreek, "soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek".
Die gebeurtenis het nie in 'n geheime hoekie of bedektelik plaasgevind nie. Dadelik het dit die aandag getrek van die volk daar buite. Hulle het die geluid van die wind gehoor en saamgestroom om te sien wat gaande was. Onder die skare het daar 'n hele verwarring ontstaan omdat niemand presies geweet het wat gebeur het nie.
In Jerusalem was daar mense uit alle dele van die Romeinse ryk byeen, nie alleen Jode nie maar ook "godsdienstige manne," d.i. mense uit die heidendom wat die Joodse godsdiens aangeneem het. Hulle was afkomstig uit Mesopotámië en Arabië in die Ooste, Klein-Asië in die Noorde, uit eilande soos Kreta en uit Rome in die Weste, van Egipte en ander dele van Afrika in die Suide.

Hierdie mense was almal bekend met die algemene Griekse spreektaal van daardie tyd. Tog hoor hulle nou die dade van God verkondig in die tale van die onderskeie volke. Met verbasing stel hulle vas dat die sprekers almal manne uit Galiléa was en dus nie kenners van die wyd uiteenlopende tale nie.
Hoe moet hierdie spreek in "ander tale" verklaar word? Die verklarings gaan gewoonlik in een van twee rigtings. Eerstens kan dit wees dat die Gees die mense in 'n toestand van ekstase

gebring het en dat hulle toe allerlei geluide geuit het. Die hoorders sou dan onder inwerking van die Heilige Gees die geluide verstaan het as uitsprake in hul eie moedertaal. So verstaan, het 'n dubbele wonder plaasgevind: 'n spreekwonder en 'n hoorwonder. Tweedens kan dit wees dat diegene wat die Gees ontvang het, in staat gestel is om in die werklik bestaande tale, wat egter aan die sprekers self onbekend was, die dade van God te verkondig, en dat die hoorders daarom verbaas was om dié eenvoudige mense uit Galiléa in hulle onderskeie moedertale te hoor praat. Dan het ons met 'n spreek-wonder te doen.

Aan laasgenoemde vertolking moet die voorkeur gegee word. Deur die Heilige Gees het God die taalgrense tussen volke wat by Babel ontstaan het (Gen. 11), weer deurbreek. Die skeiding van taal sou voortaan nie 'n struikelblok wees in die voortgang van die evangelie nie. Die vurige tonge op die hoofde van die gelowiges was 'n teken dat hulle toegerus is om te spreek en te getuig, en die Gees lê die taal in hulle mond om allerlei volke só toe te spreek dat die hoorders daar buite kan getuig: "Ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek".

Die optrede van die gelowiges en die verskeidenheid van tale wat in Jerusalem normaalweg nie gehoor word nie, het almal verbaas. Hulle het begin vra wat dit alles kan beteken. Sommige was diep onder die indruk van die gebeurtenis en het in alle erns na 'n verklaring gesoek. Ander was lighartig en het begin spot deur te sê dat die mense maar seker te veel soetwyn gedrink het.

**§ 245 Die eerste preek van Petrus (Hand. 2:14-36)**

Buite die plek waar die gelowiges byeen was, het 'n groot skare saamgekom. Hulle het iets verwag. Die geluid van die wind en die tonge van vuur was nie meer daar nie. Ook het die spreek in ander tale opgehou. Maar die sigbare opgewondenheid en vreugde van die gelowiges het die aandag geboei.

Dit het nie lank geduur nie of die twaalf apostels tree na vore. Die skare word stil. Petrus tree verder vorentoe en spreek die aanwesiges toe. Dit was sy eerste preek, uitgespreek onder die onmiddellike leiding van die Heilige Gees.

Eers wys Petrus daarop dat die mense nie dronk is nie. Dit was immers nog die derde uur in die oggend (9 vm.) en te vroeg om dronk te wees. Dan lei die Heilige Gees die gedagtes van Petrus terug na die Skrif sodat hy uit die Skrifte die verklaring kan haal vir wat gebeur het. Die profesie van Joël (2:28-32) in verband met die Heilige Gees het in vervulling gegaan. Volgens daardie profesie sou God sy Gees uitstuur voor die laaste dag, en dit sou almal op wie dit kom, laat profeteer. Vandag, sê Petrus, het dit alles gebeur, en hy voeg daaraan toe dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep, gered sal word.

Oor die Heilige Gees praat Petrus nie lank nie. Die Gees self lei hom daartoe om van Jesus Christus te getuig, en om uit die Skrifte aan te wys dat Hy opgestaan het uit die dode en verhoog is in heerlikheid aan die regterhand van God.

Die voorspelling van die opstanding vind Petrus in Ps. 16:8-11 waar Dawid verklaar dat God hom nie aan die doderyk sou oorgee nie. Hierdie woord, sê Petrus, het nie op Dawid self betrekking nie aangesien hy wel gesterf het. Dawid het as profeet gespreek en heengewys op Christus wat deur God uit die dode opgewek is, en daarvan is "ons almal" getuies (v. 32). Ook in Ps. 110:1 het Dawid profeties gespreek van sy Seun aan wie God gesê het: "Sit aan my regterhand." Jesus is daadwerklik verhoog aan die regterhand van God in heerlikheid.

Gelei deur die Heilige Gees en gesteun deur die Skrifuitsprake sluit Petrus sy preek met 'n kragtige wekroep: "Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het".

**§ 246 Die vrug van die prediking (Hand. 2:37-41)**

Hoewel daar onder die hoorders van Petrus spotters aanwesig was, het die meerderheid diep onder die indruk van sy woorde verkeer. Hulle het 'n nuwe insig in die Skrifte gekry en mitsdien die optrede van Jesus in 'n nuwe lig gesien. Die woorde waarmee Petrus afgesluit het, het hulle tot 'n verpletterende besef van skuld gebring. Hulle het Jesus gekruisig, maar God het Hom gestel tot Here en Christus. Hy was dus die Messias, die Koning.

In hulle radeloosheid vra hierdie mense aan die apostels: "Wat moet ons doen, broeders?" Dieselfde vraag is deur ander aan Johannes die Doper gestel (Luk. 3:10 e.v.), en deur die ryk

jongman aan Jesus (Matt. 19:16). Toé is daar na die eise van omstandighede op die vraag geantwoord. Maar nou, nadat Jesus alles voltooi het en die Heilige Gees gekom het, kan Petrus die volle antwoord van die evangelie op die vraag gee. Hy sê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle doop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Die sentrale begrip in hierdie antwoord is: "die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes".

Almal wat die woord van Petrus met blydskap ontvang het, is gedoop. Op daardie dag is omtrent drieduisend siele toegevoeg. Die klein gemeente van honderd-en-twintig het in een dag uitgegroei tot 'n kerk van meer as drieduisend gedooptes. Onder hulle was daar mense uit alle dele van die Romeinse ryk. Hulle sou na hulle woonplekke teruggaan as draers van die evangelie van Jesus Christus.

**§ 247 Die leefwyse van die gemeente (Hand. 2:42-47)**

In die dae en weke wat op die pinkstergebeurtenis gevolg het, het die jong gemeente as 'n eiesoortige gemeenskap 'n eie lewenspatroon ontwikkel. Hoewel hulle nog getrou na die tempel gegaan het, het hulle nie teruggeval in die leegheid van die vormgebonde Joodse godsdiens nie. 'n Nuwe leersak moes gevind word vir die nuwe wyn (vgl. Matt. 9:17; § 41). Hoedanig die nuwe lewenspatroon was, word deur Lukas kortliks aangedui: "Hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede." Op gesette tye het hulle saamgekom vir hulle eie godsdienstige byeenkoms, waar daar vier handelinge plaasgevind het. Dit kan ook voorgestel word as vier elemente in die godsdiensoefening. **Eerstens** was daar die volharding in die leer van die apostels. Een van die apostels het gewoonlik self voorgegaan in die vertelling omtrent Jesus en die toeligting daarvan uit die Skrifte. Dit was die prediking. **Tweedens** is die gemeenskap beoefen. Hulle was in liefde onderling verbonde en het dit ook betuig deur mekaar by te staan, ook deur die afsondering van gawes, die kollekte. **Derdens** het hulle die brood gebreek by 'n gemeenskaplike maaltyd waarop die viering van die nagmaal gevolg het. En **vierdens** het hulle voortgegaan om te volhard in die gebede, d.i. die gemeenskaplike gebede wanneer hulle vergader en ook die afsonderlike gebede tuis.

Hier word dus vier basiese elemente van ons erediens aangetref: die prediking, die diens van barmhartigheid, die sakrament en die gebed. Later kom daar nog by die sing van psalms en geestelike liedere (Ef. 5:19; Kol. 3:16).

Getrou aan sy belofte (Mark. 16:17 e.v.) het die Here baie wonders en tekens deur die apostels laat geskied, sodat almal in heilige ontsag vir die almag en heerlikheid van God geleef het. Die feit dat hulle een gemeenskap gevorm het wat in die liefde verbonde was, het ook meegebring dat hulle vrywillig alles gemeenskaplik besit het. Hulle het nie aan die aardse goed vasgeklem nie, maar was bereid om alles te verkoop en die opbrengs onder mekaar te verdeel, wel nie gelykop nie, maar volgens die nood van elkeen. Bowendien het hulle van huis tot huis gegaan om voedsel uit te deel en om alles wat hulle gehad het, in eenvoud en blydskap te geniet. In alles het hulle God gedank en geprys. En hulle leefwyse het by die volk bewondering afgedwing sodat hulle by almal in die guns was.

In daardie tyd, waarskynlik maande, het die Here daagliks die wat gered is, gevoeg by die gemeente. Dit was 'n tyd van geseënde groei.

**§ 248 'n Kreupel man genees (Hand. 3:1-10)**

Van die wonders en tekens wat in die eerste tyd plaasgevind het, vertel Lukas een in besonderhede. Op die uur van die aandoffer, die negende uur (= 3 nm.) het Petrus en Johannes opgegaan na die tempel. By die Skone Poort vind hulle 'n kreupel bedelaar. Die man was van sy geboorte af kreupel, en is deur vriende of familie na die tempel gedra waar hulle hom neersit sodat hy van die verbygangers 'n aalmoes kan vra.

Toe Petrus en Johannes by die Skone Poort wou ingaan, spreek die kreupele hulle aan vir 'n aalmoes. Die apostels gaan staan en kyk die man aan in sy ellende. Toe sê Petrus aan hom: "Kyk na ons." Die bedelaar het vol verwagting sy oë op hulle gerig gehou, en seker ook sy hand uitgesteek om die gawe te ontvang. Toe sê Petrus verder: "Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!" 'n Veel groter gawe as silwer of goud kon die apostels skenk, en wat hy het, is Petrus bereid om te gee. Waarskynlik het die woord van Jesus hom bygebly: "Verniet het julle dit ontvang, verniet moet julle dit gee" (Matt. 10:8).

Om die kreupele tot die daad aan te spoor, gryp Petrus hom by die regterhand en rig hom op. Sy voete en enkels het onmiddellik sterk geword, en die kreupele het opgespring, gestaan en rondgeloop. Hy het sy voete op die proef gestel en hulle volkome gesond gevind. Saam met hulle gaan hy toe die tempel binne waar hy rondloop en spring met sy herstelde voete, en God prys vir die wonder wat aan hom voltrek is. Die volk wat die kreupele geken het, het saam God verheerlik en hulle verwonder oor wat met hom gebeur het.

**§ 249 Toespraak van Petrus (Hand. 3:11-26)**

Die optrede van die kreupele het die aandag van die skare op die apostels gevestig. Toe hulle klaar was met die aandoffer en weer teruggekeer het na die voorhof van die heidene, het die kreupele aan hulle vasgeklem en daardeur die apostels aangewys as diegene wat hom gesond gemaak het.

Toe hulle in die pilaargang van Salomo tot stilstand kom, het Petrus besef dat hy 'n besondere geleentheid gekry het om voor die skare van Jesus te getuig. Daarom spreek hy hulle toe. Hy wys daarop dat hy en Johannes nie deur eie krag die kreupele genees het nie maar deur die Naam van Jesus Christus. Dan gaan hy voort om reguit aan die Jode te sê dat hulle Jesus wat die Kind van God is, verwerp het en dat hulle verkies het dat 'n moordenaar (Barábbas) losgelaat word en dat die "Leidsman tot die lewe" doodgemaak word. Maar Petrus is ook toegeeflik. Hy verklaar dat die Jode, en ook hulle owerstes, uit onwetendheid dit alles gedoen het en juis só die profesieë aangaande die lyding van Christus vervul het. Maar nou is daar geleentheid vir bekering. Die beloftes wat God aan Abraham en sy saad toegesê het, word in Jesus vervul, en juis die afstammelinge van Abraham, die Jode, kry die eerste die geleentheid om die seën deelagtig te word deur hulle te bekeer van hulle booshede.

Toe Jesus nie lank tevore op dieselfde plek die volk toegespreek het, is Hy begroet met haat en bittere vyandskap. Nou, na alles wat gebeur het, luister die skare met gretigheid na Petrus.

**§ 250 Petrus en Johannes voor die Sánhedrin (Hand. 4:1-22)**

Petrus was nog besig om met die volk te praat toe die priesters en die hoofman van die tempelwag en die Sadduseërs daarop afkom. Hulle was baie ontevrede dat die apostels, wat buitendien geen rabbi's was nie, die volk leer. Die Sadduseërs het ook ernstige beswaar daarteen dat hulle verkondig dat daar vir Jesus 'n opstanding uit die dode was. Hulle het op die plek die apostels gearresteer, en aangesien dit al laat was, het hulle Petrus en Johannes in die gevangenis opgesluit tot die volgende dag.

Daardie aand, terwyl die apostels in die kerker gesit het, het die vrug van Petrus se prediking in die pilaargang van Salomo aan die lig gekom. Baie het die woord geglo en die byeenkomste van die gelowiges daardie aand opgesoek, sodat die gemeente aangegroei het tot ongeveer vyfduisend manne.

Die volgende dag het die Sánhedrin byeengekom. Die owerstes, ouderlinge en skrifgeleerdes was daar. Ook was die invloedryke oud-hoëpriester Annas daar (vgl. § 206), en sy skoonseun, Kájafas die diensdoende hoëpriester, asook 'n Johannes en 'n Alexander van wie ons niks verder weet nie.

Met verwysing na die genesing van die kreupele word aan die apostels gevra: "Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen?" Petrus neem die woord. Vervul van die Heilige Gees en sonder vrees spreek hy vry uit. Die vreesagtige Petrus van voorheen het nou 'n man geword wat die Joodse Raad vierkantig in die oë kan kyk en hulle kan wys op hulle aandeel aan die dood van Jesus. Hy verklaar dat die kreupele genees is in die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, "wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het." Hy wys daarop dat die steen wat deur hulle, die bouers, verag is, nou 'n hoeksteen geword het, soos in Ps. 118:22 voorspel. Verder sê hy aan hierdie vergadering van "regverdiges" dat daar geen ander weg tot redding is nie as alleen deur die Naam van Jesus Christus.

Die Sánhedrin het onder die indruk verkeer van die vrymoedigheid van die apostels, veral omdat hulle geweet het dat hulle maar ongeletterde en eenvoudige manne was. En dat deur hulle 'n wonder gebeur het, kon nie ontken word nie omdat die kreupele self as 'n gesonde man daar voor hulle gestaan het. Daarom laat hulle die apostels na buite gaan sodat die Raad die beste gedragslyn kon bespreek.

Uit die bespreking blyk dat hulle wel Jesus doodgemaak het, maar dat die "Naam van Jesus" voortleef as 'n werklikheid waarteen hulle niks vermag nie. Daarom besluit hulle om die

apostels te belet om verder in daardie Naam te spreek of te leer.
Hierop antwoord Petrus en Johannes: "Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie." Dit is die eerste keer dat hulle die beginsel uitspreek dat hulle aan God meer gehoorsaam moet wees as aan die mense (vgl. Hand. 5:29).
Die Joodse Raad was bang om iets verder aan die apostels te doen. Daar het onbetwisbaar 'n wonder deur hulle optrede plaasgevind want die kreupele was al oor die veertig jaar oud, en die volk het almal God verheerlik oor wat gebeur het. Daarom het die Sánhedrin die apostels gedreig en toe losgelaat.

**§ 251 Die voorbidding van die gemeente (Hand. 4:23-31)**

Die apostels het teruggegaan na hulle eie mense, die gemeente van Christus, en aan hulle alles vertel wat voor die Joodse Raad gebeur het en van die vreeslike dreigemente wat aan hulle voorgehou is. Toe die gemeente dit hoor, het hulle besef dat die haat teen Jesus weer aan die opvlam was in die harte van die owerstes van die Jode en dat 'n tyd van vervolging sou aanbreek. Daarom buig die gemeente die knieë voor God om voorbidding te doen vir die apostels.
Die inhoud van hulle gebed word vir ons opgeteken. Daarin roep hulle God aan teen wie, soos Dawid gesê het **(**Ps. 2:2)**,** die nasies gewoed en die konings en vorste hulle verset het, soos ook Herodes en Pontius Pilatus en die Joodse Raad gedoen het, maar wat juis deur dit alles sy raad uitvoer. Hulle smeek dat God op die dreigemente moet let en aan sy diensknegte altyd vrymoedigheid moet skenk om onbevrees die woord te spreek. Ook vra hulle dat daar tekens en wonders moet wees om die getuienis te bevestig.
Toe hulle nog in die gebed was, het die plek waar hulle saam was geskud, en hulle het weer eens ondervind dat hulle vervul is met die Heilige Gees. God het deur hierdie tekens getoon dat Hy die gebede verhoor het. Daarvandaan het die apostels uitgegaan en met groot vrymoedigheid die woord van God gespreek.

**§ 252 Gemeenskap van goedere (Hand. 4:32-37)**

Deur die inwoning van die Heilige Gees en ook deur die tekens van teenstand is die gelowiges saamgesnoer tot 'n hegte eenheid, "een van hart en een van siel." Die liefde wat vrug is van die Heilige Gees (Gal. 5:22) en die band van volmaaktheid (Kol. 3:14) het hulle saamgevoeg.
In daardie omstandighede het hulle ook hulle besittings nie meer as hulle eie beskou nie, maar was hulle bereid om van hulle grond of goed te verkoop en die opbrengs aan die apostels te oorhandig vir uitdeling volgens die nood wat mag bestaan. Die band aan die aardse goed, wat destyds die ryke jongman verhinder het om Jesus na te volg, is deur die Heilige Gees deurbreek, sodat die rykes vry geword het om met hulle besittings God te dien.
In daardie tyd was daar in die gemeente 'n man met die naam Joses. Die apostels het hom die bynaam Bárnabas (= seun van vertroosting) gegee. Hy was 'n Leviet, van geboorte uit Ciprus. 'n Stuk grond wat hy gehad het, het hy verkoop en die hele koopsom aan die voete van die apostels kom neerlê vir die versorging van die behoeftiges in die gemeente. Sy daad het 'n diepe indruk op die gemeente gemaak.
Hierdie Bárnabas sou later in die gemeente van Antiochië 'n belangrike rol speel en ook Paulus daarheen bring, met wie hy saam op die eerste sendingreis sou gaan.

**§ 253 Ananías en Saffira (Hand. 5:1-11)**

Die drang tot mededeelsaamheid het gou aanleiding gegee tot sonde in die gemeente. 'n Onheilige wedywer om bekend te staan as onbaatsugtige weldoeners het sy verskyning begin maak. Oneerlikheid en huigelary het onder die dekmantel van die liefde 'n eervolle bestaan probeer vind. Hiervan was Ananías en Saffira 'n tragiese voorbeeld.
Hierdie egpaar het besluit om 'n eiendom te verkoop en 'n deel van die prys aan die voete van die apostels neer te lê, terwyl hulle te kenne sou gee dat dit die hele geldsom was wat hulle ontvang het. Petrus was juis by 'n byeenkoms van die gemeente toe Ananías (= die Here ontferm) daar aankom en die gedeelte van die geld voor die apostel neerlê. Op hierdie wyse wou hy aandag op homself vestig as 'n weldoener van die gemeente, terwyl hy tog ook agteraf vir homself gesorg het.
Petrus het dadelik bewus geword van die oneerlikheid, en vra: "Ananías, waarom het Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou?" Hy wys daarop dat die grond tog Ananías se eiendom was waarmee hy kon doen

wat hy wou. Hy kon die hele koopsom vir homself gehou het. Nou het hy egter kom voorgee dat hy die hele koopsom aan die Here afstaan, terwyl hy 'n gedeelte vir homself agtergehou het. Daardeur het hy oneerlik gehandel onder die skyn dat hy eerlik was. Dit het geskied omdat die Satan sy hart vervul het en nie die Heilige Gees nie. Sy daad was bowendien nie teen mense gepleeg nie. Hy het immers teen geen mens 'n onreg gedoen nie. Maar sy daad is veel erger. Hy het gelieg teen die Heilige Gees en teen God self.

Toe Ananías hierdie woorde hoor, het hy geen woord kon spreek om sy daad te verdedig nie. Hy het net daar ineen gesak en gesterf. 'n Aantal jongmanne in die vergadering het opgestaan en Ananías in doeke toegedraai en in 'n graf gaan weglê.

Ongeveer drie-uur later kom Saffira (= die mooie) die byeenkoms binne, waarskynlik in die verwagting dat sy geprys sal word oor die goeie daad wat sy en haar man gedoen het. Sy was nog onbewus van wat haar man oorgekom het. Die geld het nog daar op die grond gelê. Toe sy binnekom, spreek Petrus haar aan en vra of dit wel so is dat hulle die grond vir daardie bedrag verkoop het. Die vraag moes haar seker verras het omdat sy veeleer lof verwag het. Sy antwoord egter: "Ja, vir soveel".

Streng spreek Petrus haar aan: "Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra." Onmiddellik val sy neer en sterwe. Die jongmanne het binnegekom en haar uitgedra en by haar man begrawe.

Hierdie gebeurtenis het 'n ontsettende vrees oor die gemeente laat kom. Hulle het ingesien dat die Heilige Gees ook die diepste gedagtes van die mens deursoek, en die kwaad wegsuiwer uit die gemeente. Ook kom hulle tot die verontrustende insig dat mense binne die gemeente skynbaar voorbeeldig kan handel en tog kan hul harte deur Satan vervul wees en nie deur die Heilige Gees nie.

**§ 254 Tekens en wonders (Hand. 5:12-16)**

'n Tydperk van kragtige groei van die gemeente het ingetree. Die kenmerk was nog steeds hul eendragtige onderlinge verbondenheid. Die pilaargang van Salomo in die tempel het die gereelde plek van byeenkoms geword, en niemand het dit gewaag om hulle daar te hinder nie.

Deur die hande van die apostels het allerlei wondere en tekens plaasgevind. Siekes is uitgedra op draagbare en bedde en langs die straat neergelê met die bedoeling dat Petrus hulle gesond moes maak. Hulle het selfs geglo dat daar genesing sou wees indien net die skaduwee van Petrus op 'n sieke val. Hy het ook vele genees, nie net van Jerusalem nie maar van die hele omtrek. Sowel siekes as diegene wat deur onrein geeste gekwel is, is genees.

Groot getalle manne en vroue het tot geloof in die Naam van Jesus gekom en is toegevoeg tot die gemeente.

**§ 255 Vervolging van die apostels (Hand. 5:17-42)**

Dusver het die hoëpriester, Kájafas, nie self ingegryp om die prediking van die evangelie te probeer stuit nie, maar nou dat soveel wondere en tekens plaasvind en die gemeente so sterk groei, kon hy nie langer stilsit nie. As Sadduseër wou hy niks weet van die opstanding uit die dood nie, maar die apostels het juis daarop die nadruk gelê. Die hart van die hoëpriester is "vervul met nydigheid." Daarom tree hy kragtig op. Hy laat die apostels vang en hulle in die openbare gevangenis opsluit.

Die mededeling van Lukas wek die indruk dat nie al twaalf die apostels betrokke was nie, maar Petrus en Johannes wat met die prediking so aktief was. In die openbare gevangenis word hulle saam met rowers en moordenaars agter slot en grendel geplaas. Die Sadduseërs het in die bestaan van engele nie geglo nie, maar in daardie nag stuur God 'n engel om die apostels uit die gevangenis te bevry sonder dat die wagte daar iets van merk. Aan hulle gee die engel opdrag om die volgende dag weer in die tempel te gaan preek soos voorheen.

Die volgende oggend gaan die apostels na die tempel en gaan voort met die prediking van die evangelie van Jesus Christus. Op dieselfde tyd vergader die Sánhedrin, en word dienaars na die gevangenis gestuur om die apostels te haal. Na 'n tyd keer die dienaars terug met 'n merkwaardige verhaal. Hulle vertel dat die wagte by die gevangenis op hulle pos was en die deure behoorlik gesluit, maar toe hulle oopmaak, was die apostels nie daar nie. Toe die hoëpriester en die hoofman van die tempelwag en die owerpriesters,

wat vir die gevangeneming van die apostels verantwoordelik was, dit hoor, was hulle erg in die verleentheid.

Net op daardie moment bring iemand die berig dat die apostels besig was om in die tempel die volk te leer. Daarop gaan die hoofman en dienaars om hulle in hegtenis te neem. Hulle was egter bang om die apostels met geweld gevange te neem omdat die skare moontlik so 'n daad sou teenstaan. Die apostels verset hulle ook nie maar gaan gewillig met die hoofman saam.

Toe hulle voor die Joodse Raad kom, spreek die hoëpriester hulle aan. Hy wil weet waarom hulle hulle nie onderwerp aan die verbod om in dié Naam te leer nie. Hy wys daarop dat die hele Jerusalem al vol is van hulle leer, en dat hulle, die apostels, die bloed van "hierdie Man" op die Sánhedrin wil bring. Kájafas is nog so vol haat teen Jesus dat hy sy Naam nie wil noem nie. Daarom praat hy van "dié Naam" en "hierdie Man".

Petrus antwoord kort en kragtig: "Ons moet God meer gehoorsaam wees as die mense" (v. 29). Dan verkondig hy aan die Raad dat die Jesus wat hulle "omgebring het deur Hom aan 'n kruishout te hang," deur God opgewek is uit die dode, en as Leidsman en Verlosser aan die regterhand van God verhoog is om aan Israel - dus ook aan hulle wat daar nou as regters sit - bekering en vergifnis van sondes te skenk. Hiervan is die apostels getuies, daartoe bekragtig deur die Heilige Gees.

Onbevrees het Petrus al hierdie dinge gesê. Dit het die Joodse Raad woedend gemaak. Hulle was gereed om die apostels dood te maak. Toe neem Gamáliël die woord. Hy was 'n Fariseër en 'n rabbi van baie hoë aansien, behorende tot die skool van Hillel. Hy het ook baie leerlinge gehad, waaronder Saulus van Tarsus. Gamáliël vra dat die apostels na buite geneem word, en wys toe daarop dat daar voorheen persone opgestaan het wat voorgegee het dat hulle die Messias was. Hy noem die geval van 'n sekere Theudas en dié van Judas, die Galileër. In beide gevalle is die leier gedood en daarna het die volgelinge ook uitmekaar gespat sodat die beweging verdwyn het. Dieselfde kon met die beweging gebeur wat deur Jesus begin is. As dit nie van die Here is nie, sal dit uitsterf. Maar as dit wel van die Here is, is dit nutteloos om daarteen te stry.

Die verstandige raad van Gamáliël het byval gevind. Daarop roep hulle die apostels in en laat hulle met die stok slaan - waarskynlik die gewone veertig-min-een houe. Daarna beveel die Raad dat die apostels nie weer in die Naam van Jesus moet spreek nie, en laat hulle gaan. Die apostels het uitgegaan met verwonde rug maar blye hart. Hulle het dit 'n eer beskou om vir die Naam van Jesus oneer te ly. Met die prediking het hulle dag na dag voortgegaan in die tempel, en ook van huis tot huis. Die inhoud van hulle boodskap was dat Jesus die Christus is.

**§ 256 Die aanstelling van sewe helpers (Hand. 6:1-7)**

Met die uitbreiding van die gemeente het daar ook interne moeilikhede ontstaan. Die apostels het dit uiters moeilik begin vind om al die verpligtings na te kom aangesien hulle moes preek en tegelyk vir die uitdeling van die gawes sorg.

In die gemeente in Jerusalem het daar mettertyd twee groepe ontstaan. Die eendrag van vroeër het begin skade ly. Daar was 'n groot groep bekeerlinge uit die ou inwoners van die stad, die Hebreërs, wat die inheemse Aramees gepraat het. Daarnaas was daar ook bekeerlinge uit die Helleniste. Hulle was Jode wat voorheen buite die grense van die Joodse land in die Hellenistiese wêreld gewoon het en Grieks as moedertaal aangeneem het. Hulle het meer van die wêreld gesien en was gewoonlik ruimer van beskouing as die mense van Judéa. Die Helleniste het 'n kleiner groep in die gemeente gevorm, en hulle 'n bietjie apart gehou van die Aramees-sprekende deel.

Onder die Helleniste het daar ontevredenheid ontstaan oor die versorging van die behoeftige weduwees, en hulle het gekla dat hulle deel van die gemeente afgeskeep word. Die apostels het van die murmurering gehoor en besluit om daar iets aan te doen voordat die eenheid van die gemeente ernstig bedreig word.

'n Vergadering van die gemeente is belê. Die twaalf apostels was almal teenwoordig en hulle stel hulle saak aan die groot vergadering. Hulle wys daarop dat die werksaamheid wat hulle moet behartig, twee aspekte het. Daar is die "bediening van die woord" en die "bediening van die tafels." Vir "bediening" gebruik hulle die Griekse woord *diakonia* waarvan ons woord "diaken" afgelei is. Nou sê die apostels dat dit nie reg is dat hulle die bediening van die woord moet nalaat om die tafels te bedien nie. Die verwysing na die tafels het betrekking op die liefdesmaaltye by die byeenkoms van die gemeente waar ook

die armes 'n goeie maaltyd kan kry, en voorts op ander aspekte van die versorging van die armes. As oplossing stel die apostels voor dat sewe helpers deur die gemeente gekies word, wat die bediening van die tafels moet behartig.

As vereiste word gestel dat hierdie manne onberispelik moet wees van gedrag, vol van die Heilige Gees en wysheid. Hulle sal 'n taak moet uitrig wat groot toewyding vereis en hoë eise aan verstand en hart sal stel.

Die voorstel het byval gevind en sewe manne is gekies. Hulle was Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, Filippus en Próchorus, Nikánor en Timon, Pármenas en Nikoláüs, 'n proseliet uit Antiochië. Nadat hierdie sewe gekies is, is hulle voor die apostels gestel. Die apostels het toe 'n gebed gedoen en hulle die hande opgelê. Daardeur is hulle in 'n amp bevestig. Die amp het nog nie 'n naam gehad nie en sy werksaamhede was ook nie skerp afgebaken nie. Hulle het wel die bediening van die tafels behartig maar daarby ook gepreek. Een van hulle, Filippus, het selfs bekend geraak as 'n evangelis.

Dit val op dat die name van die sewe man almal Grieks is. Die gemeente het dus uit die kring van die Helleniste hierdie manne gekies, en wel nie om net die Griekssprekende weduwees te versorg nie, maar om vir die hele gemeente die tafels te bedien. Daardeur wou hulle bewys dat daar by die versorging van die armes geen voortrekkery van enige groep sal wees nie.

Die resultaat van hierdie verdere stap in die organisasie van die gemeente was dat die woord van God oorvloediger verkondig kon word en die getal gelowiges toegeneem het. Daar het selfs 'n groot menigte van die priesters gehoorsaam geword aan die geloof.

**§ 257 Stéfanus word gevange geneem (Hand. 6:8-15)**

Van die sewe helpers van die apostels wat deur die gemeente gekies is, het Stéfanus na vore getree as 'n man met besondere gawes van hoof en hart. Hy was vol van geloof (of: genade, volgens 'n beter tekslesing) en krag, en vervul met die Heilige Gees. Ook het daar deur hom wondere en tekens plaasgevind onder die volk. Tot op hierdie tydstip was dit net die apostels wat wonders en tekens gedoen het, maar nadat Stéfanus in die amp van helper bevestig is, het hy ook daardie bevoegdheid ontvang.

As Hellenis het Stéfanus hom gewend tot die Helleniste. Hulle het 'n aparte gemeenskap gevorm met eie sinagoges in Jerusalem. Die apostels het as gevolg van die taalverskil nie so maklik toegang tot die sinagoge van die Helleniste verkry nie, maar met die aanstelling van die sewe helpers uit daardie gemeenskap het sake verander. In hierdie arbeid het Stéfanus 'n besonder verdienstelike werk gedoen, maar nie sonder teenstand nie.

Die teenstand het gekom van die sogenaamde sinagoge van die Libertyne. Die benaming dui letterlik "die vrygelatenes" aan. Dit kan betrekking hê op mense wat uit militêre diens ontslaan of uit slawediens bevry is. Hulle het 'n eie sinagoge gehad waarby ook mense uit verskillende dele van die Hellenistiese wêreld aangesluit het. Hier word genoem Cirenéërs en Alexandryne uit Afrika, en mense uit Cilícië en Asië d.w.s. uit Klein-Asië.

Hierdie mense met hulle Hellenistiese skoling het hulle verlustig in die voer van debatte, en het nie op hulle laat wag om Stéfanus in dispute te betrek nie. Maar hulle kon die wysheid en die Gees waardeur hy gespreek het, nie weerstaan nie. Gevolglik het hulle ander metodes begin soek om die oorhand oor hom te verkry. Hulle het sekere manne opgestook om hom daarvan te beskuldig dat hy lasterlike dinge teen Moses en God sou gesê het.

Blykbaar het hierdie beskuldigings op die jonger geslag geen indruk gemaak nie, maar die oueres, die ouderlinge en skrifgeleerdes, was daaroor onthuts en het Stéfanus laat gryp en voor die Sánhedrin laat bring. Valse getuies het na vore gekom met beskuldigings dat hy lasterlike dinge teen die tempel en die wet sou gesê het. Hy sou gesê het: "Hierdie Jesus, die Nasaréner, sal hierdie plek afbreek en die sedes wat Moses aan ons oorgelewer het, verander." Dit lê voor die hand dat Stéfanus hierdie dinge nie sou gesê het nie. Waarskynlik het hy die uitsprake van Jesus self aangehaal in verband met die aanstaande verwoesting van die tempel, en dat Hy gekom het om die wet te vervul.

Terwyl hierdie beskuldigings teen hom ingebring word, het almal in die Raad die oë op Stéfanus gerig, en opgemerk dat sy gesig nie duister geword het van besorgdheid nie, maar gestraal het soos dié van 'n engel.

**§ 258 Stéfanus se verdediging (Hand. 7:1-53)**

Die Joodse Raad het die beskuldiging teen Stéfanus aangehoor. In hoofsaak was dit dat hy

deur sy prediking die gesag van Moses ondergrawe, en voorts die heilige plek, die tempel, in gevaar stel. Die hoëpriester stel toe aan Stéfanus die vraag of hierdie dinge wel so is.

Daarop neem Stéfanus die woord en hy spreek 'n lang rede uit waarin hy by Abraham begin en grepe uit die geskiedenis van Israel doen om te bewys, eerstens, dat Israel self steeds die profete, en ook Moses, verwerp het, en tweedens, dat God die tempel nie nodig het as plek van aanbidding nie.

In die uiteensetting van die eerste gedagte staan hy stil by Josef wat deur sy broers bespot is as 'n profeet en verkoop is as slaaf, maar God het hulle planne verydel deurdat Hy Josef verhef het en gemaak het tot redder van sy broers. Daarna wys Stéfanus op Moses wat moes vlug uit Egipte weens die nydigheid van sy eie mense. Dan gee God hom by die brandende doringbos die opdrag om sy broers uit die slawehuis te gaan uitlei. Hierdie selfde Moses het aan Israel gesê: "Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broers net soos ek is; na Hom moet julle luister" (vgl. Deut. 18:15). Die volk wou egter nie luister nie. Hulle het by Sinaï Moses verstoot en Aäron gevra om vir hulle 'n afgodsbeeld te maak. Daarom het God hulle gestraf en hulle later in ballingskap weggevoer (vgl. Amos 5:25-27).

Wat die tempel betref, wys Stéfanus eers op die tabernakel wat in die woestyn oral met Israel saamgetrek het. Eers heelwat later in hulle geskiedenis is die tempel deur Salomo opgerig. Tog woon die Allerhoogste nie in tempels wat met hande gemaak is nie. Die profeet Jesaja (66:1-2) het immers gesê: "So sê die Here: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees?"

Hieruit volg dat die tempel nie onmisbaar of onaantasbaar is nie. God kan op enige plek aanbid word, mits dit in gees en waarheid geskied (Joh. 4:24).

Nadat Stéfanus dit alles uit die geskiedenis aangedui het, rig hy hom tot sy regters. In die skerpste taal spreek hy hulle aan as die hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore wat altyd die Heilige Gees weerstaan. Hulle vaders het die profete vervolg en dié wat die koms van die Regverdige aangekondig het, doodgemaak, maar hulle daar, die lede van die Sánhedrin, was die verraaiers en moordenaars van die Regverdige self. Hulle het die wet deur die beskikking van engele ontvang (vgl. Gal. 3:19), en tog onderhou hulle dit nie. Hulle is dus in werklikheid diegene wat die wet van Moses kragteloos maak.

Só het Stéfanus onbevrees 'n regter geword oor sy regters.

### § 259 Stéfanus gestenig (Hand. 7:54-60)

Voorheen het die apostels voor die Sánhedrin gestaan en hulle daarvan beskuldig dat hulle verantwoordelik was vir die kruisiging van Jesus (Hand. 4:10; 5:20). Nou noem Stéfanus hulle openlik verraaiers en moordenaars. Dit was meer as wat hulle kon verdra. Woedend spring hulle op en kners met die tande teen Stéfanus. Hy bly egter kalm staan en kyk op na die hemel. Toe sê hy: "Kyk, ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan." Toe hy dit sê, was hy vol van die Heilige Gees, en deur die Gees het hy gesien dat Jesus Christus gereed staan om hom tot Hom te neem.

By die aanhoor van hierdie woorde het die owerstes van die Jode hulle ore toegestop en rasend van woede op Stéfanus afgestorm. Hulle het al hulle waardigheid vergeet en eiehandig hom deur die strate gesleep, die stad uit. Dat hulle regtens die veroordeelde aan die goewerneur, Pilatus, moet oorhandig vir teregstelling, kom nou nie eens in hulle gedagte op nie. Hulle neem die reg in eie hande. Buite die stad vorm hulle 'n kring om Stéfanus om hom te stenig. Die getuies, wat die beskuldigings teen hom ingebring het en nou die eerste klippe op hom moes gooi, het hulle klere neergesit aan die voete van 'n jongman, Saulus.

Toe die eerste klippe hom tref, bid Stéfanus: "Here Jesus, ontvang my gees." Toe hy op die knieë neerval onder die klippe, roep hy met 'n groot stem uit: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!" Met daardie woorde het hy gesterf.

Die twee bedes wat Stéfanus uitgespreek het, is nagenoeg dieselfde as die wat Jesus aan die kruis uitgespreek het (Luk. 23:46 en 34). In sy sterwe het Stéfanus dus Jesus aan die kruis in gedagte gehad, en was hy bereid om as troue navolger ook sy lewe neer te lê.

## XXIII. DIE EVANGELIE OP WEG NA DIE HEIDENE

### § 260 Die vervolging in Jerusalem (Hand. 8:1-4)

Die dood van Stéfanus was 'n droewige gebeurtenis wat die hele gemeente in rou gedompel het. Dit was ook die begin van 'n moeilike tyd vir die gemeente, en tog het dit heilryke gevolge gehad.

Nadat Stéfanus gestenig is, het godvresende manne, d.w.s. gelowiges uit die Hellenistiese gemeenskap, sy gebroke liggaam kom wegneem en begrawe, terwyl die hele gemeente oor hom rou bedryf het. Hy was die eerste wat moes sterf omdat hy die Naam van Jesus bely het, en die gemeente het diep onder die indruk van die gebeurtenis verkeer.

Hulle het egter gou ontdek dat daar nie veel geleentheid sou wees om te treur nie. Die dood van Stéfanus was die teken vir die begin van 'n grootskaalse vervolging van die gemeente. Dieselfde jongman wat daarby was toe Stéfanus gestenig is, het die leiding geneem in die vervolging van die gemeente. Hy was oortuig dat die vermoording van Stéfanus 'n goeie ding was, en het gemeen dat hy die welbehae van God uitvoer deur die gemeente te probeer opbreek en uitwis, indien hy kon.

Saulus het ingedring in die byeenkomste van die gemeente en die voorgangers gevange geneem. Hy het ook in die huise ingegaan en met geweld manne en vroue uitgesleep en in die gevangenis laat opsluit. Of daar in die tyd meer gelowiges gestenig is, word ons nie vertel nie. Die gevaar was in elk geval so wesenlik dat almal verstrooi is. Hulle het uitgevlug na die streke van Judéa en Samaría om veiligheid te soek. Hierdie vlugtelinge was hoofsaaklik mense uit die Hellenistiese gemeenskap. Die apostels self het in Jerusalem gebly. Hulle het blykbaar by die bevolking so 'n hoë aansien geniet dat die vervolgers dit nie gewaag het om die hande aan hulle te slaan nie.

Die vervolging het deur die beskikking van God 'n heilsame vrug gehad. Almal wat verstrooi is, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig (v. 4). Die dood van Stéfanus en wat daarop gevolg het, was die begin van die voortgang van die evangelie na die heidene. Ten opsigte van Stéfanus kan met waarheid gesê word dat die bloed van die martelaar die saad van die kerk was.

### § 261 Die prediking in Samaria (Hand. 8:5-13)

Onder diegene wat uit Jerusalem moes vlug, was ook Filippus wat deur die gemeente as een van die sewe helpers gekies was (Hand. 6:5). Hy het in 'n stad in Samaría gekom en Christus aan hulle verkondig. Vir die eerste keer word die uitdrukking "Christus verkondig" hier gebruik.

Welke stad bedoel word, is nie duidelik nie. Dit was stellig nie die ou hoofstad Samaría nie, omdat dit in die tyd van die apostels Sebasté genoem is. Moontlik moet ons dink aan die ou Sigem, wat later Neápolis en tans Nabloes geword het. Die hoofsaak is egter dat Filippus daar 'n geopende deur gevind het. Die mense het met gretigheid na die evangelie van Jesus Christus geluister.

Deur die Heilige Gees het Filippus, net soos Stéfanus voor hom, die mag ontvang om tekens en wondere te doen. Hy het die onreine geeste uitgedryf uit die besetenes, en gewoonlik het die geeste met 'n harde geskreeu die slagoffer verlaat. Baie verlamdes en kreupeles is na hom gebring en hy het hulle in die Naam van Jesus gesond gemaak.

In die betrokke stad was daar 'n man, Simon, wat met towery omgegaan het en dinge gedoen het waardeur hy die inwoners van die hele Samaría verbyster het. Hy het hom wat verbeel en ook ronduit gesê dat hy iets besondere was. Almal het hom aangehang en hom genoem: "die groot Krag-van-God," omdat hy hulle met sy towery verbaas het.

Filippus het binne die vesting van hierdie Simon die evangelie van die koninkryk van God en van Jesus Christus verkondig. Sy boodskap het uit die staanspoor ingang gevind en manne en vroue het tot geloof gekom en is gedoop. Simon het self ook geglo. Nadat hy gedoop is, het hy gedurig by Filippus gebly. Sy belangstelling was egter meer in die tekens en groot kragte wat gebeur het as in die blye boodskap van verlossing. Daar het nog steeds iets van die towenaar in hom oorgebly.

### § 262 Die apostels besoek Samaria (Hand. 8:14-25)

Berigte omtrent die voortgang van die evangelie in Samaría het Jerusalem bereik en die apostels ter ore gekom. Teen hierdie tyd het die apostels 'n soort raad van toesig oor die gemeente geword, en hulle tree ook op om toesig te hou oor die nuwe gemeentes wat buite Jerusalem ontstaan. Daarom besluit hulle om twee uit hulle geledere, Petrus

en Johannes, na die stad in Samaría te stuur waar Filippus werksaam was.
Die bevinding van die apostels was dat die mense gelowig geword het en gedoop is in die Naam van Jesus, maar dat "die Heilige Gees toe nog op niemand geval het nie." Die bedoeling is nie dat die Heilige Gees hoegenaamd nie in die gelowiges werksaam was nie. Sonder die werking van die Gees in die harte sou hulle immers nie tot geloof en tot die belydenis van die Naam van Jesus kon gekom het nie. Dit het egter nog nie werklik Pinkster by hulle geword nie. Daar was nog nie die kragtige werking van die Gees van binne uit na buite nie. Hulle lewe was nie Gees-vervul nie en daarom het die vrug van die Gees in sy ryke volheid nog ontbreek (vgl. Gal. 5:22).
Toe die apostels dit merk, het hulle die gemeente saamgeroep en gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang. Dit was nie 'n gebed dat die Gees opnuut uitgestort moet word, nou op hierdie besondere gemeente van Samaritane nie, maar dat die Gees kragtig in hulle werksaam mag word. Ná die gebed het die apostels vir almal die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang. Die werkinge van die Gees het onmiddellik sigbaar geword in die lewe van die gelowiges.
Simon, die towenaar, het gesien dat ná die handoplegging die gelowiges die Gees ontvang het, en het gemeen dat die apostels die mag besit het om op daardie wyse die Gees op ander oor te dra. Hy het nie verstaan dat die Heilige Gees 'n gawe van God is wat nie aan handoplegging gebonde is nie (vgl. Hand. 10:44). Omdat hy nog in die gedagtewêreld van die heidense towenaars geleef het, het hy gemeen dat hy die vermoë of "kuns" om deur handoplegging die Heilige Gees mee te deel, van die apostels sou kon koop. Hy bied hulle dus geld aan vir die inligting en toerusting. Dit sou immers vir hom 'n ontsaglike verhoging van prestige beteken as hy ook die Heilige Gees kon meedeel.
Oor hierdie versoek en die gedagtes waaruit dit voortgespruit het, was Petrus diep geskok. Skerp wys hy Simon tereg en verwens hom saam met sy geld. Hy wys daarop dat Simon se hart nie reg is met God nie en hy hom dus moet bekeer van sy boosheid en van God vergifnis vra, omdat hy "in 'n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid" verkeer. Sy hart is nog vol heidendom en hy moet God smeek om hom daarvan te verlos.
Hierop versoek Simon die apostels om vir hom te bid, sodat die vreeslike dinge wat Petrus gesê het, hom nie mag tref nie. Hy begryp dat die apostels voorbidding kan doen, maar hy begryp nie dat hy self sy sonde moet bely en om vergifnis smeek nie. Wat die uiteinde van Simon was, word nie vertel nie. Hy bly vir ons egter 'n voorbeeld van die mag wat die towery oor die hart van 'n mens kan verkry.
Die apostels het 'n tyd lank daar gebly en kragtig die woord van die Here verkondig. Daarna het hulle na Jerusalem teruggekeer, maar oral langs die pad in die dorpe van die Samaritane die evangelie verkondig.

**§ 263 Die evangelie op weg na Ethiópië (Hand. 8:26-40)**

Onderwyl Filippus in Samaria besig was met die prediking het 'n engel van die Here aan hom verskyn en hom beveel om ver na die suide te gaan, op die pad wat deur die woestyn loop van Jerusalem na Gasa. Daar was meer as een pad tussen die twee stede, maar hy word aangesê om die eensame pad deur die dorre landstreek te kies. Wat hy daar moet gaan doen, word hom egter nie vooruit gesê nie.
Filippus gehoorsaam sy opdrag. Toe hy 'n ent op die pad geloop het, sien hy 'n wa voor hom na die suide ry. Dit het geblyk die wa te wees van 'n man van Ethiópië, 'n hooggeplaaste staatsamptenaar in diens van Kandacé, die koningin van die Ethiópiërs. Hy was haar skatmeester of minister van finansies ... dus, 'n baie vername man. In sy land het hy te hore gekom van die God van Israel en die begeerte gevoel om na Jerusalem te gaan om daar te aanbid. Onderwyl hy in Jerusalem was, het hy daarin geslaag om die boek van Jesaja in die Griekse vertaling te koop. Op die vermoeiende reis deur die woestynstreek sit hy op die wa en lees uit Jesaja.
Toe Filippus die wa sien, gee die Gees aan hom die verdere aanwysing wat hy moet doen. Hy moet die wa inhaal en daarby bly. Dit doen hy ook. Hy haal die wa van agter in en hoor hoe die man hardop uit die boek van Jesaja leer. Filippus vra toe: "Verstaan jy wel wat jy lees?" Daarop kom die antwoord: "Hoe kan ek tog as niemand my die weg wys nie?" En hy nooi Filippus om op te klim en by hom te kom sit sodat hulle oor die woorde van die profeet kan praat.
Die gedeelte wat hy besig was om te lees, was uit Jes. 53:7-8: "Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy

sy mond nie oop nie." Die Ethiópiër vra toe: "Van wie sê die profeet dit, van homself of van iemand anders?"

Hierdie vraag het Filippus laat besef waarom hy na die wa op die eensame pad moes kom. Hier was 'n heiden wat lig soek, en wat 'n vraag stel waarby maklik aangesluit kan word om die heilsboodskap aan hom te verkondig. Filippus het begin om die evangelie van Jesus Christus aan hierdie man te verklaar. Hy was nog daarmee besig toe die hofdienaar hom in die rede val en sê: "Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?" Filippus wys daarop dat die een vereiste is dat hy met sy hele hart moet glo. Daarop spreek die hofdienaar 'n plegtige belydenis uit: "Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is" (vgl. by § 239). Filippus beveel daarop dat die wa moet stilhou, en hulle twee klim af en gaan saam in die water staan. Daar het Filippus die man uit Ethiópië gedoop - die eerste bekeerling uit Afrika. Vol blydskap het die man sy reis voortgesit en nie meer na Filippus omgekyk nie. Hy was nou haastig om in sy eie land terug te wees en daar te getuig van Jesus Christus, die Seun van God.

Intussen het die Gees Filippus weggelei. In Asdod langs die kus het hy weer begin preek. Van daar gaan hy oor Joppe noordwaarts en verkondig die evangelie oral waar hy kom. Eindelik bereik hy Caesaréa waar hy hom gevestig het. Jare later was hy nog daar werksaam toe Paulus in sy huis gasvryheid geniet het (Hand. 21:8).

**§ 264 Die bekering van Saulus (Hand. 9:1-19a; 22:5-16; 26:12-18; Gal. 1:13-16)**

Dit het God behaag om 'n man van die skoot van sy moeder af af te sonder en deur sy genade te roep om Jesus Christus aan die heidene te verkondig (vgl. Gal. 1:15; Hand. 22:14-15). Hierdie man was Saulus (= hy wat afgebid is), beter bekend by sy bynaam Paulus (= die kleine).

Van sy lewe voor sy bekering vertel hy self: "Ek is 'n Jood, gebore in Tarsus in Cilícië, maar opgevoed in hierdie stad, aan die voete van Gamaliël opgelei streng ooreenkomstig die voorvaderlike wet, 'n yweraar vir God soos julle almal vandag is. Hierdie Weg het ek vervolg tot die dood toe, en manne en ook vroue geboei en in die gevangenis oorgegee, soos ook die hoëpriester en die hele raad my getuies is" (Hand. 22:3-5). Hierop het hy by 'n ander geleentheid uitgebrei deur te skryf: "Ek is besny op die agste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër; wat die ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik" (Fil. 3:5-6).

Uit die beskikbare gegewens kry ons die volgende beeld van Saulus se jeug en vorming: Sy familie, behorende tot die stam van Benjamin, was afkomstig uit Gisjala in Galiléa. Van daar het hulle in ongeveer 4 v.C. na Tarsus in Cilícië verhuis waar Saulus gebore is, nadat sy vader die Romeinse burgerskap gekry het. In daardie Hellenistiese stad het Saulus sy eerste lewensjare deurgebring. Sy ouers het streng volgens die Joodse sedes geleef en tuis die moedertaal Hebreeus (of Aramees) gepraat terwyl hulle op straat Grieks moes gebruik. Op baie vroeë leeftyd het Saulus na Jerusalem gekom waar hy van sy jeug af opgegroei het (Hand. 26:4). Aangesien daar ook 'n suster van hom gewoon het (Hand. 23:16), is dit waarskynlik dat die hele gesin uit die Diaspora (vgl. § 4(b)) teruggetrek het na Jerusalem. As jongman het Saulus hom by die beroemde rabbi Gamaliël, uit die skool van Hillel, gevoeg en is hy as Fariseër streng volgens die wet opgelei. Hy het 'n besondere ywer vir die onderhouding van die wet geopenbaar, sodat hy daarin sy tydgenote oortref en sélf gedink het dat hy onberispelik was.

As Fariseërs het hy hom saam met die Fariseërs geskaar in hulle verset teen diegene wat die Naam van Jesus verkondig het. Of hy Jesus ooit self gesien en gehoor het, word ons nie vertel nie, maar die waarskynlikheid daartoe is groot aangesien Jesus in die openbaar in die tempel opgetree het. Toe Stéfanus gestenig is, was Saulus daarby en hy het die moord goedgekeur. Van toe af het hy die voortou geneem in die vervolging van die gemeente, en geen man of vrou ontsien nie in sy ywer om die gelowiges in die gevangenis te werp. Namate hy sukses behaal het, het sy haat toegeneem. Soos 'n bloeddorstige roofdier het hy rondgegaan om dreiging en moord te blaas teen die dissipels van die Here (Hand. 9:1).

Toe Saulus gemeen het dat hy die gemeente in Jerusalem uiteen gejaag het, het hy na ander stede begin omsien. Sy aandag is op Damaskus gevestig. Van die vlugtende gelowiges het ook daarheen hulle weg gevind, en het daar voortgegaan met die verkondiging van die evangelie. Saulus verkry toe briewe van die Joodse Raad, gerig aan die

sinagoges in Damaskus, waarin Saulus en die doel van sy koms aan die Jode aldaar bekend gestel word. Hy het naamlik die opdrag gehad om mense wat "van die Weg was" geboeid na Jerusalem te bring.

Die uitdrukking "die Weg," wat hier vir die eerste keer voorkom (Hand. 9:2), is aan die Ou Testament ontleen waar dit die handel en wandel van 'n mens en ook 'n leerstellige rigting aandui. Deur na die volgelinge van Jesus te verwys as "die mense van die Weg", word die jong Christendom aangewys as 'n afwykende rigting binne die Jodendom. Lukas gebruik die term in die goeie sin om die Christendom te verbind aan Jesus wat gesê het: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Joh. 14:6). Die uitdrukking kom verder voor in Hand. 19:19, 23; 24:14, 22).

Voorsien van sy magtigingsbriewe en 'n klein polisiemag van die Sánhedrin gaan Saulus op reis na Damaskus. Toe hy naby die stad kom en hom vooruit verlustig het in die sukses van die vervolgingsplanne aldaar, het God ingegryp in sy lewe om sy heilige raadsplan met Saulus tot uitvoer te begin bring.

Skielik op die sonskyndag het 'n heldere lig, veel helderder as die son, uit die hemel Saulus omstraal. Hy het onmiddellik op die grond neergeval, terwyl die manne wat saam met hom was, sprakeloos bly staan het. 'n Stem sê toe aan hom: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" Saulus besef dat die spreker nie 'n mens is nie maar God, en spreek Hom eerbiedig aan met die Naam wat aan God toekom. Hy vra: "Wie is U, Here?" Daarop kom die antwoord: "Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop".

Deur hierdie bekendstelling (vgl. ook die selfbekendstelling van God aan Moses by die brandende doringbos, Exod. 3:13-14; sien DEEL I, § 88) begryp Saulus dat Jesus die Here is, en dat hy deur die gemeente te vervolg, besig was om die Here te vervolg. Hy was besig om hom teen God self te verset soos 'n onwillige os wat teen die steekstok van sy aanporder vasskop en homself beseer. Hy, wat gemeen het dat hy deur die vervolging die Here behaag het, moet nou insien dat hy in werklikheid die Here vervolg het. Hierdie insig is vir Saulus, die roemende Fariseër, verpletterend. As Jesus die Here is, moet Hy as volstrekte Heerser gehoorsaam word. Daar is geen ander weg nie. Daarom spreek die dienswillige Saulus: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" Daarop ontvang hy die opdrag om na die stad te gaan en daar sal aan hom gesê word wat hy moet doen.

Die manne wat saam met Saulus was, het verslae eenkant gestaan. Hulle het die lig gesien (Hand. 22:9) en die stem gehoor (Hand. 9:7), maar die Spreker nie gesien en sy woorde ook nie verstaan nie. Hulle oë was op Saulus daar op die grond gevestig, en hulle merk toe hy opstaan dat hy nie kon sien nie. Hulpeloos het hy rondgetas. Toe neem hulle hom aan die hand en lei hom die stad binne. Sy aankoms in Damaskus was baie anders as wat hy hom dit voorgestel het.

Die manne het Saulus geneem na die huis van Judas in die Reguitstraat. Waarskynlik is reeds voor sy vertrek uit Jerusalem gereël dat hy daar sou tuisgaan. In daardie huis het Saulus hom afgesonder. Vir drie dae het hy daar gesit sonder om te eet of te drink. Wat in daardie tyd deur sy gedagtes gegaan het, word nie vertel nie. Ons kan aanneem dat hy met diepe berou oor sy vervolging van die gemeente en sy ywer teen die Naam van Jesus nagedink het en hom voor God verootmoedig het. Vir sy oë was daar in die drie dae geen lig nie, en ook nie vir sy siel nie. Maar hy het gebid.

In Damaskus was daar 'n dissipel met die naam Ananías, waarskynlik die voorganger van die gemeente wat daar gevorm is. Aan hom het die Here in 'n gesig gesê dat hy na die huis van Judas in die Reguitstraat moes gaan en daar vra na "'n man met die naam Saulus van Tarsus, want kyk, hy bid". Verder sê die Here dat Saulus self ook 'n gesig gesien het. Hy het gesien dat 'n man met die naam Ananías by hom inkom en die hande oplê, sodat hy weer kon sien.

Teen die uitvoering van hierdie opdrag het Ananías beswaar gehad. Die naam Saulus het verskrikking in die harte van die gelowiges gebring. Wat hy alles teen die gemeente in Jerusalem gedoen het, was goed bekend, en in Damaskus het hulle ook al geweet dat hy daarheen op pad was met volmag om dié wat die Naam van Jesus aanroep, te boei. Ananías sien dus nie kans om hierdie Saulus te gaan spreek nie.

Die Here stel Ananías egter gerus deur te verklaar wat sy voorneme met Saulus is. Hy sê: "Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor die nasies en konings en die kinders van Israel. Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam

moet ly." Hy sou die besondere gesant na die heidene wees, maar ook aan Israel. Hy sou vir die Here baie doen en baie ly.

Daarom gaan Ananías na die huis van Judas waar hy Saulus in sy afsondering aantref. Hy lê die hande op hom en spreek hom vriendelik aan: "Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik, Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word." Toe het daar iets soos skille van sy oë geval en hy kon weer sien. Hy het opgestaan en is gedoop. Daarop het hy weer geëet en sterk geword.

Só het die Here 'n ingrypende verandering in die lewe van Saulus bewerkstellig. Hy was nog net so ywerig en energiek as voorheen, maar nou ten volle in diens gestel van Jesus Christus om oral en in allerlei omstandighede sy Naam bekend te maak.

**§ 265 Saulus in Damaskus (Hand. 9:19b-25; 2 Kor. 11:32-33; Gal. 1:17)**

Ná sy bekering het Saulus 'n paar dae saam met die dissipels in Damaskus gebly. In daardie tyd het hy hulle seker uitgevra oor Jesus se lewe en werk, en is hy deur hulle onderrig in alles wat Jesus geleer het. Hierdie feitekennis was alles nog ongeorden en die heilsbetekenis daarvan nog nie in die lig van die Ou Testament volkome deurdink nie. Saulus het die noodsaaklikheid gevoel om oor hierdie dinge rustig na te dink. Hy wat die geregtigheid volgens die wet nagejaag het, moes tot helderheid kom oor die geregtigheid uit genade (vgl. Fil. 3:8 e.v.). Onder die leiding van die Heilige Gees het hy nie vlees en bloed geraadpleeg nie maar na Arabië vertrek (Gal. 1:16-17). Daar in die eensaamheid het God deur openbaring aan hom die volle rykdom van die evangelie van genade bekend gemaak (Gal. 1:11-12).

Vir 'n geruime tyd, moontlik 'n jaar, het Saulus in Arabië verkeer voordat hy weer na Damaskus teruggekeer het (Gal. 1:17). Daar het hy dadelik in die sinagoges begin verkondig dat Jesus Christus die Seun van God is. In hierdie heidense omgewing verkondig hy dus dieselfde boodskap wat die Ethiópiër ontvang het om na Afrika te neem (vgl. § 263).

Die optrede van Saulus het verbasing gewek. Hy was bekend as die vervolger van almal wat die Naam van Jesus aanroep, en nou verkondig hy self daardie Naam. Bowendien het hy opdrag gehad om na Damaskus te kom en die gelowiges gevange te neem, en nou word hy juis 'n pleitbesorger van die geloof in Jesus. Daar het teenstand teen hom begin broei, maar hy het krag ontvang om oortuigend te spreek en te bewys dat Jesus die Christus is. Daardeur het hy die Jode in die war gebring.

Toe hulle nie teen Saulus die oorhand in die argument kon behaal nie, het hulle beraadslaag om hom dood te maak. Daarin het hulle die steun gekry van die Arabiese vors, Arétas, die skoonvader van Herodes Antipas (vgl. § 65), wat van 37 tot 40 n.C. gesag gevoer het oor Damaskus. Met sy medewerking is die poorte van die stad dag en nag bewaak sodat Saulus nie die stad kon verlaat nie. Die gevaar waarin hy verkeer het, het egter bekend geword. Daarop het die dissipels hom na 'n huis op die stadsmuur geneem en in die nag met 'n mandjie deur die venster laat afsak (vgl. 2 Kor. 11:32-33).

Van daar het Saulus na Jerusalem gevlug.

**§ 266 Saulus terug na Tarsus (Hand. 9:26-31; 22:17-21; Gal. 1:18-19)**

Drie jaar nadat Saulus uit Jerusalem na Damaskus vertrek het, terwyl hy dreiging en moord geblaas het (Hand. 9:1), keer hy na die heilige stad terug as die verkondiger van die evangelie van vrede en lewe.

Sy aankoms was vir hom egter 'n aanvanklike teleurstelling. Die gemeente wou hom nie ontvang omdat hulle hom nie vertrou het nie, en sy ou vriende onder die Fariseërs het hom verstoot as 'n verraaier. As 'n eensame verstoteling het hy rondgedwaal totdat hy Bárnabas, self 'n Hellenis uit Ciprus (Hand. 4:36), ontmoet het. Hy het Saulus na die apostels gebring en hom aan hulle voorgestel as die man wat op die pad na Damaskus "die Here gesien het," m.a.w. aan wie die Here verskyn het net soos Hy aan hulle, die apostels, verskyn het na sy opstanding. Ook vertel Bárnabas van die vrymoedigheid waarmee Saulus die Naam van Jesus in Damaskus verkondig het. Toe hulle dit hoor, het hulle Saulus opgeneem in die kring van die gemeente. Petrus het hom in sy huis geneem vir die veertien dae wat hy in Jerusalem sou bly. Met die ander apostels het Saulus nie nader kennis gemaak nie, behalwe met Jakobus, die broer van die Here, wat toe al 'n belangrike taak in die gemeente begin vervul het (Gal. 1:18-19).

In die paar dae wat hy in Jerusalem was, het Saulus onder die Hellenistiese Jode begin werk. Hy, wat die moord op Stéfanus goedgekeur het, het nou die werk van daardie

martelaar kom voortsit. Maar net soos Stéfanus het ook Saulus heftige verset teëgekom, en sy lewe was nie meer veilig nie.

In daardie tyd het Saulus op 'n dag na die tempel gegaan om te bid. Daar het hy in 'n verrukking van sinne gekom en die Here gesien wat vir hom sê: "Maak gou en gaan haastig uit Jerusalem uit, want hulle sal jou getuienis aangaande My nie aanneem nie." Hierop antwoord Saulus dat hy liewer daar wou voortgaan met sy arbeid onder die Helleniste juis omdat hy die gemeente aldaar vervolg en die moord op Stéfanus goedgekeur het. Daarop antwoord die Here: "Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die heidene." (Hand. 22:17-21).

Saulus staan nou in diens van Christus. die Here. Sy eie planne en begeertes moet ondergeskik gestel word aan die voorneme van die Here. Dit besef hy. Daarom onderwerp hy hom aan die opdrag om uit Jerusalem weg te gaan. Waarheen hy moet gaan, en wat hy moet doen, word later aan hom bekend.

Toe die broeders in Jerusalem agterkom dat Saulus se lewe in gevaar was, het hulle hom begelei na Caesaréa, en van daar na Tarsus gestuur. Hy keer dus terug na sy geboortestad om daar 'n boodskap te verkondig wat in dié Hellenistiese stad nog nooit gehoor is nie.

Intussen het die gemeentes in die hele Judéa, Samaria en Galiléa vrede geniet en is hulle opgebou en uitgebrei, terwyl almal gewandel het "in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees" (Hand. 9:31).

In daardie tyd het daar dus ook in Galiléa, waar Jesus so baie gearbei het, gemeentes tot stand gekom.

**§ 267 Petrus in Lidda en Joppe (Hand. 9:32-43)**

Vandat Saulus nie meer die leiding geneem het in die vervolging van die gemeente nie, het die evangelie ongehinderd uitgebrei. In alle dele van Judéa en Samaría en selfs buite hulle grense het gemeentes ontstaan. Die apostels in Jerusalem het oor die uitbreiding toesig gehou en die band heg bewaar tussen die moedergemeente en die verspreide jonger gemeentes. Vir dié doel het die apostels reise onderneem om die gelowiges op te soek, soos Petrus en Johannes gedoen het toe hulle die werk van Filippus in Samaria gaan besoek het (§ 262).

By geleentheid moes Petrus weer so 'n visitasie-reis deur Judéa onderneem. Hy kom toe ook by "die heiliges" in die dorpie Lidda, geleë in die vlakte van Saron naby die kus van die Middellandse See. Hier vir die eerste keer vind ons die benaming "die heiliges" vir die gelowiges. Die bedoeling is nie dat hulle sonder sonde en dus heilig is nie, maar dat hulle deur die geloof in Christus van die sonde verlos en dus in Hom geheilig is.

Onder hierdie heiliges was daar 'n man, Enéas, wat reeds agt jaar verlam en bedlêend was. Petrus het hom besoek om hom te vertroos en te bemoedig. Terwyl die apostel by die siekbed was, het die Here dit in sy hart gelê om die sieke op te rig. Hy sê toe: "Enéas, Jesus Christus maak jou gesond. Staan op en maak jou bed op!" Onmiddellik het die sieke opgestaan en sy bed netjies aan die kant gemaak.

Die berig van hierdie gebeurtenis het gou versprei. Die inwoners van Lidda en van die Saronvlakte het Enéas gesond gesien, en verneem dat Jesus Christus hom gesond gemaak het. Baie van hulle het hulle tot die Here bekeer en in Christus geglo.

Joppe (= Jaffa) aan die see was nie ver van Lidda nie. Daar het 'n vrome dissipelin gewoon, met die Aramese naam Tabita, wat in Grieks vertaal word met Dorkas (= bokkie). Sy was oorvloedig in goeie werke en mededeelsaamheid en het in opregte liefde haar medemens gedien. Sy het skielik siek geword en tot sterwe gekom. Haar huisgenote het haar nie onmiddellik begrawe nie, maar die lyk gewas en dit in die kamer op die plat dak neergelê. Hulle het gehoor dat die apostel Petrus in Lidda was, en stuur toe twee manne haastig daarheen om hom te ontbied. Petrus het ook dadelik na Joppe gegaan. Hulle neem hom toe na die bovertrek en daar vind hy 'n groot aantal weduwees en ander wat treur oor die afsterwe van Tabita. Hulle wys aan die apostel allerlei kledingstukke wat sy vir hulle gemaak het toe sy nog in die lewe was. Die dinge was die bewys van haar liefdediens aan die naaste.

Nadat Petrus dit aangehoor het, het hy almal gevra om uit die kamer te gaan. Daarop het hy neergekniel en gebid. Onder die gebed het God dit in sy hart gegee om die liggaam aan te spreek. Hy draai toe na die bed en sê: "Tabíta, staan op!" Waarskynlik het hy gedink aan Jesus by die dogtertjie van Jaïrus toe Hy haar aangespreek het met: "Talíta, koem!"

(vgl. § 63). Toe Petrus Tabita só aanspreek, het sy die oë oopgemaak, en toe sy hom sien, het sy regop gesit. Hy neem toe haar hand en laat haar opstaan. Daarop roep hy die heiliges en die weduwees wat buite gewag het, en stel Tabita lewendig voor hulle.

Vir Petrus self en vir al die gelowiges was dit 'n heerlike ondervinding. Andermaal het Jesus Christus laat sien dat Hy magtig is om selfs die dood te oorwin. In die hele Joppe het hierdie wonder bekend geword, en baie het in die Here geglo.

Petrus het 'n geruime tyd in Joppe gebly waar hy tuisgegaan het by Simon, die leerlooier.

**§ 268 Cornelius se gebed (Hand. 10:1-8)**

Caesaréa, die residensiestad van die goewerneur, was ook die hoofkwartier van die Romeinse leër in Samaria en Judéa. In die sogenaamde Italiaanse leërafdeling, d.w.s. 'n keurbende bestaande uit Romeinse burgers en nie uit verowerdes uit die provinsies nie, was daar 'n hoofman oor honderd (= *centurio)* met die naam Cornelius. Hierdie man en sy hele huis was vroom en godvresend.

As gevolg van sy militêre diens in die Joodse land het Cornelius met die godsdiens van Israel kennis gemaak. Hy het daarin belanggestel en mettertyd daartoe gekom om weg te breek van die heidense godsdiens en die God van Israel in opregtheid van hart te dien. Hy was wel nog nie deur die besnydenis en die proselietedoop by Israel ingelyf nie, maar het die vrese van die Here bekend gemaak aan sy hele huis en ook aan sy huisbediendes en soldate. Hy was oorvloedig in die gee van aalmoese en het op vaste ure van die dag gebid.

By geleentheid het hy weer gevas as voorbereiding vir die gebed, en op die negende uur (= 3 nm.), die uur van die aandoffer, het hy hom afgesonder vir gebed. Terwyl hy bid, het 'n engel in 'n blinkende kleed aan hom verskyn en hom by sy naam aangespreek. Die engel sê toe dat sy gebede en aalmoese voor God in gedagtenis gekom het. Nou moet hy manne na Joppe stuur, na die huis van Simon die leerlooier wat by die see was, om Simon, wat ook Petrus genoem word, daar te gaan haal. Hy sal dan kom en aan Cornelius sê wat hy moet doen.

Toe die engel weer weg was, het Cornelius twee van sy huisbediendes en 'n vroom soldaat geroep. Teenoor hierdie onderhoriges tree hy geensins uit die hoogte op nie, maar neem hulle in sy vertroue as belanghebbendes. Aan hulle vertel hy alles wat gebeur het, en stuur hulle na Joppe om Petrus te haal**.**

**§ 269 Petrus se visioen (Hand. 10:9-23)**

Die boodskappers van Cornelius het met spoed gereis. Die volgende dag teen die middag was hulle al naby Joppe. Net op daardie tyd, omtrent die sesde uur (= 12 uur), het Petrus na die bovertrek op die plat dak gegaan om te bid onderwyl hy wag totdat die middagete gereed sou wees. Hy was juis baie honger.

Terwyl hy bid, raak Petrus in 'n verrukking van sinne. Hy sien die hemel geopen en 'n voorwerp soos 'n groot laken wat aan die vier hoeke vas is, na die aarde toe afsak. Daarin sien hy al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende diere en die voëls van die hemel. Daar kom toe 'n stem na hom wat sê: "Staan op, Petrus, slag en eet!" Toe Petrus al die onreine diere sien, sê hy met beslistheid: "Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie".

Petrus het stiptelik die voorskrifte van die wet ten opsigte van rein en onrein voedsel nagekom (vgl. Lev. 11:1 e.v.). Die gedagte dat hy iets onreins moes eet, het by hom weersin gewek. Op sy beswaar het die stem geantwoord: "Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie".

Drie maal het die visioen sigbaar geword, en drie maal het dieselfde gesprek plaasgevind. Petrus het geweet dat dit die Here was wat hom aangespreek het, en nie die Satan wat hom wou verlei nie. Tog kon hy nie begryp waarom die Here aan hom 'n opdrag gee wat direk in stryd is met die wet van God nie. Gevolglik kon hy nie die bedoeling van die visioen begryp en het hy hom in gedagtes daaroor verdiep sodat hy nie opgemerk het wat in die huis en voor die poort gaande was nie.

Net op daardie tydstip het die drie manne van Cornelius voor die poort gekom en verneem of dit die huis van Simon die leerlooier was. Toe roep hulle na binne om te vra of Simon Petrus daar tuis was. Petrus was in die bovertrek so diep in gedagte dat hy nie op die stemme gelet het nie. Die Heilige Gees sê toe aan hom: "Daar is drie manne wat jou soek. Staan op, klim af en gaan saam met hulle sonder om te twyfel, want Ek het hulle gestuur".

Petrus gaan toe na die poort en ontmoet die drie manne wat deur Cornelius gestuur was. Hulle vertel hom van Cornelius se vroomheid en sy goeie naam onder al die Jode, en dat 'n engel aan hom verskyn het en die opdrag gegee het om Petrus te laat haal. Petrus het die manne binnegenooi en geherberg. Die volgende dag het hy, vergesel deur enkele van die broeders uit Joppe, saam met die drie boodskappers vertrek om na Caesaréa te gaan.

**§ 270 Petrus by Cornelius (Hand. 10:24-48)**

In die namiddag van die dag daarop het Petrus en die ses broeders uit Joppe (Hand. 11:12) in Caesaréa aangekom. Cornelius was hulle te wagte en het sy familie en besondere vriende in sy huis saamgeroep. Vol verwagting het hulle na die koms van die apostel uitgesien. Toe Petrus die huis binnekom, het Cornelius hom tegemoetgegaan en aan sy voete neergeval en hom hulde bewys. Dit was nie dat hy Petrus as 'n godheid wou vereer nie; hy het van die Joodse godsdiens genoeg geweet om hom van so 'n heidense handeling te weerhou. Hy wou egter eerbiedig hulde bring aan 'n apostel deur wie die God van Israel groot kragte gewerk het. Petrus is aangegryp deur die huldebetoon, maar verhinder dit onmiddellik. Hy verklaar dat hy ook maar net 'n mens is. Daarom kom die eer alleen aan God toe.

Binne vind Petrus tot sy verbasing 'n groot vergadering wat op sy koms en sy woord wag. Toe begryp hy die betekenis van die visioen wat hy in Joppe gehad het. Hy weet dat die heidene dit ongewoon vind dat 'n Jood onder die dak van 'n heiden ingaan, en vir homself is dit 'n besondere ondervinding wat hy nog nooit voorheen beleef het nie. Die bepaling dat die Jood nie in die huis van 'n heiden mag gaan nie, staan wel nêrens in die wet nie, maar dit was 'n instelling van die skrifgeleerdes wat by die Jode diep gewortel was. Petrus voel dus genoodsaak om vooraf te verduidelik waarom hy die huis van Cornelius betree het. Deur die visioen het God hom getoon dat hy geen mens onheilig of onrein mag noem nie. Daarom het hy sonder beswaar gekom toe Cornelius hom laat roep het. En nou verlang hy om te weet om watter rede hulle hom laat haal het.

Die woorde van Petrus het alle gevoel van skeiding wat tussen hom en die vergaderdes bestaan het, weggeneem en 'n verhouding van vertroue geskep. Om op die vraag van Petrus te antwoord, vertel Cornelius hoedat hy vier dae gelede gevas het en toe oorgegaan het tot gebed, en hoedat die engel verskyn en aan hom gesê het om Petrus te laat haal in Joppe. Hy sluit sy mededeling af deur te sê: "Ons is dan nou almal voor die aangesig van God aanwesig om alles te hoor wat deur God aan u opgedra is". Hierdie woorde openbaar diepe godsdienstige insig en opregte vrese van die Here. Die byeenkoms is nie 'n vergadering van nuuskieriges of vyandiggesindes nie. Hulle is saam omdat hulle in God glo, en hulle weet dat hulle voor sy heilige aangesig verkeer. Hulle verwag ook dat God deur die mond van die apostel hulle sal aanspreek. Dit gaan vir hulle nie om Petrus as sodanig nie, maar om die boodskap wat God deur sy dienskneg aan hulle sal rig. Toe Petrus nou ook uit die mond van Cornelius dieselfde verhaal van die verskyning van die engel hoor as wat die boodskappers reeds in Joppe hom vertel het (v. 22), het hy nog meer onder die indruk gekom van die hand van God in die hele gebeurtenis. God het die gebede van 'n heiden op 'n besondere manier verhoor, en tegelyk aan die apostel 'n visioen gestuur om hom voor te berei om na die huis van die heiden te gaan. Dit was God wat hier aan die werk was. Onder die indruk hiervan verklaar Petrus: "Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is".

Hierdie insig van Petrus was 'n belangrike stap in die voortgang van die evangelie. Dusver het die apostels en die gelowiges in die algemeen hulle beperk tot die prediking aan die Jode. Daar was wel die opdrag van die Here om uit te gaan na alle nasies, maar die gelowiges het nog steeds net gedink aan die Jode wat onder alle nasies in die verstrooiing gewoon het. Die Samaritane onder wie Filippus so 'n groot werk gedoen het, was in die eintlike sin van die woord nie heidene nie. Die Ethiópiër wat deur Filippus gedoop is, is as 'n uitsondering beskou. Ook elders in die heidense gebied waar gemeentes ontstaan het, was die prediking nie direk vir die heidene bedoel nie· Maar nou kom Petrus in Caesaréa tot die insig dat God sy uitverkorenes onder alle volke het en dat die evangelie aan die heidene gerig moet word.

Hierop begin Petrus met sy eerste preek aan 'n gehoor van mense uit die heidene. As tema kondig hy aan: Jesus Christus is die Here van almal (v. 36). Daarop vertel hy van die

lewe en werk van Jesus vanaf die doop van Johannes die Doper tot aan die kruisiging en die opstanding uit die dode. Hy vertel van die verskyninge van die Here en lê nadruk daarop dat Hy nie aan almal, sy vyande inkluis, verskyn het nie, maar uitsluitlik aan diegene wat sy getuies sou wees. Hulle moes getuig voor alle volke dat God Jesus Christus bestem het as Regter van lewende en dode, maar dat daar ook vergifnis van sondes is vir almal wat in Hom glo.

Petrus was nog met hierdie woorde besig toe die Heilige Gees skielik op die aandagtige hoorders neerdaal. Dit was nie 'n nuwe uitstorting van die Gees nie, maar 'n kragtige betuiging van die teenwoordigheid en werking van die Gees in die hoorders. Hulle is aangegryp en het in tale gespreek en God geprys. Hierdie talespraak was anders as dié op die Pinksterdag. Dit was die uiting van ekstatiese geluide wat deur niemand verstaan is nie, maar wat wel uitgelê sou kon gewees het indien iemand aanwesig was wat van die Gees die gawe ontvang het om tale uit te lê (vgl. 1 Kor. 12:10).

Die gelowiges uit die besnydenis wat saam met Petrus van Joppe gekom het, was verbaas om te sien dat die gawe van die Heilige Gees ook aan die heidene gegee is. Ook Petrus wat reeds in Samaría 'n dergelike gebeurtenis beleef het (vgl. § 262), het diep onder die indruk gekom. Na 'n tydjie neem Petrus weer die woord en sê: "Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?" Daarop gee hy opdrag dat die mense gedoop moet word in die Naam van die Here.

Net soos Paulus (vgl. 1 Kor. 1:14-15) het ook Petrus liefs nie self die doop bedien nie maar dit deur die medewerkers laat doen. Waarskynlik wou hulle voorkom dat mense meer waarde aan die doop deur 'n apostel gaan heg as aan dié wat deur die helpers bedien word. Nie die persoon wat die doop bedien nie, maar wel die Drie-enige God in wie se Naam die doop bedien word, verleen daaraan sy krag.

Aan die einde van die byeenkoms in die huis van Cornelius is Petrus versoek om nog 'n paar dae daar te bly. Daaraan voldoen hy geredelik.

## § 271 Petrus doen verslag (Hand. 11:1-18)

Die berig omtrent Petrus se optrede in die huis van Cornelius het binne korte tyd die gemeente in Jerusalem bereik. By sowel die apostels as die broeders, d.i. gemeentelede, het daar ernstige bedenkinge teen die handelwyse van Petrus ontstaan. Petrus het van sy kant ook vermoed dat daar besware sou wees. Daarom versuim hy nie om na Jerusalem terug te keer nie, maar hy reël dat die ses broeders van Joppe wat saam met hom in die huis van Cornelius was, hom nou ook vergesel as getuies van alles wat gebeur het.

Toe hy in Jerusalem aankom, is 'n gemeentevergadering belê. Die saak moes openlik uitgepraat word. Selfs 'n apostel met die gesag en aansien van Petrus moes tot verantwoording geroep word. Sommige bekeerlinge uit die Jodedom het hom heftig daarvan beskuldig dat hy dinge gedoen het wat ongeoorloof was. Hy het in die huis van onbesnede manne ingegaan en saam met hulle geëet.

Dit val op dat hierdie formele kwessie, wat gegrond is in die rituele gebruike van die Jode en nie op 'n voorskrif van die wet nie, tot hoofsaak verhef is. Die eintlike hoofsaak, naamlik dat die heidene tot geloof in Christus gekom en die werking van die Gees ondervind het en in die Naam van die Here gedoop is, skyn vir hierdie beswaarmakers van geen belang te wees nie.

Petrus laat die beskuldigers klaar uitpraat. Daarna neem hy die woord en begin kalm en oortuigend die hele verloop van die gebeurtenis vertel. Eers vertel hy van die visioen wat hy gesien het en hoedat die stem uit die hemel verklaar het. "Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie." Daarna vertel hy van die koms van die boodskappers van Cornelius en hoedat die Gees vir hom (Petrus) gesê het om saam te gaan sonder om te twyfel. By sy aankoms in Caesaréa het Cornelius hom vertel hoedat 'n engel in sy huis verskyn het en hom beveel het om Petrus te laat haal. God was dus van beide kante af werksaam om die ontmoeting in die huis van Cornelius te laat plaasvind. Die ses broeders uit Joppe kon dit alles bevestig.

Daarop gaan Petrus, voort om te vertel dat hy nog maar begin praat het met die mense by Cornelius toe die Heilige Gees op almal neergedaal het. Toe dit gebeur, het Petrus gedink aan die woord van die Here: "Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word" (Hand. 1:5). Dit was oorvloedig duidelik dat God aan die gelowiges uit die heidene ook die Heilige Gees gegee het en dáár kragtig aan die werk was. "Wie was ek dan, dat ek God kon verhinder?" vra Petrus.

Toe die gemeentevergadering hierdie uiteensetting hoor, het die beswaarmakers geswyg. Hulle het tot nuwe insigte gekom. Daarop het almal God verheerlik en gesê: "So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk."

**§ 272 Die evangelie in Antiochië (Hand. 11:19-24)**

Die vervolging na die dood van Stéfanus was sowat tien jaar later nog steeds besig om 'n geseënde vrug te lewer. Die gelowige Helleniste wat uit Jerusalem verjaag is, het al verder die land deur getrek en oral die evangelie van die Here Jesus verkondig. Hulle het langs die kus noordwaarts beweeg deur Fenícië, en selfs oor die see gegaan na Ciprus. Ander het deur Sirië gegaan en hulle in Antiochië gevestig.

Antiochië, geleë aan die oewer van die Orontesrivier sowat veertien myl van die hawe Seleúcië, was in daardie tyd ná Rome en Alexandrië die derde stad van die Romeinse Ryk. Dit was beroemd vir sy skitterende straataanleg en geboue, sy tempels en teaters, sy feeste en spele, sy bygeloof en sedelike verval. Ook na hierdie stad met sy bevolking van Siriërs, Romeine, Grieke en Jode het die gelowige Helleniste uit Jerusalem die evangelie gebring, maar hulle het hulle streng beperk tot die prediking aan die Jode. Nog steeds was hulle onder die indruk dat die evangelie alleen vir die Jode bedoel was. Van Petrus se ondervinding in die huis van Cornelius het hulle blykbaar nog nie gehoor nie.

Na hierdie eerste predikers het daar ook ander Helleniste in Antiochië aangekom. Hulle was uit Ciprus en Ciréne (Noord-Afrika) afkomstig en dus goed bekend met die heidene. Hulle het uit eie beweging aan die Grieke die evangelie begin verkondig. (In Hand. 11:20 moet "die Griekssprekende Jode" op grond van die goeie tekslesing wees: "die Grieke"). Hier in Antiochië het daar dus iets merkwaardige gebeur. Die eerste egte sending onder die heidene het hier begin, en wel nie op inisiatief van die apostels nie, maar "spontaan" uit die kring van die gelowiges. Deur die gebeurtenis in die huis van Cornelius is die apostels oortuig dat God hulle uitstuur ook na die heidene, maar hulle het self nie veel daaraan gedoen nie. Hier in die groot stad van die heidene, Antiochíë het die Here toegewyde lede van die gemeente daartoe gelei om doelbewus die evangelie aan die heidene te verkondig. Dit was 'n belangrike stap in die voortgang van die evangelie.

Dat hierdie werk vir die Here welgevallig was, is bevestig deurdat die hand van die Here met die predikers was en 'n groot getal gelowig geword en hulle tot die Here bekeer het.

Berigte omtrent die groei van die gemeente in Antiochië het Jerusalem bereik, en die apostels het dit gerade gevind om iemand uit hul midde daarheen te stuur om sake te ondersoek. Hulle neem toe die wyse besluit om Bárnabas daarheen te stuur. Hy was 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, self 'n Hellenis wat die Griekse taal goed kon praat, afkomstig uit Ciprus en dus 'n landgenoot van die mense uit Ciprus in Antiochië, en 'n man van ruimer opvattings as die apostels wat in die Joodse land opgegroei het. Bárnabas was die regte man vir hierdie sending.

Sy opdrag was nie net om na Antiochië te gaan nie, maar om die land deur te gaan en al die groepe gelowiges in die verskillende dorpe op te soek. Dit doen hy. Toe hy in Antiochië kom en die genade van God sien wat daar aan die werk was, was hy uitermate verbly en het hy al die gelowiges vermaan om aan die Here getrou te bly.

Deur die prediking van Bárnabas het 'n aansienlike skare tot bekering gekom en die gemeente sterk begin groei. Hyself het tot die insig gekom dat hy nie weer na Jerusalem moes terugkeer nie, maar daar moes bly om die gemeente op te bou. Hierdie besluit van Bárnabas was van verreikende betekenis vir die uitbreiding van die evangelie.

**§ 273 Nuwe vervolging in Jerusalem (Hand. 12:1-5)**

Sedert 37 n.C. het sekere politieke veranderings plaasgevind wat die welsyn van die gemeente in Jerusalem geraak het. In daardie jaar het Caligula keiser geword. Sy voorneme om sy eie beeld in die tempel op te rig, het die haat van die Jode gewek en die aandag afgetrek van die christelike gemeente. Dit het die gemeente die geleentheid gegee om verder uit te brei.

In dieselfde jaar is Herodes Antipas van sy regeringsamp onthef, en verkry Herodes Agrippa I, 'n jeugvriend van Caligula, die regering oor Galiléa en Peréa. Toe Claudius in 41 n.C. keiser geword het, het Agrippa daarin geslaag om van die nuwe keiser die aanstelling te verkry as koning ook oor Judéa en Samaria. In 42 - 44 n.C. was Agrippa I dus koning oor die hele Joodse gebied waaroor sy grootvader, Herodes die Grote, vroeër geregeer het (vgl. § 3 (c)).

Agrippa I het die Joodse godsdiens aangeneem en hom beywer om die guns van die Jode, veral van die Fariseërs, te verkry. Hy het 'n dubbelslagtige lewe gevoer. In Jerusalem was hy die

godsdienstige Jood, maar in sy residensie-stad, Caesaréa, was hy 'n heidense Romein.
In sy strewe om die Jode te behaag, het hy dade van geweld begin pleeg teen aanhangers van Jesus Christus. Hy het sommige uit die gemeente laat arresteer en hulle "kwaad aangedoen", vermoedelik deur hulle te laat gésel. Hy het ook Jakobus, die broer van Johannes, laat gevange neem en met die swaard ombring. Waarom hy Jakobus, en nie iemand anders nie, laat doodmaak het, en wat die omstandighede was, weet ons nie. Ten opsigte van Jakobus is die woord van die Here bewaarheid dat hy met die doop gedoop sou word waarmee Jesus gedoop is, en ook dieselfde drinkbeker sou drink (Matt. 20:22 e.v.).
Toe Agrippa merk dat sy optrede teen die gemeente by die Jode in die smaak val, het hy besluit om daarmee voort te gaan. Hy het Petrus, die eerste onder die apostels, laat gryp en in die gevangenis bewaak. Dit was juis die dae van die ongesuurde brode by geleentheid van die Paasfees. Agrippa se voorgenome plan was om Petrus te laat doodmaak, maar hy wou dit nie in die feestyd doen nie. Daarom moes Petrus in die gevangenis gehou word tot ná die fees. Spesiale bevele is in dié verband gegee. Hy moes deur vier wagte van vier man elk, wat mekaar aflos, dag en nag bewaak word en bowendien met boeie vasgeketen sit.
Die nuwe vervolging, waarvan die hoof van die staat meegewerk het, was vir die gemeente 'n ontsettende bedreiging. Die dood van Jakobus het hulle in diepe rou gewerp, en daarna het hulle die bekommernis gehad oor Petrus in die gevangenis. Wat sou hulle in dié omstandighede doen? Hulle neem hul toevlug tot God. "Daar het 'n aanhoudende gebed tot God deur die gemeente vir hom opgegaan." Die nood het weer eens die gemeente heg saamgebind en hulle opnuut geleer om te volhard in die gebed.

### § 274 Die bevryding van Petrus (Hand. 12:6-19)

Die nag voordat Petrus gevonnis sou word, is besondere sorg aan die bewaking bestee. Met twee kettings is hy aan twee soldate in die sel vasgeboei. Buite die deur het nog twee wag gehou, en die ingang van die gevangenis is met ysterhekke gesluit. Petrus wat volkome op God vertrou het, kon selfs in daardie omstandighede rustig slaap (vgl. Ps. 4:9).
Meteens staan daar in die nag 'n engel by hom en 'n lig verlig die hele gevangenis. Die engel raak Petrus aan en maak hom wakker en sê dat hy gou moet opstaan. Op daardie oomblik val die boeie van sy hande af. Die engel beveel hom om hom te gord, sy skoene aan te trek en die bokleed om te gooi en dan hom te volg. Petrus doen dit en volg die engel, maar hy het gemeen dat hy 'n gesig sien en nie die werklikheid beleef nie. Hulle gaan toe by die wagte verby en kom by die groot ysterpoort. Vanself gaan die poort oop en hulle stap uit in die straat. Die engel lei hom een straat ver en toe verdwyn hy.
Toe Petrus daar alleen in die donker straat staan, besef hy dat hy werklik bevry is uit die gevangenis en uit die hand van Agrippa. Hy gaan toe na die huis waar die gelowiges dikwels vergader het. Dit was die woning van Maria, die moeder van Johannes Markus, en vermoedelik die huis met die bekende bovertrek. Daardie nag was 'n groot aantal gelowiges daar saam om vir die behoud van Petrus se lewe te bid.
Petrus gaan daarheen en klop aan by die deur van die poort. 'n Diensmeisie met die naam Rhodé (= Rosie) gaan om te hoor wie daar was. Weens die vervolging was hulle bang om die deur meteens oop te maak. Toe sy die stem van Petrus hoor, was sy so opgewonde dat sy nie oopmaak nie, maar teruggaan na binne om te vertel dat Petrus voor die poort staan.
Dié aankondiging het die aanwesiges verbyster. Eers sê hulle vir Rhodé sy is van haar sinne af. Toe sy volhou, sê sommige dat dit seker Petrus se engel was. Petrus het egter aangehou met klop. Toe hulle gaan oopmaak, sien hulle hom daar staan en almal was verbaas en verheug. Petrus het met die hand gewink om hulle stil te maak en toe vertel hoedat die engel hom uit die gevangenis uitgelei het. God het die gebede van die gemeente op 'n wonderbaarlike manier verhoor.
Dit was duidelik dat Petrus nie langer in Jerusalem kon bly nie en daardie selfde nag moes vlug. Hy vra toe dat Jakobus en die broeders vertel moes word wat gebeur het. Hy verwys hier na Jakobus, die broer van die Here, wat die leiding in die gemeente geneem het, veral noudat Petrus uit die stad moes wyk. Petrus vertrek daardie nag na "'n ander plek." Die naam van die plek word nie genoem nie.
Toe dit dag word, was daar onder die soldate by die gevangenis 'n hele opskudding oor Petrus. Hy was eenvoudig weg. Niemand kon enige rekenskap gee van wat gebeur het nie. Herodes het van die gebeurtenis gehoor en oral na Petrus laat soek, maar hom nie gekry nie. Hy het die wagte onder verhoor geneem, maar hulle kon geen verklaring van die "ontsnapping" gee nie. In sy woede en frustrasie het Agrippa bevel gegee dat die wagte tereggestel moes word. Hyself

het die vervolging gestaak en na Caesaréa gegaan en daar gebly. Daar het hy die kleed van Joodse godsdiens afgelê en soos 'n Romein hom oorgegee aan die genot van die wufte heidense lewe van die residensie-stad.

**§ 275 Die dood van Herodes Agrippa I (Hand. 12:20-24)**

Agrippa het reeds oor 'n baie groot ryk die septer geswaai, maar sy dors na mag was nog nie gestil nie. Hy het die oog gehad op die Feniciese hawestede Tirus en Sidon en planne bedink om hulle te onderwerp. Aangesien hulle van die regeringsgebied van Agrippa afhanklik was vir die toevoer van lewensmiddele, kon hy hulle tot onderwerping dwing deur die toevoer af te sny. Die stede het dit besef en het daarom besluit om 'n afvaardiging na Caesaréa te stuur om met Agrippa te onderhandel.

Deur die hofdienaar van Agrippa, Blastus genoem, om te koop om vir hulle 'n voorspraak by die koning te wees, het hulle aanvaarbare terme verkry, maar Herodes Agrippa wou in die openbaar 'n demonstrasie gee van die onderwerping van hierdie twee stede aan sy gesag. Volgens die geskiedskrywer, Josefus, sou daar juis in dié tyd 'n groot fees gevier word ter ere van keiser Claudius se oorwinning oor die Brittaniërs (van Engeland). Agrippa het bepaal dat by daardie geleentheid 'n byeenkoms in die amfiteater gehou word waar die gesante van Tirus en Sidon voor hom sou verskyn. Hyself het in 'n kosbare kleed verskyn en op die troon gaan sit. Die gesante van die twee stede het voor hom diep kom neerbuig as teken van die onderwerping van hulle stede. Daarop het Agrippa die volk toegespreek en natuurlik sy eie grootheid en mag besing.

Die vergaderde volk was in die luim om mee te doen aan die grootdoenery. Toe Agrippa klaar gepraat het, roep hulle uit: "'n Stem van 'n god en nie van 'n mens nie!" Hierdie vleitaal was vir Agrippa soet en hy het dit hom laat welgeval. Maar net op daardie moment het God ingegryp en aan die mensvergoding 'n einde gemaak. 'n Engel van die Here het hom getref omdat hy nie aan God die eer gegee het nie, maar dit vir homself toegeëien het asof hy 'n god was. 'n Vreeslike siekte het oor hom gekom. Lukas, die geneesheer, sê dat hy deur wurms verteer is en binne enkele dae gesterf het.

So het God dan 'n engel gestuur eers om sy getroue dienskneg, Petrus, uit die gevangenis te bevry en sy lewe te red, en daarna om die goddelose Agrippa met die roede van God te tref en sy lewe te beëindig.

In teenstelling met die mislukkings van Agrippa en die verydeling van die verdrukking van die gemeente het die woord van God gegroei en toegeneem. In die kort geskiedenis van die gemeente het reeds geblyk dat die poorte van die doderyk dit nie kon oorweldig nie (vgl. Matt. 16:18).

**§ 276 Saulus in Antiochië (Hand. 11:25-26)**

Van oneindig veel groter betekenis vir die voortgang van die evangelie as die dood van Agrippa I was die koms van Saulus na Antiochië.

Onder leiding van Bárnabas het die werk in daardie stad sodanig uitgebrei dat hy moes uitsien na meer helpers. Hy het veral 'n sterk regterhand nodig gehad. Hierdie vraagstuk het sy ernstige aandag geniet. Iemand van Jerusalem wou hy nie laat kom nie omdat dit 'n man moes wees uit die kring van die Helleniste wat ook goed bekend was met die lewe en gees van die Hellenistiese wêreld. Nadat hy die saak oordink het, kom die naam van Saulus in sy gedagte, en hy besluit om hom onverwyld te gaan soek.

Intussen was Saulus in sy geboortestad Tarsus. Hy het 'n hele aantal jare daar deurgebring en hom vertroud gemaak met die geleerdheid en kultuur van die Griekse stad. Of hy daar ook 'n gemeente tot stand gebring het, word ons nie vertel nie. Hy was stellig nie onaktief nie, maar sy tyd om sy lewenswerk te begin, het nog nie aangebreek nie. Saulus was bewus dat God hom afgesonder het vir die werk onder die heidene, maar die Here was besig om hom eers deur 'n skool te laat gaan - 'n skool van eensaamheid, geduld en geloof in afwagting op die verdere opdrag van die Here.

In hierdie omstandighede verskyn Bárnabas op 'n goeie dag voor Saulus in Tarsus. Dit was Bárnabas wat jare tevore hom in Jerusalem vriendelik ontvang en aan die apostels voorgestel het. Sedertdien het daar 'n vriendskapsband tussen die twee manne bestaan. Nou kom Bárnabas om in die Naam van die Here aan Saulus te sê dat sy dienste nodig was in Antiochië. Aan hierdie roepstem het Saulus gehoor gegee. Hy gaan na Antiochië waar hy vir 'n volle jaar saam met Bárnabas en ander gewerk het. Groot seën het op die prediking gerus en die

gemeente het gegroei.
In daardie tyd is die gelowiges in Antiochië vir die eerste keer "Christene", d.w.s. navolgers van Christus, genoem.

**§ 277 Noodleniging aan Jerusalem (Hand. 11:27-30; 12:25)**

In die tyd toe dit goed gegaan het in die gemeente onder die heidene in Antiochië het daar profete uit Jerusalem aangekom. Hulle het blykbaar rondgegaan om die verskillende gemeentes te besoek. Een van hulle, Ágabus genoem, het deur die Heilige Gees te kenne gegee dat 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, d.w.s. in die hele Romeinse Ryk.

Nie baie lank daarna nie is hierdie profesie bewaarheid. In die regeringstyd van keiser Claudius (41-54 n.C.) het so 'n hongersnood gekom wat veral Judéa en by name Jerusalem baie swaar getref het. Volgens berekening was dit in 45 n.C. Antiochië wat in die vrugbare vallei van die Orontesrivier gelê het, het die nood nie so erg ondervind nie.
Die dissipels daar het besluit om 'n kollekte te hou vir noodleniging in Jerusalem. Hulle het hulle nie net verbonde gevoel nie maar ook verplig om in liefde die broeders in Judéa by te staan in hulle nood. Daarom reël hulle dat elkeen na sy vermoë iets moes bydra vir die goeie saak. Op hierdie wyse is soveel ingesamel dat die gemeente besluit het om dit deur betroubare manne te laat wegbring na Jerusalem. Bárnabas en Saulus word aangewys om die gawes oor te bring. Hulle onderneem die reis en besorg die liefdegawes van Antiochië, die gemeente uit die heidene, aan die ouderlinge van die gemeente uit die Jode in Jerusalem.
Hier word vir die eerste keer melding gemaak van ouderlinge in die christelike gemeente. Voorheen is daar wel helpers van die apostels gekies wat die bediening van die tafels moes waarneem (§ 256). Hulle was almal Helleniste en moes weens die vervolging uit die stad vlug. Hoedat die gemeente daartoe gekom het om ouderlinge te kies, en wat die taak van die ouderlinge was, word ons nie vertel nie. Uit latere gegewens blyk dat hulle opsig gehou het oor die gemeente en belas was met die bestuur daarvan. In Jerusalem het hulle die bydraes vir die noodleniging ontvang namens die gemeente. Of hulle self ook die uitdeling van die gawes behartig het, word nie gesê nie. Hulle vorm van nou af 'n raad van beheer wat saam met die apostels oor gewigtige sake sou beslis.
Toe Bárnabas en Saulus in Jerusalem kom en hulle opdrag uitgevoer het, vind hulle dat Jakobus, die broer van Johannes, reeds vermoor was; Petrus was genoodsaak om hom skuil te hou êrens buite die stad; Agrippa I was reeds dood. Die gemeente het bestendig gegroei onder leiding van Jakobus, die broer van die Here. Aangesien hulle geen rede gehad het om lank in Jerusalem te bly nie, het Bárnabas en Saulus die terugreis begin. Hulle het egter die jongman Johannes Markus, 'n neef van Bárnabas, met hulle saamgeneem. Hy sou voortaan hulle medewerker in Antiochië word.

## XXIV. DIE EERSTE SENDINGREIS VAN PAULUS

### § 278 Afgesonder en uitgestuur (Hand. 13:1-3)

Die gemeente van Antiochië was die eerste waarin sekere kenmerkende karaktertrekke van die kerk van Christus tot ontplooiing kom. Hier is drie dinge te noem: eerstens was dit die gemeente waarin die beplande prediking van die evangelie aan die heidene begin het, tweedens het die gemeente hom ten volle gebonde gehou aan die gemeentes elders, en veral aan die moedergemeente in Jerusalem, en daarom bydraes daarheen gestuur in tyd van nood (Hand. 11:28-30), derdens was dit die eerste gemeente wat bewus geword het van sy roeping om sendelinge uit te stuur na gebiede waar die Naam van Jesus onbekend was. Die gemeente het hom verbonde geweet aan die kerk van Christus, waarvan hy 'n deel was, en verplig teenoor die wêreld waarin hy bestaan het. As gevolg hiervan het die gemeente van Antiochië 'n baie belangrike taak vervul in die voortgang van die evangelie en trouens in die geskiedenis van die christelike kerk as sodanig.

Van die gemeente word ons vertel dat ongeveer in die jare 47-48 n.C. daar sekere profete en leraars was wat verantwoordelik was vir die versorging en opbou van die gemeente. Met profete word bedoel mense soos Ágabus (wat reeds teruggekeer het na Judéa) wat wel die gawe ontvang het om sekere dinge, meer bepaaldelik van plaaslike belang, te voorspel, maar wat hoofsaaklik die predikers was wat die raad van God vertolk het deur die uitleg van die Skrifte. Naas hulle was daar leraars wat vir die onderrig van die gemeente gesorg het deur kategese, voorbereiding vir die doop en prediking. Saam het die profete en leraars 'n raad gevorm wat sake in die gemeente bestuur het.

Die name van vyf van die profete en leraars word genoem. Bárnabas as die oudste word eerste genoem. Dan volg Simeon, met die bynaam Niger (= die swarte), waarskynlik 'n Jood met 'n donker gelaatskleur. Die derde was Lúcius (= die ligtende, afgelei van lux = lig) van Ciréne in Noord-Afrika, 'n Hellenistiese Jood wat in Antiochië meegehelp het aan die verkondiging aan die heidene (vgl. Hand. 11:20). Die vierde was 'n man met 'n egte Joodse naam, Manáen (= trooster), wat saam met Herodes Antipas grootgeword het en dus uit 'n vooraanstaande familie spruit. Hy het stellig baie voorregte en vooruitsigte prys gegee toe hy Christen geword het. Die laaste onder die vyf was Saulus. Hy staan nog onderaan die lys, maar sou deur die genade van God sy plek bo-aan inneem.

Hierdie vyf manne wat die leiding in hande gehad het, het op die innigste manier saamgewerk. Hulle het gereeld saamgekom as 'n gebedskring. As voorbereiding vir die gebed het hulle gevas, en daarna in die byeenkoms voortgegaan om "die Here te dien", d.w.s. 'n erediens te hou waarby die Woord ondersoek en die gebed beoefen word.

By so 'n samekoms van die profete en leraars het die Heilige Gees aan hulle duidelik gemaak dat hulle Bárnabas en Saulus moes afsonder "vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het." Hoedanig daardie werk was, word nie nader omskryf nie, maar almal begryp die bedoeling. Die woord wat die Here aan Ananías meegedeel het, sou in vervulling gebring word. Daar in Damaskus het die Here gesê: "Hy (Saulus) is vir my 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel" (Hand. 9:15). Later is hierdie goddelike roeping aan Saulus self bevestig in die tempel in Jerusalem (Hand. 22:17 e.v.). In Antiochië het die tyd nou aangebreek dat die roeping tot uitvoer gebring moes word.

Die opdrag dat twee sulke waardevolle manne afgestaan moes word, was vir die gemeente 'n baie groot offer. Die broeders het diep onder die indruk daarvan verkeer en ook besef dat dit 'n uiters belangrike ontwikkeling was, noudat die kerk van Antiochië doelbewus manne sou uitstuur na heidense lande. Daarom het hulle weer eens gevas en gebid, en daarna vir Bárnabas en Saulus vir hulle besondere dienswerk afgesonder deur die oplegging van hande. Op hierdie wyse het hulle dié twee ook vrygemaak om te gaan waarheen die Gees hulle ook sou lei.

### § 279 Die evangelie op Ciprus (Hand. 13:4-12)

Onder die leiding van die Heilige Gees gaan Bárnabas en Saulus van Antiochië na die hawe Seleúcië, van waar hulle per skip oorvaar na die eiland Ciprus. Die neef van Bárnabas, Johannes Markus, gaan met hulle saam. Die rede waarom hulle besluit het om na Ciprus te gaan, was omdat Bárnabas daarvandaan afkomstig was (Hand. 4:36) en liefs na 'n land wou gaan wat aan hom bekend was. Dit was ook bekend dat gelowige Hellenistiese Jode wat uit Jerusalem moes vlug, reeds op die eiland begin het om die evangelie te verkondig (Hand. 11:19), sodat Bárnabas en Saulus daar deur klein groepies gelowiges verwelkom sou word.

Van die ontmoeting met dergelike gelowiges word ons egter niks vertel nie.
By Sálamis, 'n bedrywige hawestad aan die ooskus van die eiland, gaan die geselskap aan wal. Daar het verskeie sinagoges van die Jode bestaan, en Bárnabas en sy metgeselle het van die een na die ander gegaan om die woord van God in die sinagoges te verkondig. Al het hulle uitgegaan na die heidene, was dit die beleid om eers die evangelie aan die Jode te verkondig en daarna aan die heidene. In die sinagoges was daar gewoonlik 'n aantal "godvresendes", d.w.s. heidene wat die Joodse godsdiens aangeneem het maar nog nie by die Jodedom ingelyf was nie, teenwoordig. Hulle het in die reël eerder die evangelie aangeneem as die Jode en 'n skakel gevorm met die heidene. In elk geval is aan die Jode die eerste geleentheid gebied om die blye boodskap te hoor. Eers nadat hulle Jesus Christus verwerp het, het die apostels hulle tot die heidene gewend.
Hoedanig die ontvangs van die apostels in Sálamis was, en of daar vrug op die prediking was, word nie vertel nie. Hulle het egter nie lank daar gebly nie en toe oor land gereis na Pafos aan die weskus, waar die goewerneur, Sergius Paulus, sy residensie gehad het. Daar het hulle 'n towenaar teëgekom wat by die hof van die goewerneur hoë aansien geniet het. Hy was 'n Jood met die naam Bar-Jesus (= seun van Jesus) wat vir homself die titel van Élimas (afgelei van Arabies *'alim* = siener) verwerf het, maar hy was 'n valse profeet. Hy het hom besig gehou met dinge wat deur die Ou Testament verbied is (vgl. Deut. 18:9 e.v.)
Die goewerneur was 'n verstandige man met 'n opregte begeerte om meer te wete te kom van die woord van God. Hy het reeds iets daarvan gehoor en altans geweet dat dit bestaan. Toe hy, waarskynlik deur Bar-Jesus, verneem dat Bárnabas en Saulus in die stad was, het hy hulle ontbied om die woord van God aan hom te kom verkondig. Die towenaar was ook teenwoordig. Hy het gemerk dat Sergius Paulus besondere aandag skenk aan die twee reisende predikers en wou verhinder dat die goewerneur die evangelie aanneem. Dit sou immers beteken dat hy daarna geen waarde aan die towery sal heg nie en die towenaar sal uitban. Daarom het hy volgehou om die predikers in die rede te val.
Saulus - van nou af word hy Paulus genoem - het in heilige toorn teen die towenaar opgetree. Die Heilige Gees het hom vervul en hom gesê hoe hy moet optree. Paulus het die towenaar skerp aangekyk en vir hom gesê: "Kind van die Satan (= Bar-Satan), vol van alle bedrog en alle listigheid, vyand van alle geregtigheid, sal jy nie ophou om die reguit weë van die Here te verdraai nie? En nou, kyk, die hand van die Here is op jou, en jy sal blind wees en die son 'n tyd lank nie sien nie." Onmiddellik het donkerheid en duisternis oor hom geval en hy het hulpeloos rondgetas na iemand wat hom kon weglei. Beskaamd en deur die oordeel van God getref, word hy na buite geneem. Hy het hom aan 'n ontsettende sonde skuldig gemaak deurdat hy homself opgewerp het as struikelblok vir iemand wat na die lig gesoek het (vgl. § 108). Tog was daar vir hom genade. Hy sou slegs 'n tyd lank blind wees. Hy sou weer 'n kans kry in die lewe. Of hy dit goed gebruik het, weet ons nie.
Die prediking van die woord van God en die bestraffing van Élimas het Sergius Paulus diep aangegryp, en hy het tot geloof in Jesus Christus gekom.

**§ 280 Antiochië in Pisídië (Hand. 13:13-52)**

Van Pafos af word die reis weer per skip voortgesit. Die geselskap seil noordwaarts na die kus van Klein-Asië en gaan by Attálië aan land. Van daar gaan hulle na Perge wat 'n paar myl van die kus lê.
Voortaan word die naam van Paulus eerste genoem. Hy het die leier van die drie geword. Hiermee het Bárnabas volkome genoeë geneem en het die broederlike verstandhouding tussen hom en Paulus bly voortbestaan. Met Johannes Markus het hulle egter moeilikheid ondervind. Wat die rede was, word nie gesê nie. Dit kan wees dat hy nie gelukkig gevoel het omdat sy oom nie meer die leier was nie, of dat hy die moed verloor het toe hulle die volslae heidenwêreld binnegaan, of dat hy huis toe verlang het. In elk geval draai hy by Perge in Pamfílië om. Waarskynlik het hy van daar eers na Jerusalem gegaan waar sy moeder gewoon het, en van daar weer na Antiochië.
Paulus en Bárnabas het die binneland ingetrek en in Antiochië in Pisídië gekom. Dit was 'n groot stad op 'n handelsweg van die weskus van Klein-Asië oor Tarsus na die Ooste, en baie Jode het daar gewoon. Op die Sabbat gaan Paulus en Bárnabas na die sinagoge.

Nadat voorgelees is uit die wet en die profete, het die hoofde van die sinagoge hulle twee gevra of hulle "'n woord van opwekking vir die volk het".

Daarop het Paulus opgestaan en die vergaderde Jode en godvresendes toegespreek. Hy vertel hoedat God die volk Israel uitverkies het en verlos het uit Egipte om hulle in die beloofde land te vestig. Daarna het Hy rigters gegee om hulle uit die hand van die vyande te verlos. Toe hulle 'n koning begeer het, het Hy eers Saul aan hulle gegee en daarna Dawid. Uit die nageslag van Dawid het Hy, volgens die belofte, Jesus as Verlosser verwek, nadat Johannes die Doper sy koms aangekondig het.

Vervolgens vertel Paulus hoedat die Jode in Jerusalem teen Jesus opgetree en Hom onskuldig laat kruisig het. Jesus het egter opgestaan uit die dode en daardeur die profetiese woorde van die Psalms (o.a.16:10) bewaarheid. Daarom kan die goeie tyding nou aan almal verkondig word dat daar deur Jesus vergifnis van sondes is, en "dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie" (v. 39). Maar die ernstige vermaning word bygevoeg dat die straf van God oor almal sal kom wat die boodskap van verlossing verag.

Na afloop van die byeenkoms het die heidene die eerste nader gekom en versoek dat Paulus en Bárnabas op die volgende Sabbat 'n boodskap tot hulle moet rig. Intussen het Jode en proseliete by Paulus en Bárnabas aangesluit en saam met hulle gestap om nog verder te praat. Die predikers het hulle toegespreek en probeer beweeg om in die genade van God te bly.

In die loop van die week het dit rugbaar geword dat Paulus en Bárnabas weer in die sinagoge sou praat, en op die volgende Sabbat het 'n groot skare daar byeengekom. Toe die Jode dit sien, is hulle met nydigheid vervul en het hulle die prediking van Paulus probeer verydel deur lasterlike weerspreking daarvan. Dit het daartoe gelei dat Paulus en Bárnabas aan hulle reguit gesê het: "Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie - kyk, ons wend ons tot die heidene." Die verantwoordelikheid vir hierdie beslissing berus dus by die Jode wat hulleself "die ewige lewe nie waardig ag nie," en voortaan sal Paulus en Bárnabas aan die heidene voorrang verleen. Op hierdie wyse sal die woord van Jesaja vervul word wat sê: "Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde" (Jes. 49:6).

Oor hierdie beslissing was die heidene baie bly. Hulle het na die prediking geluister en "daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe" (v. 48). Weer eens is bevestig dat God ook onder die heidene sy uitverkorenes het.

By die Jode was daar egter groot bitterheid. Hulle het druk uitgeoefen op die godsdienstige en aansienlike vroue, en op die invloedrykste inwoners van die stad, om 'n vervolging teen Paulus en Bárnabas op tou te sit. Die gevolg was dat hulle tot buite die stadsgebied verdryf is. Die twee het egter aan die woord van Jesus gedink, die stof van hulle voete afgeskud (vgl. Matt. 10:14; § 82 (a)), en voortgegaan na Ikónium.

Die nuwe dissipels wat in Antiochië agtergebly het, is sonder 'n ervare voorganger gelaat, maar hulle was vervul met blydskap en met die Heilige Gees. Daarom kon hulle voortbou aan 'n jong gemeente van Christus onder die heidene.

**§ 281 Ikónium (Hand. 14:1-7)**

Van Antiochië in Pisídië het die twee gesante van Christus die groot verkeersweg in 'n oostelike rigting gevolg. Sowat 'n honderd myl moes hulle aflê voordat hulle by Ikónium aankom. Daar ook gaan hulle op die Sabbat na die sinagoge en kry hulle die geleentheid om die aanwesiges toe te spreek. Deur die Heilige Gees spreek hulle so oortuigend dat 'n groot menigte Jode en Grieke gelowig geword het. Dit het egter nie lank geduur nie voordat 'n deel van die Jode, wat geweier het om te glo, die heidene begin ophits en verbitter teen Paulus en Bárnabas.

Ten spyte van die teenstand kon die prediking vir 'n geruime tyd voortgaan en het die Here die woord bevestig deur tekens en wondere deur die hande van die apostels te laat geskied. Daar het verdeeldheid onder die inwoners ontstaan, en mettertyd het die teenstand teen die apostels die oorhand begin kry. 'n Beweging het tot stand gekom om die apostels te mishandel en selfs te stenig. In hierdie omstandighede was Paulus

en Bárnabas verplig om uit Ikónium te vlug na die stede van Likaóniё, naamlik Listre en Derbe, wat nog verder na die suidooste lê.

**§ 282 Listre (Hand. 14:8-20)**

Na 'n reis van ongeveer vyf-en-twintig myl kom die twee gesante van Christus by Listre. Dit was 'n ou vesting met 'n sterk muur rondom, tussen die uitlopers van die Taurus-gebergte. Die inwoners was die inheemse Likaóniërs, sowel as Grieke en Romeine wat hulle later daar gevestig het. Daar was egter sowat geen Jode en dus ook geen sinagoge nie. Die heidense godsdienste en die bygeloof het daar weelderig getier. Voor die poort van die stad het 'n groot tempel van die oppergod Zeus (= Jupiter, in Latyn) gestaan waarop die stad baie trots was.

In hierdie volslae heidense stad het Paulus en Bárnabas die evangelie begin verkondig, waarskynlik êrens op die markplein. Vir 'n tyd lank het hulle hiermee volgehou; en daar was ook vrug op die prediking. Maar teenstand was ook aan die broei. Sommige van die Jode uit Antiochië in Pisídië en uit Ikónium het die twee apostels tot in Listre gevolg met die doel om die bevolking teen hulle op te sweep. Aanvanklik het hulle in Listre nie veel sukses gehad nie, maar eerlank het iets gebeur wat hulle vir hul bose opset uitgebuit het.

Op 'n dag toe Paulus besig was om te preek, het 'n man voor hom gesit wat van sy geboorte af verlam was. Sy voete was magteloos sodat hy nie kon loop nie. Hy het aandagtig na Paulus geluister. Toe Paulus sien dat hy glo, het hy hard uitgeroep: "Staan regop op jou voete!" Op hierdie woord het die verlamde regop gespring en begin rondloop, volkome gesond.

In daardie bergstreke het die bevolking allerlei oorleweringe gehad van die gode wat soms soos mense rondwandel en wondertekens doen. Toe hulle die wonder sien wat Paulus verrig het, het hulle dadelik tot die gevolgtrekking gekom dat die gode hulle stad kom besoek het. In die Likaóniese taal, wat vir die apostels onverstaanbaar was, roep hulle uit dat die gode na hulle gekom het. Omdat Bárnabas die oudste was en gewoonlik op die agtergrond gebly het, het hulle hom aangesien vir die oppergod, Jupiter; en aangesien Paulus die woordvoerder was, het hulle hom Mercurius (= Hermes, in Grieks), die boodskapper van die gode genoem. Die apostels het nie dadelik begryp wat gaande was nie, maar eerlank sien hulle die priesters van Jupiter in hul ampsgewaad na vore tree. Hulle lei 'n paar bulle wat met blomkranse versier is en die skare volg hulle na die stadspoort in die rigting van die tempel van Jupiter (= Zeus) om daar te gaan offer.

Toe hulle besef dat die mense hulle vir gode aangesien het, het Paulus en Bárnabas in groot ontsteltenis hulle klere geskeur en onder die skare ingespring om hulle van hulle planne te laat afsien. Hulle roep uit dat hulle nie gode is nie, maar gewone mense. Ook probeer hulle verduidelik dat hulle juis gekom het om mense te bevry van die nietige dinge waarmee die skare besig was, en hulle te wys op die lewende God wat hemel en aarde en alles wat daarin is, gemaak het.

Met groot moeite het hulle die optog na die tempel van Zeus tot stilstand gebring en die mense oorreed om van hul heidense voorneme af te sien. Maar vir die skare was dit 'n groot teleurstelling. Hulle het gemeen dat die gode hulle so hoog geëer het dat Zeus en Hermes hulle kom besoek het, en nou blyk dit gewone mense te wees. Daarmee kom daar niks van die voorgenome feestelikhede nie.

Dit was in hierdie situasie dat die Jode van elders hulle geleentheid gesien het. Hulle het die skare begin opsweep teen Paulus en Bárnabas en dit was ook nie lank nie of 'n verwoede skare begin dié twee aanrand. Bárnabas het uit hulle hande ontkom, maar hulle het Paulus met klippe begin gooi en hom ook getref sodat hy bewusteloos op die straat geval het. Daarop het hulle hom uit die stad gesleep, onder die indruk dat hy dood was. Later toe die skare uiteengegaan en die gemoedere bedaar het, het 'n aantal dissipels, d.w.s. mense wat pas tot geloof gekom het, uitgegaan om na Paulus om te sien. Eerbiedig het hulle rondom hom gestaan, en waarskynlik planne beraam om hom te begrawe. Maar Paulus het tekens van lewe getoon en spoedig bygekom. Hy kon daarna opstaan en self die stad ingaan.

Aangesien dit in Listre nie meer veilig was nie, het Paulus en Bárnabas die volgende dag na Derbe vertrek.

**§ 283 Derbe (Hand. 14:21)**

Derbe was 'n kleiner stad as Listre en het sowat dertig myl oos van laasgenoemde gelê, aan die voet van die Taurusberge. Daar kon Paulus en Bárnabas sonder teenstand voortgaan met die verkondiging van die evangelie. 'n Aansienlike getal onder die hoorders het tot geloof

gekom en dissipels geword. Onder hulle was daar een, Gajus, wat later op die derde sendingreis 'n metgesel van Paulus geword het (Hand. 20:4).

Vir die apostels was dit in Derbe 'n tyd van verkwikking en van vrugbare arbeid.

**§ 284 Die terugreis (Hand. 14:22-28)**

Van Derbe af kon Paulus en Bárnabas goedskiks die reis in 'n oostelike rigting voortgesit het en oor Tarsus na hulle beginpunt, Antiochië, teruggekeer het. Dit het hulle egter nie gedoen nie omdat hulle 'n dure verpligting gevoel het teenoor die jong gemeentes wat hulle in die verskillende stede agtergelaat het. Dus, ten spyte van die vyandigheid van 'n sekere deel van die bevolking in elke stad, gaan hulle op dieselfde pad terug oor Listre, Ikónium en Antiochië in Pisídië. In elke plek het hulle die gelowiges byeengebring en hulle bemoedig en vermaan om standvastig te bly in die geloof. Daar is veral nadruk gelê op die verdrukkinge wat die getroues sou tref. Hulle moes goed begryp dat "ons deur baie verdrukking in die koninkryk van God moet ingaan".

Wat die organisasie van die gemeente betref, het die apostels 'n baie belangrike stap gedoen. In elke gemeente het hulle ouderlinge gekies. Dit is nie duidelik of die apostels die gemeentes laat kies het, en of hulle self die manne aangestel het nie. Aangesien die gemeentes volkome onervare was, skyn dit voor-die-hand-liggend dat die apostels van hulle gesag gebruik gemaak het om self die ouderlinge aan te wys. Daarna het die hele gemeente na vas en gebed hierdie manne aan die Here opgedra, in wie hulle geglo het. Hulle het goed begryp dat hulle in diens gestel is van die Here, die Hoof van die kerk, en dat hulle Hom in ootmoed en getrouheid moes gehoorsaam in die versorging van sy kudde.

Die twee apostels het deur die gebied van Pisídië gegaan na die gebied van Pamfílië waar hulle 'n tydjie in Perge vertoef het. Op die heenreis het hulle nie daar gepreek nie, maar nou doen hulle dit wel. Van daar gaan hulle na die hawe Attálië waar hulle skeepgaan en wegvaar na Seleúcië, van waar hulle terugkeer na Antiochië in Sirië.

Dit was met diepe ontroering dat hulle weer Antiochië binnegegaan het. Hulle het teruggedink aan hoedat hulle daar aan die genade van God opgedra is vir die werk wat hulle volbring het, en hulle het van harte die Here gedank vir die genade wat hulle op die reis ondervind het. Kort na hul aankoms is 'n vergadering van die gemeente belê waaraan hulle verslag gedoen het "van al die dinge wat God met hulle gedoen het, en dat Hy 'n deur van die geloof vir die heidene geopen het." Hulle gee dus aan God al die eer vir wat tot stand gekom het, en hulle stel nou reeds 'n verder reis in die vooruitsig ten einde gebruik te maak van die deur wat God vir die heidene geopen het.

Hierna het Paulus en Bárnabas 'n geruime tyd by die dissipels in Antiochië deurgebring, en aktief meegewerk aan die versorging en uitbou van die gemeente.

## XXV. DIE KERKVERGADERING IN JERUSALEM

### § 285 Meningsverskil oor 'n beginselvraag (Hand. 15:1-3; Gal. 2:4-5)

Die gemeente in Antiochië het bestaan uit bekeerlinge uit die Hellenistiese Jodedom en bekeerlinge uit die heidendom. Hierdie twee groepe het in vrede saamgeleef en 'n hartlike eenheid in die gemeente gevorm. Hulle het hulle verbly in die bevryding van sonde en in die geregtigheid uit genade wat hulle deur die geloof in Christus deelagtig geword het.

Na 'n tyd het daar egter verdeeldheid ontstaan. Dit is van buite in die gemeente ingedra. Uit Judéa het daar sekere persone aangekom wat begin leer het: "As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie." Hierdie mense was dus bekeerlinge uit die Jodedom wat gemeen het dat die voorskrifte van Moses ook op die Christene van toepassing was, met name die besnydenis, anders kan daar geen sprake van redding wees nie. Daarom wil hulle die bekeerdes uit die heidene dwing "om soos Jode te lewe" (Gal. 2:14), en word hulle gevolglik Judaïste genoem. Later het hierdie Judaïste Paulus op die spoor gevolg en oral aan sy werk afbreuk probeer doen.

Vir die Jode was die besnydenis 'n saak van grondliggende belang. Dit was die teken en seël van die verbond wat God met Abraham opgerig het (Gen. 17:10 e.v.). Almal wat hierdie teken gedra het, het tot die volk van God behoort, en die ander nie. Daarom was dit 'n onverbiddelike reël dat 'n heiden wat die Joodse godsdiens aanneem, nie by die volk van God ingelyf kan word nie alvorens hy besny is. Die besnydenis was net 'n teken wat heengewys het op die hartgrondige bekering, d.w.s. 'n "besnydenis van die hart" (vgl. Deut. 10:16; 30:6; Hand. 7:51); maar hieraan het die Jode nie meer gedink nie. Die Judaïste het die opvatting verkondig dat die besnydenis ook vir die Christene noodsaaklik was, anders is hulle nie ingelyf in die volk van God nie.

In Antiochië het hierdie mense die eensgesindheid van die gemeente versteur en "geen klein stryd en woordewisseling" nie veroorsaak. Paulus en Bárnabas het hulle met krag teengegaan en in skerpe taal bestraf. Die besware van Paulus teen hierdie mense kan kortliks soos volg gestel word:

a) Hulle het sonder enige magtiging van die apostels opgetree en dit ook heimelik gedoen. Hulle was "ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het" (Gal. 2:4). Hulle was dus nie openlik en eerlik in hulle optrede nie en het volkome op eie houtjie gehandel.

b) Hulle het nie begryp dat Jesus Christus deur sy bloedstorting 'n einde gemaak het aan die bloed-sakramente nie. Die bloed van die Paaslam hoef nie meer gestort te word nie, omdat deur die eenmalige offer van Jesus die brood en die beker die plek geneem het van die vlees en bloed. Net so ook het sy bloedstorting 'n einde gemaak aan die bloed-sakrament van besnydenis as inlywing en seël van die verbond, en is die doop in die plek gestel. Daarom beveel Jesus dat diegene wat glo, gedoop moet word (Mark. 16:16).

c) Hulle het nie begryp dat Jesus die wet vervul het nie, en hulle gaan voort om die vrygemaaktes weer aan die wet diensbaar te probeer maak. Immers, wie hom aan die besnydenis onderwerp, staan onder die verpligting om die hele wet uit te voer. Op hierdie wyse word die bevryding wat Jesus gebring het, weer tot niet gemaak.

d) Hulle verwerp die genoegsaamheid van die offer van Jesus aan die kruis, deurdat hulle die redding afhanklik maak van geloof in Christus plus besnydenis. Die verdienste van Christus wat deur die geloof toegeëien word, is volgens die Judaïste nie voldoende om redding te verseker nie. Daar moet nog iets bykom, naamlik die besnydenis. Hierteen verset Paulus hom met heilige verontwaardiging. Aan die Galásiërs het hy later geskryf dat hierdie leer 'n "ander evangelie" is, en al sou 'n engel uit die hemel dit verkondig, is hy vervloek (Gal. 1:6 e.v.).

Oor hierdie aangeleentheid het daar in Antiochië 'n heftige getwis ontstaan. 'n Vergadering van die gemeente is gehou, en daar word besluit om die saak aan die apostels en ouderlinge in Jerusalem voor te lê. Die gemeente voel hom aan die moedergemeente verbonde, maar ook afhanklik van die leiding wat van die raad van apostels en ouderlinge aldaar uitgaan. Paulus en Bárnabas word aangewys om saam met enkele ander die saak aan die vergadering in Jerusalem te gaan stel. Die kiesing van hierdie afvaardiging bewys dat die gemeente volle vertroue gehad het in Paulus en Bárnabas en húl

standpunt gesteun het.
Onder diegene wat hierdie twee sou vergesel, was 'n jongman, Titus, 'n bekeerling uit die heidene wat nie besny was nie. Paulus het hom met opset saamgeneem om die vergadering in Jerusalem iemand te laat sien wat deur Christus gered is en tog nie besny was nie (vgl. Gal. 2:1-5). Later sou Titus 'n getroue metgesel en medearbeider van die apostel word.
Hierdie geselskap word deur die gemeente uitgelei uit die stad "en op hulle reis voortgestuur. Die hele gemeente verkeer onder die besef van die belangrikheid van die besprekings wat in Jerusalem sal plaasvind. Trouens, indien die standpunt van Paulus en Bárnabas nie gehandhaaf sou word nie, sou dit op 'n skeuring in die jonge kerk uitgeloop het. Die reis gaan oor land deur Fenicië en Samaria. Oral ontmoet hulle kringe van gelowiges aan wie hulle vertel van die voortgang van die evangelie onder die heidene. En by al die broeders was daar groot blydskap oor wat hulle van die gesante van Christus verneem het.

**§ 286 Die vergadering in Jerusalem (Hand. 15:4-21; Gal. 2:1-10)**

By hul aankoms in Jerusalem is die afvaardiging uit Antiochië hartlik ontvang deur die hele gemeente sowel as deur die apostels en ouderlinge. 'n Gemeentevergadering is gehou waar Paulus en Bárnabas verwelkom is en die geleentheid gekry het om te vertel van hulle ondervindinge op hulle eerste sendingreis deur 'n deel van Klein-Asië. Die twee het breedvoerig verslag gedoen, maar sonder om ooit hulself op die voorgrond te stel. Hulle het steeds gepraat van "al die dinge wat God met hulle gedoen het," en só aan God al die eer gegee van die vrug op die prediking onder die heidene.
Aan die einde van die vergadering het daar 'n onaangename insident plaasgevind. In die gemeente in Jerusalem was daar 'n hele aantal Fariseërs wat tot die geloof gekom het, maar wat nog vasgehou het aan die seremoniële voorskrifte van die wet. Trouens, al die bekeerlinge uit die Jode in Jerusalem, die apostels ingesluit, het nog sekere voorskrifte van die Joodse godsdiens gehandhaaf en ook in die tempel nagekom. Die volstrekte breuk met die tempel sou eers later kom. Maar hierdie bekeerde Fariseërs het op die gemeentevergadering sterk beswaar uitgespreek teen Paulus en Bárnabas se handelswyse onder die heidene. Hulle verklaar dat dit noodsaaklik is dat die bekeerde heidene besny moet word en dat hulle die seremoniële wet van Moses moet onderhou. Die opvatting van die Fariseërs was net soos dié van die Judaíste. Hulle meen dat 'n heiden eers deur die besnydenis ingelyf moet word by die Joodse volk en daarna Christen kan word, en as hy dit nie doen nie, is hy nie gered nie.
Toe hierdie kwessie op die vergadering in die midde gewerp word, is die goeie gees wat daar geheers het, bederf. Maar die saak waarvoor Paulus en Bárnabas na Jerusalem gekom het, is meteens aan die orde gestel. Die apostels van Jerusalem het geen heil daarin gesien dat die bespreking op die gemeentevergadering voortgesit word nie. Hulle wou eers self nader daarop ingaan om dan deurdagte advies aan die gemeente te gee. Hulle onderneem dus om die volgende dag die saak verder onder mekaar te bespreek, en verdaag die vergadering van die gemeente.
Die volgende dag het die leiers onder die apostels, Petrus, Jakobus, die broer van die Here, en Johannes 'n samespreking met Paulus en Bárnabas gereël, waar hulle eers in 'n kleiner kring sekere vraagstukke kon probeer oplos (Gal. 2:6-10). Daar het twee sake ter sprake gekom, eers die vraag in verband met die besnydenis, en tweedens die apostelskap van Paulus. Oor die eerste was daar gou eenstemmigheid en het hulle ooreengekom dat die bekeerlinge uit die Jode die besnydenis kon handhaaf, maar dat dit vir die bekeerlinge uit die heidendom nie nodig was nie. Oor die apostelskap van Paulus het hulle langer gepraat. Hy was immers nie een van die oorspronklike apostels nie, en is ook nie deur die apostels in Jerusalem uitgestuur na die heidene nie. Hulle kon dit egter nie ontken nie dat Christus self ingegryp het in die lewe van Paulus en aan hom die opdrag gegee het om die evangelie aan die heidene te gaan verkondig. Ook het die Here die werk bevestig deur tekens en wondere en deur die totstandkoming van gemeentes op verskillende plekke. Daarop het hierdie drie apostels wat die pilare van die gemeente in Jerusalem geag is, aan Bárnabas en Paulus die regterhand gereik as teken van volle erkenning. Daar is met hulle ooreengekom dat hulle kan voortgaan met die werk onder die heidene, terwyl Petrus hom sal toewy aan die werk onder die Jode. Paulus moes net onderneem om steeds aan die armes in Jerusalem te dink. Dit het hy later ook getrou gedoen en gesorg dat kollektes vir hulle gebou en afgelewer word.
Na afloop van hierdie kleiner byeenkoms het die groter vergadering plaasgevind waar al die apostels en ouderlinge teenwoordig was, asook die verteenwoordigers van Antiochië. Na hierdie vergadering word soms verwys as die "eerste sinode" van die kerk. 'n Sinode was dit egter nie

aangesien baie gemeentes nie verteenwoordig was nie. Dit is beter om te praat van 'n "apostelkonvent", maar selfs hierdie benaming is nie bevredigend nie aangesien ook ouderlinge teenwoordig was. Daarom moet ons dit eerder beskou as 'n vergadering van die kerkraad van Jerusalem, waarby 'n deputasie uit Antiochië 'n saak voorgelê het vir advies. Die vergadering van apostels en ouderlinge in Jerusalem is deur die hele kerk geëerbiedig as die instansie van waar gesaghebbende leiding uitgegaan het, aangesien die apostels daar saamgetrek was. Ook die ouderlinge van Jerusalem is beskou as ouderlinge met seggenskap oor die hele kerk. In hierdie omstandighede het hulle dus nog nie 'n vergadering vir afgevaardigdes van die hele kerk belê nie. Dit sou eers later gebeur. In die begin sou die kerk genoeë neem met die leiding wat van Jerusalem uitgaan.

Op daardie vergadering dan het die vraagstuk oor die besnydenis aan die orde gekom. Paulus en Bárnabas het dit nie self gestel nie. Ander het die woord geneem, en waarskynlik was daar onder die ouderlinge diegene wat sterk gepleit het vir die toepassing van die besnydenis. Daar het 'n "groot woordewisseling" plaasgevind waaraan die afgevaardigdes van Antiochië en die apostels nie meegedoen het nie.

Toe die debat so warm word, het Petrus opgestaan en die vergadering toegespreek. Hy doen dit rustig sodat die gemoedere kan bedaar. Hy vertel hoedat die Here hom na Cornelius jare gelede gestuur het, en wat daar in Caesaréa gebeur het. Hy herinner aan sy verslag aan die gemeente in Jerusalem en hulle blydskap dat die evangelie ook redding bring vir die heiden. Na aanleiding van daardie ondervinding wys hy op twee feite: eerstens het die Here aan Cornelius en sy vriendekring vergifnis van sonde en die Heilige Gees geskenk, net soos aan die apostels self, maar sonder besnydenis. Hierdie mense is wel gedoop, maar die besnydenis was nie 'n voorwaarde vir die ondervinding van die reddende genade van God nie. En tweedens, hulle wat uit die Jode is, weet dat dit onmoontlik is om die wet te onderhou en op daardie manier geregtigheid te verkry. Hulle, die Jode, word gered deur die genade van God. Op dieselfde manier word die heidene gered. Daarom is dit onsinnig om die juk van die wet vir hulle op die hals te wil lê.

Nadat Petrus gepraat het, was daar stilte in die vergadering. Daarop word aan Paulus en Bárnabas die geleentheid gegee om die woord te neem. Hulle vertel toe weer van dié dinge "wat God deur hulle onder die heidene gedoen het" en van die tekens en wondere wat Hy bewerk het.

Toe Paulus en Bárnabas klaar gepraat het, vra Jakobus die aandag van die vergadering. Hy sluit aan by wat Petrus gesê het en wys daarop dat die profete van die Ou Testament aangekondig het dat die heidene deel sou verkry aan die volk van God. Hy verwys voorts na die woord in Amos 9:10-11 waarvolgens die vervalle hut van Dawid weer opgerig sou word, maar daarin sal opgeneem word die oorblyfsel van die Jode wat die Here soek saam met al die nasies oor wie die Naam van die Here uitgeroep is. Hieruit blyk dat dit die bedoeling van God van ewigheid af was dat die heidene wat in sy Naam glo, deel sou word van die volk van God. Aangesien dit die geval is, mag die kerk die heidene geen belemmeringe in die weg lê nie. Daarom stel Jakobus voor dat die besnydenis nie op die bekeerlinge uit die heidene opgelê word nie, maar dat hulle gevra word om hulle van sekere dinge te onthou. Hierdie dinge was die oortreding van die sewende gebod, wat juis onder die heidene op 'n skreiende skaal plaasgevind het; die onthouding van vleis wat aan afgode geoffer is; hulle moes ook nie bloed eet of die vleis van diere wat verwurg is nie.

Hierdie versoeke is daarop gerig dat die bekeerlinge uit die heidene hulle leefwyse in ag moes neem om nie aan die Jode of die bekeerlinge uit die Jodedom aanstoot te gee nie. Die onsedelikheid waarvan elke Christen hom moet onthou, het in hierdie geval ook dié soort huwelike ingesluit wat volgens die wet verbied was (Lev. 18). Die dinge wat deur afgode besoedel was, was hoofsaaklik vleis wat aan die afgode geoffer is en daarna op die mark te koop aangebied is (vgl. 1 Kor. 8-10). Vir die Jood is die eet van bloed verbied omdat die siel in die bloed is (Gen. 9:4; Lev. 3:17), terwyl die heidene dit as besonder voedsaam beskou het. As gevolg van hierdie bepaling het die Jode 'n dier op 'n besondere manier geslag sodat die bloed uitvloei, en het hulle 'n afsku gehad aan vleis van 'n dier wat verwurg is.

Die voorstel was dus dat die bekeerlinge uit die heidendom met hierdie gebruike van die Jode rekening moes hou en hulself dié beperking moes oplê ten einde geen aanstoot te gee nie. Oor hierdie voorstel van Jakobus is daar nie gestem nie. Dit was nie nodig nie omdat dit eenstemmig byval gevind het.

## § 287 Die ooreenkoms bereik (Hand. 15:22-29)

Die samespreking wat met so 'n heftige woordewisseling begin het, het 'n gunstige afloop gehad. Oor die beginselsaak is daar volle eenstemmigheid bereik. Daarna is die saak aan die hele gemeente voorgelê, en ook hulle was eenstemmig. Hulle besluit toe om 'n afvaardiging te kies wat Paulus en Bárnabas sou vergesel na Antiochië en daar die besluit van die vergadering sou oordra. Die keuse val op Judas, met die bynaam Bàrsabas (= seun van die oue) en Silas (= Saul, in Hebreeus, en Silvanus, in Latyn). Aan hulle word 'n brief saamgegee waarin die besluit van die vergadering meegedeel word.

Die brief word aan 'n wye kring van gemeentes gerig, naamlik: "aan die broeders uit die heidene in Antiochië en Sirië en Cilícië. Die optrede van die Judaïste "aan wie ons geen opdrag gegee het nie", word afgekeur. Na Paulus en Bárnabas word verwys as "ons geliefde Paulus en Bárnabas - manne wat hulle lewe oorgegee het vir die Naam van onse Here Jesus Christus." Daarna word verklaar: "Die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel".

Op hierdie wyse is die vraagstuk besleg. Dit is gesaghebbend gedoen. Die besluit word aangekondig as een wat geneem is deur ",die Heilige Gees en ons". Daarom was daar geen rede vir verdere onsekerheid nie.

## § 288 Terug in Antiochië (Hand. 15:30-35)

Met groot dankbaarheid in die hart oor die ooreenkoms wat bereik is, het Paulus en Bárnabas, vergesel deur Judas en Silas, na Antiochië gereis. By hul aankoms daar is 'n vergadering van die gemeente belê. Verslag is gedoen van die samesprekings in Jerusalem, en daarop is die brief aan hulle voorgelees. Met die inhoud het die gemeente ingestem. Dit was 'n saak van groot blydskap dat geen las ten opsigte van die besnydenis op hulle gelê is nie. Dit was 'n besondere bemoediging vir die gemeente. Judas en Silas wat self ook profete was, het die gemeente toegespreek en hulle bemoedig en versterk. Nadat hulle nog 'n tyd lank daar gebly het, het die dag gekom waarop hulle weer na Jerusalem moes terugkeer. Silas het egter besluit om in Antiochië te bly. Judas en sy geselskap het in vrede teruggekeer na die apostels in Jerusalem.

## § 289 Petrus in Antiochië (Gal. 2:11-16)

Nie lank na die vergadering in Jerusalem nie, het daar 'n onaangename gebeurtenis in Antiochië plaasgevind waarna Lukas in Handelinge nie verwys nie, maar wat Paulus in sy Brief aan die Galasiërs ter sprake bring.

Petrus, wat die opdrag gekry het om die evangelie aan die Jode te bring, het die sorg vir die gemeente in Jerusalem in die hande van Jakobus gelaat terwyl hy self reise onderneem het in diens van die sending. In daardie hoedanigheid het hy aan Antiochië 'n besoek gebring en hom volkome vereenselwig met die leefwyse van die gemeente waar bekeerlinge uit die Jodendom en dié uit die heidendom 'n hartlike eenheid gevorm het. Die Judaïste was nog daar maar hulle het nie groot invloed gehad nie, veral nadat die vraag omtrent die besnydenis in Jerusalem besleg is. Petrus het ook sonder beswaar deelgeneem aan maaltye in die huise van Christene uit die heidendom.

Uit Jerusalem het daar egter meer besoekers opgedaag, onder wie daar vorige ondersteuners van Jakobus was. Al het Jakobus by die vergadering in Jerusalem baie verstandig opgetree, was hy in sy hart 'n ondersteuner van die standpunt dat die eise van die wet gehandhaaf moes word. Toe hierdie mense, wat teenoor die Judaïste simpatiek was, in Antiochië aankom, het Petrus hom begin terugtrek van kontakte met die bekeerlinge uit die heidendom en hom eenkant afgesonder om net met die Joods-christene om te gaan. Hierin het hy onopreg gehandel omdat die Here hom in Caesaréa tot beter insigte gebring het (vgl. § 270). Sy voorbeeld het aansteeklik gewerk en selfs Bárnabas, wat so ryk was in die ondervinding van die genade van God onder die heidene, het hom laat verlei om Petrus na te volg.

Paulus kon hierdie toedrag nie laat voortduur nie. Dit sou die gemeente in twee skeur, en was strydig met wat onder die leiding van die Heilige Gees in Jerusalem besluit is. Daarom het hy 'n gemeentevergadering byeengeroep waar hy openlik Petrus tereggewys het. Veel helderder as die ouer apostels het Paulus die betekenis van die sterwe en opstanding van Christus begryp. Hy het ingesien dat dit die einde beteken het van die seremoniële

wette, en dat redding alleen uit genade geskied op grond van die geloof in die Naam van Jesus. Wie enigiets hier wil byvoeg, doen afbreuk aan die genoegsaamheid van die bloed van die Here. In heilige oortuiging stel Paulus sy saak. Hy huiwer nie om selfs so 'n hooggeëerde apostel as Petrus te berispe nie.

Wat die afloop van hierdie gebeurtenis was, word ons nie vertel nie. Ons kan egter aflei dat die standpunt van Paulus gehandhaaf is. Die verskil van mening het ook nie op verwydering en kwaaivriendskap uitgeloop nie. Bárnabas het voortgegaan om hartelik met Paulus saam te werk, en Petrus het as vriend van Paulus uit Antiochië vertrek. Of hierdie twee apostels ooit weer mekaar gesien het, word nie gesê nie. Ons kan egter as redelik seker veronderstel dat Paulus tydens 'n besoek in Jerusalem Petrus daar sou gesien het. Volgens 'n oorlewering was hulle ook gelyktydig in Rome, waar beide aan hul einde gekom het.

## XXVI. DIE TWEEDE SENDINGREIS

### § 290 Paulus en Bárnabas gaan uiteen (Hand. 15:35-39)

Nadat hulle van die kerkvergadering in Jerusalem teruggekeer het, het Paulus en Bárnabas saam met 'n hele groep medewerkers hulle met hart en siel ingewerp in die werk in Antiochië. Op twee aspekte van die werk het die nadruk geval: op die verkondiging van die blye boodskap en op die onderrig van diegene wat tot geloof gekom het.

Dit het nie lank geduur nie of Paulus het rusteloos begin word. Hy het gevind dat hy met werk besig was wat ander bekwame manne net so goed kon doen, terwyl hy die opdrag gehad het om na die heidene uit te gaan. Bowendien was hy besorg oor die gemeentes wat op die eerste sendingreis tot stand gekom het, en het gevoel dat hy hulle noodsaaklik weer moet besoek. Toe hy hierdie saak met Bárnabas bespreek en voorstel dat hulle weer op reis gaan, was laasgenoemde onmiddellik daartoe bereid, maar op voorwaarde dat sy neef, Johannes Markus, saamgaan. Hiervan wou Paulus egter niks weet nie. Markus het op die eerste reis net tot in Perge gegaan en toe omgedraai. Daardeur het hy, volgens Paulus, getoon dat daar nie ten volle op hom gereken kan word nie. Wanneer die vermoeiende reis en die veelvuldige gevare hoë eise stel aan geloof en moed en volharding, sou Markus hulle weer in die steek laat. So iemand wou Paulus nie saamneem nie. Hierdie ongelukkige kwessie het 'n verbittering tussen die twee manne veroorsaak. Die Bose het ook hier verdeeldheid gesaai om die krag van die getuienis te skaad. Tog het die Here dit ten goede gewend. Bárnabas neem Markus saam en gaan na Ciprus, sy geboorteland, om daar vrugbare arbeid te verrig en om Paulus te onthef van die sorg vir die gemeentes op daardie eiland.

Die verwydering het nie lank geduur nie. Bárnabas en Paulus is weer versoen, en Paulus skryf later met waardering van Bárnabas wat net soos hy met hande-arbeid sy eie onderhoud verdien het. Ook met Markus is Paulus versoen, en Markus bewys aan hom goeie dienste toe hy in die gevangenis in Rome was (vgl. Kol. 4:10; 2 Tim. 4:11).

### § 291 Op weg deur Klein-Asië (Hand. 15:40-16:8)

Nadat Bárnabas en Markus na Ciprus vertrek het, moes Paulus 'n ander reisgenoot kies. Sy keuse val op Silas, die profeet, wat deur die vergadering in Jerusalem na Antiochië gestuur was. Voortaan sou Silas, of Silvanus, soos die apostel hom in die Briewe noem, 'n getroue metgesel van Paulus word.

Voordat hulle vertrek, kom die gemeente byeen en word hierdie twee gesante in die gebed opgedra aan die genade van die Here. Daarop begin die reis. Hulle trek oor land deur Sirië en Cilícië. Oral waar hulle gelowiges teëkom, versterk hulle die broeders. Die reis gaan oor Tarsus na Derbe en van daar na Listre, waar Paulus op sy vorige besoek eers as 'n godheid gehuldig en toe gestenig is.

In Listre ontmoet Paulus 'n jongman, Timótheüs (= die vrese van God), en hy besluit om hom saam te neem as metgesel. Hy was die seun van 'n Joodse moeder en 'n Griekse vader. Sy moeder, Euníce, en sy grootmoeder, Loïs, was vrome Jodinne wat die seun opgevoed het in die Joodse godsdiens (2 Tim. 1:5). Toe Paulus op sy tweede besoek in Listre kom, was Euníce reeds 'n gelowige en Timótheüs was 'n dissipel van wie die broeders in Listre en in Ikónium met veel lof gepraat het. Ons kan aanneem dat Timótheüs, en ook sy moeder, tot bekering gekom het toe Paulus en Bárnabas die evangelie daar vir die eerste keer verkondig het. Daarom verwys Paulus na hom as "my geliefde en getroue seun in die Here" (1 Kor. 4:17). By daardie geleentheid het die jong bekeerling sy geloof voor die samekoms van die gemeente bely (1 Tim. 6:12).

Timótheüs was nog nie besny nie aangesien sy vader 'n Griek was en dit gevolglik nie aan sy seun laat doen het nie. Paulus het egter gevind dat hoewel die besnydenis nie noodsaaklik was vir die saligheid nie, dit tog in Timótheüs se geval wenslik was aangesien sy moeder 'n Jodin was. Ook sou die teken van inlywing by die Joodse volk vir hom die weg open om in die sinagoges op te tree. Daarom het Paulus hom besny. Deur dit te doen, het Paulus egter geensins toegegee aan die Judaïste nie (vgl. Gal, 2:5), aangesien ander oorwegings die deurslag gegee het.

Dit lê voor die hand dat Timótheüs sy bereidwilligheid om Paulus te vergesel, te kenne moes gegee het en dat sy moeder en vader hulle toestemming verleen het. Ook die gemeente in Listre sou 'n aandeel hê in die afsondering en uitsending van Timótheüs. Vir dié doel het die gelowiges byeengekom. Een van die profete in die gemeente het hom toegespreek, en daarna het die ouderlinge hom die hande opgelê (1 Tim. 4:14). Paulus het toe self ook op hom die

hande gelê as teken dat die Heilige Gees deur hom sou werk (2 Tim. 1:6). Vir Timótheüs, vir sy ouers en vir die jong gemeente was dit 'n gebeurtenis wat diepe ontroering en innige dankbaarheid gewek het.
Die reis moet voortgesit word. Die drie, Paulus, Silas en Timótheüs, volg die groot verkeersweg na Ikónium en van daar na Antiochië in Pisídië. Op elke plek het hulle die besluite wat in Jerusalem geneem is, bekend gemaak en die gemeente versoek om daarvolgens te handel. Die besoek aan die gemeentes was buitengewoon geseënd. Die gelowiges is versterk en die gemeentes het elke dag toegeneem deur nuwe bekeerlinge uit die heidendom wat toegetree het.
Paulus was van plan om die hoofweg weswaarts te volg na die Romeinse provinsie Asië en sy hoofstad Éfese te bereik. Die Heilige Gees het hom egter verhinder. Op hoe 'n wyse dit geskied het, weet ons nie. Hy was in elk geval verplig om sy koers te verander, en gaan in 'n noordelike rigting deur die land Frígië en verder noord na die landstreek Galásië. Van daar wou hy na die ooste gaan om in die land Bithínië die evangelie te verkondig. Ook daar het die Heilige Gees ingetree om hom te verhinder. Dit was die bedoeling van die Gees dat hy Europa moes bereik met die lig van die evangelie. Die Gees verplig hom om na die weste te draai. Hy trek deur die landstreek Mísië en kom by Troas aan. Daar sou hulle groter duidelikheid ontvang aangaande die bedoeling van die Heilige Gees.

**§ 292 Na Macedónië geroep (Hand. 16:9-12)**

Troas was in die tyd van Paulus 'n onbelangrike hawe nie ver van die bekende see-engte, die Hellespont, nie. Daar naby was die bouvalle van die eertydse beroemde Troje, wat eeue te vore deur die Grieke verower is deurdat hulle van die berugte houtperd gebruik gemaak het. Die geskiedenis van daardie heldestryd is deur Homerus besing in die *Ilias.* Van daardie tyd af het Klein-Asië onder Griekse beheer en invloed gestaan, en hierdie invloed is versterk deurdat Alexander die Grote in die 4de eeu v.C. in Troas geland het om van daar sy veroweringtogte na die Ooste te begin. En nou in 49 n.C. kom daar uit 'n oostelike rigting 'n klein geselskap in Troas aan en oorweeg dit of hulle die see sal oorsteek na Griekeland. Hulle was die draers van 'n woord wat die leefwyse van die Weste sou verander.
Toe Paulus en sy reisgenote besluiteloos by Troas vertoef het, het die apostel in die nag 'n gesig gesien. 'n Macedóniese man het aan hom verskyn en gesmeek: "Kom oor na Macedónië en help ons ! " Daarop word dit vir Paulus duidelik waarom die Heilige Gees hulle na Troas gelei het. Dit was om aan hulle te toon dat hulle die see moes oorgaan en die evangelie in Europa moes plant. Hy en sy geselskap kon spoedig plek kry op 'n skip wat by die eiland Samothráce sou aandoen en dan verder sou vaar na Neápolis. Van daardie hawe was dit 'n betreklik kort reis na Filippi, die belangrikste stad in daardie deel van Macedónië.

Die stad Filippi is genoem na Filippus, die vader van Alexander die Grote. In 42 v.C. is dit deur die Romeine verower en het dit 'n Romeinse kolonie geword waar oudsoldate en armes gevestig is. Daar was dus 'n sterk Romeinse element in die bevolking van die stad.
In sy beskrywing van die gebeurtenisse in Troas praat Lukas onverwags van "ons" (Hand. 16:10). Daaruit moet ons aflei dat Lukas, die geneesheer, nou 'n lid van Paulus se reisgeselskap geword het. Hoe dit gekom het dat hy by hulle aangesluit het, weet ons nie. Dit kan aangeneem word dat Lukas 'n heiden van geboorte was en dat hy êrens in Klein-Asië die evangelie gehoor en tot geloof gekom het. Of hy by Paulus aangesluit het reeds voordat hulle in Troas gekom het, word nie vertel nie. Voortaan sou hy 'n getroue helper van die apostel wees (vgl. Ook § 7).

**§ 293 Die eersteling van Europa (Hand. 16:13-15)**

Na hul aankoms in Filippi het Paulus en sy metgeselle 'n paar dae in die stad rondgewandel op soek na Jode by wie hulle 'n aanknoping kon vind, of na mense wat bereid sou wees om na hulle prediking te luister. Die soektog het egter niks opgelewer nie. Hulle kon wel vasstel dat daar geen sinagoge was nie, maar dat daar 'n bidplek was buite die stad langs die Gangites-rivier waar 'n aantal Jode op die Sabbat saamgekom het.
Toe die Sabbat aanbreek, het Paulus en sy helpers uitgegaan na die rivier en die plek van gebed gevind. Daar was slegs 'n aantal vroue bymekaar. Moontlik was hulle weduwees en Jodinne wat met Grieke getroud was. Daar was ook een of twee Griekse vroue wat in die Joodse godsdiens belang gestel het en selfs "godvresendes" geword het.
By hierdie groepie vroue het die apostel aangesluit en hulle begin vertel van die Messias, Jesus Christus. Almal het met aandag geluister, maar veral 'n vrou met die naam Lídia. Sy was heiden van geboorte, afkomstig uit Thiatíre, 'n stad in die landstreek Lídië in Klein-Asië. Die naam

waarby sy in Filippi bekend was, was dus ontleen aan die naam van die land van haar herkoms. Thiatíre was in daardie tyd bekend vir sy kleurstowwe, veral sy purper, wat van die purperslak gemaak en aangewend is om weefstof te kleur. Lídia het die bedryf in Thiatíre geleer en toe sy in Filippi kom woon het, het sy daar 'n winkel geopen en die duur purper aan ryk klante verkoop. Met haar onderneming het dit goed gegaan sodat sy 'n ruim huis met heelwat bediendes kon bekostig.

Lídia het die woorde van Paulus opgeneem in haar hart en die Here het dit in haar bewerk dat sy geglo het. Sy en haar huisgesin is gedoop. Só het Lídia die eersteling van Europa geword.

Sy het by Paulus daarop. aangedring dat hulle by haar moes tuisgaan. Dit sou vir haar 'n bewys wees dat hulle oortuig is dat sy werklik in die Here glo. Paulus het daartoe ingewillig. Hierdie optrede van hom was 'n seldsame uitsondering. Hy het sy eer daarin gestel dat hy deur eie handewerk sy onderhoud verdien en dat hy niks van die gemeentes aanneem nie. Maar die uitnodiging van Lídia het hy aangeneem en daardeur haar verder versterk in die geloof.

**§ 294 Gevangenskap in Filippi (Hand. 16:16-40)**

Met die woning van Lídia as uitgangspunt het Paulus en sy medewerkers voortgegaan om die blye boodskap in Filippi te verkondig. Die bidplek langs die rivier het die plek van gereelde samekoms geword. Daagliks het die apostel belangstellendes daar ontmoet en hulle vertel van die verlossing in Jesus Christus.

Iedere dag as hulle op pad is na die bidplek het 'n slavin met 'n waarsêende gees die apostel en sy geselskap teengekom. Deur dat die bose gees haar in staat gestel het om waarsêery te beoefen, het 'n paar manne haar in hulle diens geneem om uit daardie vermoë geld te maak. Onder die bygelowige Grieke het waarsêery altyd 'n goeie inkomste opgelewer. Hierdie slavin het elke dag Paulus en sy metgeselle agterna geloop en uitgeroep: "Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing".

Net soos die besetenes met wie Jesus te doen gekry het, geweet het wie Hy was, so weet die bose gees in die slavin ook wie Paulus en sy helpers was (vgl. §§ 37, 61). Wat die slavin aankondig, is die waarheid, maar dit veroorsaak ergernis en verleentheid. Die evangelie van die waarheid van God kan nie bekend gestel word deur 'n leuengees van die Bose nie. Daarom het Paulus op 'n dag omgedraai en vir die gees gesê: "Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan!" Onmiddellik het die gees uitgegaan, en die slavin het haar soos 'n normale mens gedra.

Toe haar meesters ontdek dat sy vir hulle nutteloos geword het en dat hulle bron van inkomste weg was, het hulle Paulus en Silas gegryp en hulle na die markplein gebring en hulle voor die owerheid en die regters gestel.

By sy aankoms in Europa het Paulus op 'n besondere wyse met die gees van materialisme kennis gemaak. 'n Welgestelde vrou, Lídia, was die eerste om die evangelie aan te neem en sy het haar huis en vermoë diensbaar gemaak aan die bevordering van die prediking. Maar manne wat gesteld was op geldelike winste en daartoe 'n ongelukkige slavin uitgebuit het, was die bitterste teenstanders van die evangelie van bevryding. Omdat hulle in die materialistiese winsbejag gestuit word, wil hulle die draers van die evangelie uit die weg ruim. Hulle eintlike beweegrede verswyg hulle egter as hulle voor die regters kom. 'n Ander aanklag word versin en deur die regters sonder behoorlike ondersoek gehandhaaf. Die klag voor die regters maak geen melding van die verlies van inkomste as gevolg van die genesing van 'n slavin nie. Daar word nou aangevoer dat die beskuldigdes die stad in opskudding bring "omdat hulle Jode is", en dat hulle sedes verkondig wat nie "vir ons" geoorloof is om na te volg nie, "omdat ons Romeine is". In die aanklag word die feit dat Paulus en Silas Jode was, uitgebuit. Dit hang saam met gebeurtenisse wat net in daardie tyd in Rome plaasgevind het (49 n.C.). As gevolg van gebeurtenisse in die stad waarvoor die Jode die skuld gegee is, het so 'n sterk gevoel by die Romeine teen die Jode ontstaan dat keiser Claudius 'n verordening uitgevaardig het om alle Jode uit Rome te verban. Hierdie verordening het ook in die provinsies 'n nawerking gehad deurdat 'n antipatie teen die Jode ontstaan het. Van hierdie situasie maak die aanklaers gebruik teen Paulus en Silas om hulle daarvan te beskuldig dat, omdat hulle Jode is, hulle dinge verkondig wat die stadsbewoners nie mag aanneem nie omdat húlle Romeine is.

Hierdie aanklag maak die volksgevoel gaande en die skare kom teen die aangeklaagdes in opstand. Die regters gee sonder verdere ondersoek toe aan die emosie van die volk. Hulle

beveel dat die aangeklaagdes met stokke geslaan en daarna baie sorgvuldig in die gevangenis bewaak moet word. Om die skare te bevredig, word die klere daar en dan van die rûe van die beskuldigdes afgetrek, word hulle hande hoog teen die openbare géselpaal gebind, en word hulle met die stok gegésel totdat die rûe rooi van die bloed was. Daarna word hulle aan die tronkbewaarder oorhandig. Hy neem hulle na die binneste kerker. Dan klamp hy hulle voete vas in die blok en boei hulle hande teen die muur vas.

In die koue, donker kerker sit Paulus en Silas daardie nag. Hul rûe is van die géseling te pynlik om teen die muur te leuen, en die blok en boeie verplig hulle om in een houding te bly sit. Dit word 'n ontsettende marteling. Van slaap is daar geen sprake nie. Om nie die moed of selfs die geloof te verloor nie, gaan hulle oor tot gebed. Die gebed loop daarop uit dat hulle van die psalms van Dawid begin sing en God in die woorde van die psalmdigter loof. Vir die ander gevangenes wat in die bitterheid van hulle lyding hulle gode vervloek het, was dit 'n vreemde ondervinding om daar in die kerker lofsang in die nag te hoor.

Meteens het daar 'n groot aardbewing gekom wat die fondamente van die gevangenis geskud het. Die deure het oopgespring en die boeie van al die gevangenes het losgeraak. Die tronkbewaarder het wakker geskrik en begin vasstel wat gebeur het. Toe hy sien dat die deure van die gevangenis oop was, het hy gedink dat die gevangenes ontsnap het. Daarvoor sou hy met sy lewe moes boet (vgl. Hand. 12:19). Hy het selfmoord verkies en gryp sy swaard om daarmee 'n einde aan sy lewe te maak. Net op daardie moment roep Paulus uit die gevangenis na hom: "Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier"

Die bewaarder ontbied gou 'n lig en daarmee gaan hy die trap af na die binneste kerker. Daar val hy bewend voor Paulus en Silas neer as eerbewys aan hulle. Toe lei hy hulle na buite en vra in sy angs: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" Wat die onkundige heiden met hierdie vraag bedoel het, is moeilik om te sê. Waarskynlik het hy gedink dat Paulus en Silas besondere gunstelinge van die gode was. Deur hulle in die gevangenis op te sluit, het hy die gode vertoorn en moet hy nou die wraak van die gode vrees. Van daardie wraak wil hy gered word. Dit kan ook wees dat hy daarvan gehoor het dat die waarseggende slavin Paulus en Silas genoem het: "dienaars van God, die Allerhoogste, wat aan julle die weg van verlossing verkondig", en dat hy nou die beskerming soek van "God, die Allerhoogste" wat hy nog geensins ken nie.

Hoe dit ook sy, die vraag gee aan Paulus die geleentheid om te antwoord: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin." Hierdie antwoord het egter nader toeligting nodig gehad aangesien die man nog nooit daardie Naam gehoor het nie. Intussen het die tronkbewaarder se vrou en kinders en sy dienare na buite gekom om ook te sien wat gebeur het. Hulle vergader in die binneplein rondom Paulus en Silas, en daar in die stilte van die nag verkondig hy aan hulle die woord van die Here. Hierdie prediking in sulke buitengewone omstandighede het in vrugbare aarde geval. Die tronkbewaarder, en seker ook lede van sy huishouding, het tot geloof gekom. Sy eerste kommer was nou oor die predikers. Met teerheid was hy die bloed van hul rûe. Daarna is hy en al sy mense daar in die nag gedoop. Daarna bring hy die predikers in sy huis en sit vir hulle 'n maaltyd voor. Dit word 'n ware vreugdefees. Hy en sy hele huisgesin het hulle verbly in die geloof in God.

Die aardbewing het die regters ook tot die besef gebring dat hulle verkeerd gehandel het teenoor Paulus en Silas. Hulle stuur toe vroeg die oggend geregsdienaars om aan die tronkbewaarder te sê dat hy "daardie manne" moet loslaat. Die tronkbewaarder was verheug oor die boodskap en gaan dit onmiddellik aan Paulus vertel, en vriendelik sê hy daarby: "Gaan dan nou uit en reis in vrede!" Paulus was egter nie bereid om op hierdie wyse vrygelaat te word nie. "Volstrek nie!" sê hy. Hy en Silas was Romeinse burgers, en die regters het sonder behoorlike verhoor hulle in die openbaar laat gésel en toe in die tronk opgesluit. So iets mag in geen omstandighede aan 'n Romeinse burger gedoen word nie. Die regters het hulle skuldig gemaak aan 'n oortreding van die Romeinse wet. Ter wille van die geregtigheid, en die toekomstige billike regspleging, moes die fout in die openbaar reggestel word. Daarom eis Paulus dat die regters self hulle uit die gevangenis kom uitlei.

Toe die boodskap aan die regters oorgedra word, het hulle besef dat hulle self strafbaar geword het. Hulle kom toe en vra nederig om verontskuldiging. Daarop lei hulle Paulus en Silas uit die gevangenis en versoek hulle om uit die stad te vertrek.

Eers gaan Paulus terug na die huis van Lídia om sekere reëlings te tref voor sy vertrek. Daar

het hy "die broeders gesien, en hulle bemoedig". Die gemeente het dus reeds 'n gesonde kern van broeders gehad. Lukas sou agterbly om die gemeente te versorg. Paulus, Silas en Timótheüs het die reis voortgesit

**§ 295 Oproer in Thessalonika (Hand. 17:1-9)**

Van Filippi volg Paulus en sy helpers die groot verkeersweg, die Via Egnatia, in 'n suidwestelike rigting. Die reis gaan deur die stede Amfipolis en Apollónië na Thessalonika, die hoofstad van Macedónië. Dit was 'n bloeiende handelstad met 'n mooi hawe en heelwat skeepsverkeer. Daar was ook 'n aansienlike nedersetting van Jode wat hulle eie sinagoge gehad het.

Volgens sy gewoonte het Paulus op die Sabbat na die sinagoge gegaan en die spreekgeleentheid wat hom aangebied is, gebruik om die evangelie te verkondig. Op drie Sabbatte agtereenvolgens het hy dit gedoen en hom toegelê op die uitleg van die Skrifte. Hy het aangetoon dat die Messias volgens die profesieë bestem was om te ly en uit die dode op te staan. Vervolgens het hy vertel hoedat dit alles net so met Jesus gebeur het en dat Jesus dus die Messias die Christus, is.

Sommige van die Jode het die woord van Paulus aangeneem en hulle by hom en Silas aangesluit. Onder die menigte was daar godsdienstige Grieke en ook 'n aantal van die aansienlikste vroue. Daar was ryke vrug op die prediking en binne die kort tydperk van drie weke het 'n gemeente van Christus tot stand gekom.

Vir die apostel was dit egter 'n moeilike tyd. Algemene skaarste het geheers, en hy wou geen geldelike bydraes vra of aanneem nie. Daarom moes hy dag en nag as tentemaker werk om sy brood te verdien (vgl. 1 Thess. 2:9). In die huis van Jason, 'n gelowige, het hy 'n kamer bewoon, wat hy waarskynlik gehuur het aangesien hy nie die indruk wou skep dat hy die evangelie vir winsbejag verkondig nie. In daardie tyd het die gemeente in Filippi meer as een maal vir hom geld gestuur, wat hy met groot erkentlikheid ontvang het (Fil. 4:15-16).

Toe die Jode sien dat die aanhang van Paulus toeneem en dat vooraanstaande mense die evangelie aanvaar, het hulle jaloers geword en 'n plan begin bedink om van Paulus ontslae te raak. Met omkoopgeld het hulle dit reggekry. Op die markplein het hulle 'n hele aantal leeglêers opgestook om 'n oproer te veroorsaak en Paulus en sy metgeselle te beskuldig. Dit het hierdie leeglopers geredelik gedoen. Hulle het 'n hele opskudding bewerk en toe na die huis van Jason gegaan om Paulus te vind. Toe hulle hom nie kry nie, het hulle Jason self uitgesleep en daarvan beskuldig dat hy teen die keiser in opstand kom deur te sê dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus. Met hierdie beskuldiging het hulle die skare in opskudding gebring en ook die stadsowerhede bang gemaak. Tog was laasgenoemdes nie bereid om 'n beslissing te doen nie alvorens hulle die aangeleentheid ondersoek het. Toe Jason en die ander wat saam met hom gevang was, bevredigende borgtog gelewer het, is hulle vrygelaat met die oog op latere ondersoek.

Die broeders het as gevolg van hierdie hindernis in die weg van die evangelie (vgl. 1 Thess. 2:14-16) en die bedreiging van Paulus se veiligheid, besluit dat hy nog in daardie selfde nag moes vertrek.

**§ 296 Vriendelike ontvangs in Beréa (Hand. 17:10-15)**

Van Thessalonika gaan die apostel en sy medewerkers weswaarts na Beréa waar daar ook 'n aansienlike getal Jode gewoon het en 'n sinagoge was. By hulle het Paulus aanknoping gesoek en gevind dat hulle baie vriendeliker was as die mense van Thessalonika. Hulle het teenoor Paulus besondere welwillendheid betoon, en was gretig om sy verklaring van die Skrifte aan te hoor. Onder sy leiding het hulle die Skrifte ondersoek om self vas te stel of die dinge wat Paulus verkondig wel só was.

Die vrug op hierdie rustige ondersoek van die Skrifte was dat baie van die Jode gelowig geword het. Daarby het 'n groot aantal aansienlike Grieke, manne sowel as vroue, die evangelie aanvaar. 'n Nuwe gemeente het gou tot stand gekom en ontplooi.

Teenstand het egter nie lank uitgebly nie. Die Jode van Thessalonika het gehoor van die ingang van die evangelie in Beréa, en het toe gekom om die mense van Beréa op te sweep teen Paulus. Daarmee het hulle ook sukses behaal. Paulus kon nie langer daar bly nie. Daar is gereël dat Silas en Timótheüs in Beréa sou bly en dat Paulus sou voortgaan na Athéne. 'n Aantal van die broeders uit Beréa het hom begelei tot by die see waar hulle skeepgegaan het om na Piraeüs, die hawe van Athéne, te vaar. Toe hulle in Athéne aangekom het, het Paulus die broeders van Beréa laat terugkeer en die

boodskap saamgestuur dat Silas en Timótheüs so gou moontlik by hom in Athéne moes aansluit.

**§ 297 Paulus in Athéne (Hand. 17:16-21)**

In Athéne het Paulus op die koms van Silas en Timótheüs gewag. Dit was vir hom 'n aangrypende ondervinding om die beroemde stad, die sentrum van geleerdheid en kultuur, van waar invloed uitgegaan het oor die hele Romeinse ryk, te besigtig. Die pragtige geboue en tempels, die monumente en afgodsbeelde, het hom diep beindruk maar ook bedroef met die gedagte dat dit alles toegewy was aan afgodediens en bygeloof. Midde-in die stad was die heuwel van die Akropolis (= verhewe stad) waarop verskeie tempels, van die volmaakste bouwerke in die wêreld, gestaan het. Hoog bo die tempels het die koper standbeeld van die godin van die wysheid, Pallas Athéne, uitgestaan met haar spies in die hand wat in die sonlig geskitter het en myle ver gesien kon word. Aan die oostekant van die Akropolis was die kleiner heuwel, sonder 'n gebou daarop, genoem die Areópagus, d.w.s. die heuwel van Ares (= Mars, die oorlogsgod). Op daardie heuwel het die hoogste raad van regters hul vergaderings gehou; derhalwe het hulle bekend gestaan as die Areópagus-raad. Aan die voet van die Areópagus, aan die noordekant, het die pragtige *Agora (*= mark) gelê. Dit was nie net 'n mark nie, maar 'n sakesentrum, uitgelê met strate van marmer wat van die een tempel of openbare gebou na die ander lei, langs skitterende pilaargange en marmertrappe.

Toe Paulus al die weelde en prag sien, en al die afgodery, het sy gees in hom opstandig geword. Hy is deur 'n innerlike drang voortgedryf om die evangelie te verkondig. In die sinagoge het hy gesprekke aangeknoop met die Jode en die godsdienstige Grieke, wat die Joodse godsdiens aangeneem het Elke dag was hy op die mark (= Agora) besig om 'n gesprek aan te knoop met mense wat hy daar ontmoet het en wat bereid was om na hom te luister. Te midde van al die geleerdheid en kultuur was dit 'n moeilike taak, en blykbaar was die vrug heel gering.

In daardie tyd het Timótheüs uit Beréa in Athéne aangekom en Paulus gevind. Hy bring toe die verontrustende berig dat die gelowiges in Thessalonika aan vervolging onderwerp is, en dit moeilik vind om in die geloof te volhard. Silas het intussen in Beréa gebly. Hoe graag Paulus ook Timótheüs by hom wou gehad het, besluit hy om hom na Thessaloníka terug te stuur om die gemeente daar by te staan (1 Thess. 3:1-3). Later sou Silas en Timótheüs in Korinthe by Paulus aansluit (Hand. 18:5).

Mettertyd het sommige van die Epikuréïese en Stoïsynse wysgere van Paulus begin notisie neem en met hom argumente aangeknoop. Hulle was verteenwoordigers van die twee belangrikste denkrigtings onder die Grieke. Die wysgeer Epikurus het sowat 300 jaar v.C. geleef en geleer dat daar geen onsterflikheid is nie. Die mens leef net een maal en dan word hy uitgewis. Daarom moet hy soveel van die lewe geniet as wat hy kan. Sy aanhangers se slagspreuk word: Eet en drink en wees vrolik, want môre sterf ons.

Die Stoïsynse lewensbeskouing gaan terug op die filosoof Zeno van Ciprus (336-264 v.C.), maar het die besondere naam gekry van die pilaargang of Stoa waar die aanhangers gereeld byeengekom het. Die Stoïsynse leer dat daar 'n godheid of wêreldsiel is wat in alle dinge woon, ook in die mens. Die ideaal is om in volle harmonie met die wêreldsiel te leef. Om dit te bereik, moet die mens afstand doen van allerlei plesiere wat homself behaag, en moet hy strenge selfdissipline beoefen, en veral sy emosies in bedwang hou.

Hy moet nooit laat blyk dat hy opgeruimd of kwaad of bedroef of in pyn is nie, maar sy gees in volle rus bewaar. Daardeur word hy een met die godheid.

Hierdie wysgere met hulle diepgewortelde beskouinge kon van Paulus se evangelie van Jesus en die opstanding uit die dode niks begryp nie. Veral die opstanding was vir hulle so 'n vreemde gedagte dat hulle daarmee die spot wou dryf en Paulus wou voorstel as somaar 'n praatjiesmaker. Ander weer het onder die indruk gekom dat hy 'n vreemde nuwe godheid verkondig en dat hulle meer daaromtrent moet hoor. Hulle neem hom toe op die Areópagus en stel hom voor die raad van regters. Daar was geen aanklag teen hom nie, maar hierdie raad het tog ook toesig gehou oor die leerstellings wat aan die volk verkondig word, en het dus die reg gehad om 'n nuwe prediker uit te hoor. Bowendien was die Athéners en ook die uitlanders wat onder hul invloed gestaan het, altyd gretig om iets nuuts te hoor en dit het voorgekom asof Paulus wel iets nuuts te vertel het.

## § 298 Op die Areópagus (Hand. 17:22-34)

Terwyl die raad van die Areópagus in 'n halwe kring sit, gaan Paulus in die middel staan om hulle toe te spreek. Hy het geweet dat hulle net 'n oppervlakkige belangstelling gehad het vir sy boodskap, maar hy wou nietemin die geleentheid gebruik om in hierdie vergadering van geleerdes die woord te verkondig.

Beleef en vriendelik begin Paulus. Hy vertel dat hy die pragtige stad besigtig het en die heiligdomme bewonder het. Hy het onder die indruk gekom dat die Athéners baie godsdienstig was. In sy rondgaan het hy selfs 'n altaar gesien wat opgerig was vir 'n "onbekende God". Waarskynlik het iemand 'n besondere weldaad beleef en nie geweet aan welke godheid hy dit te danke het nie. Daarom het hy so 'n altaar aan 'n onbekende god opgerig. Nou verklaar Paulus dat hy juis daardie God kom bekend stel.

Dié God is die Skepper van alle dinge. Hy wat die hemel en die aarde gemaak het, woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie. Hy hoef ook nie deur mensehande gedien te word nie, bv. deur altare en offers nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem gegee het.

Nadat Paulus oor die verhewenheid van God gepraat het, gaan hy voort om oor die verhewenheid van die mens sekere dinge te sê. God het die hele menslike geslag uit een ouerpaar laat voortkom en die volke oor die aarde laat woon. Hy beskik egter oor hulle tye van bestaan en oor die grense van hulle woonplek. Die doel van God is dat die mens Hom moet soek en in sy nabyheid moet bly. In die werklikheid is Hy ook baie naby, want "in Hom leef ons, beweeg ons en is ons", en 'n sekere Griekse digter het ook gesê "Want ons is ook sy geslag".

Paulus laat blyk dat hy bekend is met die denkbeelde van die Grieke, en ook iets weet van die werke van hulle skrywers en digters. Hy haal twee sitate aan, die eerste van Epiménides van Knossos (6de een v.C.), en die tweede van die digter Aratus van Cilícië (3de eeu v.C.). Aangesien ons van die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid uit goud of silwer of steen, deur die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gemaak kan word nie. Hy is immers 'n lewende wese, soos ons lewend is.

Hieruit volg dat die mens aan God rekenskap verskuldig is, en om dié rede hom van sy bose werke moet bekeer. Hy het 'n dag vir die oordeel bepaal. As Regter het Hy 'n Man aangestel wat Hy uit die dode opgewek het.

Paulus het nie kans gekry om verder te praat nie. Hy het nog nie eens daartoe gekom om die Naam van Jesus Christus te noem nie. Toe hy praat van die opstanding uit die dode het hy iets gesê waarvan sowel Epikuréërs as Stoïsyne niks wou weet nie. Hulle val hom in die rede. Sommige dryf die spot. Ander stel in die vooruitsig dat hulle hom later weer 'n geleentheid sal gee om sy opvattings te verduidelik.

En so het Paulus van hulle weggegaan, teleurgesteld en ontmoedig en eensaam. Tog was dit nie volkome vrugteloos nie. 'n Aantal manne het by hom aangesluit om verder te praat, en die gevolg was dat hulle gelowig geword het. Onder hulle was 'n lid van die Areópagus-raad, Dionisius, en ook 'n vrou met die naam Dámaris.

## § 299 Aankoms in Korinthe (Hand. 18:1-4)

Van Athéne vertrek Paulus verder suidwaarts na Korinthe, die hoofstad van die provinsie Acháje. Dit was een van die belangrikste handelstede van daardie tyd, geleë net suid van die landengte wat skeiding gemaak het tussen die Aegéïse See in die ooste en die Ioniese See in die weste. Die skeepvaart uit die weste het die Golf van Korinthe opgevaar om die vrag af te laai en oor die landengte te laat karwei na die hawe Kenchréë, waar dit dan weer op skepe gelaai is vir die vaart na die ooste. Dit het beteken dat Korinthe 'n stad van internasionale verkeer geword het. Die meerderheid van die bevolking was destyds Romeine, maar daar was mense van alle nasies in die weelderige stad. Vir alle heidense godsdienste is tempels opgerig, en die sedelike verval het spreekwoordelik geword.

Na hierdie stad gaan Paulus op reis. Hy het na sy ondervinding in Athéne veel gehad waaroor hy moes nadink. Hy het gewonder of hy op die Areópagus reg opgetree het deur so sterk aan te sluit by die heidense opvattinge. Nou gaan hy na 'n stad met baie afgodery en onsedelikheid. Hoe moes hy die werk daar begin? Die gedagtes vervul hom met vrees en bewing, maar hy neem hom voor om onverbloemd "Jesus Christus, en Hom as die gekruisigde" te verkondig (1 Kor. 2:1-3).

Met hierdie voorneme kom Paulus in Korinthe aan. Hy was pas daar toe ontmoet hy 'n Jood,

Áquila (= arend), afkomstig uit Pontus in Klein-Asië, en sy vrou Priscilla (of Prisca = die eerbiedwaardige). Hulle het in Rome gewoon totdat keiser Claudius verorden het dat alle Jode uit Rome moes vertrek (49 of 50 n.C.). Toe het die egpaar hulle in Korinthe kom vestig. Aangesien dit nie gesê word dat hulle deur Paulus tot bekering gelei is nie, kan aangeneem word dat hulle reeds in Rome Christene geword het. Hulle huis dáár was trouens die vergaderplek van 'n huisgemeente (Rom. 16:3-5).

Net soos Paulus was Áquila 'n tentmaker van beroep. Saam het hulle die handwerk beoefen om hul brood te verdien. Elke Sabbat het hulle na die sinagoge gegaan waar Paulus gespreek het en sowel Jode as Grieke oortuig het. In hierdie tyd van voorspoedige arbeid is die grondslag gelê van 'n nuwe gemeente.

**§ 300 Arbeid en stryd in Korinthe (Hand. 18:5-17)**

Na 'n tyd het Silas en Timótheüs uit Thessalonika en Beréa by Paulus aangekom. Uit eersgenoemde gemeente het Timótheüs berigte gebring wat Paulus genoodsaak het om twee briewe kort na mekaar aan die Thessalonicense te skryf.

In daardie tyd was Paulus nog druk besig om onder die Jode te arbei en te getuig dat Jesus die Christus is. Die teenstand van die Jode het egter toegeneem. Hulle het sulke godslasterlike dinge begin spreek dat Paulus besluit het om hom finaal tot die heidene te wend. Hy het voor die Jode sy klere uitgeskud en vir hulle gesê: "Julle bloed is op julle hoof. My gewete is skoon. Van nou af gaan ek na die heidene".

Om onbelemmerd die heidene te kan bereik, het hy gaan inwoon in die huis van 'n godvresende Griek wat tot bekering gekom het, met die naam Titus Justus (volgens die grondteks). Hierdie Justus se huis het net langs die sinagoge gestaan. Dit het daartoe aanleiding gegee dat Crispus, die hoof van die sinagoge, heelwat van Paulus te sien gekry het en dit was nie lank nie of hy en sy hele huis het gelowig geword. Hy was ook een van die weiniges wat deur Paulus self gedoop is (1 Kor. 1:14). Na sy bekering kon Crispus nie voortgaan as hoof van die sinagoge nie, en is hy vervang deur 'n sekere Sósthenes.

Van nou af was daar groot vrug op die prediking van die apostel. Baie Korinthiërs wat hom gehoor het, het tot geloof gekom en is gedoop. Juis in daardie tyd het die Here Paulus bemoedig in 'n gesig wat hy in die nag gesien het. Die Here het aan hom gesê: "Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad." Paulus het agtien maande daar gebly om met die sending onder die heidene voort te gaan. Juis in die stad waar die sonde so ontsettend groot was, was daar ook 'n dors na verlossing. Dit was nie die aansienlikes wat tot bekering gekom het nie, maar die eenvoudiges, die ongeagtes, diegene wat as van geen belang beskou is nie. Uit hierdie mense-in-nood is die gemeente opgebou (vgl. 1 Kor. 1:26 e.v.).

In die tyd dat Paulus in Korinthe gearbei het, was Gallio die goewerneur van Acháje. Die goewerneur is telkens vir 'n jaar aangestel. Daar bestaan 'n inskripsie wat bewys dat Gallio in 51 - 52 n.C. goewerneur was in Korinthe. Hy was 'n verstandige man, die broer van die beroemde wysgeer, Seneca, wat die leermeester van die latere keiser Nero was.

Die Jode het teen Paulus saamgespan en hom voor die regterstoel van die goewerneur gebring. Daar is hy beskuldig dat hy die mense oorhaal om God op 'n onwettige wyse te vereer. Gallio was egter nie van plan om hom met godsdienstige sake te bemoei nie. Hy sê toe dat as hulle die man van 'n oortreding of kwaadwillige skelmstuk aangekla het, sou hy daarop ingaan, maar oor godsdienstige sake moet hulle maar self beslis. Daarop jaag hy hulle weg. Hierdie optrede van die goewerneur het die Grieke aanleiding gegee om die leier van die Jode, Sósthenes, die hoof van die sinagoge, te lyf te gaan en te slaan. Gallio het dit aanskou maar hom nie daaraan gesteur nie.

Daarna is die rus herstel, maar dit was duidelik dat Paulus daaraan moes begin dink om weer na Antiochië terug te keer.

**§ 301 Briewe vanuit Korinthe geskryf**

In die agtien maande wat Paulus in Korinthe gebly het, het hy sy eerste briewe geskryf om die jong gemeentes te sterk in die geloof en te vermaan of teen dwaalleer te waarsku. Ons noem die briewe net kortliks:

Die *Eerste Brief aan die Thessalonicense* is geskryf net na die aankoms van Silas en Timótheüs in Korinthe, d.w.s. in 50 n.C. (vgl. 1 Thess. 1:1 en 3:6). Na aanleiding

van die berigte wat Timótheüs gebring het, spreek die apostel sy blydskap uit oor die geloof en liefde in die gemeente, en oor hulle herinnering aan hom. Hy vertel dan iets van sy werk sedert hy hulle verlaat het, en gaan ook in op die wyse waarop hy sy bediening onder hulle uitgeoefen het deur self hard te werk vir sy onderhoud. Voorts vermaan hy hulle om die sonde te vermy en op 'n wyse wat God behaag te wandel, want, sê hy: "Dit is die wil van God: julle heiligmaking" (4:3). Daarna bespreek hy die belangrikste saak wat in die gemeente misverstand veroorsaak het, naamlik, die wederkoms van Christus (4:13 e.v.). Die verwagting was dat die Here gou sou kom, maar dit het nie gebeur nie. Sommige van die gelowiges het al gesterf. Nou is die vraag: wat word van hulle, want hulle het die wederkoms nie beleef nie? Hierop antwoord Paulus dat die wat nog in die lewe is wanneer die Here kom, nie 'n voorsprong op die gestorwenes sal hê nie. By die geluid van die trompet sal almal, die lewende en die dode, opgeroep word om die Here te ontmoet.

Daarom is die hoofsaak dat hulle volhard in die voorbeeldige lewe en uitsien na die koms van die Here.

Die *Tweede Brief aan die Thessalonicense* is enkele maande na die eerste brief geskryf. Die apostel het van nuwe vervolging in die gemeente verneem en skryf om die gelowiges te bemoedig. Ook het hy gehoor dat sy eerste brief nie reg verstaan is nie. Daarin het hy van die wederkoms van Christus geskryf, maar dit blyk dat die gelowiges in Thessalonika onder die indruk gekom het dat die wederkoms onmiddellik op hande is en dat dit dus nie nodig is om met die gewone dagtake voort te gaan nie. Paulus stel die saak in die tweede brief reg (2:1 e.v.) Hy wys daarop dat heelwat dinge voor die koms van Christus nog moet gebeur. Eers moet die seun van die verderf, d.i. die Antichris, kom en in die heilige plek gaan sit asof hy God is. Daar kom ook nog tye van verdrukking. Die gelowiges moet volhard in die geloof en in die getroue volvoering van die daaglikse pligte. Hy sluit sy brief af met verskillende vermaninge, en met die mooi bede: "En mag Hy, die God van die vrede, julle volmaak heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!" (5:23).

Die *Brief aan die Galasiërs* is heel waarskynlik ook tydens Paulus se eerste verblyf in Korinthe geskryf. Die onsekerheid hieromtrent ontstaan deurdat dit nie presies bepaal kan word watter gemeente(s) Paulus bedoel as hy aan die "Galasiërs" skryf nie. Daar was 'n landstreek Galásië diep in die binneland, reg noord van die gemeentes wat Paulus op sy eerste sendingreis gestig het; en daar was 'n provinsie Galásië wat die landstreek saam met die gebied van die gemeentes van die eerste sendingreis ingesluit het. In Gal. 4:13 is daar 'n aanduiding dat Paulus "Galásië" twee maal besoek het. Indien die brief gerig is aan die gemeentes in die provinsie Galásië, was die eerste besoek tydens die eerste sendingreis toe hy die gemeentes in Antiochië in Pisidië, Ikonium, Listre en Derbe gestig het, en die tweede besoek tydens die tweede sendingreis toe hy weer by dieselfde gemeentes aangedoen het. In hierdie geval kan die brief vanuit Korinthe in die jaar 50 geskryf gewees het.

Indien die brief egter aan gemeentes in die landstreek van Galásië gerig is, was die eerste besoek tydens die tweede sendingreis toe Paulus deur die land Frigië en Galásië gegaan het (Hand. 16:6); en die tweede besoek tydens die derde sendingreis (Hand. 18:23). In daardie geval is die brief uit Éfese geskryf in ongeveer 53 n.C.

Aan die eerste moontlikheid kan voorkeur gegee word, en die brief kan behandel word as een van Paulus se vroegste briewe, geskryf uit Korinthe in 50 n.C.

Wanneer Paulus hierdie brief skryf, doen hy dit met heilige verontwaardiging. Sekere Judaïste het die gemeentes binnegesluip en aan hulle vertel dat daar geen redding sonder besnydenis was nie, en dat Paulus nie die gesag van 'n apostel het nie. Hierop antwoord Paulus deur daarop te wys dat hy nie deur mense aangestel is en ook nie deur mense sy evangelie ontvang het nie. Hy is deur Christus aangestel en het sy evangelie deur 'n openbaring ontvang. As iemand 'n ander evangelie verkondig, is so iemand 'n vervloeking. Dan gaan hy voort om aan te toon dat die redding nie deur die werke van die wet kom nie, maar deur die genade, en dat die gelowiges nie diensbaar is onder die wet nie maar vrygekoop is deur Christus. Daarom moet hulle ook in die vryheid staan en nie die werke van die vlees doen nie, want dié is sonde, maar hulle moet die vrug van die Gees voortbring in hulle lewe. Daarna vermaan hy hulle om 'n christelike lewe te lei, en vat

alles saam met die woord: "Dra mekaar se laste, en vervul só die wet van Christus" (6:2). Hy sluit die brief af in groot letters met sy eie hand (6:11).

**§ 302 Die terugreis na Antiochië (Hand. 18:18-22)**

Na die oproer van die Jode voor die regterstoel van Gallio (§ 300) het Paulus nog verskeie dae in Korinthe gebly en toe van die broeders afskeid geneem en die terugreis na Antiochië begin. Hy word vergesel deur Silas en Timótheüs, en ook Áquila en Priscílla reis saam. In die hawe Kenchréë sou hulle skeepgaan. Voordat dit gebeur, het Paulus sy hoof geskeer "want hy het 'n gelofte gedoen".

Lukas gee ons geen nadere verklaring van hierdie gelofte van Paulus nie. Dit verwys waarskynlik na 'n vrywillige tydelike Nasireërgelofte soos beskryf in Num. 6. Van die dag waarop die gelofte gedoen word, word die hare nie geskeer nie tot op die dag waarop die gelofte vervul is. Paulus het blykbaar in Korinthe so 'n gelofte aan die Here gedoen. Moontlik staan dit in verband met die nagtelike gesig waarin die Here hom aangesê het om in Korinthe te bly, en beloof het dat die Here hom van gevare sou bewaar (Hand. 18:9-10). Paulus het belowe om die opdrag van die Here uit te voer, en sou sy hare nie skeer nie tot op die dag dat die Here hom veilig uit Korinthe laat vertrek. Nou, op die punt om te vertrek, skeer hy sy hoof.

Die skip vaar oor die Aegéïese See na Éfese, die grootste stad aan die kus van Klein-Asië. Daar kon hulle 'n paar dae vertoef. Paulus gebruik die tyd om na die sinagoge te gaan en met die Jode te spreek. Hulle is vriendelik en wil graag meer van sy boodskap hoor. Hul versoek dat hy langer daar moet bly, wys hy van die hand, maar belowe dat as die Here dit wil, hy weer sal kom. Áquila en Priscílla het in Éfese agtergebly terwyl Paulus en sy medewerkers verder gevaar het en in Caesaréa aan land gegaan het.

Of Paulus van daar na Jerusalem gegaan het, word nie vermeld nie. Dit is egter heel waarskynlik, maar die besoek moes van so 'n korte duur gewees het dat Lukas dit nie opgeteken het nie. Van daar gaan Paulus terug na sy beginpunt: Antiochië. Van sy aankoms en ontvangs aldaar word ook niks vertel nie, maar dit was stellig net so hartlik as by sy tuiskoms ná die eerste sendingreis.

## XXVII. DIE DERDE SENDINGREIS

### § 303 Van Antiochië na Éfese (Hand. 18:23; Gal. 4:12-14; Hand. 19:1)

'n Tyd lank het Paulus in Antiochië vertoef. Sy gees het egter weer rusteloos geword. Die sorge vir die jong gemeentes wat onder die heidene ontstaan het, en sy drang om in nuwe gebiede die evangelie te verkondig, het hom laat besluit om 'n derde sendingreis te onderneem. Watter medewerkers hom op hierdie reis vergesel het, word nie uitdruklik vermeld nie, maar uit die vertelling van wat in Éfese gebeur het, blyk dat Titus en Timótheüs met hom saam was. Silas het hom nie vergesel nie; hy word later genoem as 'n helper van Petrus (1 Pet. 5:12).

Van Antiochië reis die apostel deur Cilícië na Tarsus, en van daar oor die Taurusberge na Derbe, Listre en Ikónium tot in Antiochië in Pisidië. In hierdie gemeentes het die Judaïste afbreuk probeer doen aan die werk van Paulus. Hy het dus by elkeen 'n tyd lank verwyl om hulle in die gesonde leer sterk te fundeer en hulle toe te rus vir die stryd en verdrukking wat die gelowiges in die heidenwêreld te wagte moet wees.

Van Pisidië gaan Paulus in 'n noordelike rigting tot in die landstreek Galásië. Van daar reis hy na die suidweste deur die landstreek Frigië en bereik die groot hawestad Éfese. Besonderhede omtrent Paulus se wedervaringe op hierdie uitgebreide reis word deur Lukas nie vertel nie. Ons moet egter aanneem dat dit met allerlei ontberinge vir die apostel gepaard gegaan het, en dat dit ook 'n geruime tyd, moontlik 'n hele jaar, in beslag geneem het. Vir hom was dit daarom 'n groot vreugde om in Éfese aan te kom waar sy vriende Áquila en Priscílla nog gewoon het, en waar die Jode uitgesien het na sy koms (Hand. 18:20-21).

### § 304 Apollos (Hand. 18:24-28; 19:1a)

Hoedat die gemeente in Éfese ontstaan het, is aan ons nie bekend nie. Op die terugreis uit Korinthe op die tweede sendingreis het Paulus 'n paar dae daar deurgebring en in die sinagoge opgetree, waarskynlik net op een Sabbat (Hand. 18:19). Áquila en Priscílla het by daardie geleentheid daar agtergebly en voortgegaan met die verkondiging. Daar het toe al 'n klein groep gelowiges bestaan. Waarskynlik is die evangelie die eerste keer in Éfese verkondig deur mense uit die provinsie Asië wat op die Pinksterdag in Jerusalem was toe die Heilige Gees uitgestort is (Hand. 2:9). Ook was daar in die stad 'n aantal volgelinge van Johannes die Doper wat iets van Jesus geweet het, maar nog onbekend was met sy dood en opstanding en met die koms van die Heilige Gees.

In hierdie omstandighede het Áquila en Priscílla in Éfese met hulle getuienis begin. Hulle was egter eenvoudige ongeleerde tentmakers en het op 'n beskeie manier vir die Naam van Jesus getuig. In die sinagoge het Áquila, by ons wete, nie as spreker opgetree nie. Hulle was egter op die uitkyk na iemand wat beter toegerus was as hulle, wat kragtig kon optree. Dit was ook nie lank nie of 'n jongman, Apollos, trek hul aandag.

Apollos was 'n Hellenistiese Jood afkomstig uit Alexandrië, destyds een van die belangrikste sentrums van geleerdheid in die Romeinse Ryk. Daar was 'n groot Joodse nedersetting wat o.a. 'n beroemde geleerde, Filo, opgelewer het. In daardie atmosfeer van die najaag van wetenskap en kuns het Apollos hom bekwaam in die kennis van die Skrifte, die wysbegeerte en die welsprekendheid, en ontplooi as 'n uitnemende redenaar. In Éfese het hy gou naam gemaak as iemand wat "magtig in die Skrifte" was. Daar het hy in aanraking gekom met die volgelinge van Johannes die Doper en van hulle iets geleer omtrent "die weg van die Here", d.w.s. aangaande Jesus as die Weg vgl. Hand. 9:2; § 264).

In die sinagoge het Apollos met vrymoedigheid as spreker opgetree en 'n diepe indruk gemaak. Áquila en Priscílla het ingesien dat hy 'n kragtige getuie vir Jesus kon word as hy eers tot die volle kennis van die saligheid gebring word. Daarom het hulle hom na hulle huis genooi. Daar het hierdie eenvoudige egpaar die geleerde jongman begin onderrig in die weg van die Here, en die fyn geleerde Apollos was groot genoeg van gees om die onderrig nie te versmaad nie. Hy het tot volle kennis gekom van die Weg van God en dit gelowig aangeneem. Voortaan het Apollos as 'n kragtige getuie van Christus opgetree.

Van sy geestelike vader en moeder, Áquila en Priscílla, het hy baie omtrent Korinthe gehoor, en het die begeerte begin koester om daarheen te gaan. Die broeders in Éfese het hom

aangemoedig om na Acháje te gaan, en het aan hom 'n brief van bekendstelling saamgegee, gerig aan die dissipels in Korinthe. Daarin word gevra dat hulle Apollos vriendelik moet ontvang. Voorsien van hierdie "attestaat" het Apollos na Korinthe gegaan. Daar het hy die prediking onder die Jode met krag aangepak. Die Jode het destyds geweier om na die prediking van Paulus te luister, met die gevolg dat hy hom op die heidene toegespits het. Nou het Apollos die werk onder die Jode hervat. Hy het op die hele gemeente 'n groot indruk gemaak, met die ongelukkige newe-gevolg, wat hy egter self afgekeur het, dat daar 'n Apollosparty ontstaan het (vgl. 1 Kor. 1:12).

**§ 305 Paulus se eerste optrede in Éfese (Hand. 19:1-7)**

Toe Paulus na sy lang reis deur Klein-Asië in Éfese aankom, was Apollos reeds weg na Korinthe. Eers later sou die apostel met hom persoonlik kennis maak. In Éfese was Paulus se eerste taak om die gelowiges op te soek. By sy rondgaan, waarskynlik onder leiding van Áquila en Priscílla, het hy 'n aantal persone gevind, omtrent twaalf van hulle, wat hulself as dissipels beskou het, maar nie in die volle sin van die woord Christene was nie. Paulus het nader ondersoek ingestel na hul omstandighede.

Omdat hy gemerk het dat daar 'n belangrike element in hulle lewe ontbreek het en dat daar geen krag van hulle uitgegaan het nie, vra hy: "Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?" Daarop kom die verrassende antwoord dat hulle nog nie eens gehoor het "dat daar 'n Heilige Gees is nie"'. Hulle word dus wel beskou as gelowiges, maar hulle weet niks van die Heilige Gees nie. Op Paulus se vraag omtrent hulle doop, antwoord hulle dat hulle met die doop van Johannes die Doper gedoop is.

Uit hierdie omstandigheid moet ons aflei dat 'n leerling van Johannes die Doper hom in Éfese kom vestig het en daar voortgegaan het met die prediking soos hy dit van Johannes gehoor het. Hy het opgeroep tot bekering omdat die koninkryk van God naby gekom het, en diegene wat gehoor gegee het, het hy gedoop. Veel sukses het hy nie gehad nie. Slegs 'n klein groepie het aan daardie prediking gehoor gegee, maar hulle het daarin ook getrou volhard.

Paulus bring hierdie mense byeen en gee aan hulle noukeurige onderrig aangaande Jesus Christus en die koms van die Heilige Gees. Hy begin by die doop van Johannes. Dit was 'n doop van bekering wat gepaard gegaan het met die heenwysing na die Een wat sou kom (vgl. Matt. 3:11; § 24). Ná daardie tyd het Jesus Christus gekom en deur sy dood en opstanding die weg na die koninkryk van God geopen. Op die Pinksterdag is die Heilige Gees uitgestort en Hy woon in almal wat in die Naam van Jesus gedoop is.

Toe hierdie manne dit alles hoor, het hulle dit gelowig aanvaar. Daarop is hulle gedoop in die Naam van Jesus, die Here. Paulus het hulle daarna die hande opgelê, en die gawe van die Heilige Gees het op hulle gekom, sodat hulle met tale gespreek en geprofeteer het tot lof van God. Hierin het hulle dieselfde ondervinding van die kragtige werkinge van die Gees gehad as die mense in die huis van Cornelius (Hand. 10:44 e.v.; § 270).

Die vraag ontstaan waarom Paulus hierdie gedooptes oorgedoop het. Moes hy dan nie die doop van Johannes as geldig aanvaar het nie? Jesus het immers self die doop van Johannes erken en nie voorgeskryf dat diegene wat deur Johannes gedoop is, weer 'n keer gedoop moet word nie (vgl. Joh. 3:22 e.v.). Die antwoord op die vraag moet gevind word in die besondere opdrag van Johannes. Hy was die wegbereider van die Messias. In daardie hoedanigheid het hy opgeroep tot die doop van bekering. Hierdie doop was 'n bevestiging van die innerlike verandering van hart en die bereidheid om die Messias te ontvang. Toe Jesus Christus self gekom het, was die voorbereiding nie meer nodig nie, en ook nie die doop van Johannes nie. Voortaan word die gelowiges gedoop in die Naam van die Here Jesus. Dit was dus nooit die bedoeling dat die leerlinge moes voortgaan om die doop van Johannes te bedien, en sodoende 'n aanhang van Johannes naas 'n aanhang van Jesus te vorm nie. Die doop van Johannes het dus ongeldig geword. Daarom doop Paulus die Johannes-volgelinge opnuut, en wel in die Naam van die Here Jesus. Dat hy hierin reg gehandel het, word bevestig deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

**§ 306 Die uitbou van die gemeente (Hand. 19:8-12)**

Ook in Éfese het Paulus die reël gevolg van "eers die Jood en dan die Griek" (vgl. Rom. 1:16; 2:10). Die Jode daar was ook vriendelik teenoor hom sodat hy met vrymoedigheid in die sinagoge gespreek het. Daar het hy met hulle geredeneer en

hulle probeer oortuig van die dinge aangaande die koninkryk van God. Vir drie maande lank was hy daarmee besig, en dit het goed gegaan.

Mettertyd het daar egter onder die Jode verset teen Paulus begin posvat. Daar was tekens dat sommige verhard geword het. Hulle het toegeneem in getal en strydlus. Openlik het hulle begin kwaadspreek van "die Weg", d.w.s. die leer aangaande Jesus Christus, die weg, die waarheid en die lewe (vgl. § 264). As gevolg hiervan het Paulus sy hand van die Jode afgetrek en hom tot die gelowiges afsonderlik gewend. Hy het hulle elke dag byeengebring in die skool van 'n sekere Tiránnus. Hierdie Tiránnus was waarskynlik 'n leermeester in die wysbegeerte wat by sy huis 'n ruim saal opgerig het, wat hy as skool gebruik het. Nadat hy tot bekering gekom het, het hy die skoolsaal tot beskikking van die gemeente gestel. Hulle kon dit natuurlik slegs op dié tye van die dag gebruik wanneer hy dit nie self vir sy leerlinge nodig gehad het nie.

Vir twee jaar lank het Paulus met hierdie arbeid voortgegaan en met groot vrug gearbei. Van Éfese af het die woord van die Here Jesus versprei na die hele omliggende gebied, en is dit na al die dele van die provinsie Asië uitgedra. In daardie tyd het daar ook gemeentes ontstaan in plekke wat Paulus self by ons wete nooit besoek het nie, soos in Laodicéa en Kolosse waar Épafras 'n groot werk gedoen het (Kol 1:7). Van Paulus het daar in dié tyd buitengewone krag uitgegaan sodat tekens en wondere deur sy hand geskied het. Siekes is genees en besetenes bevry van die bose geeste. Selfs wanneer doeke of voorskote ('n kledingstuk wat die tentemaker by sy werk gebruik het) wat aan Paulus se lyf was, op siekes gelê is, het die siekte van hulle gewyk. Hierdie kragte was egter nie eie aan Paulus self nie. Dit was God wat deur hom gewerk het (Hand. 19:11).

**§ 307 Die seuns van Skeva (Hand. 19:13-20)**

Ten spyte van die hoogstaande geleerdheid en kultuur van Éfese was die stad, net soos die hele wêreld van daardie tyd, in die greep van bygeloof, towery, besetenheid en besweringe. Daar was ook diegene wat uit die omgang met bose wagte en uit die besweringe ryk geword het (vgl. § 294). By 'n beswering of die uitdryf van 'n bose gees is 'n omslagtige seremonie uitgevoer waarby allerlei towerformules uitgespreek is, wat gewoonlik net uit 'n reeks sinlose klanke bestaan het. Daar was ook die geloof in die krag van 'n naam. As die besweerder 'n naam kon noem wat sterker was as die naam van die bose gees, kon hy die gees deur so 'n naam bedwing.

In Éfese het daar 'n sewetal rondtrekkende duiwelbesweerders aangekom. Hulle was Jode, die seuns van 'n owerpriester, Skeva. Hulle was dus uit 'n vooraanstaande familie en moes die Skrifte geken en geweet het dat hulle praktyke deur die wet verbied was (vgl. Deut. 18:9; § 279). Tog gaan hulle daarmee voort ter wille van die goeie winste. Toe hulle merk dat Paulus kragtige dade in die Naam van Jesus doen en dat selfs doeke wat aan sy lyf was, gebruik is om siektes te genees, het hulle op die gedagte gekom dat hulle die twee "kragtige name" naamlik "Jesus" en "Paulus" sou kon gebruik vir hulle besweringe. By die eersvolgende geleentheid dat hulle 'n bose gees moes besweer, het hulle eers die gewone seremonie uitgerig en toe aan die besetene gesê: "Ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig." Die bose geeste het diepe ontsag vir Jesus en sy Naam gehad, maar hulle het ook geweet dat die Naam in die mond van ongelowiges kragteloos was omdat dit nie in eerbiedige vrese van die Here nie maar bloot vir wins uitgespreek is. Daarom antwoord die bose gees: "Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?" (vgl. § 294). Daarop spring die besetene met bomenslike krag op die sewe man, skeur hulle klere van hulle af en slaan hulle dat die bloed loop. Naak en bebloed vlug hulle toe weg uit die huis uit. En natuurlik nie ongesiens nie.

Hierdie gebeurtenis het gou in die stad bekend geword. By Jode en Grieke is daar 'n groot ontsag gewek vir die Naam van Jesus, en hulle het die Naam groot gemaak. Baie het gelowig geword en na vore gekom om belydenis van sonde te doen, waarby hulle hul bose dade openlik genoem het (v. 18). Verskeie van diegene wat met towery omgegaan het, het al die boeke wat daarop betrekking gehad het, byeengebring. In een van die strate is die boeke opgestapel en verbrand. Volgens berekening was die waarde van die boeke vyftigduisend silwerstukke. Vir die eienaars was dit egter geen verlies nie, omdat hulle die ware rykdom in Christus gevind het.

Hierdie gebeurtenis het daartoe bygedra dat die woord van die Here "met krag gegroei en sterk geword het" (v. 20).

## § 308 Sorge oor die gemeente in Korinthe

Tussen Éfese en Kenchréë, die hawe van Korinthe, was daar 'n drukke skeepvaartverkeer veral in die somermaande, en dus ook 'n gereëlde uitwisseling van nuus. Langs hierdie weg het Paulus berigte ontvang van die gemeente in Korinthe. Dit het begin blyk dat die gemeente nie in alle opsigte bestand was teen die invloed van die heidendom nie en aan dinge begin meedoen het, waaraan 'n Christen nie behoort mee te doen nie.

In sy besorgdheid het Paulus 'n brief aan die gemeente geskryf waarin hy hoofsaaklik teen die gevaar van die onsedelikheid gewaarsku het. Hierdie brief, waarna hy in 1 Kor. 5:9 verwys, het nie vir ons behoue gebly nie.

Nadat die gemeente bogenoemde brief ontvang het, het hulle die behoefte gevoel om die raad van die apostel te vra in verband met sekere probleme wat hulle ondervind het. Hulle wou van hom voorligting hê oor sekere aspekte van die huweliksverhouding, oor die eet van vleis wat aan afgode geoffer is, en oor die besondere genadegawes van die Heilige Gees, veral die spreek in tale. Met die oog hierop skryf hulle 'n brief aan die apostel en stuur dit oor met drie verteenwoordigers van die gemeente, te wete Stéfanas, Fortunátus en Acháïcus (1 Kor. 16:17). Paulus was bly om hierdie drie te sien, en het hulle uitgevra oor die toestand in die gemeente. Daar het ook sekere huisgenote van Chloë in Éfese aangekom wat hom o.a. van die dreigende partyskappe in Korinthe vertel het. As gevolg van die inligting wat hy op hierdie wyse verkry het, skryf Paulus 'n brief aan die gemeente waarin hy hulle bestraf oor sekere misstande, en voorts antwoord op die vrae wat hulle aan hom gestel het. Hierdie brief ken ons as:

Die *Eerste Brief aan die Korinthiërs.* Daarin vermaan die apostel die gemeente om af te sien van die partyskappe en eensgesind te wees. Daarna bestraf hy hulle omdat hulle 'n ergerlike geval van ontug in hulle midde verdra, en voorts omdat hulle mekaar voor die hof van heidense regters daag oor allerlei beuselagtige sake wat hulle onder mekaar uit die wêreld moes gemaak het. Daarna antwoord hy op die vrae rakende die huwelik. Aangaande die eet van vleis wat aan afgode geoffer is, wys hy daarop dat Christene nie in afgode glo nie en dus die vleis kan eet, maar as hulle voorbeeld die swakker broer wat wel in afgode glo, tot 'n val kan bring, moet hulle liewer nie sulke vleis aanraak nie. In aansluiting hierby praat hy ook oor die liefdesmaaltye waarby onordelikhede voorgekom het, met die gevolg dat ook die nagmaal van die Here sonder die nodige voorbereiding of eerbied gebruik is. Oor die gawes van die Gees skryf hy uitvoerig en verduidelik dat die gawes moet dien tot opbou van die gemeente. As die onverstaanbare talespraak nie onmiddellik uitgelê word deur iemand wat daartoe 'n besondere genadegawe ontvang het nie, moet dit liefs nie in die byeenkoms van die gemeente beoefen word nie. Die uitnemendste gawe is die liefde, en dít moet nagejaag word. Voorts bespreek die apostel 'n dwaalleer in Korinthe wat beweer dat daar geen opstanding uit die dode is nie. Hy wys daarop dat dit beteken dat die opstanding van Jesus Christus verloën word en die geloof gevolglik sonder inhoud is. Daar is wel 'n opstanding en juis daardie waarheid gee die gelowiges die krag om in hierdie lewe te volhard in die goeie. Daarna verduidelik Paulus hoedanig die verheerlikte opstandingsliggaam sal wees, en hoedat die Here in heerlikheid sal kom om almal tot Hom te neem.

In die laaste hoofstuk van die brief vertel Paulus iets van sy planne vir die toekoms. Hy wil in Éfese bly tot na die Pinkster. Dan wil hy langs die kus op gaan na Troas en van daar na Macedónië. Daar sal hy die roete van sy tweede sendingreis volg tot in Korinthe waar hy 'n tyd lank sal bly. Van daar moet die gemeente hom dan voorthelp na waar hy ook al moet gaan.

Hierdie brief stuur Paulus met Timótheüs na Korinthe. Hy versoek die gemeente om hom hartlik te ontvang (1 Kor. 4:17; 16:10).

Van sekere uitsprake van die apostel in hierdie brief het sommige in Korinthe nie gehou nie. Daar het 'n gevoel teen die apostel begin ontstaan. Intussen het daar ook iemand aangekom wat voorgegee het dat hy 'n meer gesaghebbende apostel was as Paulus. Blykbaar was dit weer een van die Judaïste. Hy het daarin geslaag om openlik die gemoedere teen Paulus op te sweep. Daarteenoor het Timótheüs en ook Apollos magteloos gestaan. Van hierdie ongelukkige toedrag het Paulus te hore gekom en hy besluit om sonder versuim op reis te gaan na Korinthe om self die gemeente tot rus te probeer bring. Aangesien die saak spoed eis, besluit hy om nie oor Troas en deur Macedónië te reis, soos hy in die brief geskryf het nie, maar om met 'n skip direk oor te vaar. Dan sou hy eers Korinthe besoek en

van daar na Macedónië gaan, en weer terugkeer na Korinthe sodat hulle 'n dubbele besoek op die een reis sou ontvang (2 Kor. 1:15-16).

By sy aankoms in Korinthe het Paulus so 'n bittere gees van verset en vyandskap teen hom teëgekom dat hy geen ingang by die meerderheid kon vind nie. Hulle wou eenvoudig nie na hom luister nie. As gevolg hiervan het hy sy plan om van daar na Macedónië te reis, laat vaar en direk na Éfese teruggekeer saam met Timótheüs.

Die ondervinding in Korinthe was vir die apostel 'n ontsettende teleurstelling. Hy wou hulle egter nie loslaat nie, want soos hy geskryf het: "In Christus Jesus het ek julle vader geword deur die evangelie" (1 Kor. 4:15). Daarom skryf hy opnuut 'n brief aan Korinthe, en hy doen dit "uit groot benoudheid en verdrukking van hart .... en onder baie trane" (2 Kor. 2:4). Hierdie *tranebrief,* wat nie vir ons behoue gebly het nie, stuur Paulus met Titus na Korinthe. Titus kry die opdrag om die goeie verhouding te probeer herstel, die kollekte vir Jerusalem te organiseer, en dan deur Macedónië te reis tot in Troas waar hy moes wag op die aankoms van Paulus (2 Kor. 2:12).

Nadat Titus vertrek het, het Paulus met 'n hart vol sorge oor Korinthe sy werk in Éfese hervat. Hy wou eerlank na Troas vertrek.

## § 309 Vervolging in Éfese (1 Kor. 15:32; 2 Kor. 1:8-10)

'n Tyd het aangebreek waarin Paulus dit in Éfese nie meer so maklik gehad het nie. Watter verdrukking daar oor hom gekom het, word deur Lukas nie vertel nie. In die briewe van die apostel is daar net vae verwysings na groot gevare waarin hy verkeer het. In 2 Kor. 6:5 en 11:23 verklaar hy dat hy in "gevangenskappe" was. Tot op die tyd dat hy hierdie brief geskryf het, was hy by ons wete net in een gevangenskap, naamlik in Filippi (Hand. 16:23 e.v.). Daar moes dus ander gevangenskappe gewees het waarvan ons nie vertel word nie, en minstens een daarvan was dan in Éfese.

In 1 Kor. 15:32 verwys Paulus na 'n geveg met wilde diere in Éfese. Dit is te betwyfel of ons hieruit moet verstaan dat hy letterlik in die arena teen wilde diere geveg en dit oorleef het. Blykbaar gebruik hy beeldspraak om die groot verdrukking waarin hy verkeer het, te beskryf. Nietemin verklaar hy dat daar 'n geleentheid was in Asië dat hy in so 'n groot lewensgevaar verkeer het dat hy al die doodvonnis oor hom gehad het en aan sy lewe gewanhoop het. Maar God het hom wonderbaarlik uitgered (2 Kor. 1:8-10). Waarskynlik was dit die geval waar Áquila en Priscílla hulle lewe vir hom gewaag het (Rom. 16:3-4).

Uit al hierdie benoudhede het God hom gered sodat hy "die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting" beter sou leer ken, en gevolglik ander wat in nood verkeer het, kon vertroos (2 Kor. 1:3 e.v.).

## § 310 Die Demétrius-oproer (Hand. 19:21-40)

Paulus het begin voorbereidsels tref vir sy vertrek uit Éfese. Hy wou die reisplan soos hy dit aan die Korinthiërs voorgestel het (1 Kor. 16:5 e.v.), uitvoer. In Troas sou hy volgens afspraak vir Titus ontmoet (vgl. § 308), en dan deur Macedónië en Achaje tot in Korinthe reis. Van daar wou hy na Jerusalem terugkeer en daarna 'n reis onderneem na Rome, die hoofstad van die magtige Romeinse Ryk. Met die oog hierop het hy sy twee helpers, Timótheüs en Erástus, vooruit gestuur na Macedónië. Hyself sou nog 'n tyd lank in Asië bly.

Daar het egter iets gebeur wat die vertrek van Paulus uit Éfese verhaas het. Dit was 'n oproer wat aan die gang gesit is deur 'n sekere silwersmid, Demétrius.

In die antieke wêreld het Éfese groot bekendheid verkry omdat die skitterende tempel van die godin Artemis (= Diana, in Latyn) wat daar gestaan het, gereken is tot een van die sewe wonders van die wêreld. Van heinde en ver het mense gekom om die tempel te besigtig en om Artemis te vereer. Daar was ook groot belangstelling vir, en heidense eerbetoon aan 'n beeld van Artemis wat uit die hemel sou geval het (Hand. 19:35). Die besoekers was gewoonlik bereid om heelwat geld te bestee aan aandenkings wat hulle kon terugneem na hul tuistes. Die aanvraag het geleentheid gebied aan die silwersmede van Éfese om groot winste te maak uit die verkoop van beeldjies van Artemis en van haar tempel. Een van die rykste onder hulle was Demétrius, wat 'n aansienlike verdienste verskaf het aan 'n hele aantal ambagsmanne.

Nadat Paulus oor die twee jaar in Éfese die evangelie verkondig het (vgl. Hand. 20:31), en die woord ook uitgedra is in die hele Klein-Asië, het Demétrius besorg begin raak oor sy inkomste. Daar was 'n aanmerklike afname in die getal besoekers wat na die tempel van Artemis gekom het, en slegs 'n geringe aanvraag vir die silwer beeldjies van die tempel. Demétrius roep toe 'n vergadering van silwersmede en hulle

ambagsmanne en werkers saam, en spreek hulle toe. Hy wys daarop dat hulle welvaart afhang van die inkomste uit die verkoop van die aandenkings. Maar deur die optrede van Paulus het mense in die hele Asië afvallig geword omdat hulle nie meer die gode wat met hande gemaak is, wil vereer nie. Dit doen nie alleen aan hulle vak as silwersmede skade nie, maar bring oneer oor die tempel van die groot godin Diana, en is 'n belediging vir haar majesteit die godin self.

Demétrius het die vergadering opgesweep totdat hulle woedend was teen Paulus en uitgeroep het: "Groot is Diana van die Efésiërs!" Toe die bevolking die uitroepe hoor, het hulle in verwarring geraak en na die skouburg gestroom. Twee medewerkers van Paulus, Gajus en Aristárchus, albei uit Macedónië afkomstig, is gegryp en na die skouburg gesleep, maar blykbaar het niks verder met hulle gebeur nie. Paulus het van die oproer gehoor en was op die punt om na die skouburg te gaan toe 'n aantal dissipels hom teruggehou het. Sommige van die "owerstes van Asië, d.w.s, lede van die "provinsiale raad" van die provinsie Asië, wat vriende van Paulus was, het laat weet dat hy geensins na die skouburg moes gaan nie. Hieraan het hy gehoor gegee.

In die skouburg was daar 'n groot verwarring omdat niemand eintlik geweet het wat die moeilikheid was nie. Daar was 'n heen en weer geskreeu waarvan niks verstaan kon word nie. Die Jode het blykbaar gemeen dat die woede teen hulle gerig was. Hulle stoot toe een onder hulle, met die naam Alexander, na, vore en hy probeer om die skare toe te spreek. Toe hulle egter agterkom dat hy 'n Jood was, het hulle so geskreeu dat hy niks verder kon praat nie. Vir twee uur aaneen het hulle uitgeroep: "Groot is die Diana van die Efésiërs!" Toe die skare moeg geskreeu was, het die stadsklerk na vore gekom en hulle toegespreek. Hy was 'n verstandige man. Hy bring drie dinge onder die aandag van die bevolking: eerstens, dit staan vas dat die stad Éfese die tempelbewaarder is van die groot godin Diana, en van haar beeld wat uit die hemel geval het. Hierdie feit bly vas staan en daaroor hoef niemand hom besorg te maak nie. Tweedens het niemand tempelroof of iets dergeliks gepleeg nie, en as Demétrius 'n klag teen iemand het, is die aangewese weg dat hy na die regters gaan; en as die volk 'n besondere versoek het, moet hulle dit by die wettige vergadering aanhangig maak. Derdens moet hulle bedink dat hulle met 'n oproer besig is en dat die Romeinse owerheid daaromtrent rekenskap kan eis en selfs strafmaatreëls kan toepas.

Met hierdie woorde het die stadsklerk die skare tot bedaring gebring en hulle het uiteengegaan. Tog het die optrede van Demétrius 'n atmosfeer van verdenking en vyandskap geskep wat dit vir Paulus gerade gemaak het om sy vertrek te verhaas.

**§ 311 Die reis na Macedónië (Hand. 20:1; 2 Kor. 2:12-13; 7:5-6 en 13 e.v.)**

Nadat Paulus hom gereed gemaak het vir die reis het hy die gelowiges byeen laat kom en aan hulle 'n afskeidswoord gerig. Daarna het hy uit Éfese vertrek en noordwaarts gegaan oor Smirna en Pergamus na Troas. Hy het in groot spanning verkeer oor sake in Korinthe en het nog geen berig gehad omtrent die gemeente se reaksie op die"tranebrief" wat hy met Titus gestuur het nie. Daarom was hy ongeduldig om Titus te ontmoet.

Volgens afspraak sou Titus van Korinthe af deur Macedónië reis en in Troas vir die apostel wag (2 Kor. 2:12). Toe Paulus in Troas kom, wel 'n bietjie vroeër as wat hy beplan het, was Titus nog nie daar nie. Vir die apostel was dit 'n groot teleurstelling. Hy het wel nie ledig op die koms van Titus bly wag nie, maar met die prediking van die evangelie begin. In Troas was daar ook baie harte oop vir die ontvangs van die woord, en Paulus het besef dat "'n deur vir my in die Here geopen was" (2 Kor. 2:12). Tog het sy besorgdheid oor Korinthe hom uiters onrustig gemaak en hy besluit om oor te vaar na Macedónië. Hoewel die plekke wat hy daar aangedoen het, nie vermeld word nie, lê dit voor die hand dat hy die gemeentes in Filippi, Thessalonika en Beréa besoek het. Die eerste plek waar hy 'n tyd lank vertoef het, was Filippi waar hy stellig weer van die gasvryheid van Lídia geniet het, en hom verbly het in die gemeenskap met die broeders en susters in die Here.

Érens in Macedónië, moontlik in Filippi, ontmoet Paulus sy medewerkers wat hy vooruit gestuur het van Éfese af, Timótheüs en Erástus (Hand. 19:22). Wat hom egter met blydskap oorweldig het, was die koms van Titus. Met 'n gesig wat straal van blydskap het die jongman die apostel begroet omdat hy vir hom goeie tyding kon bring (2 Kor. 7:13). Titus kon die hart van die apostel gerusstel oor Korinthe. Die gemeente het berou gehad oor die onaangename dinge wat hulle die apostel aangedoen het. Hulle wou alles weer regstel en het daarna verlang dat Paulus

hulle so gou moontlik besoek.
Die dankbaarheid en vreugde van Paulus was so groot dat hy dadelik 'n brief aan die gemeente skryf:
*Die* ***Tweede Brief aan die Korinthiërs.*** Die apostel vertel daarin kortliks iets van die groot gevaar waarin hy in Asië verkeer het, en dat God hom uitgered het. Daarna verduidelik hy waarom hy 'n tussenbesoek by die gemeente afgelê het toe daar allerlei misverstande was. Nou is hy dankbaar dat die gemeente vir hom weer ruimte gemaak het in hul hart. Voorts wys hy daarop dat hulle nie aan die letter van die wet moet vashou soos die Judaïste dit wil nie, maar hulle moet vasklem aan Jesus Christus wat die wêreld met Homself versoen het, en aan die apostels die boodskap van die versoening toevertrou het. Ook vir die gelowige sal daar verdrukking wees, maar hy kyk vooruit na die allesoortreffende heerlikheid wat in die hemel vir hom weggelê is. Daarom sien hy ook met verlange uit na die dag wanneer hy opgeneem word in die ewige woning. Met die oog daarop is dit ook noodsaaklik dat daar geen bondgenootskap met die bose sal wees nie, maar dat die gelowiges heilig sal lewe soos seuns en dogters van die Vader in die hemel. In hfst. 8-9 spoor die apostel die gemeente aan om mild by te dra vir die kollekte wat bestem is vir die armes in Jerusalem. Hy wys daarop dat Christus arm geword het om ons ryk te maak, en dat ons daarom ook tot selfverloëning bereid moet wees; en voorts dat elkeen wat spaarsaam saai, ook weinig sal maai. Dus, wie ruim is in die bewys van barmhartigheid, sal ook barmhartigheid ondervind. In die laaste deel van die brief, hfst.10-13 spreek die apostel hom sterk uit teen die persoon of persone wat in die gemeente verdenking teen hom gesaai het asof hy nie 'n egte apostel sou wees nie. Hy wys op die onopregtheid van hierdie mense. Daarteenoor is die opregtheid van Paulus deur oorvloedige verdrukkinge en lyding getoets. Bowendien het hy buitengewone geestelike belewinge gehad waarop hy sou kon roem. Maar die Here het hom verhinder om te roem deur 'n doring in sy vlees te gee. Daardeur het hy geleer dat hy swak is, maar dat die krag van Christus juis in sy swakheid volbring word. Nog eens vermaan hy die gemeente om hulle nie meer deur dwaalleraars te laat verlei nie, sodat dit vir Paulus nie nodig sal wees om met strengheid na hulle te kom nie maar in liefde. Hierdie brief sluit hy af met die seënbede wat aan ons so bekend is: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal!" (2 Kor. 13:13).
Aan Titus word hierdie brief vir aflewering toevertrou. Hy kry die opdrag om daarmee terug te gaan na Korinthe en voort te gaan met die insameling van die kollekte. Paulus sou kom so gou as hy kon, maar hy het teenoor die gemeentes in Macedónië verpligtings gehad en kon hulle nie afskeep nie. Dit was belangrik dat hy hulle tydsaam versorg.

**§ 312 Drie maande in Korinthe (Hand. 20:2-3)**

Van die een gemeente na die ander het Paulus suidwaarts deur Macedónië getrek, en oral gepreek en die gelowiges versterk. Na 'n geruime tyd het hy Korinthe bereik. Die gemeente was deur die brief wat Titus van Macedónië af gebring het, en deur die arbeid van Titus self, voorberei vir sy koms. Die ontvangs was stellig baie hartlik. Van die valse leraars hoor ons nie weer nie. Die gemeente het hulle waarskynlik uitgeban.
Onderwyl hy in Korinthe was, het Paulus sy toekomsplanne grondig oorweeg. Twee dinge het by hom swaar geweeg: hy het gemeen dat sy werk in daardie streke afgedaan is sodat hy nou na ander gebiede kan gaan met die boodskap van die evangelie; en verder het hy 'n sterk begeerte gehad om na Rome te gaan, en indien moontlik verder na die weste tot in Spanje (Rom. 15:23-24). Eers wou hy na Jerusalem gaan om die kollekte van die gemeentes van Acháje en Macedónië daar te besorg tot ondersteuning van die armes. Daarna sou hy na Rome gaan.
In daardie tyd (55/56 n.C.) was daar reeds 'n gemeente in Rome. Dit het ontstaan deur die getuienis van mense wat in Jerusalem tot bekering gekom het, moontlik reeds op die Pinksterdag (vgl. Hand. 2:10). Na die dood van keiser Claudius (54 n.C.) het sy verordening waardeur die Jode uit Rome verban is, verval, sodat baie van hulle, onder wie Christene, na die hoofstad kon terugkeer. Ook Áquila en Priscílla het van Éfese af na hulle woning in Rome teruggegaan, en weer hulle huis oopgestel vir die byeenkomste van die gemeente (Rom. 16:3 e.v.). Aangesien Paulus na Rome wou gaan, het hy besluit om aan die gemeente aldaar 'n brief te skryf as voorbereiding vir sy besoek. Juis toe hy dit in gedagte kry, verneem hy dat Fébé, 'n "dienares van die gemeente in Kenchréë", op die punt gestaan het om na Rome te reis (Rom. 16:1-2). Sy het

'n bepaalde amp en status in die gemeente beklee en was 'n toegewyde en betroubare helpster. Reëlings word getref dat sy die brief van die apostel aan die gelowiges in Rome sal oordra, en daartoe is sy ook bereid.

In hierdie omstandighede skryf Paulus vanuit Korinthe sy ***Brief aan die Romeine***. Die brief word in twee hoofdele onderverdeel: hfst. 1-11 waarin vraagstukke van leerstellige aard behandel word, en hfst. 12-16 waarin aanwysinge vir die gedrag van die gelowige uiteengesit word. In hoofsaak gaan dit in die brief om die verlossing en die lewe van die verloste, en daarby word die vraag behandel of Israel nog die bevoorregte volk van God is, hfst. 9-11.

Die apostel begin sy brief met 'n woord van dank aan God vir die gelowiges in Rome. Aan hulle vertel hy dat hy daarna verlang om na hulle te kom en ook daar die evangelie te verkondig onder die heidene, want, sê hy, "ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek" (1:16). Dan gaan hy voort om te wys op die sonde en ellende van die heiden (hfst. 1), en ook van die Jood (hfst. 2), ja, van alle mense (hfst. 3) sodat almal verlore is tensy God redding bied. Voorts wys hy op die verlossing (hfst. 4-5) wat nie deur die werke van die wet verkry kan word nie, maar deurdat Jesus Christus as 'n versoening gesterf het en almal wat in Hom glo, geregverdig is en vrede met God het (5:1). Die verloste mag egter nie voortgaan om in die sonde te leef nie. Deur die doop is hy met Christus begrawe en het opgestaan tot 'n nuwe lewe; daarom moet hy homself in diens stel van die werke van die geregtigheid (hfst. 6). Hy sal steeds teen die swakheid van die vlees moet stry (hfst. 7), maar God skenk die Heilige Gees om te verseker van die kindskap en om oorwinning te bring oor die vlees, die sonde en die dood. Daarom kan die gelowige roem in God wat die oorwinning skenk en hom altyd in sy liefde vashou (8:31-39).

In die eerste deel van die brief gaan dit dus om die drie dinge: die ellende, die verlossing en die dankbaarheid. Die opstellers van die Heidelbergse Kategismus, Ursinus en Olivianus, het hulle drie indelings aan die eerste gedeelte van die brief aan die Romeine ontleen (in die jaar 1563).

In hfst. 9-11 skryf die apostel met droefheid oor die sonde van sy eie volk. Hulle het die Christus verwerp en is daarom ook deur God verwerp. Tog bly die genade van God ook vir hulle beskikbaar, sodat almal wat in Christus glo, weer ingelyf sal word in die "ware Israel", die kerk van Christus. Weens die verharding van die Jode gaan die evangelie nou uit na die heidene, maar God het ook 'n oorblyfsel onder Israel wat gered sal word. Hierdie aangeleentheid is 'n diepe verborgenheid van God en noop die gelowige om aan God die eer te gee "uit wie en deur wie en tot wie alle dinge is" (11:33-36).

Hierna skenk die apostel aandag aan praktiese vraagstukke rakende die gedrag van die gelowige. Hy moet steeds in die liefde wandel (hfst. 12), aan die owerheid onderworpe wees (hfst. 13), eerbaar wandel volgens die wet van God en verdraagsaam optree teenoor die swakker broer (hfst. 14-15). In hfst. 16 rig hy groete aan verskillende persone in die gemeente in Rome, allereers aan Áquila en Priscílla aan wie Paulus soveel verskuldig was en wat nou weer in Rome gevestig was. Hy stuur ook groete van die medewerkers wat in daardie stadium saam met hom in Korinthe was. Daaronder noem hy Timótheüs, sy medewerker, Lúcius en Sosípater, 'n stamgenoot van die apostel; dan Jason wat vroeër Paulus gehuisves het in Thessalonika (Hand. 17:5); Gajus, "my gasheer en die van die hele gemeente", wat ook deur Paulus self gedoop is (1 Kor. 1:14); Erástus die penningmeester van die stad, en dus 'n man van hoë aansien, en as laaste Quartus, van wie ons niks verder weet nie.

Dit val op dat Titus nie genoem word nie. Moontlik is hy weggestuur op 'n ander sending. Ook Lukas se naam ontbreek, waarskynlik omdat hy nog in Macedónië was en later by Paulus sou aansluit (vgl. Hand. 20:5-6, "ons").

Paulus het sy brief voorgesê en Tértius het dit afgeskryf (16:22). Dit was Paulus se voorneme om van Korinthe direk na Antiochië terug te keer. Hy wou in Kenchréë skeepgaan en oorvaar na Sirië, d.w.s. na Seleúcië, om van daar na die beginpunt terug te keer. Voordat hy dit kon doen, het die Jode in Korinthe weer teen hom begin saamspan. Dit het hom genoodsaak om met dieselfde roete terug te keer waarlangs hy gekom het, naamlik deur Macedónië na Troas.

## § 313 Die terugreis deur Macedónië oor Troas (Hand. 20:3-16)

'n Hele geselskap het Paulus op sy terugreis vergesel, waarvan sommige net tot in Asië saamgegaan het. Daar was Sópater van Beréa, en Aristárchus en Secúndus uit Thessaloníka, dieselfde Aristárchus wat in die Demétrius-oproer in Éfese na die skouburg gesleep was (Hand. 19:29). Verder was daar Gajus van Derbe, wat onderskei moet word van die Gajus van Korinthe (Rom. 16:23), en Timótheüs, asook Tíchikus en Trófimus, twee getroue helpers van Paulus afkomstig uit Asië, van wie ons later weer hoor.

In Filippi was daar 'n vreugdevolle herontmoeting. Ook Lukas het daar weer by die geselskap aangesluit. Dit was kort voor die Paasfees en Paulus het verkies om tydens die week van die ongesuurde brode in Filippi te bly. Daarom laat hy sy metgeselle vooruitgaan na Troas, terwyl hy met Lukas en ander later sou volg. Dit doen hulle ook onmiddellik ná die dae van die ongesuurde brode. Hulle seereis van Neápolis af was voorspoedig sodat hulle die afstand tussen Filippi en Troas in vyf dae afgelê het (ongeveer 130 myl). Daar het hulle sewe dae deurgebring.

Op die aand van die eerste dag van die week, d.w.s. Sondag, het die gemeente in 'n ruim bovertrek byeengekom om saam die liefdesmaal te eet, en daarna die nagmaal van die Here te hou en na die afskeidswoord van Paulus te luister. Paulus was van plan om vroeg die volgende oggend sy reis voort te sit. Dit was 'n warm lente-aand (net na Paasfees), en die gasheer het gesorg vir baie lampe in die bovertrek. Daardeur het die lug bedompig geword.

Paulus het lank gepraat, tot middernag toe, en al het die mense met gretigheid geluister, moes hulle stry teen die vaak in die warm bovertrek. 'n Jongman, Eútichus (= die gelukkige), het op die vensterbank gaan sit, waarskynlik ter wille van die vars lug, maar daar het hy aan die slaap geraak en na buite toe uitgeval. Die venster was drie verdiepings hoog. Die mense het dadelik ondertoe gegaan en hom daar dood opgetel. Ook Paulus het ondertoe gegaan en toe hy sien wat gebeur het, het hy oor die seun gebuig en hom teen homself vasgedruk, ongeveer soos die profete Elía en Elísa van ouds ook gedoen het (1 Kon. 17:21; 2 Kon. 4:34). Daarop sê Paulus aan diegene wat in groot besorgdheid en droefheid by hom staan: "Moenie so te kere gaan nie, want sy lewe is in hom." Toe het hulle die seun lewend boontoe geneem en daar neergelê, terwyl Paulus opgetree het asof niks gebeur het nie. Hy het weer van die brood geneem en geëet, en die gesprek voortgesit totdat die nuwe dag aangebreek het. Daarop het hy van hulle afskeid geneem om te vertrek. Teen daardie tyd het die seun opgestaan en hulle het hom lewendig na sy huis geneem. Oor hierdie gebeurtenis en die woorde van Paulus was almal uitermate getroos.

Paulus het verkies om die kort afstand tussen Troas en Assus alleen oor land af te lê, terwyl die geselskap met die skip weggestuur is en in Assus vir hom moes wag. Van daar vaar hulle verder langs die kus af en doen hulle by Mitiléne op die eiland Lesbos aan. Daarna vaar hulle by die eilande Chios en Samos verby om in Trogíllion 'n dag oor te bly en die volgende dag na Miléte te gaan waar die skip 'n paar dae sou vertoef.

Paulus het besluit om nie by Éfese aan te doen nie omdat dit heelwat tyd in beslag sou neem. Hy wou baie graag, indien moontlik, op die Pinksterdag in Jerusalem wees. Tog wou hy nie so naby die gemeente verbygaan sonder om met hulle in verbinding te tree nie. Daarom tref hy reëlings vir 'n onderhoud met die ouderlinge van Éfese.

## § 314 Afskeid van die ouderlinge van Éfese (Hand. 20:17-38)

Die ouderlinge van Éfese het geredelik die moeilike, hoewel betreklik korte reis na Miléte onderneem om Paulus te sien. Daar op die strand het hulle byeengekom, en het die apostel sy afskeidswoorde aan hulle gerig.

Hy herinner hulle eers aan sy werk in Éfese (v. 18-21). Die hele tyd wat hy in die provinsie Asië was, het hy aan Éfese bestee. Vir drie jaar (v. 31) het hy daar "die Here gedien met alle nederigheid." Nou hoor ons ook van komplotte van die Jode wat baie trane en beproewinge oor hom laat kom het (v. 19). Tog het hy volhard in die verkondiging van die evangelie aan sowel Jode as Grieke.

Verder vertel die apostel dat hy van hulle finaal afskeid moet neem (v. 22-27). Die Heilige Gees het dit aan hom te kenne gegee dat hy na Jerusalem moet gaan, en dat boeie en verdrukking vir hom wag. Wat dit presies beteken, weet hy nie, maar hy is bereid om sy

lewe neer te lê in die volvoering van die bediening wat hy van die Here Jesus ontvang het. Hy weet dat hulle sy aangesig nie weer sal sien nie, maar hy het teenoor hulle sy plig gedoen en aan hulle die hele raad van God verkondig.
Voortgaande wys hy die ouderlinge op hulle plig teenoor die Here en sy gemeente (v. 28-32). Aan hulle sê hy: "Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het" (v. 28). Hulle moet ook op hulle hoede wees teen dwaalleraars wat uit die gemeente self kan opstaan en soos wrede wolwe die kudde van die Here verskeur.
Hierdie opdrag is belangrik omdat dit die eerste uiteensetting bevat van die taak van die ouderling in die vroeë kerk. Daar was lank reeds ouderlinge in die gemeente in Jerusalem. Hulle het saam met die apostels vergader (Hand. 15:6), en aan hulle is die bydraes vir die armes toevertrou (Hand. 11:30). Paulus het ouderlinge aangestel om sorg te dra vir die gemeentes wat hy gestig het (Hand. 14:23), maar nou eers kry ons 'n nadere omskrywing van hulle werk. Hulle het die regering van die gemeente in hande gehad, maar was ook opsieners, in die Grieks "episkopoi," van waar ons woord "biskop" afgelei is. In daardie hoedanigheid moes hulle waak oor die geestelike welsyn van die gemeente en waar nodig die tug uitoefen. Voorts is hulle herders wat die kudde moet versorg en weiding verskaf. Die opdrag wat die Here aan Petrus gegee het (Joh. 21:15 e.v.), gaan oor op die herders. Hulle moet hulle dus besig hou met die bediening van die woord en die sakramente. Die ouderlinge het derhalwe in alle opsigte die volle verantwoordelikheid vir die bewaring en vermeerdering van die gemeente in hul hande gehad.
In die laaste deel van sy rede (v. 33-35) wys die apostel daarop dat daar by die ouderlinge geen gedagte aan winsbejag mag wees nie. Die apostel het self die voorbeeld gestel deur vir sy eie onderhoud te werk en om altyd aan die swakkes barmhartigheid te betoon. Om dit te bevestig, haal die apostel 'n woord van Jesus aan wat nie in die Evangelies opgeteken staan nie: "Dit is saliger om te gee as om te ontvang".
Aan die einde van sy toespraak het almal op die strand neergekniel en Paulus het die ouderlinge in die gebed aan God opgedra. Almal was so diep ontroer dat hulle die trane nie kon bedwing nie. Hulle was baie bedroef oor die gedagte dat hulle die apostel nie weer sou sien nie, en het hom om die hals geval en gesoen.
Daarop het hulle hom na die skip begelei, waar hulle hulle van hom en sy metgeselle losgeskeur het en afskeid geneem het.

**§ 315 Die seereis (Hand. 21:1-7)**

Van Miléte het hulle verder langs die kus af gevaar by die eilande Kos en Rhodos verby en toe ooswaarts na Pátara aan die suidpunt van Klein-Asië. Dit was die eindbestemming van die skip, sodat die passasiers 'n ander skip moes vind vir die verdere reis. Hulle slaag gou daarin om 'n skip te vind wat na Fenícië sou vaar. Hulle seil voorspoedig suid van Ciprus verby en kom by Tirus aan waar die skip sy vrag sou aflaai.
Paulus gebruik die geleentheid in Tirus om die dissipels daar op te soek. Sewe dae kon hy saam met hulle deurbring. Hier het die broeders deur die Heilige Gees die apostel gewaarsku om nie na Jerusalem te gaan nie omdat hy daar in verdrukking sou kom. Paulus het egter volhard in sy voorneme. Toe die dag van sy vertrek aangebreek het, het die hele gemeente, vroue en kinders daarby, hom begelei na die strand. Daar het almal neergekniel en gebid. Daarop het Paulus van hulle almal afskeid geneem en aan boord gegaan, terwyl hulle teruggekeer het na die stad.

Van Tirus af het hulle na Ptolemáis gevaar. Dit was die eindpunt van die seereis. Ook daar het hulle 'n gemeente gevind en die broeders opgesoek en 'n dag by hulle gebly. Die volgende dag het die reis oor land na Caesaréa begin.

**§ 316 Verblyf in Caesaréa (Hand. 21:8-16)**

In Caesaréa is die geselskap verwelkom in die gasvrye huis van Filippus, die evangelis. Hy was een van die sewe helpers wat jare tevore in Jerusalem deur die gemeente gekies is (Hand. 6:1-6, vgl. § 256), maar hy het hom later in Caesaréa gevestig om die gemeente daar te versorg. Daarin is hy bygestaan deur sy vier dogters wat die profetiese gawe besit het.
Aangesien dit nog 'n week of twee voor die Pinkster was, het Paulus besluit om rustig in Caesaréa te bly tot kort voor die fees. In daardie tyd het die profeet Ágabus, met wie

Paulus vroeër in Antiochië kennis gemaak het (Hand. 11:28), uit Judéa in Caesaréa aangekom. Toe hy in die huis van Filippus kom, waar die gelowiges byeen was, het hy Paulus se gordel van sy lyf losgemaak en daarmee sy eie hande en voete vasgebind. Toe hy so vasgebind staan, sê hy: "So spreek die Heilige Gees: So sal die Jode die man wie se gordel dit is, in Jerusalem bind en in die hande van die heidene oorlewer".

Almal wat dit gehoor en gesien het, was diep onder die indruk van die profetiese woorde. Waarskynlik het hulle daaraan gedink dat Jesus ook deur die Jode gebind en aan die heidene oorgelewer is, en dat dit op die kruisiging uitgeloop het. Van so 'n verskriklike einde wil hulle Paulus probeer weerhou, en smeek hom dus om nie na Jerusalem te gaan nie. Van sy kant is Paulus egter oortuig dat die Heilige Gees hom juis na Jerusalem lei, en daarom verklaar hy: "Ek is bereid nie alleen om gebind te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterwe vir die Naam van die Here Jesus." Hierop het die ander hulle by die besluit van Paulus neergelê met die woorde: "Laat die wil van die Here geskied!" En toe hulle hierdie woorde uitspreek, het hulle seker gedink aan die gebed van Jesus in Getsémané.

Na hierdie gebeurtenis het die geselskap gereed gemaak om op te gaan na Jerusalem. Sommige dissipels van Caesaréa het met hulle saamgegaan en Paulus na die huis van 'n sekere Mnason van Ciprus, 'n ou dissipel, gebring. Daar sou hy en sy medewerkers tuisgaan.

Daarmee het die derde sendingreis geëindig.

## XXVIII. GEVANGENSKAP IN JERUSALEM

### § 317 Ontvangs in Jerusalem (Hand. 21:17-26)

By hul aankoms in Jerusalem is Paulus en sy reisgenote vriendelik ontvang in die huis van Mnason en deur al die broeders. Die volgende dag gaan die apostel en sy geselskap na die huis van Jakobus, die broer van die Here, wat die hoof was van die gemeente, om hom te begroet. Jakobus het reeds geweet van Paulus se koms en was hom te wagte. Hy het ook al die ouderlinge van die gemeente by sy huis byeen laat kom. Daar word Paulus en dié wat saam met hom gekom het, aan die ouderlinge voorgestel. Daar was Lukas en Gajus, Timótheüs en Aristárchus, Tíchikus en Trófimus, Secundus en ander (vgl. Hand. 20:4).

Na die begroetinge kry Paulus die geleentheid om van die werk onder die heidene te vertel. Hy doen dit uitvoerig, maar ook nou lê hy die nadruk daarop dat dit nie sy werk was nie, maar "wat God deur sy diens onder die heidene gedoen het" (v. 19 vgl. 14:27; 15:4). Die vergadering was opreg dankbaar vir alles wat hulle gehoor het en het God verheerlik. Maar daar was ook besware, en hierdie besware word sterk op die voorgrond gestel.

Aan Paulus en sy geselskap word vertel dat die gemeente in Jerusalem baie sterk gegroei het. Duisende Jode het gelowig geword en "almal is yweraars vir die wet". Hulle het nog streng volgens die voorskrifte van die seremoniële wette geleef en getrou meegedoen aan die verrigtinge by die tempel. Nou was hulle baie besorg oor wat die reaksie van die gemeente sal wees as hulle hoor dat Paulus en 'n aantal onbesnede bekeerlinge uit die heidene in Jerusalem was. Buitendien het daar reeds stories rondgegaan omtrent dinge wat Paulus sou gedoen het. Hy sou o.a. die Jode geleer het om van Moses afvallig te word en om selfs hulle kinders nie meer te besny nie, en ook om nie meer volgens die oorgelewerde sedes te wandel nie. Hierdie verhale was halwe waarhede, en juis daarom baie gevaarlik. Paulus het bv. nie die Jode verhinder om hulle kinders te besny nie, maar hulle geleer dat die besnydenis geen waarborg van saligheid was nie. Daartoe was uitsluitlik geloof in Jesus Christus nodig. En wat die wet betref, het hy geleer dat Jesus die wet vervul het sodat die gelowige vry was van die juk van seremoniële wette.

Daar was egter 'n gees van agterdog teen Paulus gaande en iets moes gedoen word om die wantroue by te lê. Die ouderlinge wys daarop dat hulle verplig sal wees om binnekort 'n vergadering van die hele gemeente te belê want dit het rugbaar geword dat Paulus in die stad was, en die gemeente sou verwag dat hy hulle toespreek. By daardie geleentheid sou daar openlike verset teen Paulus kon ontstaan. Daar moes dus onmiddellik iets gedoen word om te demonstreer dat Paulus hom wel getrou by die voorskrifte van die wet hou.

En nou kom hulle met 'n voorstel. Onder hulle was daar vier manne wat 'n tydelike Nasiréër-gelofte afgelê het (vgl. Num. 6). Die tydperk van die gelofte was byna voltooi. Dan sou hulle hulle hoofde skeer en die hare in die vuur onder die dankoffer gooi. (Num. 6:18). Ook moes hulle sekere voorgeskrewe offers bring. As 'n man hierdie offers nie kan bekostig nie, is dit as 'n bewys van besondere vroomheid beskou indien iemand anders aanbied om die koste te dra. Nou was die voorstel dat Paulus juis op hierdie wyse hom met die vier Nasiréërs vereenselwig. Dan sal almal kan sien dat hy die wet van Moses self onderhou.

Hierdie voorstel was stellig verontrustend vir die broeders uit die heidendom wat saam met Paulus gekom het. Om hulle gerus te stel, herinner die ouderlinge aan die besluit van die kerkvergadering dat daar geen las op die heidene gelê sou word wat betref die besnydenis nie, maar dat hulle hulle moes onthou van afgodsoffers en die eet van bloed of van wat verwurg is, en van ontug.

Paulus sou seker verkies het om nie met dergelike planne saam te werk nie, en om liewer openlik sy saak aan die gemeente te stel. Dit was egter kort voor Pinkster en hy wou nie die gemoedere verontrus nie. Daarom stem hy in om aan die versoek te voldoen. Hy het toe die vier manne geneem en homself saam met hulle geheilig. Daarop gaan hulle saam na die tempel om daar aan te kondig dat die heiliging vir sewe dae sou voortgaan totdat die offer vir elkeen gebring is, en dat dit op Paulus se koste sou geskied.

### § 318 Gevange geneem in die tempel (Hand. 21:27-40)

Toe die sewe dae van heiliging in die tempel byna verby was, het daar onverwags iets gebeur wat daartoe gelei het dat Paulus op die plek byna gedood is. Sekere Jode uit Asië, d.w.s. Éfese

en omgewing, het hom in die tempel gesien en herken. Hulle het trouens ook Trófimus wat van Éfese afkomstig was, op 'n vorige dag saam met Paulus in die straat gesien en gemeen dat Paulus die onbesnede heiden in die tempel gebring het. Onmiddellik maak hulle groot alarm. Hulle skreeu om hulp ten einde Paulus uit te werp. Hulle wys hom aan as iemand wat oral aan almal dinge leer wat teen die volk en die wet en die tempel gerig is. Hy sou ook Grieke in die tempel gebring en die heilige plek ontheilig het!

Die gemoedere is gou opgesweep en dit word 'n groot oproer. Hulle gryp Paulus en sleep hom uit die tempel en slaan die deure agter hom toe. Hy word dus uitgesluit uit die tempel. Daar in die buitenste voorhof gaan hulle hom te lyf en hulle was op die punt om hom dood te slaan. Die owerste oor duisend in die burg Antonia aan die noordekant van die tempel het egter van die oproer berig gekry en hy het onmiddellik hoofmanne oor honderd en soldate ontbied om daaraan 'n einde te maak. Met die twee trappe van die burg Antonia na die buitenste voorhof het die soldate afgehardloop. Toe die volk die Romeine sien, het hulle opgehou om Paulus te slaan. Die owerste oor duisend kom toe vorentoe en arresteer hom. Met twee kettings word hy geboei.

Daarop vra die owerste aan die skare wat die man gedoen het en wie hy was. Daar was egter so 'n deurmekaar geskreeu dat hy niks kon verstaan nie. Hy beveel toe dat Paulus na die burg Antonia geneem moes word. Die skare het egter so op hom toegesak dat die soldate hom moes optel en die trap op dra.

Toe hulle bo kom, vra Paulus beleef aan die owerste of hy iets aan hom mag sê. Die owerste was verwonder dat hy Grieks praat, en vra of hy dan nié die Egiptenaar was wat 'n tydjie tevore groot oproer veroorsaak het en toe met 'n rowerbende van vierduisend na die woestyn uitgewyk het nie. Daarop antwoord Paulus: "Ek is 'n Joodse man van Tarsus, 'n burger van geen onvermaarde stad in Cicílië nie; ek versoek u, laat my toe om die volk toe te spreek".

Die owerste het die versoek toegestaan. Paulus gaan toe op die trap staan en wink met die hand vir die volk. Die skare in die voorhof het stil geraak. Daarop spreek Paulus hulle toe in die Hebreeuse taal.

**§ 319 Paulus spreek die volk toe (Hand. 22:1-23)**

Toe die skare Paulus se eerste woorde in die Hebreeuse taal (= Aramees) hoor, was hulle stil en luister met aandag. Hy vertel toe sy eie lewensloop, hoedat hy in Jerusalem opgegroei het en aan die voete van Gamáliël as nougesette Fariseër opgelei is, en en hoedat hy die Christene vervolg en manne en vroue geboei en in die gevangenis oorgegee het. Daarop gaan hy voort om te vertel van wat op die weg na Damaskus gebeur het en hoedat Jesus, die Nasaréner, aan hom verskyn het. Ook deel hy mee hoedat Ananías hom besoek en van sy nuwe roeping vertel het, en hoedat hy later in die tempel 'n gesig gehad het waarin die Here aan hom gesê het: "Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die heidene".

Die skare het aandagtig geluister na die wonderlike lewensgeskiedenis van Paulus, maar toe hy van die heidene melding maak, het hulle diepgesetelde haat teen die heidene weer tot uiting gekom.

Woedend skreeu hulle: "Weg van die aarde met so 'n mens, want hy behoort nie te lewe nie!" In hulle onbeheerste waansin ruk hulle hulle klere af en swaai daarmee en gooi stof in die lug.

Weer eens het die Joodse volk die getuienis gehoor dat Jesus van Násaret die Here, die Messias, is, en hulle het geweier om dit aan te neem.

**§ 320 In die gevangenis (Hand. 22:24-30)**

Die owerste oor duisend - Claudius Lísias was sy naam (Hand. 23:26) - het nie die Aramese toespraak van Paulus verstaan nie, maar die haat van die volk teen hierdie man soos hy dit daar in die voorhof gesien het, het tog daarop gedui dat hy iets vreesliks teen die volk moes gedoen het. Aangesien hy die inligting hieromtrent nie uit die volk kon kry nie, besluit hy om dit uit die gevangene self te haal. Hy gee dus bevel dat Paulus in die burg gebring word en met géselslae "ondersoek" word.

Onder aanvoering van 'n hoofman oor honderd neem die soldate Paulus na die géselpaal en begin sy hande hoog teen die paal vasbind. Toe hulle daarmee besig was, vra hy aan die hoofman: "Is dit u geoorloof om 'n Romeinse burger, en dit onveroordeeld, te gésel?"

Toe die hoofman hoor dat hy 'n Romeinse burger was, het hy eers gou aan die owerste oor duisend gaan sê dat hy versigtig moet wees, want die gevangene was 'n Romein. Daarop kom Lísias en vra aan Paulus of hy wel 'n Romein was. Hy kry 'n bevestigende antwoord. Lísias self was trots op sy eie Romeinse burgerskap en sê dat hy dit vir 'n groot som geld gekoop het. Paulus antwoord toe dat sy burgerskap van nog verhewener herkoms was: hy is 'n Romeinse burger gebore.

Daarop het Lísias hom laat losmaak van die géselpaal. Hy was nou selfs bekommerd omdat hy 'n Romein laat boei het, en het daarom Paulus met versigtigheid behandel. Hy kon Paulus egter nie loslaat nie. Eers moes hy vasstel wat die beskuldiging teen hom was. Hy het die boeie van Paulus se hande afgehaal, en aan die owerpriesters laat weet dat hulle die volgende dag moes vergader om vas te stel wat die aanklag teen Paulus was.

Dit was die tweede keer dat Paulus hom op sy Romeinse burgerskap beroep het en die beskerming geniet het van die Romeinse reg (vgl. Hand. 16:37, § 294). Hy sou dit nog 'n derde keer doen deur hom op die keiser te beroep (Hand. 25:11, § 325).

### § 321 Paulus voor die Sánhedrin (Hand. 23:1-11)

Die volgende dag het Lísias, die owerste oor duisend, Paulus laat afbring na die Joodse Raad. Daar was geen beskuldiging teen hom nie, behalwe die uitroepe in die tempel die vorige dag dat hy 'n heiden (Trófimus) in die heiligdom sou gebring het. Op 'n enigsins informele wyse het die Raad met die saak begin. Die hoëpriester, Ananías, het nie sy ampskleed aangehad en ook nie op die voorsitterstoel sy plek ingeneem nie.

Aan Paulus is die geleentheid gegee om homself te verdedig. Hy was blykbaar van plan om weer eens kortliks sy eie lewensloop te vertel en dan te verduidelik dat hy nie 'n onbesnedene in die tempel gebring het nie. Hy kyk die Raad eerlik in die oë en begin: "Broeders, ek het met 'n volkome goeie gewete voor God gewandel tot op hierdie dag". Iets in Paulus se optrede of woorde het die hoëpriester aanstoot gegee, en voordat die apostel verder kon praat, beveel Ananías dat een van dié wat naby staan hom 'n klap in die gesig moet gee. Teen hierdie gruwelike onreg het Paulus onmiddellik in verset gekom en gesê: "God sal jou slaan, gewitte muur! U sit tog om my volgens die wet te oordeel en beveel u in stryd met die wet dat ek geslaan moet word?" Dié wat daarby gestaan het, het verontwaardig uitgeroep: "Skel jy die hoëpriester van God uit?" Paulus verklaar toe dat hy nie geweet het dat dit die hoëpriester was nie. Daar was niks wat sy amp aangedui het nie, en ook sy optrede was anders as wat 'n mens van 'n waardige hoëpriester sou verwag. Maar die Skrif bepaal dat daar eerbied moet wees vir 'n owerste van jou volk (vgl. Exod. 22:28), en Paulus wil hom by daardie voorskrif hou.

Hierdie insident het bevestig dat dit vir Paulus nutteloos sou wees om voor daardie Raad geregtigheid te verwag. Hulle sou die waarheid nie aanneem nie. In die wese van die saak het dit hier gegaan om die kloof tussen diegene wat Jesus verwerp en gekruisig het en daarom volhou dat Hy dood is, en diegene wat Jesus gelowig aanvaar en weet dat Hy opgewek is uit die dode en verhef is tot Here en Christus. Daarom wil Paulus so gou as moontlik 'n einde maak aan die klug voor die Joodse Raad.

Aangesien hy goed bekend was met die voortdurende twis tussen die Fariseërs en die Sadduseërs oor die opstanding, en geweet het dat beide groepe goed verteenwoordig was in die Raad, roep hy uit: "Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg." Hierdie uitroep het dadelik die ou twis laat opvlam. Die Sadduseërs wil van die opstanding en die bestaan van engele en geeste niks weet nie; die Fariseërs bely albei. En omdat Paulus verklaar het dat hy 'n Fariseër was, het hy die steun van die Fariseërs gekry. Hulle roep uit dat hulle geen kwaad in hom vind nie, en indien 'n gees of 'n engel met hom gepraat het, mag hulle nie teen God stry nie.

Die Fariseërs se verwysing na 'n gees of 'n engel het die Sadduseërs nog meer vertoorn. Die onderlinge stryd het so heftig geword dat die owerste oor duisend dit gerade geag het om in te gryp en Paulus na veiligheid te bring. Hy gee toe bevel aan die soldate om hom met geweld uit die Raad weg te neem en terug te bring na die burg Antonia.

Daardie nag het die Here aan Paulus gesê: "Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig".

### § 322 Sameswering teen Paulus (Hand. 23:12-35)

Die dag na die sitting van die Joodse Raad het 'n aantal Jode 'n geheime sameswering gesmee om Paulus dood te maak. Hulle het 'n eed geneem dat hulle nie sou eet of drink nie totdat hulle 'n end aan sy lewe gemaak het. Daar was ongeveer veertig van hulle. Hulle het hulle plan

goed uitgedink, maar het die medewerking van die Joodse Raad nodig gehad. Daarom gaan hulle na die owerpriesters en die ouderlinge om die saak aan hulle te stel. Hulle moes aan Lísias laat weet dat hulle op die volgende dag weer Paulus voor die Raad wou hê om nader in te gaan op die klagtes teen hom. Wanneer die soldate Paulus na die Raad bring, sou die samesweerders hom voorlê en doodmaak. Die lede van die Raad was ook bereid om saam te werk en so hulle haat teen Paulus te bevredig.

Die plan het egter die ore bereik van die seun van Paulus se suster wat in Jerusalem gewoon het. Hoedat hy dit te hore gekom het, weet ons nie, maar hy het besef dat dit vir sy oom 'n groot gevaar inhou en dat hy hom daarvan moet sê. Die seun het na die burg Antonia gegaan en toestemming gekry om sy oom te besoek. Aangesien Paulus 'n Romeinse burger was, is hierdie voorreg toegelaat. Die seun het toe aan Paulus van die sameswering vertel. Die apostel het besef dat sy lewe in baie groot gevaar verkeer en roep toe die hoofman oor honderd nader. Aan hom sê hy dat die seun iets het om aan die owerste oor duisend mee te deel, en vra dat die hoofman hom na Lísias neem.

Die versoek van Paulus is uitgevoer. Lísias het die seun by die hand eenkant toe gelei en hom gevra wat hy te vertel het. Toe hy van die sameswering hoor, het hy begryp dat daar moontlik 'n hele opstand kon plaasvind indien Paulus langer in Jerusalem in die gevangenis gehou word. Daarom besluit hy om nog in daardie nag Paulus onder sterk begeleiding na Caesaréa te stuur waar die goewerneur Felix in residensie was.

Bevele word gegee dat twee hoofmanne oor honderd moet sorg vir tweehonderd soldate, sewentig ruiters en tweehonderd liggewapende manne, met pakdiere. Teen drie-uur in die nag moes hulle gereed wees om met Paulus na Caesaréa te vertrek. Lísias het toe 'n brief aan Felix geskryf waarin hy die omstandighede van Paulus se arrestasie meedeel, en sy verskyning voor die Joodse Raad, sowel as die sameswering om hom dood te maak. Hy meld dat Paulus 'n Romeinse burger was en dat hy (Lísias) die beskuldigers gelas het om hulle saak voor die goewerneur self te gaan stel.

In die stilte van die nag is Paulus op 'n pakdier geplaas en vertrek die afdeling soldate met hom op pad na Caesaréa. Daardie nag het hulle tot by Antípatris gekom. Daar het die voetsoldate omgedraai en die ruiters voortgegaan met Paulus. Toe hulle in Caesaréa kom, het hulle hom voor die goewerneur gestel en die brief oorhandig. Nadat Felix die brief gelees het en ook gemerk het dat Paulus nie 'n gevaarlike misdadiger was nie, het hy hom gevra van welke provinsie hy kom. Daarop antwoord Paulus dat hy van Cilícië was, d.w.s. 'n keiserlike provinsie wat direk onder die beheer van die keiser gestaan het. Die bewoners van so 'n provinsie het die reg gehad om hulle op die keiser te beroep (dié reg het nie gegeld in die senaatsprovinsies nie).

Felix het aan Paulus gesê dat hy hom sou verhoor wanneer sy beskuldigers in Caesaréa aankom. Hy gee toe bevel dat hy in een van die selle in die paleis van Herodes bewaak moes word.

So het twee jaar van gevangenskap in Caesaréa begin.

## XXIX. GEVANGENSKAP IN CAESARÉA

### § 323 Die verhoor voor Felix (Hand. 24:1-23)

In Jerusalem het Lísias die hoëpriester in kennis gestel dat Paulus na Caesaréa gestuur is en dat die Joodse Raad daar voor die regterstoel van die goewerneur hulle aanklag moet gaan stel. Vir die hoëpriester en die ouderlinge was dit 'n moeilike reis en bowendien 'n vernederende onderneming. Ook was dit vir hulle, die strenge onderhouers van die wet, 'n verontreiniging om in die paleis van die heiden in te gaan. Aan die ander kant het die haat teen Paulus en alles wat hy verteenwoordig het, hulle genoodsaak om ontberings te ondergaan ten einde te verhinder dat hy vrygelaat word.

Vyf dae ná Paulus se aankoms in Caesaréa het die deftige reisgeselskap van die hoëpriester daar aangekom. Saam met hom was 'n aantal ouderlinge en 'n Romeinse advokaat Tertúllus wie se dienste hulle verkry het om die beskuldigings teen Paulus in te bring. Hulle skroom dus nie om 'n onbesnede heiden te gebruik in hulle stryd teen die apostel van Jesus Christus nie.

Kort na die aankoms van die beskuldigers het die verhoor begin. Felix neem sy plek op die regterstoel. Die hoëpriester Ananías en die ouderlinge gaan sit op die plekke van die aanklaers. Paulus word geboeid binnegelei en moet staan om die klag aan te hoor.

Aan Tertúllus word die geleentheid gegee om sy saak te stel. Soos dit gebruiklik was vir 'n goed geskoolde redenaar begin hy met vleiende woorde aan die adres van die goewerneur. Nadat hy verklaar het hoe 'n goeie man die goewerneur is, gaan hy direk voort om Paulus 'n pes en 'n oproermaker onder die Jode van die hele wêreld en 'n voorman van die sekte van die Nasaréners te noem, en beskuldig hy hom dat hy die tempel probeer ontheilig het. Daarop het die Jode hom gevange geneem om hom volgens hul eie wette te oordeel, maar Lísias het met geweld ingegryp om dit te verhinder en toe bevel gegee dat die verhoor voor die goewerneur sou plaasvind. Hy stel voor dat as Paulus behoorlik "ondersoek" word, hy die klagtes teen hom sal bevestig.

Tertúllus het op 'n geslepe manier 'n hele reeks klagtes saamgevoeg wat almal vals was. Hy het ook valslik te kenne gegee dat die Jode Paulus gevange geneem het om hom te oordeel. Die feit was dat hulle hom summier wou doodslaan. En Lísias wat ingegryp het om geweldpleging te voorkom, word nou beskuldig dat hy hom met sake bemoei het waarmee hy niks te doen gehad het nie. Daarteenoor sê Tertúllus geen woord van die verhoor voor die Joodse Raad en van die daaropvolgende sameswering nie.

Op hierdie aanklag moes Paulus antwoord. Met geboeide hande tree hy na vore. Beleef verklaar hy dat aangesien Felix reeds lank goewerneur was (van ongeveer 52 n.C.) en die Jode leer ken het, hy met goeie moed homself verdedig. Wat betref die klag dat hy oproer gestook het, wys hy daarop dat hy nog maar twaalf dae in Jerusalem was, waarheen hy gegaan het om te aanbid. Daar was in die kort tyd geen geleentheid om 'n oproer te organiseer nie. In die tempel was hy ook nie met onbehoorlike dinge besig nie. Die Jode uit Asië wat hom daarvan beskuldig het, moes nou teenwoordig gewees het om hulle beweringe te bewys, maar hulle weet self dat hulle dit nie kan doen nie. Verder verklaar Paulus dat hy wel "volgens die Weg wat hulle sekte noem" die God van die vaders dien, maar dit beteken dat hy volgens die wet en die profete handel en in die opstanding van die dode glo. In daardie opsig kom hy nie in stryd met die godsdiens van die vaders nie. Voorts vertel hy in welke omstandighede die Jode uit Asië hom in die tempel beskuldig het, en dat hy voor die Joodse Raad was en daar getuig het dat hy oor die opstanding uit die dode aangekla was.

Deur herhaaldelik van die opstanding uit die dode te praat, het Paulus die hoëpriester, 'n Sadduseër, bitterlik gepynig, maar dié kon in daardie omstandighede niks daarop sê nie. Felix was redelik goed bekend met die dinge van die Weg, soos die Christendom genoem is (vgl. § 264). Nie alleen was hy 'n hele paar jaar in die land nie, maar hy was ook getroud met Drusílla, die dogter van Herodes Agrippa I, wat die Joodse godsdiens vir die skyn aangehang het. Daarom het hy begryp hoe bitter die godsdienstige haat van die Jode kan wees. Hy het dus uitstel gesoek. Teen Lísias is daar aantygings gemaak. Dus moes die ondersoek vertraag word totdat Lísias self teenwoordig kon wees. Felix verdaag die verhoor. Die hoofman oor honderd beveel hy om Paulus te bewaak, maar om sy lot te verlig en toe te laat dat sy eie mense hom bedien en besoek.

**§ 324 Felix en Drusílla (Hand. 24:24-27)**

Antonius Felix was vroeër 'n slaaf. Deur Antonia, die moeder van die keiser, is hy vrygelaat en deur die invloed van sy broer, Pallas, 'n gunsteling van keiser Claudius, is hy as goewerneur van Palestina aangestel. Sy aanstelling is bedoel as 'n belediging vir die Jode, en toe hy, 'n onbesnede heiden, Drusílla, die jongste dogter van Agrippa I, wat 'n Jodin was, tot vrou neem, was die Jode nog meer vertoorn. Die aanstelling van Felix en sy optrede teen die Jode het die haat teen die Romeine laat toeneem. Die Selote-beweging het opgebloei. Oral het sluipmoordenaars teen die Romeine opgetree, en sommige het met die steun van Egiptenare Jerusalem probeer beset (Hand. 21:38). Sy slawe-agtergrond het meegebring dat hy wreed teenoor minderes kon optree, maar kruiperig en onseker teenoor meerderes. Hy was eersugtig en ambisieus en tog sonder die adel van karakter wat aan 'n gebore vryman eie sou wees. Daarby was sy hand steeds oop om omkoopgeld te ontvang. Met die Jode wou hy die vrede probeer bewaar, en van die Christene het hy geld verwag om hulle veiligheid te verseker (vgl. § 3(d)).

In die hande van hierdie besluitelose man sonder deursettingsvermoë was Paulus 'n gevangene.

'n Paar dae nadat die eerste verhoor verdaag is, het Felix Paulus weer voor hom laat bring. Hierdie keer is die apostel na 'n vertrek in die woongedeelte van die paleis geneem. Toe hy binnegelei word, vind hy Felix saam met sy vrou Drusílla daar. Hierdie jong vrou was 'n spruit uit die huis van Herodes (vgl. § 3(c)), wat nou met haar tweede man saamgeleef het.

Paulus het verwag dat sy verhoor voortgesit sou word, maar hy merk dat dit nie die geval was nie. Stellig was sy verbasing groot toe Felix verklaar dat hy hom wil aanhoor "oor die geloof in Christus". Reeds is gesê dat Felix bekend was met "die Weg". Nou wou hy meer daaromtrent van Paulus verneem. Vir Paulus was dit 'n nuwe geleentheid om sy getuienis aangaande die reddende genade van Christus af te lê. Hy het egter besef dat hierdie twee selftevrede mense eers van sonde oortuig moes word. Daarom begin hy praat oor geregtigheid, selfbeheersing en toekomstige oordeel.

In die huis van Herodes het geregtigheid en selfbeheersing skromelik ontbreek. By Felix self was daar nie veel van hierdie deugde te vind nie. Indien daar geregtigheid was, sou hy die onskuldige Paulus nie as gevangene aangehou het nie. Paulus was egter nie besig om vir sy eie vrylating 'n pleidooi te lewer nie. Hy wou hierdie mense oortuig van hulle sonde voor God. Daarom wys hy ook op die toekomstige oordeel. Die dag sou kom wanneer Jesus Christus die Regter sou wees en ook die aardse regters sou oordeel volgens wat hulle gedoen het, o.a. ten opsigte van geregtigheid en selfbeheersing.

Toe hy van hierdie dinge praat, het Felix baie bang geword. Hy het besef dat dit hom persoonlik raak. Paulus wou seker nog voortgaan om die vergifnis van sonde in Christus Jesus te verkondig, maar Felix het hom in die rede geval. Hy stuur hom weg met die woord "As ek 'n geleentheid vind, sal ek jou laat roep."

'n Oomblik van beslissing het in die lewe van Felix aangebreek. Hy is deur die woord van die Here aangespreek en moes kies tussen bekering of verharding. Maar hy het 'n derde weg ingeslaan, naamlik dié van uitstel. Maar ook sy uitstel was 'n beslissing. Sy uur van bekering het verbygegaan en nie weer teruggekeer nie.

Na daardie onderhoud met Paulus het Felix hom dikwels weer laat roep vir onderhoude, maar nou was die goewerneur se belangstelling nie meer in die geloof in Christus nie, maar in die moontlikheid van omkoopgeld. Hy het gehoop dat Paulus 'n aanbod sou maak om sy vryheid te koop. Dit doen die apostel egter nie.

Twee jaar het verbygegaan. Toe word Felix deur keiser Nero teruggeroep (60 n.C.) en Porcius Festus as sy opvolger aangestel. Aangesien Felix nog steeds die guns van die Jode gesoek het, het hy nie die onverhoorde gevangene losgelaat nie, maar Paulus in die gevangenis laat bly.

**§ 325 Festus, die opvolger van Felix (Hand. 25:1-12)**

Toe Porcius Festus in 60 n.C. in Caesaréa aankom as goewerneur van Palestina het hy geweet dat Felix, sy voorganger, opgrond van 'n klag wat die Jode aan keiser Nero gestuur het, afgesit is. Hy moes dus self versigtig handel sodat die Jode nie 'n dergelike klag teen hom na Rome opstuur nie. Daarom probeer Festus uit die staanspoor om die guns van die Jode te verwerf.

In die eerste drie dae werk Festus hard om homself op die hoogte te stel van die stand van

sake in die provinsie. Hy het ook kennis geneem van die gevangene, Paulus, en die geskiedenis van die geval nagegaan. Daarna gaan hy op na Jerusalem om kennis te maak met die leiers van die Jode. Die hoëpriester en die vernaamstes van die Jode het gehoop dat die nuwe goewerneur nie veel van die geskiedenis van die aanklag teen Paulus sou weet nie, en bereid sou wees om aan hulle 'n guns te bewys. Hulle bring die geval ook dadelik ter sprake en voer ernstige beskuldigings aan teen Paulus. Daarop versoek hulle dat die goewerneur aan hulle die guns moet doen om Paulus terug te stuur na Jerusalem sodat hulle hom deur die Joodse Raad kan laat verhoor. Hulle geheime plan was om op die pad 'n hinderlaag op te stel, die Romeinse wag te oorval en Paulus te vermoor.
Festus het vermoed dat die een of ander slinksheid beplan is en was dus op sy hoede. Hy het reeds geweet dat die Joodse Raad Paulus twee jaar tevore verhoor het. Waarom sou hulle weer eens hom in Jerusalem wil sien? Daarom antwoord hy dat Paulus in Caesaréa aangehou word en daar verhoor sal word. Festus sou binnekort teruggaan, en dan kon die Jode bevoegde persone saamstuur om beskuldigings teen Paulus aan te voer. Daarmee moes die Jode genoeë neem.

Sowat tien dae later het Festus na Caesaréa teruggegaan. Die verteenwoordigers van die Jode het saam gereis. Net die volgende dag het die verhoor plaasgevind. Dit was die eerste saak wat Festus sou verhoor. Hy neem sy plek op die regterstoel en laat Paulus binnelei.

Die Jode het 'n hele reeks krasse beskuldigings teen die apostel ingebring, maar dit het gou begin deurskemer dat die beskuldigings vaag was en dat hulle geen bewyse kon aanvoer nie. Paulus se verdediging was kort en saaklik. Hy het ook laat merk dat hy seker was van sy onskuld en bewyse in sy guns kon lewer. Die klagtes het hy ontken en verklaar "Ek het niks teen die wet van die Jode of teen die tempel of teen die keiser gesondig nie".

Festus het self onder die indruk van Paulus se onskuld gekom, maar wou hom nie loslaat nie omdat hy aan die Jode 'n guns wou bewys. Hy lê toe aan Paulus 'n keuse voor: om in Jerusalem voor die Joodse Raad in teenwoordigheid van Festus verhoor te word, óf om in Caesaréa te bly en deur Festus verhoor te word.

Paulus het besef dat hy van nie een van die twee moontlikhede iets goeds kon verwag nie. Na Jerusalem wou hy beslis nie gaan omdat hy nie in die hande van sluipmoordenaars wou val nie, en Festus sou nie reg aan hom laat geskied nie omdat hy in die guns van die Jode wou bly.

Nadat Paulus vir 'n oomblik die situasie oorweeg het, antwoord hy: "Ek staan voor die regterstoel van die keiser waar ek geoordeel moet word." Hy herhaal dat hy aan die Jode geen onreg gedoen het nie. Hy is nie onwillig om te sterf nie, maar dan moet sy skuld eers bewys word. En solank as sy skuld nie bewys is nie, kan niemand hom by wyse van guns aan die Jode uitlewer nie. Hy sluit af met die woorde: "Ek beroep my op die keiser!"

Noudat hy hom op die keiser beroep het, het die goewerneur nie meer seggenskap in die saak nie. Hy moet slegs sorg dat die gevangene na Rome gestuur word. Dit weet Festus, maar vir die skyn raadpleeg hy eers sy adviseurs wat by hom staan. Na 'n bietjie gefluister, verklaar Festus plegtig: "Op die keiser het jy jou beroep - na die keiser sal jy gaan!"

Daarmee is die saak afgehandel. Die Jode het voortaan ook geen vat meer op Paulus nie.

**§ 326 Festus pleeg oorleg met Agrippa II (Hand. 25:13-22)**

Festus was nie lank in Caesaréa nie of hy word besoek deur koning Herodes Agrippa II en sy suster Bernice. In daardie tyd was Agrippa die regeerder oor die gebied wat voorheen aan Filippus onderworpe was, noordoos van Galiléa, en ook dele van Galilea en Peréa. Hy was 'n raadgewer van Nero oor sake rakende Palestina en aangestel as toesighouer oor die tempel. Toe 'n nuwe goewerneur aangestel is, het Agrippa daarvan werk gemaak om by die vroegste geleentheid met hom te gaan kennis maak. Festus was buitendien die opvolger van Agrippa se swaer Felix. Bernice, wat haar man verlaat het en toe met haar broer gaan saamleef het, het hom vergesel.

Nadat Agrippa en Festus mekaar beter leer ken het, het Festus 'n vertroulike gesprek met Agrippa gevoer oor Paulus. Hy vertel uitvoerig hoedat Felix die gevangene daar gelaat het en dat die owerstes van die Jode verlang het dat hy weer na Jerusalem gestuur moes word, maar dat Festus 'n verhoor in Caesaréa laat plaasvind het. Hy laat blyk dat hy meen dat Paulus onskuldig is. Maar nou het Paulus hom op die keiser beroep en sal

hy na die keiser moet gaan. Festus het egter daarmee 'n probleem. Hy moet 'n brief saamstuur waarin die klag teen die gevangene uiteengesit word, maar hy kon nog nie vasstel wat die klag was nie. Blykbaar gaan dit oor godsdienstige geskille en oor 'n man met die naam Jesus. Die Jode beweer dat Hy dood is, maar Paulus sê dat Hy lewe.

Aangesien Agrippa die Jode baie beter ken en ook ingelig is oor hulle godsdiens, verlang Festus van hom advies oor die aangeleentheid. Agrippa sê dat hy darem graag Paulus eers self wou gehoor het. Daarop antwoord Festus "Môre sal u hom hoor".

**§ 327 Paulus voor Agrippa (Hand. 25:23-27; 26:1-32)**

Die berig het uitgegaan dat 'n heel besondere vergadering op die volgende dag in die gehoorsaal van die paleis sou plaasvind. Die saal is in orde gebring en ingerig vir 'n luisterryke byeenkoms. Aan die hooggeplaastes en vooraanstaandes van Caesaréa het uitnodigings gegaan om hulle na die byeenkoms te nooi.

Die volgende dag het die gaste opgedaag. Die belangrikste persone van die stad en die militêre bevelvoerders was daar. Toe almal hulle plekke ingeneem het, verskyn Agrippa en Berníce in prag en praal en gaan op die vernaamste sitplekke sit. Festus gee toe bevel dat die gevangene voorgebring moes word. Met boeie aan die hande word Paulus deur 'n soldaat die saal binnegelei.

Daarop neem Festus die woord en rig hom tot koning Agrippa en al die aanwesiges. Hy vertel kortliks die geskiedenis van die gevangene, en verklaar dat hy self oortuig is dat Paulus niks gedoen het wat die dood verdien nie. Die gevangene het hom egter op die keiser beroep, maar Festus weet nog nie wat hy aan die keiser moet skryf omtrent die aanklag nie. Dit sou immers onredelik wees om 'n gevangene na die keiser te stuur sonder om aan te dui wat die beskuldigings teen hom was.

Deur dit alles so openlik te verklaar, het hy sy eie swakheid en besluiteloosheid blootgelê. As hy oortuig was dat die gevangene onskuldig was, moes hy nie 'n klag probeer formuleer nie, maar die man loslaat. En tog doen hy dit nie.

Agrippa rig hom toe tot Paulus en sê dat hy die reg het om te praat. Beleef begin Paulus en verklaar dat hy homself gelukkig ag om sy saak voor koning Agrippa te kan stel aangesien die koning goed bekend is met die Jode en hul godsdiens. Dan gaan hy voort om iets van sy jeug te vertel. Hy het as Fariseër opgegroei en saam met sy volk uitgesien na "die hoop op die belofte wat aan die vaders deur God gedoen is". Daardie hoop is in die koms van Jesus Christus en sy opstanding uit die dode vervul. Juis omdat Paulus die vervulling aanvaar, is die Jode teen hom so vyandig.

Vervolgens vertel Paulus hoedat hy die gelowiges in Jerusalem en selfs in die buitelandse stede vervolg het, maar op die pad na Damaskus het Jesus hom aangegryp en 'n nuwe opdrag gegee. Hy moes voortaan na die heidene gaan "om hulle die oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die heiliges kan ontvang" (v. 18). Met groot erns verklaar Paulus: "Daarom, koning Agrippa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie".

Toe die Jode hom in die tempel gekry het, was hy juis in verband met hierdie werk van God daar. Ook nou getuig hy aan klein en groot niks buiten wat Moses en die profete verkondig het nie, naamlik "dat die Christus moes ly en die eerste wees uit die opstanding van die dode, en 'n lig aan die volk en die heidene sou verkondig" (v. 23).

Nou was Paulus, die prediker, aan die woord. Van die beskuldigings teen hom praat hy nie, maar hy verkondig Jesus Christus aan hierdie uitgesoekte gehoor. Festus val hom in die rede deur uit te roep: "Jy is kranksinnig, Paulus; die groot geleerdheid bring jou tot kranksinnigheid".

Paulus is vererg oor die onderbreking, maar op 'n waardige wyse wys hy die goewerneur tereg. Hy verklaar dat hy nie kranksinnig is nie, maar die waarheid praat en besig is om hom tot die koning te rig. Die koning weet dat wat Paulus sê die waarheid is, want hy is nie met die dinge onbekend nie. Die implikasie is dat Festus wel nog daarmee onbekend is.

Daarop rig Paulus hom direk en persoonlik tot Agrippa deur te sê: "Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo." Omdat die huis van Herodes die Joodse godsdiens aangeneem het, en Agrippa die afstammeling was van 'n Jodin, Mariamne, die vrou van Herodes die Grote, is hy as 'n Jood beskou en moes hy die profete geken het.

Op die pertinente vraag van Paulus antwoord Agrippa: "Jy beweeg my byna om 'n Christen te word." Hierdie antwoord is nie in erns nie, maar spottenderwyse uitgespreek. Paulus neem dit

egter ernstig op en sê: "Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltemal nie alleen u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie." Om iemand te beweeg om Christen te word, was vir Paulus 'n heilige roeping. Met die boeie aan die arms en te midde van die minagtende hooggeplaastes getuig hy vir Jesus Christus.
Vir Agrippa was dit genoeg. Hy staan op en gevolg deur Festus en Berníce verlaat hy die saal. Daarmee is die byeenkoms afgelope.
Toe Festus en Agrippa van die gehoorsaal wegstap, sê die een vir die ander: "Hierdie man doen niks wat die dood of die boeie verdien nie." Agrippa sê daarby "Hierdie man kon losgelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie".
Nadat die vername mense die gehoorsaal verlaat het, is Paulus teruggelei na die gevangenis.

## XXX. GEVANGENSKAP IN ROME

### § **328 Die reis na Rome begin (Hand. 27:1-12)**

Nie baie lank na die verhoor voor Agrippa nie het die dag aangebreek waarop Paulus se reis na Rome begin het. Dit het in omstandighede geskied wat baie anders was as wat hy hom dit voorgestel het toe hy meer as twee jaar vroeër vanuit Korinthe aan die gemeente in Rome geskryf het dat hy hulle sou kom besoek (vgl. § 312). Nietemin moes dit vir die apostel 'n blye dag gewees het, al het hy as gevangene gegaan.

In Caesaréa was daar 'n aansienlike getal gevangenes, meestal veroordeeldes wat na Rome gestuur moes word waar baie van hulle in die arena sou moes veg teen wilde diere of teen mekaar. Eindelik het 'n skip in die hawe aangedoen wat die gevangenes kon oplaai. Hulle is aan 'n hoofman oor honderd, Július, toevertrou. Hy het 'n hele afdeling soldate onder sy bevel gehad wat die gevangenes moes bewaak. Die skip was afkomstig van Adramíttium, 'n hawe aan die weskus van Klein-Asië suid van Troas. Die skip sou nie reguit na Italië vaar nie maar by al die hawens aan die kus van Klein-Asië aandoen. Festus het waarskynlik aan Július bevele gegee om Paulus minder streng te behandel as die ander gevangenes, en ook om toe te staan dat twee van sy vriende hom vergesel. Die twee was Lukas, die geneesheer, en Aristárchus van Thessaloníka van wie reeds voorheen melding gemaak is (vgl. Hand. 20:4, § 313).

Die dag ná die vertrek uit Caesaréa het die skip by Sidon aangedoen. Július het Paulus toegelaat om onder begeleiding van 'n wag aan land te gaan en vriende te besoek en van hulle versorging te ontvang. Dit was die eerste keer in twee jaar dat Paulus die voorreg gehad het om vriende te besoek en hulle in die geloof te sterk.

Toe hulle van Sidon wegseil, het die wind die vaart bemoeilik. Om 'n bietjie skuiling te vind, het hulle naby die kus van Ciprus na die noorde koers gehou, en toe langs die kus van Cilícië en Pamfílië na die weste geseil tot by Mira, 'n hawe in die landstreek Licië. Július het ongeduldig begin word oor die langsame vordering van hulle skip, en besluit om in Mira die gevangenes oor te plaas op 'n skip uit Alexandrië wat met 'n vrag koring na Italië sou vaar. Dit was 'n groot vragskip wat ruimte gehad het vir sy eie bemanning en die gevangenes, saam 276 mense.

Die wind het ongunstig gebly sodat hulle langsaam vooruit gekom het tot by Cnidus aan die suidwestelike punt van Klein-Asië. Van daar het hulle suidwaarts geseil om aan die suidkus van Kreta te kom waar hulle weer skuiling kon vind. Dit het egter nie maklik gegaan nie. Vir almal was dit 'n verligting toe hulle by Mooi Hawens binneseil. Daar het die vraag opgekom of hulle dit moes waag om verder te gaan aangesien die weer so ongunstig geword het. Met die vaart tot by Mooi Hawens het baie tyd verlore gegaan. Die vastyd, d.w.s. die Groot Versoendag wat vroeg in Oktober val, was al verby en die winter was in aantog. Paulus wat self al baie ondervinding op die see opgedoen het (vgl. 2 Kor. 11:25), het die manne gewaarsku dat hulle liewer daar moes oorwinter anders sou hulle die skip met sy vrag en hul eie lewens in gevaar stel. Die hoofman het toe die stuurman en die eienaar van die skip geraadpleeg. Hulle was van mening dat Mooi Hawens nie 'n geskikte plek was om te oorwinter nie, en dat hulle liewer Fenix 'n bietjie verder na die weste moes probeer bereik. Die meerderheid van die bemanning het ook so gedink, en dus is daar nie op Paulus se raad ag geslaan nie.

### **§ 329 Die storm en skipbreuk (Hand. 27:13-44)**

Op 'n mooi dag toe die suidewind saggies waai, is die ankers gelig en die skip seil weg uit Mooi Hawens. Die stuurman se plan was om naby die kus van Kreta weswaarts te vaar tot by die goeie hawe van Fenix. Daar sou hulle oorwinter.

Hulle het nie baie ver gevorder nie of hulle word onverwags oorval deur 'n geweldige stormwind wat by die skeepslui bekend gestaan het as die gevreesde Eurakilon ('n naam saamgestel uit Grieks *euros* = oostewind, en die Latyn *aquilo* = noordewind, as benaming vir die noordoostewind; in sommige tekslesings geskryf Euroklidon = die oostewind wat groot golwe opjaag). Die geweld van hierdie wind was so groot dat die skip baie gou hulpeloos begin ronddobber het. Dit was hopeloos om in so 'n wind te probeer seil, en hulle het hulle toe maar aan die mag daarvan oorgegee en die skip laat wegdryf. Toe hulle onderkant die eilandjie Clauda (of Cauda) kom, was daar 'n klein bietjie skuiling. Die sleepbootjie wat agter aan die skip vas was, is opgetrek en op die skip vasgemaak. Om die skip stewiger te maak, het die skeepslui dit onderom met toue

gegord. Hulle het begin bang word dat hulle op die Sirtis te lande sou kom, d.w.s. op die groot sandbanke langs een deel van die kus van Afrika. Om die skip in sy vaart enigsins te rem en ook die agterstewe vas te hou, het hulle 'n dryfanker van swaar balke neergelaat, en so het hulle verder gedrywe.

Die volgende dag is van die vrag uitgegooi. Die skeepslui wou die skip ligter maak om daardeur die gevaar dat hulle teen rots of sandbanke vasloop, te verminder. Die dag daarna het Paulus en sy twee metgeselle, Lukas en Aristárchus, met hul eie hande die skeepsgereedskap uitgegooi. Paulus het die leiding op die skip begin oorneem. Dit het nie uit aanmatiging geskied nie, maar te midde van die storm het almal aan boord angsbevange geraak en nie geweet wat om te doen nie. Die gelowige Paulus wat op God vertrou het, was egter kalm en kon goeie leiding gee.

Dae aaneen het hulle nie die son of die sterre gesien nie, sodat hulle glad nie hul koers of posisie kon bepaal nie. Die storm het nog net so sterk gewoed, sodat hulle alle hoop om gered te word, laat vaar het. Die bemanning en die gevangenes het in hul moedeloosheid sit en wag op die einde. Nadat hulle lank sonder ete was, want daarvoor het niemand lus gehad nie, het Paulus tussen hulle gaan staan en hulle toegespreek. Hy wys daarop dat hulle na hom moes geluister het en nie van Kreta af weggevaar het nie. Dan sou hierdie ramp en skade nie oor hulle gekom het nie. Met hierdie verwysing wil hy dit nie by die ongelukkige mense invrywe dat hy reg was en hulle verkeerd nie, maar hy sê dit om hulle te laat begryp dat hulle van nou af wel moet luister na wat hy sê. Daarop begin hy hulle moed inpraat. Hulle kan verseker wees dat niemand sy lewe sal verloor nie, hoewel die skip sal vergaan. Voorts vertel hy hoe hy dit alles weet. In daardie nag het 'n engel van "die God aan wie ek behoort, wat ek ook dien", sê hy, aan hom verskyn en gesê: "Moenie vrees nie, Paulus, jy moet voor die keiser staan, en kyk, God het aan jou geskenk almal wat saam met jou vaar." Daarom vermaan hy hulle om moed te hou, omdat hy in God glo en weet dat dit so sal wees soos aan hom gesê is. Maar die skip sal op 'n eiland strand.

Vir die opvarendes, almal heidene, was hierdie woorde seker soos dié van 'n bonatuurlike wese. Hulle kon nie begryp hoedat Paulus so rustig en selfversekerd kon wees nie as die skip enige oomblik uitmekaar gebreek kon word deur die golwe. En hoedat hy daarna kan uitsien om voor die keiser te staan, is net so onbegryplik. Dit is tog iets wat die gevangenes met doodsangs vervul. Verder was dit 'n onverstaanbare uitspraak dat ter wille van die lewe van Paulus die lewens van al die ander gered sou word. Die woorde van die apostel het 'n diepe indruk gemaak en ook aan hulle heelwat gegee om oor na te dink.

In die veertiende nag, toe hulle nog in die Adriatiese (= Ioniese) See rondgedryf het, het die matrose teen middernag begin vermoed dat hulle besig was om land te nader. Hulle gooi die dieplood uit en kry twintig vaam (= ongeveer 120 voet). 'n Bietjie verder het hulle weer die dieplood uitgegooi en vyftien vaam gemeet. Hulle was dus wel besig om land te nader, en moes voorsorg probeer tref om nie deur die golwe op die rotse gewerp te word nie. Vier ankers word van die agterstewe uitgegooi en die mense op die skip maak hulle gereed om te wag tot dagbreek. Die matrose het egter begin planne maak om uit die skip weg te vlug en die opvarendes aan hulle lot oor te laat. Onder die voorwendsel dat hulle ook by die voorstewe ankers wou laat sak, het hulle die sleepbootjie in die water neergelaat. Voordat hulle self daarin kon spring het Paulus dit gewaar en die hoofman oor honderd en die soldate gesê dat as die matrose die skip verlaat, almal se lewe in gevaar is. Daarop het die soldate die toue afgekap en die sleepbootjie laat wegdryf.

Net voor dagbreek het Paulus almal aan boord weer toegespreek en aangemoedig om iets te eet. Dit was nodig vir hulle behoud. Hulle kon verseker wees dat geen haar van die hoof van enigeen verlore sou gaan nie. Toe neem hy self brood en in die teenwoordigheid van almal het hy 'n gebed gedoen om God te dank. Daarop het hy self geëet. Die ander het moed geskep en sy voorbeeld gevolg. So onder die ete het hulle weer eens almal getel sodat hulle sou kon vasstel of almal behoue sou word. Die 276 siele was nog almal daar.

Nadat hulle versadig is, het hulle die oorblyfsel van die koringvrag in die see gegooi om die skip ligter te maak. By die eerste daglig het hulle die land gesien, maar kon dit nie herken nie. Hulle kon 'n klein strand sien, en besluit toe om die skip daar op die sand te probeer laat vasloop. Die ankertoue word toe afgekap en die roertoue losgemaak. 'n Klein voorseil word gehys en hulle dryf voort in die rigting van die strand. Hulle kom egter nie op die strand tereg nie. Die wind dryf hulle teen 'n rif vas wat van die land af in die see inloop. Die voorstewe van die skip het onbeweeglik bly vassit. Die geweldige branders begin die agterstewe uitmekaar

slaan.
Omdat die soldate bang was dat die gevangenes sou ontsnap, was hulle van plan om almal dood te maak. Die hoofman, Július, wou egter die lewe van Paulus spaar en het die soldate verhinder om hulle wrede voorneme uit te voer. Hy het beveel dat dié van die soldate wat kon swem, eerste in die water moes spring en die ander op wrakstukke die land moes probeer bereik sodat hulle die gevangenes daar kon inwag. Daarop het almal, elkeen op sy eie manier, die strand probeer bereik. Toe hulle op die strand weer getel is, was almal daar - behoue deur die genade van God.

**§ 330 Verblyf op Malta (Hand. 28:1-10)**

Toe die inboorlinge - Lukas noem hulle barbare omdat hulle nie Grieke of Romeine was nie - sien dat daar 'n skip gestrand het, het hulle na die strand gehardloop om te gaan kyk. Van hulle het die skipbreukelinge te hore gekom dat hulle op die eiland Melíte (= Malta) gestrand het.
Die inboorlinge het baie vriendelik en mensliewend opgetree. Die reën het gedreig en dit was bitter koud. Hulle het toe takke aangesleep en 'n groot vuur gemaak om die mense wat uit die see gered is, te verwarm. Paulus het aktief daarby gehelp. Toe hy 'n klomp droë hout op die vuur gooi, het 'n adder weens die hitte daaruit gevlug en in sy hand vasgebyt. Hy het die slang in die vuur afgeskud en voortgegaan met die opgooi van hout. Die inboorlinge wat die soort slang geken het, het onder mekaar gefluister dat hierdie man seker 'n moordenaar was wat aan die goddelike wraak nie sal ontvlug nie. Hy het wel uit die see ontkom, maar die wraak het hom nou ingehaal deurdat die slang hom gebyt het. Hulle het hom dopgehou om te sien wat sou gebeur. Volgens hulle kennis van die slang se byt, sou sy hand opswel en dan sou hy skielik dood neerval. Toe hulle lank hierop gewag en niks gebeur het nie, het hulle vas begin glo dat Paulus 'n god moes wees. Dienooreenkomstig het hulle hom met groot eerbied bejeën.
Die hoof van die eiland, Publius, het daar naby 'n stuk grond gehad waarop hy geboer het. Hy het die skipbreukelinge daar ontvang en vir drie dae in die buitegeboue geherberg. Terwyl hulle daar was, het hulle verneem dat die vader van Publius ernstig siek was aan 'n hoë koors as gevolg van buikloop. Paulus het die sieke gaan besoek. By sy bed het hy 'n gebed gedoen, en toe die sieke die hande opgelê en hom gesond gemaak. Die gerug hieromtrent het gou versprei en van oral op die eiland het hulle siekes begin aanbring, wat deur Paulus gesond gemaak is. Dit het meegebring dat die inboorlinge aan die apostel, en ter wille van hom ook aan die hele geselskap, eerbied betoon en hulle goed behandel het. Paulus het die geleentheid gekry om die evangelie te verkondig en om daagliks in die Naam van Jesus te getuig.
Die hele winter het hulle op die eiland deurgebring. Na drie maande, toe die weer gunstig was vir die skeepvaart, het hulle gereed gemaak vir die verdere reis. Die vriendelike inboorlinge het hulle van alles voorsien wat vir die reis nodig was.

**§ 331 Die laaste skof na Rome (Hand. 28:11-15)**

Die reis sou voortgesit word met 'n ander Alexandrynse koringskip wat op die eiland oorwinter het. Op sy voorstewe het die skip die beeld van die Dioskure as kenteken gedra, d.w.s. die beeld van die tweeling Castor en Pollux, die seuns van die oppergod Zeus en beskermers van die skeepvaart. (Die name is later verbind aan die sterrebeeld die Tweeling = Gemini). Die vaart was voorspoedig. Eerlank kom hulle by Sirakuse op die eiland Sicílië aan en bly daar vir drie dae. Van daar seil hulle na Regium aan die toon van Italië, en aangedryf deur 'n gunstige suidewind bereik hulle die hawe van Putéoli binne twee dae. Dit was die eindpunt van die seereis. Van daar sou die gevangenes oor land met die beroemde Via Appia na Rome reis.
Vir Paulus was dit seker 'n aangename verrassing om in Putéoli 'n aantal Christene aan te tref. Hoedat hulle mekaar gevind het, weet ons nie, maar ook in daardie hawe was die Naam van Jesus reeds bekend. Die broeders versoek dat Paulus sewe dae by hulle bly, en hoofman Július het dit toegestaan. Na afloop van die sewe dae het die tog na Rome begin. Die geboeide gevangenes word in 'n stoet opgestel en deur die soldate voortgejaag na die hoofstad. So 'n optog van ellendiges en gedoemdes wat langs die Via Appia na Rome optrek, was destyds 'n gewone gesig. Waarskynlik het Július aan Paulus die voorreg toegestaan dat hy ongeboeid saam met sy twee vriende in die stoet kon loop.
Die broeders van Putéoli het vooruit 'n boodskap aan die gelowiges in Rome gestuur om hulle te laat weet van die koms van Paulus. 'n Aantal van hulle het uitgegaan om hom te ontmoet by die Appius-mark en die Drie Herberge, sowat 'n dagreis van Rome op die Via Appia. Vir die apostel het dit nuwe moed gegee toe hy hulle sien. Hy het met 'n beklemde gemoed die hoofstad genader omdat hy nie geweet het wat hom daar te wagte sou wees nie. Noudat hy

hulle gesien het, was dit vir hom opnuut 'n teken van die genade van God. Daarom het hy die Here gedank en moed gehou.

In die stoet van gevangenes, onder begeleiding van gewapende soldate, word Paulus die hoofstad van die magtige ryk binnegelei.

**§ 332 Paulus in Rome (Hand. 28:16-31)**

By aankoms binne die poorte van Rome neem Július die gevangenes na die hoofkwartier van die leër waar hy hulle aan die sorg van die bevelhebber toevertrou. Daarmee het hy sy opdrag uitgevoer. Waarskynlik het hy die bevelhebber spesiaal oor Paulus ingelig. Die gevangenes word toe almal na die kerkers geneem, maar Paulus, as verhoorafwagtende, kry die vergunning om in 'n gehuurde huis te woon saam met soldate wat hom moes bewaak. Die broeders in Rome was seker behulpsaam om so 'n huis vir hom te vind, en daar het hy die volgende twee jaar vertoef.

Paulus wou sy tyd en beperkte vryheid so diensbaar as moontlik maak aan die koninkryk van God. Sy eerste stap was om die leiers van die Joodse gemeenskap in Rome in te lig omtrent die omstandighede van sy gevangeneming. In die hoofstad was daar 'n aansienlike Joodse bevolking met minstens twaalf sinagoges. Aan die owerstes van die sinagoges stuur Paulus reeds na drie dae uitnodigings uit om hom te kom sien. As gewese Fariseër en leerling van die beroemde Gamaliël het hy die gesag gehad om so 'n versoek tot hulle te rig.

Toe hulle byeengekom het, het Paulus aan hulle verduidelik dat hy niks teen die sedes van die voorvaders gedoen het nie, maar as gevolg van 'n misverstand gevange geneem en aan die Romeine uitgelewer is. Ná ondersoek het geblyk dat hy geen oortreding begaan het nie en vrygelaat kon word, maar omdat die Jode hulle teen die vrylating verset het, het hy hom op die keiser beroep. Hy het geensins die voorneme gehad om sy volk voor die keiser te kom beskuldig nie. Hiervan wou hy die leiers van die Jode die versekering gee. Hieraan voeg hy toe dat dit oor "die hoop van Israel", d.w.s. die verwagte Messias, was dat hy in boeie verkeer het. Die Jode het hom simpatiek aangehoor en hom verseker dat hulle uit Jerusalem geen brief of boodskap in verband met Paulus ontvang het nie. Hulle het ook van niemand iets slegs omtrent hom gehoor nie, maar hulle wil tog graag van hom verneem wat hy van "hierdie sekte" dink, wat sover hulle weet van alle kante teengespreek word. Op hulle versoek word toe 'n dag bepaal waarop hulle weer na Paulus sou kom om oor "die sekte" ingelig te word.

Vroeg op die bepaalde dag het hulle by Paulus se verblyfplek aangekom. Op daardie dag het hy kragtig getuig aangaande die koninkryk van God. Van die môre tot in die aand het hy die geskrifte van Moses en die profete deurgegaan en alles wat op die Messias betrekking het, uitgelê en aangetoon hoedat dit vervul is in die koms van Jesus Christus. Die uitwerking van sy getuienis was dat sommige geglo maar ander ongelowig gebly het.

Toe hulle onder mekaar verdeeld gebly het, het Paulus die woord van Jesaja (6:9-10) aangehaal oor die volk wie se hart stomp geword het, met ore wat nie hoor en oë wat nie sien nie omdat hulle verhard was en geweier het om hulle te bekeer. Dieselfde woord wat Jesus twee maal op die verharde Jode toegepas het (Matt. 13:14-15; vgl. § 73, en Joh. 12:40, vgl. § 184), rig Paulus tot die ongelowige Jode in Rome en voeg daaraan toe: "Laat dit dan aan julle bekend wees dat die heil van God aan die heidene gestuur is, en hulle sal luister." Onder 'n groot onderlinge woordestryd is die Jode toe uitmekaar.

Lukas vertel dat Paulus vir twee volle jare in sy eie gehuurde huis bewaak is, waar hy almal ontvang het wat hom kom opsoek het, "terwyl hy die koninkryk van God gepreek en onderrig gegee het aangaande die Here Jesus Christus, met volle vrymoedigheid sonder enige verhindering".

Daarmee sluit Lukas sy verhaal van die voortgang van die evangelie tot in Rome. Die slot van die verhaal wek die indruk dat dit nog voortgesit sal word. Moontlik was dit die voorneme van Lukas om 'n derde boek op te stel oor die verdere verloop van die evangelie, maar is hy verhinder om dit te doen. Sy bedoeling of omstandighede bly vir ons egter onbekend. Die feit dat hy verklaar dat Paulus twee volle jare (v. 30) in sy eie huis gewoon het, wek die indruk dat daar na die twee jaar 'n verandering ingetree het. Uit ander gegewens blyk dat Paulus vrygelaat is en nog weer 'n reis onderneem het.

**§ 333 Briewe uit die gevangenis**

In die twee jaar (60 - 62 n.C.) dat Paulus in die gevangenskap in Rome was, het hy voortgegaan om in voeling te bly met die verskillende gemeentes wat hy op sy reis gestig het, of wat in daardie tyd tot stand gekom het. By ons wete het hy minstens vier briewe in daardie tyd geskryf, naamlik *Aan die Kolossense, Aan die Éfésiërs, Aan Filémon,* en *Aan die Filippense.*

In hierdie briewe vind ons enkele brokkies inligting aangaande Paulus se wedervaringe in die gevangenis, asook omtrent die omstandighede in die gemeentes.

Die Brief aan die Kolossense is waarskynlik die eerste geskryf. Die gemeente in Kolosse, net soos dié in die naburige Laodicéa en Hiërapolis, is deur Paulus nooit besoek nie (Kol. 2:1), maar het tot stand gekom deur die arbeid van Épafras, wat waarskynlik in Klein-Asië onder die prediking van Paulus tot bekering gekom het. Toe Paulus in Rome was, het Épafras, wat die gemeente in die sorg van Archíppus gelaat het (Kol. 4:17), by die apostel kom raad soek in verband met dwaalleer wat in die gemeente voorgekom het. Daarom skryf die apostel sy brief aan Kolosse en ook een aan Laodicéa. Hierdie briewe word deur Tíchikus, wat self uit Klein-Asië afkomstig was (vgl. Hand. 20:4) en hom by Paulus in Rome aangesluit het, na die gemeentes oorgebring, terwyl Épafras by die apostel gebly het om hom by te staan. Ook Timótheüs het na Rome gereis en was nou saam met Paulus (Kol. 1:1; Filem. 1:1; Fil. 1:1).

Die apostel begin sy brief met danksegging vir die geloof, liefde en hoop van die gemeente (1:3-4) wat hulle verkry het "deur die woord van die waarheid van die evangelie, wat julle sowel as die hele wêreld bereik het". Aangesien hy onderrig moet gee in verband met dwaalleer, gee hy eers 'n kort uiteensetting van die inhoud van "die woord van waarheid van die evangelie". Drie dinge noem hy, eerstens, dat God die Vader ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges deur ons in die bloed van Christus te verlos uit die mag van die duisternis en ons oor te bring in die koninkryk van sy Seun, deur die vergifnis van sondes (1:9-14); tweedens, dat Christus die Beeld is van die onsienlike God en die Eersgeborene van die skepping, en daarom ook Heerser en Onderhouer van alle dinge (v. 15-17); derdens is Christus Hoof van sy liggaam, naamlik die gemeente, die kerk; en in Hom woon die ganse volheid van God sodat almal wat deur die geloof in Hom ingelyf is, aan daardie volheid deel het (v. 18-23).

Daarna vermaan hy teen die dwaalleer, en uit wat hy skryf, kom ons iets omtrent die dwaling te wete. Blykbaar het die dwaalleraars gevind dat die verklaring oor die wêreld en oor die toekoms van die mense soos dit in die Skrif en die prediking voorkom, nie diepsinnig genoeg was nie. Daarom kom hulle met 'n leer te voorskyn wat hom as "filosofie" aandien en sy uitgangspunt vind in die "eerste beginsels van die wêreld" d.w.s. die elemente lug, aarde, vuur en water (2:4 e.v.). In húlle skema beklee die engele 'n belangrike plek as tussenwesens tussen God en die wêreld. Die belangrikste onder die engele sou dan Christus wees. Die vrome mens moet hom van die wêreld probeer losmaak en opstyg na bo. Dit doen hy deur strenge voorskrifte in verband met nuwemane en sabbatte waar te neem en hom van sekere soorte voedsel en drank te weerhou. Van hierdie dinge sê Paulus dat dit net uitloop op 'n selfverheffing en 'n eiesinnige godsdiens (2:23). Iemand wat hieraan meedoen, begryp nie dat hy hom oorgee in die hande van die owerhede en magte van die duisternis nie. Daarteenoor het Christus al hierdie magte oorwin, hulle uitgeklee en in sy triomftog as gevangenes meegevoer (2:13-15), en daardeur die gelowiges bevry. Daarom moet hulle ook vas staan in die geloof en nie toelaat dat hulle deur allerlei dwaling verlei word nie.

In die laaste deel van die brief volg vermaninge in verband met die christelike lewe, waarby die apostel vir elkeen in die huisgesin 'n besondere woord het (3:18 e.v.). Daarop volg woorde van groete waarin hy vertel wie almal by hom is. Hy stuur die brief saam met Tíchikus wat deur Onésimus, "die getroue en geliefde broeder wat van julle mense is", vergesel word. Voorts is Aristárchus daar, wat hom op die seereis vergesel het van Caesaréa af; en Markus wat juis op pad is om ook die gemeentes in Klein-Asië te besoek en Justus is by hom, asook "die geneesheer Lukas, die geliefde" en Demas.

Aan die broeders in Laodicéa stuur die apostel groete en vra dat hierdie brief aan daardie gemeente deurgestuur moet word, en dat die broeders in Kolosse moet sorg dat hulle die brief "aan die Laodicénse" te lees kry. Hierdie brief besit ons nie meer nie, tensy ons aanneem dat met hierdie benaming die *brief aan die Éfésiërs* bedoel word.

Die Brief aan die Éfesiërs is gelyktydig met die aan Kolosse geskryf en ook met Tíchikus saamgestuur (Ef. 6:21). Waarskynlik was dit bedoel as 'n brief wat aan die verskillende gemeentes in die omgewing van Éfese besorg moes word, o.a. aan Laodicéa (vgl. Kol. 4:16). Dit is volgens die opskrif (1:1) gerig "aan die heiliges wat in Éfese is", maar betroubare manuskripte toon aan dat "in Éfese" ingevul is in 'n opening wat in die oorspronklike brief oop gelaat is vir die naam van die gemeente. Ook 'n ander naam sou daar ingeskryf kon word. Hierdie feit dui daarop dat die brief vir meer as een gemeente bedoel was. Daaruit is ook te verklaar dat dit nie afsluit met die gebruiklike lys van persone wat groete stuur of moet

ontvang nie.
Aangesien hierdie brief in dieselfde tyd geskryf is as dié aan die Kolossense, bestaan daar heelwat ooreenstemming tussen die twee. Tog is daar ook 'n wesenlike verskil. In laasgenoemde val die nadruk op die dwaalleer, maar in die brief aan die Éfesiërs gaan dit om die besondere karakter van die kerk en die weldade wat Christus aan sy kerk skenk.
In hfst. 1 word in lang vloeiende sinne gepraat van die heerlikheid en genade van Christus wat aan almal wat glo, geskenk is. Die gelowiges word geroep uit die Jode en uit die heidene. Die diepste grond vir hulle heil is die uitverkiesende genade van God wat sy eiendom saamvoeg tot een liggaam waarvan Jesus Christus die Hoof is (1:22). Die verlossing is nie die verdienste van mense nie, maar 'n gawe van die genade wat ons deur die geloof verkry (2:1-10); en omdat almal op dieselfde wyse deur die geloof gered word, is daar nie meer 'n skeiding tussen Jood en heiden onder die gelowiges nie. Almal word saam opgebou soos 'n geestelike tempel gegrond op die hoeksteen, Jesus Christus, en die fondament van die apostels en profete (2:11-22).
Dan deel die apostel mee dat hy die besondere roeping het om die gemeente op te bou (3:1-13), en gaan hy voort om 'n innige gebed vir hulle te doen dat Christus deur die Heilige Gees in hulle mag woon, en hulle mag toeneem in die liefde (3:14-21). Voortgaande wys hy op die eenheid van die gemeente wat een liggaam en een Gees is, en voorts: "een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is" (4:4-5). Daar is wel 'n verskeidenheid van bedieninge soos apostels, profete, evangeliste, herders en leraars, maar almal werk saam "tot opbouing van die liggaam van Christus" (4:11-16).
In die laaste deel van die brief vermaan die apostel tot heiligheid van lewenswandel. Daarin sê hy diepsinnige dinge oor die huwelik, deurdat hy 'n parallel trek tussen die verhouding van man en vrou aan die eenkant en dié van Christus tot sy gemeente aan die ander kant. Dit word saamgevat met die woord dat soos Christus sy gemeente liefgehad het, so moet die man ook sy eie vrou liefhê (5:1-21). Daarop volg 'n woord aan vaders, moeders, kinders, diensknegte en here, om aan elkeen voorligting te gee omtrent sy gedrag (5:22-6:9).
Aan die einde van die brief vermaan die apostel die gelowiges om soos krygsmanne van Christus die volle wapenrusting aan te trek en vas te staan. In sy gevangenskap het Paulus elke dag die soldaat in volle wapenrusting as wag by hom gehad. Toe hy die wapenrusting bekyk, het hy daarin die beeld van die geestelike wapenrusting gesien, en geskryf van die lendene omgord met die waarheid, die borswapen van die geregtigheid, die skoene van bereidheid vir die evangelie van vrede, die skild van die geloof, die helm van verlossing en die swaard van die Gees (6:10-20).
Die Brief aan Filémon word aan Onésimus (= die nuttige) toevertrou om in Kolosse aan Filémon te besorg. Onésimus het saam met Tíchikus, die oorbrenger van die briewe aan Éfese en Kolosse, gereis (Kol. 4:7-9).
Uit die brief blyk dat Filémon 'n vriend en medearbeider van Paulus was en ook sy huis in Kolosse beskikbaar gestel het vir die byeenkomste van 'n huisgemeente. Hy was ook ryk en het slawe in sy diens gehad. Een daarvan, Onésimus, het weggeloop en sy weg na Rome gevind. Daar het hy op die een of ander wyse met Paulus in aanraking gekom, en is hy tot bekering gelei. Paulus noem hom: "my kind wat ek verwek het in my boeie" (v. 10). Nou stuur Paulus die bekeerde slaaf terug aan sy eienaar, en gee aan hom die brief saam waarin hy Filémon vra om die slaaf terug te neem soos 'n broeder. Met toespeling op Onésimus se naam sê Paulus dat hy "vroeër vir jou nutteloos was, maar nou baie nuttig vir jou en vir my." Sy tere verbondenheid aan die jong Onésimus bring hy op 'n aangrypende manier tot uitdrukking wanneer hy pleit: "Neem jy hom, dit is my eie hart, aan." Verder verklaar Paulus, die gevangene, dat as die slaaf aan sy meester enige skade berokken het, kan dit op Paulus se rekening kom, en hy sal dit betaal.
Aan die einde van die brief vra die apostel dat Filémon vir hom herberg in Kolosse moet reghou, want hy hoop om daarheen te kom. Daaruit kan ons aflei dat Paulus rede gehad het om te dink dat hy eerlank vrygelaat sou word.
Die Brief aan die Filippense is ook uit die gevangenskap geskryf maar by 'n ander geleentheid as die drie vorige briewe. Gewigtige argumente kan aangevoer word ten gunste van die moontlike ontstaan van hierdie brief tydens 'n gevangenskap in Éfese tydens die derde sendingreis (vgl. § 309). Ons handhaaf egter die opvatting dat die brief aan die Filippense die laaste een is wat Paulus uit die eerste gevangenskap in Rome geskryf het.
Daar het 'n besonder tere band tussen Paulus en die gemeente in Filippi bestaan. Hulle het ook

moeite gedoen om geld of goed aan hom te stuur (vgl. Fil. 4:15-16). In sy gevangenskap doen hulle nog meer as dit. Hulle stuur stoflike middele maar bowendien ook 'n man uit Filippi om Paulus te gaan dien in die gevangenis. Hy was Epafrodítus wat aan die apostel kostelike hulp verleen het, maar toe baie ernstig siek geword het. Die gemeente het van die siekte te hore gekom en was baie besorg oor Epafrodítus en oor Paulus.

Die apostel skryf dus aan die gemeente om hulle gerus te stel oor homself en oor Epafrodítus, en ook om hulle te dank vir die besondere gawes wat hy van hulle ontvang het. Hy vertel heelwat aangaande sy eie omstandighede, en verseker hulle voorts dat Epafrodítus beter is en langsaam op pad is terug na Filippi. Timótheüs word ook na hulle gestuur as die oorbrenger van hierdie brief (2:19-30).

Wat homself betref, vertel die apostel dat hy reeds homself moes verdedig en dat dit uitgeloop het op 'n verdediging van die evangelie. Ook het hy die evangelie aan die hele keiserlike lyfwag gebring deurdat hy aan die wagte wat hom moes oppas en telkens verwissel word, die woord verkondig het. Hy is nog nie seker van die toekomstige verloop van die saak nie, maar is bereid om te sterf. Dit is die geval omdat die lewe vir hom Christus is en die sterwe wins (1:21). Tog voel hy innerlik seker dat hy vrygelaat sal word en nog weer die gemeente sal besoek.

Voortgaande vermaan hy hulle om hulle waardig die evangelie van Christus te gedra (1:27) deur eensgesind en sonder onderlinge afguns en naywer te wees. By hulle moet die gesindheid wees wat
ook by Christus was, wat die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het en aan die mense gelyk geword het in gehoorsaamheid aan die Vader. Daarom het God Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is, naamlik: Here Jesus Christus. (2:5-11).

'n Woord van waarskuwing word teen Judaïstiese dwaalleraars gerig. Hulle wil die gelowiges verlei om hulle aan allerlei eise van die seremoniële wet te laat voldoen, maar Paulus wys daarop dat dit alles van geen belang vir die saligheid is nie. Ons word geregverdig deur die geloof in Jesus Christus. Daarom wek die apostel die gemeente op tot blydskap in die Here en verseker hulle dat hulle al hul begeertes met smeking en danksegging deur die gebed tot God kan bring.

In die laaste verse verklaar Paulus dat hy nie van hulp afhanklik is nie omdat hy geleer het om in alle omstandighede vergenoeg te wees, en bowendien tot alles in staat is deur Christus wat hom krag gee. Maar tog is hy opreg dankbaar vir die hulp wat die gemeente gestuur het waardeur dit vir hom soveel makliker gemaak is in sy moeilike omstandighede. Die Here sal hulle self vergoed: "My God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus".

Só het die apostel dan deur briefwisseling die gemeentes opgebou en bemoedig in die twee jaar wat hy in die gevangenskap gebonde was.

# XXXI. LAASTE REIS VAN PAULUS

## § 334 Vrygelaat en weer op reis

Die geskiedenis van die laaste lewensjare van die apostel Paulus word nêrens aaneenlopend beskryf nie. Uit gegewens in die Pastorale Briewe (1 en 2 Timótheüs en Titus) kan ons in breë trekke die verhaal saamstel.

Dit blyk dat Paulus ná twee jaar in gevangenskap weer vrygestel is en Rome verlaat het om op reis te gaan in belang van die evangelie. Dit was in 62 of 63 n.C. in die regeringstyd van keiser Nero (54-68). Toe Nero as sewentienjarige seun keiser geword het, was hy nog onder die toesig van sy leermeester Seneca, 'n broer van Gallio wat in 51/52 goewerneur van Achája was (vgl. § 300). Onder leiding van die wyse Seneca het die onverstandige Nero aanvanklik verstandig geregeer totdat hy in 59 sy moeder Agrippina laat vermoor het. Van toe af het hy alle beperkinge wat geregtigheid en welvoeglikheid op hom gelê het, afgeskud en slegs sy eie genotsug, wellus en grille bevredig. Vir Rome het dit die begin van 'n tyd van verskrikking beteken wat sy hoogtepunt bereik het met die brand van die stad in Julie 64, en die vervolging van die Christene wat daardeur ontketen is.

Dit was dus in die tyd dat die gruwels van Nero aan die toeneem was dat Paulus uit die gevangenskap vrygelaat is. Of dit op 'n vryspraak van die keiser gevolg het, weet ons nie. Dit is egter meer waarskynlik dat die reël toegepas is dat 'n verhoorafwagtende vrygestel kon word indien sy saak binne twee jaar nie verhoor word nie. In elk geval het Paulus sy vryheid herwin en uit Rome vertrek.

Waarheen hy gegaan het, weet ons nie met sekerheid nie. Dit was sy begeerte om van Rome af na Spanje te gaan (Rom. 15:28). 'n Oud-christelike geskrif (1 Clemens-brief, ca. 96 n.C.) meld dat Paulus gegaan het "tot aan die grens van die weste," en skyn daarmee te bedoel dat hy Spanje besoek het. Vaste bewyse hiervoor bestaan egter nie. Dit is meer waarskynlik dat Paulus teruggekeer het na die gemeentes in Griekeland en Klein-Asië om hulle te versorg en te bemoedig. Sedert hy byna vyf jaar vroeër gevange geneem is, het baie dinge in die gemeentes gebeur. Veral dwaalleer van verskillende aard het sy verskyning gemaak, asook toenemende aanpassing by die leefwyse van die wêreld. Die gemeentes moes die suiwere koers vind en het daarin die raad van die apostel nodig gehad. Ook was dit 'n tyd van konsolidasie van die gemeentes. 'n Vaste vorm van organisasie en 'n christelike lewenspatroon moes gevind word. Ook daarin was die voorligting van Paulus nodig.

Welke medewerkers Paulus vergesel het, word nie vermeld nie. Markus het aanvanklik in Rome gebly, waar Petrus, volgens oorlewering, toe ook was. Uit die mond van Petrus het Markus sy Evangelie opgestel (vgl. § 7). Later het Markus na Klein-Asië gegaan (2 Tim. 4:11). Van Lukas word in hierdie stadium geen melding gemaak nie. Later was hy weer by Paulus in Rome (2 Tim. 4:11). Timótheüs het uit Rome vertrek met die brief aan die Filippense (Fil. 2:19) en van Filippi na Éfese gegaan waar hy nog vertoef het (1 Tim. 1:3). Dit is moontlik dat Titus in Rome by die apostel aangesluit en hom op hierdie reis vergesel het, altans tot in Kreta.

Die eerste plek waar Paulus aangedoen het, was die eiland Kreta. Op sy reis as gevangene na Rome meer as twee jaar vroeër het hy 'n kort tydjie in Mooi Hawens op hierdie eiland vertoef (Hand. 27:8 e.v.), en waarskynlik die saad van die evangelie uitgestrooi. Ook het Christene van elders na die eiland gekom en verskillende klein groepe gelowiges het ontstaan. Aan hulle het Paulus nou 'n besoek gebring. By sy vertrek laat hy Titus daar agter om die werk voort te sit (Titus 1:5).

Van Kreta het die apostel na Griekeland gegaan. Ons kan aanneem dat hy na die hawe Kenchréë geseil het en van daar Korinthe besoek het. Nadat hy 'n tyd lank daar vertoef het, reis hy na Macedónië. Juis toe hy hierdie reis begin het, het hy van Timótheüs berig, moontlik 'n brief, ontvang waarin Timótheüs vra of hy nie liewer uit Éfese moet kom om by die apostel aan te sluit nie (vgl. 1 Tim. 1:3). Hierop antwoord Paulus nie onmiddellik nie, maar reis voort om die gemeentes in Macedónië te besoek, d.w.s. Beréa, Thessaloníka en Filippi. Die stellige verwagting wat hy in die gevangenskap gekoester het dat hy die Filippense weer sou sien (Fil. 2:24), is dus bewaarheid.

Uit Filippi skryf die apostel sy *Eerste Brief aan Timótheüs* (sien § 335).

Van Filippi het die apostel na Troas gegaan waar hy sy warm mantel en 'n aantal boeke en perkamente by Carpus agtergelaat het (2 Tim. 4:13). Van daar reis hy na Éfese waar hy Timótheüs gevind en hom gesterk het. Ons kan aanneem dat hy toe ook sy belofte aan Filémon (v. 22) uitgevoer het deur 'n besoek te bring aan Kolosse, en moontlik ook aan die

gemeentes in daardie omgewing. Van Éfese gaan hy na Miléte waar hy op die derde sendingreis die ouderlinge van Éfese ontmoet het (Hand. 20:17 e.v.).
In Miléte het Paulus se metgesel, Trófimus, siek geword en moes daar agtergelaat word (2 Tim. 4:20). Van daar steek die apostel oor na Korinthe waar hy Erástus laat bly het (2 Tim. 4:20). Uit Éfese of Miléte het Paulus sy *Brief aan Titus* (sien § 335) gestuur. Daarin het hy meegedeel dat hy van plan was om Ártemas of Tíchikus na Kreta te stuur om Titus af te los. Sodra hulle aankom, moes hy na Nikópolis kom om daar by Paulus aan te sluit. Van Korinthe het Paulus dus in 'n noordwestelike koers dwarsoor Griekeland gereis tot aan die hawe Nikópolis aan die Adriatiese See. Daar sou hy oorwinter in afwagting van die koms van Titus (Tit. 3:12). Nadat hulle 'n tyd lank saam in Nikópolis was, het Titus na die noorde gereis om Dalmásië te besoek. Paulus het na Italië gevaar en die volgende wat ons van hom verneem, is dat hy in Rome in gevangenskap verkeer, waar alleen Lukas by hom was (2 Tim. 4:11).

**§ 335 Briewe in vryheid geskryf**

Tydens die laaste reis van Paulus het hy twee briewe geskryf wat ons nou kortliks bespreek:

Die *Eerste Brief aan Timótheüs* is vanuit Macedónië, waarskynlik Filippi, aan Timótheüs in Éfese gerig in antwoord op die vraag van Timótheüs of hy by Paulus moet kom aansluit. Paulus skryf dat hy liewer in Éfese moet bly, en bemoedig hom in die moeilike omstandighede om die goeie stryd te stry. Die gemeente word lastig geval deur allerlei dwaalleraars wat hulle besig hou "met fabels en eindelose geslagsregisters" (1 Tim. 1:4) wat mense weglei van die ware geloof en uitloop op twis en onenigheid, sowel as op ergerlike sondes wat in stryd is met die gesonde leer (1:4 e.v.). Ander weer loën die opstanding van die liggaam (2 Tim. 2:17-18), en hulle is deur Paulus aan die Satan oorgegee sodat hulle kan leer om nie te laster nie (1:19-20). Teenoor hulle almal moet Timótheüs standvastig bly in die geloof en getrou aan die goeie belydenis wat hy voor baie getuies afgelê het (6:12), naamlik toe hy afgesonder is as medewerker van Paulus (vgl. § 291).
'n Belangrike deel van die brief handel oor die reëling van sake in die gemeente. Die apostel vermaan nie alleen om heilig te lewe nie, maar gee ook voorskrifte rakende die organisasie van die gemeente. As allerbelangrikste saak stel hy die gebed vir alle mense voorop, ook vir die staatkundige owerheid (2:1-8). Dan vermaan hy die vrou in die gemeente om haar met beskeidenheid en ingetoënheid te versier en in liefde goeie werke te doen (2:9-15). Daarna stel hy die eise waaraan mense behoort te voldoen wat gekies word as opsieners (= ouderlinge) en diakens in die gemeente. In alle opsigte moet hulle onberispelik en voorbeeldig wees, en die bewys daarvoor gelewer het deur hulle eie huisgesinne goed te regeer. In aansluiting hierby wys hy daarop dat die vrou ook 'n aandeel het aan die werksaamheid in die gemeente. Veral wys hy op die weduwee van bo die sestig jaar wat tot groot hulp kan wees (5:1 e.v.). Al die kragte moet saamgesnoer word in die stryd teen die groot afval en die mag van die "verleidende geeste en leringe van duiwels" (4:1 e.v.).
Timótheüs word opgeskerp om getrou te wees. Hy moet nie toelaat dat iemand sy jonkheid verag nie, maar 'n voorbeeld wees vir die gelowiges "in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid" (4:12), en voortgaan om die goeie stryd van die geloof te stry, terwyl hy steeds let op Jesus Christus wat voor Pontius Pilatus die goeie belydenis afgelê het (6:12 e.v.). Diep onder die indruk van die gevare wat die jongman aan wie Paulus so innig verbonde is, bedreig, sluit hy die brief met: "o Timótheüs, bewaar jou pand!"
Die *Brief aan Titus*, "my ware kind volgens die gemeenskaplike geloof" (1:3), skryf Paulus vanuit Éfese of Miléte om aan Titus voorskrifte te gee in verband met die reëling van sake in die gemeentes op Kreta, en iets te vertel van sy eie toekomsplan. Dit blyk dat ongeveer dieselfde dwalinge wat hulle in Éfese voorgedoen het, ook op Kreta aan die werk was. Ook daar is "dwase strydvrae en geslagsregisters en twis en stryery oor die wet" (3:9) aan die orde van die dag, en Titus moet self hierdie dinge vermy en diegene wat hulle daaraan skuldig maak, vermaan. Dit is van groot belang dat van stad tot stad ouderlinge aangestel word. As rentmeester van God moet so 'n opsiener onberispelik wees en voldoen aan die eise wat die apostel stel vir 'n christelike lewe (1:5 e.v.). Verder gee Paulus voorskrifte in verband met die leefwyse van die ou manne, die ou vroue (wat ook "leraresse van wat goed is", moet wees), die jong vroue en jongmanne en die diensknegte. Hulle almal moet só wandel dat hulle "die leer van God, ons Verlosser, in alles kan versier" (2:1-10). Hierop gee die apostel 'n kort uiteensetting van die reddende genade van God wat aan alle mense verskyn het, en wat aan almal verkondig moet word (2:11 e.v.).

Aan die end van sy brief versoek Paulus Titus om hom in Nikópolis te ontmoet nadat sy plaasvervanger, Ártemas of Tíchikus, op Kreta aangekom het. Ook moet hy Senas, die wetgeleerde, en Apóllos ywerig voorthelp en toesien dat dit hulle aan niks ontbreek nie (3:12-13). Dit is die laaste keer dat ons iets van Apollos verneem (vgl. § 304).

**§ 336 Die laaste brief**

Die *Tweede Brief aan Timótheüs* is die laaste wat Paulus geskryf het. Hy was in Rome in die gevangenis. Waarskynlik het sy terugkeer na Rome kort na die brand van die stad in 64 n.C. plaasgevind en het hy 'n prooi geword van die verwoede vervolging van die Christene wat op daardie ramp gevolg het. Hy word veel strenger bewaak en sit ook in boeie. Sy medewerkers uit Asië het hom almal verlaat en uit die stad gevlug. Alleen Onesíforus, wat uit Asië in Rome aangekom het, het die apostel opgesoek, en "my dikwels verkwik en hom oor my kettings nie geskaam nie" (2 Tim. 1:15 e.v.). Die sorge van Paulus is egter nie vir homself nie maar vir die evangelie. Tog weet hy dat al sit hy in boeie soos 'n kwaaddoener, "die woord van God nie gebonde is nie" (2:9) en daarom sal voortgaan op sy weg deur die wêreld.

Die evangelie word bedreig deur dwaalleer. Onheilige en onsinnige praatjies, versprei deur Himenéüs en Filétus, woeker voort soos 'n kanker (2:16 e.v.), maar die gemeente is soos 'n groot huis wat op die vaste fondament van God opgerig is, en waarin die gelowiges diens doen soos geheiligde en bruikbare vate van eer (2:19 e.v.).

'n Ander bedreiging is die verskriklike verdorwenheid van die laaste dae waarin sware tye oor die gemeente sal kom, en mense onder die skyn van godsaligheid gruwelike sondes sal verrig (3:1 e.v.). In al hierdie dinge moet Timótheüs volhard in die gesonde leer en die woord tydig en ontydig verkondig.

In die laaste verse van die brief vertel die apostel meer omtrent sy eie omstandighede. Hy weet dat sy einde naby is, maar kan met vrymoedigheid verklaar: "Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid" (4:7-8). Hy voel egter baie eensaam en verlang na, Timótheüs. Daarom vra hy hom om tog gou na Rome te kom en ook die mantel en boeke wat Paulus in Troas gelaat het, saam te bring (4:13). Dan vertel die apostel waarom hy so eensaam is. Alleen Lukas is by hom (4:11). Al die ander het vertrek, en sommige het die apostel bittere leed aangedoen. Demas, voorheen 'n medewerker (Kol. 4:14; Filem. 24) het teruggeval in die wêreld en na Thessaloníka vertrek; Crescens is na Galásië; Titus was nog in Dalmásië; Tíchikus het hy na Éfese gestuur om Timótheüs af te los, en Alexander, die kopersmid, het hom baie leed aangedoen, maar hy koester geen wrok teen hom nie.

Reeds eenmaal moes Paulus homself verdedig en toe het niemand hom bygestaan nie. God het hom egter gered uit die bek van die leeu (4:16-17) en hy is verseker dat die Here hom ook verder sal bewaar: "Die Here sal my verlos van elke bose werk en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan. Aan Hom die heerlikheid tot in alle ewigheid!" (4:18).

Daarna voeg hy 'n woord van groete by aan Priscílla en Áquila wat hulle weer in Éfese gaan vestig het, en aan die huis van Onesíforus.

**§ 337 Die dood van Paulus**

Van die dood van Paulus word niks in die Nuwe Testament vertel nie. Hy self het sy einde voorgestel as 'n drankoffer wat uitgegiet word (2 Tim. 4:6). Ook het hy aan "die bek van die leeu" gedink (2 Tim. 4:17), juis in die tyd toe so baie Christene in die arena deur wilde diere verskeur is.

'n Baie ou oorlewering, wat gewoonlik as betroubaar aanvaar word, vertel dat Paulus deur die swaard onthoof is. Die kerkvader Eusebius (ca. 339 - 414) vertel dat die graf van die apostel nog te sien was langs die pad wat uit Rome gaan na Ostia (= via Ostiensis) in die suide.

In elk geval staan dit vas dat Paulus wat so baie gely het in belang van die verkondiging van die evangelie, aan die einde sy getuienis met sy bloed verseël het. Maar ook in daardie laaste uur was die lewe vir hom Christus en die sterwe wins.

**§ 338 Enkele jaartalle in die lewe van Paulus**

Die jaartalle waarop bepaalde gebeurtenisse in die lewe van Paulus plaasgevind het, kan slegs by benadering bereken word. Gelukkig is daar enkele vaste punte waarop die berekening gebaseer kan word. Eerstens weet ons dat Paulus in die regeringstyd van keiser Nero gesterf het, d.w.s. voor 68 n.C. Tweedens staan dit redelik vas dat Festus vir Felix opgevolg het aan die end van 59 of begin 60. Derdens staan die datum vas waarop Paulus tydens die tweede

sendingreis in Korinthe werksaam was, naamlik in 50-52. In Delphi in Griekeland is 'n inskripsie gevind waarop die naam van die goewerneur Gallio voorkom en ook die aanduiding van die jaar. Daarvolgens is dit seker dat Gallio in 51/52 in Korinthe was as goewerneur van Acháje, en dat Paulus in daardie tyd voor hom gebring is deur die Jode (Hand. 18:12 e.v.).
Die tweede sendingreis, waartydens Paulus minstens agtien maande in Korinthe gebly het (Hand. 18:11), moes dus van einde 49, of begin 50, tot 52 geduur het. Voor daardie tyd het die apostel-vergadering in Jerusalem plaasgevind in 48 of begin 49. Die eerste sendingreis moes dus in 47-48 onderneem gewees het.
Die apostel verklaar dat hy na sy bekering drie jaar in Arabië was, en veertien jaar later weer in Jerusalem (Gal. 1:18 en 2:1). Hy verwys dan na die apostel-vergadering van 48/49. Dit beteken dat hierdie vergadering plaasgevind het sewentien jaar na die bekering van die apostel. Sy bekering het daarvolgens in 32/33 plaasgevind (vgl. ook § 24). Aangesien hy toe 'n mondige Jood was wat selfstandig kon optree, moes hy oor die dertig jaar oud gewees het, waarskynlik minstens twee-en-dertig. Dit beteken dat hy nie later as die jaar 1 n.C. gebore is nie.

As ons hierdie gegewens saamstel, kry ons die volgende tabel:

| | |
|---|---|
| Geboorte ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | ongeveer 1 n.C. |
| Bekering ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 32/33 |
| Terug in Jerusalem ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 35/36 |
| Van Tarsus na Antiochië ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 45 |
| Noodleniging aan Jerusalem ..... ..... ..... ..... ..... | 46 |
| Eerste sendingreis ... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 47-48 |
| Apostel-vergadering . ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 48/49 |
| Tweede sendingreis. ...... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 49-52 |
| Derde sendingreis ... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 53-57 |
| Gevangene in Caesaréa ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 57-59 |
| Op weg na Rome .... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 59/60 |
| Gevangene in Rome ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 60-62 |
| Laaste reis .. ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 63-64 |
| Dood ... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... | 65/67 |

## XXXII. APOSTELS EN SKRYWERS

### § 339 Petrus en sy briewe

In die behandeling van die geskiedenis soos opgeteken in die Handelinge van die Apostels, is reeds gewys op die aandeel van Petrus tot kort na die apostel-vergadering in Jerusalem. Ons vat dit net kortliks weer saam.

Na die hemelvaart van Jesus het Petrus die leiding geneem in die kring van die apostels (Hand. 1:15), en voer hy ook die woord op die Pinksterdag (Hand. 2:14 e.v.). Saam met Johannes verkondig hy die Naam van Jesus in Jerusalem en word hy voor die Joodse Raad gebring en gedreig. Wanneer Paulus drie jaar na sy bekering weer in Jerusalem kom, was Petrus daar en vertoef Paulus sowat veertien dae by hom (Gal. 1:18). Kort daarna gaan Petrus en Johannes uit na die gebiede van Judéa en Samaría waar die evangelie verkondig is. En later gaan Petrus alleen tot in Caesaréa waar hy Cornelius gedoop het (Hand. 10).

Toe Agrippa I die gemeente begin vervolg het, het hy Petrus in die gevangenis gewerp, maar 'n engel het hom in die nag bevry (Hand. 12:1 e.v.) sodat hy na 'n ongenoemde plek kon vlug. By die apostel-vergadering in 48/49 was Petrus weer teenwoordig, maar die leiding van die gemeente het toe oorgegaan in die hande van Jakobus, die broer van die Here. Petrus was in daardie stadium 'n sendeling net soos Paulus, maar sy opdrag was om die evangelie aan die Jode te verkondig.

Nie lank na die apostel-vergadering nie was Petrus in Antiochíë waar hy deur Paulus tereggewys is omdat hy hom afsydig gehou het van die bekeerlinge uit die heidendom (Gal. 2:11 e.v.). Na daardie tyd hoor ons nie meer iets van hom nie. Blykbaar het hy reise onderneem o.a. na Klein-Asië en moontlik na Korinthe waar 'n Céfas-party ontstaan het (1 Kor. 1:12). 'n Oorlewering wat as betroubaar aanvaar kan word, sê dat hy teen 62 in Rome aangekom het waar Markus hom bygestaan het, en van waar hy die briewe 1 en 2 Petrus geskryf het. Tydens die vervolging onder Nero, waarskynlik in 64, het hy daar aan sy einde gekom. Volgens die oorlewering was hy vry om die stad te verlaat, maar het hy teruggegaan en is gekruisig met die hoof na onder.

Die ***Eerste Brief van Petrus*** is geskryf uit "Babilon" waar Markus saam met Petrus was (5:13). Met "Babilon" word Rome bedoel en die stad word so genoem omdat dit in ontsettende sedelike verval verkeer het, en daarby besig was om die gemeente van Christus te verdruk. Die groot vervolging het voor die deur gestaan. Markus het in Rome gebly nadat Paulus in die begin van 63 vertrek het. Die brief van Petrus moes dus in daardie jaar geskryf gewees het. Dit is gerig aan "die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galásië, Kappadócië, Asië en Bithíníë." Daarmee word bekeerlinge uit die Jodedom bedoel wat verspreid in die noordelike en sentrale dele van Klein-Asië gewoon het, en waarskynlik vroeër deur Petrus besoek is. Aan hulle word die brief oorgebring deur Silvanus (= Silas) wat op die tweede sendingreis 'n reisgenoot van Paulus was (5:12).

Die gelowiges in daardie gebiede het 'n moeilike lewe omdat hulle deur die heidene verdruk en misken word. Daar is wel nog nie openlike vervolging nie, maar hulle moet 'n moeilike stryd voer. Petrus skryf om hulle te bemoedig en hy wys daarop dat die beproewing 'n loutering van die geloof is, soos goud deur vuur gelouter word (1:6 e.v.). Ook moet hulle daarna streef om heilig te lewe omdat hulle kosbaar is vir die Here, wat hulle nie met verganklike dinge gekoop het nie, maar met die kosbare bloed van die Lam (1:13 e.v.), en bedoel het dat hulle opgebou word soos 'n geestelike huis, 'n tempel van God (2:4 e.v.) Daarna vermaan hy hulle om in alle omstandighede 'n eerbare lewenswandel na te jaag te midde van die heidene (2:11 e.v.). Voorts wys hy op die pligte van die christelike diensknegte (2:18 e.v.), sowel as dié van vroue en manne in hulle optrede in die samelewing (3:1 e.v.). Hulle moet steeds die oog rig op Jesus Christus en weet dat aangesien Hy vir ons na die vlees gely het, ons ook bereid moet wees om vir Hom in die vlees te ly (4:1). Aan die einde volg nog 'n besondere vermaning aan die ouderlinge en die jongmense. Daarna eindig hy met die bede: "Mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tydjie gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!" (5:10).

Die ***Tweede Brief van Petrus*** is nie lank na die eerste geskryf nie, ook uit Rome en vermoedelik aan dieselfde lesers. Die lesers word net in algemene terme aangedui as: "die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus." Weer eens spoor hy aan dat die christelike deugde in beoefening gebring word, en hy doen dit met groot erns omdat hy daarvan bewus is dat "die aflegging van my tentwoning ophande is, soos onse Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het"

1:14).
Hy wys op die vaste grond van die geloof soos hy dit self gesien het toe Jesus Christus sy majesteit geopenbaar het op die berg van verheerliking, en soos dit ook deur die profete aangekondig is (1:16 e.v.) Daarom moet hulle waak teen die valse leraars en hul dwaalleer waardeur hulle die gelowiges probeer verlei, maar hulle is "waterlose fonteine, miswolke voortgedrywe deur 'n stormwind, vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar is" (2:17).
Ook is daar spotters wat sê dat die wederkoms nie sal plaasvind nie aangesien die Here nog nie gekom het nie. Die gelowiges moet daaraan dink dat die vertraging van die wederkoms 'n teken is van die lankmoedigheid van God om almal 'n geleentheid tot bekering te skenk. Maar Hy sal kom soos 'n dief in die nag, en dan moet die kinders van God gereed wees. Hy beveel ook aan dat hulle in hierdie verband lees wat "ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, net soos in al die briewe" (3:15).
Hierdie opmerking is 'n aanduiding dat die gemeentes in Klein-Asië reeds begin het om 'n versameling van briewe van Paulus op te bou en in hulle byeenkomste voor te lees.

**§ 340 Jakobus, die broer van die Here**

Jakobus, een van die broers van Jesus (Matt. 13:55) en later algemeen bekend as "die broer van die Here" (Gal. 1:19), het 'n belangrike plek beklee in die kerk in Jerusalem. Saam met sy broers het hy aanvanklik skepties teenoor Jesus gestaan en nie in Hom geglo nie (Mark. 3:21, 31 e.v.; Joh. 7:5), maar ná die opstanding het die Here aan hom verskyn (1 Kor. 15:7), en het hy gelowig geword. As getroude man (vgl. 1 Kor. 9:5) het hy hom in Jerusalem gevestig en 'n leidende aandeel begin neem in die sake van die gemeente. Hy is mettertyd gereken tot die kring van die apostels (Gal. 1:19), en beskou as een van die pilare onder hulle (Gal. 2:9). Sy naam word selfs voor die van Petrus en Johannes genoem, omdat hy die posisie van die eerste onder gelykes beklee het (vgl. Hand. 12:17; 15:13). By die apostel-vergadering in Jerusalem neem hy die leiding en doen hy 'n verstandige voorstel om die eenheid van die kerk te bewaar en die goeie verstandhouding tussen Petrus en Paulus te reël. Sy wyse optrede het groot eerbied afgedwing. Toe hy die onderhouding van die wet verbind het met die geloof in Christus, het hy 'n koers gevolg wat aan Paulus moeite besorg het (Gal. 2:11 e.v.), maar wat vir homself onder Christene en Jode die naam verwerf het van "die regverdige." Toe Paulus na die derde sendingreis in Jerusalem aankom, was Jakobus nog daar (57 n.C.) en het die ouderlinge en apostels in sy huis kom vergader (Hand. 21:18 e.v.). Dit is die laaste keer dat hy in die Skrif genoem word. Volgens mededelinge by die kerkvader Eusebius en die Joodse geskiedskrywer Josefus was die hoëpriester Ananos daarvoor verantwoordelik dat Jakobus in 62 n.C. die marteldood gesterf het.
Die ***Brief van Jakobus*** is volgens kerklike oorlewering geskryf deur die broer van die Here. Dit is gerig aan "die twaalf stamme wat in die verstrooiing is", d.w.s. al die bekeerlinge uit die Jodedom wat verspreid in Palestina gewoon het en saam die nuwe volk van God gevorm het. Daar is aanduidings in die brief dat die ontstaan van gemeentes onder die heidene nog nie bekend was nie. Die vervolging het wel die gelowiges uit Jerusalem verjaag. Dit moes dus geskryf gewees het nadat Agrippa 1 teen die gemeente opgetree het (Hand. 12) en voordat Paulus van sy eerste sendingreis teruggekeer het, d.w.s. in die jaar 46 of 47. Op grond van hierdie vasstelling is hierdie brief die oudste geskrif in die Nuwe Testament.
Die brief handel oor praktiese sake in verband met die gedrag van die gelowiges. As iemand in hierdie dinge wysheid kortkom, moet hy dit in die gebed van God vra (1:5), maar sonder om te twyfel. Voorts skryf die apostel dat versoekinge sal kom, maar hulle is daar as voortvloeisel van die begeerlikhede en dien as toets van die geloof. Daarna wys hy op die noodsaaklikheid om daders van die woord te wees (1:19-27) en om nie partydig te wees in die beoefening van die naasteliefde nie (2:1-13). Die geloof moet steeds tot uiting kom in die doen van goeie werke, want uit die werke blyk die geloof (2:14-26). Hy pleit vir die beheersing van die tong, die klein vuurtjie wat 'n groot klomp hout aan die brand kan steek (3:1-12), en dring daarop aan dat ons die wysheid soek wat van bo kom (3:13-18). Die hartstogte moet in toom gehou word (4:1-12), en rekening moet gehou word met die beskikkinge van God in alle dinge (4:13-17). In die laaste hoofstuk vermaan hy teen die verleiding van die rykdom (5:1-6), en spoor hy aan tot geduld en gebed. Ook rig hy 'n woord aan die siekes. Hulle moet die ouderling ontbied om vir hulle te kom bid, omdat die vurige gebed van die regverdige groot krag het (5:7-20).

**§ 341 Judas, die broer van Jakobus**

Judas, 'n ander broer van Jesus (Matt. 13:55), het ook na die opstanding gelowig geword en

bekend gestaan as 'n dienskneg van Jesus Christus. Waarskynlik het hy saam met sy broer Jakobus in Jerusalem gewerk. Ons weet egter van hom niks meer nie as net sy naam.

Die ***Brief van Judas*** bevat net 25 verse, en is geskryf aan "die wat geroep, in God die Vader geheilig en vir Jesus Christus bewaar is" (v. 1), maar 'n nadere aanduiding van wie hulle was, word nie gegee nie. Hulle verkeer in groot gevaar omdat dwaalleraars ingesluip het - "goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën" (v. 4). Die onafwendbare oordeel van God sal hulle tref net soos dit ook die goddelose in die ou tyd getref het. Ook in die sedelike lewe het hulle bederf gebring en skandvlekke geword in die liefdesmaaltye (v. 12 e.v.). Van hierdie mense moet die gelowiges wegbly, en veeleer "julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid en julleself in die liefde van God bewaar, terwyl julle die barmhartigheid van onse Here Jesus Christus tot die ewige lewe verwag" (v. 20-21).
In hierdie brief is daar verskillende uitsprake wat ooreenkom met uitsprake in 2 Petrus. Daarom moet ons aanneem dat die brief van Judas geskryf is nadat Judas die tweede brief van Petrus gelees het, d.w.s. ná 64 n.C., maar nie later as 70 nie.

**§ 342 Aan die Hebreërs**

Die ***Brief aan die Hebreërs*** is geskryf deur 'n onbekende hand. Die skrywer word nie genoem en kan ook nie met sekerheid aangedui word nie. Hoogstens kan gesê word dat hy 'n leerling van Paulus moes gewees het. Hy weet dat Timótheüs kort tevore uit die gevangenis vrygelaat is (13:23), waarskynlik in Éfese. Aan die ontvangers van die brief stuur hy groete van "die wat van Italië is" (13:24), waaruit ons kan aflei dat die brief aan lesers in Rome gerig is. Die inhoud van die brief dui daarop dat hulle bekeerlinge uit die Jodedom was en dat die brief na die val van die tempel in 70 n.C. geskryf is, waarskynlik in 80 n.C.
Die ontvangers van die brief was aan vervolging blootgestel en het moedeloos begin word (12:5 e.v.). Hulle het begin wonder of hulle verstandig gehandel het toe hulle die Jodedom vaarwel gesê en Christene geword het. Om hierop 'n antwoord te gee, stel die skrywer 'n brief op waarin hy die uitnemendheid van Jesus Christus beskryf, en wys op die oorwinning deur die geloof in Hom.
Hy wys daarop dat God in die oudheid baie keer en op baie maniere tot die vaders gespreek het deur die profete, maar dat Hy nou deur sy Seun tot ons gespreek het. Hierdie feit dui reeds aan dat die openbaring wat in Christus Jesus geskenk is, uitnemender is as dié van vorige tye. Met talryke sitate uit die Ou Testament bewys hy dan dat die profesieë vervul is in Jesus Christus.
Bewyse word aangevoer dat Jesus uitnemender is as die engele (hfst.1) en as Moses (3:1-4:13), en ook as die hoëpriesters van die Ou Verbond (4:14 e.v.). Voortgaande toon hy aan dat Jesus hoëpriester was na die orde van Melgisédek, en nie volgens die orde van Äaron nie (4:14-8:13). Daarom was Hy ook uitnemender as die priesters uit die huis van Levi, en is die nuwe verbond wat Hy bring verhewener as die ou verbond. Die vorige dinge was slegs skaduwees van die volheid wat in Christus gekom het.
Voortgaande wys hy op die volkome offer van Christus waardeur 'n nuwe testament tot stand gekom het (9-10), sodat die offers van diere nie meer nodig is nie. Christus het as ewige Hoëpriester sy eie bloed in die heiligdom ingeneem en 'n volkome offer vir ons sondes gebring. Maar nou moet ons ook in Christus glo. Eers word dan 'n omskrywing van die geloof gegee: "Die geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (11:1). Dan volg die pragtige hoofstuk oor die manne en vroue in die Ou Testament wat op God vertrou het en nie beskaam is nie, maar tot oorwinning gelei is. Op dieselfde wyse moet ons ook "elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof" (12:1-2).
Dit beteken ook dat ons die beproewing sal dra wat die Here oor ons bring, wetende dat as Hy ons 'n tydjie tugtig, Hy dit aan ons doen omdat ons sy kinders is en Hy ons liefhet. Met bemoedigende woorde wat heenwys op die onverganklike dinge en die noodsaaklikheid om die sonde na te laat, sluit die skrywer sy brief met die bede: "Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het, julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid" (13:20-21).

## § 343 Johannes en sy briewe

Van die werksaamhede en lewe van die apostel Johannes, die seun van Sebedéüs, word in die *Handelinge* nie veel vertel nie. Ons verneem wel dat hy saam met Petrus na die Pinksterdag die leiding van die gemeente in hande geneem het. Saam het hulle na die tempel gegaan waar die verlamde genees is (Hand. 3:1 e.v.). Saam is hulle deur die Joodse Raad in die gevangenis gewerp en verhoor (Hand. 4 en 5). Later gaan Johannes met Petrus saam om die gelowiges in Samaria op te soek (Hand. 8:14 e.v.), en die evangelie aan baie dorpe van die Samaritane te verkondig (Hand. 8:25). Hy het gou meer bekend geraak as sy broer, Jakobus, wat in 44 n.C. onthoof is (Hand. 12:2). en word by die apostel-vergadering in Jerusalem as een van die pilare van die gemeente beskou (Gal. 2:9). Na daardie tyd, ongeveer 49 n.C., kom die naam van Johannes nie weer voor nie, behalwe verwysings in sy eie geskrifte.

Uit ander bronne blyk dat Johannes kort voor die val van Jerusalem (70 n.C.) na Pella gevlug het saam met ander Christene. Van daar het hy deur Klein-Asië gereis en hom in Éfese gaan vestig waar hy tot in hoë ouderdom die gemeente versorg het. Daar het hy sy Evangelie en die briewe 1, 2 en 3 Johannes geskryf. In die regeringstyd van keiser Domitianus (81-96) is die apostel vir 'n tyd lank na die eiland Patmos verban. Daar het hy die visioene beleef wat in die ***Openbaring van Johannes*** opgeteken is. Volgens oorlewering het hy teen 100 n.C. gesterf en is hy in Éfese begrawe.

Gelyktydig met Johannes was daar 'n dwaalleraar in Éfese met die naam Cerinthus, wat verkondig het dat Jesus nie werklik die Seun van God was nie. Hy sou 'n gewone mens gewees het, maar by sy doop het die ewige hemelse gees in Hom sy intrek geneem, en die liggaam van Jesus gebruik as 'n draer waardeur die hemelse gees bonatuurlike tekens en wondere gedoen het. By die sterwe aan die kruis sou die hemelse gees Hom weer verlaat het sodat Hy as 'n gewone mens gesterf het.

Hierdie leer van het ingang gevind by baie in Éfese en ook in die hele Klein-Asië. Johannes het hom met krag daarteen verset in sy prediking en in sy geskrifte. Veral in sy briewe tree hy teen hierdie dwaalleer op.

Die ***Eerste Brief van Johannes*** het nie die gebruiklike briefopskrif nie, maar is tog duidelik as brief bedoel, gerig aan die gelowiges in die wyere omgewing van Éfese. Hy het die dwaalleer van Cerinthus in gedagte wanneer hy met groot teerheid sy "kinders" vermaan om aan Jesus Christus getrou te bly. Hy begin deur te sê dat ons geroepe is tot gemeenskap met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. Dan lê hy twee stellings neer: eerstens, "God is lig" (1:5), en tweedens, "God is liefde" (4:8). Elkeen wat met God egte gemeenskap het, moet dus in die lig en in die liefde wandel. Wie dit nie doen nie, is nog in die duisternis en is 'n kind van die Bose. Binne die raamwerk van hierdie skema wys hy eers op die bedreiging van die duisternis waaruit ons deur Jesus Christus verlos is. Tog is daar diegene wat sê dat hulle geen sonde het nie, en wat openlik die gebooie nie bewaar nie. Hulle is in die duisternis. Hulle word verlei deur die valse leraars, die antichriste, "wat ontken dat Jesus die Christus is" (2:18 e.v.). Aan die anderkant is die gelowiges kinders van God en doen hulle nie meer die sonde nie, aangesien hulle oorgegaan het uit die dood in die lewe (3:1 e.v.). Steeds moet die geeste op dié proef gestel word. Die enigste vir die beoordeling van die geeste is: "Elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God" (4:1 e.v.).

Omdat God liefde is, moet die liefde ook gevind word by diegene wat sê dat hulle met God gemeenskap het. Elkeen wat sy broer haat, staan buite die gemeenskap met God (4:7 e.v.). Hier kom die geloof te pas. "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit God gebore is" (5:1). Daarom word almal opgeroep om vas te staan in die geloof en getroue getuies van Jesus Christus, die Seun van God, te wees.

Die ***Tweede Brief van Johannes***, maar net 13 verse, kom van "die ouderling" en is gerig aan "die uitverkore vrou en aan haar kinders." Met "die ouderling" word nie na 'n ampsdraer in die gemeente verwys nie. Dit is 'n titel van eerbied en moet liewer vertaal word met "die oudste." Die "uitverkore vrou en haar kinders" verwys waarskynlik na 'n gemeente en die lede daarvan. Hulle word kortliks vermaan om op die hoede te wees vir die dwaalleraars: "die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die antichris" (v. 7). Hier word dus weer teen die dwaalleer van Cerinthus gewaarsku. Aan die slot van die brief verklaar die apostel dat hy hoop om self die gemeente te besoek. Daaruit blyk dat Johannes vanuit Éfese reise onderneem het, selfs in hoë ouderdom, om ander gemeentes te besoek,

moontlik al die gemeentes wat hy in Openb. 1:11 noem.
Die ***Derde Brief van Johannes*** is deur die oudste gerig aan "die geliefde Gajus wat ek in waarheid liefhet." Hy betuig sy waardering vir die voorbeeldige lewe van Gajus, en vir die gasvryheid wat hy betoon het aan predikers wat in die Naam van die Here uitgegaan het sonder om iets van die heidene te neem. Aan sulke mense moet altyd gasvryheid bewys word (v. 5-8). Dan is daar 'n woord van klagte oor die optrede van 'n heerssugtige persoon in die gemeente, naamlik Diótrefes, wat hom selfs nie steur aan die vermaninge van die apostel nie. Daarteenoor word Demétrius, wat die gemeente sou besoek, aanbeveel. Ook aan Gajus skryf die apostel dat hy hoop om hom te besoek en sake uit te praat.

**§ 344 Die Openbaring van Johannes**

Die laaste boek van Johannes, en ook die laaste Boek van die Bybel, is die ***Openbaring van Johannes****.* Eintlik is dit "die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het" (1:1).

God het dus aan Jesus Christus, en Jesus aan 'n engel, en die engel aan Johannes dié dinge bekend gemaak wat gou sou gebeur. En Johannes skryf dit neer omdat hy daartoe 'n uitdruklike opdrag ontvang het (1:19), en stuur dit aan die sewe gemeentes van Asië. Johannes vertel dat hy na die eiland Patmos verban was en daar op die dag van die Here, die Sondag, 'n visioen beleef het. Hy was in die Gees en het Een soos die Seun van die mens sien wandel tussen die sewe kandelaars (= die sewe gemeentes) terwyl Hy sewe sterre in die regterhand hou. Hy stel Homself bekend as die eerste en die laaste, die Alfa en die Omega, en beveel dat Johannes alles wat hy sien, moet neerskryf.
Aan elkeen van die sewe gemeentes gaan 'n kort brief (hfst. 2-3), waarin die gemeente geprys of vermaan word en op die hoede gestel teen verslapping of dwaalleer. Elke brief sluit met 'n heerlike belofte aan die getroues. Hierdie briewe weerspieël die toestand van die gemeentes in die tyd van Johannes, maar hulle het profetiese betekenis omdat hulle die lewe en bedreiging en hoop van die kerk van alle eeue beskryf.
Hierna beskryf Johannes hoedat hy opgeneem word om die geopende hemel te sien waar die troon van God staan, omring deur die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge. Die hele skepping en die kerk word deur hierdie wesens en ouderlinge verteenwoordig. Hulle almal bring lof aan Hom wat op die troon sit (hfst. 4) en 'n boekrol met sewe seëls in sy hand hou (hfst. 5), wat niemand kan oopmaak nie, behalwe "die Leeu uit die stam van Juda", wat dan verskyn in die gestalte van "'n Lam wat staan asof Hy geslag is". Hy open daarop die seëls (hfst. 6). By die opening van die eerste vier seëls gaan daar oor die aarde heen vier ruiters, wat nood en dood oor die mense bring. By die opening van die vyfde en sesde seël word die natuur aangetas om die ellende van die mense te vermeerder. Dan kry die siener ook 'n gesig van die geluksaliges wat deur God vergader en veilig bewaak word (hfst. 7).
By die opening van die sewende seël verskyn sewe engele met sewe basuine, en wanneer elke basuin geblaas word, kom nuwe rampe oor die aarde en nuwe pyniging vir die mense (8 - 9**).** Ook die twee getuies van God word doodgemaak, en dit skyn asof die Bose die oorwinning behaal het (10-11).
By die sewende basuin gebeur ontsettende dinge. Die draak verskyn en probeer die manlike Kind van die vrou oorweldig, maar die Kind en die vrou word buite sy bereik gestel (12). Dan laat die draak die dier uit die see, die Antichris, en die dier uit die aarde, die valse profeet, tot sy hulp kom om die mense te verlei. 'n Tyd van gruwelike ongeregtighede breek aan, maar te midde van dit alles is daar tog 'n woord van troos en bemoediging vir die gelowiges (14:1 e.v.).

Opnuut verskyn sewe engele, elkeen met 'n skaal of skottel waarin die laaste plae is wat oor die skepping uitgegiet sal word. Hulle giet die skale uit en bring die oordele van God oor die skepping (15-16). In daardie tyd gaan die draak voort om die ongeregtighede te vermeerder in die groot Babilon van sonde (17), maar Babilon word neergewerp (18), en 'n oorwinningslied klink op in die hemel (19:1-10). Dan gaan die Woord van God, Jesus Christus, as oorwinnaar uit op 'n wit perd en oorwin die dier uit die see en die valse profeet (19:11-21). Eindelik word ook die Satan oorwin en in die vuurpoel gewerp (20:1-10). Dan volg die laaste oordeel waar die boeke oopgemaak word, en almal wat nie opgeskryf is in die boek van die lewe nie, word in die poel van vuur gewerp (20:11-15). Daarop volg 'n beskrywing van die heerlike nuwe hemel

en nuwe aarde, en die nuwe Jerusalem as die plek van ewige geluksaligheid vir diegene wat aan Christus behoort (21:1-22:5).

Die boek sluit met ernstige vermaninge om getrou te bly en om ag te slaan op die uitnodiging om die genade van God in die geloof aan te neem. Dit moet geskied omdat die Here weer kom. Daarom moet die kinders van God steeds uitsien na die wederkoms met die bede: "Amen, ja kom, Here Jesus".

Die ***Openbaring van Johannes*** is 'n boek van troos en hoop vir die kerk van Christus. Dit bring die versekering dat die uitverkorenes deur God ewig bewaar word, en dat Hy aan hulle die oorwinning skenk in tye van sware verdrukking. Deur al die eeue kan die kerk opnuut krag en bemoediging uit hierdie boek put en, verseker van die eindoorwinning in Christus Jesus, die Here, kan hy hier voortgaan met die stryd teen die Bose en met die getuienis vir die Koning van die konings en die Here van die here wat eenmaal in heerlikheid op die wolke sal verskyn.

# XXXIII. DIE KERK GEVESTIG

## § 345 Die spontane uitbreiding

Vóór die hemelvaart het Jesus aan die apostels die opdrag gegee om uit te gaan en onder alle nasies dissipels te maak en hulle te doop en te leer (Matt. 28:19). Hulle sou krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom, en sy getuies wees van Jerusalem af deur Judéa en Samaría "en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8). Die evangelie moes deur die apostels en hulle opvolgers voortgedra word tot die uiterste grense van die aarde, maar ook tot by die einde van die bestaan van die aarde. Die kerk wat in die twaalf apostels verteenwoordig was, moes die taak van die verkondiging van Jesus oorneem en voortsit. Dit sou beteken dat die kerk wat toe maar nog 'n "mosterdsaadjie" was, self sou uitgroei tot 'n boom sodat "die voëls van die hemel in sy takke kom nes maak het" (vgl. Matt. 13:31-32). Daarom moet kortliks iets vermeld word oor die uitbreiding en ontwikkeling van die kerk in die eerste eeu. Reeds is meegedeel dat die apostel Johannes as laaste van die Twaalf teen 100 n.C. in Éfese gesterf het. Kort voor daardie tyd het hy die *Openbaring* geskryf as laaste boek van die Nuwe Testament. Van toe af moes die kerk sonder die apostels voortgaan. Maar hoedanig was die kerk destyds in sy verbreidheid, sy organisasie, sy leefwyse, sy swakheid en sy krag?

Vanaf die Pinksterdag het die Heilige Gees in die kerk, die liggaam van Christus, kom woon en kragtig daaroor beheer uitgeoefen. Deur die krag van die Gees het die apostels getuig en die Here het daagliks nuwe bekeerdes toegevoeg tot die gemeente. Weldra begin die vervolging in Jerusalem en veral die Griekssprekende gelowiges word versprei deur Judéa en Samaria, en na stede en dorpe nog verder weg. Die woorde van die gelykenis is hier van toepassing: "Die goeie saad - dit is die kinders van die koninkryk" (Matt. 13:38). Oral waar hulle gekom het, het die kinders van die koninkryk saad geword wat ontspruit en 'n stoel gevorm het soos die koringkorrel. Daar het 'n merkwaardige, spontane ontwikkeling van die kerk plaasgevind, sodat groepe van gelowiges eerlank aangetref is in stede van Sirië, Klein-Asië en selfs in Rome. Daarop volg die sendingreise van Paulus en die getuienis van Petrus met die stigting van gemeentes in die hele Griekssprekende wêreld. Teen 100 n.C. was die kerk gevestig in Palestina, Klein-Asië, Griekeland en die suidelike streke van Europa (Dalmásië), Italië, Egipte en Noord-Afrika, en ook in die ooste in Mesopotamië. En nog steeds het die gelowiges voortgegaan om die evangelie uit te dra en die lig aan te steek in die duisternis.

## § 346 Die organisasie van die kerk

Aanvanklik was daar geen vaste organisasie van die kerk nie. Die Twaalf het leiding geneem, en onder hulle veral Petrus en Johannes, en later Jakobus, die broer van die Here. Die Heilige Gees het hulle telkens aangewys wat gedoen moes word, maar mettertyd het die verantwoordelikheid al hoe meer begin oorgaan op sekere ampte.

Die totstandkoming van die ampte het geleidelik plaasgevind.

Die eerste en belangrikste was die apostelamp, wat nie tot die Twaalf beperk is nie, maar tot 'n klein kring van getuies wat 'n grondleggende taak vervul, sodat ook Paulus, Jakobus, die broer van die Here, Bárnabas en Apollos apostels genoem word. Dit was egter duidelik dat namate die apostels wegval ander ampte die plek van die apostelamp sou inneem.

Vroeg reeds is sewe helpers deur die gemeente gekies om die apostels vry te maak van die "bediening van die tafels" (= *diakonia).* Of dit die begin was van die diakenamp, is nie duidelik nie. Van hulle werk word geen nadere besonderhede vertel nie, behalwe dat twee van hulle as evangeliste opgetree het. Daarmee is 'n ander amp genoem. Die evangelis was 'n helper van die apostel in die prediking. Na gelang die apostels wegval, hoor ons ook nie meer van die evangeliste nie.

In daardie tyd was daar mense met die gawe van profesie. Die profete kon deur die Heilige Gees sekere dinge voorspel wat in hulle eie tyd sou gebeur, soos Agabus gedoen het. Hulle hoof-werksaamheid was egter ook prediking as gevolg waarvan die prediker later eenvoudig as profeet aangedui is.

Baie vroeg is daar ouderlinge aangestel om saam met die apostels die verantwoordelikheid van die gemeente te dra. Hulle vorm in Jerusalem 'n raad saam met die apostels wat sake rakende die gemeente, en selfs die belange van die verspreide gemeentes, behartig. Paulus gaan voort om in al die gemeentes onder die heidene ouderlinge aan te stel of te laat kies. Dit is nie duidelik op hoe 'n wyse hulle aangewys is nie, maar blykbaar het die gemeente byeengekom vir die kiesing van waardige manne. Hulle verantwoordelikheid word omskryf in Hand. 20:28-31; 1 Tim. 3:2-7; Titus 1:15-16. Mettertyd word onderskei tussen die ouderling wat belas is

met die onderrig en dié wat die regering van die gemeente behartig (vgl. 1 Tim. 3:2). Paulus praat ook van die opsieners (= *episkopoi), wat* aanvanklik dieselfde is as die ouderlinge (= presbiters), maar mettertyd meer bepaaldelik die leer-amp beklee en dan as die hoof van die gemeente, die biskop, aangesien word. Hiernaas was daar ook herders en leraars, wat dikwels dieselfde persone was en verantwoordelik was vir die versorging van die gemeente as kudde van die Here. Die ouderlinge en opsieners het 'n raad gevorm wat die gemeente verteenwoordig het, veral toe die gemeentes so groot geword het dat 'n gemeentevergadering nie meer prakties moontlik was nie (vgl. Hand. 21:18 e.v.).

Omtrent die amp van diaken skryf Paulus in 1 Tim. 3:8 e.v., terwyl hy meld dat daar in Filippi diakens was naas die opsieners (Fil. 1:1). Hulle doen die werk waarvoor die sewe helpers oorspronklik benoem is (Hand. 6:1-6), deur hulle besig te hou met die versorging van die armes. In die uitvoering van hulle pligte word hulle bygestaan deur diakonesse, van wie Fébé 'n voorbeeld is (Rom. 16:1). Ook word 'n besondere taak in die gemeente toevertrou aan weduwees van goeie getuienis, maar wat hulle werk presies was, word nie gesê nie (1 Tim. 5:9 e.v.). Die feit bly egter staan dat aan vroue 'n behoorlike aandeel in die versorging van die gemeente toevertrou is.

Daar het nog geen vorm van offisiële band tussen die verskillende gemeentes bestaan nie. Van 'n sinode was daar in die eerste eeu geen sprake nie. Tog het die gemeentes met mekaar verbonde gevoel omdat hulle almal onder een Hoof, Jesus Christus, gestaan het en saam verbonde was as liggaam van Christus. Voor die val van Jerusalem was daar 'n besondere band met die gemeente in die moederstad, en is die besluite wat deur die apostels en ouderlinge daar geneem is, ook aanvaar deur al die gemeentes. Nadat Jerusalem verwoes en die gemeente nog eens verstrooi is, het in elke provinsie die gemeente van die hoofstad die leiding binne sy eie gebied geneem, bv. van Éfese het leiding uitgegaan vir Asië. Eers in die volgende eeu sou die kerk in die verskillende dele van die Romeinse Ryk in 'n vorm van organisasie saamgesnoer word.

Mettertyd het die erediens ook 'n vaste vorm aangeneem. Omdat daar geen kerkgeboue was nie, het die byeenkomste in woonhuise plaasgevind, en is daar sprake van huisgemeentes. In die begin, net na Pinkster, het die gelowiges daagliks byeengekom, maar later hoofsaaklik op die eerste dag van die week, Sondag (bv. 1 Kor. 16:2; Hand. 20:7). By die byeenkoms het hulle "volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede" (Hand. 2:42). Aan die prediking is voorrang gegee. Die Ou Testament is gelees, en die verhaal van Jesus is vertel soos die apostels dit aanvanklik vertel het. Later is die briewe van Paulus voorgelees en oordink (2 Pet. 3:15-16). Daar is ook aanduidings dat die Evangelies reeds voor 100 n.C. in die gemeentes voorgelees is. Die geskrewe woord van die apostels het na hulle dood die mondelinge woord vervang.

By die samekoms is gewoonlik 'n liefdesmaal gehou. Mense het van die huis af voedsel gebring wat op tafels gesit is en waarvan almal saam geëet het. Die bedoeling was om op hierdie wyse die armes te versorg. In aansluiting hierby is die nagmaal van die Here gevier. Psalms en ook ander geestelike liedere is gesing (Ef. 5:19; Kol. 3:16), en 'n insameling is gehou vir die diens van barmhartigheid.

**§ 347 Bedreig, maar bewaar en vermeerder**

Van die begin af is die kerk van Christus deur allerlei gevare bedreig. Die Satan was wel deur Jesus gebonde, maar kon nog sy duiwelswerk laat voortgaan in sy poging om die kerk te oorweldig en die heilswerk van Christus te verydel.

Vervolging en verdrukking het vroeg begin. Eers was dit net van godsdienstige aard en aangevoer deur die Joodse Raad, maar teen 42 n.C. het 'n hoof van die staat, Agrippa I, aktief daaraan begin deelneem. Sy optrede was egter nog beperk tot sy eie regeringsgebied in Palestina. Keiser Nero voer die vervolging deur tot 'n grootskaalse poging om die Christene uit te roei, en ontketen die onmenslikste gruwels teen die gelowiges. Sedert sy tyd het die vervolging in die Romeinse Ryk, waar die Christendom as 'n onwettige godsdiens (= *religio illicita)* beskou is, van tyd tot tyd opgevlam. Onder keiser Domitianus (81-96) is Johannes na Patmos verban en het baie gelowiges op wrede wyse die dood gevind.

Te midde van hierdie druk van buite was daar ook innerlike bedreiging deur allerlei vorme van dwaalleer. Paulus het reeds opgetree teen die oudste vorm van dwaling, naamlik 'n terugkeer tot die wettiese godsdiens van die Jodedom. Hierdie her-judaïsering van die Christendom het deur die eeue 'n groot gevaar gebly. Paulus het hom daarteen verset omdat hy die algenoegsaamheid van die kruisdood van Christus verkondig het, en nie toegelaat het dat die

saligheid afhanklik gemaak word van bykomstige wettiese voorskrifte nie.
'n Ander vorm van dwaalleer wat in die Griekse wêreld gou ingeslaan het, was die loëning van die opstanding uit die dode (1 Kor. 15; vgl. 2 Tim. 2:18). Paulus bestry dit met krag omdat dit beteken dat die opstanding van Christus verwerp word, en mitsdien die onderskeiding tussen Christendom en heidendom uitgewis word. Wie die opstanding verwerp, is nog in sy sonde en gaan verlore. In aansluiting hierby was daar in Klein-Asië 'n geloof in fabels en genealogieë in plaas van in die waarheid van die evangelie. Die filosofie van die tyd het ingedring in die denke van die Christene en meegebring dat ander gode naas Christus vereer word.
Telkens het die dwaalleer hom teen die Persoon en werk van Christus gerig. Onder leiding van Cerinthus in Éfese is ontken dat Hy die ewige Seun van God was wat in die vlees kom woon het. Daarom moes die geeste op die proef gestel word: "Elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; dit is die gees van die antichris" (1 Joh. 4:1 e.v.). Onverpoos moet die opsieners van die gemeentes op hulle hoede wees vir die wrede wolwe wat die kudde nie sal spaar nie (Hand. 20:29), en die duiwel wat rondloop soos 'n brullende leeu en soek wie kan hy verslind (1 Pet. 5:8).

Ten spyte van al hierdie teenstand en bedreiging het die evangelie al verder voortgegaan en het die getal gelowiges vermeerder. Juis die standvastige getuienis van die vervolgdes en gemarteldes het diepe indrukke op die heidene gemaak en baie tot bekering beweeg. Die gelowiges was bewus van die groot verdrukking wat aan die kom was en hulle ten dele reeds getref het, soos Johannes dit in sy visioen van die voleinding gesien het, maar hulle het ook van die oorwinning deur die geloof in Jesus Christus geweet. Daarom het hulle uitgesien na die wederkoms, en juis met groter kragsinspanning en selfverloëning die evangelie verkondig omdat die koms van die Here verwag is. Die drang is hulle opgelê om die evangelie steeds verder voort te dra, in troue volvoering van die opdrag van die Here.
So is die kerk gebou op die getuienis dat Jesus Christus die Seun van die lewende God is. En die woord van die Here is bewaarheid: "Die poort van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matt. 16:18).

## NASLAANREGISTER


**A**

aardbewing § 222, 294
aasvoëls § 155
Abía § 10
Abjatar § 44
Abraham, boesem van § 153
-, kinders van § 24, 57, 124(d), 167
Acháïcus § 308
addergeslag § 24, 181
Adramíttium § 328
Agabus § 277, 278, 316
Agora § 297
Ahiméleg § 44
Akeldáma § 243
Akropolis § 297
albaste fles § 68, 191
Alexander die Grote § 3(a)
Alexander, kopersmid § 336
Amfípolis § 295
ampsgedagte § 98
ampte § 335, 346
Ananías en Saffira § 253
Ananías, hoëpriester § 321, 323
Ananías, van Damaskus § 264
Andreas § 29, 36, 47, 98, 184, 185
Annas § 24, 206, 250
antichris § 3(b), 343
Antiochië, gemeente § 272, 278
Antiochië, Pisidië § 280, 291
Antiochus IV Epiphanes § 3, 4(c), 130
Antipater § 3(b) (c)
Antipatris § 322
Antonia, burg § 210, 217, 318
apokriewe evangelies § 5(c)
Apollónië § 295
Apollos § 304, 335
apostel, leer- en regeermag van § 98
-, naamlys § 47, 242
apostelkonvent § 286
Aquila en Priscilla § 3(b), 299, 302, 303, 304, 309, 312, 336
Aratus § 298
arbeiders, gelyke loon § 163
-, min § 81
Archelaüs, etnarg § 3(c), 22, 168
Archíppus § 333
Areópagus § 297, 298
Aretas § 3(c), 65, 265
Aristárchus § 310, 313, 317, 328, 329
Artemis (= Diana) § 310
Asdod § 263
Athéne § 297
Attálië § 280, 284
Augustus, Keiser § 3(b), 16

**B**

Barabbas § 214
Bar-Jesus § 279
barmhartigheid § 44, 247
Bárnabas § 252, 266, 272, 276, 277, 279, 289, 290
Bársabas § 243, 287
Bar-Satan § 279
Bartiméüs § 166
Bartholoméüs § 47
beampte, koninklike § 34
Beëlsebul § 71, 82(b)
bekering § 24, 36, 137, 138, 246
-, mensgemaakte § 71
bekeerling uit Afrika § 263
-, uit Europa § 293
belasting aan keiser § 177
-, aan tempel § 105, 172
bene, gebreek § 223
Beréa § 296
bergrede, Koninkryk en § 48
- , uitvoerbaarheid van § 48
Berníce § 3(c), 326, 327
besetene § 37, 61, 64, 71, 307
besittings § 54, 135
besnydenis, betekenis van § 18, 285
**- ,** naamgewing § 14
besnydenis-vraagstuk § 285
Betábara § 25, 131, 137, 150
Betánië § 128, 150, 169, 170, 191
Betésda § 42
Betfagé § 169, 170
Betsáïda § 29, 67, 86, 97, 116
bind - ontbind § 98
Blastus § 275
blindes genees § 64, 97, 125, 166
bloedgeld § 212
Boanerges § 113, 165
boom, aan vrugte geken § 56, 71
bovertrek § 193, 232, 238, 242, 274
brood van die lewe § 89
bruidegom, bruilofsgaste § 41, 187
- , vriend van § 32
bruilofskleed § 176
bruilofsmaal, koninklike § 176
burgerskap, Romeinse § 294, 320, 325

**C**

Caesar, Julius § 3(b)
Caesaréa-Filippi § 86, 98, 101
Caligula, Keiser § 3(b)
Castor en Pollux (=Gemini) § 331
centurio § 57, 268
Cerinthus § 343
Chanoekka § 4(c), 130
Chasidim § 4(a)
Christene § 276
christusse, valse § 185(c)
Cirénius § 3(b), 16

Claudius, Keiser § 3(b), 273, 277, 294, 299
Cornelius § 268, 269, 270, 271
Crescens § 336
Crispus § 300
**D**
dag, indeling van § 29,33
Dalmásië § 334, 336
Dámaris § 298
Damaskus § 264, 265, 266
datering, Jesus § 16, 24
- , Johannes die Doper § 24
- , paasfees § 194
- , Paulus § 338
Dekápolis § 86, 93, 98
Delphi § 338
Demas § 333, 336
Démetrius, silwersmid § 310
Derbe § 283, 291, 303
diaken § 25, 6, 335, 346
Diana (= Artemis) § 310
diaspora § 4(b)
Dídimus (= Tweeling) § 234
dienaar § 106, 165
dienares § 312
dienswilligheid § 154
Dionísius die Areópagiet § 298
Diotrefes § 343
dissipelskap § 36, 59, 60, 82(e), 98, 100, 109, 114, 146
dode, opwekking van § 43, 58, 62, 63, 150
doderyk § 98, 153
Domitianus, Keiser § 3(b), 343
Dooie See-rolle § 4(a)
doop, bekerings- § 24
- , dissipels van Jesus § 32
- , inlywing in gemeente § 246, 305
- , opdrag § 236
- , proseliete- § 24
Dorkas § 267
Drie-eenheid § 25, 236, 270
Drie Herberge § 331
Drusílla § 3(c), 323, 324
duisternis § 221
duiwel § 26, 37, 66, 76, 90, 124(d), 189
- , kinders van § 124(d)
duiwelbesweerders § 71, 307
dwaalleer § 301, 308, 333, 336, 343, 347
dwaas, ryk § 135
**E**
eed § 51, 83, 125, 207, 208
eerlikheid § 152
eersgebore seun § 18
Effata § 93
Efraim § 151, 152
Egiptenaar met rowerbende § 318
egskeiding, grond vir § 51, 160
Elía § 24, 35, 58, 66, 101, 113, 221, 313
Élimas § 279
Elisabet § 10, 11, 12, 14
Emmánuel § 13, 17
Emmaüs § 231
Enéas § 267
Enon § 32
engel, by graf § 226, 228
engelesang § 17
Épafras § 306, 333
Epafroditus § 333
Epikureërs § 297
Epiménides § 298
Erastus § 310, 311, 334
Erástus, die penningmeester § 312
erediens, elemente van § 247
esel § 170
Esséners § 4(a)
Ethiópiër § 263
Euníce § 291
Eurakilon § 329
Eusebius § 337
Eutichus § 313
Evangelies, eenheid van § 8
- , geen lewensbeskrywing § 8, 27
- , ontstaan van § 6
- , sinoptiese § 6
exodus § 101
**F**
Fariseërs § 4(a)
- , teenoor Jesus § 39, 40, 41, 43, 44, 57, 66, 68, 71, 72, 91, 95, 123, 125, 133, 177
- , teenoor Johannes die Doper § 24
Fébé § 312
Felix, goewerneur § 3(d), 322, 323, 324
Festus, goewerneur § 3(d), 325, 326
Filétus § 336
Filippi § 3(c), 292, 311
Filippus, apostel § 29, 47, 184
- , evangelis § 256, 261, 262, 263, 316
- , tetrarg § 3(c)
Fortunátus § 308
**G**
Gábbata § 216
Gabriël § 10, 11
Gadara-Gerasa § 61
Gajus van Derbe § 313
- , van Korinthe § 310, 312, 313
Galasië § 291, 301, 303, 336
Gallio § 300, 334, 338
Gamaliël § 4(c), 255, 264, 319
gawe van God § 33
gebed, eendragtige § 242, 244, 251, 273
- , hoëpriesterlike § 201
- , onderrig oor § 33, 52, 132, 156, 157, - 200(h)
- , Onse Vader § 53, 132
- , van Jesus § 38, 47, 86, 87, 94, 98, 101, 132, 150, 184, 201, 204
- , vorm en plek § 52

gebod van liefde § 126, 179
Gees, Heilige § 25, 26, 35, 121, 232, 244, 263
- , krag van § 34
- , laster teen § 71
geld, heilige § 172
- , onreine § 212
geldskieter § 68, 152
geloof § 154, 156
- , deur Jesus geprys § 57, 92
- , vereis § 103, 125, 171
geloofsbelydenis § 233
gelykenisse, doel met § 73
gemeenskap van goedere § 252
gemeente, sien: kerk
- , (= ekklesia) § 98, 109
- , leefwyse van § 247
- , organisasie van § 284, 335, 346
geregtigheid, godsdienstige § 52
Gerísim § 33
geslagslys van Jesus § 15
Geseënde § 170
géseling § 215, 320
Getsémané § 202, 203, 204, 205
getuienis, vreeslose § 82(c)
godsdienste van heidendom § 3(a)
godsdienstige manne = godvresendes §244, 279
Gólgota § 217, 218
Górasin § 67, 116
goud, wierook en mirre § 20
graankorrel § 184
graf, leë § 226, 228
Grieke § 184
Grieks, Koinê § 3(a)
Grieksprekende Jode § 120, 256
Gusa § 34
**H**
Hallel § 199, 202
hande, oplegging van § 256, 278, 291
- , was van § 91
Hasmoneërs § 3(b) (c)
Hebreërs, Brief aan die § 342
Heilige Gees, laster teen § 71
- , ontvang § 246, 262, 270, 305
- , pleitbesorger § 82(b), 200(c) (e) (f)
- , uitstorting van § 244
Heilige Skrifte van Jode § 4(c)
heilige vir honde § 55
heiligheid § 91
Helleniste § 256, 257, 260, 266, 272
Hellenisme § 3(a), 4(b)
hemelvaart § 238
herberg § 16, 113, 127
herder, goeie § 129
herdersamp § 314
Herodes Agrippa I § 3(c), 273, 275
Herodes Agrippa II § 3(c), 326, 327
Herodes Antipas, tetrarg § 3(c), 57, 65, 83, 84, 141, 211, 265
Herodes die Grote § 3(c), 20
Herodiane § 4(a), 45, 96, 177
Herodias § 3(c), 65, 83
Hillel, rigting van § 4(c), 160, 255
Himenéüs § 336
Hinnom, dal van § 224
hoeksteen § 175
hoëpriester, pligte van § 4(c)
hongersnood § 3(b), 277
Hosanna § 170, 172
huis, Joodse § 39
- , leeg en skoon § 71
- , Vader § 200(b)
Huttefees § 112, 119, 120, 121, 123
huwelik, onskeibaar § 51, 160
**I**
Ikónium § 281, 291, 303
**J**
jaartelling, Christelike § 3(b)
Jaïrus § 62, 63
jakkals § 59, 141
Jakobus, apostel, dood van § 273
- , Brief § 340
- , broer van die Here § 35, 237, 286, 289, 340
Jason § 295, 312
Jérigo § 127, 164, 166
Jerusalem, weeklag oor § 142, 170, 182, 217
Jesus, broers van § 35, 112
- , een met Vader § 43
- , familie se houding § 70
- , gegewens in Briewe § 5(c)
- , gesag van § 37, 173
- , getuies in sy guns § 43
- , heerlikheid van § 101
- , jaar van geboorte § 3(b), 16, 22
- , Koning § 170, 210, 217, 236, 238
- , mening van Herodes § 84
- , messiaanse roeping § 23, 26, 38
- , naam § 11, 13, 214
- , naam: Ek is § 124(b)
-, onskuldig § 213, 215
-, selfgetuienis van § 124(a)
- , Seun van Dawid § 15, 92, 180
- , Seun van die mens § 29, 44, 59, 98
- , Seun van God § 28, 87, 98, 124(e), 215, 219, 239
- , sondaarsdoop van § 25
- , swyggebod § 37, 38
- , tydsduur van optrede § 27
- , vergewing van sonde § 39, 68
- , versoeking van § 26, 86
- , Vors van die lewe § 58
- , vriend van sondaars § 40, 67
Johanna § 34, 69, 226
Johannes, apostel § 7, 343
- , Briewe van § 343

- , Openbaring van § 344
Johannes die Doper, datering § 3(b), 24
- , dood van § 83
- , doop van § 24, 25, 32, 66, 270, 305
- , Elía § 24, 66
- , gesag van § 43(a), 173
Jona, teken van § 72, 172
Joodse Raad, kyk: Sánhedrin
Joppe § 267
Josef van Arimathéa § 207, 224
Josefus, Flavius § 5(b), 65, 83, 194, 275
Judaïste § 285, 287, 289, 301, 311
Judas Barsabas § 287
- , broer van Jakobus § 341
- , die Galileër § 255
- , Iskáriot § 47, 82, 90, 191, 192, 198, 205, 210, 212, 243
Július, hoofman § 328, 329, 332
Jupiter = Zeus § 282
Justus § 243

**K**

Kájafas § 151, 190, 207, 208, 250, 255
Kana § 30, 34, 35, 36
Kanon § 5(c)
Kapérnaum § 31, 34, 35, 36, 37, 38, 39, 40, 57, 64, 67, 74, 88, 89, 90, 91, 116
kategese § 278
keiseraanbidding § 3(b)
keiser, belasting aan § 177
- , beroep op § 325, 326, 327
- , vriend van § 216
keisers, jaartalle van § 3(b)
Kenchréë § 299, 302, 312
kerk, grondslag van § 98
- , grondstruktuur van § 47
- , organisasie van § 346
- , uitbreiding van § 345
Ketoebim (= geskrifte) § 4(c)
kind-van-die-wet § 23
kind, voorbeeld § 106
kinders, geseën § 161
-, op die mark § 66
-, van die duiwel (= Bose, Satan) § 76, 124(d), 279
-, van die Koninkryk § 48, 49, 76
-, van die lig § 152, 184
- , van God § 49
Kipurim § 4(c)
kleintjies, hierdie § 108, 154
Klopas (= Kléopas) § 218, 226, 231
Kneg van die Here § 36, 46
kodrans § 183
koinê-grieks § 3(a)
kollekte § 277, 311
koningin van Suide § 72
koninkryk van God § 24, 36, 155
- , gelykenis van § 74, 75, 76, 77, 78, 79
- , rang in § 106, 165
- , sleutels van § 98, 109
- , teenwoordig en toekomstig § 155
korban § 91
Kreta § 334, 335
kruis dra § 82(e), 100, 217
kruisiging § 218
- , jaar van § 24

**L**

Lam van God § 28, 194
landbouers, onwaardige § 175
Laodicéa, brief aan § 333
Lasarus § 128, 140, 141, 150, 191
Lasarus, arm § 153
Lebbéüs § 47
Legio § 61
Leidsman tot die lewe § 249
lepta § 183
leraar § 278, 333
Levi, sien Mattheüs
Leviraatshuwelik § 178
Libertyne § 257
Lidda § 267
Lídia § 293, 294
liefdadigheid § 52
liefde § 154, 200(a), 308, 343
- , vir naaste § 51, 55, 126, 179
- , vir vyand § 51
liefdesmaal § 308, 346
liggaam van opstanding § 232
lig van wêreld § 9, 19, 31, 43(a), 49, 124, 125, 150, 184
Likaónië § 281
Lisánias § 24
Lisias, Claudius § 320, 321, 322, 323
Listre § 282, 291, 303
Logia § 6, 7
losprys § 165
Lúcius, die Cirenéër § 78
Lukas § 7, 292, 317, 329, 332, 336
lydensaankondiging § 99, 104, 164

**M**

maansiek § 103
Macedóniese man § 292
Machaerus § 65, 66, 83
magiërs § 20
Makkabeërstryd § 3(b)
Malchus § 205
Malta § 330
Mammon § 54, 59, 152
manna § 26, 89(b), 95
Manáen § 278
Maria Magdalena § 69, 218, 224, 226, 228
- , moeder van Jesus § 11, 12, 15, 37, 70, 218, 242
- , suster van Lasarus § 128, 150, 191
- , vrou van Klopas § 218, 226
- , Mariamme I § 3(c), 327
Markus, Johannes § 7, 193, 205, 277, 279,

280, 290, 333, 334
Martha § 128, 150, 191
masjaal § 73
materialisme § 294
Mattheüs § 7, 40
Matthías § 243
medemens § 55
medemenslikheid § 106
melaatse, genesing van § 38, 66, 158
- , voorskrifte van Moses § 38
Melgisédek § 342
Melíte (= Malta) § 330
Mercurius (= Hermes) § 282
Messiasverwagting § 4(c)
- , politieke § 89, 90, 170
Miléte § 314
Mira § 328
Mnason § 316, 317
Mooi Hawens § 328, 329
moordenaar, aan kruis § 220
Moses en die profete § 153, 231, 327
- , en Elia § 101
- , stoet van § 181
mosterdsaad § 77, 103
**N**
Naäman § 35
naamgewing § 14
naaste § 126, 127
naasteliefde § 127, 128
nagmaal § 199, 247
Nain § 58
name opgeskryf § 117
nardus § 191
Nasarener § 22, 37, 166, 205, 208, 250
Násaret § 11, 35, 36
Nasireër § 10, 22, 302, 317
Natánael § 29, 47, 234
Neápolis § 292
Nebi'im (= profete) § 4(c)
Nero, Keiser § 3(b), 324, 326, 334
Nikánor § 256
Nikodémus § 31, 122, 207, 224
Nikoláüs § 256
Nikopolis § 334
Ninevé § 72
Nisan § 194
Noag § 185 (e)
noodleniging § 277
nuwe kleed en ou lap § 41
nuwe wyn en ou leersakke § 41
**O**
Octavianus § 3(b), (c)
oes groot § 81
onbekende God § 298
onderrig, ouerhuis § 4(c)
- , sinagoge § 4(c)
- , skool § 4(c)
Onesiforus § 336
Onésimus § 333
onkruid § 76
oordeel § 67, 189, 344
os of esel in put § 143
ouderlinge § 57, 277, 284, 286, 314, 317, 335, 339, 340, 346
- , pligte van § 314, 335
opsiener (episkopos) § 314, 335, 346
opstanding § 19, 144, 150(b), 178, 200(g), 245, 250, 298, 321, 323, 327, 308
opwekkingswondere § 150
**P**
Paasfees § 4(c), 23, 31, 42, 86, 119, 159, 190, 193, 194, 195
pad, breed en smal § 56
Pafos § 279
Pan - Panéas § 98
paradoks § 39, 45
parakletos § 200(f)
Pármenas § 256
Paulus, kyk: Saulus
Paulus, Briewe van
1 Thessalonicense § 301
2 Thessalonicense § 301
Galasiërs § 307
1 Korinthiërs § 308
2 Korinthiërs § 311
Romeine § 312
Kolossense § 333
Efesiërs § 333
Filémon § 333
Filippense § 333
1 Timótheüs § 335
Titus § 335
2 Timótheüs § 336
- , dood van § 337
- , genesingswondere § 306
- , gevangenskap in Caesaréa § 322-327
- , gevangenskap in Éfese § 309
- , gevangenskap in Filippi § 294
- , gevangenskap in Jerusalem § 318 - 321
- , gevangenskap in Rome § 322, 336
- , jaartalle van § 338
- , Romeinse burgerskap van § 294, 320, 325
- , sameswering teen § 322
- , slangbyt van § 330
- , sorge oor Korinthe § 308
penning § 86, 111, 148, 163, 177, 183, 191
Peréa § 131
pêrel, gelykenis van § 78
- , vir varke § 55
Petrus, apostel § 29, 36, 235, 243, 248 - 255, 262, 267 - 271, 273-274, 286, 289, 339
- , bevry § 274
- , Briewe § 339
- , dood van § 339
- , herstel in ere § 235
- , in Antiochië § 289

- , rotsman § 109, 235
- , skoonmoeder van § 37
- , verloëning § 203, 208
- , visioen van § 269
Pilatus, Pontius 3(b), (d), 137, 210, 213-216, 218, 224
Pinkster § 244
Plaveisel (= Gábbata) § 216
Plinius § 5(a)
ponde, gelykenis van § 168
poort, die nou § 56, 140
preëksistensie § 6, 28
profesie, messiaanse § 35, 66, 102, 121, 170, 180, 207, 218, 219, 221, 223
Próchorus § 256
prokurator § 3(d)
Ptolemáis § 315
Publius § 330
Purimfees § 4(c)
Puteóli §331

**Q**

Quartus § 312
Qumran-gemeenskap § 4(a)

**R**

rabbi § 23, 29, 31, 120, 162, 181, 198, 205
Rabboeni § 228
Ragel § 21
rangorde § 106, 144, 165, 196
regter, onregverdige § 156
rein en onrein § 91, 269
reinigingsgebruike § 91
reisverhaal § 131
religio licita § 4(b)
- , illicita § 347
Rhodé § 274
rotsgraf § 150, 224
rykdom, gevaar van § 54, 153, 162

**S**

saad § 74, 75, 76
Sabbat, ontheiliging van § 42, 43, 44, 120, 143
- , riglyne vir § 44, 45, 139, 143
Sadduseërs § 4(a)
- , oor opstanding § 178, 250, 255, 321
Sagarias § 10, 14
Saggéüs § 167, 169
Salamis § 279
saligsprekinge § 49
Salomé, dogter van Herodias § 83
Salomé, vrou van Sebedéüs § 165, 218, 226
Samaria § 33
Samaritane, Jesus en § 33, 113, 127, 158
Samothráce § 292
Sánhedrin § 95, 122, 151, 190, 206, 207, 209, 229, 250, 255, 258, 259, 321
- , bevoegdheid van § 4(c), 259
Satan § 26, 37, 60, 71, 86, 99, 117, 139, 192, 203, 279
Saulus § 260, 264
- , afgesonder en uitgestuur § 278
- , bekering van § 264
- , na Antiochië § 276
- , na Tarsus § 266
- , Paulus § 279
Schammai, rigting van § 4(c), 160
Sebasté § 261
Secúndus § 313
Seleúciè § 272, 279, 284, 312
Selote § 4(a), 47, 324
sendingopdrag § 82(a) 236, 238
sensus § 3(b), 16
Septuaginta § 4(c)
Sergius Paulus § 279
sesde gebod § 51
sewende gebod § 51
sicarii § 4(a), 47
siekte en sonde § 125
Sigar § 33
Silas (= Silvanus) § 287, 291, 339
Siloam § 125, 137
silwerstukke, dertig § 192, 212
Simeon Niger § 278
Simon, Fariseër § 68
- , melaatse § 191
- , towenaar § 261
- , van Ciréne § 217
sinagoge § 4(c), 35, 37, 38, 45, 89, 139
Sinoptici § 6
Sinoptiese vraagstuk § 6
skaap sonder herder § 81, 82, 86
- , verlore § 108, 147
Skaapspoort § 42
skat, nuwe en ou dinge § 80
skeibrief § 51, 160
skeiding, Jesus bring § 82(d), 90, 115, 189
- , na dood § 153
Skeva § 307
skipbreuk § 329
Skonepoort § 248
skrifgeleerdes § 4(c)
skryfbordjie § 14
sleutelmag § 98, 109, 232
Sodom § 67
Sondag § 226, 233, 346
soom (= kwaste) van kleed § 62, 88
Sópater § 313
sorge, bevryding van § 54, 136
Sosipater § 312
Sósthenes, hoof van sinagoge § 300
sout van aarde § 49, 146
Spanje § 312, 334
spuug § 93,97, 125
spys en drank, die ware § 89(d)
Stéfanas § 308
Stéfanus § 256, 257, 258, 259

stenig § 123, 130, 150, 259, vgl. 282
ster van Betlehem § 20
stilles in land (= Chasidim) § 4(a), (c)
Stoïsyne § 297
storm stilgemaak § 60, 87
struikelblok § 76, 99, 108, 154, 203
Suetonius § 3(b), 5(a)
Susanna § 69
suurdeeg § 77, 96, 134, 193
swaard § 82(d), 203, 205

**T**

Tabita § 267
Tabor § 101
Tacitus § 5(a)
tafelgebruike § 68
talente § 188
talespraak § 244, 270, 305, 308
Talíta, koem § 63, 267
Targums § 4(c)
Tarsus § 264, 266, 276, 291, 303
teken gevra § 72, 95
tekens, wonder § 30, 254
tempelbelasting § 105, 172
tempel, hooffeeste van jaar § 4(c)
- , middelpunt van godsdiens § 4(c)
- , offers by § 4(c)
tempelreiniging § 172
Tempelwyding, fees van § 4(c), 130, 150
tentmaker § 299
Tertius § 312
Tertúllus § 323
Theófilus § 7, 241
Thessalonika § 295
Theudas § 255
Thomas § 29, 150, 200(b), 233, 234
Tiberius, Keiser § 3(b), 24, 216
Tichikus § 317, 334, 335, 336
timmerman § 11, 23, 35
Timon § 256
Timótheüs § 291, 297, 303, 308, 334, 336
Tiránnus § 306
Tirus, gemeente van § 315
- , en Sidon §46, 86, 91, 92, 93
Tisjri (= Oktober) § 119
Titus § 285, 303, 308, 311, 334, 336
- , Justus § 300
- , Keiser § 3(b)
tollenaar § 40, 157, 167
tollenaars en sondaars § 40, 66, 67, 145, 147
toonbrode § 44
Tora (= wet) § 4(c)
towenaar § 261, 279
toweryboeke § 307
tranebrief § 308
Troas § 292, 311, 313
Trofimus § 317, 318, 321
Trogíllion § 313
Trooster § 19, 200(c) (e) (f)
tug, kerklike § 109
tyd, volheid van § 2

**U**

uitsending van getuies § 236
- sewentig § 115
- twaalf § 82
uur van die Here § 30, 120, 184

**V**

vasdag § 41
vas, godsdienstige plig § 52, 157
veldrede § 48
verdraagsaamheid § 107
vergewe, sewemaal § 110, 113
vergifnis van sonde § 13, 24, 25, 39, 199, 270
verheerliking § 101, 200, 201
verloëning § 203, 208
verlossing § 14, 19
verraaier, kyk: Judas Iskáriot
versoeking § 26, 53, 204
Versoendag § 4(c), 41
vertroosting van Israel § 19
vervolging § 255, 260, 273
vervolging, toekomstige § 82(b)
Vespasianus, Keiser § 3(b)
viervors § 3(c)
visnet, gelykenis van § 79
vissers, roeping van § 36
visvangs § 36, 234
vloekrede § 181
voetwassing § 197
volheid van die tyd § 2
volmaak wees § 51
voorbereiding § 193, 210
voorbidding § 251, 273
voorhangsel § 222
vrou, Siro-Fenisiese § 92
vroue, dienende § 69, 222
- , stamlys van Jesus § 15
- , van Jerusalem § 217
vryheid § 124(b)
vyeboom § 138, 171
vyfde gebod en dissipelskap § 36, 59

**W**

waaksaamheid § 186, 187, 188
waarheid § 124(c) 210
water, lewende § 33, 121
wee-uitsprake § 49, 133, 181
wedergeboorte § 31, 162
wederkoms § 100, 168, 185, 188
Weg, die § 264, 304, 323, 324
wêreldvoleinding § 185
wet, kragteloos gemaak § 91
- , vervulling van § 50
woestyn, veertig dae in § 26
wolk § 101

wonder, aan heiden § 34, 57, 92
Woord (= Persoon) § 9
woord luister en doen § 56
wraakneming afgekeur § 51
wyn, oue is beter § 41
wynstok § 200 (d)
wynsuiper § 67

**REGISTER VAN BEHANDELDE SKRIFGEDEELTES**
**uit die Evangelies en Handelinge**


**Matt.**
1: 2-17 § 15
1: 18-25 § 13
2: 1-12 § 20
2: 13-18 § 21
2: 19-23 § 22
3: 1-12 § 24
3: 13-17 § 25
4: 1-11 § 26
4: 12-22 § 36
4: 23 § 38
4: 24-25 § 46
5: 1-16 § 49
5: 17-20 § 50
5: 21-48 § 51
6: 1-18 § 52
6: 9-13 § 53
6: 19-34 § 54
7: l-12 § 55
7: 13-14 § 140
7: 13-29 § 56
8: 1-4 § 38
8: 5-13 § 57
8: 14-17 § 37
8: 18-22 § 59, 114
8: 23-27 § 60
8: 28-34 § 61
9: 1-8 § 39
9: 9-13 § 40
9: 14-17 § 41
9: 18-22 § 62
9: 23-26 § 63
9: 27-34 § 64
9: 35-38 § 81, 115
10: 1-4 § 47
10: 1-42 § 82
10 : 7-16 § 115
10: 13-15 § 116
10: 42 § 107
11: 1-19 § 66
11: 20-24 § 116
11: 20-30 § 67
11: 25-27 § 118
12: 1-8 § 44
12: 9-14 § 45
12: 15-21 § 46
12: 22-37 § 71
12: 38-42 § 72
12: 43-45 § 71
12: 46-50 § 70
13: 1-9 § 74
13: 10-17 § 73
13: 18-23 § 74
13: 24-30 § 76
13: 31-33 § 77
13: 34-35 § 73
13: 36-43 § 76
13: 44-46 § 78
13: 47-50 § 79
13: 51-52 § 80
13: 53-58 § 35
14: 1-2 § 84
14: 3-5 § 65
14: 3-12 § 83
14: 12-13 § 85
14: 13-21 § 86
14: 22-33 § 87
14: 34-36 § 88
15: 1-20 § 91
15: 21-28 § 92
15: 29-31 § 93
15: 32-39 § 94
16: 1-4 § 95
16: 5-12 § 96
16: 13-20 § 98
16: 21-23 § 99
16: 24-28 § 100
17: 1-9 § 101
17: 10-13 § 102
17: 14-21 § 103
17: 22-23 § 104
17: 24-27 § 105
18: 1-5 § 106
18: 6-14 § 108
18: 15-20 § 109
18: 21-22 § 110
18: 23-35 § 111
19: 1-2 § 159
19: 3-12 § 160
19: 13-15 § 161
19: 16-30 § 162
20: 1-16 § 163
20: 17-19 § 164
20: 20-28 § 165
20: 29-34 § 166
21: 1-11 § 170
21: 10-17 § 172
21: 18-22 § 171
21: 23-27 § 173
21: 28-32 § 174
21: 33-46 § 175
22: 1-14 § 145, 176
22: 15-22 § 177
22: 23-33 § 178
22: 34-40 § 126, 179
22: 41-46 § 180
23: 1-36 § 181
23: 37-39 § 142, 182
24: 1-44 § 185
24: 9-14 § 82(b)

24: 17-41 § 155
24: 45-51 § 186
25: 1-13 § 187
25: 14-30 § 168, 188
25: 31-46 § 189
26: 1-5 § 190
26: 6-13 § 191
26: 14-16 § 192
26: 17-20 § 193
26: 21-25 § 198
26: 26-29 § 199
26: 30 § 202
26: 31-35 § 203
26: 36-46 § 204
26: 47-56 § 205
26: 57-68 § 207
26: 69-75 § 208
27: 1 § 209
27: 2 § 210
27: 3-10 § 212
27: 11-14 § 210
27: 15-26a § 214
27: 26b-30 § 215
27: 31-32 § 217
27: 33-37 § 218
27: 38-43 § 219
27: 44 § 220
27: 45-50 § 221
27: 51-56 § 222
27: 57-61 § 224
27: 62-66 § 225
28: 1-8 § 226
28: 9-10 § 227
28: 11-15 § 229
28: 16-20 § 236


**Mark.**

1: 1 § 1
1: 2-8 § 24
1: 9-11 § 25
1: 12-13 § 26
1: 14 - 20 § 36
1: 21-34 § 37
1: 35 - 45 § 38
2: 1-12 § 39
2: 13-17 § 40
2: 18 - 22 § 41
2: 23-28 § 44
3: 1-6 § 45
3: 7-12 § 46
3: 13-19 § 47
3: 20-21 § 70
3: 22-30 § 71
3: 31-35 § 70
4: 1-9 § 74
4: 10-12 § 73
4: 13-20 § 74
4: 21-23 § 49
4: 24-25 § 55, 73
4: 26 - 29 § 75
4: 30-32 § 77
4: 35-41 § 60
5: 1-20 § 61
5: 21-34 § 62
5: 35 - 43 § 63
6: 1-6 § 35
6: 6- 13 § 82
6: 14-16 § 84
6: 17-20 § 65
6: 17-29 § 83
6: 30-31 § 85
6: 32-44 § 86
6: 45 - 52 § 87
6: 53-56 § 88
7: 1-23 § 91
7: 24-30 § 92
7: 31-37 § 93
8: 1-10 § 94
8: 11-12 § 72
8: 11-13 § 95
8: 14-21 § 96
8: 22-26 § 97
8: 27-30 § 98
8: 31-33 § 99
8: 34-38 § 100
9: 1 § 100
9: 2-10 § 101
9: 11-13 § 102
9: 14-29 § 103
9: 30-32 § 104
9: 33-37 § 106
9: 38-41 § 107
9: 41 § 82(e)
9: 42-50 § 108
10: 1 § 159
10: 2-12 § 160
10: 13-16 § 161
10: 17-31 § 162
10: 32 - 34 § 164
10: 35 - 45 § 165
10: 46 - 52 § 166
11: 1-11 § 170
11: 12-14 § 171
11: 15-19 § 172
11: 20-26 § 171
11: 25 - 26 § 52
11: 27-33 § 173
12: 1-12 § 175
12: 13-17 § 177
12: 18-27 § 178
12: 28-34 § 126, 179
12: 35-37 § 180
12: 38 -40 § 181
12: 41-44 § 183
13: 1-35 § 185
13: 9-13 § 82(b)
13: 14-23 § 155

14: 1-2 § 190
14: 3-9 § 191
14: 10-11 § 192
14: 12-17 § 193
14: 18-21 § 198
14: 22-25 § 199
14: 26 § 202
14: 27-31 § 203
14: 32-42 § 204
14: 43 - 52 § 205
14: 53-65 § 207
14: 66-72 § 208
15: 1 § 209
15: 2-5 § 210
15: 6-15a § 214
15: 15-19 § 215
15: 20-21 § 217
15: 22-26 § 218
15: 27-32a § 219
15: 32b § 220
15: 33-37 § 221
15: 38-41 § 222
15: 42-47 § 224
16: 1-8 § 226
16: 9-11 § 228
16: 12-13 § 231
16: 14 § 232
16: 15-18 § 236
16: 19 § 238
**Luk**.
1: 1-4 § 6
1: 5-25 § 10
1: 26-38 § 11
1: 39 - 56 § 12
1: 57-80 § 14
2: 1-7 § 16
2: 8-20 § 17
2: 21-24 § 18
2: 25-38 § 19
2: 39-52 § 23
3: 1-18 § 24
3: 19-20 § 65, 83
3: 21-22 § 25
3: 23-38 § 15
4: 1-13 § 26
4: 14-15 § 34
4: 16-30 § 35
4: 31-41 § 37
4: 42-44 § 38
5: 1-11 § 36
5: 12-16 § 38
5: 17-26 § 39
5: 27-32 § 40
5: 33-39 § 41
6: 1-5 § 44
6: 6-11 § 45
6: 12-16 § 47
6: 17-19 § 46
6: 17-26 § 49
6: 20-23 § 50
6: 27-36 § 51
6: 31 § 55
6: 37-42 § 55
6: 43-49 § 56
7: 1-10 § 57
7: 11-17 § 58
7: 18-35 § 66
7: 29-30 § 174
7: 36-50 § 68
8: 1 § 81
8: 1-3 § 69
8: 4-8 § 74
8: 9-10 § 73
8: 11-15 § 74
8: 16-17 § 49
8: 18 § 73
8: 19-21 § 70
8: 22-25 § 60
8: 26-39 § 61
8: 40-48 § 62
8: 49-56 § 63
9: 1-6 § 82
9: 7-9 § 84
9: 10 § 85
9: 10-17 § 86
9: 18-21 § 98
9: 22 § 99
9: 23-27 § 100
9: 28-36 § 101
9: 37-43a § 103
9: 43b-45 § 104
9: 46-48 § 106
9: 49-50 § 107
9: 51 § 131
9: 51-56 § 113
9: 57-62 § 59, 114
10: 1-12 § 115
10: 2 § 81
10: 12-22 § 67
10: 16 § 82(e)
10: 17-20 § 117
10: 21-24 § 118
10: 25-28 § 126, 179
10: 29-37 § 127
10: 38-42 § 128
11: 1-4 § 52, 53
11: 1-13 § 132
11: 14-26 § 71
11: 16 § 72, 95
11: 22-36 § 54
11: 27-32 § 72
11: 29 § 95
11: 37-41 § 91
11: 37-54 § 133, 181
12: 1 § 96

12: 1-12 § 134
12: 2-9 § 82(c)
12: 11-12 § 82(b)
12: 13-21 § 135
12: 22-34 § 136
12: 33-34 § 54
12: 41-46 § 186
12: 51-53 § 82(d)
12: 54-56 § 95
12: 57 - 59 § 51
13: 1-5 § 137
13: 6-9 § 138
13: 10-17 § 139
13: 18-21 § 77
13: 22-30 § 140
13: 31-33 § 141
13: 34-35 § 142, 182
14: 1-6 § 143
14: 7-14 § 144
14: 15-24 § 145, 176
14: 25-27 § 82(e)
14: 25-35 § 146
14: 34-35 § 108
15: 1-7 § 147
15: 8-10 § 148
15: 11-32 § 149
16: 1-15 § 152
16: 16 § 66
16: 17 § 50
16: 18 § 160
16: 19-31 § 153
17: 1-2 § 108
17: 1-10 § 154
17: 3 § 109
17: 4 § 110
17: 11-19 § 158
17: 20-37 § 155
18: 1-8 § 156
18: 9-14 § 157
18: 15-17 § 161
18: 18-30 § 162
18: 31-34 § 164
18: 35-43 § 166
19: 1-10 § 167
19: 11-27 § 168, 188
19: 28-44 § 170
19: 45-48 § 172
20: 1-8 § 173
20: 9-19 § 175
20: 20-26 § 177
20: 27-40 § 178
20: 41-44 § 180
20: 45-47 § 181
21: 1-4 § 183
21: 5-36 § 185
21: 12-19 § 82(b)
22: 1-2 § 190
22: 3-6 § 192
22: 7-14 § 193
22: 15-18 § 195
22: 19-20 § 199
22: 21-23 § 198
22: 24-27 § 165
22: 24-30§ 196
22: 31-38 § 203
22: 39-46 § 204
22: 47-53 § 205
22: 54-62 § 208
22: 63-71 § 207
22: 66 § 209
23: 1-5 § 210
23: 6-12 § 211
23: 13-16 § 213
23: 17-25 § 214
23: 26-32 § 217
23: 33-34 § 218
23: 35-38 § 219
23: 39-43 § 220
23: 44 -46 § 221
23: 45b § 222
23: 47-49 § 222
23: 50-56 § 224
24: 1-12 § 226
24: 13-35 § 231
24: 34 § 230
24: 36-48 § 232
24: 48-52 § 238

**Joh.**

1: 1-18 § 9
1: 19-28 § 24
1: 29-34 § 25, 28
1: 35-52 § 29
2: 1-11 § 30
2: 12-13 § 31
2: 13-25 § 172
2: 18-22 § 173
3: 1-21 § 31
3: 22-36 § 32
4: 1-42 § 33
4: 43-54 § 34
5: 1-15 § 42
5: 16-47 § 43
6: 1-15 § 86
6: 16-21 § 87
6: 22-25 § 88
6: 26-59 § 89
6: 60-71 § 90
7: 1-9 § 112
7: 10-13 § 119
7: 14-36 § 120
7: 37-39 § 121
7: 40-52 § 122
7: 53 § 123
8: 1-11§ 123
8: 12-59 § 124
9: 1-41 § 125

10: 1-11 § 129
10: 22-39 § 130
10: 40-42 § 131
11: 1-46 § 150
11: 47-54 § 151, 190
12: 1 § 169
12: 2-11 § 191
2: 12-19 § 170
12: 20-50 § 184
13: 1-20 § 197
13: 21-30 § 198
13: 31-35 § 200
14: 1-31 § 200
15: 1-27 § 200
16: 1-33 § 200
17: 1-26 § 201
18: 1 § 202, 204
18: 2-12 § 205
18: 12-14 § 206
18: 15-18 § 208
18: 19-24 § 206
18: 25-27 § 208
18: 28-38 § 210
18: 38 § 213
18: 39-40 § 214
19: 1-7 § 215
19: 8-16 § 216
19: 17 § 217
19: 18-27 § 218
19: 28-30 § 221
19: 31-37 § 223
19: 38-42 § 224
20: 1-13 § 226
20: 11-18 § 228
20: 19-23 § 232
20: 24-29 § 233
20: 30-31 § 239
21: 1-14 § 234
21: 15-23 § 235
21: 24-25 § 240
**Hand.**
1: 1-3 § 241
1: 4-12 § 238
1: 13-14 § 242
1: 15-26 § 243
2: 1-13 § 244
2: 14-36 § 245
2: 37-41 § 246
2: 42-47 § 247
3: 1-10 § 248
3: 11-26 § 249
4: 1-22 § 250
4: 23-31 § 251
4: 32-37 § 252
5: 1-11 § 253
5: 12-16 § 254
5: 17-42 § 255
6: 1-7 § 256
6: 8-15 § 257
7: 1-53 § 258
7: 54-60 § 259
8: 1-4 § 260
8: 5-13 § 261
8: 14-25 § 262
8: 26-40 § 263
9: 1-19 § 264
9: 19-25 § 265
9: 26-31 § 266
9: 32 - 43 § 267
10: 1-8 § 268
10: 9-23 § 269
10: 24-48 § 270
11: 1-18 § 271
11: 19-24 § 272
11: 25-26 § 276
11: 27-30 § 277
12: 1-5 § 273
12: 6-19 § 274
12: 20-24 § 275
12: 25 § 277
13: 1-3 § 278
13: 4-12 § 279
13: 13-52 § 280
14: 1-7 § 281
14: 8-20 § 282
14: 21 § 283
14: 22-28 § 284
15: 1-3 § 285
15: 4-21 § 286
15: 22-29 § 287
15: 30-35 § 288
15: 35-39 § 290
15: 40-41 § 291
16: 1-8 § 291
16: 9-12 § 292
16: 13-15 § 293
16: 16-40 § 294
17: 1-9 § 295
17: 10-15 § 296
17: 16-21 § 297
17: 22-34 § 298
18: 1-4 § 299
18: 5-17 § 300
18: 18-22 § 302
18: 23 § 303
18: 24-28 § 304
19: 1 § 303, 304
19: 1-7 § 305
19: 8 - 12 § 306
19: 13 - 20 § 307
19: 21-40 § 310
20: 1 § 311
20: 2-3 § 312
20: 3-16 § 313
20: 17-38 § 314
21: 1-7 § 315

21: 8-16 § 316
21: 17-26 § 317
21: 27-40 § 318
22: 1-23 § 319
22: 5-16 § 264
22: 17-21 § 266
22: 24-30 § 320
23: 1-11 § 321
23: 12-35 § 322
24: 1-23 § 323
24: 24-27 § 324
25: 1-12 § 325
25: 13-22 § 326
25: 23-27 § 327
26: 1-32 § 327
26: 12-18 § 264
27: 1-12 § 328
27: 13-44 § 329
28: 1-10 § 330
28: 11-15 § 331
28: 16-31 § 332